

**Op soek na 'n omvattende tipologiese
beskrywing van modaliteit: die Afrikaanse
modale sisteem**

CJ Erasmus

 **orcid.org 0000-0003-2919-9386**

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad
Philosophiae Doctor in Afrikaans en Nederlands aan die
Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof AJ van Rooy

Medepromotor: Dr GP Wasserman

Gradeplegtigheid April 2019

Studentenommer: 25373242

ABSTRACT

Modality is a challenging and complex field in linguistics and together with tempus and aspect is probably one of the most dynamic and important terrains in current research. Many difficulties confront the researcher in the field of modality as various disputes surround the definition and typological categorization of terms in a field without dominant theories or research methods. In the study of Afrikaans a gap exists regarding modality, specifically on modal auxiliary verbs. During the last forty years only Conradie (2016, 2018a, 2018b) contributed to research on modal auxiliary verbs in Afrikaans. No other contemporary research covers the work done in this thesis. Earlier research is dated and only De Villiers (1971), Ponelis (1979), Van Schoor (1983), and Conradie (1976, 1979, 1980, 1987, and 1992) could be interrogated for information on the meaning and syntactical functions of modal auxiliary verbs and the changes in these verbs during the past century. The lacunae in knowledge are caused by insufficient historical data and a lack of sound theoretical approaches as the existing research tends to rely on anecdotal evidence and instinctive responses.

William Croft's Radical Construction Grammar (2001) forms the point of departure for this investigation of modality. RCG asserts that both form (syntax) and function (semantics) are important and therefore the meaning of modal auxiliary verbs cannot be investigated without keeping syntax and context in mind. This thesis is the first attempt to approach modality in Afrikaans from a construction grammar perspective, but indeed is one of only few attempts to do so in the broader field of linguistics.

The thesis also focusses on some of the disputes relating to modality and proposes a working model formed by a synthesis of current and traditional theories to supplement RCG when semantic maps and constructions are used to investigate and describe meaning. This working model is used to probe the central modal auxiliary verbs in Afrikaans. Methods gleaned from corpus linguistics (Biber et al., 1998) are also used and a historical corpus existing of four periods spanning 100 years with 20 year gaps is introduced. The use of modal auxiliary verbs is annotated and classified according to specific micro parameters. Every modal auxiliary verb is discussed in a separate chapter by making use of the new working model aided by statistical methods from corpus linguistics. The working model enabled the researcher to indicate the prototypical as well as peripheral meanings of each modal auxiliary verb. As Construction Grammar doesn't focus exclusively on semantics but emphasises the context in which words are used, the possible uses of each modal is exposed and investigated.

One of the salient findings is the constructionalising of *moenie* (mustn't) to the status of a central modal auxiliary verb. This study departed with research on nine core modal auxiliary verbs, but ended with ten. Also, the frequency of *kan* has increased drastically during the past hundred years so that it has become by far the most frequently used modal auxiliary verb in Afrikaans. *Kan* (can) is shown to be a dynamic and competitive modal and in the epistemic and the deontic meaning domains the use of *kan* overlaps with *mag* (may) and has ushered out and taken over some of the meanings of *mag*. Findings involving *moet* (must) are also noteworthy as this modal has undergone a change in emphasis. During the second period (1940's-1950's), a period that overlaps with the rise of Afrikaner Nationalism and Apartheid, the use of *moet* (must) increased significantly but then frequency of use as well as the intensity and power of *moet* declined again. Currently the use of *moet* is less dominant while its tone levelled out as well.

The thesis provides a comprehensive semantic data base of the synchronic state of ten central modal auxiliary verbs in Afrikaans, namely *moet*, *moes*, *mag*, *kan*, *kon*, *wil*, *wou*, *sal*, *sou* and the latest addition to this group, *moenie*. (Literally translated: must, should, may, can, could, will, would, shall, would and "must not".) In addition the most important changes in the use of these verbs over a hundred years were pointed out. Afrikaans is compared to the two other closely related Germanic languages, English and Dutch, in order to contribute to the wider discussion of modality in Germanic languages. This comprehensive data base with its synchronic information, as well as observations regarding various diachronic changes fills an important gap in the knowledge regarding Afrikaans auxiliary verbs.

KEYWORDS: Modality, Radical Construction Grammar, Corpus Linguistics, Epistemic modality, Deontic modality, Dynamic modality, Semantic Maps, Constructions, Modal verbs, Grammaticalisation, Constructionalisation, Preterital assimilation, modal chains, *wil*, *wou*, *sal*, *sou*, *kan*, *kon*, *moet*, *moes*, *mag*, *moenie*

OPSOMMING

Modaliteit is tans 'n uitdagende en komplekse veld binne die linguistiek en saam met tempus en aspek styg dit uit as dinamiese en noodsaaklike terreine van ondersoek. Daar heers talle dispute rondom die definiëring en tipologiese kategorisering van betekenis en aangesien daar geen vaste teorieë of metodes bestaan waarvolgens modaliteit ondersoek kan word nie, is die bestudering van hierdie interessante veld problematies.

In Afrikaans is daar 'n leemte in die bestudering van modaliteit en spesifiek ons kennis oor Afrikaanse modale hulpwerkwoorde. Gedurende die laaste veertig jaar was dit slegs Conradie (2016, 2018a, 2018b) wat modale hulpwerkwoorde bestudeer en inligting daaroor opgebou het. Geen ander hedendaagse bronne is beskikbaar waarmee hierdie proefskrif se inligting vergelyk kan word nie. Wat historiese kennis aanbetref is meeste inligting verouderd en slegs De Villiers (1971); Ponelis (1979), Van Schoor (1983) en Conradie (1976, 1979, 1980, 1987, 1992) kon geraadpleeg word vir inligting oor die modale hulpwerkwoorde se betekenis en sintaktiese verhoudings sowel as enige veranderinge wat hierdie modale oor die laaste eeu ondergaan het. Benewens die leemtes in ons kennis is die historiese data gebrekkig aan teoretiese begronding en die meeste teorieë en versamelde inligting is geskoei op anekdotiese waarnemings en instink.

As vertrekpunt word die teoretiese begronding uiteengesit. Hierdie proefskrif maak gebruik van William Croft (2001) se Radikale Konstruksiegrammatika om modaliteit te ondersoek. RKG gaan van die standpunt uit dat vorm (sintaksis) en funksie (semantiek) belangrik is en gevolglik word modale hulpwerkwoorde se betekenis nie losstaande van die sinsbou en konteks waarbinne hulle voorkom bestudeer nie. Hierdie proefskrif is die eerste in Afrikaans maar ook een van die eerste studies in die breë linguistieke veld wat modaliteit volgens 'n konstruksiegrammatika-perspektief bestudeer. Tweedens word die dispute rondom modaliteit breedvoerig ondersoek en daar is 'n werksmodel saamgestel wat 'n sintese is van die bestaande en tradisionele teorieë ter aanvulling van RKG se insette waar semantiese kaarte en konstruksies ook betrek is om betekenis te ondersoek en te beskryf. Hierdie werksmodel is aangewend om elkeen van die sentrale modale hulpwerkwoorde te ondersoek. Verder is daar ook van korpuslinguistiese metodes (Biber et al., 1998) gebruik gemaak en 'n Historiese Korpus wat bestaan uit vier periodes oor 'n tydperk van 100 jaar met twintig jaar tussenposes tussen elke periode is gebruik. Die modale hulpwerkwoorde is geannoteer en volgens spesifieke mikroparameters geklassifiseer. Elke modale hulpwerkwoord is in afsonderlike hoofstukke ondersoek met behulp van die nuut ontwerpte werksmodel en statistiese, korpuslinguistiese metodes. Die werksmodel het die navorser in staat gestel om elke modale hulpwerkwoord se prototipiese maar ook perifere betekenis aan te toon. Konstruksiegrammatika fokus nie net op die semantiek van modale nie maar die konteks waarbinne hulle gebruik word, staan ook telkens voorop, dus is die moontlike gebruike van elke modaal hier blootgelê en bestudeer.

Die vernaamste bevindings is die konstruksionalisering van *moenie* tot volledige status as sentrale modale hulpwerkwoord. Hierdie studie skop af met die bestudering van nege sentrale modale hulpwerkwoorde maar eindig met tien. Die nege sentrale modale hulpwerkwoorde is wil, wou, sal, sou, kan, kon, moet, moes en mag, ter inlsuiting van *moenie* as tiende modaal teen die einde van die studie. Daar is ook bevind dat *kan* se frekwensie drasties oor die afgelope honderd jaar toegeneem het en hierdie modaal is verreweg die mees frekwente modale hulpwerkwoord in Afrikaans. *Kan* is 'n dinamiese en kompeterende modaal en in die epistemiese en deontiese betekenisdomein oorvleuel *kan* dermate met *mag* dat dit selfs van *mag* se betekenis verdring en begin oorneem het. Die bevindings rondom *moet* is ook noemenswaardig, aangesien hierdie modaal 'n klemverskuiwing ondergaan het. In periode 2 (1940's – 1950') het *moet* as deontiese modaal met rasse skrede toegeneem en dit is ingespan as propagandamiddel om die ideologie van Apartheid en Afrikaner-Nasionalisme te bevorder. Daarna het die frekwensie sowel as die intensiteit en krag waarmee *moet* gebruik word, afgeneem. *Moet* se gebruik is nou minder dominant en gesigsbedreigend en meer gelykmatig.

Hierdie proefskrif bied 'n omvattende semantiese databasis van die sinchroniese stand van sake van die tien sentrale modale hulpwerkwoorde in Afrikaans, naamlik *moet*, *moes*, *mag*, *kan*, *kon*, *wil*, *wou*, *sal*, *sou* en die nuutste toevoeging tot hierdie groep, *moenie*. Daarbenewens word die vernaamste veranderinge wat die modale hulpwerkwoorde ondergaan het ook uitgelig. Afrikaans word ook deurgaans vergelyk met die verwante Germaanse tale Nederlands en Engels, wat hierdie proefskrif laat deelneem aan gesprekke oor modaliteit in Germaanse tale. Hierdie omvattende databasis met sinchroniese inligting, sowel as die kennis oor verskeie diachroniese

veranderinge wat ondergaan is, oorbrug die leemtes in ons tot dusver beperkte kennis oor Afrikaanse modale hulpwerkwoorde.

SLEUTELWOORDE: Modaliteit, Radikale Konstruksiegrammatika, Korpuslinguistiek, Epistemiese modaliteit, Deontiese modaliteit, Dinamiese modaliteit, Semantiese kaarte, Konstruksies, Modale hulpwerkwoorde, Grammatikalisering, Konstruksionalisering, Preteritale assimilasie, Modale kettings, wil, wou, sal, sou, kan, kon, moet, moes, mag, moenie.

BEDANKINGS

1. Aan my studieleier, Bertus. Vir eindelose geduld en inspirasie en jou ongebreidelde geloof in my vermoëns in tye wat ek dit self nie gehad het nie. Jy is 'n fantastiese studieleier en goeie vriend.
2. Ek is ook dankbaar vir die gulhartige en ruim beurs wat ek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang het. Dit het my in staat gestel om my studie te voltooi en my droom te verwesenlik
3. Danksy VivA se beurs kon ek in Gent gaan verslag lewer oor sekere van my studie se bevindings en ek is dankbaar dat ek my eerste buitelandse kongres op hierdie wyse kon bywoon. Dankie!
4. Aan die NWU is ek baie verskuldig vir 3 jaar se studiebeurse sowel as finansiële steun om in Kaapstad by die Internasionale Linguistiekongres terugvoer te kon gee oor my D. Dankie vir geleenthede en ondersteuning.
5. Ek is ook dankbaar vir die vertroue wat SALALS in my as navorser het en die erkenning wat ek in Kaapstad en by NWU ontvang het, is 'n motivering om die ewige student te bly
6. Aan my werk, St David's Marist Inanda, wil ek ook dankie sê vir finansiële hulp. Julle hulp het die knoop deurgehaak. Dankie!
7. Aan my dierbare kollegas en vriendinne by St David's wil ek net sê dankie-dankie vir julle hulp en ondersteuning en die talle geleenthede wat julle vir my moes instaan terwyl ek gestudeer en kongresse bygewoon het. Sonder julle was niks hiervan moontlik nie. Centa en Belinda. Julle is engele. Dankie.
8. Die ondersteuning en vertroue wat my familie in my het dra my al sedert ek 'n jong meisie was. Dankie weereens vir die geloof in my.
9. Aan geduldige, getroue vriendinne wil ek ook sê dankie dat julle verstaan het...ek was onsosiaal en dikwels buierig maar niks het julle gestuit om my keer op keer te ondersteun nie. (O slapies, Sulene!)
10. Vir Ronel en Joset sê ek dankie vir die heen en weer ryery van aantekeninge en die bemoedigende mooi woorde.

11. Aan my vriendin Rozanne 'n spesiale woord van dank. Ek kan altyd op jou knoppie druk en hierdie keer was geen uitsondering nie.
12. Aan my liewe man en pragtigste kinders. Dankie vir julle besonderse geduld en deursettingsvermoë. Charlie, dankie weereens vir jou versorging, maar ook dat jy huismoeder, sjef en kinderoppasser was. Aan my liefste Carla en Carl. Ek was soms afwesig maar nooit het julle moed verloor dat ek eendag weer volledig ma sal wees nie. Dankie dat julle my toegelaat het om my droom te leef. Mag dit julle inspireer om te weet mens is nooit te oud om te leer of om jou drome na te streef nie.
13. Ek dra my studie op aan my Ma en Pa. Geloof, hoop en liefde, en die grootste hiervan is die liefde. Altyd myne. Altyd julle s'n.

As ek kreatief lees het ek 'n ontmoeting met die ander - met daardie moment waar my bestaande maniere van dink en evaluering tekort skiet en waarop ek die grense van my bewussyn ervaar.

Om die kammawêreld te ervaar, is dus 'n manier waarop ek bewus raak van iets meer, van iets buite my eie wêreld, iets wat nie onder woorde gebring kan word nie, maar wat my verander omdat ek wel bewus gemaak word van iets wat buite my wêreld flikker

- Anoniem

Vir Ma en Pa

INHOUDSOPGAWE

Abstract	2
Opsomming	3
Bedankings	1
Inhoudsopgawe	3
Lys van figure	14
Lys Van Tabelle	19
Afdeling A Teoretiese raamwerk.....	21
Inleiding	21
Hoofstuk 1 Inleiding	22
1.1 Kontekstualisering.....	22
1.2 Probleemstelling	37
1.3 Navorsingsvrae	37
1.4 Navorsingsdoelwitte.....	38
1.4.1 Algemene Doelwit.....	38
1.4.2 Spesifieke Doelwit	38
1.5 Teoretiese En Metodologiese Raamwerk	39
1.6 Struktuur En Hoofstukuiteensetting.....	40
Hoofstuk 2 Van Grammatikalisering tot Konstruksiegrammatika- en Konstruksionalisering	43
2.1 Inleiding.....	43
2.2 Grammatikalisering	45
2.2.1 Inleiding	45
2.2.2 Historiese perspektief	45
2.2.3 Kenmerke van grammatikalisering.....	47

2.2.4 Motivering vir grammatikalisering	50
2.2.5 Tradisionele model van grammatikalisering	51
2.3 Radikale Konstruksiegrammatika	55
2.3.1 Wat is konstruksies?	57
2.3.2 Hoe lyk konstruksies?	59
2.3.3 Konstruksienetwerke	65
2.3.4 Hoe lyk 'n konseptuele ruimte?	76
2.4 Konstruksionalisering en Grammatikalisering: Die Konstruksionalisering Van Grammatikale Konstruksies	83
2.4.1 Inleiding	83
2.4.2 Konstruksionalisering	84
2.4.3 Verskil tussen konstruksionalisering en konstruksionele verandering	88
2.4.4 Meganismes van verandering: Hoe verander konstruksies?	92
2.5 Samevatting	97
Hoofstuk 3 Modaliteit	99
3.1 Inleiding	99
3.2 Historiese Oorsprong Van Die Konsep Modaliteit	100
3.2.1 Modus en modaliteit	100
3.3 Linguistiese Definisies Van Modus En Modaliteit	107
3.3.1 Waarna verwys die konsep modus/mood vandag?	107
3.3.2 Die semantiese betekenisnuanses van <i>modaliteit</i> binne die linguistiek ..	107
3.4 Konseptuele Ruimte	125
3.4.1 Die filosofiese basis van die konsep Modaliteit	126
3.5 Dispute Oor Die Tipes Modaliteite	132
3.5.1 Modale Kategorieë	133

3.5.2 Epistemiese modaliteit.....	134
3.5.3 Deontiese modaliteit	143
3.5.4 Dinamiese modaliteit	148
3.5.5 Nie-epistemiese modaliteit.....	151
3.5.6 Agent-gebaseerde v spreker-gebaseerde modaliteit	155
3.5.7 Voorloper: Semantiese Kaarte.....	158
3.6 Semantiese Kaart	163
3.7 Samevatting	169
Hoofstuk 4 Metodologie	172
4.1 Inleiding.....	172
4.2 Empiriese Raamwerk Van Metodologie: Korpuslinguistiek	172
4.3 Navorsingsontwerp	178
4.3.1 Data	178
4.3.2 Algemene Kwantitatiewe Metodes.....	182
4.3.2.1 Gereedskap	182
4.3.2.2 Frekwensielyste	183
4.3.2.3 Konkordansielyne	184
4.3.2.4 Statistiese Metodes	189
4.3.3 Analitiese Interpretasies en Kwalitatiewe Metodes.....	193
4.3.3.1 Mikro- en makrosemantiese ontleding	195
4.3.3.2 Mikrosemantiese parameters.....	196
4.4 Samevatting	198
Afdeling B Toepassing.....	199
Inleiding	199

Hoofstuk 5 *Moet, Moenie En Moes* Betekenisdimensie: Noodsaaklikheid En

VerpligtingDimensie	202
5.1. Inleiding.....	202
5.2. Etimologie van <i>Moet</i>	202
5.2.1 <i>Moeten</i>	204
5.2.2 <i>Must</i>	212
5.3. Betekenisnuanses van <i>Moet</i>	217
5.3.1 <i>Moet</i> as deontiese modaal.....	218
5.3.1.1 <i>Moet</i> as imperatief	220
5.3.1.2 <i>Moet</i> as verpligting met eksterne bron	223
5.3.2 <i>Moet</i> as dinamiese modaal.....	226
5.3.2.1 Dinamies interne deelnemerbron hoëgraad noodsaaklikheid vs. Dinamies situasioneel mediaangraad noodsaaklikheid.	228
5.3.2.2 Dinamies: begeertes en wense (mediaangraad noodsaaklikheid).....	232
5.3.3 <i>Moet</i> as epistemiese modaal	234
5.3.3.1 Voorwaardelikheid	236
5.3.3.2 Hipotese of teenfeitelikheid en afleiding	237
5.3.3.3 Epistemiese <i>moet</i> : Logiese noodsaaklikheid, gevolgtrekking en onvermydelikheid.....	239
5.4. <i>Moet</i> se diachroniese ontwikkeling.....	241
5.4.1 <i>Moet</i> se diachroniese frekwensie.....	241
5.4.2 <i>Moet</i> in verskillende teksgenres.....	243
5.4.3 <i>Moet</i> se makrosemantiese ontwikkeling	246
5.4.4 <i>Moet</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	248
5.4.4.1 <i>Moet</i> verpligtingsterkte	249

5.4.5 Interpretasie van hoëgraad verpligting/ noodsaaklikheid/ gevolgtrekking in Afrikaans tussen 1921 – 2000	258
5.4.6 'N sinchroniese vergelyking van <i>Moet</i> , <i>Must</i> en <i>Moeten</i>	265
5.5 <i>Moenie</i>	268
5.5.1 Betekenisnuanses van <i>Moenie</i>	268
5.5.2 Betekenisnuanses van <i>Moet nie</i>	278
5.6. Betekenisnuanses Van <i>Moes</i>	282
5.6.1 Deontiese <i>moes</i>	283
5.6.1.1 <i>Moes</i> as verpligting met eksterne bron	283
5.6.2 Dinamiese <i>moes</i>	288
5.6.2.1 Dinamies-intern.....	288
5.6.2.2 Dinamies ekstern	289
5.6.3 Epistemiese <i>moes</i>	291
5.6.3.1 Moontlikheid- <i>moes</i>	293
5.6.3.2 Hipotetiese en teenfeitelike <i>moes</i>	294
5.6.3.3 Waarskynlikheid <i>moes</i>	296
5.7 <i>Moes</i> se diachroniese ontwikkeling.....	299
5.7.1 <i>Moes</i> se diachroniese frekwensies	299
5.7.2 <i>Moes</i> in verskillende teksgenres.....	300
5.7.3 <i>Moes</i> se makrosemantiese ontwikkeling	302
5.7.4 <i>Moes</i> se mikrosemantiese ontwikkeling.....	303
5.8 Die semantiese ooreenkoms tussen <i>moet</i> en <i>moes</i>	316
5.9 Samevatting	318
Hoofstuk 6 Mag Betekenisdimensie: Moontlikheid, Toestemming & Vermoë	321
6.1 Inleiding.....	321

6.2 Etimologie	321
6.3.1 <i>Mogen</i>	325
6.3.2 <i>May</i>	328
6.4. Betekenisnuanses Van <i>Mag</i>	331
6.4.1 Deontiese <i>mag</i>	335
6.4.1.1 A. Direktiewe spraakhandeling	335
6.4.1.2 B. Burokratiese toestemming	338
6.4.1.3 <i>Mag nie</i>	351
6.4.2 Dinamiese betekenis	352
6.4.3 Epistemiese betekenis	356
6.5 <i>Mag</i> se diachroniese ontwikkeling	370
6.5.1 <i>Mag</i> se diachroniese frekwensies	370
6.5.2 <i>Mag</i> in verskillende tekste	371
6.5.3 <i>Mag</i> se makrosemantiese ontwikkeling	376
6.5.4 <i>Mag</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	384
6.5.5 Epistemiese <i>mag</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	387
6.6 Samevatting	389
Hoofstuk 7 <i>Kan En Kon</i> Betekenisdimensie: Vermoë En Teoretiese Moontlikheid	
Dimensie	391
7.1. Inleiding	391
7.2. Etimologie	391
7.3.1 <i>Kunnen</i>	396
7.3.2 <i>Can</i>	399
7.4 Betekenisnuanses van <i>Kan</i>	402
7.4.1 Dinamiese <i>Kan</i>	403

7.4.1.1. Interne vermoë/kapasiteit.....	403
7.4.1.2. Eksterne vermoë.....	406
7.4.1.3. Dinamies-situasioneel of Teoretiese moontlikheid/ potensiaal.....	407
7.4.1.4. Dinamiese implikasie	410
7.4.2 Epistemiese <i>Kan</i>	415
7.4.3 Deontiese <i>Kan</i>	424
7.5 Kan se diachroniese ontwikkeling	425
7.5.1 Kan se diachroniese frekwensies	425
7.5.2 <i>Kan</i> in verskillende teksgenres	426
7.5.3 <i>Kan</i> se makrosemantiese ontwikkeling	427
7.5.4 <i>Kan</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	428
7.6 <i>Kan</i> en <i>Mag</i>	433
7.7 Samevatting: <i>Kan</i>	438
7.8 Betekenisnuanses van <i>Kon</i>	439
7.8.1 Dinamiese <i>kon</i>	442
7.8.1.1 Vermoë	442
7.8.1.2 Dinamies Ekstern.....	444
7.8.1.3 Dinamies-situasioneel.....	444
7.8.2 Epistemiese <i>kon</i>	448
7.9 Diachronies: <i>Kon</i>	458
7.9.1 Kon se diachroniese frekwensies	458
7.9.2 Kon in verskillende teksgenres	459
7.9.3 <i>Kon</i> se makrosemantiese ontwikkeling	462
7.8.4 <i>Kon</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	467
7.10 Samevatting: <i>Kon</i>	471

Hoofstuk 8 <i>Wil</i> en <i>Wou</i> Betekenisdimensie: Volisie	473
8.1 Inleiding	473
8.2 Etimologie	473
8.3.1 <i>Willen</i> en <i>wou/wilde</i>	474
8.3.2 <i>Want to</i>	476
8.4 Betekenisnuanses van <i>Wil</i>	478
8.4.1 <i>Wil</i> as dinamiese modaal	480
8.4.1.1 Begeerte-betekenisdomein	482
8.4.1.2 Intensie-betekenisdomein	495
8.4.2 <i>Wil</i> as epistemiese modaal	502
8.5 <i>Wil</i> se diachroniese Ontwikkeling	513
8.5.1 <i>Wil</i> se diachroniese frekwensies	513
8.5.2 <i>Wil</i> in verskillende teksgenres	515
8.5.3 <i>Wil</i> se makrosemantiese ontwikkeling	517
8.5.4 <i>Wil</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	518
8.5.4.1 Diachroniese ontwikkeling van dinamiese <i>wil</i>	519
8.5.4.2 Epistemiese <i>wil</i> sprekersekerheid	523
8.6 Betekenisnuanses van <i>Wou</i>	526
8.6.1 Dinamiese <i>Wou</i>	527
8.6.2 Epistemiese <i>Wou</i>	533
8.6.2.1 <i>Wou</i> en modale kettings	536
8.6.3 Deontiese <i>wou</i>	544
8.7 <i>Wou</i> se diachroniese ontwikkeling	546
8.7.1 <i>Wou</i> se diachroniese frekwensies	546
8.7.2 <i>Wou</i> in verskillende teksgenres	548

8.7.3	<i>Wou</i> se makrosemantiese ontwikkeling.....	549
8.7.4	<i>Wou</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	550
8.7.4.1	Epistemiese sterkte: moontlikheidsterkte.....	553
8.8	Samevatting: <i>Wil</i> En <i>Wou</i>	555
Hoofstuk 9	<i>Sal</i> En <i>Sou</i> Betekenisdimensie: Voorspelling En Volisie	557
9.1	Inleiding.....	557
9.2	Etimologie	558
9.3.1	<i>Zullen</i>	560
9.3.2	<i>Will/Shall</i>	561
9.4	Betekenisnuanses van <i>Sal</i>	562
9.4.1	Epistemiese <i>Sal</i>	565
9.4.1.1	Moontlikheid- <i>sal</i>	570
9.4.1.2	Passiewe- <i>sal</i>	571
9.4.1.3	<i>Sal</i> in modale kettings.....	572
9.4.1.4	Die kombinasie – <i>sal</i> wees	576
9.4.1.5	Voorwaardelike betekenis	577
9.4.1.6	Waarskynlikheid- <i>sal</i>	578
9.4.1.7	Bewyslike <i>sal</i>	579
9.4.1.8	<i>Sal</i> en onderliggende subjekte.....	581
9.4.2	Dinamiese <i>sal</i>	584
9.4.3	Deontiese <i>sal</i>	590
9.5	<i>Sal</i> se diachroniese ontwikkeling	596
9.5.1	<i>Sal</i> se diachroniese frekwensies.....	596
9.5.2	<i>Sal</i> in verskillende teksgenres	597
9.5.3	<i>Sal</i> se makrosemantiese ontwikkeling	599

9.5.4 <i>Sal</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	600
9.5.4.2 Mikrosemantiese diachroniese ontwikkeling van dinamiese <i>sal</i>	601
9.6 Samevatting: <i>Sal</i>	604
9.7 Betekenisnuanses van <i>Sou</i>	605
9.7.1 Epistemiese <i>Sou</i>	605
9.7.1.1 Epistemiese <i>sou</i> in die verlede-toekomende tyd	606
9.7.1.2 Moontlikheid- <i>sou</i>	606
9.7.1.3 Voorwaardelike <i>sou</i>	606
9.7.1.4 Irrealis (onwerklikheid) <i>sou</i>	608
9.7.1.5 Hipotetiese <i>sou</i>	610
9.7.1.6 <i>Sou</i> in modale kettings	612
9.7.1.7 Waarskynlikheid epistemiese modale <i>sou</i>	615
9.7.1.8 Bewyslike epistemiese modale <i>sou</i>	615
9.7.2 Vaste uitdrukkings met <i>Sou</i>	616
9.7.3 Dinamiese <i>Sou</i>	618
9.8 <i>Sou</i> se diachroniese ontwikkeling	622
9.8.1 <i>Sou</i> se diachroniese frekwensies	622
9.8.2 <i>Sou</i> in verskillende teksgenres	623
9.8.3 <i>Sou</i> se makrosemantiese ontwikkeling	624
9.8.4 <i>Sou</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	628
9.8.4.1 Mikrosemantiese diachroniese ontwikkeling van epistemiese <i>sou</i>	628
9.8.4.2 Temporele en modale gebruiksgetalle van <i>sou</i>	629
9.8.4.3 Diachroniese ontwikkeling van <i>sou</i> in modale ketting	631
9.8.5 Dinamiese <i>sou</i> se Mikrosemantiese ontwikkeling	635
9.9 Samevatting: <i>Sou</i>	640

Hoofstuk 10 Slot.....	642
10.1 Inleiding.....	642
10.2 Samevatting en Gevolgtrekking	642
10.3 Beantwoording van Navorsingsvrae	648
10.3.1 Wat is die aard van die grootste teoretiese dispute rondom modaliteit?.....	648
10.3.2 Hoe lyk die modale hulpwerkwoordelike sisteem in Afrikaans nou?	649
10.3.3 Hoe het die Afrikaanse modale hulpwerkwoordelike sisteem verander?	649
4. Watter oplossing kan vir die teoretiese dispute oor modaliteit met behulp van die ingesamelde sinchroniese en diachroniese Afrikaanse data binne die bestek van hierdie studie gebied word?	650
10.4 Teoretiese Implikasies	651
10.5 Vooruitskouing	652
10.6 Ten Slotte.....	654
Bronnelys	656

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Die simboliese struktuur van 'n konstruksie (Croft 2001: 18)	60
Figuur 2.2 Die verband tussen vorm en funksie in tradisionele komponensiële sintaktiese teorieë (Croft, 2001: 19 – eie vertaling)	61
Figuur 2.3 Die verband tussen vorm en funksie in konstruksiegrammatika (Croft, 2001: 9)	62
Figuur 2.4 Gradiënt van hiërgiese verhoudings tussen konstruksies.	70
Figuur 2.5 Eenvoudige konseptuele netwerk van meubels	75
Figuur 2.6 Konseptuele ruimte	78
Figuur 2.7 Hersiene semantiese kaart van modaliteit (Van der Auwera, Kebayov & Vittrant, 2009).....	80
Figuur 2.8 Die semantiese kaart van <i>mag</i>	82
Figuur 3.1 Vierkant van teenstelling	104
Figuur 3.2 Konseptuele ruimte van modaliteit -eie interpretasie.....	126
Figuur 3.3: Von Wright se modaliteitskategorieë	129
Figuur 3.4 Engels se epistemiese grade (Wärnsby 2006).....	136
Figuur 3.5 Sweeds se epistemiese grade	137
Figuur 3.6 Epistemiese grade (Wärnsby 2006)	142
Figuur 3.7 Epistemiese modale konstruksienetwerk (eie skema).....	143
Figuur 3.8 Engels se grade van spreker-otoriteit.....	147
Figuur 3.9 Diagrammatiese voorbeeld van modaliteitstipes volgens Van der Auwera en Plungian (1998)	162
Figuur 3.10 Semantiese Kaart 1 – oorspronklike semantiese kaart	162
Figuur 3.11 Semantiese kaart van modaliteit (eie kaart)	164
Figuur 3.12 Werksmodel	168
Figuur 5.1 Evolusieroete van <i>moeten</i>	205
Figuur 5.2 <i>Moet</i> se modale tipes	218
Figuur 5.3 Die semantiese kaart van deontiese <i>moet</i>	219
Figuur 5.4 Die konstruksienetwerk van deontiese <i>moet</i>	226
Figuur 5.5 Die semantiese kaart van dinamiese moet.....	227

Figuur 5.6 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>moet</i>	234
Figuur 5.7 Die semantiese kaart van epistemiese <i>moet</i>	236
Figuur 5.8 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>moet</i>	240
Figuur 5.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>moet</i>	242
Figuur 5.10: <i>Moet</i> se teksgenreverspreiding (genormaliseerde frekwensiewaardes)	243
Figuur 5.11 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>moet</i> se modale tipes	247
Figuur 5.12 <i>Moet</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	248
Figuur 5.13 Deontiese <i>moet</i> se verpligtingsterkte	249
Figuur 5.14 Epistemiese <i>moet</i> se sprekersekerheid	252
Figuur 5.15 Dinamiese <i>moet</i> se noodsaaklikheidsterkte	254
Figuur 5.16 Vergelyking tussen <i>moet</i> , <i>moeten</i> , <i>must</i>	266
Figuur 5.17 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>moenie</i> (rou frekwensies) ..	268
Figuur 5.18 Mikro- en makrosemantiese ontwikkeling van <i>moenie</i>	269
Figuur 5.19 Sintaktiese ontwikkeling van <i>moenie</i>	272
Figuur 5.20 Mikrosemantiese en sintaktiese ontwikkeling van <i>moenie</i>	273
Figuur 5.21 Korpusvergelykende ondersoek na <i>moenie</i>	274
Figuur 5.22 <i>Moenie</i> se teksgenreverspreiding	275
Figuur 5.23 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>moet nie/moenie</i>	277
Figuur 5.24 Sintaktiese ontwikkeling van <i>moenie</i> en <i>moet nie</i>	278
Figuur 5.25 Mikrosemantiese ontwikkeling van <i>moet nie</i>	280
Figuur 5.26 <i>Moes</i> se modale tipes	282
Figuur 5.27 Konstruksienetwerk van deontiese <i>moes</i>	287
Figuur 5.28 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>moes</i>	291
Figuur 5.29: Epistemiese skaal <i>moes</i>	292
Figuur 5.30 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>moes</i>	298
Figuur 5.31 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>moes</i>	299
Figuur 5.32 <i>Moes</i> se teksgenreverspreiding	300
Figuur 5.33 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>moes</i> se modale tipes	302
Figuur 5.34 <i>Moes</i> se mikrosemantiese ontwikkeling	304
Figuur 5.35 Deontiese <i>moes</i> verpligtingsterkte	305

Figuur 5.36 Epistemiese <i>moes</i> se sprekersekerheid.....	310
Figuur 5.37 Dinamiese <i>moes</i> se noodsaaklikheidsterkte	314
Figuur 5.38: <i>Moes</i> en <i>moet</i> op Langacker se epistemiese model van tyd.....	316
Figuur 5.39: Langacker (1991:89) se diagram van verledetyd imperfektiewe aspek	317
Figuur 5.40: Langacker (1991:89) se diagram van teenswoordigetyd imperfektiewe aspek.....	318
Figuur 6.1 Die semantiese kaart van <i>mag</i>	331
Figuur 6.2: Diachroniese ontwikkeling van <i>mog</i>	333
Figuur 6.3 <i>Mag</i> se modale tipes	334
Figuur 6.4: Subjekte wat met <i>mag</i> kollokeer.	340
Figuur 6.5 Deontiese <i>mag</i> se omskrywingfrekwensies.....	343
Figuur 6.6 Die konstruksienetwerk van deontiese <i>mag</i>	350
Figuur 6.7 Die Konstruksienetwerk van dinamiese <i>mag</i>	356
Figuur 6.8 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>mag</i>	369
Figuur 6.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>mag</i>	370
Figuur 6.10 <i>Mag</i> se teksgenreverspreiding	371
Figuur 6.11 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>mag</i> se modale tipes	376
Figuur 6.12 <i>Mag</i> se epistemiese gebruike in verskillende tekstipes.....	379
Figuur 6.13 <i>Mag</i> in gesproke korpora.....	382
Figuur 6.14 <i>Mag</i> se deontiese gebruike in verskillende tekstipes	383
Figuur 6.15 Deontiese <i>mag</i> se toestemmingsterkte	385
Figuur 6.16 Epistemiese <i>mag</i> se sprekersekerheid	387
Figuur 7.1 <i>Kan</i> se modale tipes.....	402
Figuur 7.2 Die semantiese kaart van dinamiese <i>kan</i>	414
Figuur 7.3 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>kan</i>	415
Figuur 7.4 Epistemiese skaal	418
Figuur 7.5 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>kan</i>	423
Figuur 7.6 Die semantiese kaart van epistemiese <i>kan</i>	424
Figuur 7.7: Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>kan</i>	425
Figuur 7.8 <i>Kan</i> se teksgenreverspreiding.....	426

Figuur 7.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>kan</i> se modale tipes.	427
Figuur 7.10 <i>Kan</i> in gesproke korpore	428
Figuur 7.11 Dinamiese <i>kan</i> se sterkteverspreiding	429
Figuur 7.12 Epistemiese <i>kan</i> se sprekersekerheid.....	431
Figuur 7.13 <i>Kon</i> se tempusgebruik.....	439
Figuur 7.14 <i>Kon</i> se modale tipes.....	441
Figuur 7.15 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>kon</i>	448
Figuur 7.16 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>kon</i>	458
Figuur 7.17 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>kon</i>	459
Figuur 7.18 <i>Kon</i> se teksgenreverspreiding	460
Figuur 7.19 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>kon</i> se modale tipes	462
Figuur 7.20 Diachroniese ontwikkeling van epistemiese <i>kon</i> in verskillende teksgenres.....	465
Figuur 7.21 Dinamiese <i>kon</i> se sterkteverspreiding	468
Figuur 7.22 Epistemiese <i>kon</i> se sprekersekerheid.....	469
Figuur 8.1 Die semantiese kaart van dinamiese <i>wil</i>	480
Figuur 8.2 Voorbereidende stappe tot aksie.....	481
Figuur 8.3 Begeerte- <i>wil</i> se werkwoordkollokasies.....	489
Figuur 8.4: Begeerte en intensie verspreiding	495
Figuur 8.5 Intensie- <i>wil</i> se werkwoordkollokasies.....	498
Figuur 8.6 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>wil</i>	501
Figuur 8.7 Die semantiese kaart van epistemiese <i>wil</i>	502
Figuur 8.8 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>wil</i>	513
Figuur 8.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>wil</i>	514
Figuur 8.10 <i>Wil</i> se teksgenreverspreiding	515
Figuur 8.11 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>wil</i> se modale tipes.....	517
Figuur 8.12 Dinamiese <i>wil</i> se begeerte en intensiesterkte	519
Figuur 8.13 Epistemiese <i>wil</i> se sprekersekerheid	523
Figuur 8.14 <i>Wou</i> se modale tipes.....	526
Figuur 8.15 Die semantiese kaart van <i>wou</i>	527
Figuur 8.16 Dinamiese <i>wou</i> se begeerte vs ongerealiseerde begeerte/irrealis	532

Figuur 8.17 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>wou</i>	533
Figuur 8.18 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>wou</i>	544
Figuur 8.19 Prototipiese betekenis van <i>wou</i>	546
Figuur 8.20 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>wou</i>	547
Figuur 8.21 <i>Wou</i> se teksgenreverspreiding.....	548
Figuur 8.22 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>wou</i> se modale tipes	549
Figuur 8.23 Dinamiese <i>wou</i> se begeerte en intensie sterkte.....	550
Figuur 8.24 Epistemiese <i>wou</i> se sprekersekerheid.....	553
Figuur 9.1 Die semantiese kaart van epistemiese <i>sal</i>	566
Figuur 9.2 Epistemiese skaal	570
Figuur 9.3 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>sal</i>	581
Figuur 9.4 <i>Sal</i> se subjek-referente	583
Figuur 9.5 Die semantiese kaart van dinamiese <i>sal</i>	584
Figuur 9.6 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>sal</i>	590
Figuur 9.7 <i>Sal</i> in vaste uitdrukkings	596
Figuur 9.8 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>sal</i>	597
Figuur 9.9 <i>Sal</i> se teksgenreverspreiding.....	598
Figuur 9.10 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>sal</i> se modale tipes	599
Figuur 9.11 Voorspelling en voorspelbaarheid/epistemiese <i>sal</i>	600
Figuur 9.12: Dinamiese <i>sal</i> se begeerte/intensiesterkte.....	602
Figuur 9.13 Die konstruksienetwerk van epistemiese <i>sou</i>	616
Figuur 9.14 Vergelyking tussen dinamiese <i>sou</i> -gebruike in die hede en verlede...	619
Figuur 9.15 Die konstruksienetwerk van dinamiese <i>sou</i>	621
Figuur 9.16 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>sou</i>	622
Figuur 9.17 <i>Sou</i> se teksgenreverspreiding.....	623
Figuur 9.18 Diachroniese frekwensieverspreiding van <i>sou</i> se modale tipes	624
Figuur 9.19 Epistemiese <i>sou</i> sprekersekerheid	628
Figuur 9.20: Dinamiese <i>sou</i> se sterkteverspreiding	636
Figuur 9.21 Diachroniese ontwikkeling van dinamiese <i>sou</i> in verskillende teksgenres	637

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1 Modale bywoorde in Engels, Afrikaans en Nederlands	109
Tabel 3.2 Modale hoofwerkwoorde in Engels, Afrikaans en Nederlands.....	109
Tabel 3.3 Modale adjektiewe in Engels, Afrikaans en Nederlands	110
Tabel 3.4 Modale selfstandige naamwoorde in Engels, Afrikaans en Nederlands .	110
Tabel 3.5 Modale hulpwerkwoorde in Afrikaans, Engels en Nederlands.....	113
Tabel 4.1 Historiese Korpus se frekwensies	179
Tabel 4.2 Frekwensielys van al die modale hulpwerkwoorde in die Historiese Korpus	184
Tabel 4.3 <i>Kan</i> se genormaliseerde tekstipe frekwensies	190
Tabel 4.4 Kollostruksionele sterkte tussen vier frekwensies	192
Tabel 4.5 Mikrosemantiese parameters	197
Tabel A1 Frekwensies van modale hulpwerkwoorde tussen periode 1 en 4	199
Tabel A2 Genormaliseerde getalle van <i>kan</i> , <i>can</i> en <i>kunnen</i>	201
Tabel 6.1 Frekwensietabel van <i>mag</i> se modale tipes en negativering	351
Tabel 7.1 Betekenisverspreiding van <i>kunnen</i>	397
Tabel 7.2 Betekenisse van <i>can</i> , <i>could</i> , volgens Collins (2009)	399
Tabel 7.3 Kollostruksieanalise van <i>kan</i> en <i>mag</i>	434
Tabel 7.4 Diachroniese ontwikkeling van <i>kon</i> met die <i>verlede deelwoord</i> en <i>het</i> ...	463
Tabel 7.5 Diachroniese ontwikkeling van konstruksie <i>sou kon</i>	464
Tabel 8.1 Tipe werkwoorde wat kollokeer met begeerte- <i>wil</i>	490
Tabel 8.2 Tipe werkwoorde wat kollokeer met intensie- <i>wil</i>	499
Tabel 9.1 Moontlikheid (met adjunkte) teenoor sprekersekerheid in voorspelling en voorspelbaarheidbetekenisse.....	571
Tabel 9.2 Frekwensiegebruik van <i>sal</i> se subjekte	582
Tabel 9.3 Temporele en modale gebruikgetalle van <i>sou</i>	630

Tabel 9.4 Gebruiksgetalle van modale <i>sou</i> in die verlede en teenwoordige tyd.....	630
Tabel 9.5 Gebruiksgetalle van <i>sou</i> in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde	631

AFDELING A TEORETIESE RAAMWERK

INLEIDING

Hierdie afdeling bestaan uit vier hoofstukke. Hoofstuk 1 bied die inleiding tot- en kontekstualisering van hierdie studie en hoofstukke 2 tot 4 is die teoretiese begronding van hierdie proefskrif.

Omdat daar 'n verband met die fisiese wêreld en ons ervaringswêreld bestaan, kan 'n mens die volgende aflei: begrip van hoe daardie tekstuele wêreld werk, kan ons help om te verstaan hoedat ons wêreld werk (omdat dit immers ook tekstueel is!). Maar die verband tussen die twee kan ons help om ook ons wêreld beter te verstaan.

-Anoniem

HOOFSTUK 1 INLEIDING

En als is enkeld en als verlang

Na heelal en na samehang

(Van Wyk Louw)

1.1 KONTEKSTUALISERING

Modaliteit is tans 'n belangrike onderwerp binne die vakgebied van linguistiek, vandaar die verskyning van heelwat artikels en versamelbundels wat sedert 1983 die lig gesien het (vergelyk onder meer Coates, 1983; Bybee & Fleischmann, 1995; Van der Auwera & Plungian, 1998; Palmer, 2001; De Haan, 2004; Nuyts, 2005; Barbiers, 2006; Frawley, Eschenroeder, Mills, & Nguyen, 2006; Collins, 2009; Portner, 2009; Traugott, 2011 en Nuyts & Van der Auwera 2016). So verwys Traugott (2011:381) na modaliteit as 'n semantiese superkategorie en Anna Wärensby (2006) noem dit 'n semantiese fenomeen aangesien dit 'n spesiale betekenis toevoeg tot die neutrale waarde van 'n proposisie. Hierdie bekendstelling volg uit die noodsaaklikheid van modaliteit en belangstelling daarin om modaliteit in taal, enige taal, te ondersoek. Modaliteit is 'n unieke en uitdagende veld van ondersoek in menslike mentale prosesse en taal, en soos Palmer (2001) beklemtoon, het modaliteit tesame met *tempus* en *aspek* uitgestyg as dinamiese, noodsaaklike terreine van ondersoek binne die linguistiek.

Die komplekse aard van die bestudering van modaliteit staan egter op die voorgrond soos Abraham en Leiss (2012:1) suggereer: “Modality can be characterized as the most complex functional category of all linguistic categories known to the human species”. Verskeie ander akademici wat deeglike navorsing in die veld van modaliteit gedoen het, stem hiermee saam. Vergelyk onder meer Coates (1983), Nuyts (2006:1-2), Palmer (2002:4) en Bybee (1994:176) wat daarna verwys dat dit bykans onmoontlik is om konsensus te bereik oor die karakterisering van modaliteit. Ferdinand de Haan

(2004:4) reken hierdie kompleksiteit word grootliks veroorsaak deur die gebrek aan spesifieke, vaste terminologie vir modale betekenisse. Die vraag ontstaan of dit moontlik is om 'n werksmodel daar te stel waarvolgens modaliteit bestudeer kan word. Is dit moontlik om 'n sintese van bestaande teorieë en kennis oor modaliteit te maak of moet nuwe definisies en raamwerke geskep word?

Teenoor die wydverspreide vraagstuk oor die vaste terminologie vir modale betekenisse is daar op eie bodem, in Afrikaans, 'n leemte in die bestudering van die modale sisteem aangesien daar die laaste bykans 40 jaar 'n beperkte hoeveelheid inligting oor modaliteit gepubliseer is. Conradie (1976; 1979; 1987, 2016, 2018a, 2018b), De Villiers (1971), Van Schoor (1983) en Ponelis (1985) is die bronne¹ wat die meeste inligting oor modale hulpwerkwoorde verskaf

Die enigste studie wat in die laaste 20 jaar oor modaliteit gedoen is, te wete Pfeiffer (1995), benoem slegs die bestaan van die betekenisskakerings van modale hulpwerkwoorde, en fokus op die vorm van die sinsbou waarin modale hulpwerkwoorde gebruik word. Hierdie studie het 'n sintaktiese basis en min semantiese inligting is betrek. Pfeiffer (1995) noem dat daar 'n verskil tussen die epistemiese en deontiese modale hulpwerkwoorde is, maar geen voorbeeldsinne as toepassing is gebruik nie. Die doel van sy studie is om 'n sintaktiese vergelyking van modale hulpwerkwoorde in werkwoordelike eindgroepe met behulp van stukbeelde – soos voorgestel deur Chomsky se *Transformasioneel-Generatiewe-Grammatika* (TGG) – tussen die Afrikaanse en Nederlandse modale hulpwerkwoorde te tref. Die leemte in Pfeiffer (1995) se studie is die gebrek aan semantiese begronding, en die betekenisse van die onderskeie modale hulpwerkwoorde is nie sinchronies of diachronies ondersoek en blootgelê nie. Benewens hierdie studie oor modaliteit in Afrikaans is daar wel ook ander belangstelling wat tans oor hierdie linguistiese konsep getoon word. Conradie (Taalportaal-projek, 2018a) in samewerking met ander linguiste is tans werkzaam om die Afrikaanse sy van die digitale taalportaal

¹ JAR Broos het in 1958 'n filosofies- linguistiese studie gedoen waarin hy modaliteit in Afrikaans betrek het, maar geen noemenswaardige bydrae is op semantiese, sintaktiese of morfologiese vlak gelewer nie; dus is sy studie nie ter sake in my ondersoek nie en sal ek nie verder hierna verwys nie.

op te dateer. Conradie is grootliks verantwoordelik daarvoor om inligting (onder meer) oor die modale hulpwerkwoorde op te bou. Die verskil tussen die Taalportaal-projek en my studie is die omvattende teoretiese aard van hierdie studie wat stewig binne die modale tradisie lê. Conradie het ook in die laaste twee jaar twee artikels gepubliseer wat direk met modaliteit en Afrikaanse modale hulpwerkwoorde verband hou. In 2016 publiseer hy die artikel *Willens en wetens. Perspektiewe op die Afrikaanse werkwoord 'wil'* waarna hieronder verwys word. Die kennis wat hy hier oordra lewer 'n groot bydrae tot Hoofstuk 8 van hierdie studie, waar die modale hulpwerkwoorde *wil* en *wou* ondersoek word. In 2018 publiseer Conradie 'n artikel oor modale kettings wat ondersoek instel na die verskynsel waar Afrikaanse modale hulpwerkwoorde in kettings naas mekaar voorkom, byvoorbeeld:

[1.1] Jy *sou* baie graag *wou kon* gelees het wat ek skryf, nè? [Van der Kleij 1999:42]

In Hoofstuk 9 van hierdie studie sal Conradie se navorsing oor modale kettings geïntegreerd met kennis wat hierdie studie ingewin het, aangebied word.

Enige ander inligting wat beskikbaar is oor Afrikaanse modale hulpwerkwoorde dateer terug tot navorsing wat gedoen is twintig tot veertig jaar gelede. Ter aansluiting by die argument oor die nut van 'n studie oor modaliteit in Afrikaans, vervolgens 'n kort beskrywing oor die bestaande kennis en historiese agtergrond sowel as die huidige stand van sake op semantiese, sintaktiese en morfologiese vlakke in die gekose voorbeeldtaal.

Aspekte soos taalverandering en die invloed daarvan op modale hulpwerkwoorde, sowel as die geleidelike wegbeweging van oorsprongtaal Nederlands was nog altyd knelpunte wat Conradie (1976, 1979, 1987, 1992) graag ondersoek het. Vanweë sy belangstelling in historiese teorieë het hy veral daarna gekyk hoe betekenisverandering en semantiese verskuiwing van modale hulpwerkwoorde in Germaanse tale Duits, Nederlands, Engels en Afrikaans sedert die Middeleeue tot ongeveer 'n honderd jaar gelede, met die standaardisering van Afrikaans, plaasgevind het. Hy ondersoek die historiese proses waardeur modale hulpwerkwoorde vanuit 'n

nie-modale tot die modale sfeer ontwikkel het. Hy ontwikkel ook die hipotese dat verandering in modale hulpwerkwoorde vanweë pragmatiese faktore ingebed in taalhandelings plaasvind. Hy verwys na sprekers se geneigdheid om meer gematigde versoeke te rig eerder as om 'n bevel te opper wanneer handeling vereis word. Conradie (1987) beklemtoon dat modale verandering langs hierdie weë plaasgevind het, en hy noem hierdie verwikkeling 'n anti-outeoritêre ontwikkeling weg van outoriteit tot 'n meer gematigde uiting.

Hoewel Conradie se fokus val op 'n historiese tydgleuf, gee sy werk tog aanleiding tot die vraag: Hoe het die Afrikaanse modale hulpwerkwoorde diachronies ontwikkel en verander? Conradie (1976, 1979) het dit veral gehad oor die grammatikalisering van die modale hulpwerkwoorde sedert die Middeleeue tot die ontstaan van Standaardafrikaans, terwyl De Villiers (1971) die basiese betekenis van elke modale hulpwerkwoord soos dit teen 1971 gelyk het, weergee. Conradie (2018) gee op die Taalportaal meer inligting oor elke modale hulpwerkwoord, en hy plaas *gaan* ook binne die sfeer van modale hulpwerkwoorde. Die diachronie van elke modaal sowel as die verskillende polisemiese betekenisaaarde sal egter in nog meer diepte aan die hand van 'n korpuslinguistiese ondersoek bestudeer word. Meer hieroor in Afdeling B waar die grammatikalisering, sowel as konstruksionalisering van elke afsonderlike modale hulpwerkwoord ondersoek sal word.

Ten opsigte van die semantiese vlak, lyk die modale hulpwerkwoorde soos volg: De Villiers (1971) bespreek en benoem die hulpwerkwoorde *kan*, *mag*, *moet*, *wil* en *sal*, met preteritumvorme *kon*, *moes*, *wou* en *sou* (met verwysing na *mag* se verdwene preteritumvorm *mog*) as die 9 kern modale hulpwerkwoorde. Hy verskil van Ponelis (1985:246) en ander teoretici (Mortelmans, Booyse & Van der Auwera 2009) ten opsigte van *durf* deur hierdie werkwoord in te deel by die kategorie medewerkwoorde. *Durf* het egter grotendeels verdwyn uit die omgangstaal, en wat met *durf* se verdwyning as modale hulpwerkwoord gebeur het, sowel as die teenstrydige kategorisering is 'n belangrike navorsingsonderwerp wat nog nie tevore ondersoek is nie. Dit val egter buite hierdie studie se omvang. De Villiers (1971) noem ook dat

behoort en *hoef* formeel verskil van medewerkwoorde en hulle kan op formele gronde as 'n aparte klas werkwoorde beskou word, maar semanties hoort hulle by modale werkwoorde en kan hulle as kwas-modale hulpwerkwoorde gesien word. *Behoort* en *hoef* is egter nie volledig in de Villiers of in Ponelis bespreek nie, en val buite die omvang van hierdie studie wat slegs die nege kern modale hulpwerkwoorde in Afrikaans ondersoek het. Kwasi-modale is nie behandel in hierdie studie nie, aangesien die omvang van hierdie studie reeds ontsettend groot is met omvattende besprekings van al die kern modale wat hier ingesluit is. Daar word aanbeveel dat kwas-modale in Afrikaans verder in toekomstige navorsing ondersoek word. Die kategorisering van *gaan* as modale hulpwerkwoord is ook 'n kontensieuse saak maar sal nie verder belig word nie aangesien hierdie werkwoord eerder aspektueel optree en nie as modale hulpwerkwoord nie. Sien Breed (2012) se proefskrif wat oor aspek in Afrikaans handel.

De Villiers (1971) verwys daarna dat *moet* dwang of noodsaaklikheid uitdruk wat *moet* as veral deontiese modaal onderskei. Daarteenoor word Engelse *must* (Collins, 2009; Coates, 1983) skaars as deontiese modaal gebruik en kwas-modale soos *have to* en *ought to* word liever ingespan, aangesien daar 'n tendens is om minder outoritêr te wees (soos ge-eggo deur Conradie, 1987). Wasserman (2014) wys egter in haar proefskrif dat Afrikaanse deontiese *moet* deur middel van taalkontak 'n beduidende invloed op Suid-Afrikaanse Engels (SAE) gehad het, en gevolglik het *must* in SAE ook meer as deontiese modaal begin optree. Conradie (2016) verwys na *moet* as dié modaal wat veral ook verpligting aandui, maar die oorsprong van die bron wat die verpligting toepas of verlang is dikwels moeilik vasstelbaar. Die subjek is die agent wanneer die subjek self die bron is wat die verpligting toepas, byvoorbeeld:

[1.2] Ek *moet* vandag my kar was.

[1.3] Ek *moes* lag toe hy skielik val.

Die tweedepersoonssubjek is steeds die agent wat die handeling moet uitvoer, dit het nog net nie plaasgevind nie, byvoorbeeld:

[1.4] Jy *moet* jou litte roer!

[1.5] Jy *moes* gister al ingeboek het.

Wanneer verpligting in die algemeen uitgedruk word, byvoorbeeld:

[1.6] Die geraas *moet* dadelik ophou,

is die subjek agentloos en daar is ook geen pasiënt nie.

Die rol van die subjek as agent, pasiënt of as eksterne of interne deelnemer is hier onder die loep en alhoewel die semantiese kaart wat ek later aanbeveel, grotendeels deontiese modaliteit as eksterne-deelnemer proposisies kategoriseer, sal hierdie aspek van *moet* sowel as die taalveranderinge binne Suid-Afrikaanse konteks (soos bestudeer deur Wasserman, 2014) verder in Afdeling B belig word.

Ten opsigte van die modale hulpwerkwoorde *kan* en *mag*, kan daar baie gesê word. *Kan* is die modale hulpwerkwoord wat verreweg die meeste in Afrikaans gebruik word. In 'n korpusontleding van die Taalkommissiekorpus (2001) van nagenoeg 58 miljoen woorde kom *kan* 287 056 keer voor en daar is 100 000 meer trefslae van *kan* as enige ander modaal in hierdie korpus. *Kan* word ook saam met *mag* bekyk vanweë die afwisselende sinonimiese gebruik en die semanties oorvleuelende betekenisaard daarvan. Volgens Leech (1980) het *can* grotendeels 'n monosemantiese betekenis. Hulle staan 'n monosemantiese betekenis vir meeste modale hulpwerkwoorde voor en sluit dermate aan by studies deur Joos (1964) en Ehrman (1966) wat 'n basiese betekenis van elke modaal voorstaan. Senekal (1961a, 1961b, 1961c) se studie oor Afrikaanse hulpwerkwoorde bewys dat modale egter 'n polisemiese aard toon. Sy bevinding sluit aan by meeste teoretici (Palmer 2001; Collins 2009) se siening dat modale hulpwerkwoorde wel polisemies optree. 'n Modaal kan dus verskillende betekenisonderskeidings hê, afhangende van die konteks:

[1.7] Vra my, en ek sal vir jou 'n deur, letterlik enige deur *kan* oopsluit. [HK 27: 2008 Fiksie (Kladboek 'n hibridiese roman, Joan Hambidge)] {dinamiese gebruik}

[1.8] Miskien juis daarom is dit dat my kritici niks daarin *kan* sien nie. [HK 51: 1947 Informatief (Afrikaanse skrywers aan die woord, P.J. Nienaber)]
{epistemiese gebruik}

[1.9] Julle *kan* nou maar loop. [De Villiers 1971: 83] {deontiese gebruik}

Die polisemiese aard van die modale hulpwerkwoorde impliseer dat modale teenstrydige betekenisse kan dra, verskillende grade van onderskeie tipes kan hê sowel as onbepaalbaar kan wees (Wasserman 2014), wat weer daarop dui dat mens nie sommer kan aanvaar dat die verskillende modale hulpwerkwoorde in elke taal sinonieme betekenisse sal dra nie. In 'n ondersoek na die betekenisonderskeidings en betekenisveranderinge van *can*, *could*, *may* en *might* wat Collins in 2007 onderneem het, sluit hy by Coates (1983) se bevindings aan naamlik dat *can* as dinamiese modaal uitstaan en *may* as epistemiese modaal. *May* kan volgens hulle geen dinamiese implikasies dra nie, en *can* bitter min epistemiese betekenis. Collins (2007) dui egter op 'n interessante afname in die voorkoms van *may* as epistemiese modaal, en hy beveel ook aan dat *can* se epistemiese gebruik ondersoek moet word, wat suggereer dat daar betekenisverandering by albei modale hulpwerkwoorde ingetree het.

Die Nederlandse eweknie van *can* en *may*, te wete *kunnen* en *mogen*, dra volgens Nuyts (2007) min of meer dieselfde betekenisse as in Engels. Hy bevind dat die dinamiese gebruik van die modale hulpwerkwoord *kunnen* steeds verreweg gebruikliker is (79%) as deontiese modaliteit (15%) en epistemiese modaliteit (5%). Dit is opvallend dat Nuyts (2007) sowel as Mortelmans, Boye en Van der Auwera (2009) daarna verwys dat die voorkoms van *kunnen* as epistemiese modaal toegeneem het, maar dat dit moontlik ook as dinamies geïnterpreteer kan word. Die epistemiese gebruik van *kunnen* is dus baie dubbelsinning van aard en Nuyts (2007) verkies dat dit eerder as dinamiese modaliteit gekategoriseer word.

Wat die Afrikaanse *kan* egter aanbetref het 'n voorlopige korpusondersoek wat ek geloods het, teenstrydige bevindinge opgelewer. Net soos in die gevalle van Engels *can* en Nederlandse *kunnen*, tree *kan* in Afrikaans grotendeels op as dinamiese modaal wat die vermoë (op verskillende grade) van die gegewens uitdruk.

Wat wel opmerklik is vanuit die data-ontleding, is die baie hoë voorkoms van *kan* as epistemiese modaal. In die geval van Engels het hierdie verskynsel onwaarskynlik voorgekom (alhoewel Collins, 2007, tog suggereer dat dit besig is om te verander) en ten opsigte van Nederlands het *kunnen* wel as deontiese maar selde as epistemiese modaal opgetree. In Afrikaans is daar egter 'n daadwerklike afwyking van die patroon en *kan* word dikwels epistemies uitgedruk soos in die volgende voorbeeld duidelik is:

[1.10] Dit kan wees dat die verandering die terugwyking van 'n ysfront verby hierdie punt aandui. [HK 80: 1948 Natuurwetenskappe (Die geologie van Pietermaritzburg ..., L. C. King)]

Een hipotese wat ek byvoorbeeld hier lug en sal ondersoek in Hoofstuk 7, is die degrammatikalisering van die modale hulpwerkwoord *mag* in Afrikaans. Coates (1983) verwys daarna dat *may* in Engels slegs as epistemiese moontlikheid voorkom en as epistemiese moontlikheid word *may* in 74% van alle gevalle gebruik. Hierdie bevinding is interessant aangesien daar dikwels in die verlede gesê is dat *may* en *can* identiese betekenis het en dat hulle mekaar in alle gevalle kan vervang. Aangesien *can* nie epistemiese moontlikheid kan uitdruk nie – buiten in die negatiewe vorm (*can't*) – is dit duidelik dat in 74% van alle gevalle *can* nie vir *may* kan vervang nie.

My hipotese is dat *kan* in Afrikaans die betekenis van *mag* ten opsigte van die epistemiese moontlikheid vervang het, en vandaar die hoë voorkoms van *kan* as epistemiese modaal. *Kan* het dus moontlik betekenisverruiming ondergaan. Om so iets te bewys, sal ek diachronies na die evolusie van die modale *kan* en *mag* moet kyk. Die vraag is dus hier nie net hoe *kan* verder gegrammatikaliseer het, en of *mag* gedegrammatikaliseer² het nie, (vergelyk byvoorbeeld Nuyts (2011) en Byloo en Nuyts (2011) se bespreking van die degrammatikalisering/ outonomisering) maar ook hoe elke modaal se betekenis verander het. Dat modale wel verander, word ge-eggo in

² “Degrammaticalization is a change whereby a gram in a specific context gains in autonomy or substance on one or more linguistic levels (semantics, morphology, syntax, and phonology).” (Norde, 2010)

Collins (2007) se bevinding van *might* en *could*. Collins (2007) suggereer dat *may* en *might* vanweë betekenisverandering nie eens meer dieselfde lekseem naamlik *may* deel nie. *Might* het dermate so gegrammatikaliseer dat dit wegbeweeg daarvan om net 'n verledetydwyser van *may* te wees. Bewyse van *might* en *may* se inflektiewe verhouding is nie meer geldig soos in die verlede nie. Collins (2007) dui aan dat *could* ook verandering in dieselfde rigting as *might* vertoon en nie meer net bloot 'n verledetydwyser van *can* is nie, maar dat dit al hoe meer as epistemiese modaal gebruik word.

Wanneer hierdie betekenisverandering van *could* en *might* sowel as *can* en *may* in ag geneem word, kan mens maklik tot die afleiding kom dat dit moontlik is vir *kan* en *mag*, sowel as al die ander modale hulpwerkwoorde, om betekenisverandering en grammatikalisering te ondergaan. Die vrae is dus: i) het daar enige betekenisverandering onder die Afrikaanse modale hulpwerkwoorde plaasgevind?; en nog belangriker ii) hoe ver het modale hulpwerkwoorde in Afrikaans gegrammatikaliseer³ en ontwikkel? Engelse modale hulpwerkwoorde is blykbaar baie ver en Nederlandse en Duitse modale hulpwerkwoorde minder gegrammatikaliseerd (Van Ostayen & Nuyts 2004:11), maar wat van Afrikaans?

Die tipiese of selfs unieke kenmerke wat deur Afrikaanse modale hulpwerkwoorde vertoon word, soos byvoorbeeld gesien in die reduplikasie van 'n modaal in een sin:

[1.11] Dit *wil-wil* reën.

'Rain is imminent.' [Conradie 2018]

word in Afdeling B ondersoek.

Wat die sintaktiese gedrag van die modale hulpwerkwoorde in Afrikaans aanbetref, het ek daarna verwys dat – in teenstelling met Engels – Afrikaanse modale

³ Grammatikalisering is meer as net blote taalverandering (Heine, 2003:575). Dit is 'n proses waartydens leksikale kategorieë se status verander tot grammatikale kategorieë. Subprosesse soos die semantiese, morfosintaktiese en fonologiese ontwikkelings word ook hierby betrek.

meervoudig as kombinasies in sinne kan voorkom. Conradie (2018) noem hierdie verskynsel modale kettings, byvoorbeeld:

[1.12] Hierdie stad *moes kon* vloek, kon tier, hierdie stad *sou moes kon* vertel van... Dit *sou* die stad *moes kon* wees van mededoë [A.H. de Vries, Tot verhaal kom, 2003:123]

Wat die teoretiese beperkings en die semantiese waardes van onderskeie kombinasies is, is deur Conradie (2018a) ondersoek en gerapporteer. Hierdie studie maak in Hoofstuk 9 gebruik van sy bevindings.

Wat die morfologiese betekenisverandering van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans betref, het Conradie in 1976 verwys na Afrikaans wat nie deelwoorde vorm uit modale hulpwerkwoorde nie. Deelwoordvorming is nie op modale werkwoordvorming van toepassing nie. Hierdie eienskap word as 'n kenmerkende verskil tussen Nederlands en Afrikaans gesien, aangesien die modale hulpwerkwoorde in Afrikaans nie as voltooiende deelwoorde ontwikkel soos in Nederlands nie, byvoorbeeld *gemoeten* en *gewild* wat nie in Afrikaans as *gemoet* of *gewil* voorkom nie.

[1.13] Misschien had hij weer op reis *gemoeten/gewild*. [Conradie, 1976:40]

Dit het aanleiding gegee tot die differensiasie van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans as 'n afsonderlike werkwoordkategorie. Die deelwoordvorming in Nederlands gee verder daartoe aanleiding dat modale hulpwerkwoorde ook 'n nie-modale betekenis kan hê en dus as selfstandige werkwoorde kan optree. In Nederlands kan gesê word: "Hij moet haar niet" – *moet* word hier as selfstandige werkwoord ingespan. Aangesien Afrikaans uit Nederlands ontstaan het, maar nie hierdie betekenisonderskeid of die morfologiese verskynsel *gemoet* of *gewillen* vertoon nie, wonder mens of dit in Nederlands is wat hierdie verskynsels gegrammatikaliseer het, wanneer dit gebeur het, en hoekom Afrikaans nie 'n soortgelyke verandering ondergaan het nie.

Wat die Afrikaanse modale hulpwerkwoord *mog* aanbetref, is dit kenmerkend dat hierdie modaal by wyse van spreke 'verdwyn' het uit die spreektaal. Hierdie modale

hulpwerkwoord verskyn slegs 98 keer in die Taalkommissiekorpus (2011) se databasis en word deur Ponelis (1979:246) en De Villiers (1971:86) as argaïes gesien. Die Nederlandse *mogen* se verledetyd *mochten* is egter steeds algemeen in gebruik. Hoekom en wanneer *mog* uit die omgangstaal sowel as formele geskrewe taal verdwyn het, is nog nie ondersoek nie, en 'n ondersoek hiervan kan lig werp op die verskynsel degrammatikalisering.

In terme van die Afrikaanse modale hulpwerkwoorde, onderskei die meeste modale ook 'n imperfektiewe vorm en volgens Conradie (1976) is dit 'n kenmerk van die Afrikaanse modale hulpwerkwoorde. In Afrikaans word *sal* → *sou*; *kan* → *kon*; *moet* → *moes* en *wil* → *wou*. Hierdie modale dra eerstens 'n temporele betekenis en dui die imperfektief aan, maar hulle vertoon ook modale betekenis in die sin dat hulle hipoteties van aard is. Mortelmans, Boye en Van der Auwera (2009) verwys na die betekenisparadigmas van die modale en hoe *zullen* en *wollen* in Nederlands – net soos in Afrikaans – toekomstige en verledetydbetekenisparadigmas, maar ook modale betekenis, insluit teenoor Engelse *shall* en *will* wat net tempus en geen modaliteit insluit nie.

Van der Kleij (1999) bevestig dat daar nie 'n groot semantiese verskil tussen Afrikaanse en Nederlandse modale is nie, maar dat die verskil wat wel bestaan vormlik van aard is. Een verskynsel van hierdie vormlike verskil is preteritale assimilasie. By preteritale assimilasie word een preteritale kenmerk van die werkwoordsvorm met 'n ander werkwoordsvorm gedeel

Ponelis (1979:270) het met die term preteritale assimilasie vorendag gekom, maar hy het nagelaat om 'n definisie daaroor te formuleer en om dit volledig te bespreek. Hierdie verskynsel is uniek aan Afrikaanse modale hulpwerkwoorde, maar is nog nooit in diepte ondersoek of bespreek nie. Van der Kleij (1999:51) neem in haar ondersoek na tempus en aspek in Afrikaans hierdie verskynsel onder die loep en beskryf dit as:

Bij preteritale assimilatie wordt een preteritaal kenmerk van de ene werkwoordsvorm gedeeld met de andere werkwoordsvorm. Preteritale assimilatie is een vormelijk verschijnsel waarbij het

preteritale kenmerk van een werkwoord zich uitspreidt over de andere werkwoorden in de zin. De werkwoorden die onder invloed van dat ene werkwoord een preteritale vorm krijgen, behouden echter hun oorspronkelyke interpretatie.

'n Voorbeeld hiervan is:

[1.14] Maar wie *kon* dit *gedoen* *het*? (Van der Kleij 1999:42)

Modale hulpwerkwoorde wat preteritale assimilasi  ondergaan is: *kan*, *sal*, *wil* en *moet*. *Mag*, *behoort* en *hoef* het geen preteritum nie en kan dus nie assimileer nie. Wanneer modale 'n preteritum het, kan hulle dus ook assimileer. Modale kan ook in verskillende tyd gele  wees, maar kan steeds assimileer, byvoorbeeld:

[1.15] Sy *sal* stories oor 'n kat se o  *kon* uitdink. (Van der Kleij 1999:42)

In voorbeeld [1.15] is die konteks in die verlede tydperk, maar dit is volgens Van der Kleij (1999:42) nie ongewoon om soortgelyke voorbeelde in Afrikaans te vind nie. Die bestaan van preteritale assimilasi  is op een na 'n unieke verskynsel in Afrikaans – dit kom minimaal in Skotse gebruikstaal voor volgens Van der Kleij (1999:49) – en dit wil voorkom asof die gebrek aan 'n vaste werkwoordelike sisteem in Afrikaans die oorsaak hiervan is. De Villiers (1971:97) vermeld die gebrek aan 'n vaste sisteem en dit kan moontlik aanleiding gee tot die verskyning van verskeie unieke verskynsels soos byvoorbeeld preteritale assimilasi .

Conradie (2018a) het die voorkoms van preteritale assimilasi  sowel as die rol van die perfektum met die modale verder ondersoek, en bevind dat twee verskillende tipe konstruksies hier na vore kom wat elk onderskeidelik  f die realis (feitelikheid)  f irrealis (onwaarskynlik/valsheid van die proposisie: epistemiese aard) van die proposisie aandui.

Hierdie konstruksies lyk soos volg:

1. modale hulpwerkwoord(e) (teenwoordige tyd of preteritaal) + perfek (verledetydsvorm + het)

[1.16] Petra *moes* eintlik die pannekoeke *gebak het*.

2. hulpwerkwoord van tyd + modale werkwoord (teenwoordige tyd of preteritaaf) + infinitief

[1.17] Petra *het* die pannekoeke *moes bak*.

Die eerste konstruksie met volgorde modaal in die V1 posisie en die perfektum in die V2 posisie dra by uitstek die irrealis of teenwaarskynlike betekenis terwyl konstruksie 2 die realis uitbeeld met die preteritaaf/modaal en infinitief in die V2 posisie. Conradie(2018a) verwys na De Villiers (1971:72), wat die gebrek aan 'n vaste werkwoordelike sisteem belig deur te wys op die gebrek aan werkwoordelike finitiese vorms, buiten die minimale voorkoms van morfologiese fleksie in die modale hulpwerkwoordkategorie. Teenfeitelikheid (nie-voorkoms in 'n verlede aksie) word uitgedruk deur die preteritaaf en die perfektum:

[1.18] Ek *wou* vir jou die helfte *gegee het* [FAS-SK]

Conradie (2018a) gee 'n paar voorbeelde:

[1.19] Ek onthou hoe ek altyd Woensdagaande... later *mag* wakker *gebly het*
[I. Salzwedel, Onvertelde stories, 2012:21]

[1.20] Ek *mag* nie in die kring van die manne *gekom het* nie. [D. Mathee, Pieterella van die Kaap, 2000:518]

[1.21] Hulle *hoef nie* soveel moeite *te gedoen het* nie [Brink, A. P. Donkermaan, 2000:205]

Hierdie voorbeelde dui aan dat die gekombineerde voorkoms van die preteritaaf en die perfektum dubbelsinning is, en nie noodwendig voor die hand liggend teenfeitelik is nie. Deur die bestudering van die Afrikaanse hulpwerkwoordelike sisteem kan daar moontlik meer insig oor die werkwoordelike sisteem in die algemeen ingewin word om sodoende hierdie 'gebrek aan vaste vorm' sowel as om dubbelsinnigheid in die Afrikaanse werkwoordelike sisteem beter te verstaan.

Wat ook in 'n sintaktiese ondersoek van die Afrikaanse modale hulpwerkwoorde ondersoek sal word, is hoe Afrikaans vergelyk met die tipiese modale hulpwerkwoordkenmerke soos uiteengesit deur Huddleston (1976:333), en verder omskryf deur Palmer (2001:100), as die NICE-kenmerke van Engels. So is een van die kenmerke dat modale nie saam voorkom in sinne nie (byvoorbeeld, “will, can, come”) terwyl dit 'n algemene praktyk is in Afrikaans (byvoorbeeld, “hy sal moet kan kom”) dat modale op mekaar volg. Conradie (1976) verwys daarna dat hierdie verskynsel in Engels gans onmoontlik is en aangesien dit in Afrikaans veral in die imperfektief voorkom, noem hy dit imperfektiewe kongruensie. Hy bespreek ook in 'n 2018-artikel die voorkoms van modale kettings waar twee of meer modale in een predikaat voor die hoofwerkwoord geplaas word. Hierdie artikel word ook in Hoofstuk 9 gebruik om die gebruik van modale kettings verder toe te lig.

Wanneer die semantiese, sintaktiese en morfologiese aspekte van Afrikaanse modale hulpwerkwoorde van naderby bekyk word, is dit opmerklik dat die gepubliseerde gegewens aan bod al vir bykans 40 jaar onveranderd aangebied is, aangesien daar weinig bydraes tot die kennis oor modaliteit in die afgelope paar dekades gemaak is. Daar is tans geen gepubliseerde bron waarmee De Villiers, Ponelis, Van Schoor of Conradie se bevindings vergelyk kan word nie. Conradie se navorsing en bydrae op Taalportaal (2018) oor die sinchroniese voorkoms van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans, is die enigste sinchroniese bron tot my beskikking en die gegewens daarbinne, sowel as Van Schoor (1983) en De Villiers (1971) se werk oor die individuele modale hulpwerkwoorde sal betrek word wanneer 'n korpus-ondersoek geloods word. Aangesien hierdie studie ook stewig binne die teoretiese tradisie van modaliteit staan, word dit onderskei van ander navorsing oor modaliteit in Afrikaans en daarom sluit hierdie studie ook aan by ons breë kennis oor modaliteit in die algemeen en word die afstand tussen Afrikaans as geïsoleerde taal verklein deur dit binne die internasionale tradisie te plaas.

Die groot kritiek wat teen meeste bronne oor modaliteit in Afrikaans gelewer word, is die gebrek aan teoretiese fundering, aangesien die bronne nie die insigte van teoretiese raamwerke benut nie. Sommige verwys kortliks na epistemiese of deontiese

modaliteit, maar daar is geen voorbeeldmateriaal of teoretiese bron gebruik om modale hulpwerkwoorde as die een of die ander te onderskei of bespreek nie. Kritiek word ook gelewer op die omvang van geselekteerde data wat as voorbeeldmateriaal gebruik is. Die meeste teorieë en kennis is gebaseer op anekdotiese waarnemings van 'n paar veranderinge en verskynsels (Kirsten 2016). Danksy moderne tegnologie en die ontwikkeling van Korpuslinguistiek as dissipline, is daar nou die geleentheid om die navorsing meer sistematies en verteenwoordigend aan te pak, teenoor die lukrake keuse van materiaal in die verlede. Kirsten (2016) verduidelik dat die korpuslinguistiek die navorser in staat stel om inligting akkuraat en betroubaar op empiriese wyse weer te gee. Waar daar tevore staat gemaak is op anekdotiese waarnemings as data, bied 'n gespesifiseerde korpus toegang tot 'n keurig versamelde en geselekteerde basis waarop verandering op sistematiese wyse bestudeer en nagespeur kan word. Taalveranderinge kan opgespoor word deur die vergelyking van die vier periodes in Kirsten (2016) se diachroniese korpus wat bestaan uit vier afdelings of korpusse wat die dekades 1911-1920; 1941-1950; 1971-1980 en 2001-2010 dek.

Die leemtes waarmee hierdie studie te kampe het, is eerstens die gebrek aan teoretiese begronding van die historiese inligting en daarom stel hierdie studie hom ten doel om die gebrek aan teoretiese kennis te oorbrug deur 'n stewige teoretiese basis te vind binne (a) Die Korpuslinguistiek; (b) Radikale Konstruksiegrammatika en (c) beskikbare teorieë van Modaliteit in die internasionale linguistiese veld. Tweedens is daar geen inligting beskikbaar oor die hedendaagse veranderinge en ontwikkelings wat plaasgevind het op die Afrikaanse modale hulpwerkwoordterrein nie. Die ontwikkeling van die Afrikaanse modale hulpwerkwoordstelsel is dus agterweë gelaat en hierdie studie oorbrug hierdie gebrek aan kennis deur 'n diachroniese studie te maak van die veranderinge wat modale hulpwerkwoorde in vier periodes oor die afgelope honderd jaar ondergaan het.

Teen hierdie agtergrond, maak dit volkome sin waarom Afrikaans as voorbeeldtaal vir hierdie studie gekies is. Daar is talle leemtes in ons kennis oor modaliteit in Afrikaans en geen tipologiese studie kan sondermeer plaasvind as die historiese agtergrond, sowel as huidige voorkoms van modale hulpwerkwoorde nie betrek word nie. 'n

Sinchroniese studie waarin die huidige stand van sake oor Afrikaanse modale hulpwerkwoorde weergegee word, vind in Afdeling B plaas. Ter aanvulling van die sinchroniese betekenisomskrywings, sal daar ook 'n volledige diachroniese ondersoek met behulp van historiese data plaasvind. Die betekenis van 'n ondersoek na modaliteit in Afrikaans het egter ook 'n dieperliggende implikasie en strekking aangesien Afrikaans hier aansluit by 'n linguistiese wêreldtradisie. Op 'n plaaslike vlak kan hierdie studie 'n bydrae lewer tot die linguistiese kennis van Afrikaans maar aangesien hierdie studie ook toetree tot die groter gesprek oor modaliteitsteorieë en modelle, word Afrikaans gemobiliseer om aan 'n internasionale linguistiese gesprek deel te neem.

Hierdie studie stel dit ten doel om die gapings oor kennis van modaliteit in Afrikaans te vul, om sodoende ook 'n moontlike werksmodel te skep waarvolgens modaliteit in die vervolg op 'n konsekwente en sistematiese wyse bestudeer kan word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Modaliteit is tans een van die belangrikste onderwerpe binne linguistiek maar daar bestaan geen vaste werksmodel waarvolgens dit ondersoek kan word nie. In terme van Afrikaans is daar geen omvattende bydrae gelewer op die terrein van modaliteit oor die laaste veertig jaar nie. Teen die agtergrond van die uitgebreide belangstelling in teorieë oor modaliteit in linguistiese kringe, stel hierdie studie dit ten doel om die brug te slaan tussen die gebrek aan kennis oor modaliteit in Afrikaans en die omvangryke fokus daarop in die breë linguistiese veld. Voordat die leemte in kennis oor modaliteit in Afrikaans egter na behore bestudeer kan word, is dit noodsaaklik om eers 'n voorlopige teoretiese werksmodel daar te stel waarvolgens modaliteit op sistematiese wyse empiries bestudeer kan word.

1.3 NAVORSINGSVRAE

- Wat is die aard van die grootste teoretiese dispute rondom modaliteit?
- Hoe lyk die modale hulpwerkwoordelike sisteem in Afrikaans nou?

- Hoe het die Afrikaanse modale hulpwerkwoordelike sisteem verander sedert De Villiers (1971) en Ponelis (1979) en Conradie (1976; 1979; 1987) daarna verwys het, met terugverwysings na veranderinge sedert die ontstaan van Standaardafrikaans in 1925 en selfs voor dit?
- Watter oplossing kan vir die teoretiese dispute oor modaliteit met behulp van die ingesamelde sinchroniese en diachroniese Afrikaanse data binne die bestek van hierdie studie gebied word?

1.4 NAVORINGSDOELWITTE

1.4.1 ALGEMENE DOELWIT

Die algemene doelwit van hierdie studie is tweërlei van aard. Eerstens stel ek my ten doel om 'n empiriese studie oor die modale hulpwerkwoordelike sisteem in Afrikaans, soos gebaseer op korpusbewyslewing, daar te stel. Kwantitatiewe navorsing sal op bepaalde korpusse uitgevoer word. Daarna sal die data kwalitatief volgens kognitief-semantiese metodes ontleed word. Tweedens sal daar 'n voorlopige werksmodel ontwikkel word en Afrikaans sal as voorbeeldtaal gebruik word ten einde hierdie model te toets en verfyn. Dit sal my toelaat om vas te stel of daar 'n betroubare sisteem bestaan waarin modaliteit in enige taal in toekomstige studies ondersoek kan word.

1.4.2 SPESIFIEKE DOELWIT

- Die ontleding van bestaande teorieë oor modaliteit om sodoende vas te stel wat die ooreenstemming en dispute rondom hierdie teorieë is. Hiervolgens sal 'n sintese uit al die beskikbare gegewens gemaak word om 'n voorlopige teoretiese werksmodel daar te stel waarmee die Afrikaanse modale hulpwerkwoordelike sisteem ondersoek sal word.
- Die samestelling en daarstelling van 'n volledige sinchroniese databasis van die modale hulpwerkwoordelike sisteem in Afrikaans deur middel van

statistiese waarneming, ontleding en analise van elke modale hulpwerkwoord en ooglopende patrone daarvan in die korpusse tot my beskikking om sodoende vas te stel hoe hierdie sisteem tans daar uitsien.

- 'n Omvattende diachroniese ondersoek na enige ontwikkelings en veranderinge van die nege kern modale hulpwerkwoorde oor die afgelope 100 jaar sal plaasvind om vas te stel of daar enige sodanige taal- en betekenisveranderinge plaasgevind het. Hierdie diachroniese ondersoek sal ook onderwerp word aan statistiese waarneming, ontleding en analise van modale hulpwerkwoorde soos toegepas op 'n Historiese Korpus.
- Die ontwikkeling van 'n verfynde en volledige teoretiese model van modaliteit wat die insigte gebruik soos verkry uit die studie op Afrikaanse modale hulpwerkwoorde, om die grootste teoretiese dispute rondom modaliteit op te los.

1.5 TEORETIESE EN METODOLOGIESE RAAMWERK

Die algemene metodologiese en teoretiese raamwerke waarbinne hierdie studie val, is eerstens binne die kader van Konseptuele Semantiek soos voorgestel deur Croft (2001) as Radikale Konstruksiegrammatika en tweedens word die Korpuslinguistiek soos omskryf deur Biber et al. (2006) betrek. Hierdie teorie, sowel as die gekose semantiese model waarvolgens modale hulpwerkwoorde gerangskik sal word, sal dien as sekondêre teoretiese raamwerk. Derdens sal die Grammatikaliseringsteorie (soos in Tomasello, 2000; Hopper, 1996; Aijmer, 2004; Heine, 2003) as onderliggende teoretiese raamwerk betrek word aangesien hierdie teorie berus op die feit dat enige taal oor tyd heen verander (sien Tomasello 2000:162). Omdat daar ook verder vergelyking getref sal word met diachroniese data, is dit van belang om in oorleg met die proses van grammatikalisering te handel.

Korpuslinguistiek (Biber, 2006) is 'n metodologiese raamwerk wat voorstel dat bestaande, vaste linguistiese data in die vorm van geskrewe of gesproke taal gebruik word om linguistiese verskynsels te ondersoek. Hierdie data vooronderstel dat

verskynsels empiries bestudeer word en daarmee word weggedoen met die gebruik van anekdotiese aanhalings en willekeurige steekproewe uit letterkundige of nie-fiktiewe tekste as bronmateriaal soos dikwels in die verlede.

Linguïste het die afgelope paar jaar toenemend begin gebruik maak van Konseptuele Semantiek vir verskeie sintaktiese konstruksies. Croft (2001:xv) is van mening dat betekenis (semantiek) en gebruik (pragmatiek) vir te lank geïgnoreer is in linguïstiese navorsing en gevolglik is studies oor sintaksis ook in die minderheid.

In my studie sal ek gebruik maak van Croft se teorie – RKG – in die sin dat vorm sowel as funksie sentraal sal staan. Croft (2005:3) voer aan dat alle sintaktiese konstruksies semantiese betekenis dra, daarom sal ek enige sintaktiese konstruksie semanties benader. Ek sal ook 'n semantiese kaart vir elke Afrikaanse modale hulpwerkwoord daarstel wat spesifiek die modale funksies van die prototipiese predikasies en hulle semantiese eienskappe sal uitlig. Hierdie semantiese kaarte sal aansluit by Croft (2001) se RKG met verwysing na Van der Auwera & Plungian (1998) se semantiese kaart van modaliteit. Die prototipiese maar ook algemene gebruike van elke modale hulpwerkwoord sal in konstruksievorm aangebied word om die verband tussen sintaksis (vorm) en semantiek (betekenis) van konstruksies waarin modale hulpwerkwoorde voorkom vas te stel en uit te beeld. Daarna sal elke modale hulpwerkwoord se taksonomiese konstruksienetwerke grafies uitgebeeld word om te sien hoe die vorm-betekenis-konstruksies en netwerke in kognisie vasgelê is. Hierdie studie sal ook tipologies aangepak word aangesien dit kruislinguïstiese verbande met die Germaanse susterstale van Afrikaans sal trek.

1.6 STRUKTUUR EN HOOFSTUKUITEENSETTING

Vanweë die lengte en spesifieke aard, word hierdie studie in twee afdelings aangebied. **Afdeling A** bevat die drie teoretiese hoofstukke en **Afdeling B** bestaan uit vyf hoofstukke wat die omvattende bespreking van elke modale hulpwerkwoord aanbied. Hoofstuk 1 en 10 word aangebied as 'n 'proloog' en 'epiloog' voor en na die inhoudelike afdelings.

Hoofstuk 2 bied 'n oorsig oor die teoretiese raamwerk waarin hierdie studie geplaas is. As vertrekpunt word die grammatikaliseringsteorie kortliks bespreek, aangesien elke modale hulpwerkwoord ontwikkel het van 'n leksikale werkwoord tot 'n grammatikale item, 'n hulpwerkwoord. Die verdere ontwikkeling, of sekondêre grammatikalisering wat modale hulpwerkwoorde ondergaan, word binne die RKG van Croft (2001) hanteer as konstruksionalisering, en dit word onder die loep geplaas en voorgehou as primêre teoretiese raamwerk van hierdie studie.

Hoofstuk 3 is 'n omvattende ondersoek na die konsep *modaliteit* binne die linguistiek. Hierdie komplekse konsep het geen vaste definisies of teorie waarvolgens dit bestudeer word nie en Hoofstuk 3 bespreek die tradisionele teorieë aangevul deur sommige van die bekendste linguistiese teorieë. Aangesien daar nie 'n enkele standaardmetode of teorie bestaan waarvolgens enige onderwerp in modaliteit ondersoek kan word nie, word daar in Hoofstuk 3 'n keuse gemaak oor die invalshoek wat hierdie studie sal gebruik. 'n Model, bestaande uit geselekteerde metodes en teorieë word voorgehou en ingespan in Afdeling B wanneer die hulpwerkwoorde onderskeidelik ondersoek word.

Hoofstuk 4 verduidelik eerstens die Korpuslinguistiese metodes wat ingespan word in Afdeling B. Daarna word die kwalitatiewe analisemetodes uiteengesit waarvolgens elke modale hulpwerkwoord geanaliseer word om sodoende patrone te identifiseer. Die proses en prosedure van ondersoek waaraan elke modale hulpwerkwoord onderwerp word, word uiteengesit om sodoende te verduidelik hoe die voorgestelde model toegepas sal word.

Afdeling B is die toepassingsafdeling. Elke modale hulpwerkwoord en gepaardgaande preteritum word in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek. Die volgorde en aanbieding van elke hoofstuk is dieselfde. Eerstens word die etimologie en grammatikalisering van elke modaal bespreek, waarna verwys word na die ekwivalent van elke modaal in Nederlands en Engels. In die derde plek volg daar 'n omvattende sinchroniese beskrywing van die betrokke modaal se betekenisskakerings, gevolg deur die diachroniese ontwikkeling en verandering oor die afgelope 100 jaar. Daarna

word die betekenis-skakering en diachroniese veranderinge van elke modaal se preteritumvorm uiteengesit in terme van dieselfde onderafdelings as die teenswoordige vorm.

Hoofstuk 5 is 'n bespreking van *moet/ moenie* en *moes*. In **Hoofstuk 6** volg *mag* (en uitgestorwe *mog*) en in **Hoofstuk 7** is daar 'n bespreking van *kan* en *kon*. **Hoofstuk 8** is *wil* en *wou* aan die beurt en laastens in **Hoofstuk 9** volg *sal* en *sou* se betekenisomskrywings en diachroniese verandering.

Die laaste hoofstuk van hierdie studie, **Hoofstuk 10**, is 'n samevatting waarin die navorsingsvrae beantwoord word, tesame met verwysing na moontlik toekomstige navorsing wat hieruit kan voortspruit.

HOOFSTUK 2 VAN GRAMMATIKALISERING TOT KONSTRUKSIEGRAMMATIKA- EN KONSTRUKSIONALISERING

2.1 INLEIDING

Die nege modale hulpwerkwoorde in Afrikaans het 'n etimologiese proses van taalverandering ondergaan sedert elkeen van hulle oorspronklik as selfstandige werkwoord in Oudnederlands bestaan het. Die verandering van werkwoorde as leksikale eenhede na modale hulpwerkwoorde as grammatikale items het plaasgevind deur 'n proses wat binne die linguistiek bekend staan as grammatikalisering.

Grammatikalisering word beskou as een belangrike dryfkrag agter taalevolusie of taalverandering deur middel van die geleidelike ontwikkeling en totstandkoming van nuwe konstruksies (Heine, 1997, 2003; Hopper, 1987, 1991, 1996; Hopper & Traugott 2003; Traugott, 1989; Wasserman, 2015:46;). Grammatikalisering onderskei verskillende fases maar kan breedweg in twee hooffases verdeel word. Eerstens behels grammatikalisering die verandering van leksikale items tot grammatikale eenhede of konstruksies. Tweedens behels dit die verdere semantiese en funksionele ontwikkeling of uitbreiding van bestaande of reeds gegrammatikaliseerde konstruksies deur betekenisverruiming.

Die eerste grammatikaliseringsfase vanaf die verandering van selfstandige werkwoorde as leksikale eenhede tot die totstandkoming van modale hulpwerkwoorde as grammatikale items of konstruksies is reeds voltooi. Die etimologiese roete wat gevolg is, is reeds volledig ondersoek en bespreek (Bybee, 2011; Diwald, 2002; De Haan, 2006; Eckardt, 2012; Heine, 1993; Heine & Kuteva, 2002; Traugott, 2010, 2011; Traugott & Trousdale, 2010; Ziegeler 2012). Die grammatikalisering van Afrikaanse modale hulpwerkwoorde is saamgevat deur Conradie (1976, 1979) maar dit is ook in fyner besonderhede bespreek deur taalkundiges wat Germaanse modale

hulpwerkwoorde in geheel maar ook afsonderlik bestudeer en bespreek het (Boogaart, 2007; Byloo & Nuyts, 2013; Coupé & Van Kemenade, 2009; Diepeveen, Boogaart, Brantjes, Janssen, & Nuyts, 2006. Lamiroy & Drobnyakovic, 2009; Mortelmans & Boye 2009; Nuyts, 2001, 2002, 2012). Aangesien hierdie studie elke Afrikaanse modale hulpwerkwoord afsonderlik bespreek en analiseer (kyk Afdeling B⁴) word die etimologiese grammatikaliseringsroete wat elke modaal ondergaan het aan die begin van elke modaal se hoofstuk bespreek.

Om hierdie aanvanklike proses en roete wat gevolg is te verstaan, word die eerste fase van grammatikalisering kortliks onder 2.2 bespreek. Die fokus van hierdie studie is egter om 'n omvattende verslag te lewer oor die sinchroniese stand van modale hulpwerkwoorde en die konstruksies waaruit elke modale hulpwerkwoord bestaan is volledige blootgelê (Afdeling B). Om modale hulpwerkwoorde as konstruksies te verstaan is dit belangrik om die begrip 'konstruksie' soos gebruik binne die Konstruksiegrammatika te verduidelik. Gevolglik word die teorie van Konstruksiegrammatika volledig bespreek onder 2.3.

Om die sinchroniese stand van modale hulpwerkwoordkonstruksies in Afrikaans in diepte te verstaan, het hierdie studie 'n diachroniese ondersoek ingestel na die veranderinge wat modale konstruksies oor die laaste honderd jaar ondergaan het. Hierdie diachroniese ondersoek sluit aan by die tweede fase van grammatikalisering wat behels dat grammatikale items of konstruksies verder grammatikaliseer, uitbrei en betekenisverruiming ondergaan. Aangesien hierdie studie se hoof teoretiese verwysingsraamwerk binne die Konstruksiegrammatika lê, sal hierdie verdere ontwikkeling op die grammatikaliseringsroete vanuit hierdie raamwerk ondersoek word – hierdie ontwikkeling staan binne die teorie bekend as grammatikale konstruksionalisering. Tradisionele grammatikaliseringsteorie word dus nie in hierdie studie aangewend om konstruksionalisering verder te verduidelik nie, maar metodes binne die konstruksiegrammatika word hier gebruik. Die verdere ontwikkeling,

⁴ *Moet/moes* in 5.2; *mag* in 6.2; *kan/kon* in 7.2; *wil/wou* in 8.2 en *sal/sou* in 9.2

uitbreiding en verandering van konstruksies deur middel van die proses konstruksionalisering word bespreek onder 2.4.

2.2 GRAMMATIKALISERING

2.2.1 INLEIDING

Heine (2003:575) wys daarop dat die grammatikaliseringsteorie nie 'n vaste 'teorie' in die ware sin van die woord is nie, maar dit is 'n groep teorieë wat poog om die proses grammatikalisering te omskryf. Dit behels dus nie 'n spesifieke terrein nie, en kan nie deur 'n eenvoudige definisie verklaar word nie. Die doel daarvan is egter om die prosesse van grammatikalisering te beskryf. Die grammatikaliseringsteorie poog dus om te verklaar hoe gegrammatikalisearde vorms in tyd en ruimte ontstaan en ontwikkel. In hierdie afdeling word ondersoek ingestel na die konsep grammatikalisering sedert die eerste keer wat die begrip in 1912 gebruik is tot die betekenis daarvan vandag, binne die breë raamwerk van taalverandering en konstruksiegrammatika.

2.2.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF

Andre Meillet het in 1912 in sy artikel “L’evolution des formes grammaticales” die eerste keer die term “grammatikalisering” voorgestel en gebruik. Hierin definieer hy grammatikalisering as “le passage d’un mot autonome au rôle d’élément grammatical” (Meillet, 1912:131). Hiervolgens is grammatikalisering 'n roete/ 'n deurgang waartoe onafhanklike selfstandige leksikale items grammatikale elemente word.

Die konsep grammatikalisering is egter 'n linguistiese term wat vir dekades onbestudeer gelaat is totdat dit in die sewentigerjare (Anderson, 1971; Givon, 1971,1973) en veral sedert die laat negentientagties (Bybee, 1985; Bybee, Pagliuca, & Perkins,1991; Bybee, Pagliuca, & Perkins,1994; Heine, 1997, 2003; Heine, Claudi, & Hünemeyer, 1991; Hopper, 1987, 1996; Lehmann, 1985; Lichtenberk, 1991;

Traugott, 1989) weer 'n belangrike onderwerp van ondersoek geword het. Tot onlangs het hierdie 'teorie'/veld baie aandag in linguistiese kringe geniet met die verskyning van talle boeke en akademiese joernale met versamelings artikels (onder meer: *New Reflections on Grammaticalization* 2002; *Grammaticalization and language Change* 2012; *Gradience, Gradualness and Grammaticalization* 2010) en handboeke wat spesifiek toegespits was op nuutste tendense en teorieë oor grammatikalisering.

Om grammatikalisering te verstaan, staan ek vervolgens stil by die verskil tussen die konsepte "leksikale items" en "grammatikale morfeme". Bybee (1998) beklemtoon dat taal basies uit twee tipes elemente bestaan: (1) woordeskatitems – die leksikon, en (2) grammatikale eenhede en strukture. Die leksikon beslaan 'n groot stel woorde/morfeme wat alle (a) werkwoorde; (b) selfstandige naamwoorde (c) byvoeglike naamwoorde (adjektiewe) en (d) bywoorde insluit (oop-klas elemente.) Die leksikon verwys na items en hulle wisselvorme wat deur suffikse verandering kan vertoon. Leksikale morfeme dra betekenis sonder grammatikale motivering. Daarenteen dra grammatikale morfeme soos modale hulpwerkwoorde, voorsetsels, voornaamwoorde, partikels en voegwoorde slegs betekenis in 'n grammatikale konstruksie en afhangende van die sinskonteks en woordorde kan hierdie woorde vorm-verandering toon in terme van getal, tyd en aspek. Grammatikale morfeme druk hoofsaaklik grammatikale funksie uit en word streng beïnvloed deur grammatikale reëls soos bepaal deur die sintaksis.

Wanneer daar op 'n vereenvoudigde vlak van grammatikalisering gepraat word, verwys ons na die evolusie van 'n selfstandige leksikale item soos byvoorbeeld 'n werkwoord tot en met die verandering daarvan as 'n grammatikale morfeem soos byvoorbeeld 'n modale hulpwerkwoord.

Hopper (1996) verduidelik Meillet se oorspronklike teorie en sê dat grammatikale vorms deur middel van twee prosesse tot stand kom. Die een proses waardeur sprekers van Engels byvoorbeeld die verledetydvorms van *brang* vir *bring* gebruik, en die tradisionele *brought* vervang het, vind na aanleiding van *sing/sang* en *ring/rang* deur middel van analogie plaas. Die tweede proses waarvolgens grammatikale vorms

ontstaan, is grammatikalisering, wat volgens Meillet in wese 'n diachroniese perspektief op taalverandering is en dus oor 'n lang termyn 'n roete van verandering volg. Meillet dui daarop dat die ontstaan van grammatikale vorms die hele grammatikale sisteem verander aangesien nuwe konstruksies tot stand kom. Analogie as proses verander of vernuwe die vorms van woorde, maar grammatikalisering verander die hele grammatikale sisteem.

2.2.3 KENMERKE VAN GRAMMATIKALISERING

Vir jare nadat Meillet aan die begin van die twintigste eeu oor grammatikalisering besin het, is die nosie van grammatikalisering op die agtergrond geplaas. Daar is meer klem geplaas op die De Saussureaanse strukturalisme wat die sinchroniese stand van taal op die voorgrond geplaas het. Eers in 1965 is daar weer fokus op grammatikalisering geplaas met Kuryłowicz (1965:69) se klassieke definisie wat daarop dui dat grammatikalisering in twee fases kan plaasvind:

Grammaticalization consists in the increase of the range of a morpheme advancing from a lexical to a grammatical or from a grammatical to a more grammatical status, e.g. from a derivative formant to an inflectional one.

Hiervolgens is dit nie slegs leksikale items wat gegrammatikaliseer word nie, maar grammatikale vorms kan verder grammatikaliseer. Traugott (2002:26) en Norde (2012:75-76) verwys na eersgenoemde as **primêre grammatikalisering**, en na die verdere grammatikalisering van grammatikale tot méér grammatikale vorms as **sekondêre grammatikalisering**.

Benewens hierdie twee fases wat kan plaasvind is nog 'n kenmerk van grammatikalisering die **verlies van sekere aspekte van leksikale items** soos byvoorbeeld die verlies van semantiese kompleksiteit, pragmatiese betekenis en sintaktiese vryheid:

With the term 'grammaticalization' we refer essentially to an evolution whereby **linguistic units lose in semantic complexity**,

pragmatic significance, syntactic freedom, and phonetic substance, respectively (Heine & Reh, 1984: 15; Eie beklemtoning)

Leksikale items is semanties meer kompleks as grammatikale items, hulle het groter pragmatiese invloed, hulle het meer sintaktiese vryheid en fonetiese substans, maar hulle verloor meeste van hierdie kenmerke wanneer hulle grammatikale items word.

'n Derde algemene kenmerk van grammatikalisering verwys na die roete/pad (sien Meillet, 1912) waarop grammatikalisering plaasvind. Traugott en König het in 1991 uitgelig dat grammatikalisering as 'n historiese proses, in slegs **een rigting met geen afwykings** nie, plaasvind:

Grammaticalization is the **dynamic, unidirectional historic process** whereby lexical items in the course of time acquire a new status as grammatical, morphosyntactic forms, and in the proses come to code relations that either were not coded before or coded differently. (Traugott & König 1991:189)

Vierdens is grammatikalisering ook 'n proses waartydens **konkrete vorms** meer **algemeen/gereeld gebruik en abstrak word** (Bybee 1998:2). Met **algemeenheid** word bedoel dat die nuwe konstruksies in meer kontekste en in die gebruikstaal gebruik word. Volgens Bybee vind grammatikalisering geleidelik plaas met verskeie variasies in vorm en funksie.

Bybee (2010:106-109) het die lekseem *going to* as voorbeeld gebruik. In Shakespeariaanse Engels is *going to* slegs gebruik om beweging aan te dui:

[2.1] We are *going to* Windsor to see the king. {beweging}

Maar *going to* het nie net in **vorm** verander – van *going to* na *gonna* nie (*I'm gonna*), die **funksie** daarvan het ook **uitgebrei**:

[2.2] We are *going to* get married in June. {intensie}

[2.3] These trees are *going to* lose their leaves. {toekoms}

Heine (2003) lig ook grammatikalisering uit as 'n proses waartydens konkrete (die bron) betekenis gebruik word in 'n spesifieke konteks om grammatikale vorms (die doelwit) te enkodeer. Traugott (1989:114) het al in die tagtigerjare hierdie nosie beklemtoon aangesien grammatikalisering volgens haar die verskuiwing is van 'n vorm se betekenis as outonoom tot 'n fenomeen wat in wyer diskoerskontekste voorkom. Traugott gebruik die voorbeeld van *this/ hierdie* en *that/ daardie* as diskursiewe wat 'n baie spesifieke betekenis onderskeid vertoon teenoor *the/ die* wat 'n wyer, algemener voorkoms geniet.

Samevattend is die **vier kenmerke van grammatikalisering** soos volg:

1. Leksikale items word tydens primêre grammatikalisering in meer kontekste gebruik en ingespan as grammatikale items. Sodra hulle optree as grammatikale items grammatikaliseer hulle verder weg van die oorspronklike leksikale betekenis – dit is sekondêre grammatikalisering. Grammatikalisering is dus die ontstaan en ontwikkeling van grammatikale items (Heine & Kuteva 2007: 33).
2. Tydens hierdie proses verloor die oorspronklike leksikale items sekere aspekte soos byvoorbeeld semantiese kompleksiteit, sintaktiese vryheid en pragmatiese betekenis.
3. Grammatikalisering vind in een rigting (unidireksioneel) op 'n vasgestelde grammatikaliseringsroete plaas.
4. Die nuwe gegrammatikaliseerde items word selfs meer algemeen en in meer kontekste gebruik, en verloor hulle spesifieke gebruike en betekenis.

Alhoewel grammatikalisering vir jare agterweë gelaat is as linguistiese veld van ondersoek, was dit sedert die laat negentientagties tot onlangs nie meer die geval nie. Soos Fischer en Rosenbach (2000:1) daarna verwys is dit een van die mees bespreekte tipe linguistiese veranderinge. Dit is omdat hierdie proses op tipologiese en kruis-linguistiese vlak in meeste tale op soortgelyke wyse plaasvind. Dit vind meestal plaas vanaf die konkrete tot die abstrakte en dit verander alle taalstrukture –

die fonologiese, morfologiese, sintaktiese, pragmatiese en semantiese elemente van taal (Drobnjakovic, 2010:38-39).

Tot dusver is daar na 'n paar sentrale definiërende kenmerke van grammatikalisering gekyk, met ander woorde **WAT** is grammatikalisering. 'n Belangrike vraag is ook **HOEKOM** grammatikalisering of enige ander taalverandering plaasvind.

2.2.4 MOTIVERING VIR GRAMMATIKALISERING

Breban, Vanderbiesen, Davidse, Brems en Mortelmans (2012:16) verwys na ouer navorsing wat beweer dat grammatikalisering 'n aantoonbare oorsaak het. Hierdie ouer navorsing het die idee van 'n trek-en-stoot ketting voorgestaan. Konstruksie B het gegrammatikaliseer omdat daar 'n gaping ontstaan weens die grammatikalisering van konstruksie A, of die grammatikalisering van B is veroorsaak deur die verlies van Konstruksie A. Lehmann (1985:90) het hierdie benadering verwerp aangesien dit nie na behore verduidelik waarom verandering plaasvind nie. Lehmann (1985) het voorgestel dat konstruksie A en B in harmonie met mekaar is. Hy verduidelik om die ontstaan van grammatikalisering te begryp moet mens die taalsisteem nie as 'n gegewe konstruk sien nie, maar iets wat geskep word deur taalaktiwiteit. Taalaktiwiteite is 'n onbeperkte skep van interpersoonlike beskikbare betekenis van tekens, maar dit is ook sistemies, aangesien dit voortdurende probleme wat opduik, oplos. Aangesien taalaktiwiteit interpersoonlik is, en sprekers binne dieselfde tradisie en konteks voorkom, sal die sisteem grotendeels ooreenstem, maar dit is nie identies nie. Aan die een kant is sprekers vry om kreatief te wees, maar hulle word aan die ander gebind deur 'n stel taalreëls. Binne hierdie reëlgebonde kreatiwiteit wil elke spreker uiting gee aan wat hy/sy bedoel. Grammatikalisering word gedryf deur sprekers se behoefte om meer ekspressief en kreatief in hulle taal te wees (idee van innovasie) (Lehmann 2002:17). Die idee dat kreatiewe uitdrukking van betekenis die motivering is agter grammatikalisering, is verder geneem deur Haspelmath (1999) en Keller (1994), wat aanvoer dat grammatikalisering ontstaan deur middel van individuele aksies van sprekers wat 'n gemeenskaplike doelwit het. Dit is die gebruikers van 'n taal wat die taal verander. Croft (2010) het hierdie nosie van

grammatikalisering wat ontstaan deur taalgebruik en taalgebruikers nog verder geneem. Hy reken dat morfosintaktiese verandering en grammatikalisering aangevoer word deur natuurlike variasie van verbalisering in diskoers. Grammatikalisering is die resultaat van inherente verskeidenheid van spraak eerder as van enkele geïsoleerde gevalle van innoverende taalgebruik.

Vervolgens 'n bespreking van **HOE** grammatikalisering plaasvind, met ander woorde die **proses** staan nou onder die soeklig:

2.2.5 TRADISIONELE MODEL VAN GRAMMATIKALISERING

Wanneer die agtergrond en die ontstaan van definisies en studies oor grammatikalisering ontleed word, is dit opvallend dat daar nie 'n vaste model is wat bepaal hoe hierdie proses plaasvind nie. Narrog en Heine (2011) het in die *Oxford Handbook of Grammaticalization* dieselfde afleiding kon maak:

Going through the chapters of this volume (Oxford handbook) the reader will notice that grammaticalization is far from being a uniform concept, and various definitions have been proposed. [. . .] Still, when controversies arise many scholars agree in drawing attention to the classic definition by Kurylowicz to help settle the issue of what should be subsumed under the rubric of grammaticalization. (Narrog & Heine 2011: 2-3)

Norde (2013:391) verwys daarna dat heelwat navorsing gebruik maak van saamgestelde teorieë en op arbitrêre wyse 'n seleksie maak van die wye aanbod teorieë en definisies beskikbaar:

Instead, an arbitrary subset of features is generally considered to be sufficient to call a change an instance of grammaticalization. Not only do predefined lists of properties run the risk of being circular (e.g. grammaticalization has the properties A, B, and C; hence, property A+B+C is a case of grammaticalization), they may also lead to misconceptions and mismatches.

Hierdie seleksie is egter nie sonder grondige redes aangepak nie, aangesien baie grammatikale morfeme nie dieselfde kenmerke het nie, en verskillende prosesse plaasgevind het om morfeme te ontwikkel. So verskil modale hulpwerkwoorde se kenmerke van infleksie s'n, maar albei is grammatikale elemente. Die primêre prosesse waartydens hulle tot stand gekom het, verskil egter. Voorafgedefinieerde kategorieë en beginsels van grammatikalisering is dus ontmoontlik. Een van die sleutelprobleme binne grammatikaliseringsteorieë is daarom die feit dat nie alle grammatikale items dieselfde eienskappe bevat nie vanweë die individuele verskille.

Grammatikalisering vind in **verskillende grade** plaas en is 'n **komplekse makroproses** wat verstaan kan word in terme van veranderinge op sekere paradigmadiese, semantiese, morfologiese en sintagmatiese vlakke (Drobnjakovic, 2010:39). Verskillende benaderings word gevolg om te verwys na die proses van grammatikalisering. Die oorspronklike benadering is deur Lehman (1985) daargestel en hy het verwys na parameters van veranderinge in die oorspronklik die term **meganismes van verandering** gebruik (2003), maar het mettertyd ook na **parameters** verwys (Heine en Kuteva, 2007), terwyl Hopper (1991) na beginsels of maatreëls van grammatikalisering verwys het. Hierdie meganismes of parameters word gebruik as gereedskap waarmee grammatikalisering **geïdentifiseer** en **beskryf** word.

Daar is heelwat interpretasies en benaderings ten opsigte van die verskillende parameters wat grammatikalisering beskryf en identifiseer (byvoorbeeld: Lehmann, 1985; Norde & Beijering, 2013) Traugott (2010) en Heine en Kuteva (2007) het 'n sintese gemaak van verskeie benaderings en prosesse, en gevolglik maak hierdie studie gebruik van Heine en Kuteva se vier parameters (Heine & Kuteva, 2007:34):

- Grammatikalisering as uitbreiding
- Grammatikalisering as semantiese verbleking
- Grammatikalisering as dekatégorisering
- Grammatikalisering as erosie (fonetiese reduksie of verlies)

Dit word aangevul deur twee parameters wat deur Traugott (2010) voorgestel is:

- Grammatikalisering as reduksie/verandering
- Grammatikalisering as heranalise

Elkeen van Heine & Kuteva (2007:37) se vier parameters teiken 'n afsonderlike aspek van die vier linguistiese strukture of taalgebruike. Erosie verwys na verandering in fonetiese strukture, semantiese verbleking het te make met items se betekenisfunksies en gebruik, uitbreiding verwys na die veralgemening van konteks waarbinne items gebruik word en is dus die pragmatiese aspek van taal wat aangespreek word, en dekategorisering verwys na verandering in morfosintaktiese aspekte van items. Traugott het (2010) ook reduksie en heranalise ingesluit wat onder al vier taalaspekte ingesluit kan word.

Hierdie studie se invalshoek is nie grammatikalisering nie aangesien die fokuspunt van die studie, modale hulpwerkwoorde, reeds die primêre fase van grammatikalisering voltooi het. Dit is die veranderinge wat hierna plaasgevind het wat voorop staan en dit is vanuit 'n konstruksiegrammatikaperspektief wat hierdie taalveranderinge ondersoek word. Aangesien daar tog na grammatikalisering verwys word sal daar kortliks net bespreek word wat gebeur tydens die proses van grammatikalisering deur Heine en Kuteva (2007) se parameters in breë trekke op te som.

Uitbreiding

Uitbreiding het 'n sosiolinguistiese, semantiese en pragmatiese komponent. Eerstens ontstaan grammatikalisering as innovering binne 'n sosiolinguistiese omgewing wanneer 'n individu sy/haar innovering uitbrei en 'n hele spraakgemeenskap geleidelik die innovasie of nuutskeping begin toepas. Dit gee aanleiding daartoe dat die nuwe variant in nuwe en in meer kontekste gebruik word, dus is die uitbreiding ook kontekstueel van aard. Derdens is die uitbreiding semanties van aard want semantiese verruiming van 'n woord het plaasgevind. Die betekenis het verruim deur middel van reduksie van sekere gebruikte maar ook die heranalise van die woord en nuwe gebruikte daarvan in meer kontekste (Heine & Kuteva, 2007: 35-37).

Semantiese verbleking/desemantisering

Semantiese verbleking is 'n direkte gevolg van pragmatiese/semantiese uitbreiding. Aangesien die items nuwe gebruike vertoon en in nuwe kontekste optree, verloor dit sekere van die oorspronklike kenmerke. Hierdie verlies van sekere gebruike en betekenis is semantiese verbleking.

Dekategorisering

Wanneer 'n leksikale item desemantiseer/verbleek, dan verloor die item sekere van die oorspronklike betekenis, maar ook morfosintaktiese kenmerke. Nuwe grammatikale elemente soos byvoorbeeld 'n modale hulpwerkwoord, kan nie meer gekategoriseer word as 'n aksiewerkwoord of mentale werkwoord nie, want die gebruik daarvan het so verander dat die item of woord heeltemal anders gekategoriseer word. Hierdie meganisme neem baie lank om plaas te vind; die proses is nie oornag nie.

Erosie

Erosie beteken dat 'n item wat gegrammatikaliseer het, oor tyd heen sekere fonetiese en morfologiese kenmerke verloor het. Hierdie meganisme vind heel laaste plaas in die grammatikaliseringproses. Die woord se vorm verander dus, en nie net die gebruik nie, maar ook hoe die woord lyk, is veel anders. So het die modale hulpwerkwoord *sal* morfologies maar ook foneties van die oorspronklike *sculan*, tot *zullen*, tot Afrikaanse *sal* ontwikkel.

Hoe elke modale hulpwerkwoord gegrammatikaliseer het van die oorspronklike, leksikale gebruik daarvan as werkwoord tot en met die grammatikale item, die hulpwerkwoord, word in elke hulpwerkwoord se afsonderlike hoofstuk onder die etimologieafdeling⁵ bespreek.

Die meganismes van grammatikalisering is egter nie die invalshoek waarop sekondêre grammatikalisering in modale hulpwerkwoorde ondersoek word nie. Die basiese

⁵ Moet/moes in 5.3; mag in 6.2; kan/kon in 7.2; wil/wou in 8.2 en sal/sou in 9.2

agtergrond en konsepte van grammatikalisering word steeds gebruik, maar taal as sodanig word op 'n vernuwende wyse benader. Grammatikalisering bejeën taal en uitinge, sowel as konsepte soos sintaksis, semantiek, fonetiek, morfologie en pragmatiek, steeds as afsonderlike komponente wat afsonderlik bestudeer moet word. Daarteenoor is die idee van konstruksionalisering meer geïntegreerd, en die onderafdelings word nie as afsonderlike komponente bestudeer nie, maar as 'n geheel betrek by die ondersoek van taal en taalverandering. Konstruksionalisering gebruik dus steeds heelwat van die tradisionele strukture van grammatikalisering en gevolglik is dit ook waarom hierdie studie dit betrek het: konstruksionalisering vind plaas en word ondersoek teen die agtergrond van die tradisionele metodes van grammatikalisering, maar al die verskillende taalkomponente word saam betrek en nie afsonderlik ondersoek nie. Die grammatikalisering van konstruksies, oftewel, konstruksionalisering, word binne Croft (2001) se benadering van Radikale Konstruksiegrammatika hanteer.

Voorts 'n inleidende bespreking van Radikale Konstruksiegrammatika, gevolg deur 'n volledige bespreking oor konstruksionalisering en konstruksionele verandering.

2.3 RADIKALE KONSTRUKSIEGRAMMATIKA

Funksionele linguïste het die afgelope paar jaar toenemend begin gebruik maak van konseptuele semantiek en diskoersfunksies om sintaktiese konstruksies te verklaar. Croft (2001: xv) is van mening dat betekenis (semantiek) en gebruik (pragmatiek) vir te lank geïgnoreer is in terme van linguïstiese navorsing en gevolglik is studies oor sintaksis ook daardeur verarm gelaat.

Radikale Konstruksiegrammatika (RKG) (Croft, 2001:3) is 'n teorie oor sintaksis wat die grammatikale strukture, teenwoordig in 'n spreker se verstand, blootlê. Hierdie teorie het ontwikkel uit die herevaluering van vorige sintaktiese teorieë, veral die generatiewe grammatikateorie van Chomsky (1957, 1965), die frasestruktuurgrammatika van Pollard en Sag (1993), Funksionele Grammatika (Dik

1997), Woordgrammatika (Hudson 1984, 1990), en Fillmore en Kay (1993) se Konstruksiegrammatika.

RKG (Croft, 2001:3) het ontstaan as 'n respons op en herevaluering van die diverse feite beskikbaar oor 'n spesifieke taal se sintaktiese feite, maar ook as respons op die verskeidenheid sintaktiese teorieë van die wêreld se tale. RKG (Croft 2005:27) word gesien as die sintaktiese teorie wat 'n einde bring aan al die ander sintaktiese teorieë aangesien dit radikaal verskil, maar ook 'n oplossing bring vir die sintaktiese krisis waar baie tale nie inpas op die stel formele grammatikale strukturele reëls soos voorgestel deur generatiewe grammatika of ander konstruksiegrammatikas nie.

RKG verskil radikaal van ander sintaktiese teorieë aangesien dit van die standpunt uitgaan dat die basiese elemente of boustene van taal/sintaktiese strukture nie opgemaak is uit woordsoort-eenhede soos werkwoord, naamwoord of adjektief nie. Konstruksies is die basiese eenhede van sintaktiese representasie, terwyl kategorieë gevorm /afgelei word vanuit die konstruksies waarbinne hulle bestaan. 'n Konstruksie (Croft, 2005) is 'n afgebakende roetine of eenheid wat gewoonlik in 'n spraakgemeenskap gevind word en hierdie konstruksies behels 'n samekoms van vorm en funksie. Konstruksies as simboliese en dus semantiese eenhede speel 'n integrale rol ten opsigte van kategorisering en identifikasie

Croft (2001:6) se basiese argument is dat alle sintaktiese konstruksies taalspesifiek is. Daar is dus nie 'n stel formele sintaktiese eienskappe wat elke taal besit en waarvolgens enige taal op universele wyse ontleed kan word nie. Daar is wel 'n konseptuele ruimte wat universeel is waarvolgens enige taal beskryf kan word.

'n Konseptuele ruimte is 'n strukturele representasie van funksionele strukture en hulle verhoudings met mekaar. Hierdie ruimte is nie net suiwer semanties nie maar dit maak ook voorsiening vir die pragmatiese sowel as diskoers-funksionele en sosiale dimensies, vandaar die keuse om te praat van 'n konseptuele ruimte en nie net soseer 'n semantiese ruimte nie. 'n Konseptuele ruimte verteenwoordig die tipologiese universele gedeeltes van spraak terwyl die semantiese kaart taalspesifiek is.

RKG onderlê breedweg drie standpunte:

1. Daar is nie 'n stel grammatikale universele strukture en kategorieë met spesifieke reëls waaraan alle wêreldtale voldoen nie.
2. Die verband tussen vorm (sintaksis) en funksie (semantiek) is belangrik en nie slegs die ondersoek na vorm (sintaksis) nie.
3. Die **basiese boustene** van taal is **konstruksies** en daar is sekere taal-universele wat oor tale heen ooreenstem, maar dit gebeur binne die bestek van 'n konseptuele ruimte. Elke taal het sy eie konseptuele ruimte en dit word 'n semantiese kaart genoem. Individuele taalkonstruksies word gekarteer op die semantiese kaart, maar die semantiese, sintaktiese, pragmatiese en diskoersgebruik is taalspesifiek. Hierdie konsepte word vervolgens verder bespreek.

2.3.1 WAT IS KONSTRUKSIES?

RKG (Croft, 2001:3) word gesien as die sintaktiese teorie wat 'n einde bring aan al die ander sintaktiese teorieë, aangesien dit radikaal verskil maar ook 'n oplossing bring vir die sintaktiese krisis wat behels dat baie tale nie inpas op die stel formele grammatikale struktuurreëls soos voorgestel deur die generatiewe grammatika nie.

RKG verskil soos die naam aandui radikaal van ander sintaktiese teorieë, aangesien dit van die standpunt uitgaan dat die basiese elemente of boustene van taal/sintaktiese strukture nie opgemaak is uit die eenhede soos werkwoord, naamwoord of adjektief nie, maar dat **konstruksies die basiese eenhede van sintaktiese representasie is** en kategorieë word gevorm /afgelei vanuit die konstruksies waarbinne hulle bestaan. 'n Konstruksie (Croft, 2001) is 'n **afgebakende roetine** of **eenheid** wat gewoonlik in 'n spraakgemeenskap gevind word en hierdie konstruksies behels 'n samesmelting van vorm en funksie. Konstruksies as simboliese en dus semantiese eenhede speel 'n integrale rol ten opsigte van kategorisering en identifikasie. Konstruksies is die primitiewe sintaktiese elemente en grammatikale kategorieë (soos byvoorbeeld woordsoorte of sintaktiese kategorieë) word afgelei vanuit hierdie konstruksies.

Die primitiewe status van konstruksies staan teenoor die nie-bestaan van die primitiewe sintaktiese kategorieë en dit vorm die fondament van RKG. Radikale Konstruksiegrammatika is daarom 'n **nie-reduksionistiese teorie** (Croft, 2001:5) van sintaksis wat veronderstel dat 'n proposisie nie opgebreek word in kleiner dele nie, maar dat die geheel (die proposisie as geheel) belangriker is as die som van sy dele. Alle tradisionele grammatikateorieë fokus op die sintaktiese verhoudings tussen die sintaktiese elemente, met ander woorde die verhouding tussen byvoorbeeld die attributiewe adjektief en 'n naamwoord, maar RKG stel nie hierdie verhoudings tussen elemente voorop nie. Al die tradisionele sintaksisteorieë is reduksionistiese teorieë waar 'n inventaris van primitiewe eenhede of komponente bestaan, wat gereguleer word deur sekere vasbestaande reëls soos gesien in generatiewe grammatika. RKG dekonstrueer nie die sintaksis van 'n taal soos wat ons dit leer ken het deur generatiewe grammatika nie. Generatiewe grammatika stel een stel taalreëls voor waarop alle tale gekarteer kan word. Croft (2001:6) se basiese argument is egter dat alle sintaktiese konstruksies taalspesifiek is. Daar is dus nie 'n stel formele sintaktiese eienskappe wat elke taal besit en waarvolgens enige taal op universele wyse ontleed kan word nie. Daar is wel 'n sintaktiese ruimte wat universeel is, en waarvolgens enige taal beskryf kan word.

RKG ontwikkel uit tipologiese denke – binne die analise van die grammatika van 'n spesifieke taal. RKG is 'n tipologiese teorie aangesien dit kruis-linguistiese patrone ondersoek. Kruis-linguistiese variasie is die domein van tipologie. 'n Tipoloog gebruik 'n induktiewe analitiese metode deur 'n proefdeel van die wêreldtale te neem en universele taalbeginsels deur kruis-linguistiese veralgemenings te probeer ontdek.


Croft (2001:63) het die tradisionele universele teorie vir woordsoorte verwerp en verskil radikaal van ander sintaktici wat reken dat woordsoorte soos byvoorbeeld naamwoord, werkwoord en adjektief – taaluniversele is. Tradisionele Universele Grammatika veronderstel die bestaan van 'n templaar (Croft, 2001:61) van vooraf bepaalde en gegewe sintaktiese kategorieë en strukture waarbinne alle tale – of ten minste meeste tale by inpas. RKG reken dat hierdie stelling van Universele Grammatika te beperkend is. RKG postuleer dat grammatikale kategorieë taal- en

konstruksie spesifiek is. Volgens Croft (2001) is die naamwoord-, werkwoord- en adjektiefkategorieë nie universeel aan alle tale nie – hulle is wel taaluniverseel in die sin dat daar sekere tipologiese prototipes is wat ooreenstem met die eienskappe van die naamwoord, werkwoord en adjektief. Croft (2001:87) verwys na hierdie kategorieë as Verwysing (naamwoorde), Wysiging (adjektiewe) en Predikasie (werkwoorde). Deur RKG bring Croft (2001) 'n oplossing vir die probleem dat alle tale nie voldoen aan die kriteria wat behels dat daar sekere bepaalde woordsoorte vir alle tale is nie. RKG gaan van die standpunt uit dat **konstruksies die primitiewe elemente** van sintaktiese representasie is en kategorieë word afgelei van die konstruksies waarbinne hulle voorkom.

2.3.2 HOE LYK KONSTRUKSIES?


Konstruksies is skematiese en simboliese eenhede wat bestaan uit 'n vormlike en funksionele komponent. Die vormlike elemente bestaan uit een of meer morfosintaktiese elemente, en dit dra 'n spesifieke betekenis wat bestaan uit een of meer semantiese komponente (Croft, 2001:6).

Die simboliese struktuur van 'n konstruksie lyk soos volg:




Figuur 2.1 Die simboliese struktuur van 'n konstruksie (Croft 2001: 18)

Konstruksies se betekenis is gekonvensionaliseerd (kyk 2.3.3 vir bespreking hiervan) en hierdie konvensies sluit die omstandighede, die diskoers en die pragmatiese situasie van 'n proposisie in (Croft, 2001:19). Dit behels dat die betekenis van die proposisie nie opsigself slegs betekenis dra nie, maar die uiting is gekoppel aan sekere konteksgebonde en diskoerskonvensies. RKG beskou die simboliese verband tussen sintaksis/vorm en semantiek/funksie as intern tot die konstruksie teenoor tradisionele sintaktiese teorieë wat die verband as ekstern tot die konstruksie beskou.



Figuur 2.2 Die verband tussen vorm en funksie in tradisionele komponensiële sintaktiese teorieë (Croft, 2001: 19 – eie vertaling)

In tradisionele sintaktiese teorieë is die verband tussen sintaktiese komponente en semantiese komponente van 'n proposisie afsonderlik bestudeer en die simboliese verband is beskou as ekstern tot die afsonderlike betekenisse. Hierdie verband word grafies uitgedruk in figuur 2.2. In die tradisionele komponensiële model word sintaktiese strukture onafhanklik van die ooreenstemmende semantiese strukture gerangskik, soos voorgestel deur die langwerpige raampies waarin die sintaktiese en semantiese elemente afsonderlik gerangskik is. Die komponensiële model se sintaktiese strukture is heeltemal onafhanklik van die semantiese strukture gerangskik en ondersoek.



Figuur 2.3 Die verband tussen vorm en funksie in konstruksiegrammatika (Croft, 2001: 9)

In konstruksiegrammatika is die grammatikale eenhede simbolies en as simboliese eenhede gerangskik soos gesien in figuur 2.3. Die sintaktiese en semantiese strukture is gesamentlik in vierkantige boksies geplaas om die interafhanklike verband uit te hef. Die grammatikale eenhede is 'n vereniging van grammatikale vorm (die sintaktiese vorm) en die ooreenstemmende betekenis of semantiese struktuur. Die grammatikale eenhede is 'n vereniging van grammatikale vorm (die sintaktiese vorm) en die ooreenstemmende betekenis of semantiese struktuur. Die verband tussen vorm en funksie staan voorop en hulle word as geheel geïnterpreteer, en nie as afsonderlike komponente beskou soos met tradisionele teorieë nie. Die verband tussen vorm en funksie is 'n simboliese verband. Konstruksiegrammatika verwys na die afsonderlike

dele van die sintaktiese struktuur as elemente, en dele van die semantiese struktuur word komponente genoem.

Konstruksies is die basiese eenhede van sintaktiese representasie, en kategorieë word bepaal volgens die konstruksies waarbinne hulle voorkom. Kategorieë staan sekondêr tot die primêre funksie van die konstruksie wat as geheel betekenis dra. Konstruksies bestaan byvoorbeeld uit die kategorieë woordsoorte en sintaktiese rolle – en dit word benoem – maar die konstruksie as geheel dra betekenis en nie die onderskeie kategorieë waaruit dit bestaan nie. Die meronomiese deel-geheelstruktuur behels dat daar nie ondersoek ingestel word na elke afsonderlike element in die konstruksie nie, maar na die konstruksie as geheel se betekenis.

Daar bestaan geen universele kode vir konstruksies nie soos verduidelik in die definisie van Bergs en Diewald (2008:2):

This of course stems from the different approaches themselves, but it is also one of the credos of constructional approaches and construction grammar in particular (Ostman & Fried, 2004; Boas & Fried, 2005). While often being highly formal, these do not require a strict, uniform notation, on the contrary. Constructional approaches begin with the data and the phenomena and only then develop the necessary formalism on the basis of what they find and deem necessary.

Dit behels dat die navorser self besluit oor die notasie van 'n konstruksie en die gepaardgaande semantiese ontleding daarvan, net solank daar aan die leser verduidelik word hoe hierdie konstruksie saamgestel is en wat die betekenis daarvan is. In hierdie studie is die annotasiekonvensie soos volg:

1. Die heel basiese formaat onderskei tussen vorm en funksie soos uiteengesit in:

Konstruksie: [Vorm] ↔ [Funksie]

Die sintaktiese elemente word in die linkerhakie verpak en die semantiese aspek word gevolglik in die regterhakie verduidelik.

2. Tweedens word die konstruksie soos wat dit op mikrovlak daar uitsien geannoteer met die sintaktiese gegewens in die linkerhakie en die betekenis daarvan regs:

Konstruksie: [SUBJEK + mag + nie + WW + nie] ↔ [subjek word verbied om 'n aksie uit te voer]

3. Derdens word sekere van die konstruksies toegepas op spesifieke proposisies soos gesien in die volgende voorbeeld:

[2.4] Tydens die maal mag daar ook nie rusie gemaak word nie. Ook **mag jy die kos nie kritiseer nie**. Dit is nie net onhoflik nie, jy versteur ook die verdere karmatiese proses. [HK 266: 2008 Fiksie (Kladboek 'n hibridiese roman, Joan Hambidge). {Jy + Mag +Neg + Objek + Verbale ww}]

Konstruksie: [jy] SUBJEK [mag] MODAAL [die kos] OBJEK [nie] NEG [kritiseer] VERBALE WW [nie] NEG ↔ [jy word verbied om die kos te kritiseer.]

Die annotasiekonvensie wat in hierdie studie gebruik word behels dat daar tipografies onderskeid getref word tussen vaste leksikale items en skematiese items binne die konstruksie se vorm. In die geval van hierdie studie se konstruksies is die vaste item dikwels die modale hulpwerkwoord self en die skematiese elemente kan van konteks tot konteks en voorbeeld tot voorbeeld wissel. Die vaste item, byvoorbeeld die spesifieke modale hulpwerkwoord aan bod, word in kleinletters geskryf. Die skematiese of wisselvorme soos byvoorbeeld woordsoorte (die afwisselende woordsoorte, of tipes subjekte, of tipes modale bywoorde) word in hoofletters geskryf. Die semantiese pool word in gewone sinne geformuleer om die betekenis weer te gee.

Konstruksies vorm 'n gestruktureerde inventaris van 'n spreker se kennis oor die konvensies van sy/haar taal. Hierdie gestruktureerde inventaris word voorgestel deur 'n taksonomiese netwerk (Croft, 2001: 25). Elke konstruksie verteenwoordig 'n node in die taksonomiese netwerk van konstruksies. Elke konstruksie wat uniek en idiosinkraties is (hetsy dit 'n spesifieke sintaktiese, semantiese, pragmatiese, diskoers- of morfologiese funksie verrig) sal afsonderlik as node in die netwerk van konstruksies

aangedui word. Al die konstruksies in 'n netwerk word in 'n taksonomiese hiërargie weergegee.

2.3.3 KONSTRUKSIENETWERKE

In konstruksiegrammatika is die primitiewe eenheid van grammatikale analise 'n konstruksie wat bestaan uit 'n vorm-betekenis skakeling (Croft, 2001). 'n Konstruksiebenadering jeens grammatikalisering behels dat die wesenlike eienskappe van grammatika anders beskou word as ander benaderings wat uitdrukkings nie as konstruksies benader nie. In 2.3.1 is die agtergrond tot RKG bespreek. Samevattend kan Konstruksiegrammatika beskou word as 'n sambreelterm of superordinaatetiket vir kognitiewe benaderings tot grammatika wat behels dat leksikale kennis gesien word as 'n netwerk **gekonvensionaliseerde** en **ingebedde** (*entrenched*) simboliese vorm-betekenis-skakelings (Trousedale & Norde, 2013:35). Konstruksies is gekonvensionaliseerd in die sin dat 'n hele spraakgemeenskap dieselfde konstruksie deel (Traugott & Trousedale, 2013:1). Konstruksies is simbolies aangesien dit bestaan uit taaltekens wat op arbitrêre wyse in terme van vorm en funksie geassosieer word. Hulle word gesien as eenhede in die sin dat die tekens so algemeen en so idiosinkraties voorkom dat die tekens ingebed word as vorm-betekenis groeperings/skakelings in die denke van die taalgebruikers in 'n taalgemeenskap (Traugott & Trousedale, 2013:1). Alle grammatikale kennis word universeel en op dieselfde wyse benader en dit word in geheel as konstruksies beskou. Soos Croft (2007: 471) dit uiteensit:

The constructional tail has come to wag the syntactic dog. Everything from words to the most general syntactic and general rules can be respresented as constructions.

Grammatikale kennis word volgens 'n taksonomiese hiërargie uiteengesit en konstruksies word op verskillende vlakke van skematisiteit aan mekaar geskakel. Konstruksies word verbind aan meer as een 'ouer-skema' en alle konstruksies is deel

van meer skemas – dit word gesien as **Meervoudige Oordraging**. Meer spesifieke konstruksies verkry eienskappe van meer algemene konstruksies.

Die volgende aspekte van konstruksiegrammatika is belangrik in 'n konstruksiebenadering tot grammatikalisering:

- Die basiese eenheid van grammatika is die konstruksie wat 'n konvensionele vorm-betekenis skakeling/paring is. (Traugott & Trousdale, 2013:3)
- Konstruksiegrammatika volg 'n gebruiksgebaseerde model (usage-based model) (Goldberg, 1995:5)
- Alle linguistiese kennis het die vorm van konstruksies wat vorm-betekenis-skakelings op verskillende vlakke is. Daar is geen verskil tussen die leksikon en sintaksis nie, want dit word saam volgens 'n konstruksie-netwerk georden. Die semantiese struktuur word direk op die sintaktiese struktuur gekarteer (Langacker, 1987:57-63; Traugott & Trousdale, 2013:3).
- 'n Konstruksie is 'n roetine of 'n eenheid wat in die konvensionele spraakgemeenskap gebruik word en dit behels 'n vorm-betekenis-skakeling (Croft, 2006:274).
- Die vorm van die konstruksie sluit inligting oor die fonologiese, morfologiese en sintaktiese eienskappe in terwyl die betekenis van 'n konstruksie verwys na die semantiese, pragmatiese en diskoerseieenskappe. Geeneen van hierdie aspekte word gesien as die kerndeel van grammatika wat outonoom funksioneer nie, inteendeel – 'n holistiese wisselwerking tussen hierdie grammatikale vlakke vind as geheel plaas (Traugott & Trousdale, 2013:3).
- 'n Nie-reduksionistiese benadering tot linguistiese vorms word gevolg, dit behels dat die interaksie tussen die verskillende dele slegs verklaar kan word deur die geheel (Goldberg, 2006:222).
- Taal is 'n netwerk knooppunte en skakelings tussen hierdie knooppunte; assosiasies tussen hierdie knooppunte is in die vorm van oordragtelike

hiërargieë. Hiërargieë is taksonomiese verhoudings tussen die verskillende vlakke konstruksies (Traugott & Trousdale, 2013: 3).

Die funksie van 'n konstruksie sowel as die verhouding met ander konstruksies staan voorop (Trousdale, 2012:170). Konstruksies wat baie algemeen voorkom, meer produktief is en minder komposisioneel van aard is, het 'n prosedurele funksie. Konstruksiegrammatika veronderstel nie 'n sterk sintaksis/leksikon-onderskeid nie, maar verskillende konstruksies onderskei verskillende gebruike. Noël (2007) beklemtoon dat as dit 'n konstruksie is, is dit deel van grammatika en Goldberg (2006:18) sê: "it's constructions all the way down." Daar is egter konstruksies wat nie algemeen voorkom nie en ook minder produktief is.

Konstruksies verdeel skematies in drie vlakke. (1) Die makrovlak as die superordinaatkonstruksie wat op die algemene of oorhoofse vlak lê. In terme van modale hulpwerkwoorde is dit telkens die tipe modaliteit wat hier geïdentifiseer is as die makrovlak in 'n konstruksie. Wanneer *mag* se konstruksienetwerke byvoorbeeld bespreek word, word die tipes gekategoriseer as deonties, dinamies of epistemies en elkeen van hierdie tipes se konstruksienetwerke word afsonderlik bespreek. (2) Voorspelbare, algemene, frekwente en skematiese konstruksies lê op die mesovlak van die hiërargie. In terme van byvoorbeeld deontiese *mag* sal die twee betekenisskakerings wat *mag* hier onderskei op die mesovlak lê. *Mag* word as direkief gebruik, maar dit is ook die burokratiese regulering van gedrag soos uitgedruk in geskrewe tekste. (3) Die baie spesifieke idiomatiese en idiosinkratiese konstruksies (hetsy algemeen of skaars in gebruik) sowel as onvoorspelbare konstruksies lê op die mikrovlak van die taksonomiese hiërargie. In terme van *mag* is dit die talle vaste uitdrukkings sowel as byvoorbeeld die kollokasie van hipotetiese *mag* + *wees*, wat op hierdie vlak uitgedruk word in die konstruksienetwerk (Goldberg, 1995:4, 2006:5).

Langacker (2005) het **drie algemene kenmerke van konstruksies** geïdentifiseer wat betrekking het tot die struktuur maar veral ook die manier waarop die konstruksie kan verander:

- (a) **Algemeenheid (*generality*)** – Dit hou verband met die skematisiteit van die konstruksie en ook tot die graad waartoe die konstruksie gespesifiseer word.
- (b) **Produktiwiteit** – Dit hou verband met die vermoë van 'n konstruksie om minder skematiese konstruksies te sanksioneer.
- (c) **Komposisie** – Dit hou verband met die mate waartoe die betekenis van 'n konstruksie afgelei kan word van die betekenis van sy onderliggende dele/elemente.


Algemeenheid

Trousdale en Norde (2013:37) verduidelik dat die **algemeenheid** van 'n konstruksie verband hou met die konstruksionele strekking – dit is die mate waartoe die semantiese en formele eienskappe van 'n konstruksie skematies is. Skemas is **taksonomiese veralgemenings** van kategorieë (Traugott & Trousdale 2013:13). Linguistiese skemas is abstrak en semanties veralgemeende groepe prosedurele of inhoudryke konstruksies. Skemas wissel van die algemene tot die spesifieke namate dele van die konstruksies meer besonderhede bevat. Linguistiese skemas word verteenwoordig deur subskemas en op die laer vlakke deur mikrokonstruksies. Die modale hulpwerkwoord *mag* is byvoorbeeld deel van die mikrokonstruksie van die subskema modaal en modaal is 'n subskema van die skema hulpwerkwoord. Subskemas ontwikkel oor tyd, maar kan ook verdwyn. Ontwikkeling of verlies van skemas behels konstruksionele verandering wat voor en na konstruksionalisering plaasvind (kyk onder 2.4) (Traugott & Trousdale, 2013: 14).

Skematisiteit is op twee maniere gradient. Eerstens is grammatikaal welgevormde, aanvaarde konstruksies 'n kwessie van konvensie en sekere konstruksies is soms net gedeeltelik gesanksioneer en nie volledig gekonvensionaliseer (gesanksioneer) nie. Hierdie nie-gesanksioneerde konstruksie kan mettertyd al hoe meer gebruik word en dus volledig sanksioneer. Croft (2001:28) verwys na volledig gesanksioneerde konstruksies as ingebedde (*entrenched*) konstruksies wat beteken die konstruksies word dikwels gebruik en is ingebed in die taalgemeenskap. Langacker (1987:69)

bevestig dat nie-konvensionaliteit 'n belangrike komponent van taalgebruik is want dit gee aanleiding tot taalverandering. Die feit dat nie-konvensionaliteit soms verdra word, is belangrik in gevalle waar gedeeltelik gesanksioneerde uitbreidings van bestaande gekonvensionaliseerde skemas mettertyd volledig gesanksioneerde uitdrukkings van meer algemene skematiese konstruksies word en sodoende deel word van 'n spreker se taalervaring. Tweedens is skematisiteit gradeerbaar in terme van die hiërgargiese onderskeid tussen onderafdelings. Sprekers is bewus van meer algemene inligtingspatrone teenoor spesifieke inligting, en dit dui aan dat daar meer as een vlak of sub tipe konstruksie of selfs kluster-tipes bestaan. **Meer skematiese en algemene skemas** lê op die **mesovlak** of hoër en die meer **spesifieke skemas** op die **mikrovlak**.

Konstruksies is gebruiksgebaseerde uitdrukkings in 'n spesifieke situasie, geuite deur 'n spesifieke spreker (of skrywer) met 'n spesifieke kommunikatiewe doelwit. Konstruksie dra pragmatiese betekenis binne 'n spesifieke konteks en daarbuite mag dit dalk geen betekenis dra nie. Binne die gebruikersmodel is konstruksie dit wat sprekers/skrywers voortbring (produseer) en dit wat luisteraars/lesers prosesseer (Traugott & Trousdale, 2013:16). Konstruksionele verandering vind plaas wanneer daar nuwe assosiasies tussen konstruksie ontstaan. Die hoogste vlak is altyd die skema of gedeeltelike skema. Skemas is fonologies ongespesifiseerd. Mikrokonstruksies is daarteenoor fonologies gespesifiseerd of substantief. **Figuur 2** demonstreer die verskillende vlakke deur gebruik te maak van die 'Hoeveelheid'-konstruksie. Die voorbeeld wat deur Traugott (2008:31) gebruik word, is: 'a bit of bread', 'kind of funny' en 'I liked it a lot'. Hierdie voorbeelde val binne die oorhoofse konstruksie van *graadbepalers*. Elkeen is onderliggend 'n mikrokonstruksie want hulle val in verskillende grade maar so ook vertoon hulle ooreenstemming met ander graadbepalers soos byvoorbeeld 'a bit of ' en 'a tad ' of hierdie twee konstruksies val weer saam op die mesovlak vanweë die ooreenstemmende funksies.



Figuur 2.4 Gradiënt van hiërgiese verhoudings tussen konstruksies.

Die hoogste vlak, die skemavlak of makrovlak, sluit al die verskeie sub-skemas in. Die subvlak of mesovlak tref onderskeid tussen groot, klein en medium vlakke. Op die laagste vlak is verskeie mikrokonstruksietipes (Traugott & Trousdale, 2013: 17).

Trousdale en Traugott (2013:16) identifiseer hierdie verskillende vlakke as skemas, subskemas en mikrokonstruksies sowel as gedeeltelike konstruksies wat nog verandering ondergaan. Voorheen het Traugott (2007, 2008) verwys na mikro-, meso- en makrovlakke waar makrovlakke die skemas is. Hierdie studie volstaan by die gebruik van makro-, meso- en mikrovlak as terminologie om na die verskillende vlakke te verwys.

Mikrokonstruksies is konstruksietipes maar nie 'instances of use'/gebruiksvoorbeelde nie. Trousdale en Norde (2013:36) gebruik die toekomstekonstruksies *will*, *be going to*, *be fixing to*, en *be about to* as voorbeeldmateriaal

[2.5] I'm working on a book that *maybe will* come out this year or next year
[2010, Fox News, Beck, March 12 2010]

[2.6] We have a lot of good artists *fixing to come out* [2009, ABC Primetime, Life After Michael: Inside Jackson Compound]

[2.7] In the end we're *going to come out* stronger and better [2009, NBC Meet the Press]

[2.8] Colin Powell's book is *about to come out* [1995, NPR The Week in Review]

Elkeen van hierdie uitdrukkings behels 'n kollokasie wat na sekere gebeure in die toekoms verwys gekombineer met die predikaat – *come out*. Die spesifieke gebruiksvoorbeelde is konstruksie, hoewel *will*, *be going to*, *be fixing to*, en *be about* nie gebruiksvoorbeelde is nie, maar die basisvorms van die uitdrukkings en nie konstruksie nie.

Be fixing to en *be going to* is op formele vlak nader aan mekaar as *will* en *be about* en daarom kan mens hulle saam groepeer en hulle vorm dan 'n mesokonstruksie op grond van gemeenskaplike vorm. So sal *will* byvoorbeeld saamgroepeer met die modale hulpwerkwoord *shall*. Die konstruksie wat al vier bogenoemde voorbeelde saamgroepeer is die makrokonstruksie en in hierdie geval is die mees algemene konstruksie die Engelse Toekomendekonstruksie. Die mees abstrakte konstruksie wat verband hou met 'n spesifieke verandering is dus die makrokonstruksie en dit word bepaal deur die konstruksie se funksie (Traugott, 2008:31). Hierdie superordinaatkategorie verdeel in onderliggende mesokategorieë wat ooreenstemmende funksies, vorm of albei het. Individuele konstruksietipes is op die mikrovlak.

Produktiwiteit

Produktiwiteit hou verband met die konstruksionele lewenskrag/lewensvatbaarheid en dit verwys na die mate waartoe 'n spesifieke skema met innoverende konstruksie verband hou. Trousdale en Traugott (2013:17) sien die produktiwiteit van 'n skema of gedeeltelike skema as gradeerbaar in die mate waartoe hulle ander minder skematiese konstruksies sanksioneer (*extensibility/omvang*) sowel as die mate

waartoe hulle ingeperk word. 'n Voorbeeld ten opsigte van infleksiemorfologie in Engels is byvoorbeeld wanneer werkwoorde in die verlede tyd voorkom sal hulle 'tradisioneel' [-ed] as agtervoegsels kry (*play -played*); in minder algemene gevalle sal die werkwoordstam verander soos byvoorbeeld *sing-sang*. Wanneer nuwe werkwoorde in die taal ingesluit word, sal die meer produktiewe of algemene metode van infleksie gevolg word, byvoorbeeld die verlede tyd van *skype* is nie *skope* nie maar *skyped*. Produktiwiteit en frekwensie hou nou verband met mekaar. Wanneer nuwe konstruksies tot stand kom dan word die gebruik daarvan versprei deur verhoging in frekwensie/gebruik. Verhoogde gebruiksfrekwensie beteken dan ook dat die konstruksie se frekwensie vermeerder en die konstruksie word meer ingebed binne die taalgemeenskap (Traugott & Trousdale, 2013:18). 'n Voorbeeld van 'n konstruksie wat oor die laaste 100 jaar tot stand gekom en ontwikkel het, is konstruksies met die modale hulpwerkwoord *moenie* (sien Hoofstuk 5). Die kontraksie van *moet* en *nie* tot *moenie* was nie algemeen in gebruik 'n honderd jaar terug nie, maar vanaf die sewentigerjare van die vorige eeu het konstruksies met hierdie kontraksievorm die prototipiese manier geword waarop sprekers genegativeerde verpligting uitdruk. Die produktiwiteit van hierdie konstruksie het toegeneem en ingebed geraak in die Afrikaanse taal. *Mog* (sien Hoofstuk 6) en *durf* is twee modale wat oor die laaste 100 jaar uitgesterf het en die produktiwiteit van konstruksies waarbinne hierdie twee modale gebruik word, is laag tot geen. Hierdie tipe konstruksies is dus onproduktief.

Komposisionaaliteit

Komposisionaaliteit hou verband met komposisionele belyning, dit is die mate waartoe konstruksies intern konsekwent is. Komposisionaaliteit het te make met die ekstent waartoe die verband tussen vorm en betekenis voor die hand liggend en sigbaar is. Volgens Partee (1984:281) is komposisionaaliteit:

“the meaning of an expression is a function of the meanings of its parts and the way they are syntactically combined.”

Komposisionaliteit kan gesien word as die mate waartoe die vorm en betekenis binne 'n spesifieke konstruksie ooreenstem, met ander woorde of die kombinasies vorm (sintaksis) en betekenis (semantiek) by mekaar pas. As die komposisionaliteit tussen vorm en betekenis nie pas nie, dan sal die onderskeie elemente se betekenis verskil van dié geheel:

"language meaning is not entirely compositional, but language has compositionality in the sense that the compositional structure of a sentence will often provide cues to the meaning of the whole." (Arbib, 2012:475)

Modale konstruksies het sekere volgorde-eienskappe en leksikale en grammatikale items het vaste posisies. Gevolglik is hierdie konstruksies deursigtig en konsekwent.

Wanneer 'n konstruksie verander, sal mens die veranderinge in die konstruksie se algemeenheid, produktiwiteit en komposisie volg en analiseer. Tydens hierdie analise is die hiërargiese vlak van verandering belangrik. Trousdale en Norde (2013: 35) beveel aan dat wanneer mens rekenskap wil gee van alle verskillende tipes konstruksionele kennis, moet mens dink aan die verskillende grade van spesifiekheid van konstruksionele vlakke. Konstruksies moet verbind word aan die spesifieke voorbeelde waar taal gebruik word. Geskrewe teks is ook noodsaaklik in hierdie konstruksies. Die term 'konstruk' word gebruik vir spesifieke taalgebruiksvoorbeelde.

Netwerke en Konstruksiegrammatika

Die netwerk van konstruksies as metafoer staan sentraal binne konstruksiegrammatika. Goldberg (2003:19) voer aan dat alles wat ons weet van taal bestaan binne 'n netwerk van konstruksies. Croft (2007:463) vertoon twee basiese beginsels in terme van konstruksiegrammatika:


- (a) Die paring/skakeling van komplekse strukture en betekenis;
- (b) Die assosiasie van hierdie skakelings binne 'n netwerk.

Die volgende konsepte is belangrik binne die idee van 'n netwerk van konstruksies:

- Knooppunte en die skakelings tussen knooppunte.
- Die afstand tussen lede van 'n familie,
- Groepering of klusters van groepering van eienskappe,
- Grade van begrensing/ingrawing, en
- Toeganklikheid van 'n konstruksie.

Hierdie konsepte is ontwikkel deur Hudson in sy *Woord-Grammatika* (2007). *Woord-Grammatika* is 'n gebaseer op 'n Netwerkpostulaat wat vanuit die staanspoor taal as 'n konseptuele netwerk sien. Dit is konseptueel aangesien dit kognitief van aard is, en dit is 'n netwerk aangesien die konstruksies deel vorm van 'n sisteem wat almal onderling verbind is aan mekaar.

In figuur 2.5 is 'n grafiese voorstelling van 'n eenvoudige konseptuele netwerk. Hierdie figuur vertoon die assosiasie tussen die basiese-vlak konsepte of subkategorie met *asbakkie* as voorbeeld en die meer skematiese konsepte wat oor al die onderafdelings staan, naamlik *meubels* en dan is die derde vlak die superkategorie. Die lyne verteenwoordig die assosiasies tussen die konsepte; 'n ononderbroke lyn verteenwoordig 'n sterk assosiasie tussen 'n geval en 'n meer algemene kategorie, terwyl die stippellyn 'n swakker assosiasie verteenwoordig. *Asbak* se stippellyn impliseer dat hierdie meubelstuk nie 'n tipiese meubelstuk is nie maar daar is tog ooreenkomste met ander meubels wat dit in hierdie kategorie insluit. So is van die konsepte deel van meervoudige kategorieë aangesien dit gedeelde eienskappe met meer as een kategorie het, soos byvoorbeeld *klavier*, maar die stippellyn dui aan dat die verband met die kategorie *meubels* swakker is as die verband met die kategorie *musiekinstrument*.



Figuur 2.5 Eenvoudige konseptuele netwerk van meubels

Die derde beginsel in RKG wat aandag verg is dié van **konseptuele ruimtes**. 'n Spreker se kennis van konstruksies word georganiseer deur die verhoudings tussen die betekenis van konstruksies. Die semantiese verhoudings tussen konstruksionele betekenis word in terme van 'n gestruktureerde konseptuele ruimte verteenwoordig (Croft, 2001: 28).

Croft se universele tipologiese *Woordsoortteorie* maak voorsiening vir 'n stel universele wat varieer in die struktuur en verspreiding van konstruksies wat die proposisionele handelings van verwysing, wysiging en predikate insluit. Hierdie handelings of eienskappe vooronderstel 'n **konseptuele ruimte** (Croft, 2001: 84). Elke spreker van 'n spesifieke taal integreer hierdie taalspesifieke verspreidingspatrone en universele gedeeltes van spraak en dit vorm die algemene model van 'n spreker se

kennis van sy/haar taal. Hierdie algemene model is die spreker se **semantiese kaart, mentale kaart of kognitiewe kaart**. Die konseptuele ruimte en die kartering daarvan tot 'n spreker se eie semantiese kaart staan sentraal binne tipologiese teorie en die RKG. Dit wat universeel is in taal soos gevind in kruislinguistiese navorsing, word in die struktuur van 'n konseptuele ruimte vasgevang.

'n Konseptuele ruimte is 'n **strukturele representasie van funksionele strukture** en hulle verhoudings met mekaar. Hierdie ruimte is nie net suiwer semanties nie, maar dit maak ook voorsiening vir die pragmatiese sowel as diskoers-funksionele en sosiale dimensies, vandaar die keuse om te praat van 'n konseptuele ruimte en nie net soseer 'n semantiese ruimte nie. 'n Konseptuele ruimte verteenwoordig die tipologiese universele gedeeltes van spraak terwyl die semantiese kaart taalspesifiek is.

'n Konseptuele ruimte laat ons toe om funksionele kategorieë identifiseerbaar oor tale heen, proposisionele handelingsfunksies en semantiese klasse met hulle sintaktiese uitdrukkings in spesifieke tale – met mekaar in verband te bring. **'n Konseptuele ruimte verteenwoordig tipologiese taaluniversele**; 'n universele konseptuele struktuur en universele sintaksiskategorieë wat gekarteer word op konseptuele kategorieë wat gekonnekteerde afdelings in 'n konseptuele ruimte vorm (Croft, 2009: 98).

2.3.4 HOE LYK 'n KONSEPTUELE RUIMTE?

Die konseptueleruimtebenadering ten opsigte van linguistiese en kruislinguistiese navorsing het die afgelope paar jaar 'n populêre studieterrein binne die linguistiek geword. (Kyk Anderson, 1974, 1982, 1986; Croft, 1991, 2001; Haspelmath, 1997, 2003; Kemmer, 1993; Kortman, 1997; Stassen, 1997; Van der Auwera & Plungian, 1998)

Dit wat universeel is in taal, soos verkry uit kruislinguistiese navorsing in tipologie, kan in die struktuur van 'n konseptuele struktuur voorgestel word. Croft (2001) verwys eerder na konseptuele ruimtes as semantiese ruimtes omdat die term semanties vir hom te eng is. Die begrip *konseptueel* maak voorsiening vir pragmatiese en diskoers-


funksionele, inligting-funksionele, en stilistiese of sosiale dimensies van grammatikale vorms of konstruksies. Die term *ruimte* eerder as kaart word hier gebruik om die universele konseptuele ruimte te skei van die plasing van 'n spesifieke taal se kategorieë op 'n kaart (soos met die semantiese kaart).

'n Konseptuele ruimte verteenwoordig slegs 'n gedeelte of afdeling van die algehele konseptuele ruimte. Croft (2001) verwys egter na 'n gedeelte of afdeling van so 'n universele konseptuele ruimte ook as konseptuele ruimte. Konseptuele ruimte verwys dus in hierdie studie na verskillende funksies wat deur taal uitgedruk word. Konseptuele ruimtes is multidimensioneel, aangesien **semantiese, pragmatiese, en diskoers-funksionele dimensies** gekoppel word aan 'n **spesifieke konseptuele ruimte**. Die geskrewe medium is egter slegs twee-dimensioneel en die konseptuele ruimte wat in hierdie studie gebruik word sal ook net twee-dimensioneel wees.

Die relevante dimensies van 'n konseptuele ruimte is die funksies of konvensionele betekenisse van konstruksies in wie se analyses ons geïnteresseerd is, sowel as die betekenisse van die elemente wat verskillende rolle vervul in die konstruksies. 'n Spreker se kennis van taal behels die kartering van konstruksies en kategorieë (die elemente wat verskillende rolle in die konstruksies speel, aldus Croft (2001:92)).

Die konseptueleruimtemodel laat ons toe om funksionele kategorieë (semantiese klasse) en sintaktiese uitdrukkings, wat oor verskillende tale heen ooreenstem, met mekaar in verband te bring (Croft, 2001:98). **Kognitiewe ruimtes** is die **universele verspreiding** van funksies en betekenisse (Croft, 2001).

Croft (2001) het na aanleiding van sy bespreking oor die verskillende woordsoorte 'n konseptuele ruimte geskep wat aandui hoe hierdie konstruksies en kategorieë in 'n spreker se verstand bestaan:



Figuur 2.6 Konseptuele ruimte

Die funksionele eienskappe (verwysing; wysiger; predikaat) definieer die konseptuele ruimte. Dit is ook die horisontale dimensie wat konvensionele betekenisse van die konseptuele ruimte verteenwoordig. Die proposisionele daad druk simboliese verwysings, wysigers en predikate uit. Die vertikale dimensie verwys na die betekenisse van die elemente of kategorieë wat spesifieke rolle in konstruksies vervul. Die semantiese klasse vervul die spesifieke rolle in die konstruksie. Hierdie konseptuele ruimte is twee-dimensioneel vanweë die geskrewe medium. Die **konseptuele ruimte** vorm die **basis** waarop **spesifieke tale** hul spesifieke betekenisse en eienskappe kan karteer in 'n **semantiese kaart**.

Die **konseptuele ruimte** van hierdie studie beslaan die betekenisskakerings en parameters van **modaliteit**. Die konseptuele raamwerk bevat al die verskillende betekenisskakerings en nuanses soos ingesluit onder die sambreëlterm 'modaliteit' en hierdie betekenisskakerings is universeel en nie taalspesifiek nie. Die konseptuele ruimte van modaliteit word onder Hoofstuk 3.5 bespreek en saamgestel. Hierdie konseptuele ruimte is gebruik as agtergrond waarop 'n semantiese kaart van modaliteit in Afrikaans gekarteer is. Die funksie hiervan was om 'n werksmodel in die vorm van 'n semantiese kaart saam te stel wat 'n geïntegreerde beeld van modaliteit in Afrikaans

in al sy fasette weergee. Die verskil tussen 'n konseptuele ruimte en 'n semantiese kaart lê in die verskil tussen universele taalfunksies (soos vervat in 'n linguistiese begrip se betekenisskakerings) teenoor 'n spesifieke taal se spesifieke taalkonvensies en funksies soos gekarteer op die semantiese kaart. Mens sal dus eers die algemene konseptuele ruimte van 'n linguistiese ruimte daarstel, alvorens mens 'n spesifieke taal se funksies op die ruimte karteer en inkleur en so 'n semantiese kaart tot stand bring.

'n **Semantiese kaart** is die toepassing van 'n grammatikale funksie op 'n spesifieke taal (of tale as dit 'n taalvergelykende studie is) teen die agtergrond van 'n konseptuele ruimte. Die konseptuele ruimte is die onderliggende konseptuele struktuur en die semantiese kaart is 'n kaart van taal-spesifieke kategorieë op die konseptuele ruimte (Croft, 2001:94). Semantiese kaarte is die grense van spesifieke elemente in spesifieke tale (Croft, 2001).


Haspelmath (2003) se definisie verduidelik dat hierdie tipe kaart 'n geometriese (meetkundige) voorstelling is. Die konseptuele ruimte is teen die agtergrond van hierdie grafiese voorstelling en lyne dui die verband in die hele netwerk aan.

A semantic map is a geometrical representation of functions in 'conceptual/semantic space' which are linked by connecting lines and thus constitute a network. The configuration of functions shown by the map is claimed to be universal. (Haspelmath, 2003:213)

Drie entiteite word betrek met die saamstel van 'n semantiese kaart (Haspelmath, 2003:5):

1. Die konseptuele ruimte (die terrein van die studie; die objek wat bestudeer word en in hierdie studie is die terrein wat bestudeer word modaliteit)
2. 'n Universele semantiese kaart ('n spesifieke linguistiese hipotese oor 'n segment van die konseptuele ruimte wat ondersoek word; in hierdie geval is dit die hipotese in die vorm van 'n werksmodel wat hierdie studie onderlê).
3. Taalspesifieke en grammatikaspesifieke onderafdelings van die universele semantiese kaart.

Ter illustrasie van die begrippe kan daar gekyk word na Van der Auwera et al (2009) se tweede semantiese kaart van modaliteit, nadat hy en ander navorsers die oorspronklike kaart herbekyk het (Van der Auwera, Kebayov & Vittrant, 2009:298). Op hierdie kaart is daar drie oorhoofse modale betekenisdimensies, te wete heel links Interne Deelnemer (wat in hierdie studie as Dinamiese modaliteit bekendstaan); Eksterne Deelnemer of Deontiese Modaliteit wat in die middelste dimensie vergestalt word en Epistemiese Modaliteit wat regs verbeeld word. Hierdie kaart en ander semantiese kaarte van modaliteit word breedvoerig bespreek in Hoofstuk 3.5.7.




Figuur 2.7 Hersiene semantiese kaart van modaliteit (Van der Auwera, Kebayov & Vittrant, 2009)

In hierdie studie word elke modale hulpwerkwoord se konseptuele ruimte en betekenisdimensies op 'n semantiese kaart gekarteer. Die grammatikale funksies van elke taal verskil en semantiese kaarte druk hierdie individuele en taalspesifieke betekenisdimensies grafies uit. Om elke modale hulpwerkwoord se unieke en eiesoortige betekenisdimensies uit te beeld, word daar telkens gebruik gemaak van semantiese kaarte. In die verskillende analisehoofstukke word semantiese kaarte gebruik om die onderskeie modale tipes en die betekenissskakerings van elke modaal weer te gee. Hierdie geometriese en grafiese voorstelling van 'n modaal se betekenissskakerings is multidimensioneel. Elke kaart gee ten minste **vier** dimensies weer:

1. Die spesifieke modale tipe se **breë betekenisparameters** word aangedui. Die breë betekenisparameter waaroor die modale hulpwerkwoord *mag* byvoorbeeld beskik, is die van moontlikheid, toestemming en vermoë en op *mag* se semantiese kaart word al die dimensies aangedui. In sommige gevalle word daar semantiese kaarte van 'n modaal se onderskeie tipes weergegee soos byvoorbeeld in die geval van *moet* waar die deontiese, dinamiese en epistemiese kaarte van elke tipe afsonderlik weergegee is.
2. Elke modaal se **fyner betekenisnuanses** word weergegee. Indien die kaart slegs *moet* se deontiese betekenis uitdruk sal dit slegs die fyner deontiese betekenissskakerings (*moet* as direkief en *moet* as regulering van gedrag) op die kaart uitdruk. Indien die kaart die vergestaltung is van 'n modaal as sodanig word alle nuanses weergegee, maar daar word duidelik onderskei op elke kaart watter nuanses tot watter betekenissskakering behoort.
3. Die **tipe deelnemers** of **agense** in die drie kategorieë word benoem. Interne deelnemers hou verband met dinamiese modaliteit, eksterne deelnemers is tipies van deontiese modaliteit en sprekersekerheid vs. sprekeronsekersekerheid dui epistemiese modaliteit aan.
4. Die **sterkte** of **krag** waarin elke modaal uitgedruk kan word, word op die kaart weerspieël. Dinamiese en deontiese betekenis word as hoë, mediaan of lae

sterkte aangedui teenoor epistemiese betekenis wat die spreker se **sekerheid** of **onsekerheid** uitdruk.

'n Semantiese kaart is 'n grafiese uitdrukking van 'n taalkundige konsep se betekenisomkrywings. Op hierdie wyse word die konseptuele ruimte wat 'n sekere konsep in 'n spesifieke spreker vergestalt op 'n omvattende wyse beskryf.



Figuur 2.8 Die semantiese kaart van *mag*

Ter illustrasie word *mag* se semantiese kaart hier aangebring om aan te dui hoe 'n semantiese kaart die vier betekenisdimensies aandui wat gebruik word om modaliteit en spesifiek modale hulpwerkwoorde te ondersoek. Hierdie kaart dui al *mag* se betekenisdimensies aan. Sien in Hoofstuk 3.6 hoe die dimensies wat op die kaart voorgestel word, daar uitsien. Figuur 2.8 fokus op al *mag* se betekenisdimensies, nie slegs een tipe nie. *Mag* se kernbetekenis is hoofsaaklik deonties en vandaar beslaan deontiese gebruike die grootste ruimte in hierdie kaart. Tweedens vertoon *mag* ook heelwat epistemiese gebruike wat hier benoem is, maar dit het ook dinamiese gebruike soos hier aangedui. In hierdie studie is elke modale hulpwerkwoord afsonderlik bestudeer en telkens sal óf die semantiese kaart van 'n modaal in geheel

weergegee word soos by *mag*, óf elke modaal se onderskeie modale tipes se semantiese kaarte as sodanig sal aangebring en bespreek word.

Konstruksies, konstruksienetwerke, konseptuele ruimtes en semantiese kaarte is tot sover bespreek. Konstruksies is die kleinste elemente van taal en hierdie studie bespreek modaliteit in terme van konstruksies. Deurdat die nege modale hulpwerkwoorde reeds gegrammatikaliseer het tot grammatikale items, word grammatikaliseringsteorie nie ingespan om die verdere ontwikkeling van modale konstruksies te ondersoek nie, maar konstruksionalisering, die teorie rondom die verdere ontwikkeling van reeds bestaande konstruksies word hier ingespan. Vervolgens 'n bespreking van hierdie teoretiese model van taalverandering.

2.4 KONSTRUKSIONALISERING EN GRAMMATIKALISERING: DIE KONSTRUKSIONALISERING VAN GRAMMATIKALE KONSTRUKSIES

2.4.1 INLEIDING

In hierdie afdeling word taalverandering vanuit 'n konstruksionalistiese perspektief bespreek. Hierdie benadering verskil van die tradisionele sienings van grammatikalisering. Konstruksionalisering as taalverandering slaan 'n nuwe rigting in en hierdie afdeling fokus daarop. Vantevore sou slegs grammatikale elemente se onafhanklike en individuele verandering binne die domein van grammatikalisering gesien word, maar met die ontstaan van gedagtes rondom taal as 'n netwerk van konstruksies, het die begrippe konstruksionalisering en grammatikalisering meer verweef geraak. Daar het 'n klemverskuiwing plaasgevind met grammatikalisering wat eerder gefokus het op die onafhanklike verandering van items of kategorieë teenoor konstruksionalisering waar gefokus word op hoe items anders gebruik kan word. Die fokus is nie slegs op individuele items nie, maar die konstruksie, die konteks, die sintaktiese en semantiese faktore van die hele konstruksie en verandering daarvan

word nou uitgehef. Lehmann het al in 1982 en 1985 die proses van grammatikalisering gesien as verandering wat 'n greep kry op 'n hele konstruksie. Bybee, Pagliuca en Perkins (1994:11) sien 'n konstruksie as "die bron van grammatikale betekenis" van 'n nuwe grammatikale item. Dit is egter eers met die draai van die 21ste eeu dat konstruksiegrammatika as linguistiese veld begin opspraak maak het. Traugott en Trousdale (2013:2) benader konstruksionele taalverandering vanuit drie aannames naamlik:

1. Alhoewel sekere kenmerke van grammatika soos netwerke, hiërargiese organisasie en oordraging 'n universele tendens is, is die grammatika self, dit wil sê die kennis oor 'n linguistiese sisteem – taalspesifiek.
2. Verandering wat plaasvind, vind plaas soos dit gebruik word – dit is gebruikerspesifiek en die lokus van verandering is die konstruk soos wat die konstruk gebruik word binne 'n spesifieke taalgemeenskap
3. Daar is 'n verskil tussen taalverandering en innovering. Innovering binne 'n spesifieke individuele taalgebruiker se denke bied slegs die potensiaal tot taalverandering. Vir innovering om as verandering te geld, moet die gebruik daarvan binne 'n spraakpopulasie gekonvensionaliseer wees en dus wyd gebruik word in gesproke sowel as in geskrewe tekste oor 'n tydperk. Innovering en propagering van die innovering is dus noodsaaklike prosesse van taalverandering.

Vervolgens 'n bespreking van die proses konstruksionalisering met verwysing na voorafgaande veranderinge wat as konstruksionele verandering bekendstaan.

2.4.2 KONSTRUKSIONALISERING

Die kline of roete van konstruksionalisering

In Konstruksiegrammatika verskil konstruksies van mekaar op grond van hulle posisie op twee aparte klines/roetes. Een kline strek vanaf die onkomplekse of atomiese tot die komplekse en die ander strek van volledig geleksikaliseer of substantief tot en

met leksikaal ongespesifiseerd of skematies (Sien Noël, 2013, wat verwys na Goldberg, 2003:20; Croft & Cruse, 2004:248). Soos wat leksikale items, byvoorbeeld *say/sê*, grammatikaliseer vorm hulle deel van bestaande grammatikaliseringklines (roetes).

Wanneer klines na vorm verwys, verwys hulle gewoonlik na atomiese skematiese konstruksies (tradisioneel verwys dit na leksikale en funksionele kategorieë). Volgens Trousdale (2012:174) is dit die kernprobleem met die standaardkonseptualisering van 'n kline, want daar word nagelaat om aandag te skenk aan die groter konstruksionele veranderinge waarbinne mikroveranderinge van die leksikale en funksionele kategorieë lê.

Die tradisionele grammatikaliseringsteorie sal byvoorbeeld aandui hoe die Ou Engelse *sceolde* sekere eienskappe bevat soos dat dit 'n nominale kompliment kan mobiliseer en dit kan in nie-finiete vorms voorkom wat suggereer dit was eerder 'n werkwoord as 'n hulpwerkwoord. Die tradisionele verduideliking sal dan aandui hoe *should* oor tyd heen ander eienskappe aanneem en sekere ander verloor wat dit minder werkwoordagtig maak. Dit kom ook meer algemeen voor in paradigmatische posisies wat deur komplemente soos *if/of* afgewissel kan word of selfs dieselfde funksie kan verrig as *if/of*.

'n Konstruksiebenadering sal hierdie verandering anders aandui. Wat met *should* gebeur het, is dalk sekondêr tot wat met kondisionele konstruksies in die geskiedenis van Engels gebeur het. Die moontlikheid bestaan dat sprekers oor tyd heen bestaande konstruksies gebruik en aangepas het om semantiese kategorieë op verskeie wyses te encodeer. Addisioneel tot die owerste markering van voorwaardelikheid met konstruksies wat *if* en *should* bevat, is dit nou byvoorbeeld moontlik om hierdie te kodeer met woord/klauswoordorde alleenlik (*you snooze, you lose*) sonder die gebruik van *if* en *should* in die betrokke pragmatiese konteks. Wanneer daar op hierdie manier oor grammatikalisering gedink word – met ander woorde dat grammatikalisering die proses is waardeur grammatika geskep word (volgens Croft 2006:366) dan word ander begripsoontlikhede oor die grammatikaliseringsroete/kline oopgebreek.

As die wese van die kline dus heroorweeg word, moet mens ook die eenrigtingpad van grammatikalisering heroorweeg.

Die roete of eenrigtingpad van konstruksies

Fischer (2007:182-5) dui aan dat klines/roetes in grammatikalisering in terme van (a) morfologiese tipe, (b) diskoersfunksies en (c) kombinasie vorm-funksie ontspring en verder ontwikkel.

- a) Leksikale werkwoord > vektorwerkwoord > hulpwerkwoord > klitiek > affiks > niks /zero
- b) Propositioneel > tekstueel > ekspressief/ houdingsgebonde/ interpersoonlik
- c) Leksikale werkwoord > basismodaal > epistemiese modaal > subordinaat/subjunktief.

Trousdale (2012:175) verwys na Bybee, Perkins en Pagliuca (1994), Himmelman (2004), Traugott (2007; 2008) en Trousdale 2008, wat die volgende hipotese ontwikkel het ten opsigte van die noodsaaklike en voldoende omstandighede vir grammatikale konstruksionalisering:

- a) **Verhoogde algemeenheid van die konstruksie** – die konstruksie kom algemeen in die spraakgemeenskap voor.
- b) **Verhoogde produktiwiteit** van die konstruksie - die konstruksie is toenemend meer produktief.
- c) 'n **Vermindering/verlaging in die komposisionaleiteit** van die konstruksie. (hierdie terme is volledig verduidelik onder 2.7.3).

Trousdale (2012) gebruik die grammatikalisering van modale hulpwerkwoorde om hierdie hipotese verder te verduidelik. Oudengelse *sculan* en *cunnan* was werkwoorde en die kategorie W (werkwoord) se vorm het van Oudengels na Middelengels verander tot die teenwoordigetydwerkwoorde *sculeþ* en *cunneþ*. Daarteenoor het die hulpwerkwoordkonstruksie egter ook in dieselfde tyd begin grammatikaliseer en die

gebruik daarvan het **meer algemeen, meer produktief en minder komposisioneel geraak**. (sien vroeër in hierdie hoofstuk 'n bespreking oor elke konsep)

Die ontwikkeling van die hulpwerkwoordkonstruksie het begin met die ontstaan van 'n reeks konstruksies waarvan onderlinge formele gedrag verskil en uiteenlopend is maar tog semantiese koherensie vertoon – dit het gekristalliseer tot 'n reeks mikrokonstruksies. Soos wat hierdie mikrokonstruksies saamloop, het die mesokonstruksie (die modale algemene en skematiese konstruksie) ontstaan; soos wat 'n onderstel mesokonstruksies (modale, perfek, progressief, passiewe konstruksie) begin saamloop het, het die makrokonstruksie – die hulpwerkwoordkonstruksie ontwikkel.

Hierdie meso en makrokonstruksies het 'n reeks uitbreidings of verlengings vertoon soos gesien in:

Be going to as modaal

Get as passief

Sat as progressief

Kristallisering van verskeie mesokonstruksies het vinniger plaasgevind as ander konstruksies- soos byvoorbeeld die Perfektumkonstruksie wat vinniger as die Modale konstruksie gekristalliseer het.

In terme van Trousdale (2012:181) se model van konstruksionalisering sluit hy aan by Traugott (2007) wat verwys na die kristallisering van verskillende konstruksies tydens grammatikalisering. Hierdie kristallisering behels 'n ingewikkelde reeks oorvleuelings in die konstruksionele netwerk soos wat taalgebruikers sekere ooreenkomste en verskille tussen onderliggende konstruksievorms gebruik en ondersoek om hulle kommunikatiewe behoeftes uit te druk.

Om weer terug te kom na Langacker se verwysing na **konstruksionalisering** as die **graad** waartoe die konstruksie **se algemeenheid, produktiwiteit en die komposisionaliteit** verander, het Trousdale en Norde (2013:33) daarop gedui dat ten

opsigte van grammatikalisering die algemeenheid en produktiwiteit van konstruksies verhoog, terwyl die komposisionaleiteit verlaag. Daarteenoor is daar 'n verlaging in algemeenheid en produktiwiteit in leksikale konstruksionalisering met 'n gebrek aan of verlies aan komposisionaleiteit.

Trousdale en Norde (2013:36) bevestig egter ook dit wat Noël (2007) gesê het en dit is dat alle voorbeelde van konstruksionalisering nie gesien kan word as grammatikalisering as sodanig nie aangesien daar ook leksikale konstruksionalisering en degrammatikale konstruksionalisering bestaan (sien Trousdale & Norde, 2013: 36 vir verdere besprekings oor leksikale en degrammatikale konstruksionalisering). Konstruksionalisering is prosesse van konstruksionele verandering en hierdie veranderinge kan in leksikalisering, grammatikalisering en degrammatikalisering voorkom. Let wel dat konstruksionele verandering en die oorkoepelende konsep konstruksionalisering nie een en dieselfde betekenisverband beslaan nie. Konstruksionalisering is 'n innoverende proses waarin nuwe konstruksies tot stand kom en die gevolglike stap vir stap-veranderinge wat in die proses plaasvind is konstruksionele verandering. Konstruksies ondergaan dus twee tipes verandering. Konstruksionalisering is wanneer daar nuwe vorm/betekenis-skakelings plaasvind en is gevolglik die inisiële ontstaan en verandering van 'n konstruksie en die geleidelike verandering aan sekere aspekte van bestaande konstruksies is konstruksionele verandering.

2.4.3 VERSKIL TUSSEN KONSTRUKSIONALISERING EN KONSTRUKSIONELE VERANDERING

Traugott en Trousdale (2013:22) definieer konstruksionalisering soos volg:

Constructionalization is the creation of **form new-meaning** ^{new} (combinations of) signs. It forms **new type nodes**, which have new syntax or morphology and new coded meaning, in the linguistic network of a population of speakers. It is accompanied by **changes in degree of schematicity, productivity, and compositionality**. The

constructionalization of schemas always results from a succession of micro-steps and is therefore gradual. New micro-constructions may likewise be created gradually, but they may also be instantaneous. Gradually created micro-constructions tend to be procedural, and instantaneously created micro-constructions tend to be contentful. (Eie beklemtoning)

Konstruksionalisering behels neo-analise (kyk onder 2.8.4 oor meganismes van verandering) van morfosintaktiese vorm en semanties/pragmatiese betekenis; diskoers- en fonologiese verandering kan ook tydens verskillende fases geïdentifiseer word. Slegs vormveranderinge of betekenisveranderinge kan opsigself nie as konstruksionalisering gesien word nie, maar eerder net as konstruksionele verandering. Konstruksionalisering vind stelselmatig plaas in die vorm van stap-vir-stap, neoanaliserings. Taalgebruikers is nie noodwendig bewus van hierdie stap-vir-stap-ontwikkeling nie. Daar is tipes konstruksionalisering naamlik grammatikale konstruksionalisering (waar konstruksies verder grammatikaliseer en ontwikkel) en leksikale konstruksionalisering (voorheen leksikalisering), hierdie studie volstaan hier met die begrip leksikalisering aangesien dit nie sentraal staan tot hierdie studie se navorsingsveld nie (Traugott & Trousdale, 2013:22)).


Trousdale en Norde (2013:36) beklemtoon ook dat konstruksionalisering 'n reeks veranderinge in vorm/funksiepoole van konstruksies is waardeur nuwe formele konfigurasies sekere nuwe spesifieke funksies en nuwe betekenis enkodeer. Sprekers se kennis van konstruksies is beide 'item-spesifiek' maar ook 'algemeen en skematies'. Itemspeksifiek is byvoorbeeld kennis van spesifieke woorde soos *bed*, terwyl skematiese voorbeelde idiome soos byvoorbeeld "die kat uit die sak laat" is.

Vormlike verandering opsigself sowel as geïsoleerde betekenisverandering dui nie op konstruksionalisering nie, maar eerder op konstruksionele verandering (Traugott & Trousdale, 2013:22). Die nuwe skakeling tussen beide vorm en betekenis dui op 'n nuwe konstruksie. Dit is 'n verandering aan die hele sisteem en is gevolglik 'n tipe/node-verandering.

Konstruksionele verandering

Geleidelike konstruksionalisering word voorafgegaan deur gekonvensionaliseerde stappe wat Traugott & Trousdale (2013:26) noem konstruksionele verandering. Een interne dimensie van die konstruksie word geraak, maar nie die hele konstruksie as 'n geheel nie.

Konstruksionele Verandering (KV) sal tipies die pragmatiese, semantifisering van daardie pragmatiese, die oorspronklike vorm- en funksieskakeling en sekere verspreidingselemente wysig of uitbrei. Dit is stap 1 van konstruksionalisering en staan bekend as **voor-konstruksionalisering** konstruksionele verandering (Pre-Konstr KV). Sodoende kan **konstruksionalisering** (KV) dan verdere konstruksionele verandering voer. Dit staan weer bekend as **post-konstruksionalisering konstruksionele verandering** (Post-Konstr KV). Dit behels die uitbreiding van kollokasies, en kan ook morfologiese en fonologiese reduksie teweegbring. Byvoorbeeld: sodra die mikrokonstruksie – *a lot of* – groot hoeveelheid ontstaan het, het die kollokasie met ander woorde drasties uitgebrei en dit is daarna weer blootgestel aan verskeie fonologiese reduksies. In Engels word daar baie na *allota* verwys wat fonologies 'n reduksie is van *a lot of*. Traugott & Trousdale (2013:28) stel die verwantskap soos volg voor:



In Trousdale en Traugott (2013) se model van geleidelike konstruksionalisering is daar aaneenlopende ontwikkelings, en hierdie aaneenlopende veranderinge vind plaas ten opsigte van vorm en verandering. Na konstruksionalisering is daar ook 'n uitbreiding van kontekste, maar daar is ook 'n verlies op verskeie vlakke. Pre-konstruksionalisering kan slegs by nabetragting geïdentifiseer word. Daar is nog geen sigbare tekens of omstandighede wat verandering vooronderstel nie. Konstruksionalisering ontstaan egter altyd vanweë 'n paar kleiner veranderinge in die konteks en dit word dan geïdentifiseer as prekonstruksionalisering. Aanvanklik is konstruksionele veranderinge en konstruksionalisering plaaslik en sal dit mikrokonstruksies eerste beïnvloed, maar hierdie inisiële veranderinge kan gesien word as deel van 'n groter sistemiese verskuiwing. Hierdie studie is hoofsaaklik

gemoed met modale hulpwerkwoorde se voortgaande konstruksionalisering. Die proses waartydens modale konstruksies begin verander is reeds ontplooi teen periode 1 wat die aanvangspunt van hierdie studie is. 'n Paar modale betekenis is egter in die pre- en postfase van verandering. Die bestaan van epistemiese *kan* is byvoorbeeld kontensieus en dit verskil van *kunnen* en *can* wat albei min tot geen epistemiese betekenis vertoon. Die ontstaan van epistemiese *kan* moes egter voor periode 1 al plaasgevind het aangesien daar toe al epistemiese gebruike van *kan* was. Die pre-konstruksionaliseringfase was teen periode 1 al voltooid (sien 7.5.3). Die gebruik van deontiese *kan* is moontlik besig om te ontwikkel wat suggereer dat hierdie betekenis in die prekonstruksionaliseringfase is.

2.4.4 MEGANISMES VAN VERANDERING: HOE VERANDER KONSTRUKSIES?

Vervolgens word twee meganismes bespreek waarvolgens konstruksionalisering kan plaasvind. (Traugott & Trousdale, 2013:35-38) Hierdie meganismes is bekende meganismes binne grammatikaliseringsteorieë maar dit kan ook ten opsigte van konstruksies toegepas word.

Neoanalise/heranalise

Tradisioneel is daar in grammatikaliseringsteorieë verwys na heranalise en analogie as meganismes van verandering. Met heranalise word die fokus geplaas op die verskil van die bron woord/konsep/konstruksie terwyl analogie die korrelasie is tussen die bron en 'n ooreenstemmende bestaande konstruksie wat voorgehou word as 'n voorbeeld.

Trousdale en Traugott (2013:36) verkies om eerder die term neoanalise as heranalise te gebruik. Eerstens kan 'n taalgebruiker nie 'n onbekende konstruksie heranaliseer nie – slegs 'n taalgebruiker wat bekend was met die vorige konstruksie kan dit heranaliseer. Die konstruksie word dus anders benader as die spreker wat bekend is daarmee. Mens kan nie 'n konstruksie her-analiseer as dit nie bekend aan jou was nie.

'n Tweede probleem wat hulle het met die term heranalise is vanweë die voorafgaande gebruik van hierdie term deur ander teoretici. Lightfoot (1999:87-91) het spesifiek na heranalise verwys as iets wat grootskaalse verandering behels terwyl Traugott en Trousdale (2013) juis fokus op mikroveranderinge wat stap vir stap binne konstruksies plaasvind. Neoanalise word gesien as 'n mikrostap in konstruksionele verandering.

Traugott en Trousdale (2013:37) gebruik die verandering van die kwantifiseerder/hoeveelheidsbepaler *a lot of* as voorbeeld. Volgens hulle het daar 'n mikrostap neoanalise plaasgevind vanaf die betekenis daarvan as pragmatiese kenmerk van die hoeveelheidsbepaler 'n gedeelte' of 'n deel' totdat dit 'n semantiese kenmerk geword het van die hoeveelheidsbepaler wat beteken 'n groot hoeveelheid'. Konstruksionele semantiese verandering het dus plaasgevind tot 'n binominale stukdeel/(partitive) en binominale kwantifiseerder/kwantordetermineerders albei met *a lot* in die NP1 Naamwoordstuk 1 posisie.

In Oudengels het die woord *hlot* of *lot* verwys na 'n voorwerp – dikwels 'n stuk hout waardeur mense verkies is of geselekteer is byvoorbeeld tot 'n sekere titel of amptelike posisie dikwels deur God se hulp in te roep (*draw lots; lottery; lot fate*) en deur middel van metonimie het dit gedui op 'n gedeelte of eenheid wat verkry is deur middel van verkryging van hierdie posisie of seleksie (*lot of land*) of dan ook die keersy daarvan naamlik dat mens vanweë seleksie of keuring uitgesluit is van sekere voorregte (*one's lot in life*)

In Middelengels het hierdie gebruik van die deelpartikel/deelstuk *lot* ook saam met *of* verskyn:

- [2.6] He ne wass nohh wurrpenn mann.... Forr to forrwerrpenn
 he NEG was nothing become man . . . for to overthrow
 aniz lott Off Moysesess lare.
 any part of Moses' teaching
 'He (Jesus) did not become incarnate . . . to overthrow any part of Moses'
 teaching'. (c.1200 Ormulum, 15186; [MED lot n1, 2c])

'n Gedeelte impliseer hoeveelheid en in dieselfde Ormulum Middelengelse teks word die woord *lot* gebruik as verwysend na 'n groep wat weer dui op 'n groot hoeveelheid.

[2.7] A33 wass i piss middellærd Summ lott off gode sawless.

always was in this middle-earth certain group of good souls

'There was always in this world a group of good souls'. (c.1200 Ormulum, 19150 [MED lot n1, 2e])

So ontstaan konstruksies deur neoanaliserings.

Analisisering

Uitbreiding van 'n konstruksie na aanleiding van analogie is patroonherkenning en gevolglike kategorisering en dit behels twee prosesse (Fischer 2011). Hierdie twee prosesse is (a) analogiese denke of gewoon analogie, en (b) analisisering wat 'n meganisme of proses is en nie net blote gedagtes oor die oordrag van sekere kenmerke van een konstruksie op 'n ander, nuwe konstruksie nie (Anttila 2003; Fischer 2007). Beide analogie en analisisering behels sintagmatiese kombinasies en kontekstuele verhoudings sowel as paradigmatische aanpassings. Antilla (2003) verduidelik analogie deur dit van toepassing te maak op die Engelse metafoor 'warp and woof' ('skering en inslag' in Afrikaans). Hierdie metafoor word gebruik om te verwys na grondbeginsels van 'n sekere instelling byvoorbeeld: "The Constitution and the Declaration of Independence are the warp and woof of the American nation." (The new dictionary of cultural literacy, 2005). Hierdie uitdrukking word sedert 1500 gebruik en sluit aan by die weefproses waartydens drade vertikaal (*warp/skering*) en horisontaal (*woof/inslag*) inmekaargeweef word. Volgens Antilla (2003) neem analogie die sintagmatiese kontekstuele (*warp/skering*) en paradigmatische verhoudings (*woof/inslag*) in ag sowel as die hele figuurlike konstruksie self. Antilla (2003) verwys na 'n analogie-rooster wat paradigmatische (ikoniese) en sintagmatiese (ikale) dimensies betrek. Volgens Traugott en Trousdale (2013:37) is albei prosesse in grammatikale konstruksionalisering belangrik – eerstens ontstaan daar denke rondom sekere nuwe konstruksies wat analogies aansluit by bestaande konstruksies, maar dit dui nie op verandering nie: dit is eers tydens die proses van analisisering waartydens

die verandering plaasvind aangesien die nuwe konstruksie nou bestaan en toenemend meer gebruik word. Analogie as fase een is nadenke oor 'n moontlike nuwe konstruksie na aanleiding van analogie (die motiveringsfase) en fase twee is die meganisme van verandering (analogisering) waartydens 'n nuwe konstruksie op die patroon van 'n ander konstruksie tot stand kom. Analogie kan kortliks gesien word as patroonpassings – met ander woorde na aanleiding van die patroon (sintagmatiese en paradigmatische eienskappe) van een konstruksie sal 'n ander nuwe konstruksie gevorm word en dieselfde patroon volg. Fischer (2011) gebruik die voorbeelde van 'n spreker wat (a) eerder *brung* as *bring* se verledetydsvorm gebruik en nie *brought* nie en (b) wat *shaked* eerder as *shook* gebruik. Die spreker gebruik eerder voorbeelde (a) en (b) aangesien dit ooreenstem met 'n ander verledetyd-patroon naamlik *rung*, *stung*. Sy bevestig dat analogiese uitbreiding proporsioneel plaasvind. Sy reken dat hierdie proses nie die uitbreiding is van kontekste waarbinne 'n konstruksie kan plaasvind nie, dit volg slegs die gedrag en patrone van lede van ander konstruksies en 'n nuwe konstruksie kom derhalwe tot stand.

Grammatikale konstruksionalisering

Die voorstel wat deesdae binne konstruksiegrammatikakringe gemaak word, is om vas te stel of konstruksionalisering nie 'n nuwe bydrae kan lewer tot die studie van die verandering van die grammatika (grammatikalisering) nie, aangesien die nuwe tendens is om taalverandering as geïsoleerde entiteit te verwerp (sintaktiese, semantiese, pragmatiese, morfologiese verandering vind nie in isolasie plaas nie). Hierdie afdeling poog om 'n brug te slaan tussen die hedendaagse invalshoek om taalverandering van konstruksies uit te druk as konstruksionalisering en die tradisionele sieninge wat leksikalisering (verandering van grammatikale dele tot selfstandige lekseme) en grammatikalisering (verandering van lekseme tot grammatikale elemente) as afsonderlike entiteite beskou het.

Noël (2007:195) stel die volgende voor:

What both Grammaticalization Theory and diachronic Construction Grammar have so far failed to do, however, is draw an explicit distinction between the initial formation of a construction, i.e. **a primary association of meaning** with a particular morphosyntactic configuration, and the possible subsequent change of a construction into a more grammatical one.

Noël (2007:177-178) het in sy artikel: "Diachronic construction grammar and grammaticalization theory" die vraag gevra of diachroniese konstruksionalisering en grammatikalisering oorvleuelende dissiplines is en of mens hulle as afsonderlike entiteite moet beskou. Hy verwys na Bybee (2003) wat grammatikalisering beskou as die ontstaan van nuwe konstruksies en die kernvraag binne grammatikalisering is "Hoe verkry 'n taal sy grammatika". As vertrekpunt in sy studie het hy ondersoek ingestel na die rol van konstruksies in grammatikalisering.

Wat vir Noël (2007:191) uitstaan is dat alhoewel alle vorms van die grammatika konstruksies is, is dit belangrik om te onthou dat nie alle konstruksies grammatikaliseer nie. Elke ontstaan van 'n nuwe konstruksie (die bronkonstruksie) kan nie gesien word as deel van die proses grammatikalisering nie. Noël (2007:192) dui daarop dat grammatikalisering eerder die verandering is waarby 'n gedeeltelik substantiewe konstruksie 'n nuwe grammatikale betekenis verkry. Noël dui daarop dat daar 'n verskil is tussen skematisering en grammatikalisering. Konstruksionalisering vind in albei prosesse plaas maar dit is twee verskillende tipes verandering.

Leksikalisering hou eerder verband met skematisering wat deur Noël (2007:192) beskryf word as die ontwikkeling waardeur sekere strukturele patrone hulle eie betekenis verkry en op so 'n wyse bydrae lewer tot die leksikale items daarbinne – hierdie ontwikkeling lei tot gedeeltelike of volledige skematiese konstruksies. Daarteenoor is grammatikalisering semantiese verandering wat meer tot die grammatikale betekenis-kontinuum neig.

Albei prosesse lei tot die ontstaan en ontwikkeling van nuwe konstruksies, maar slegs die semantiese verandering in grammatikale betekenis-konstruksies het 'n ware

grammatikale betekenis. Leksikalisering kan dus ook gesien word as 'n diachroniese konstruksionalisering, maar dit hou nie verband met grammatikalisering nie. Hierdie twee verskillende tipe prosesse moet dus nie gesien word as dieselfde proses of vorms van konstruksionalisering nie.

Diachroniese Konstruksiegrammatika het dus 'n breër omvang as grammatikalisering en grammatikalisering is maar net een been van konstruksionalisering. Alle vorms van grammatikalisering het dus met konstruksies, hetsy atomies of kompleks, te make. Daarteenoor is alle vorms van konstruksionalisering nie noodwendig gemoeid met grammatikalisering nie.

2.5 SAMEVATTING

Hierdie studie maak gebruik van Croft se teorie – RKG – in die sin dat vorm sowel as funksie sentraal staan. Croft (2005:3) het die bestaan van sintaktiese relasies verwerp en voer aan dat alle sintaktiese konstruksies semantiese betekenis dra en ek sal dus enige konstruksie se sintaktiese en semantiese funksies en gebruike analiseer. Hierdie hoofstuk het verduidelik hoekom hierdie studie RKG gebruik en daar is vervolgens verduidelik wat konstruksies en konstruksienetwerke is. In Afdeling B word elke modale hulpwerkwoord afsonderlik bespreek en elke modaal se meso- en mikrokonstruksies word uitgelig. Die konstruksienetwerk van elke hulpwerkwoord word grafies uitgebeeld. 'n Spreker se kennis van konstruksies word georganiseer deur die semantiese verhoudings tussen verskillende konstruksies. Die semantiese verhoudings tussen konstruksies word in terme van 'n gestruktureerde konseptuele ruimte verteenwoordig. Enige linguistiese onderwerp (soos byvoorbeeld modaliteit) deel sekere betekenisonderskeidings wat universele konseptuele ruimtes veronderstel, maar individuele tale se spesifieke taalbeginsels kan op 'n konseptuele ruimte gekarteer word en hierdie individuele taalkarterings word semantiese kaarte genoem. Die linguistiese begrip – konseptuele ruimte – is verduidelik en toegelig met 'n bespreking oor semantiese kaarte. In afdeling B word semantiese kaarte van elke modale hulpwerkwoord daargestel. Elke modaal se funksies en semantiese

eienskappe word hierop aangedui en dit dien as basis waarvandaan die sinchroniese betekenis en diachroniese ontwikkeling van elke modaal verder ondersoek is.

HOOFSTUK 3 MODALITEIT

“If a coin comes down heads, that means that the possibility of its coming down tails has collapsed. Until that moment the two possibilities were equal.

But on another world, it does come down tails. And when that happens, the two worlds split apart.” Philip Pullman – The Golden Compass

3.1 INLEIDING

Modaliteit is 'n komplekse en uitdagende linguistiese kategorie waaroor daar talle dispute bestaan, soos wat ek in Hoofstuk 1 aangedui het. Een van die doelwitte van hierdie studie is om 'n werksmodel saam te stel waarvolgens modaliteit ondersoek kan word. Hierdie hoofstuk stel dit ten doel om modaliteit in al sy fasette te bespreek en te ondersoek om sodoende 'n voorlopige werksmodel saam te stel wat getoets sal word op Afrikaanse modale hulpwerkwoorde.

Hierdie model beoog om die verskillende fasette van natuurlike taal ten opsigte van modale hulpwerkwoorde binne een sisteem te versoen. Al die aspekte van taal sal saam beskou en ondersoek word, soos aanbeveel deur Croft (2001) en die RKG. Eerstens sal die semantiese dimensies van modaliteit onder die loep geplaas word. Die RKG en die konsep konstruksionalisering wys egter die aparte ondersoek na die verskillende aspekte van taal af en beveel aan dat taal bestaan as 'n konstruksiebasis en 'n konstruksie bestaan uit semantiese, sintaktiese, morfologiese en fonetiese aspekte. In hierdie studie is die fokustaal Afrikaans, maar soos dit van 'n tipologiese studie verwag word, word Afrikaans ook vergelyk met die tale Engels en Nederlands (Kyk Afdeling B).

As vertrekpunt van hierdie hoofstuk word die historiese oorsprong van die konsepte *modus* en *modaliteit* ondersoek aangesien daar baie verwarring bestaan in die linguistiek sowel as die modale logika oor die onderskeid hiertussen. Hierna sal die betekenisparameters van modaliteit uiteengesit word om 'n konseptuele ruimte (sien Croft, 2001:92) van modaliteit daar te stel. Hierdie konseptuele ruimte sal as agtergrond dien waarteen die semantiese kaart (kyk Croft, 2001:93) van modaliteit

saamgestel sal word met behulp van inligting soos versamel uit 'n bespreking van die verskeie teorieë en modelle tans aan bod binne die linguistiek. Nadat 'n semantiese kaart van modaliteit opgetrek is, sal daar kortliks verwys word na die RKG en ander teoretici se siening van die sintaktiese aspekte⁶ van modaliteit. 'n Meer omvattende bespreking van en ondersoek na sintaktiese en morfologiese aspekte sowel as die semantiese aspekte van die onderskeie tale betrokke sal in Afdeling B aangebied word.

3.2 HISTORIESE OORSPRONG VAN DIE KONSEP MODALITEIT

3.2.1 MODUS EN MODALITEIT

Die konsep *modaliteit* kan in die lig van die ouer konsep *modus* ondersoek en verstaan word. Wanneer teorie oor *modaliteit* bestudeer word, is die heel eerste knelpunt aan bod die verskil tussen *modus* en *modaliteit*. Binne die domein van die linguistiek is *modus* (*mood*) en *modaliteit* (*modality*) linguistiese kategorieë wat dikwels verwar word.

Khomutova (2014:395) verduidelik dat die verskil tussen *modus* en *modaliteit* gesien word as onderskeid tussen *modus* as die grammatikale nosie van 'n uitdrukking teenoor *modaliteit* wat 'n semantiese nosie is. Huddleston en Pullmann (2002:172) beskryf die onderskeid tussen *modus* en *modaliteit* as 'n soortgelyke onderskeid wat tussen *tempus* en *tyd* getref word of tussen *aspek* en *aspektualiteit*. *Modus* is 'n kategorie van grammatika en *modaliteit* is 'n kategorie van betekenis. Nuyts (2016a:1) verwys na *modus* as die ouer term waaroor meer gepubliseer is maar *modaliteit* as die nuwer term en tans meer dominante konsep. Vantevore is daar verwys na tyd,

⁶ Die basiese morfologiese (vormlike verskynsels) word onder 3.3 bespreek. Meer komplekse verskynsels word in Hoofstuk 5 ondersoek. Fonetiese aspekte is nie vir die doel van hierdie studie noodsaaklik nie en daar sal dus nie hierna verwys word nie.

aspek en *modus* maar toenemend word die term *modus* minder gebruik en word daar meer belangstelling getoon in die konsep *modaliteit* (Nuyts, 2016a:2).

Die woord *modus* in Afrikaans is ekwivalent aan die Engelse *mood*. *Mood* verwys eerstens na 'n gedagteraamwerk (a frame of mind) of disposisie van iemand soos gesien word in die frase: 'to be in a good mood'. Naas *mood* staan die woord *mode* wat ook vertaal word in Afrikaans as *modus*. Van der Auwera en Aguilar (2014:2) verduidelik die etimologie van die woord *modus* as van Latynse en Franse oorsprong. Die Latynse *modus* beteken *manner/manier* of *measure/afmeting* en is deel van Engels sedert die ontwikkeling van laat Middelenengels deur middel van die Franse woord *mode*. Hierdie term hou verband met die grammatika en dui binne grammatikale verband op verskillende maniere waarop die werkwoord uitgedruk kan word. Die oorspronklike betekenis van die woord *mood* (as frame of mind) is polisemies en het 'n grammatikale strekking en kan dus ook binne die bestek van die term *modus* ingesluit word. Die Oxford English Dictionary (OED – aanlyn 2016) sê die volgende van die woord *mood*:

mood was 'perhaps reinforced by association' with the Germanic 'mental state' sense, since some central modes of the verb were the indicative, the imperative, and the optative and these relate to mental states such as knowing, wanting and wishing. (My beklemtoning)

Die OED aanlyn se oudste terugverwysing na die term **mood (c 1450)** lui soos volg: "A verbe... is declined wyth moode and tyme wyth oute case (OED, lemma *mood* & lemma *mode*)" (Thomson 1984).

Engels gebruik dus slegs die een woord **mood** om na die Germaanse (in a good mood) en Latynse (manner) oorsprong daarvan te verwys. Ander Germaanse tale soos byvoorbeeld Noorweegs, Duits en Sweeds gebruik slegs die woord **modus** terwyl Nederlands eerder **wijs/wijze** 'n algemene 'manier' as **mood** voorhou. (Van der Auwera & Aguilar, 2016:10)

In die Middeleeue het die term **modus** verband gehou met wat ons vandag na verwys as **modaliteit**. Sedert die Antieke Grieke is daar van binne die filosofiese, teologiese

en logikaterreine belangstelling getoon in die konsepte **noodsaaklikheid** en **moontlikheid**. Wanneer daar vanaf die 11de eeu oor 'n proposisie se betekenis as die uitdrukking van moontlikheid of noodsaaklikheid gepraat is, is daar na die proposisie se **modus** verwys. Die term **modaliteit** is afgelei van die Latynse woord **modalitas**. Deur middel van die Franse woord **modalité** het **modality** in die Engelse woordeskat ingekom. Die huidige linguistiese gebruik van die woord is van 1907 in Engels teenwoordig en sluit aan by die filosofiese en logiese betekenis daarvan wat die proposisie as noodsaaklik of moontlik kwalifiseer (van der Auwera & Plungian, 2016:10).

Die eerste voorkoms van **mood/modus** as linguistiese grondwoorde is in die eerste eeu v.C. die eerste twaalf boeke van die Romaanse retorikus Quintilius se *Institutio Oratoria*. Quintilius bespreek algemene grammatikale foute en dui aan dat dit veral ten opsigte die werkwoordkategorie en spesifiek die gebruik van die modus is waar foute gemaak word. Hy verwys na ses of agt tipes modi maar nêrens gee hy sy definisie van modus weer nie. Hy bring dit egter in verband met die begrippe status en qualitas (kwaliteit) as sinonieme. (Van der Auwera & Aquilar, 2016:11)

Die Griekse grammatikale teoretikus Dionysius Thrax kry krediet dat hy die eerste grammatika geskryf het aangesien hierdie beginsels steeds tot vandag toe bestaan. In die *Techné grammatiké* (Kuns van Grammatika) gee hy die grammatika van Grieks weer. (Van der Auwera & Aquilar, 2016) Hoofstuk 13 van hierdie dokument gaan oor die werkwoord en hy sê die volgende daaroor:

- Die werkwoord het agt kenmerke: mood/modus (enklísis), state/staat, species/spesies, shape/vorm, number/getal, person/persoon, tense/tyd, and conjugation/vervoeging.
- Daar is vyf tipes mood/modi: defining/definiërend (oristiké), imperative/imperatief (prostaktiké), optative/optatief (euktiké), subjunctive/subjunktief (upotaktiké), en infinitive/infinitief (aparénfatos) (Techné grammatiké)

Dionisius verskil van Quintillias wat ses tot agt verskillende modi voorgestel het. Dionisius het ook nie 'n definisie van **modus/mood** gegee nie maar wel die onderliggende klassifikasies (van der Auwera & Plungian, 2016:17).


Dat teoretici die terme **modus en modaliteit** begin verwar het of as geïntegreerde terme gebruik het, is al 'n eeuelange debakel. **Modus** as die **imperatief** óf **modus** as die karakterisering van 'n proposisie as **noodsaaklik** is 'n knelpunt (Van der Auwera & Aguilar, 2016:9). Die begrip **modus** of dan te wel die Engelse vertaling **mood** was nog nooit met vaste terme gedefinieer nie en daar was nog nie 'n tyd wat daar konsensus oor hierdie begrip verkry is nie. Michael (1970:434) het in 'n ondersoek van 223 grammatikatekste oor Engels bevind dat daar in die tydperk 1586 en 1801, 23 verskillende tipes **moods** of **modi** genoem is en 19 tekste ontken die bestaan van **mood/modus** heeltemal.

Gevolgtrek wil dit voorkom asof die begrippe **modus/mood** en **modaliteit** as afsonderlike konsepte hanteer is voor die talige wending in die 20ste eeu. Die fokus was vir eeue lank op die **mood/modus** as 'n werkwoordelike kategorie en klem is geplaas op die uitdrukking en morfologiese eienskappe van die werkwoord se **modi/moods**. Die konsep **modaliteit/modalite** is as filosofiese logiese entiteit weer op die voorgrond getrek deur filosowe soos byvoorbeeld Kant (*Kritik der reinen Vernunft* 1781) wat na die moontlikheid en noodsaaklikheid van proposisies verwys het.

Problematical judgments are those in which the affirmation or negation is accepted as merely possible (ad libitum). In the assertorical, we regard the proposition as real (true): in the apodeictical, we look on it as necessary. (Kant *Critique of Pure Reason*, vertaling Meiklejohn, 1934:76)

Die konseptuele onderverdeling van **modaliteit** as uitdrukking van noodsaaklikheid en moontlikheid het al van die vroegste tye af filosowe, veral Griekse filosowe soos Aristoteles (*De Interpretatione* 6-7, 17b 17-26 in Horn 1990) geboei. Aristoteles het in 'n *Vierkant van Teenstelling* die twee teenpole noodsaaklikheid en moontlikheid

diagrammaties uitgedruk (Die *Vierkant van Teenstelling* is moontlik die eerste konseptuele ruimte vir modaliteit).



Figuur 3.1 Vierkant van teenstelling

Die vierkant se linkerkant is positief en die regterkant is negatief. Die boonste linkerhoek: A en die onderste linkerhoek: I is die **a** en **i** in die Latynse woord **affirmo** (I affirm; Ek bevestig/bekragtig). Die E en O aan die regterkant is die **e** en **o** in die Latynse woord **nego** (nego= I deny; Ek ontken). Die boonste waardes impliseer die onderste, met ander woorde as iets noodsaaklik is dan is dit ook moontlik. Voorts impliseer dit dat as iets onmoontlik is, dan is dit nie noodsaaklik nie. Die waardes wat diagonaal van mekaar af lê is teenstrydig en weerspreek mekaar. Dit impliseer dat iets nie terselfdertyd noodsaaklik en onnoodsaaklik kan wees nie; iets kan nie terselfdertyd moontlik en onmoontlik wees nie. Die verhouding tussen A en E is teenstellend en nie komplimentêr nie en kan dus nie terselfdertyd geldig wees nie. 'n Situatie kan nie

terselfdertyd noodsaaklik en onmoontlik wees nie. A en E kan egter tegelykertyd saam ongeldig of vals wees wat impliseer as iets nie noodsaaklik is nie, dan is dit ook nie onmoontlik nie. Die teenoorgestelde gebeur met die verhouding tussen I en O wat terselfdertyd saam geldig kan wees, maar nie tegelykertyd ongeldig kan wees nie. Hierdie verhouding het egter vir Aristoteles en ander (Horn, 1990:454) probleme veroorsaak, maar dit val buite hierdie studie se fokus. Die konseptuele analyses wat voorspruit uit hierdie *Vierkant* is deur logici maar ook deur linguïste oorgeneem en hoe taal ook al bestudeer word, is hulle eens dat as gegewens noodsaaklik is, dan is dit ook moontlik en gevolglik is die onderliggende aanname dat die modale hulpwerkwoord *moet* in baie gevalle ook *kan* of *mag* impliseer. Die nut van Aristoteles se teorie rondom hierdie *Vierkant van Teenstelling* is om te demonstreer hoe idees rondom noodsaaklikheid en moontlikheid al vir eeue lank knelpunte is in die filosofie en linguïstiek (Van der Auwera & Aguilar, 2016:14-15).

Dit was eers in 1977 met die publiserings van John Lyons se seminale teks in twee volumes naamlik *Semantics* dat **modaliteit** as 'n afsonderlike konsep behandel is. In hierdie teks is **modaliteit** met spesifieke verwysing na modale hulpwerkwoorde behandel en **modus** is behandel as spesifiek verwysend na taalhandelings (soos oorspronklike deur die Grieke gebruik). In die volgende 2 dekades daarna het daar baie baanbrekerswerk oor die onderwerp **modaliteit** verskyn vergelyk Jennifer Coates (1983); Palmer (1986, 2001), Halliday (1970) en Leech (1979) en in hierdie tekste is veral idees oor **modaliteit** by die filosofie en logika ontleen. Dit is veral by die Finse logikus Georg Henrik von Wright se essay – *Essay in modal logic* (1951), waar Palmer (1986) inspirasie gekry het om die verskillende tipes modaliteit te onderskei. Von Wright (1951) het onderskeid getref tussen, onder andere, aletiese, deontiese, epistemiese en eksistensiële modaliteit. Van hierdie vier kategorieë wat Von Wright onderskei het, is dit veral deontiese en epistemiese modaliteit wat algemeen deur teoretici gebruik word.

Binne die Westerse linguïstiek vind die opkoms van die konsep **modaliteit** tans ten koste van die konsep **modus** plaas. Dit is veral te danke aan Palmer (1986), van

Wright (1951) en Kant (1781) wat die term **modaliteit** tans so baie aandag geniet onder moderne teoretici. **Modus** word eerder steeds gesien as 'n taalhandeling soos deur ou Grieke voorgehou en dit word beskou as slegs 'n dimensie van modaliteit. Die Dionysiese nosie van **modus** as onafhanklike taalhandeling (met verwysing na die werkwoord as **indikatief** of **subjunktiief** en nou ook die **irrealis/realis**) word steeds deur teoretici beaam, maar **modaliteit** is nie meer 'n onderafdeling daarvan soos in die laat 16de en 17de en die begin van die 20ste eeu gesien nie. **Modus** word gesien as 'n konsep wat verband hou met die morfologie van die werkwoord en is 'n betekenis wat uitgedruk word deur die infleksie van die werkwoord. Gevolglik is **modus** ook 'n grammatikale en formele kategorie wat verband hou met modaliteit soos wat tempus en tyd met mekaar verband hou (Van der Auwera & Aguilar, 2016:18). Die polisemiese aard van die term **modus** en die terminologiese verwarring wat veroorsaak is in die gebruik daarvan is redes hoekom hierdie konsep nie meer oor die laaste paar jare graag gebruik of bestudeer is nie.

Van der Auwera en Aguilar (2016) se historiese bespreking van die konsepte **modus** en **modaliteit** bevestig dat die dispuut oor die konsepte **modus** en **modaliteit** al vir langer as tweeduisend jaar bestaan en dit dra by tot die gebrek aan terminologiese ooreenstemming. Hulle beklemtoon egter dat geen student wat enige van die twee onderwerpe bestudeer, die ander konsep kan vermy nie en dat die bestudering van die diachroniese ontwikkeling hiervan noodsaaklik is vir enige sinchroniese ondersoek, wat die doelwit is van hierdie studie. Om aan te sluit by die konsepte **modus** en **modaliteit** is daar vervolgens 'n bespreking oor die sinchroniese vormlike en funksionele (semantiese) parameters van **modus** en **modaliteit**, met spesifieke verwysing na modale hulpwerkwoorde (die fokus van hierdie studie) binne die linguistiek.

3.3 LINGUISTIESE DEFINISIES VAN MODUS EN MODALITEIT

3.3.1 WAARNA VERWYS DIE KONSEP MODUS/MOOD VANDAG?

Modus is 'n grammatikale kategorie en meer spesifiek verbale kategorie. Daar word tradisioneel verwys na drie moduskategorieë waarin werkwoorde as imperatief, indikatief en subjunktief voorkom. Die term **modus** word gewoonlik toegepas op infleksiesisteme van die werkwoord soos gesien in die kontras tussen die indikatief, subjunktief en imperatief in tale soos Latyn, Frans en Duits. Wat Engels aanbetref is **modus** op historiese basis min of meer geëlimineer uit die infleksiesisteme (Huddleston & Pullum, 2002:172). Meeste **modus**-klausies kan ook onderverdeel word as realis (feitelik) of irrealis (teenfeitelik), met indikatief as Realis en die subjunktief as Irrealis.

Imperatiewe druk die spreker se opdrag of bevel aan iemand anders uit:

[3.1] Kom hier!

Indikatiewe modus is wanneer die spreker 'n sekere aksie as feit (indikatie) aanbied:

[3.2] Hy is hier.

[3.3] Hy sê so.

Die subjunktiewe modus dui aksies as nie-feite aan byvoorbeeld wens

[3.4] Ek wens hy was hier.

3.3.2 DIE SEMANTIESE BETEKENISNUANSES VAN MODALITEIT BINNE DIE LINGUISTIEK

In hierdie afdeling staan die betekenisaard van *modaliteit* in al sy skakerings voorop. Teen die agtergrond van die modale logika en verskeie linguistiese studies wat daaruit spruit, word daar vervolgens 'n ondersoek ingestel na die 'verskillende betekenisse' van modaliteit vir die vaslegging van 'n omvattende begrip van die konsep modaliteit.

Modaliteit word op meer as een wyse uitgedruk (Van der Auwera & Diewald, 2012). Afhangende van die linguistiese of buite-linguistiese konteks, vertoon die modaal onder bespreking sekere **betekenisskakerings**.

Traugott (2011:381) verwys na modaliteit as 'n superkategorie wat leksikaal of grammatikaal uitgedruk kan word. Sy sien modale uitdrukkings as:

- Nie-feitelik (irrealis),
- Verbandhoudend met die idee van moontlike wêreld (soos deur Kratzer genoem), en
- dat dit die spreker se idee oor die noodsaaklikheid of moontlikheid van die stand van sake is.

Traugott (2011) verwys ook na die betekenisparameters van ***waarskynlikheid**⁷, ***moontlikheid**, ***noodsaaklikheid** en ***verpligting** wat deur verskillende grammatikale of leksikale merkers uitgedruk word.

[3.5] Jy *moet* na die lesing gaan. {verpligting}

[3.6] Dit is noodsaaklik dat jy na die lesing toe sal gaan. {noodsaaklikheid}

[3.7] Jy *moet* bly wees oor die uitslae. {waarskynlikheid}

[3.8] Ek lei af jy is bly oor die uitslae. {moontlikheid}

Albei gevalle (in sin 5 en 7) van *moet* is grammatikale merkers en die gebruik van *noodsaaklik* en *aflei* is leksikale merkers. Modaliteit kan uitgedruk word deur **grammatikale merkers (modale hulpwerkwoorde)** maar ook leksikale merkers soos **werkwoorde** byvoorbeeld *glo* of *veronderstel*, **adjektiewe** soos *moontlik* en *noodsaaklik* en **bywoorde** *miskien* en *regtig*. Leksikale items soos werkwoorde, bywoorde en selfstandige naamwoorde vertoon ook modale betekenis (Huddleston 2002:173). Die uitdrukking van modaliteit deur middel van leksikale werkwoorde, adjektiewe of bywoorde is buite die raamwerk van hierdie studie en daar sal nie verder

⁷ In hierdie afdeling sal alle betekenisskakerings van modaliteit met 'n asterisk* aangedui word om sodoende 'n konseptuele ruimte van modaliteit saam te stel.

hieroor uitgebrei word nie. Vir die doel van hierdie studie word dit nie bespreek nie maar net hier genoem:

Leksikale uitdrukkings van modaliteit:

Engels	Afrikaans	Nederlands
perhaps	dalk/miskien	misschien
possibly	moontlik	mogelijk
necessarily	noodwendig	noodzakelijkerwijs
probably	waarskynlik	waarschijnlijk
certainly	sekerlik	zeker
surely	sekerlik	zeker

Tabel 3.1 Modale bywoorde in Engels, Afrikaans en Nederlands

Engels	Afrikaans	Nederlands
insist	aandring	aandringen
permit	toelaat	toelaat
require	vereis	vereisen

Tabel 3.2 Modale hoofwerkwoorde in Engels, Afrikaans en Nederlands

Engels	Afrikaans	Nederlands
possible	moontlik	mogelijk
necessary	noodsaaklik	noodzakelijk
likely	waarskynlik	waarschijnlijk
probable	waarskynlik	waarschijnlijk
bound	verplig	gebonden
supposed	veronderstel	vermeend

Tabel 3.3 Modale adjektiewe in Engels, Afrikaans en Nederlands

Engels	Afrikaans	Nederlands
possibility	moontlikheid	mogelijkheid
necessity	noodsaaklikheid	noodzakelijkheid
permission	toestemming	toestemming

Tabel 3.4 Modale selfstandige naamwoorde in Engels, Afrikaans en Nederlands

Die fokus van hierdie studie is grammatikale uitdrukkings in die vorm van modale hulpwerkwoorde en vervolgens sal leksikale merkers van modaliteit nie verder bespreek word nie.

Die semantiek van modale hulpwerkwoorde

Bes moontlik is die belangrikste kenmerk waarvolgens die verskeie modale betekenisse saam gegroepeer word, die bestaan van 'n kenmerkend kruislinguistiese tendens van tale om te beskik oor 'n groep grammatikale uitdrukkingsvorme wat bekend staan as modale hulpwerkwoorde. Hierdie modale hulpwerkwoorde druk die betekeniskategorieë soos omskryf in 3.5 uit. Nog meer opmerklik is die feit dat hierdie groep modale hulpwerkwoorde ook in 'n kruis-linguistiese, sistematiese, ontwikkelingsverhouding bestaan – hulle ontwikkel op 'n taamlik gesistematiseerde, spesifieke roete van dinamies tot deonties tot epistemies (kyk na 3.5 vir definisies). Hierdie roete is diachronies van aard (Bybee, 1985; Goossens, 1982, 1999; Nuyts, 2001, 2007; Shephard, 1982; Traugott, 2006). Van Ostayen en Nuyts (2004) het hierdie hipotese op die diachronie van *kunnen* getoets en bevind dat hierdie ontwikkeling van dinamiese tot deontiese modaliteit en geleidelik vandaar af tot epistemiese betekenisse moontlik gebeur deur metonimiese prosesse wat sterk beïnvloed word deur kontekstuele faktore. Hierdie proses is nie noodwendig liniêr nie aangesien sommige epistemiese betekenisse direk uit die dinamiese betekenisse

ontstaan het, maar daar is heelwat gevalle waar modale betekenis van dinamies na deonties tot epistemies ontwikkel het.

Die Longman Grammar of Spoken and Written English (1999) onderskei nege sentrale modale hulpwerkwoorde in **Engels**: *can, could, may, might, shall, should, will, would* en *must*. Hierdie modale hulpwerkwoorde gaan die negatiewe partikel 'not' vooraf, en word voor die subjek in ja/nee-vrae geplaas. In Engels word modale hulpwerkwoorde gevolg deur 'n enkel spilwerkwoord, byvoorbeeld:

[3.9] *Can see*

[3.10] *Would go*

Volgens die ANS (Algemene Nederlandse Spraakkunst) het **Nederlands** (ans.ruhosting.nl/e-ans/index.html) die volgende klassieke modale hulpwerkwoorde: *kunnen, moeten, (be)hoeven, mogen, willen, zullen* met imperfektumvorms *kon/konden, moest/moesten, mocht/mochten wilde/wilden, zou/zouden*.

In **Afrikaans** verskil De Villiers en Ponelis ten opsigte van hulle onderskeid tussen Modale hulpwerkwoorde. Ponelis (1979:246) onderskei vier hooftypes modale hulpwerkwoorde:

(a) *Durf, kan, wil, wou, sal, sou, kon, moet, moes*

(b) *Behoort en hoef*

(c) Die modale partikel *te*

(d) 'n resgroep met *blyk*

(a) *Durf, kan, mag, moet, sal* en *wil* verbind direk met die hoofwerkwoord:

[3.11] *Durf/kan/mag/moet weggaan*

Die modale hulpwerkwoorde *kan, moet, sal* en *wil* het preteritale fleksie naamlik *kan -kon; moet -moes; sal-sou* en *wil-wou*. Die preteritale vorm van *mag* – naamlik *mog* is ongebruiklik.

Die preteritale vorms het **temporele** (naamlik in die verlede tyd) en **hipotetiese** waarde:

***Temporeel:**

[3.12] Toe ek jonger was *kon* ek die myl onder vyf minute draf.

***Hipoteties:**

Hierdie preteritale vorms is **teenfeitelik**

[3.13] As ek jou *kon* help, sou ek.

[3.14] Enigiets *kon* gebeur het, maar gelukkig het alles goed afgeloop.

In die volgende voorbeelde word die preteritale vorms met groter omsigtigheid gebruik:

[3.15] Sal jy my *kan* help?

[3.16] Sou jy my *kon* help?

[3.17] Meneer Botha *sal* so iets *wil* voorstel.

[3.18] Meneer Botha *sou* so iets *wou* voorstel.

(b) Ponelis dui *behoort* en *hoef* ook aan as modale hulpwerkwoorde. Dit sou moontlik gesien kan word as quasi-modale soos Collins (2009) en De Haan (1997) daarna verwys. *Behoort*, *hoef*, *blyk* en *skyn* tree op met die modale partikel *te en* figureer as infinitiefsinne sonder *om*.

[3.19] *Behoort* te weet.

[3.20] *Hoef* niks te doen nie.

De Villiers (1971) onderskei *behoort*, *hoef*, *kan*, *mag*, *moet*, *sal* en *wil* as modale hulpwerkwoorde sonder om *durf* hierby te betrek.

	Afrikaans	Engels	Nederlands
Kern Modale Hulpwerkwoorde	Kan/kon	Can/could	Kunnen/konden
	Sal/sou	Shall/should	Zullen/zouden/
	Wil/wou	(Want to)	Willen/wouden
	Moet/moes	must	Moeten/moesten
	Mag/mog	may	Mogen/mocht/mochten
			(be)hoeven
Kwasi-Modale Hulpwerkwoorde	Behoort (te)	Ought to	
	Hoef (te)	Need/need to	
	Blyk (te), skyn (te), durf	seems	Blijken, schijnen, durven

Tabel 3.5 Modale hulpwerkwoorde in Afrikaans, Engels en Nederlands

Tabel 3.5 benoem al die modale hulpwerkwoorde in 'n die drie Germaanse susterstale Afrikaans, Engels en Nederlands. 'n Volledige tipologiese bespreking en vergelyking van die vorm en funksie van Afrikaans, Engels en Nederlandse kern modale hulpwerkwoorde word in Afdeling B aangebied.

'n Grammatikale kategorie wat met modale oorvleuel is ***temporele uitdrukkings**. Modaliteit, tempus en aspek is veral in die verlede as gesamentlike oorhoofse kategorie, naamlik die TAM-kategorie bestudeer. Die moderne tendens is dat hulle as afsonderlike, selfstandige entiteite hanteer word en hierdie studie sluit hierby aan. Die funksionele verhouding tussen hierdie drie kategorieë kan egter nie ontken word nie, aangesien hulle semantiese en sintaktiese ooreenkomste vertoon. Hierdie drie kategorieë staan sentraal ten opsigte van die spreker se kwalifisering van die status van omstandighede en die uitdrukking daarvan in taal (Squartini, 2016:52). Tempus, aspek en modaliteit deel ook sekere leksikale en grammatikale merkers, byvoorbeeld

infleksiemerkers, hulpwerkwoorde en partikels stem dikwels ooreen. Wanneer tempus (*tense*) as objektiewe bestemming op die tyd-aksis geplaas word, staan dit onafhanklik van modaliteit. Aangesien modale houdings egter bydra tot beggrondingspredikasies, behoort modale merkers en tyd tot dieselfde kognitiewe dimensies en kan hulle direk in verband staan met mekaar (Patard & Brisard, 2011; Squartini, 2016:52). Modaliteit word gesien as konsepte wat op 'n skaal lê tussen moontlikheid en noodsaaklikheid (van der Auwera & Plungian, 1998) en dui ook nie-feitelikheid aan (Narrog, 2005). Gevolglik kan die noue verband met tempus (*tense*) nie ontken word nie.

Modale hulpwerkwoorde kan die **toekomende tyd** aandui (Traugott, 2011:384; Squartini, 2016:53) en aangesien enige deikties toekomende proposisie nog nie plaasgevind het nie (byvoorbeeld in die geval van *sal*), kan hierdie proposisie slegs tot die domein van moontlikheid behoort. Ook nie-feitelike uitdrukkings hou verband met sowel die toekomende tyd as modaliteit aangesien die feitelikheid van die uitdrukking bevestigteken word. Die moontlike modale betekenis van modale hulpwerkwoordkonstruksies vir die toekomende tyd is deur verskeie studies ondersoek. In terme van Engelse *will* is die debat al gevoer (Depraetere & Williams, 2010) oor die insluiting van *will* as modaal of nie met die argument dat die nie-feitelike betekenisnuanse van *will* 'n modale ondertoon het. In terme van Afrikaans, het Kirsten (2016) in haar proefskrif die verband tussen *sal* en *gaan* ondersoek, maar die fokus van haar studie was nie modaliteit as sodanig nie. Alhoewel haar bevindings gebruik *sal* word, sal die modale hulpwerkwoorde in hierdie studie aan 'n groter korpuslinguistiese analise blootgelê word. Op soortgelyke wyse sal die modale hulpwerkwoorde *could/kon*; *might/mag*; *should/sou* en *would/wou* se betekenis as **suiwer verlede tyd-tempusaanwysers** of as modale hulpwerkwoorde ondersoek word.

Kyk byvoorbeeld na die volgende voorbeelde:

[3.21] I knew I *would* put on weight.

Ek het geweet ek *sou/sal* gewig optel.

[3.2] In 1971 he knew he *could* help his brother in his illnesses by writing about their childhood.

In 1971 het hy geweet hy *kan/kon* sy broer in sy siekte help deur oor hulle kinderjare te skryf.

Biber et al. (1999:484) verduidelik dat hierdie sinsvoorbeelde nie soseer die aanduiding is van tyd nie, maar die spreker se houding word eerder uitgedruk. Modale geassosieer met die verlede tyd druk meestal ***hipotetiese situasies** uit (net soos Ponelis (1979) daarna verwys het) en ondertone van beskaaftheid en voorlopigheid kan hierdeur uitgedruk word:

[3.23] *Could* I sit here a minute, Joyce?

(Kan ek vir 'n minuut hier sit, (asseblief) Joyce?)

[3.24] *Could* you sign one of these too? *Would* you mind?

(Kan jy een van hierdie ook teken? Sal jy omgee?)

Let op dat die direkte Afrikaanse vertaling van *could* na *kan* nie hierdie betekenisonderskeid van *could* het nie. 'n Tipologiese ondersoek tussen die ooreenkomste en verskille tussen Afrikaanse en Engelse en Nederlandse modale hulpwerkwoorde volg in Afdeling B.

Biber et al. (1999:485) beveel aan dat modale ongemerk is vir tyd, maar dit verskil van Traugott (2011) en Depraetere en Williams (2010). Die verband tussen modale en tyd word hier verder ondersoek.

Die verband tussen ***kondisionele voorwaardelike** sinne en modale betekenis bestaan ook in Engels (Traugott 2011:384) aangesien hierdie sinne ook nie-feitelik kan wees. Tyd, kondisionele en modaliteit kombineer in die teenwoordige tyd teenstellende kondisies en in Engels kom dit veral voor met kombinasies van *had* (*pluperfect*) en *would have*

[3.25] If you *had* sent me your paper on modality I *would have* cited it.

As jy aan my jou artikel oor modaliteit gestuur het, *sou* ek dit aangehaal het.

In Afrikaans is dit die voegwoord *as* en die verlede tydsvorm *gestuur het* sowel as die modale hulpwerkwoord *sou* waaruit hierdie voorwaardelike konstruksie bestaan. Onderzoek na hierdie tipe konstruksies sal in Afdeling B plaasvind aangesien dit nog nie in Afrikaans gedoen is nie. 'n Volledige tipologiese bespreking van die ooreenkomste en verskille tussen Engels, Nederlands en Afrikaanse modale hulpwerkwoorde vind in Afdeling B plaas.

Modale hulpwerkwoorde en Kwasi-modale hulpwerkwoorde

Biber et al. (1999:484) verwys na marginale hulpwerkwoorde. In Engels is die marginale hulpwerkwoorde:

Need (to) –

Ought (to) – (*Behoort...te*)

Dare (to) (*durf...om te*)

Used (to)

In Engels is *need* en *dare* sonder die infinitief *to* negatief, met die *to*-infinitief is die gebruik ook positief.

Let op die gebruik van hierdie modale in die infinitiewe konstruksie. Hierdie quasi-modale neem ook net soos die vol modale hulpwerkwoorde negativering en ja/nee vraag-inversie.

Daar kom ook 'n paar idiomatiese uitdrukkings voor wat dieselfde funksie as modale verrig en hierdie frases sowel as die bogaande marginale hulpwerkwoorde staan bekend as kwasi-modale, quasi-modale of perifrastiese modale:

Had better

Have to

Got to

Be supposed to

Be going to

Anders as die kern modale hulpwerkwoorde kan sommige van die kwasi-modale in Engels vir tyd en persoon gemerk word en hulle kan as nie-finite vorms voorkom. In die infinitiewe vorm kan kwasi-modale met 'n sentrale modale werkwoord of 'n ander kwasi-modaal voorkom:

[3.26] He *had to* call the police.

[3.27] The county council will *have to* ask colleges to bid for money on its behalf.

[3.28] Maybe she *needs to* grow up a bit more.

[3.29] You might *need to* get back quick.

Benewens hierdie paar voorbeelde is daar ook ander uitdrukkings wat modale betekenis vertoon soos byvoorbeeld: *want to, be able to, be obliged to, be likely to* en *be willing to*. Hierdie uitdrukkings verskil egter van bogenoemde kwasi-modale in die opsig dat die dele waaruit hierdie frases opgebou is onafhanklik staan tot die oorhoofse betekenis van die frase (Biber et al., 1999:484).

Hierdie bespreking oor Engelse kwasi-modale kan nie met 'n bespreking oor Afrikaanse kwasi-modale (*behoort, hoef, blyk, skyn, durf*) aangevul word nie aangesien daar nog nie 'n studie daaroor in Afrikaans gedoen is nie. Ponelis (1979: 246) en De Villiers (1971:28) het hierdie modale wel benoem, maar nie bespreek nie en dit word ook uit hierdie studie se besprekings weggelaat.

Sommige hulpwerkwoorde se betekenisaaarde druk modaliteit uit soos gesien in die voorbeeldsinne:

[3.30] The prime minister *must have* thought about the problem.

Die eerste minister *moes* oor die probleme gedink het.

[3.31] The prime minister *may have* thought about the problem.

Die eerste minister *mag/kon* oor die probleme gedink het.

In die eerste voorbeeld glo die spreker dit is ***hoogswaarskynlik** dat die eerste minister oor 'n bepaalde probleem gedink het. *Moes* druk die spreker se bepaalde indruk of waarheidsperspeksie oor die eerste minister se gedagtes ten opsigte van die probleem uit wat in hierdie geval dui op 'n **hoë graad van sekerheid** oor die feitlikheid van sy uitdrukking. In sin 31 het die spreker **minder sekerheid** oor die eerste minister se gedagtes en die proposisie as sodanig druk dus minder feitlikheid of geloofwaardigheid uit. Uit hierdie voorbeelde kan afgelei word dat modaliteit in verskillende situasies uitgedruk kan word.

In die voorbeeldsinne:

[3.32] You *must* solve the problem.

Jy *moet* die probleem oplos.

[3.33] You *may* solve the problem.

Jy *mag* die probleem oplos.

is dieselfde modale hulpwerkwoorde naamlik *moet* en *mag* hier onder bespreking maar die betekenisaarde verskil.

In sin 32 dra *moet* die betekenis van ***verpligting** en *mag* se betekenisonderskeiding is ***toestemming**. Dit verskil van die betekenisnuanses ***waarskynlik**, ***geloofwaardig** en ***onsekerheid** soos gesien in sin 33.

Die verhouding tussen vorm en funksie staan hier op die voorgrond aangesien sekere vorms/modale hulpwerkwoorde polisemies is en verskillende betekenisskakerings vertoon, maar ook omdat die merkers kontrasterende betekenisse in ander tale toon. *Can* en *may* kan sinonimies in verskeie omstandighede optree, maar nie volledig nie – net soos wat *can* in Engels, *kan* in Afrikaans, *kunnen* in Nederlands en *können* in Duits soortgelyke betekenisse in **sekere omstandighede** maar ook kontrasterende betekenisse in **ander kontekste** dra (Van der Auwera & Diewald, 2011:3). Hierdie verskillende betekenisse wat lê in dieselfde woorde/vorms *moet* en *mag/kan* word gesien as uitdrukings van modaliteit en hulle dra elk verskeie semantiese funksies (Van der Auwera & Diewald, 2011).

De Villiers (1971:81) verwys na modaliteit as die kwaliteit of karakter van 'n sin in soverre dit 'n feit, 'n begeerte of veronderstelling uitdruk. Die terme modaal en modaliteit word gebruik vir onfeitelike uitings byvoorbeeld ***bevele (imperatief)**, ***wense (*subjunkties)**, ***veronderstellings** en ***moontlikheidstellings** teenoor feitelike bewerings as neutrale vorms sonder die betekenisskakeling van modaliteit.

Biber et al. (1999:485) verdeel modale en kwasi-modale onder drie kategorieë afhangende van hulle kernbetekenis.

1. ***toestemming/*moontlikheid/*vermoë**

2. ***noodsaaklikheid/*verpligting**

3. ***begeerte/*voorspelling**

Volgens Biber et al. (1999) kan elke modaal twee verskillende tipes betekenisse hê, wat as ***intrinsieke en ekstrasieke modaliteit** geklassifiseer word. Intrinsieke modaliteit verwys na deontiese en dinamiese modaliteite en ekstrasieke modaliteit na epistemiese modaliteit, kyk 3.3 vir 'n bespreking van hierdie onderskeid. Intrinsieke modaliteit verwys na aksies en gebeure wat mense of ander agente direk kan beheer: betekenisse wat verband hou met ***toestemming**, ***verpligting** of ***begeerte (*intensie)**. Ekstrasieke modaliteit verwys na die logiese status van gebeure wat gewoonlik verband hou met 'n assessering van ***waarskynlikheid: *moontlikheid, *noodsaaklikheid** of ***voorspelling**. Daar is gewoonlik twee strukturele korrelate van modale werkwoorde met intrinsieke betekenisse: (a) die subjek/onderwerp van die werkwoordfrase verwys gewoonlik na 'n mens – die agent van die hoofwerkwoord; (b) die hoofwerkwoord is gewoonlik 'n dinamiese werkwoord, met ander woorde 'n aktiwiteit of gebeurtenis word aangedui wat beheer kan word. Daarenteen kom modale werkwoorde met ekstrasieke betekenis meestal met nie-menslike onderwerpe voor en hoofwerkwoorde het 'n statiewe betekenis.

Intrinsieke betekenis

[3.34] You *can't* mark without a scheme. You *must* make a scheme.

{verpligting}

Jy (agent) *kan* nie sonder 'n skema merk nie. Jy *moet* 'n skema maak.

[3.35] We (agent) *shall not* attempt a detailed account of linguistic categories in this book, but *will* use as far as possible those which are well enough known.

Ons *sal* nie poog om 'n gedetailleerde weergawe van linguistiese kategorieë in hierdie boek te maak nie, maar *sal* sover moontlik daardie gebruik wat bekend genoeg is. **{*intensie}**

Ekstrinsieke betekenis

[3.36] You *must* have thought that you *must* have so much time.

Jy *moes* gedink het dat jy soveel tyd *moet* hê **{stellend: noodsaaklikheid}**

[3.37] But in other cases his decisions *will* seem more radical.

Maar in ander gevalle *sal* sy besluite meer radikaal *blyk* te wees. **{stellend: hoogswaarskynlik}**

Huddleston & Pullum (2002:173) druk die **domein of areas van modaliteit** uit soos volg:

1. Spreker se houding tot die feitelikheid or aktualisering van die propositie/klaus

Modaliteit dui veral die spreker se houding teenoor die feitelikheid of die aktualisering van die situasie aan soos uitgedruk in die klaus. 'n Klaus soos byvoorbeeld:

[3.38] He wrote it himself.

Hy het dit self geskryf.

vertoon geen modale betekenis nie. In normale gebruik is die spreker verbind aan sy uiting sonder enige kwalifisering of spesiale klem.

Die sin:

[3.39] He *must* have written it himself.

Hy *moes* dit self geskryf het.

is egter gemodaliseerd. Die spreker is steeds verbind tot die feitlikheid van die uitdrukking, maar die verbintenis word gekwalifiseer in die sin dat die waarheid oor die proposisie nie aangebied word as direkte onvoorwaardelike kennis nie, maar as kennis wat ***afgelei** (ook afgeleide sekerheid) is van sekere gegewens. Die aktualiserende betekenis van modaliteit word gesien in die voorbeeld:

[3.40] You *must* help him.

Jy *moet* hom help.

Hier is dit nie feitlikheid as sodanig nie, maar die ***aktualisering van 'n toekomstige** situasie waar die aangesprokene iemand moet help, as betekenis-skakering. Die betekenisonderskeiding van ***verpligting** staan hier voorop.

2. Noodsaaklikheid en moontlikheid

***Noodsaaklikheid** en ***moontlikheid** is kernbegrippe binne modaliteit. Modale moontlikheid word byvoorbeeld uitgedruk soos volg:

[3.41] He *may/might* have written it himself.

Hy *mag/mog* dit self geskryf het.

Die ***moontlikheid** dat die subjek/onderwerp iets self geskryf het word uitgedruk. 'n Oop houding teenoor die waarheid van die proposisie word uitgedruk.

Soortgelyk sal die sin:

[3.42] You *may* help her.

Jy *mag* haar help.

Hy *mag* haar help.

In die tweede of derde persoon die moontlikheid uitdruk dat die aangesprokene iemand mag help en die betekenisnuanse van ***toestemming** kom hier na vore; die verwydering van 'n moontlike hindernis tot die aktualisering van die situasie word aangedui.

3. Verlenging verby die spreker se subjektiewe houding.

In die eerste instansie is *modaliteit* 'n kwessie van die ***spreker se houding/opinie** teenoor die proposisie, maar inherent verleng hierdie houdingsaspek ook tot ander persone wat in die klaas voorkom. In die sin:

[3.43] Kim thinks he *must* have written it himself.

Kim dink dat hy dit self *moes* geskryf het.

verwys *moet* na Kim se houding, nie na die spreker s'n nie, maar ons druk dit steeds uit as modale noodsaaklikheid. Modaliteit wys ook nie slegs na die ***subjektiewe** houding van die spreker nie maar dit is dikwels meer ***objektief**:

[3.44] If x is a prime number between 90 and 100 it *must* be 97.

As x 'n priemgetal is tussen 90 en 100 *moet* dit 97 wees.

Hierdie voorbeeld druk nie net die spreker se subjektiewe houding uit nie, maar x=97 is 'n objektiewe, wiskundige noodsaaklikheid.

Benewens die gebruikelike parameters van ***noodsaaklikheid**, ***verpligting**, ***waarskynlikheid**, ***moontlikheid** en ***toestemming** is daar ook ander minder algemene betekenisonderskeidings, maar aangesien verskeie teoretici hierdie betekenis koppel aan die konsep *modaliteit* sal dit gevolglik ook in hierdie studie betrek word.

[3.45] *May* he live a hundred years.

Mag hy 'n honderd jaar oud word.

[3.46] Whatever he *may* say, do not believe him.

Wat hy ook al *mag* sê, moenie hom glo nie.

In sin 45 druk *mag* die uitspraak van 'n ***wens** uit, en in sin 46 druk die konstruksie wat hy ook al *mag* sê, die spreker se ***onsekerheid** oor hipotetiese gegewens uit en hipotetiese uitdrukkings kan ook as betekenisparameter gesien word. ***Wens** of ***begeerte**, ***toegewing** en ***vermoë** is betekenismoontlikhede wat nie so algemeen voorkom soos die bekende parameters nie. Desnieteenstaande word hierdie betekenisse tog deur verskeie teoretici, waaronder Van der Auwera en Diewald (2011:3), as modale betekenisse onderskei en dus vorm hulle deel van die konsep modaliteit.

Realis/irrealis

Die konsepte realis/irrealis word dikwels gebruik in studies wat betrekking het op modus en modaliteit. Palmer (2001:1) verwys daarna dat **modaliteit** basies as irrealis geïnterpreteer kan word, aangesien dit situasies onderlê wat strenggesproke binne die raamwerk van gedagtes lê wat slegs deur die verbeelding geënkodeer word voor dit uitgedruk word in taal. Aangesien **modaliteit** die uitdrukking is van ongerealiseerde situasies binne die parameters van moontlikheid en noodsaaklikheid, is die basis van hierdie uitdrukkings juis nie om geaktualiseerde, werklike situasies wat al plaasgevind het, uit te beeld nie. Palmer (2001) verwys na hierdie tipe situasies wat alreeds plaasgevind het of in die hede plaasvind as die realis, en dit word deur direkte ervaring en persepsie onderlê. Uitdrukkings wat as realis kwalifiseer, kan binne die domein van modus (as indikatief en subjunktief) voorkom, maar dit is nie tipies modaal nie en gevolglik sal hierdie studie nie weer na hierdie terme verwys nie aangesien **modaliteit** vanuit die staanspoor verbind met irrealisuitdrukkings.

In hierdie afdeling kan ons die volgende aflei van modaliteit, spesifiek modale hulpwerkwoorde:

1. Modaliteit het verskillende betekenisse, waarvan die kernbetekenis 'n binêre verdeling is tussen moontlikheid aan die een kant en noodsaaklikheid aan die ander. Ander betekenisse lê sekondêr tot hierdie betekenisparameter. Kyk na Figuur 3.2 vir 'n konseptuele ruimte van meeste van hierdie betekenisse.

2. Epistemiese modaliteit word as 'n kernbetekenis van modaliteit beskou (Huddleston, 1984:164). Dit word verdeel tussen epistemiese noodsaaklikheid en epistemiese moontlikheid.
3. Modale hulpwerkwoorde soos *moet, mag (kan, sal, wil, ens)* is polisemies van aard, want hulle kan verskillende betekenis uitdruk binne een taal maar ook kruislinguisties (sien meer oor elke modale hulpwerkwoorde se polisemiese betekenisaarde in Afdeling B).
4. Die konteks van die sin of konstruksie gee meer inligting oor die tipe modaliteit wat uitgedruk word en verskaf leiding oor die tipe modaliteit aan bod. Konstruksie-analise van elke modale hulpwerkwoord word op 'n korpus toegepas in Afdeling B en die sin word binne konteks in daardie afdeling ontleed.
5. Modaliteit en sy betekenisskakerings vertoon grade wat wissel van lae na hoë grade moontlikheid of noodsaaklikheid in dinamiese en deontiese betekenis. In terme van epistemiese betekenis wissel die grade van lae na hoë sprekersekerheid.
6. Modus is 'n grammatikale kategorie van die predikaat en druk werklike gebeure uit – die term hiervoor is realis of indikatief teenoor modaliteit as irrealis of subjunktief (teenstellend; voorwaardelike betekenis), wat meestal na gebeure verwys wat nog moet plaasvind of kognitief voorspel word.
7. Die spreker se betrokkenheid staan voorop, dit is subjektiewe modaliteit, maar gegewens kan ook objektief en buite die spreker staan. Hierdie betekenisskakering sal verder onder tipes modaliteite bespreek word en nie ingesluit word in die konseptuele ruimte nie.


Voorts sal ek die betekenisskakerings en parameters soos afgelei uit bogenoemde bespreking binne die bestek van 'n konseptuele ruimte plaas.

3.4 KONSEPTUELE RUIMTE

Die begrip 'konseptuele ruimte' soos vervat binne die RKG is volledig bespreek in Hoofstuk 2 onder 2.3 en sal gevolglik nie weer hier herhaal word nie. 'n Konseptuele ruimte is 'n multidimensionele visuele en gestruktureerde voorstelling van 'n linguistiese tema of terrein. Hierdie visuele voorstelling bring die onderwerp onder bespreking se semantiese, pragmatiese en diskoersfunksie (die funksie-element) sowel as die sintaktiese, morfologiese en fonologiese elemente (die vormelement) in verband met mekaar. Die linguistiese veld van hierdie studie is modaliteit, en vervolgens sal die betekenisskakerings en parameters van modaliteit soos bespreek onder 3.3 op 'n konseptuele ruimte gekarteer word.

Die struktuur en groepering van die kognitiewe ruimte wat ek hier voorstel, is losweg gebaseer op Coates (1983) se semantiese klusters van betekenis vir modaliteit. Coates het deur sekere toetse wat sy ontwerp het, bepaal dat daar vier semantiese klustergroepe bestaan, en dit is ook hoe sy haar bespreking aangepak het:

1. Verpligting/ Noodsaaklikheid: Hiermee saam word daar ook na Epistemiese Noodsaaklikheid gekyk.
2. Intensie/Voorspelling/Toekomend
3. Moontlikheid/Vermoë/Toestemming
4. Epistemiese Moontlikheid



Figuur 3.2 Konseptuele ruimte van modaliteit -eie interpretasie

Hierdie konseptuele ruimte dui die betekenisskakerings en parameters van modaliteit aan. Die konseptuele ruimte van modaliteit kan verder uitgebrei word deur die gebruik van 'n semantiese kaart soos bespreek onder 3.5.7.

Teoretici het sedert Von Wright (1951, 1952) se seminale teks oor modaliteit, bogaande betekenisskakerings volgens filosofiese beginsels begin kategoriseer. Hierdie filosofiese beginsels dien as die basis waarop modaliteit volgens gestruktureerde en teoretiese wyse bestudeer word. Die wyd uiteenlopende filosofiese beginsels het aanleiding gegee tot die ontstaan van verskillende tipes modaliteit. Om hierdie verskillende teorieë en tipes modaliteit te begryp is daar vervolgens 'n bespreking oor die filosofiese basis van modaliteit.

3.4.1 DIE FILOSOFIESE BASIS VAN DIE KONSEP MODALITEIT

Die filosofie dien as vertrekpunt vir die bestaan van en onderskeid tussen die verskeie modaliteitsteorieë. Filosofie is al sedert Aristoteles se modale sillogismes, oor modaliteit begaan. Dit was egter eers in die vyftigerjare met filosofie soos Von Wright (1951, 1952), Prior (1957), Carnap (1957), Kanger (1957), Hintikka (1961), en veral Kripke (1963) dat 'n formele modale teorie ontwikkel is deur te verwys na die bestaan

van Moontlike wêrelde. Hierdie teorie is verder uitgebrei deur Kratzer (1977, 1981, 1991).

Die idee van moontlike wêrelde is afkomstig van Leibniz vir wie die heelal (die regte reële wêreld) maar een wêreld is te midde van 'n oneindige aantal moontlike wêrelde. Moontlike wêrelde kan gesien word as 'moontlike maniere waarop die wêreld kan wees' (Lewis, 1973). Hacquard (2009:6) verwys na verskeie opsies vir hoe die wêreld moontlik of selfs anders daarna kon uitsien. Sy gebruik die 'lawwe' voorbeeld van die Eiffeltoring wat in 'n moontlike wêreld in Londen kon wees, of hoër of laer kon wees. Die punt wat sy wil maak is dat die wêreld op verskeie moontlike maniere kan bestaan en modaliteit druk hierdie moontlikhede in taal uit. Die ontologiese status van moontlike wêrelde is die onderwerp van 'n hewige debat in filosofiese kringe. Hierteenoor is linguïste nie tot dieselfde mate oor hierdie metafisiese idees begaan nie, maar eerder oor die mens se vermoë om moontlike wêrelde te identifiseer en uit te druk in taal. Wanneer die idee oor moontlike wêrelde dus in die filosofie of linguïstiek genoem word, is dit die mens se kapasiteit om oor moontlike wêrelde te dink en om dit op verskeie wyses in die vorm van modale proposisies uit te druk in taal (Hacquard, 2009:6). Die gedagte aan moontlike wêrelde was egter noodsaaklik vir die uitbreiding van 'n teorie oor modale logika in die sin dat 'n uitdrukking se waarde nie net as feitelik of as waar en dus absoluut gesien word nie, maar as relatief tot 'n moontlike wêreld.

In 1951 het die filosoof Georg H. von Wright in "An essay on Modal logic" die idees agter moontlike wêrelde uitgebrei en 'n onderskeid getref tussen waarheid-konsepte of waarheid-kategorieë en modale konsepte of modale kategorieë. Die logika agter waarheid-konsepte word waarheid-logika genoem en die logika van modale konsepte word modale logika genoem. Die basiese waarheidkategorieë is die twee sogenaamde waarheidswaardes naamlik waarheid teenoor valsheid. Nog voorbeelde van waarheid-kategorieë is die konsep van waarheid-funksies en die voorbeelde van sogenaamde funksies: negatief, voegwoorde, disjunksie, implisering, eweredigheid, tautologie en teenstrydigheid.

Logika is die studie van sisteme van beredenering en modale logika is die onderafdeling van logika wat spesifiek fokus op die beredenering van wat die konsepte van **noodsaaklikheid** en **moontlikheid** behels (Portner, 2009:10). Von Wright was die eerste filosoof wat onderskeid getref het tussen 4 verskillende tipes modaliteite. Die eerste tipe modaliteit is **aletiese modaliteit** (*alethic modality*) of modes van waarheid as die tradisionele tipe modaliteit waarmee modale logika oorspronklik mee gewerk het. **Aletiese modaliteit** kan in twee sub-tipes verdeel word. Die eerste tipe verwys na die mate waartoe 'n proposisie as **waar** of **onwaar** beskou word. 'n Proposisie word gesien as noodsaaklik, moontlik of voorwaardelik **waar**. Die tweede tipe **aletiese modaliteit** is die mate waartoe 'n sekere eienskap **teenwoordig** of **afwesig** is in 'n proposisie. 'n Eienskap word gesien as noodsaaklik, moontlik of voorwaardelik **teenwoordig** in 'n sekere ding. Hierdie tipe modaliteit is aanvanklik deur Aquinas benoem toe hy gesê het dat die modale bewerings *de dicto* (wat gesê word) of *de re* (oor 'n ding) kan wees (losweg vertaal beteken dit om die lewendige betekenis in frases te verstaan).

Die tweede tipe modaliteit is **epistemiese modaliteit** of modes van kennis/wete. Die basiese **epistemiese modaliteite** is geverifieerd (weet dit is waar); vervals (getoets en weet dit is vals) en onbeslis (weet nie of dit waar of vals is nie). **Epistemiese modaliteite** kan ook *de dicto* of *de re* gesien word. Hierdie konsep is al tevore deur logici behandel.

Die derde tipe modaliteit is **deontiese modaliteit** of modes van verpligting. Hierdie tipe modaliteit is weinig deur logici bestudeer. Die basiese **deontiese modaliteite** is **verpligting** (*ought to; moet*); toelating (*may; mag*) en **verbod** (*must not, mag nie/moet nie*).

Vierdens is daar **eksistensiële modaliteit** van bestaan. Die bestudering van hierdie tipe modaliteit word somtyds die kwantifiseringsteorie genoem en word meestal nie gesien as 'n onderafdeling van modale logika nie. Of universaliteit, bestaan, en leegheid as modale eienskappe gesien word, is 'n kwessie van terminologiese gemak.

Von Wright (1951) merk egter op dat daar 'n verskil is tussen **aletiese**, **deontiese** en **epistemiese modaliteit** aan die een kant en die kwantifiseerders aan die ander kant.

aleties	epistemies	deonties	eksistensieel
noodsaaklik	geverifieerd	verplichtend	universeel
moontlik		toegelaat	bestaande
voorwaardelik	onbeslis	ongeërg/indifferent	
onmoontlik	vals	verbode	leeg

Figuur 3.3: Von Wright se modaliteitskategorieë

Von Wright (1951) erken dat daar ander groepe of konsepte is wat ook as modaal gesien kan word, maar hy het sy lys van modaliteite hier afgesluit. Mens kan spekuleer dat dit moontlik 'n verklaring bied hoekom daar daarna soveel verskeie ander moontlikhede voorgekom het.

Alhoewel **modale konsepte** en **waarheid-konsepte** verskil, is hierdie twee uiterstes nie logies onverwant aan mekaar nie. As 'n proposisie waar is, is dit moontlik. Hierdie moontlikheid kan egter nie omgekeer word nie: nie alle moontlike proposisies is noodwendig waar nie. Net so ook is 'n geverifieerde proposisie waar, maar die omgekeerde kan ook nie volledig plaasvind nie: nie alle waar proposisies is geverifieerd nie. As 'n eienskap van 'n ding waar is, dan bestaan daardie eienskap. Deontiese kategorieë staan egter heeltemal los van waarheid-kategorieë.

Volgens Von Wright (1951) is daar belangrike ooreenkomste maar ook verskille tussen die verskillende modaliteite. Sommige van hierdie verskille bestaan opgrond van verskillende wyses waartoe die verskeie modaliteite verband hou met die waarheid-konsepte. Dit is ook belangrik om te onthou dat niks terselfdertyd noodsaaklik en

onmoontlik, geverifieerd en vervals (*falsified*), noodsaaklik en verbode kan wees nie. 'n Eienskap kan egter universeel en leeg wees.

Interessant genoeg is daar baie gemengde modale kategorieë. Een is 'n kombinasie epistemiese en eksistensiële modaliteite. Die wete dat iets 'n sekere eienskap het, of nie, is universeel; dit behoort aan alle dinge en is bestaande; dit behoort aan sekere dinge en is leeg aan ander; en dit behoort aan niks nie. Nog 'n gemengde modaliteit is die kombinasie aletiese en epistemiese modaliteit. Dit is dalk moontlik vir 'n sekere proposisie om geverifieer te word, of dit kan ook moontlik wees vir 'n sekere proposisie om vals bewys te word. Die proposisie aan bod kan dus vervals word. Met ander woorde 'n proposisie is verifieerbaar as dit moontlik is om te weet of dit waar is en dit is falsifieerbaar as dit moontlik is om te weet of dit vals is.

Aletiese modaliteite is *de dicto* wanneer dit gaan oor die modus of manier waarop 'n proposisie waar is of nie. Modaliteit kom voor in frases soos byvoorbeeld '*dit is noodsaaklik dat*' of '*dit is onmoontlik dat*'. Aletiese modaliteit is *de re* wanneer daar gepraat word oor die mode of manier waarop 'n individuele ding 'n sekere eienskap het of nie. Modaliteite is *de re* in frases soos '*Jones is moontlik* (of *nie moontlik nie* maar wel, of *noodsaaklik*) *dood*'.

Epistemiese modaliteit word gesien as *de dicto* wanneer dit oor die mode of manier gaan waarop 'n proposisie geken word as waar of nie. Epistemiese modaliteite word *de dicto* in frases gebruik soos '*ons weet dat*' of '*ons weet nie*' of '*ons weet dat dit nie*'. In ongedefinieerde epistemiese modaliteit vind ons die konsep '*weet dit is waar dat*' of '*dit kan geverifieer word dat*'. Epistemiese modaliteite word *de re* uitgedruk wanneer dit gaan oor die manier of modus waarop 'n individuele ding geken word aan sy besit of gebrek aan 'n sekere eienskap. Dit word *de re* in frases uitgedruk soos volg: '*Ons weet dat Jones nie dood is nie*'.

Deontiese modaliteit gaan oor die modus of manier waarin ons toegelaat word of nie om 'n sekere daad uit te voer. Dit word soos volg in frases uitgedruk: '*Dit is noodsaaklik dat*' of '*Dit word toegelaat dat*' of '*dit is verbode dat*'.

Die waarde van Von Wright (1951) se navorsing oor modaliteit in die modale logika is die ontwikkeling en benaming van sekere tipes modaliteit en hierdie tipes het beslag gevind in die linguistiek en is verder bestudeer vanuit linguistiese perspektiewe.

Modale logika verskaf belangrike insigte ten opsigte van die betekenis van modale uitdrukkings, maar die doel van modale logika is egter nie om 'n semantiese analise van natuurlike taal te gee nie (Portner, 2009:29). Die primêre doel vir linguïste en veral semantici is volgens Portner (2009) om 'n volledige teorie oor die betekenis van modale uitdrukkings oor tale heen te ontwikkel en hierdie teorie moet 'n akkurate beskrywing wees van dit wat ons weet oor modaliteit – die feite sowel as die verduidelikings van sekere belangrike veralgemenings.

Die doel van die logikus is om sekere belangrike eienskappe of die beredenering agter die konsepte *noodsaaklikheid*, *verpligting* en dies meer te sistematiseer en te verstaan (deur byvoorbeeld die gebruik van wiskundige/algebraïese formules).

Modale logika vermy doelbewus sekere belangrike eienskappe van die betekenis van modale uitdrukkings wat belangrik is vir linguïste. Dit ignoreer byvoorbeeld die feit dat in sekere tale epistemiese modale in verskillende posisies as deontiese modale voorkom (Portner, 2009:29). Modale logika het ook nie die idee van die verskillende betekenis van modale uitdrukkings in 'n algemene teorie oor natuurlike taal uitgedruk nie.

Alhoewel modale logika en semantici nie dieselfde doelwitte het nie, stel Portner (2009) voor dat semantici moontlik modale logika kan aanpas by die semantiek (en dus ook linguistiek in die breë) se doelwitte. Modale logika beoog om die konsepte van *noodsaaklikheid*, *verpligting*, *implisering* en dies meer in terme van patrone van beredenering beter te verstaan (Portner, 2009:10). Dit gaan dus nie om die betekenis van natuurlike taaluitdrukkings soos *moet* of *moontlik* nie. Binne die terrein van logika gaan dit nie om die betekenis van woorde nie; die betekenis van woorde staan sekondêr tot die sisteem van beredenering. In die modale logika het die twee keersye van modale konsepte ook simboliese vorms aangeneem met uitdrukking wat noodsaaklikheid behels, soos byvoorbeeld *moet* wat die simbool $\Box$ neem, en enige

uitdrukkings wat moontlikheid bevat, soos byvoorbeeld *mag* en *moontlik*, neem die simbool $\Diamond$. Modale logici het dus alle moontlike en onmoontlike voorkomste van hierdie kombinasies getoets en ondersoek, maar die doel was nie om enigiets meer oor die semantiek van menslike taal te leer nie.

Die nut daarvan om modale logika se teoretiese idees oor modale konsepte in die linguïstiek te gebruik is om 'n dieper en meer geïntegreerde begrip van die konsepte en betekenisskakerings **implikasie, noodsaaklikheid, verpligting, moontlikheid** en dies meer weer te gee. Hierdie betekenisskakerings word geklassifiseer as onderskeie tipes of parameters. Hierdie tipes of parameters is egter nie vas nie en daar is groot omstredenheid hieroor wat in 'n verskeidenheid teorieë uitgedruk word. Hierdie teorieë se grondslag lê binne die filosofie soos kortliks in 3.4 bespreek. Vervolgens word terme soos *epistemiese* en *deontiese* modaliteit bespreek met toevoegings van ander betekenisskakerings, soos nodig. Na die bespreking van die wye verskeidenheid teorieë oor die tipes modaliteite sal 'n werksmodel in die vorm van 'n semantiese kaart saamgestel word wat verantwoording sal doen van al die moontlike betekenisparameters van die konsep modaliteit.

3.5 DISPUTE OOR DIE TIPES MODALITEITE

Verskeie dispute bestaan oor die verskillende tipes modaliteite. De Haan (2006:4) beweer dat een van die oorsake van hierdie dispuut, die min tipologiese studies is wat tot en met die draai van die een en twintigste eeu bestaan het. Gevolglik is daar nog geen konsensus oor modale teorieë wat spesifieke kategorieë blootlê, bereik nie. Hy het 'n opname gemaak en ondersoek ingestel na verskeie teorieë oor modaliteit. Vir die doel van hierdie studie wat beoog om 'n omvattende model vir die bestudering van modaliteit daar te stel, word De Haan (2006) se voorbeeld gevolg. Vervolgens word daar verwys na 'n paar bestaande kategorieë soos gevind in die onderliggende teorieë

3.5.1 MODALE KATEGORIEË

A. Sentrale betekenisse

Von Wright het in 1951 vier tipes modaliteite onderskei. Palmer (1977, 1979, 1986, 1990 en 2002), een van die eerste linguiste wat tipes modaliteite vanuit 'n linguistiese perspektief nagevors het, sowel as ander invloedryke linguiste soos Lyons (1977), Frawley (1992), De Haan (1997), Van der Auwera en Plungian (1998) en Traugott en Dasher (2002) het **epistemiese** en **deontiese** modaliteit behou as afsonderlike kategorieë wat deur die linguistiek gedek word. Aletiese modaliteit (modus van waarheid) en epistemiese modaliteit (modus van kennis) verskil in die opsig dat eersgenoemde verwys na noodsaaklikheid, moontlikheid, toevalligheid en die onmoontlike feitelikheid van 'n proposisie. Laasgenoemde verwys na geverifieerde waarheid (dit wat ons weet waar is), kennis wat ons weet vals is, en onbeslote (dit waaroor nie beslis kan word nie) waarheid van 'n proposisie (Von Wright 1951:1-2). In die praktyk kan hierdie twee betekenisse (modus van waarheid en kennis) nie onderskei word nie. Palmer (1986:11) wys daarop dat daar geen onderskeid is tussen dit wat logies waar is en dit wat die spreker glo waar is nie. Daar is dus geen grammatikale verskil tussen aletiese en epistemiese modaliteit nie, en gevolglik word slegs epistemiese modaliteit in die linguistiek behandel.

Vervolgens 'n bespreking van die Palmeriaanse onderskeid tussen die drie bekendste tipes modaliteit, aangevul deur inligting oor ander bestaande inligting en klassifiserings van modale hulpwerkwoorde. Vir die doel van hierdie hoofstuk word bestaande inligting uit die literatuur hier gebruik om die tipes te ondersoek en bespreek. Daar sal egter nuwe inligting oor elkeen se betekenisskakerings te voorskyn tree sodra die modale hulpwerkwoorde eers ondersoek word. Hierdie aanvullende inligting sal vervolgens verder in Afdeling B aangespreek word. Dit is eers met die bespreking en ondersoek van elke individuele modale hulpwerkwoord dat meer betekenisskakerings sigbaar geword het en gevolglik is hierdie hoofstuk se tipologiese bespreking slegs die basis waarop voortgebou word in Afdeling B waartydens daar veel meer betekenisskakerings onder elkeen van die tipes modaliteit bespreek word.

3.5.2 EPISTEMIESE MODALITEIT

Epistemiese modaliteit onderlê die 'geloof' wat 'n spreker het ten opsigte van die 'waarheid' van proposisie X – vandaar die benaming **Proposisionele modaliteit** soos wat Palmer (1986:14-15, 17; 2001:8) daarna verwys. Dit gaan eerstens daarom of die uiting reël al dan nie is, terwyl die omstandighede van sekondêre belang is. Die graad of mate waartoe die spreker glo in die geloofwaardigheid (waarheid) van sy uitlating/proposisie is epistemies van aard (De Haan, 2006:6; Wårnsby, 2006:15), byvoorbeeld:

[3.47] John *must* have been at home.

John *moes* by die huis wees/gewees het. {epistemiese modaliteit/ druk spreker se graad van sekerheid uit}

[3.48] He *must* have been delayed.

Hy *moes* vertraag gewees het.

[3.49] He *may* have been delayed.

Hy *mag* vertraag gewees het ⁸

Die woord *epistemies* is afgelei van die Griekse woord vir kennis: *ἐπιστήμη* – *episteme*. Hierdie tipe modaliteit betrek dus spreker se kennis oor die uitlating self of die konteks daarvan (Huddleston, 2002:178). Die ongemodaliseerde *John is by die huis* word aangebied as feitelike inligting en as iets wat die spreker weet terwyl *John moes by die huis wees*, iets is wat die spreker afgelei het en dit word slegs uitgedruk as moontlikheid. Epistemiese modaliteit druk die spreker se gevolgtrekkings en afleiding oor 'n sekere saak uit. Die spreker se skatting oor moontlikheid dat 'n sekere stand van sake plaasvind of sal plaasvind staan hier op die voorgrond (Traugott, 2011:384). Die betekenisparameters **moontlikheid**, **waarskynlikheid** en **afgeleide sekerheid** kom binne epistemiese modaliteit voor. Vergelyk die verskil tussen hierdie betekenisnuanses en die feitelike uitdrukking *Jane reads; Jane lees*. Die spreker is

⁸ (In Afrikaans is: "Hy *kon* vertraag gewees het" dalk meer aanvaarbaar.)

heeltemal seker daarvan dat Jane lees. Enige uitdrukking gemerk as epistemies dui die spreker se twyfel oor die uitdrukking sowel as die gegewens aan.

Die spreker se toewyding aan of geloof in die feitlikheid van die proposisie as geheel wissel in grade van sekerheid tot onsekerheid (Wärnsby, 2006:16). Bybee en Fleischmann (1995:15) het voorgestel dat die spreker se sekerheid/onsekerheid oor 'n proposisie op 'n skaal uitgedruk moet word. Hierdie skaal vertoon die volgende dimensies:

1. Uitdrukkings van moontlikheid wat **min toewyding/sekerheid van die spreker** ten opsigte van 'n proposisie uitdruk.
2. Uitdrukkings van waarskynlikheid wat **groter spreker-toewyding** aandui.
3. Uitdrukkings van afgeleide sekerheid waarin die spreker met **groot sekerheid** sekere redes kan aanvoer hoekom die proposisie feitlik is, byvoorbeeld:

[3.50] Jane *can* be leaving.

Jane *kan* vertrek.

{moontlikheid}

[3.51] Jane *may* be leaving.

Jane *mag* vertrek.

{waarskynlikheid}

[3.52] Jane *must* be leaving.

Jane moet vertrek.

{afgeleide sekerheid}

Hierdie skaal stem grootliks ooreen met Givon (1982:42) en Huddleston & Pullum (2002:178) wat die volgende grade van epistemiese modaliteit onderskei het:

1. **Min/lae sekerheid:** twyfelagtige hipoteses wat nie bevraagteken kan word nie.
2. **Medium sekerheid:** uitdrukking is oop vir uitdaging, en sekere ondersteunende inligting is nodig.
3. **Hoë sekerheid:** uitdrukkings hoef nie bevraagteken te word nie, want genoeg bewyse tot sekerheid is versamel.

Wärnsby (2006:26) het hierdie skaal verfyn en vier parameters in Engels geïdentifiseer waarop die spreker se toewyding aan die feitlikheid van die proposisie gemeet word. Die grense tussen hierdie parameters is diffuus en vloeibaar; sy het geen vertikale lyne aangebring nie, om sodoende aan te dui dat die grense onvas is. In haar studie oor Engelse en Sweedse modale het sy die modale hulpwerkwoorde wat epistemiese kenmerke vertoon reeds hierby verreken en dit word hier gedemonstreer maar hierdie skaal is nog nie op Afrikaanse modale hulpwerkwoorde getoets nie en sal gevolglik nog nie hierby ingereken word nie. Dit is egter 'n waardevolle manier om betekenis te analiseer en sal in Afdeling B tydens die analisering van elke modale hulpwoord ingespan word. Wat in hierdie hoofstuk van toepassing is, is die identifisering van verskillende grade van elke tipe modaal aangesien dit aansluit by die idee dat betekenisgrense van modale hulpwerkwoorde verskil en dubbelsinnig kan wees (Kyk ook Huddleston & Pullum, 2002:178,186,188).

Moontlike gevolgtrekking	Beperkte afleiding	Redelike afleiding	Oortuigende afleiding
may might can could	should	will	must

Figuur 3.4 Engels se epistemiese grade (Wärnsby 2006)

Wärnsby (2006:30) het in haar vergelykende studie tussen Engelse en Sweedse modale gevind dat Sweedse modale meer epistemiese betekenisnuanses vertoon as Engels wat slegs vier vertoon. Sweedse epistemiese modaliteit het dermate gegrammatikaliseer dat dit evidensialiteit/bewyslikheid in die vorm van hoorsê en gedeelde geloof parameters uitdruk. Die aantal modale met verskillende interpretasies is anders in Engels as in Sweeds. In figuur 3.5 word die grade wat Wärnsby geïdentifiseer het vir die Sweedse epistemiese modale aangedui.

Gedeelde geloof	Hoorsê	Moontlike gevolgtrekking	Tentatiewe Afleiding	Redelike afleiding	Oortuigende afleiding

Figuur 3.5 Sweeds se epistemiese grade

Hierdie metode om die betekenisnuanses van 'n tipe modaliteit te verfyn deur dit in graadparameters te verdeel, kan meer insig rondom die kategorie en ook die modale hulpwerkwoord aan bod gee. Dit is ook 'n manier waarop dubbelsinnigheid hanteer kan word. Die kruis-linguistiese verskille tussen tale kan ook op so 'n manier verhaal word. Hierdie graadverskille in modale sal verder in Afdeling B belig word.

In epistemiese modaliteit is kontekste waar die spreker seker of onseker is van sy/haar uitlating belangrik. Soos verduidelik lê hierdie sekerheid op 'n skaal van laag (sprekeronsekerheid) tot 'n mediaan of gedeeltelike sekerheid, en uiteindelik het die spreker hoë sekerheid wat verband hou met bewysende modaliteit (soos hieronder beskryf). Sekere situasies dui pertinent op 'n spreker se onsekerheid en hierdie studie klassifiseer hierdie tipe gebruike as epistemiese modaliteit. Op grond van die skaal onseker tot hoë sekerheid val die voorwaardelike en hipotetiese telkens binne die kader van epistemiese modaliteit. Aangesien al drie hierdie betekenis 'n sekere graad van sprekeronsekerheid aandui, word hierdie betekenis as epistemies geklassifiseer. Sien hierdie voorbeelde wat ook in Afdeling B herhaal word, om te demonstreer hoekom hierdie twee betekenis as epistemiese geklassifiseer word:

Hipoteses as epistemiese modaliteit

[3.53] Die aard van tuberkulose in pasiënte, en die soort sputummonster wat hulle uithoes, *mag* van kritieke belang wees, dit mag verklaar waarom ons VBA-studies, ten spyte van die relatief klein getalle pasiënte, tot op hede suksesvol was. [HK 431: 2003 Natuurwetenskappe ('n Oorsig van die bepaling van die vroeë bakterisidiese aktiwiteit...)]

In die kollokasie van die modale hulpwerkwoord *mag* met *wees* word daar 'n hipotese uitgedruk. Hipoteses is tipies in akademiese taal (soos gesien in hierdie voorbeeld). Hipoteses is voorlopige standpunte wat 'n spreker huldig, maar hierdie voorlopige standpunte is onseker en eers na empiriese bewyslewing kan die standpunt bevestig word. Hipoteses is dus in werklikheid epistemiese modaliteit vanweë sprekeronsekerheid.

Voorwaardelikheid as epistemiese modaliteit

Volgens De Villiers (1971:101) is voorwaardelike sinne onseker en het dit 'n epistemiese betekenis, aangesien dit nie spesifiek feitlike nie maar slegs moontlike gebeure uitdruk. 'n Moontlike situasie of gebeurtenis word weerspieël maar aangesien die werklike voltrekking of uitvoering hiervan onbeslis is, bly die hele sin of konstruksie in wese voorwaardelik en epistemies. In voorbeeldsin [3.54] is die spreker onseker oor wat werklik met inflasie bedoel word in die apodosis, maar die spreker maak 'n afleiding en druk 'n moontlikheid uit in die protasis. Sprekeronsekerheid en moontlikheid is betekenisskakerings wat binne epistemiese modaliteit gevind word.

[3.54] *As egter met inflasie bedoel word dat daar te veel geld beskikbaar is in vergelyking met goedere en dienste wat gekoop word, dan mag dit die geval wees.* [HK 79: 1941 Verslaggewing (uit Die Staatsamptenaar)]

Palmer (2001) se kategorisering van epistemiese modaliteit as Propositionele Modaliteit het ook voorsiening gemaak vir **bewysende modaliteit** (*evidentials*). Die verskil tussen hierdie twee modaliteite is dat epistemiese modaliteit die spreker se opinie of beoordeling is van die feitlike status van die proposisie, terwyl bewysende modaliteit die bewys lewer van die feitlike status. Baie teoretici, byvoorbeeld De Haan (2001), het aangevoer dat bewysende modaliteit nie in alle tale voorkom nie en nie werklik in Germaanse tale buiten Duits, Sweeds en Noors voorkom nie. Daarom sal hierdie tipe modaliteit nie in diepte behandel word nie, maar Palmer (2001) beskou dit tog as 'n faset van **Proposisionele Modaliteit** en vandaar die insluiting in hierdie

kategorie. Palmer (2001) verwys na **sensoriese** en **berigte modaliteite** as afdelings van bewysende modaliteit, byvoorbeeld:

[3.55] One *can* see that you were sick.

Mens *kan* sien dat jy siek was. {sensoriese modaliteit}

Berigte modaliteit is in Duits te bespeur.

[3.56] Er *will* eine Mosquito abgeschossen haben.

Daar word gesê dat hy 'n Mosquito (tipe vliegtuig) afgeskiet het.

Wärnsby (2006:30) se onderverdelings **hoorsê** en **gedeelde geloof** vertoon tekens van **Bewysende modaliteit**. Of Afrikaans enigsins bewysende modaliteit onderskei, is nog nie ondersoek nie, en eers na analisering van elke modale hulpwerkwoord in Afdeling B sal die nut van hierdie tipe modaliteit vir hierdie studie beoordeel kan word.

Epistemiese modaliteit (Palmer, 2001:25) word onderverdeel in drie tipologiese kategorieë:

(i) Spekulatiewe epistemiese modaliteit – 'n moontlike gevolgtrekking.

(ii) Afleibaarheid – die enigste moontlike gevolgtrekking.

(iii) Veronderstelling – 'n billike gevolgtrekking.

Verskillende grade van epistemiese modaliteit is weereens hier te sprake en die verskillende modale hulpwerkwoorde druk hierdie grade van sekerheid versus onsekerheid uit, byvoorbeeld:

[3.57] John *may* be in his office.

John *mag* in sy kantoor wees. (John *kan* in sy kantoor wees.)

Hierdie uitdrukking is spekulatief en die modale hulpwerkwoord *may* in Engels druk veral spekulasie uit. In Afrikaans word die modale hulpwerkwoord *mag* dikwels met *kan* vervang in epistemiese gevalle, maar hierdie moontlikheid word eers ondersoek in Afdeling B.

[3.58] John *must* be in his office.

John *moet* in sy kantoor wees.

Die spreker is in hierdie geval sekerder van sy oortuiging en die modale hulpwerkwoord *must* in Engels en *moet* in Afrikaans druk hierdie hoë graad van sekerheid uit. Die stelling

[3.59] John *will* be in his office.

John *sal* in sy kantoor wees.

is 'n voorbeeld van 'n billike afleiding en die modale hulpwerkwoord *will* in Engels en *sal* in Afrikaans druk hierdie tipe epistemiese betekenis uit.

Die dimensies van objektiwiteit en subjektiwiteit binne epistemiese en bewysende modaliteit

Nuyts (2001a:383) verwys na Lyons (1977) wat oorspronklik die dimensies van objektiwiteit en subjektiwiteit betrek het binne epistemiese en bewysende modaliteit (Proposisionele Modaliteit) parameters. Die vraag is hoe hierdie dimensies linguisties uitgedruk word. Die spreker se opinie of beoordeling van 'n proposisie hoef nie noodwendig gesien te word as subjektief nie. Die vraagstuk hier op hande is 'n kwessie van performatiwiteit versus deskriptiwiteit. Die performatiewe dimensies binne epistemiese modaliteit is hier op die voorgrond.

In Lyons (1997) se definisie van die dimensies van subjektiwiteit behels die spreker se subjektiewe spekulasie dat gegewens binne die proposisie waar is teenoor objektiwiteit wat 'n objektiewe meetbare kans uitdruk dat gegewens waar is, byvoorbeeld:

[3.60] Alfred *may* be unmarried.

Alfred *kan* (*mag*) ongetroud wees. (In Afrikaans sal *kan* eerder as *mag* gebruik word)

Volgens Lyons (1997) kan hierdie stelling tweërlei geïnterpreteer word. Eerstens kan die spreker raai, en is hy onseker (dit is hipoteties) of Alfred moontlik ongetroud kan wees. Hierdie interpretasie is subjektief van aard. Tweedens is daar 'n wiskundige


moontlikheid dat Alfred getroud kan wees indien die spreker bewus is daarvan Alfred se omstandighede dit toelaat. Alfred is moontlik deel van 'n gemeenskap van 90 mense waarvan 30 ongetroud is, dus is daar 'n kans van een uit drie dat hy ongetroud is – dit is objektiewe epistemiese modaliteit. Baie linguïste soos Lyons (1977) en Hengeveld (1988) onderskei gevolglik tussen twee tipes epistemiese modaliteit. Vir 'n akkurate analise tussen hierdie twee 'tipes' epistemiese modaliteit sal die linguïst dus meer inligting van die konteks moet hê. Mens kan redeneer dat wanneer daar meer inligting oor die konteks is, dan is dit wiskundig meer bewyslik en eerder objektief van aard en as daar minder konkrete bewyse is, dan is die uitslating meer subjektief van aard. Hierdie interpretasie is egter onvas en gevolglik het Nuyts (2001) 'n alternatiewe metode van onderskeid gaan tref, deur eerder die dimensies as subjektiewe versus intersubjektiewe modaliteit te etiketteer. Die dimensie van intersubjektiviteit verduidelik die taamlike sekerheid, afgelei van bepaalde gegewens en inligting beter as die objektiewe term. Intersubjektiviteit sluit in dat die spreker meer wetenskaplik gebaseerde inligting het waarop die afleiding gebaseer is, maar dit sluit ook algemeen aanvaarde opinies in (dit is gedeelde kennis). Nuyts (2001:393-394) definieer subjektiviteit as die spreker se formulering van 'n hipotese oor sekere gegewens, sonder om vooraf te dink wat gesê word. Daarom is die uitslating subjektief. Die subjektiewe uitslating is nuut en betreklik verrassend vir die spreker. Intersubjektiviteit is daarteenoor uitslatings wat gebaseer is op inligting waarvan die spreker kennis dra, dit is nie nuut of verrassend vir die spreker of aangesprokene nie. Nuyts (2001:396) dui aan dat subjektiewe uitslatings meer in gesproke taal voorkom en intersubjektiewe uitslatings eerder in geskrewe tekste voorkom. Die grense van epistemiese en bewysende modaliteit is baie vloeibaar. Nuyts (2001) beklemtoon egter dat intersubjektiewe modaliteit veral as bewysende modaliteit figureer, aangesien die spreker meer inligting en bewyse het waarop die uitslating gebaseer is. Subjektiewe en intersubjektiewe epistemiese modaliteit is dimensies waarop epistemiese en bewysende modaliteit fyner gekategoriseer kan word en dit sal vervolgens as dimensies op die semantiese kaart uitgedruk word.

Kortom druk epistemiese modaliteit wisselende grade sprekeronsekerheid uit. Hierdie studie gaan van die standpunt uit dat daar 5 tipes epistemiese modaliteit is wat wissel van **lae sprekersekerheid** aan die een pool tot **hoë sprekersekerheid** aan die ander pool. Die skaal wat hier gebruik word, het voorwaardelikheid as lae sekerheid aan die een kant, want die basis van voorwaardelike konstruksies is die verskeie moontlikhede en sekere voorwaardelike gegewens wat eers moet realiseer alvorens die situasie 'werklik' kan wees. Hipotese is al mediaan sekerheid, aangesien die omstandighede meestal binne bewese akademiese omstandighede gesitueer is en redelike hipoteses word gemaak. Bewyslike modaliteit maak gebruik van bewyse uit die samelewing, en die spreker is baie seker oor die uitspraak.

Lae sekerheid Voorwaardelikheid	Moontlikheid	Hipotese	Waarskynlikheid	Hoë sekerheid Bewyslikheid

Figuur 3.6 Epistemiese grade (Wärnsby 2006)

Aangesien hierdie studie RKG as teoretiese raamwerk volg, sal 'n tipiese epistemiese konstruksie soos volg daar uitsien:



Figuur 3.7 Epistemiese modale konstruksienetwerk (eie skema)

Hier word gesien dat die vyf basiese epistemiese modaliteitbetekenisse op die mesovlak van 'n konstruksie lê, met talle algemene skematiese uitdrukkings wat hieraan voldoen. Die meeste, maar nie al die modale hulpwerkwoorde nie, vertoon al vyf van hierdie betekenisse. Op die mikrovlak lê elke afsonderlike modaal se spesifieke konstruksies. In Afdeling B is daar 'n volledige bespreking oor elke modale hulpwerkwoord se konstruksienetwerke. Vervolgens 'n bespreking oor deontiese modaliteit.

3.5.3 DEONTIESE MODALITEIT

Deontiese modaliteit verwys na die mate of graad waartoe 'n krag op die onderwerp van die sin toegepas word om 'n sekere aksie uit te voer.

[3.61] John *must* go to school.

John *moet* skool toe gaan.

{verpligting}

Die proposisie se krag word uitgedruk deur die spreker, maar dit kan ook van 'n ongeïdentifiseerde derde bron af kom (byvoorbeeld wette of reëls) en hierdie persoon, instansie of outoriteit waarvandaan die opdrag kom, staan bekend as die deontiese bron (Huddleston, 2002:178). Nuyts (2016:36) plaas veral klem op die morele wenslikheid van 'n proposisie (of status van omstandighede), tipies maar nie noodwendig nie, met betrekking tot die spreker. Die definisie van moraliteit moet hier breërlei verstaan word, aangesien dit sosiale norme kan insluit, sowel as persoonlike etiese kriteria van die persoon verantwoordelik vir die deontiese assessering (deelnemers se morele assessering van situasies kan verskil). Hierdie kategorie kan dus op 'n meetskaal geplaas word van absolute morele noodsaaklikheid aan die een punt deur verskillende grade wenslike moraliteit tot morele onaanvaarbaarheid op die teenoorgestelde punt.

Deontiese modaliteit druk verpligting, morele verwagting en toestemming uit (Traugott, 2011:383; Palmer, 2001). Die woord *deonties* is afgelei van die Griekse woord vir *gebonde* naamlik *déon* – *δέον* (gen: *δέοντος*), dit wat verplig word of dit wat bindend is. Deontiese modaliteit is performatief van aard: die aangesprokene se gedrag word op een of ander manier beïnvloed, gewysig, aangespreek of bepaal deur die uitdrukking (Wärnsby, 2006:19). Die gebeurtenis word gemodifiseer/gewysig deur die modaal en is direk verwant aan die taalhandeling (verwys ook Palmer (2001) se kategorisering van deontiese modaliteit as gebeurtenismodaliteit). Deontiese modaliteit, net soos epistemiese modaliteit, is dus diskoers-georiënteerd. Die verskil tussen epistemiese en deontiese modaliteit is egter dat epistemiese modaliteit die spreker se toewyding/vertroue in die proposisie uitspreek, en in deontiese modaliteit gee of vra die spreker toestemming om die uitdrukking van die proposisie uit te voer.

[3.62] Jane *can* leave now.

Jane *kan* nou vertrek.

{deonties}

[3.63] I permit Jane to leave now.

Ek laat Jane toe om te vertrek.

{parafrase}

[3.64] Jane is allowed to leave now.

Jane word nou toegelaat om te vertrek. {parafrase}

In sin [3.62] gee die spreker toestemming en die onderwerp van die sin, Jane, moet die aksie uitgedruk deur die hoofpredikaat (hoofwerkwoord) uitvoer. Sinne [3.63] en [3.64] is parafraserings van sin [3.62] (Wärnsby, 2006:20).

Huddleston (2002: 178) noem dat uitdrukkings dikwels dubbelsinnig is, en as deontiese of epistemiese modaliteit kan kwalifiseer, byvoorbeeld:

[3.65] You *must* be very tactful.

Jy *moet* baie taktvol wees. {dubbelsinnig}

Daar word afgelei dat jy baie taktvol kan wees. (epistemies)

Jy word verplig om baie taktvol te wees. (deonties)

[3.66] He *may* sleep downstairs.

Hy *mag* op die onderste verdieping slaap. {dubbelsinnig}

Dit kan wees dat hy op die onderste verdieping slaap. (epistemies)

Hy het toestemming om op die onderste verdieping te slaap.

(deonties)

Deontiese modaliteit word gesien as die meer basiese tipe modaliteit, en epistemiese modaliteit is 'n uitbreiding op die domein van beredenering van konsepte in die domein van menslike interaksie. Dit is dus meer serebraal van aard (Huddleston, 2002:178).

Wärnsby (2006:20) en Eide (2002:20) het Calbert (1975:24) gevolg en 'n toevoeging tot die betekenis van deontiese modaliteit gemaak deur onderskeid te tref tussen die bron en doelwit van die proposisie. Daar is modale gevalle waar die deontiese krag van die uitdrukking nie van die spreker afkomstig is nie, en ook nie gerig is tot die onderwerp van die proposisie nie, soos gesien in:

[3.67] If the ratepayers *should* be consulted, so too *must* the council tenants.

As die belastingbetalers gekonsulteer *moet* word, *moet* dieselfde geld vir die raadshuurders.

Palmer (1990:113) het die gebruik van *moet* in die tweede deel van die sin by dinamiese modaliteit ingesluit en daarna verwys as dinamiese noodsaaklikheid. Dinamiese noodsaaklikheid word dikwels uitgedruk wanneer daar geen aanduiding is dat 'n spreker betrokke is in 'n proposisie nie. Hierdie uitdrukking stem egter meer ooreen met die betekenisskakeling van deontiese modaliteit (aangesien die betekenisnuanse noodsaaklikheid hier ter sprake kom) as met dinamiese modaliteit wat vermoë uitdruk.

Uitdrukkings soos gesien in sin [3.67] sluit eerder aan by '*ought to be*'/'*dit is noodsaaklik dat*' of '*behoort te*' uitdrukkings as dinamiese modaliteit soos beskryf deur Feldman (1986:179):

Sometimes, instead of saying that a certain person ought to do a certain thing, we may say that a certain state of affairs ought to be, or ought to occur [...]. The ought-to-do involves a relation between an agent and a state of affairs. The ought-to-be involves a property of a state of affairs.

In die '*dit is noodsaaklik*' of '*behoort te*' uitdrukkings word die fokus verskuif vanaf die Agent wat die proposisie uitspreek tot die algemene bron waarop dit gerig word (wat nie noodwendig die spreker is nie). Calbert (1975:24) het dit soos volg gesien:

[...] each modality can be expressed from the point of view of the Source [X in [(i)]] or from the point of the Goal [Y in [(ii)]]. These alternatives may be called Source-oriented and Goal-oriented modalities respectively [...]:

(i) X wants Y to...

(ii) Y has to...

Eide (2002:20) en Wårnsby (2006:20) het voorgestel dat daar dus onderskeid getref word tussen **bepaalde** en **onbepaalde deontiese modaliteit**. Algemene deontiese modaliteit word gesien as bepaald maar die gevalle waar die opdrag nie gerig word aan 'n spesifieke onderwerp deur 'n spesifieke agent nie, is onbepaalde modaliteit. Met

algemene deontiese modaliteit moet die opdrag of uitdrukking gerig word aan 'n spesifieke onderwerp-referent. Wårnsby (2006:20) het egter hierdie teorie van Eide (2002) verder geneem en daarop gewys dat haar onderskeid tussen bepaalde en nie-gerigte of onbepaalde modaliteit tweërlei van aard is. Die onderwerp is nie 'n spesifieke agent-referent nie, en die deontiese krag spruit nie direk van die spreker nie maar uit omstandighede. Hierdie teorie sluit aan by Verstraete (2001:1525) wat aandag geskenk het aan die subjektiewe en- objektiewe funksies van deontiese modaliteit. Die subjektiewe gebruik van deontiese modaliteit verwys na die enkodering van die spreker se toewyding aan die noodsaaklikheid/verpligting-parameter, terwyl objektiewe deontiese modaliteit verwys na omstandighede (some necessity...) wat noodsaaklike/verpligte aksie vereis.

Wårnsby (2006:33) het soortgelyk aan die epistemiese modaliteitskaal ook 'n deontiese graadparameterskaal voorgestel. Hierdie skaal organiseer deontiese modale op 'n skaal volgens die mate waartoe die spreker outoriteit oor die aangesprokene het.

Verpligting		Aanbeveling	Toestemming
must	should		can could may might

Figuur 3.8 Engels se grade van spreker-outoriteit

Van links na regs verminder die spreker se outoriteit. Die gebrek aan vertikale lyne dui weereens na die diffuse grense tussen die modale hulpwerkwoorde wat dubbelsinnige betekenis vertoon en dit is ook moeilik om onderskeid te tref tussen die verskillende interpretasies. Wårnsby (2006:35) kategoriseer die spreker se wil of begeerte ook onder deontiese modaliteit. Hierdie verdeling, in stede daarvan om dit as dinamiese modaliteit te klassifiseer, word deur my verwerp. Die tradisionele indeling is om enige volisiebetekenis as dinamies te kategoriseer. Dinamiese modaliteit is die derde tipe

modaliteit en dit is 'n kategorie wat naas epistemiese en deontiese modaliteite ook algemeen gebruik word wanneer na **tipes modaliteit** verwys word (Palmer, 2001:8-17). Dinamiese modaliteit verwys na dié groep betekenisskakerings wat vermoë en begeerte/wens uitdruk.

Deontiese en dinamiese modaliteit (Palmer, 2001:8) kan binne 'n taksonomiese onderverdeling gesien word as Gebeurtenismodaliteit aangesien die gebeurtenisse nog nie gerealiseer het nie; dit het nog nie plaasgevind nie en is bloot potensiële gebeure.

Die verskil tussen deontiese en dinamiese modaliteit lê tussen eksterne faktore (ekstrinsiek) wat in deontiese modaliteit betrekking het op die relevante individu en interne faktore (intrinsiek) by dinamiese modaliteit (Palmer, 2001:9). Hierdie eksterne faktore of outoriteit wat 'n bepaalde krag uitoefen op die aangesprokene kan wetmatig wees of spruit van die spreker van die uitdrukking.

3.5.4 DINAMIESE MODALITEIT

Dinamiese modaliteit is 'n kategorie wat deur verskeie terme binne die linguistiek benoem word; onder meer is daarna verwys as 'fakultatiewe' modaliteit (Goossens, 1985) en as inherente modaliteit (Hengeveld 1988), maar hierdie studie hou by die tradisie van dinamiese modaliteit as benaming. Hierdie kategorie het te make met die vermoë wat die onderwerp van die sin het om 'n aksie wat genoem word in die uitdrukking se proposisie, uit te voer. 'n Algemene definisie van dinamiese modaliteit is:

(it) is an ascription of the capacity or ability to the first argument t (or controlling) participant (usually the agent participant) of the verb to realize or effectuate the state of affairs expressed in the clause (Nuyts 2016:34 soos oorgeneem deur Goossens, 1985).

Gevolglik is hierdie tipe modaliteit subjek-georiënteerd of onderwerp-georiënteerd (Wärnsby, 2006:21). Hierdie kenmerk onderskei dinamiese modaliteit van epistemiese

en deontiese modaliteit wat diskoers-georiënteerd (met ander woorde modaliteit wat beide die spreker en die aangesprokene betrek) is. Dinamiese modaliteit sluit in:

- (i) Interne vermoë
- (ii) Eksterne vermoë, en
- (iii) Wens/begeerte. (Palmer, 2001:10)

Dinamiese modaliteit enkodeer die onderwerp se fisiese en mentale vermoë, dus intrinsieke vermoë (sommige outeurs sluit ook begeerte hierby in), byvoorbeeld:

[3.68] John *can* swim.

John *kan* swem. {interne vermoë}

maar het ook betrekking op omstandighede wat die onderwerp toelaat om iets uit te voer, byvoorbeeld:

[3.69] He *can* escape.

Hy *kan* ontsnap. {eksterne vermoë}

Huddleston (2002:178) noem dat dinamiese modaliteit gemoeid is met eienskappe en kenmerke van die betrokke mense waarna die klaus verwys, veral soos uitgedruk in die nominaalkonstruksie. Onderskeid word getref tussen die vermoë en behoeftes wat volledig inherent is tot die agent (eerste-argument of kontrolerende) deelnemer, dit staan bekend as deelnemer-inherente dinamiese modaliteit (Verwys 3.5.6 en 3.5.7), teenoor die eksterne omstandighede wat die agent se noodsaaklikhede of moontlikhede bepaal, wat bekend staan as 'opgelegde' of eksterne-deelnemer noodsaaklikheid (Nuyts, 2016:34), byvoorbeeld:

[3.70] He *can* stand on his head without using his hands.

Hy staan op sy kop sonder om sy hande te gebruik. {interne-deelnemer}
teenoor

[3.71] The garage is free so you *can* park your car there.

Die parkeergarage is oop so jy *kan* jou motor daar parkeer. {eksterne-deelnemer}

Let wel op die onderskeid tussen interne-deelnemer en eksterne-deelnemer-modaliteit en situasionele modaliteit. In die voorbeelde

[3.72] It *can* rain every day
Dit *kan* elke dag reën

[3.73] All ships *can* sink
Alle skepe *kan* sink

lê die moontlikheid en noodsaaklikheid van die proposisie buite enige spesifieke deelnemers (inherent of ekstern) se betrokkenheid. Dit lê wel in die status van die proposisie as 'n geheel. Die debat of situasionele modaliteit as dinamies of epistemies geklassifiseer kan word, is al gevoer (Nuyts, 2005,2006; Van der Auwera & Plungian,1998), maar dit lyk asof dit tans ingesluit word onder epistemiese modaliteit (Nuyts, 2007; Byloo en Nuyts, 2014).

Dinamiese modaliteit word ook gekenmerk deur dubbelsinnigheid, en kan in sekere gevalle as 'n ander tipe modaliteit (soos deonties of epistemies) geklassifiseer word, byvoorbeeld:

[3.74] She *can* stay as long as she likes.
Sy *kan* so lank bly as wat sy wil. {deonties; toestemming}

[3.75] She *can* easily beat everyone else in the club.
Sy kan maklik enigiemand in die klub wen. {dinamies, vermoë}

[3.76] She *can* speak French.
Sy *kan* Frans praat. {dubbelsinnig; óf vermoë-dinamies, óf toestemming-deonties}

Huddleston (2002:179) verduidelik dat die grense tussen deonties en dinamies vloeibaar is. In 'n voorbeeld soos:

[3.77] The most we *can* expect is a slight cut in the sales-tax.
Die meeste wat ons *kan* verwag is 'n geringe verlaging in verkoopsbelasting.

is die gebruik van die modale hulpwerkwoord *kan* nóg deonties nóg dinamies en dus dubbelsinning. Aangesien daar nie 'n definitiewe bron van outoriteit is nie, word hierdie uitdrukking as dinamies geklassifiseer deur Huddleston (2002:178).

Dinamiese modaliteit is minder sentraal tot modaliteit as epistemiese modaliteit, aangesien dit nie in wese 'n spreker se houding tot die feitelikheid of aktualisering van 'n proposisie behels nie (een van die kernbegrippe van modaliteit volgens Huddleston, 2002:173). Gevolglik is hierdie tipe of kategorie dikwels dubbelsinning van aard. Dinamiese modaliteit is volgens Huddleston (2002:179) ook minder algemeen onder die modale hulpwerkwoorde as deontiese en epistemiese modaliteit. Hierdie stelling sal in Afdeling B getoets word op Afrikaanse modale hulpwerkwoorde. Dinamiese modaliteit as 'n tipe op sy eie word deur verskeie teoretici (Huddleston & Pullum, 2002; Narrog, 2005; Traugott, 2011:384) ondersteun en sluit in die betekenisparameters van potensiaal, vermoë en kapasiteit.

Epistemiese modaliteit word alerweë aanvaar as tipe modaliteit. Daar bestaan egter verskeie teorieë wat nie deontiese en dinamiese modaliteite as gelykstaande aan die epistemiese teorie beskou nie en hierdie triptiek word deur 'n paar teorieë uitgedaag. Die drie tradisionele tipes modaliteit is tot dusver ondersoek, maar daar is ook ander teorieë oor die onderskeibare tipes modaliteite beskikbaar en dit word vervolgens bespreek.

B Verdere terminologiese onderskeidings.

3.5.5 NIE-EPISTEMIESE MODALITEIT

Sekere teorieë tref nie 'n definitiewe onderskeid tussen deontiese en dinamiese kategorieë nie. In een van hierdie teorieë word deontiese en dinamiese kategorieë gesamentlik benoem as die wortel-kategorie. Die wortel- of basis-kategorie soos deur Coates (1983:20-21) voorgestel, betrek die kognitiewe semantiek deur gebruik te maak van die vloeibare grenseteorie om die verskillende grade modaliteit uit te druk. Die wortel-kategorie verwys na die 'wortel' as hoofklaus van die sin en die benaming *dinamies* en *deonties* word verwerp aangesien dit hiervolgens slegs verwys na

kernbetekenisse en in hierdie terme word nie voorsiening gemaak vir perifere betekenisse van byvoorbeeld *mag/may* en *might* nie. Die terme *deonties* en *dinamies* se betekenisse is volgens hierdie teorie gelaai, en daar word verkies om eerder die neutrale term – wortel-kategorie – as 'n diskrete kategoriese model voor te stel. Hierdie teorie beklemtoon dat modale betekenisse teenstrydig is en dat daar nie 'n arbitrêre afsnypunt is nie. Modale het kern- en periferiebetekenisse, en vaste terme soos *deonties* en *dinamies* maak hivolgens slegs voorsiening vir kernbetekenisse. Coates (1983) het 'n onderskeid getref tussen die betekenisse van wortel- en deontiese modaliteit, maar aangesien hierdie verskille in betekenisse baie subtiel is, het ander linguïste die terme geïntegreerd en afwisselend gebruik, wat geen verskille aangedui het nie (De Haan, 2006:7). Agter die betekenis van die term wortel-modaliteit, soos deur Coates daargestel, lê die nassie dat nie alle gevalle van modaliteit eenvoudig as modaal geïnterpreteer kan word nie, en wortel-modaliteit maak voorsiening vir daardie gevalle op die periferie van modale betekenisse (De Haan, 2006:7). Sekere voorbeelde val buite die tradisionele modale betekenisfeer, soos gesien in wortel-modaliteit en die inkorporering van die vloeibare grenseteorie se graderingstelsels. Voorbeelde wat buite die tradisionele betekenisfeer val, word gesien as die onbepaalbaarheid van modaliteit en hierdie teoretiese model maak voorsiening vir daardie grensgevalle wat nie eenvoudig kategorieerbaar is nie.

Die wortel-kategorieteorie het drie tipes onbepaalbaarheid soos in Coates (1983) se korpusse aangetref:

1. Gradeerbaarheid/gradiënt
2. Dubbelsinnigheid
3. Vermenging; samesmelting

Volgens hierdie teorie het elke modaal 'n kernbetekenis soos byvoorbeeld *can/kan* wat die kernbetekenis **vermoë** het, terwyl die betekenis **moontlikheid** op die periferie van *can/kan* se gradeerbaarheid lê. Die kritiek hierteen is dat alhoewel Coates (1983) dit anders stel, sy tog hiermee erken dat modale monosemanties is maar met subbetekenisse daaraan gekoppel. Hierdie studie verwerp modale as monosemanties en

sluit aan by Bybee en Pagliuca (1985), Bybee (1988), Bybee en Fleischman (1995), Bybee, Perkins en Pagliuca (1994), Huddleston (2002), Palmer (2001), Sweetser (1990), en ander wat modale hulpwerkwoorde as polisemies met meer as een betekenisonderskeid beskou. Dubbelsinnigheid kom voor wanneer dit moeilik is om 'n modaal te klassifiseer as die een of ander tipe. Voorbeelde van samesmelting, net soos dubbelsinnigheid, is onbepaalbaar in die sin dat die konteks van die betrokke voorbeelde nie twee moontlike betekenisse kan uitsluit nie. Samesmelting verskil van dubbelsinnigheid aangesien dit volgens die betrokke konteks nie noodsaaklik is om die verskillende betekenisse uit te sluit nie, maar die betekeniskategorieë kan versmelt. Dit kan omskryf word as kontekstuele neutralisering.

Coates (1983) se analise van gegewe korpusdata het haar tot die gevolgtrekking gebring dat 'n modale model voorsiening moet maak vir kategoriese en nie-kategoriese benaderings. In Coates se seminale werk oor Engelse modale hulpwerkwoorde (1983) het sy bevind dat dit noodsaaklik is om te verwys na modale se onbepaalbaarheid en sy het die Vloeibaregrenseteorie (*fuzzy set theory*) ingespan om die onbepaalbaarheid van modale te ondersoek. Sy verwys na Zadeh (1965, 1971, 1972, 1977) wat met die vloeibaregrenseteorie na vore gekom het. Zadeh het aangesluit by die moderne wiskundige denke wat wys dat enige verhouding in 'n klassifikasiesisteen ook in leketaal uitgedruk word. Om te sê "Johan is lank" word daar gebruik gemaak van 'n eenvoudige wiskundige formule wat mense in terme van lengte klassifiseer as kort of lank en gevolglik is daar 'n kategorie lang of kort mense. Lidmaatskap van 'n stel is egter 'n presiese konsep. Elke persoon kan gedefinieer word as lank (met ander woorde 'n lid van die kategorie lang mense) of nie lank nie (en nie 'n lid van hierdie groep nie). Die probleem ontstaan by grensgevalle – want op watter punt is mense lank of nie? Om hierdie probleem op te los het Zadeh verwys na 'n gegradeerde lidmaatskap wat hy die vloeibaregrenseteorie noem (*fuzzy theory*). Woorde soos lank, rooi, slim vorm nie deel van 'n klassieke stel met binêre lidmaatskapsfunksie nie (lank; nie lank nie; rooi – nie rooi nie) maar 'n vloeibare stel met gegradeerde lidmaatskap. Hiervolgens sal elke modaal se gradering nie gekwantifiseer word nie maar algemene terme soos: kern, periferie en buitewyke sal gebruik word om aan te dui waar in die

stel die spesifieke uitdrukking lê. Die term vloeibare stel word gebruik om 'n klas aan te dui waarin verplasing van lidmaatskap tot nie-lidmaatskap geleidelik plaasvind en nie onmiddellik nie. Sien Lakoff (1973) vir verdere bespreking van die vloeibarestelteorie.

Coates (1983) wys daarop dat vanuit haar data beide *kern* en *epistemiese* betekenis vloeibare grense het, maar dat vloeibaarheid tipies is van *kern*modaliteit. Met modale hulpwerkwoorde is datavoorbeelde gevind wat as *subjektief* gesien word (beide *kern* en *epistemies*) of as *sterk* (*kern*modaliteit) in die kern van die stel – dit het dus 'n baie hoë waarde en word as 1 of amper 1 uitgedruk. Voorbeelde wat *swak* of as *objektief* gesien word, het 'n baie lae waarde van 0.1 of 0.2. Tussen die kern en die periferie word daar voorbeelde gevind wat as onbepaald gegradeer word en hulle word in die buitewyke geplaas.

Taalanalise gee die volgende kenmerke van hierdie areas van die vloeibare stel: Die kern is die betekenis van 'n woord/modaal wat eerste deur kinders aangeleer word (Wells, 1979), dit verwys ook na kulturele stereotipes (met ander woorde as mense op straat gestop word en gevra word wat is die betekenis van byvoorbeeld *could should may*). Interessant genoeg is dit statisties bepaal dat kernvoorbeelde ongereeld voorkom. Die meerderheid voorbeelde word gevind in die buitewyke en in die periferie. Die voorbeelde op die periferie is dikwels die “emergent category”/opkomende kategorie want dit is dikwels moontlik om dié voorbeelde op die periferie te definieer deur dit te kontrasteer met die kernvoorbeelde.

Palmer (1986:103-104) en ander teoretici (sien De Haan, 2006:7) verwerp Coates se nosie dat modaliteit slegs uit epistemiese en kern/basis-modaliteite bestaan, aangesien daar 'n duidelike verskil is tussen deontiese, dinamiese en kernmodaliteit. De Haan (2006) beveel aan dat kernmodaliteit soos beskryf deur Coates (1983) wel gebruik kan word vir die gevalle wat onbepaalbaar en grensgevalle is en nie duidelik behoort tot 'n spesifieke kategorie nie, maar buite die tradisionele domein van modaliteit val. Hierdie studie verkies ook om die triptiek – *epistemiese*, *deontiese* en *dinamiese* modaliteit te gebruik as die drie tipes modaliteite, maar Coates (1983) se

vloeibaregrenseteorie maak voorsiening vir grensgevalle wat nie somaar duidelik as een of ander tipe omskryf kan word nie. Die vloeibaregrenseteorie sal wel ingespan word vir die grensgevalle. Die vloeibaregrenseteorie kan betekenisvol gebruik word nadat elke individuele modale hulpwerkwoord se betekenis-skakerings ondersoek is en 'n semantiese kaart vir elk afsonderlik saamgestel is om kern en perifere waardes van elke modaal diagrammaties voor te stel.

3.5.6 AGENT-GEBASEERDE V SPREKER-GEBASEERDE MODALITEIT

Bybee et al. (1985:116, 1991:23, 1994) het weer na nog 'n model vir die tipes modaliteit verwys, en dit word soos volg gekategoriseer:

1. agent-gebaseerde,
2. epistemiese,
3. spreker-gebaseerde modaliteit,
4. subordinate/ondergeskikte modaliteit.

Epistemiese modaliteit sluit hier ook betekenis van moontlikheid en waarskynlikheid in, maar Bybee et al. (1994:180) sluit onder hulle model van epistemiese modaliteit ook die betekenisparameter van **afgeleide sekerheid** in, byvoorbeeld:

[3.78] There *must* be some way to get from New York to San Francisco for less than \$600.

Daar *moet* 'n manier wees om van New York na San Francisco vir minder as \$600 ter reis. {gevolgtrekking / afgeleide sekerheid}

Ondergeskikte modaliteit verwys na modaliteit in onderskikkende klause soos gesien in betekenis van die *konsessiewe* (toegeeflike) *although/alhoewel* en *doelbewuste sodat* (De Haan, 2006:8). Een eksponent van die ondergeskikte modus is die subjunktief. (Hierdie tipe modaliteit het nie betrekking op modale hulpwerkwoorde nie, en word dus nie ingesluit in hierdie studie se teoretiese model nie.)

Agent-gebaseerde modaliteit verwys na die gevalle van modaliteit waar die agent waarna verwys word in die klaus, om een of ander rede gedwing word/verplig word om iets te doen.

Agent-oriented modality reports the existence of internal and external conditions on the agent with respect to the completion of the action expressed in the main predicate. (Bybee et al., 1994:177).

Sekere tipes agent-gebaseerde modaliteit is:

i) Noodsaaklikheid (eksterne faktore bestaan wat die agent dryf om 'n aksie te doen)

[3.79] All students *must* obtain written permission from the dean.

Alle student *moet* skriftelike toestemming van die dekaan verkry.

ii) Verpligting (die bestaan van fisiese omstandighede wat die agent dryf)

[3.80] I *need to* hear a good loud alarm in the morning to wake up.

Ek *moet* 'n goeie alarm in die oggend kan hoor om wakker te word.

iii) Vermoë (daar bestaan interne-agent instaatstellende vermoëns)

iv) Begeerte (daar bestaan interne-agent begeertevermoëns)

Agent-gebaseerde modaliteit soos wat Bybee (1985) dit aandui, kan losweg gesien word as deontiese modaliteit volgens Traugott (2011:384), maar met die betekenisse vermoë en begeerte dek dit ook dinamiese modaliteit se parameters.

'n Belangrike tipe agent-gebaseerde modaliteit volgens Bybee et al. (1994) is kern-modaliteit, wat verband hou met vermoë maar eksterne faktore word ook in berekening gebring. 'n Voorbeeld van kernmodaliteit is:

[3.81] I actually *couldn't* finish it because the chap whose shoulder I was reading the book over got out at Leicester Square (Bybee et al., 1994:178; Coates, 1983:114).

Ek *kon* egter nie klaarmaak nie want die ou oor wie se skouer ek die boek gelees het, het uitgeklim by Leicester Square.

Die *couldn't* of *kon* dui nie op die agent se interne onvermoë nie, maar op faktore buite die agent se beheer wat 'n rol gespeel het om nie die aksie te voltooi nie.

Spreker-gebaseerde modaliteit dui op daardie gevalle van modaliteit waar die spreker die 'instaatstellende kondisie' is. Dit is daardie gevalle waar die spreker aan 'n aangesprokene 'n opdrag of toestemming gee. Hierdie modaliteit maak voorsiening vir direkte, imperatiewe, verbiedinge, negatiewe imperatiewe, optatiewe, waarskuwings en toestemming. Binne die agentgebaseerde en sprekergebaseerde modaliteitsteorie, word onderskei tussen wortelmodaliteit of dinamies/deontiese modaliteit. In Bybee et al. (1994) se model berus die deurslaggewende faktor op wie of wat ook al die instaatstellende faktor is. As dit die spreker is, dan verwys ons na sprekergebaseerde modaliteit en as dit die agent is, dan verwys ons na agentgebaseerde modaliteit (De Haan, 2006:9).

Verskeie teoretici het die konsepte agentgebaseerde/ sprekergebaseerde modaliteit verfyn deur na **interne deelnemer** en **eksterne deelnemerskap** (Van der Auwera & Plungian, 1998:80-86) of selfs na **deelnemergeoriënteerde modaliteit** (Hengeveld, 2004) te verwys.

Interne deelnemermodaliteit is basies dieselfde as dinamiese modaliteit aangesien dit ook na vermoë en behoefte verwys, byvoorbeeld:

[3.82] John *needs* a book

John *benodig* 'n boek

Eksterne-deelnemermodaliteit op sy beurt word weer onderverdeel in deontiese en nie-deontiese eksterne-deelnemermodaliteit. Deontiese modaliteit is 'n sub tipe eksterne-deelnemer modaliteit. Dit sluit toestemming en verpligting in (hetsy van die spreker of 'n ander bron). Nie-deontiese modaliteit sluit moontlikheid en noodsaaklikheid in. Dit verwys na eksterne omstandighede buite die situasie, byvoorbeeld:

[3.83] To get to the station, you *can* take Bus 66 [Van der Auwera & Plungian 1998:80].

Om by die stasie te kom, *kan* jy Bus 66 neem.

In hierdie gevalle is daar geen nut vir sprekergebaseerde modaliteit nie, aangesien dit opgevang word deur deontiese modaliteit.

Van der Auwera en Plungian (1998:90) dui egter aan dat hulle moet erken dat hulle nie tevrede is met die benaming deelnemergeoriënteerde modaliteit nie, aangesien dit te vaag is want 'n klaus kan meer as een deelnemer hê. Hulle oorweeg die term subjekgeoriënteerde modaliteit, maar verwerp hierdie nosie aangesien hulle reken dit word nie kruis-linguisties aanvaar nie (De Haan, 2006:10). Traugott (2011:383) dui ook aan dat sprekergebaseerde en ondergeskikte modaliteit eerder as uitdrukkings van die modus gesien moet word. Daarom verwerp hierdie studie van meet af aan hierdie twee onderskeie konsepte as tipes modaliteit.

In Traugott (2011:385) se bydrae tot die 'tipe-modaliteit'-debat wys sy daarop dat die oorsprong van hierdie debat moontlik bestaan vanweë die kruis-linguistiese verskille tussen tale. Modale hulpwerkwoorde as evidentials (bewyslike modaliteit) kom byvoorbeeld slegs voor onder sekere Germaanse tale soos Duits en Nederlands, byvoorbeeld Nederlandse *moeten* encodeer indirekte evidensialiteit (De Haan, 2005). Sekere modale gebruike is dus geografies beperk. Van der Auwera en Amman (2005) het byvoorbeeld die geografiese beperking van die polisemiese aard van epistemiese, deontiese en dinamiese modale onder slegs Europese tale bespreek. Om tipologiese verbande en oorvleuelings tussen tale aan te dui, is semantiese kaarte soos veral deur Van der Auwera en Plungian (1998) gebruik.

3.5.7 VOORLOPER: SEMANTIESE KAARTE

Van der Auwera en Plungian (1998:80) het aangedui dat modaliteit en sy tipes gedefinieer en benoem kan word op verskeie wyses, waarvan nie een meer korrek is as die ander nie. Die linguis moet egter baie duidelik wees oor sy/haar terminologie en werkswyse. Modaliteit lê volgens hulle binne die domein van noodsaaklikheid en

moontlikheid as paradigmadiese variante. Modaliteit konstitueer dus twee keuses naamlik noodsaaklikheid aan die een kant en moontlikheid aan die ander. Hulle het modaliteit se betekenisparameters uitgedruk in vier domeine op 'n semantiese kaart. Die eerste domein is interne-deelnemer modaliteit. Dit verwys na 'n noodsaaklikheid of moontlikheid wat intern is tot die betrokke agent of deelnemer in die stand van sake. In die geval van moontlikheid is die deelnemer/agent se kapasiteit of vermoë geaktiveer, byvoorbeeld:

[3.84] Boris *can* get by with sleeping five hours a night.

Boris *kan* weggom met vyf ure se slaap per nag.

In die geval van noodsaaklikheid is die deelnemer se interne behoefte op die voorgrond.

[3.85] Boris *needs to* sleep ten hours every night for him to function properly.

Boris *moet* elke aand tien ure slaap vir hom om behoorlik te funksioneer.

Die tweede domein waarin moontlikheid en noodsaaklikheid kontrasteer is die van eksterne-deelnemer modaliteit. Dit verwys na omstandighede wat ekstern is tot die betrokke deelnemer/agent (indien daar wel 'n betrokke agent betrokke is). Dit maak die stand van sake moontlik of noodsaaklik, byvoorbeeld:

[3.86] To get to the station you *can* take bus 66.

Om by die stasie te kom *kan* jy bus 66 neem. {moontlikheid}

[3.87] To get to the station you *have to* take bus 66.

Om by die stasie te kom *moet* jy bus 66 neem. {noodsaaklikheid}

In sin [3.86] is die moontlikheidsparameter geaktiveer aangesien die agent/aangesprokene deur eksterne omstandighede ('n eksterne deelnemer) die opsie het om bus 66 te neem na die stasie. In sin [3.87] is bus 66 die enigste opsie wat die betrokke aangesprokene of deelnemer het om tot by die stasie te kom.

Die derde domein is deontiese modaliteit. Dit is 'n subdomein of spesiale geval van deelnemer-eksterne modaliteit. Deontiese modaliteit is vroeër in hierdie hoofstuk reeds bespreek, maar ek verwys tog na wat Van de Auwera en Plungian (1998:89-90)

hieroor te sê het, naamlik dat dit eksterne instaatstellende of verpligtende omstandighede is, wat deur iemand, dikwels die spreker, op die deelnemer/agent toegepas word. Die spreker of ander sosiale of etiese norme laat die deelnemer/agent toe of verplig die persoon om betrokke te raak by 'n sekere stand van sake, byvoorbeeld:

[3.88] John *may* leave now.

John *mag* nou gaan.

[3.89] John *must* leave now.

John *moet* nou gaan.

In sin [3.88] het die deelnemer – John – toestemming om te vertrek. Die spreker het die een of ander vorm van outoriteit oor John wat hom in staat stel om te vertrek. Toestemming is 'n geval van deontiese moontlikheid. Sin [3.89] druk deontiese noodsaaklikheid of verpligting uit, en John se vertrek word vanuit hierdie oogpunt verplig.

Die laaste domein in die semantiese kaart is epistemiese modaliteit en dit verwys na die beoordeling van 'n spreker oor 'n proposisie se status as onseker of moontlik:

[3.90] John *may* have arrived.

John *mag/kon* gearriveer het.

[3.91] John *must* have arrived.

John *moes* gearriveer het.

In sin [3.90] is die spreker onseker of John gearriveer het. Hierdie onsekerheid verwys na epistemiese moontlikheid. In sin [3.91] is die spreker taamlik seker, op grond van sekere gegewe inligting dat John gearriveer het en die betekenis is dus relatief waarskynlik. Sekerheid en 'n relatiewe hoë graad van waarskynlikheid verwys na epistemiese noodsaaklikheid.

Van der Auwera en Plungian (1998:83) gebruik die terminologie epistemies en deonties in die tradisionele sin van die woord (soos deur Palmer, 2001:9-10) en verwerp Bybee (1994) se gebruik van die terme agent-georiënteerd en spreker-

georiënteerd, aangesien die spreker nie in alle gevalle die verpligting of toestemmingsagent is nie, soos gesien kan word in:

[3.92] *I can be bribed easily.*

Ek *kan* maklik omgekoop word.

[3.93] *I need to be left in peace today.*


Ek *moet* vandag in vrede gelaat word.

Van der Auwera en Plungian (1998) verkies om in hierdie gevalle te verwys na interne-deelnemer wat gekontrasteer kan word met eksterne-deelnemer. Alhoewel hulle reken dat hierdie terme nie spesifiek genoeg is nie, het hulle steeds berus by hierdie benamings.

Van der Auwera en Plungian (1998:90) erken dat hulle modale kaart beperkend is en nie voorsiening maak vir alle betekenisskakerings van die begrip modaliteit nie. Begeerte (volition) sowel as bewysende modaliteit is nie hierby in berekening gebring nie. Interne-deelnemer-moontlikheid maak egter voorsiening vir dinamiese modaliteit en eksterne-deelnemer-noodsaaklikheid vir die behoeftebetekenis. Hulle verwys na ander teoretici wat ook hierdie twee tipes modaliteite uit hulle teorieë weggelaat het. Vergelyk Anderson (1986), De Haan (1997), en Nuyts (1994) wat begeerte uit hulle spektrum gelaat het en Anderson (1986), Bybee et al. (1994), Bybee en Fleischmann (1995), en Nuyts (1994) wat bewyslike modaliteit uit hulle teorieë gelaat het. Al ontken Van der Auwera en Plungian (1998) nie die bestaan van begeerte en bewysende modaliteit nie, het hulle besluit om die semantiese kaart te beperk om die afsetgebied eenvoudig te hou; hulle wil spesifiek fokus op dié gebruike waar moontlikheid kontrasteer met noodsaaklikheid, aangesien hierdie twee pole die kern van modaliteit behels.

Moontlikheid			
Nie-epistemiese moontlikheid		Epistemiese moontlikheid onsekerheid	
Interne-deelnemer moontlikheid Dinamiese moontlikheid vermoë, kapasiteit	Eksterne-deelnemer moontlikheid		
	Nie-deontiese moontlikheid		Deontiese moontlikheid toestemming
	Nie-deontiese noodsaaklikheid		Deontiese noodsaaklikheid verpligting
Interne-deelnemer noodsaaklikheid behoefte	Eksterne-deelnemer noodsaaklikheid		
Nie-epistemiese noodsaaklikheid		Epistemiese noodsaaklikheid waarskynlikheid	
Noodsaaklikheid			

Figuur 3.9 Diagrammatiese voorbeeld van modaliteitstipes volgens Van der Auwera en Plungian (1998)



Figuur 3.10 Semantiese Kaart 1 – oorspronklike semantiese kaart

Van der Auwera, Kebayov en Vittrant (2009:298) het hierdie semantiese kaart 'heroorweeg' en 'n verandering aangebring wat voorsiening maak vir verworwe/aangeleerde modaliteit wat die roeterigting tussen interne-deelnemer en eksterne-deelnemer modaliteit beïnvloed het. Vir die doel van hierdie studie sal hierdie tweede heroorweging nie in aanmerking geneem word nie, aangesien aangeleerde modaliteit nie as modale hulpwerkwoord voorkom nie. Sien Figuur 2.7 as demonstrasie van hierdie 'heroorweging'.

Omdat my studie poog om 'n omvattende beeld van modaliteit weer te gee, sal ek meer modaliteitstipes in my kaart weergee. Die kritiek wat ek teen Van Auwera en Plungian (1998) se kaart het, is dat dit nie voorsiening maak vir al die betekenisnuanses van modaliteit nie. Die kaart of model van ondersoek wat ek hier aanbeveel, is 'n meer volledige afbeelding van meeste van modaliteit se betekenisskakerings en tipes.

3.6 SEMANTIESE KAART

Die semantiese kaart van modaliteit wat hierdie studie gebruik is 'n sintese van 'n verskeidenheid teorieë van modaliteit. Hierdie kaart word in figuur 3.11 uiteengesit en daarna word dit verduidelik.

Moontlikheid(P)									
Nie-epistemies					Epistemies				
Intrinsiek/agent-gebaseerd					Ekstrinsiek/proposisie-gebaseerd				
Onderwerp-georiënteerd			Diskoers-georiënteerd						
Dinamiese modaliteit			Deontiese modaliteit				Epistemiese modaliteit		
Persoonlik	Interne-deelnemer moontlikheid		toestemming	laag	Eksterne-deelnemer moontlikheid		spekulasie (onseker)	laag	Epistemiese moontlikheid
	vermoë					(hipotese)			
	kapasiteit					(temporeel)			
						(situasioneel)			
			Waarskynlikheid						
Persoonlik	begeerte		aanbeveling	medium			afleiding	medium	
	behoefte/nodigheid								
Interne-deelnemer noodsaaklikheid			verpligting	hoog	Eksterne-deelnemer noodsaaklikheid		gevolgtrekking	hoog	Epistemiese noodsaaklikheid
Noodsaaklikheid(P)									

Figuur 3.11 Semantiese kaart van modaliteit (eie kaart)

Die semantiese kaart van modaliteit wat ek voorstel is 'n sintese van die mees bekende en tradisionele sienings van modaliteit. Van der Auwera (1998) se semantiese kaart is tot dusver die mees algemeen aanvaarde kaart, maar daar is tekortkomings aangesien dit slegs sekere aspekte van modaliteit in berekening bring. Die semantiese kaart wat ek hier voorstel is 'n verfyning van die mees basiese konsepte, kategorieë, betekenisparameters, die status van die proposisie sowel as die graad of sterkte van die tipe modaliteit wat nuttige kennis is wanneer onsekerheid of dubbelsinnigheid oor die betekenis van 'n spesifieke konstruksie ontstaan. Net soos Van der Auwera en Plungian (1998) se kaart word hierdie kaart ook in dimensies, wat bymekaar aansluit, verdeel.

Die volgende 4 dimensies kom voor:

1. **Tipe** of kategorie modaliteit (dinamies, deonties, epistemies).
2. Betekenisparameters tussen **Moontlikheid en Noodsaaklikheid** (mees bekende en prominente betekenissoos onder meer verpligting, toestemming en vermoë is ook aangedui).
3. **Status** van die proposisie (met ander woorde is dit die hele proposisie se status wat in gedrang is (epistemiese modaliteit) of is dit deelnemer/agent-gebaseerd).
4. **Gradering** (wanneer betekenis verfyn word kan die konstruksie op 'n skaal van hoog na laag geplaas word, wat 'n meer gesofistikeerde beeld van die konstruk verskaf).

Interessant genoeg kan dinamiese modaliteit nie gegradeer word nie. Die onderskeid is hier tussen intrinsieke of persoonlike dinamiese modaliteit (die deelnemer se persoonlike vermoë, begeerte, behoefte en kapasiteit is hier in gedrang) teenoor ekstrasie of onpersoonlike vermoë of kapasiteit waar die deelnemer se toedrag van sake afhangende is van eksterne faktore. Hierdie kenmerk van dinamiese modaliteit is ook op die semantiese kaart uitgebeeld.

Die rigting loop van links na regs aangesien dit algemeen beskou word dat modale hulpwerkwoorde vanuit die dinamiese na die deontiese en eindelijk tot die epistemiese sfeer gegrammatikaliseer het (Bybee et al 1994). Die diachroniese ontwikkeling van elke modale hulpwerkwoord sal in Afdeling B verder belig word.

Binne die RKG bestaan 'n konstruksie uit die wisselwerking van semantiese, sintaktiese, morfologiese en fonetiese aspekte van die konstruksie. Dit is juis nie net die modale hulpwerkwoorde nie, maar die groter geheel soos gevind in konstruksies, wat die betekenissoos in die kaart tot stand bring. 'n Konsep soos *modaliteit* kan ook in terme van ander tale verstaan word en gevolglik kan 'n universele semantiese kaart opgetrek word soos hierbo voorgestel. Elke taal se sintaktiese, morfologiese en fonetiese aspekte is egter taalspesifiek.

Sintaktiese eienskappe van modale hulpwerkwoorde

Van Ostayen en Nuyts (2004:30) het in die diachroniese ondersoek na die Nederlandse modale hulpwerkwoord *kunnen*, agt vrae saamgestel wat sekere sintaktiese/vormlike inligting oor die modale hulpwerkwoordkonstruksie wat bevraagteken word, kan verskaf.

Hiermee die agt vrae wat die vormlike inligting oor modale hulpwerkwoorde rig en ook bydrae kan lewer tot die uitbreiding van kennis oor die funksie daarvan. Hierdie agt vrae is telkens gebruik in die analisering van elke modale hulpwerkwoord in Exel formaat.


1. Watter tipe modaliteit is elke modale hulpwerkwoord? (semantiese vraag)
2. Watter hoofwerkwoord vergesel die modaal?
3. Is die sin aktief of passief?
4. Watter tipe stand van sake word uitgedruk?
5. Is die modale hulpwerkwoord deel van 'n hoofsin/matriks of bysin?
6. Wat is die tempus?
7. Is daar negativering?
8. Wat is die linguistiese eienskappe van die onderwerp en/of (in die geval van die passief) die eerste argument.

Geen spesifiek morfologiese vrae is gestel nie aangesien morfologiese veranderinge aangeteken word soos wat die ondersoek plaasvind.

Tot dusver is die konsep *modaliteit* met spesifieke verwysing na modale hulpwerkwoorde bespreek. Die doel van hierdie hoofstuk was tweërlei. Eerstens is bestaande kennis oor die konsep modaliteit blootgelê en daar is verduidelik hoe die kategorisering van modale hulpwerkwoorde plaasvind deur gebruik te maak van Palmer se drie tipes modaliteite. Die bestaan van ander teorieë is bespreek, en dit

word aanvullend gebruik tot die betekenisskakerings epistemies, deonties en dinamies. Hierdie studie beveel egter aan dat om bloot modale hulpwerkwoorde te onderverdeel as een van drie tipes betekenisse is onvoldoende. Die betekenisdimensie van modale hulpwerkwoorde word gevolglik aangevul deur 'n multidimensionele semantiese kaart van modaliteit op te trek wat die vier dimensies naamlik: **tipe**, **plasing** binne sentrale modale parameters noodsaaklikheid en moontlikheid, **status** en gradering van **modale** aanbeveel. Croft (2001) beveel egter aan dat linguistiese kennis multidimensioneel moet wees en nie slegs semantiese of sintaktiese of pragmatiese aspekte van 'n onderwerp moet bespreek nie maar linguistiese kennis is meer ensiklopedies van aard en 'n konglomeraat van genoemde aspekte. Derdens is daar bespreek hoe die spesifieke gebruik van modale blootgelê word deur die prototipiese maar ook algemene en spesifieke konstruksies waarbinne die modale voorkom, te identifiseer. Sodoende word die vorm (sintaksis) sowel as die semantiek (betekenis) van elke modale hulpwerkwoord geïdentifiseer en dit gee 'n meer omvattende beskrywing van wat die modale se betekenisse is maar ook hoe en in watter kontekste hulle onderskeidelik gebruik word. Laastens word hierdie konstruksies in 'n taksonomiese hiërargie geplaas wat die spreker se kognitiewe vergestaltung van modale hulpwerkwoorde diagrammaties verteenwoordig.

Samevattend bestaan die werksmodel van hierdie studie uit vier prosesse wat in twee afsonderlike kwadrante, gebaseer op volgorde en linguistiese terrein, verdeel word. Diagrammaties sien hierdie prosesse en model soos volg daar uit:



Figuur 3.12 Werkmodel

Hierdie model sal gebruik word wanneer elke modale hulpwerkwoord afsonderlik bestudeer word. Die eerste stap is die daarstel van 'n semantiese kaart van betekenis en die kategorisering van elke modale hulpwerkwoord se betekenistipe as epistemies, deonties en/of dinamies. Aangesien hierdie studie die polisemiese aard van modale voorstaan sal elkeen van die nege modale hulpwerkwoorde minstens twee van die drie tipes onderskei. Die fyner betekenisnuanses, soos aangevul deur die ander beskikbare teorieë oor modaliteit, sal ook hierby betrek en bespreek word. Tweedens sal die prototipiese, die algemeen mees gebruikte maar ook unieke konstruksies aangedui en volgens 'n spesifieke notasiemethode (soos verduidelik in Hoofstuk 2) geannoteer word. Derdens sal die konstruksies in 'n taksonomiese konstruksienetwerk geplaas word en dit vergestalt die vlakke waarop sprekers modale hulpwerkwoorde kognitief internaliseer.

3.7 SAMEVATTING

Die kompleksiteit en omstredenheid rondom die grammatikale konsep, **modaliteit**, is in breë trekke in hierdie hoofstuk bespreek. Die studie van **modaliteit** is kompleks aangesien daar nie konsensus bestaan oor vaste definisies, terminologie of teorieë hier rondom nie, en dit wil voorkom asof hierdie dispuut al boonop vir bykans tweeduisend jaar bestaan. Die historiese basis sowel as filosofiese grondslag is uiteengesit, en die verband met die konsep **modus** as leksikale eenheid is ondersoek. Daar is vasgestel dat modaliteit verskeie betekenisskakerings onderlê waarvan meeste begrippe op 'n gradeerbare skaal lê tussen moontlikheid aan die een kant en noodsaaklikheid aan die ander, soos tweeduisend jaar gelede voorgestel deur Aristoteles se vierkant van teenstelling. Alle ander betekenisskakerings beweeg tussen hierdie uiterstes.

Die omstredenheid rondom modaliteit bestaan veral oor die kategorieë soos gebaseer op die stand van sake van 'n proposisie. Tradisioneel het Von Wright en toe later Palmer drie breë kategorieë van modaliteit geïdentifiseer. Hierdie tradisie verdeel modaliteit in twee hoofstrome te wete **epistemiese modaliteit** aan die een kant en **nie-epistemiese modaliteit** aan die ander. Die groot verskil hiertussen is die spreker se houding jeens die proposisie as geheel. **Epistemiese modaliteit** hou verband met die spreker se siening oor die moontlikheid of noodsaaklikheid van die stand van sake van die hele proposisie en nie sy aandeel daarin of selfs eksterne omstandighede of deelnemers se invloed daarop nie. Die feitelikheid of waarskynlikheid van die proposisie as geheel is in gedrang en die aard van die betrokkenheid van agente of deelnemers is nie ter sake vir die waarheidsaspek hiervan al dan nie. **Nie-epistemiese modaliteit**, wat tradisioneel onderverdeel word tussen **deontiese** en **dinamiese** modaliteit, is agent of deelnemergeoriënteerd en die rol of aandeel van die spreker, ander agente of deelnemers en selfs eksterne omstandighede is hier ter sprake.

Alhoewel hierdie die tradisionele teorie rondom modaliteit is, het talle teoretici verskil van hierdie kategorisering en die bekendste teenargumente en teorieë is in hierdie

hoofstuk belig. Die dispuut rondom die kategorieë kompliseer die ondersoek na modaliteit in enige spesifieke taal, en laat die behoefte ontstaan om 'n model te vind wat nie net die individuele bestudering van die konsep vergemaklik nie, maar wat ook deur ander studente en teoretici in die veld benut kan word. Dat mens kennis moet neem van die tradisie sowel as ander belangrike teorieë is noodsaaklik en gevolglik het hierdie hoofstuk die bekendste sienings oor modaliteitsteorieë belig.

Aangesien die teoretiese grondslag van hierdie studie taal as konstruksies sien (Vergelyk Croft, 2001) en binne die veld van die Radikale Konstruksiegrammatika val, sluit hierdie hoofstuk ook nou aan by Van der Auwera en Plungian (1998) se idee van die plasing van linguistiese konsepte op semantiese kaarte om daarvan sin te maak. Hierdie hoofstuk het dus as sentrale bydrae die konseptuele ruimte van modaliteit geïdentifiseer en vandaar af die betekenisskakerings en pole tesame met die kategorieë op die semantiese kaart van modaliteit geprojekteer. In Van der Auwera en Plungian (1998) se vorige semantiese kaart van modaliteit ontbreek baie inligting en die voorgestelde kaart, is meer omvattend en maak voorsiening vir meeste teorieë en betekenis van modaliteit.

Benewens die semantiese tipering van modale hulpwerkwoorde, beveel hierdie studie ook aan, soos bespreek in Hoofstuk 1, dat die modale hulpwerkwoorde volgens Radikale Konstruksiegrammatika geïntegreerd bejeën moet word. Gevolglik word die sintaktiese, sowel as die semantiese gebruike van 'n modaal in konstruksies vergestalt. Hierdie konstruksies word weer in konstruksienetwerke geplaas om diagrammaties uit te beeld hoe 'n spreker se kennis van 'n modaal kognitief verteenwoordig word.

Hierdie hoofstuk het afgesluit met 'n voorlopige werksmodel waarvolgens modale hulpwerkwoorde in Afrikaans ondersoek word. Die belang van hierdie hoofstuk lê dus ook binne die domein van die linguistiek as sodanig. 'n Werksmodel vir die bestudering van modaliteit is saamgestel. Hierdie werksmodel in die vorm van 'n matriks bestaan uit vier kwadrante met kwadrant een en twee wat slegs die semantiese sy verteenwoordig en kwadrant drie en vier wat die sintaktiese, pragmatiese en

semantiese aspekte van modale aanspreek. Eerstens word die modale se betekenisskakerings op 'n multidimensionele semantiese kaart geplaas waarnaas die modale getipeer word en fyner betekenisskakerings word verder ontgin. Tweedens word die modale se geïntegreerde vorm en betekenis binne 'n spesifieke konteks in konstruksievorm geannoteer en laastens word die konstruksies in 'n konstruksienetwerk geplaas.

In die volgende hoofstuk word korpuslinguistiek as metode in besonderhede ondersoek en belig.

HOOFSTUK 4 METODOLOGIE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die metodes wat gevolg is om die nege kern modale hulpwerkwoorde te ondersoek en te analiseer, uiteengesit. Daar word gebruik gemaak van kwantitatiewe, statistiese sowel as kwalitatiewe, analitiese metodes. Eerstens word die teoretiese raamwerk en motivering daarvan saamgevat in 'n bespreking oor die korpuslinguistiek. Daarna word verwys na die data en spesifieke korpusse waarvan hierdie studie gebruik gemaak het. Daar word verduidelik hoekom frekwensielyste en konkordansies van die data getrek en gestoor is en die metodes wat daarna op hierdie inligting toegepas is, word breedvoerig verduidelik. Die data is onderwerp aan 'n aantal statistiese toetse wat lig gewerp het op die frekwensies van die onderskeie modale hulpwerkwoorde, om te bepaal of daar enige toenames of afnames was en wat die statistiese beduidendheid van hierdie resultate is. Nadat statistiese bewerkings voltooi is, is elke individuele voorbeeld soos verkry uit 'n steekproef van 500 gevalle per hulpwerkwoord met die hand ondersoek en sekere inligting rondom elke hulpwerkwoord se vorm, betekenis en funksie is aangetoon en verdere patrone en unieke verskynsels is uitgelig. Die analitiese metodes wat gebruik is om hierdie inligting te bekom word stap vir stap verduidelik.

4.2 EMPIRIESE RAAMWERK VAN METODOLOGIE: KORPUSLINGUISTIEK

Die term 'korpuslinguistiek' verwys na die bestudering van taal gebaseer op voorbeelde wat voorkom in die 'regte lewe'. Korpuslinguistiek het 'n uitgebreide historiese agtergrond maar dit is nie 'n afsonderlike veld binne die linguistiek soos byvoorbeeld sintaksis, semantiek, pragmatiek of fonetiek wat daarop ingestel is om 'n bepaalde aspek van taalgebruik te verklaar nie. Korpuslinguistiek is 'n metodologie wat toegepas kan word in 'n wye verskeidenheid linguistiese studies (Rayson, 2002:3).

Histories dateer hierdie manier van tekseksegese uit die dertiende eeu toe bybelskoliere per hand die Christelike Bybel woord vir woord, versreël vir versreël, bladsy vir bladsy neergeskryf het om sodoende konkordansies te skep vir sekere woorde en frases. Konkordansiëring het ontstaan uit die behoefte van bybelskoliere om in alfabetiese volgorde die woorde in die Bybel te rangskik, tesame met siterings van waar en in watter paragrawe hierdie woorde voorkom (McCarthy & O'Keefe, 2010:3). Etimologies beteken die woord 'konkordansie' – met /uit die hart (*com* = met; *cor* = hart) wat direk verband hou met die eertydse interpretasie van die Bybel as heilige geskrif met 'n soortgelyke boodskap. Anthony van Pedua het in die twaalfde eeu die eerste konkordansie van die Vulgaat (die vyfde-eeuse Latynse weergawe van die Bybel) saamgestel – die *Concordantiae Morales*. Sedertdien was dit algemene praktyk onder veral Rooms Katolieke monnike om soortgelyke konkordansies saam te stel. Mettertyd het die behoefte bestaan om ook ander belangrike literêre werke soos dié van Shakespeare te konkordansieer, byvoorbeeld Becket se *A Concordance to Shakespare* saamgestel in 1737. Vroeëre linguïste soos Dr. Sameul Johnson het die eerste omvattende woordeboek van Engels laat publiseer in 1755 en dit was gebaseer op uitgebreide handgeskrewe data en in die 1880's is die *Oxford English Dictionary* gepubliseer wat gebaseer was op meer as drie miljoen handgeskrewe bladsye papier. Dit was eers in die 1950's in die tydperk van die Amerikaanse strukturaliste soos Harris, Fries en Hill dat die gedagte om regte data vir taalbestudering te gebruik, ontstaan het. Bybel- en literêre navorsers het die agtergrond tot die *modus operandi* van woordsoektogte en indekse geskep. Die strukturaliste was die voorlopers van die gebruik van korpora en die versameling van data daarvoor, maar hulle was ook baanbrekers ten opsigte van moderne linguïste se verbintenis om natuurlike, outentieke taaldata die kern van linguïstiese studie te maak (McCarthy & O'Keefe, 2010:4). Die eerste rekenaargegenereerde konkordansies het in die laat 1950's verskyn in die vorm van ponskaarttegnologie wat vir stoordoeleindes gebruik is. In daardie tydperk het die prosessering van 60 000 woorde meer as 24 uur geneem. Teen die 1970's het daar vooruitgang op hierdie gebied plaasgevind en dit was veral biblioteek- en inligtingwetenskaplikes wat belangstelling getoon het in sleutelwoorde in konteks-konkordansies (key word in context, KWIC) om

katalogusindekskaarte te vervang. Dit was eers in die 1980's en 1990's dat linguïste begin belangstelling toon het in korpusse as materiaal vir ondersoek. Voordat dit binne die linguïstiek begin gebruik is, het die term korpus bestaan en verwys na 'n versameling geskrewe werke vir verskeie doeleindes. Die term 'korpuslinguïstiek' word toegeskryf aan Aarts en Meijs (1984) en sedert die 1980s word hierdie term algemeen binne die linguïstiek gebruik (McCarthy & O'Keefe, 2010:5). Met die opgang van rekenaars in die 1980's en 1990's het dit die algemene en mees bruikbare metode van ondersoek in korpusse geword, en die beslommernis en tydrowendheid van handgeskrewe konkordansies en dies meer is gestaak. Vooruitgang op die gebied van tegnologie was die vooraanstaande instaatstellende faktor wat bygedra het tot die opgang en vooruitgang van korpuslinguïstiek soos wat dit vandag daar uitsien.

Biber, Conrad en Reppen (1998:4) het die volgende eienskappe en voordele van rekenaargegenereerde korpus-gebaseerde analyses uiteengesit:

1. Dit is empiries en analiseer werklike gebruikspatrone in natuurlike tekste.
2. Dit gebruik 'n groot en aanvaarde versameling natuurlike tekste wat bekend staan as 'n 'korpus' – as die basis van die analise.
3. Rekenaars word gebruik vir die analises met behulp van outomatiese en interaktiewe tegnieke.
4. Dit is afhanklik van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe analise-tegnieke.

Die omvang en betroubaarheid van analises wat op hedendaagse korpusgebaseerde wyse plaasvind, kan nie geëwenaar word nie, veral as dit vergelyk word met die lukraak gebaseerde anekdotiese en intuïtiewe taalvoorbeelde wat in die verlede gebruik is. Heelwat van die voordele van moderne korpuslinguïstiek is te danke aan die gebruik van rekenaars. Rekenaars maak dit moontlik om komplekse gebruike van taal en bestaande taalpatrone te identifiseer en te analiseer. Die stoor en analisering van uitgebreide databasisse van natuurlike taal word vergemaklik deur die gebruik van rekenaars. Rekenaars se analises is konsekwent en betroubaar en is nie afhanklik van wisselvallige menslike houdings of buie nie. Rekenaars kan interaktief gebruik

word en laat mense toe om ingewikkelde besluite oor analyses te maak terwyl die rekenaar verantwoordelik is vir die stoor van inligting (Biber, Conrad & Reppen, 1998:4) onder andere die stoor van getalle, stringe tekste, rekords in die vorm van datastrukture sowel as die lees en wysigings daarvan. Taakuitvoering is onbeperkend aangesien meer as een taak op 'n slag uitgevoer word. Rekenaars verloor nie inligting nie en is dus betroubare datastoorders. Rekenaars is ook in staat om data in alfabetiese of numeriese orde te sorteer. Rekenaars hou ook tred van wanneer aktiwiteite plaasgevind het. Die stoor van skakels tussen brokke inligting is nog 'n fundamentele kenmerk en dit vergemaklik die organisering van data tot 'n databasis (Scott, 2010:138).

Dit is egter ook belangrik om daarop te let dat korpusgebaseerde analyses nie daarop gemik is om slegs kwantitatiewe, statistiese bevindings weer te gee nie, maar dit is eers deur die kwalitatiewe ondersoeke en analyses wat werklike patrone in natuurlike taal vergestalt kan word. Kwantitatiewe navorsing opsigself gee byvoorbeeld frekwensies van sekere gekose woorde weer. Studies wat slegs hierop fokus voorsien goeie verwysingsmateriaal byvoorbeeld die weergee van die 50 mees algemene woorde in 'n korpus of die algemene stilistiese indikatore soos die relatiewe voorkoms van werkwoorde of naamwoorde in 'n teks. Getalle moet egter geïnterpreteer word om konkrete liggaam te gee aan hoe die taalgebruik agter die getalle daaruitsien. Met behulp van kwalitatiewe analyses kan meer breedvoerige kennis oor assosiatiewe/verbandleggende patrone in taalgebruik gedemonstreer word. Die kwantitatiewe analyses maak die onderlinge verbande en samehang tussen verskillende aspekte sigbaar en dit sluit baie goed aan by die geïntegreerde aard van die konstruksiebegrip in Radikale Konstruksiegrammatika (RKG)⁹ wat die teoretiese raamwerk van hierdie studie is. Die eerste stap in 'n korpusgebaseerde analise is om (A) te besluit op watter spesifieke linguistiese eienskap, soos byvoorbeeld 'n spesifieke leksikale item of grammatikale funksie, gefokus gaan word. Daar kan ook gefokus word (B) op die eienskappe van 'n teks of 'n verskeidenheid tekste. Linguistiese studies het aanvanklik slegs gefokus op die gebruik van een linguistiese aspek soos 'n woord

⁹ Sien 2.3 vir bespreking oor RKG

of grammatikale funksie, maar deesdae kan hierdie aspekte breedvoeriger ondersoek word deur linguistiese en nie-linguistiese assosiasies/verbande te ondersoek.

A. Ondersoeke na die gebruik van linguistiese verskynsels (leksikaal of grammatikaal)

(i) Linguistiese assosiasies van die aspek

- Leksikale assosiasies/verbande (assosiasies met spesifieke woorde)
- Grammatikale assosiasies (assosiasies met spesifieke grammatikale konstruksies)

(ii) Nie-linguistiese assosiasies van die aspek

- Verspreiding oor registers
- Verspreiding oor dialekte, ens.
- Verspreiding oor tyd – verskillende periodes in tyd

B. Ondersoeke na verskillende tekste (byvoorbeeld registers, dialekte, historiese periodes)

(i) Linguistiese verbandleggende patrone

- Individuele linguistiese eienskappe of klasse van die aspek
- Kollokasiepatrone van linguistiese eienskappe (Biber, Conrad & Reppen, 1998:6)

Biber, Conrad en Reppen (1998) lê in hierdie verduideliking die fondasie en vertrekpunt vir enige korpuslinguistiese studie. Die stappe wat in enige ondersoek gevolg word, word hier implisiet blootgestel.

Eerstens word die leksikale of grammatikale aspekte (onder meer individuele lemmas) ondersoek – in hierdie studie word elke afsonderlike hulpwerkwoord se sinchroniese en diachroniese vergestaltung volgens korpuslinguistiese metodes kwantitatief blootgelê. Dit opsigself beteken niks as die verbande met ander leksikale en grammatikale konstruksies nie ook belig word nie, veral nie vanuit die RKG-perspektief

nie. Vandaar dus die kwantitatiewe blootlegging van die grammatikale items en die verbandleggende konstruksies waarin dit voorkom.

Derdens word die nie-linguistiese aspekte onder die loep geplaas deur vergelykings te tref tussen die gebruike van hulpwerkwoorde in die onderskeie vier periodes van die Historiese Korpus. Die verskillende registers word ook individueel ondersoek om enige taalveranderinge oor tyd heen aan te dui. Naas die kwantitatiewe versameling van aspekte en verbande word daar kwalitatief na die individuele linguistiese eienskappe van die aspek gekyk, patrone van die aspek self maar ook gepaardgaande patrone en verbande tussen konstruksies word ondersoek. Hiervolgens is die modale hulpwerkwoorde volgens die Semantiese kaart van Modaliteit, met toevoeging van Wasserman se paradigmas gekategoriseer. Individuele linguistiese aspekte¹⁰ van elke modale hulpwerkwoord is so aangedui. Daarna is die patrone en verbande tussen konstruksies aangedui. Hierdie vereenvoudigde verduideliking dui aan **WAT** gedoen word tydens korpuslinguistiese ondersoeke met hierdie studie as voorbeeldmateriaal, vervolgens 'n bespreking van **HOE** en **HOEKOM** dit plaasvind.

Die wisselwerking tussen kwantitatiewe ondersoeke en kwalitatiewe analiserings breek verskeie moontlikhede oop. Soos hierbo gedemonstreer, is dit nie slegs die grammatikale assosiasies van modale hulpwerkwoorde wat in hierdie studie ondersoek word nie, maar ook assosiasies met ander linguistiese merkers en aspekte, asook assosiasies met verskillende tekstipes. Waar kwantitatiewe analises die bestaan van taalpatrone aandui, bied kwalitatiewe analises dieperliggende antwoorde oor hoekom hierdie patrone bestaan. Kwantitatiewe berekenings dui die frekwensies van linguistiese aspekte aan, hoeveel verskillende woorde hulle mee kollokeer en hoe algemeen hierdie kollokasies voorkom. Statistiese beduidendheid kan vasgestel word en die empiriese waarde van hierdie metode verbreed. Dit opsigself bied egter geen verklaring oor hoekom patrone bestaan nie en die kwalitatiewe analises bied funksionele interpretasies oor die voorkoms van patrone en hulle assosiasies.

¹⁰ Sintakties, semanties en pragmaties

Tot sover die teoretiese begronding en verduideliking oor die keuse van korpuslinguistiese metodes as kernmetode van hierdie studie. Vervolgens 'n uiteensetting van die navorsingsontwerp en 'n bespreking van die gekose korpusse waarmee hierdie studie werk.

4.3 NAVORSINGSONTWERP

4.3.1 DATA

Toe korpuslinguistiek aanvanklik ontstaan het, is daar van die standpunt uitgegaan dat groter korpusse die maatstaf is. 'n Minimum van 'n miljoen woorde is voorgestel sodat in-diepte kennis oor die gegewe taal ingewin kan word. Mettertyd het linguiste tot die besef gekom dat groot korpusse dikwels te veel data genereer veral wanneer items baie dikwels in korpora voorkom en gedetailleerde analyses op hierdie massas data 'n onbegonne taak is. 'n Steekproef op groter korpusse maar ook die samestelling van kleiner korpusse en sub-korpusse bied 'n oplossing tot hierdie probleem. Biber (1990) het gedemonstreer dat data met 'n 1000 woorde, betroubare uitslae lewer en Tribble (1997) het ook aangedui dat wanneer 'n register baie gespesialiseer is, kan kleiner korpusse wel voldoende insig lewer op die eienskappe van die register. Wanneer mens wel met 'n groot korpus te werk gaan, is dit moontlik om baie suksesvol deur middel van sagteware 'n steekproef van 50, 100, 500 of 1000 te trek vir saamstel van 'n konkordansie. Resultate van verskillende korpusse kan ook met mekaar vergelyk word. McCarthy en Carter (2003) het byvoorbeeld die uitslae van hulle analyses op die gesproke woordeskat van die Cambridge en Nottingham Korpus van Diskoers in Engels (CANCODE) vergelyk met 'n frekwensielys gegeneer van gesproke elemente binne die Britse Nasionale Korpus (BNC). Resultate van verskillende korpusse kan ook deur triangulasie vergelyk word. Uitslae van byvoorbeeld gesproke korpusse of data van gesproke gedeeltes in korpusse sowel as onderhoude en vraelyste met deelnemers kan deur hierdie proses vergelyk word.

Die korpusse waarvan hierdie studie gebruik gemaak het word vervolgens uiteengesit:

Korpus 1: Hoofkorpus: Historiese Korpus

Die korpus wat in hierdie studie gebruik is, is Kirsten (2016) se Historiese Korpus wat vier periodes oor 'n tydperk van 100 jaar beslaan. Elke periode beslaan 'n dekad en daar is twintig jaar tussen elke periode. Hierdie korpus bied 'n goeie oorsig oor hoe Afrikaanse modale hulpwerkwoorde oor die afgelope eeu gebruik is. Alhoewel hierdie 'n taamlike klein en beperkte korpus is, is daar genoeg voorbeelde uit 'n verskeidenheid tekste en kontekste om 'n goeie idee te gee van die gebruik van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans. Periode een het nog heelwat oorblyfsels van Nederlands maar sedert periode twee toe Afrikaans gestandaardiseer is en as amptelike landstaal erken is, het die gebruike meer eenvormig geword. Daar het egter talle semantiese veranderinge en verskuiwings plaasgevind wat aangedui en bespreek word in Afdeling B. Tabel 4.1 gee die frekwensies van die korpus in sy vier periodes weer:

Korpus	Frekwensie
Periode 1	242560
Periode 2	263652
Periode 3	262028
Periode 4	262826
TOTAAL	1031066

Tabel 4.1 Historiese Korpus se frekwensies

Kirsten (2016) het die korpus se tekste soos volg in vier afdelings met subafdelings gegroepeer:

- ☐ **Fiksie (±60 000)**
- ☐ **Populêre nie-fiksie:**
 - Biografiese tekste (±20 000)

- Verslaggewing (±20 000)
- Informatiewe tekste (±60 000)
- Religieuse tekste (±20 000)

□ **Akademiese tekste:**

- Geesteswetenskaplike tekste (±30 000)
- Natuurwetenskaplike tekste (±30 000)

□ **Manuskripte (briewe en dagboeke) (±21 000)**

Die meeste van die tekste wat Kirsten ingesluit het, is gepubliseerde tekste van die NWU -biblioteek verkry (vanweë praktiese redes is die tekste van daar af bekom aangesien die samesteller toegang het tot hierdie tekste; Kirsten is 'n akademikus werksaam aan die NWU). In die gevalle waar die tekste aan bod in 'n spesifieke genre onvoldoende was, het sy ander bronne geraadpleeg. Heelwat tekste in die vierde periode is verleen uit die Taalkommissiekorpus (2011). Sommige van die eerste periode se briewe is uit Deumert (2004) se *Corpus of Cape Dutch Correspondence* geneem en hierdie periode sowel as periode twee en drie is aangevul deur briewe uit die Nasionale Argiewe en die NWU-argief. Die EPOP-argief het sakebriewe aan Kirsten beskikbaar gestel. Persoonlike briewe en dagboekinskrywings is geneem uit privaatversamelings en deur Kirsten geanonimiseer om die identiteit van skrywers te beskerm. Sien Kirsten (2016:63-65) vir 'n volledige lys bronne.

Om die spesifieke gebruike van modale hulpwerkwoorde te ontleed en sodoende die funksie en betekenis van elke modaal te bepaal, maar ook om vas te stel of die gebruikskonteks diachronies verander het, is die teksgenres ondersoek. In hierdie studie is die kategorisering van teksgenres gebaseer op register en die kategorisering vir hierdie spesifieke ondersoek wyk af van Kirsten (2016) se indeling vanweë die fokus op 'n spesifieke register en styl. Fiksie en biografieë is saam gegroepeer as **narratiewe tekste** terwyl dagboeke en persoonlike briewe as **informele tekste** gekategoriseer is. Hierdie informele tekste is die naaste wat hierdie korpus aan gesproke taal kom aangesien dit in 'n ongeredigeerde, spreektaalregister geskryf is.

Die **informatiewe genre** bestaan uit informatiewe, joernalistieke en religieuse data. Die **formele** gegewens bestaan hoofsaaklik uit akademiese data uit die geesteswetenskaplike en natuurwetenskaplike velde maar formele briewe is ook hierby ingesluit aangesien dit aansluit by die formele akademiese register.

Korpus 2: VivA se sinchroniese korpusportaal

Viva se korpusportaal is slegs gedeeltelik en selektief gebruik in gevalle waar daar min voorbeelde van 'n spesifieke konstruksie was, dan is voorbeelde wat op die portaal gevind is, gebruik.

VivA se korpusportaal bestaan uit die volgende korpusse

- Afrikaanse Leipzig-korpus 1.0 © 2017 Abteilung Automatische Sprachverarbeitung, Universität Leipzig.
- NWU/Maroela Media-korpus 1.2: Webartikels gepubliseer op die Maroela Media-webtuiste tot aan die einde van Maart 2017.
- NWU/Lapa-korpus 1.1: Korpus van Afrikaanse boeke gepubliseer deur Lapa Uitgewers.
- PUK/Protea Boekhuis-korpus 2.1: Korpus van Afrikaanse boeke gepubliseer deur die uitgewer Protea Boekhuis.
- RSG-nuuskorpus 2.1: Versameling nuusbuletins van 2005-2017 soos uitgesaai op Radio Sonder Grense.
- Taalkommissie-korpus 1.1: 'n Korpus soos gebruik deur die Afrikaanse Taalkommissie Wikipedia- Afrikaanse korpus 1.0: 'n Versameling dokumente van die onderskeie webblaaie beskikbaar op die Afrikaanse weergawe van Wikipedia tot en met einde Maart 2017.

Twee gesproke korpore is ingespan om die gebruik van die imperatief in die geval van *moet*, *kan*, *sal* en *mag* te ondersoek omdat daar bitter min voorbeelde van die imperatief in die Historiese Korpus is. Aangesien imperatief 'n spraakhandeling is, was

die verwagting dat daar meer voorbeelde kon wees in die gesproke korpusse. Hierdie twee korpusse kon nie ingesluit word in die diachroniese aanbod nie aangesien die data slegs die laaste twee periodes insluit. Geen gesproke data is beskikbaar vir die eerste twee periodes nie. Hierdie twee korpusse is:

Korpus 3: Ponelis se gesproke korpus:

Gesproke Korpus van Afrikaans (Ponelis 1976) met 565 000 woorde.

Korpus 4: Gesproke korpus

Korpus van Gesproke Afrikaans uit die vroeë 2000's deur Van Rooy (2003) met 72 000 woorde

4.3.2 ALGEMENE KWANTITATIEWE METODES

Vervolgens bespreek ek die kwantitatiewe metodes wat hierdie studie gebruik. Eerstens is daar 'n verwysing na die spesifieke gereedskap en sagteware wat gebruik word om die statistiese data te onttrek en te ontleed, en tweedens 'n verduideliking van drie spesifieke statistiese metodes wat gebruik word om inligting te bewerk.

4.3.2.1 GEREEDSKAP

'n Korpus soos dié waarmee hierdie studie te werk gaan, is betekenisloos indien dit nie onderwerp word aan 'n gerekenariseerde analise soos verkry met behulp van sagteware soos Wordsmith 6 (2008) nie. Soos Hunston (2002:3) verklaar, bied 'n korpus nie nuwe inligting oor 'n taal nie, maar danksy die gerekenariseerde analyses kry mens 'n nuwe perspektief op die taal wat ondersoek word.

Hierdie studie maak gebruik van WordSmith 6 as sagtewareprogram. Hierdie program stel die navorser in staat om frekwensielyste op te stel, om 'n konkordansie te trek, en om 'n steekproef op die konkordansie uit te oefen. Hierdie program gee ook ander belangrike statistiese inligting byvoorbeeld oor die grootte en frekwensieverspreiding van die konkordansies weer.

Die eerste twee analitiese stappe wat gevolg is, behels twee verwante prosesse:

- Die samestelling van frekwensielyste (volgens rangorde óf alfabeties gerangskik).
- Die generering van konkordansies (voorbeelde van spesifieke items).

4.3.2.2 FREKWENSIELYTE

Elektroniese versamelings van tekste kan vinnig gegenereer word. Aangesien hierdie soektogte elektronies plaasvind, is daar binne sekondes vinnige toegang tot frekwensies van selfs die omvattendste korpusse. Hierdie lyste gee die frekwensies van elke modale hulpwerkwoord weer.

Frekwensiedata

Wanneer frekwensielyste gegenereer word, ondersoek die sagteware elke item in 'n korpus om vas te stel hoeveel items in totaal teenwoordig is. Frekwensielyste demonstreer hoeveel keer 'n item in 'n korpus voorkom, as mens met 'n vasgestelde groep woorde soos modale hulpwerkwoorde werk, wys hierdie frekwensielys hoeveel keer elke item van die geselekteerde groep woorde voorkom om sodoende vas te stel watter een van hierdie item meer of minder in 'n korpus teenwoordig is (Evison 2010:125). **Tabel 4.2** dui die frekwensies van elke modale hulpwerkwoord soos wat hulle voorkom in die Historiese Korpus aan. Die onttrekking van 'n woordelys in WordSmith weergawe 6 op die Historiese Korpus is toegepas en die frekwensie van elke modale hulpwerkwoord soos aangedui in die woordelys is getabuleer in Microsoft Excel formaat. In die onderskeie hoofstukke waartydens elke modale hulpwerkwoord afsonderlik bestudeer is, is daar telkens ook 'n diachroniese bespreking ingesluit om die ontwikkeling en veranderinge wat elke modaal ondergaan het oor vier periodes heen te ondersoek. In hierdie geval is die frekwensielyste van die vier periodes afsonderlik getrek.

N	Woord	Frekwensie	Persentasie	Tekste	%
29	KAN	4549	0,44	598	87,05
34	SAL	3600	0,35	558	81,22
37	MOET	3439	0,33	549	79,91
53	GAAN	2362	0,23	486	70,74
70	WIL	1518	0,15	433	63,03
76	SOU	1363	0,13	370	53,86
79	KON	1262	0,12	377	54,88
100	MOES	970	0,09	306	44,54
148	MAG	607	0,06	276	40,17
228	WOU	408	0,04	210	30,57
347	BEHOORT	267	0,03	133	19,36
935	HOEF	97		72	10,48
3026	MOG	27		21	3,06

Tabel 4.2 Frekwensielys van al die modale hulpwerkwoorde in die Historiese Korpus

Kan is die mees algemene modale hulpwerkwoord en die argaïese *mog* die mins algemene wat 'n aanduiding is dat hierdie woord nie meer algemeen gebruik word nie maar uitgefaseer het.

Wanneer mens vergelykend werk en wil vasstel of 'n sekere item oor tyd heen meer algemeen voorkom of selfs verdwyn uit 'n woordeskat, kan diachroniese en sinchroniese korpusse se frekwensielyste derhalwe vergelyk word om sodoende die item se afname of toename empiries te demonstreer.

4.3.2.3 KONKORDANSIELYNE

Konkordonsieanalises begin met die soektog na 'n spesifieke item en binne 'n kort tydperk kan die navorser al die gegewe voorbeelde van hierdie item op die rekenaarskerm oproep. Om slegs items te tel of die voorkoms daarvan binne 'n korpus te lys, is betekenisloos; dit is die kwantitatiewe en kwalitatiewe analises wat insig oor gekose item/s lewer (Evison, 2010:122).

Sinclair (1991:32) het die begrip konkordansie soos volg gedefinieer:

“A concordance is a collection of the occurrences of a word – form, each in its own textual environment. In its simplex form it is an index. Each word-form is indexed and a reference is given to the place of occurrences in a text)

Konkordansies was oorspronklik 'n lys woordvorms gevind in 'n teks of 'n stel tekste (met verwysing) wat met die hand gegeneer¹¹ is (Tribble, 2010:167). Rekenaargegenereerde konkordansies is steeds 'n indeks van gevalle maar dit word toenemend meer gebruik vir nuwe gebruike en al hoe meer verskillende tekstipes word ingespan hiervoor. Konkordansiëring is 'n waardevolle tegniek aangesien dit groot hoeveelhede van 'n spesifieke item in oorspronklike konteks op een plek saambring (Evison, 2010:129). Dit is waardevol vir sowel hipotese-toetsing en hipotese-generering. In terme van hipotese-generering kan 'n hipotese gemaak word, gebaseer op patrone geobserveer in slegs 'n klein hoeveelheid lyne en gevolglik kan dit uitgetoets word deur verdere soektogte. Hunston (2002:52) beveel egter aan dat items wat nie die hipotese bevestig nie ook ondersoek word.

Soektogte en sortering

'n Konkordansieprogram het die vermoë om enige item, hetsy 'n enkelitem of 'n string woorde, binne 'n spesifieke korpus te soek en die resultate op 'n rekenaarskerm te voltooi. Hierdie resultate staan bekend as konkordansies of konkordansielyne. Alle individuele voorkomste van die teikenitem of nodus-woord word vertikaal op die skerm vertoon saam met 'n spesifieke aantal geprogrammeerde karakters/woorde aan beide kante daarvan.

Konkordansielyne is nuttig want die vertoonde lyne kan gesorteer word. Alhoewel die nodus-items maklik in willekeurig geselekteerde konkordansielyne geëien word, kan daar na sortering tog gesien word watter tipe patrone meer gereeld voorkom. Konkordansie-analisering kan bewyse lewer van die mees algemene betekenis sowel as die kollokate waarmee die item herhalend voorkom (Evison, 2010:130). Die

¹¹ Sien bespreking oor hierdie oorspronklike konkordansie-analises onder 4.2

identifisering van 'n patroon binne die gegewe korpus impliseer 'n verband tussen teorie, metode en tegniek. Die teorie aan bod moet die belang van konteks en nie net willekeurige geselekteerde woorde in afsondering nie, voorstaan. Hierdie teorie veronderstel ook 'n metode wat die soek na herhaling en kollokate (ko-verskyning) voorstaan (Hunston, 2010:158). Hunston (2010) beklemtoon dat konkordansieprogramme slegs data vind en organiseer, maar die interpretasie daarvan word nie elektronies uitgevoer nie. Dit bly 'n menslike aktiwiteit. Hunston (2010:158) se stappe om patrone in konkordansies op te spoor is soos volg.

- Formuleer 'n soektog wat konkordansielyne teweeg bring.
- Interpreteer konkordansielyne deur die identifisering van ooreenkomste en die vorming van kategorieë en groepering deur byvoorbeeld vas te stel met watter woorde die item kollokeer.

Sortering van konkordansies

Aangesien data elektronies aangebied word, is dit eenvoudig om die gegewens te sorteer. Konkordansies kan op drie maniere hersorteer word:

- Deur die nodewoord self (onderskeie modale hulpwerkwoorde soos byvoorbeeld kan in hierdie studie)
- Deur die linkerkonteks van die node (om sodoende te bepaal watter onderwerpe ens kollokeer met die node byvoorbeeld EK kan; HULLE kan).
- Deur die regterkonteks van die node (om sodoende te sien watter voorsetsels; bywoorde, werkwoorde ens. kollokeer met die node).

Afhangende van die sagteware tot beskikking kan sortering een tot meer woorde na of voor die node sorteer of etiketteer. Hierdie studie maak gebruik van WordSmith 6 wat hierdie funksie kan verrig.

Tribble (2010:178-182) gee 'n opsommende weergawe van Sinclair (2003) se 7 stappe-prosedure om met 'n konkordansie te werk.

Stap 1: Inisieer

Patrone links of regs van die node word gesoek om meer inligting tot die analise te bied.

Stap 2: Interpreteer

Kyk na woorde om die node en formuleer 'n hipotese wat die node en die woorde verbind.

Stap 3: Konsolideer

Kyk verder weg van die node om vas te stel of daar enige ander patrone of variasies in die patroon voorkom. So kan vasgestel word of sekere werkwoorde met die met die node verbind. Kyk na werkwoorde voor en na die node. Verdere navorsingsvrae kan hierin voorkom.

Stap 4: Rapporteer

As alle sigbare patrone geëksploiteer is, en die hipotese is hersien, skryf dit uit sodat daar 'n eksplisiete toetsbare weergawe is vir die toekomstige navorsing.

Stap 5: Herwinning

'n Verdere intensiewe ondersoek na die uitgebreide konteks waarin die node gevind is, word in hierdie stap uitgevoer.

Stap 6: Uitslag

Observasies word opgeskryf as fokus vir verdere studie en word geïnkorporeer in 'n voller rapportering met 'n tweede werkshipotese.

Stap 7: Herhaal.

Die hele proses word met meer data herhaal. Uitslae word getoets en uitgebrei, verfyn en aangepas om sodoende die hipotese ook aan te pas.

Die ondersoek na die uitgebreide konteks en die kollokasies waarmee die modale hulpwerkwoorde verbind is sistematies ondersoek en die metode word verder bespreek onder 4.3.3.1 en 4.3.3.2.

Greaves en Warren (2010:212) verwys na Firth wat in 1957 beskryf het dat mens meer te wete kom oor 'n woord se betekenis wanneer die woord in sy verskillende konstruksies bestudeer word. Woorde en frases waarmee die item aan bod dikwels geassosieer word, is deur Firth 'kollokasies' genoem. Firth verwys na die toets van kollokeerbaarheid. Woorde onderskei verskillende betekenis nimate hulle in verskeie kollokasies of multiwoordeenhede voorkom. Firth se toets vir kollokeerbaarheid word soos volg deur Greaves en Warren geparafraseer:

The test of collocability refers to the notion that words are collocates when they are found to be associated with sufficient frequency to exclude the possibility that they are chance co-occurrences. (Greaves & Warren, 2012:212)

Een statistiese metode wat gevolg word om kollokasies te ondersoek is kollostruksieanalise en dit word verder bespreek onder 4.3.2.4.

In hierdie studie is konkordansielyste van elke modale hulpwerkwoord in die Historiese Korpus getrek en 15 woorde links en regs daarvan is in Excel gestoor. Die tweede stap was om 'n ewekansig geselekteerde steekproef van 500 trefslae uit elke modaal se konkordansielys te onttrek wat met die hand ontleed is volgens makrosemantiese kategoriserings en mikroparameters soos uiteengesit onder 4.3.3.

Die volgende statistiese metodes is tydens verskillende fases op die konkordansie toegepas. Elkeen van hierdie metodes en die werkswyse word vervolgens bespreek.

4.3.2.4 STATISTIESE METODEDES

Log-waarskynlikheid

Wanneer verandering (byvoorbeeld 'n toename of afname in frekwensie) in die frekwensies voorkom is die statistiese beduidendheid van elke verandering getoets met behulp van die log-waarskynlikheidstoets en aanlyn die log-waarskynlikheid-berekenaar van Rayson (Rayson & Garside, 2000; Rayson *et al.*, 2004). Die interpretasies van die statistiese beduidendheid word gebaseer op die volgende kritiese waardes soos verkry van Rayson se aanlyn webwerf (Rayson 2018).

95ste persentiel; 5% vlak; $p < 0.05$; kritiese waarde = 3.84

99ste persentiel; 1% vlak; $p < 0.01$; kritiese waarde = 6.63

99.9ste persentiel; 0.1% vlak; $p < 0.001$; kritiese waarde = 10.83

99.99ste persentiel; 0.01% vlak; $p < 0.0001$; kritiese waarde = 15.13

Normalisering

Om frekwensietellings van verskillende groottes korpora te vergelyk word die proses *normalisering* op die korpusse toegepas. Hierdie proses behels die ekstrapolering van rou frekwensies van die verskillende grootte korpora sodat hulle uitgedruk kan word deur 'n gemeenskaplike basis byvoorbeeld per duisend of miljoen woorde. Evison (2010) gebruik 'n voorbeeld waar die voornaamwoord *we* vergelykend tussen twee korpusse ondersoek is (albei sub-korpusse van die BNC) waar een korpus oor 148 624 woorde beslaan (korpus 1= vergaderings) en die ander korpus is 483,913 woorde in totaal (korpus 2= informele gesprekke). Die rou frekwensie van korpus 1 is 2142 en vervolgens is 2142 gedeel deur 148 624 maal met 1000 wat 'n totaal gee van 14 voorkomste per 1000 woorde. Die rou frekwensie van korpus 2 is 2666 en dit word gedeel deur 483,913 maal met 1000 wat 'n voorkoms van 6 keer per duisend woorde aandui. Hierdie genormaliseerde tellings dui aan dat *we* twee keer meer algemeen is in die vergadering-korpus as in die informele gesprek-korpus.

Hierdie studie werk vergelykend met die verskillende tipes teksgenres naamlik narratiewe, formele, informele en informatiewe tekste waarin die modale hulpwerkwoorde voorkom. Vir die doel van die ondersoek dien elkeen as verskillende korpusse en hierdie genres/korpora se groottes verskil telkens dramaties.

Om die gebruik van 'n spesifieke modale hulpwerkwoord tussen die betrokke teksgenres te vergelyk is die normaliseringsproses op die onderskeie tekskorpora toegepas om 'n statisties aanvaarbare vergelyking te bewerkstellig. Die doelwit was om te sien (a) in watter tekste en dus kontekste word die modaal eerder gebruik, maar (b) hierdie gebruik is diachronies in die vier periodes ondersoek om die veranderinge wat moontlik kon plaasvind in verskillende teksgenres op te spoor. Wanneer die gebruik van *kan* in byvoorbeeld periode 1 in die onderskeie teksgenres **narratief**, **informatief**, **formeel** en **informeel** ondersoek is, het die volgende normaliseringsproses plaasgevind:

KAN	Periode 1	Genormaliseerde getal
Narratief	194	
korpusgrootte	80830	24
Informatief	402	
korpusgrootte	101211	40
Formeel	199	
korpusgrootte	44148	45
Informeel	62	38
korpusgrootte	16371	

Tabel 4.3 *Kan* se genormaliseerde tekstipe frekwensies

Om statisties aanvaarbaar te wees moes die verworwe frekwensies dus eers genormaliseer word sodat die beraamde frekwensie per 10 000 woorde (soos bepaal vir kleiner tekste) weergegee kan word. Die berekening wat gebruik is om die genormaliseerde frekwensies te verkry is:

$$F_n = F_o (10^4) / K$$

F_n (genormaliseerde frekwensie) is die kwosiënt van $A: ^A[\text{die produk van } F_0 \text{ (rou frekwensie) vermenigvuldig met } 10\,000]^A$ gedeel deur $B: ^B[K \text{ (korpusgrootte/teksgenre in 'n periode)}]^B$ gedeel deur B

Die korpusgetalle is genormaliseer tot 10 000 om te bepaal wat die frekwensie van *kan* in elke 10 000 woorde in elke onderskeie teksgenre is.

Die bewerking is soos volg:

$$(194 \times 10\,000) \div 80830 = 24$$

Kan kom byvoorbeeld 24 keer per 10 000 woorde in narratiewe tekste. Hierdie metode demonstreer hoe *kan* meer algemeen gebruik word in formele tekste (45 keer in 10 000 woorde) as in ander tekste.

Kollostruksieanalise

Hierdie studie sluit aan by Croft (2001) se teorie oor Radikale Konstruksiegrammatika waar leksikale en grammatikale items nie onafhanklik staan van die konstruksies waarbinne hulle voorkom nie. Om dus slegs die enkele modale hulpwerkwoord afsonderlik en geïsoleerd te ondersoek gee beperkte inligting daaroor weer. Om die interaksie tussen lekseme en die konstruksies waarbinne hulle voorkom te ondersoek staan bekend as kollokatiewe analise en Stefanowitch en Gries (2003, 2005:21) het hierdie metode verfyn en herdoop as onderskeidende kollekseemanalise (*distinctive collexeme analysis*). Dit behels (i) die statistiese evaluasie van die frekwensie waarmee allerlei leksikale items voorkom in verskillende konstruksies, en (ii) die oorkoepelende verhouding tussen die verskillende konstruksies word bereken deur vas te stel watter leksikale items 'n betekenisvolle voorkeur het vir een of meer van die konstruksies. Kollostruksieanalise begin altyd met 'n spesifieke konstruksie en toets dan verskillende lekseme se aantrekking of afwysing van 'n spesifieke spasie/ruimte in die konstruksie. Lekseme wat dikwels voorkom in spesifieke konstruksies word kollekseme genoem. Daarmee saam word konstruksies wat met spesifieke lekseme verbind kollostrukte genoem. Die kombinasie kollekseme en kollostrukte word kollostruksies genoem.

Die toets wat uitgevoer word om vas te stel watter leksikale items eerder verbind tot spesifieke konstruksies al dan nie, is die presiese chikwadraattoets (*Fischer-Yates exact test*). Daardie leksikale items wat meer aangetrokke is tot 'n spesifieke konstruksie is die eiesoortige/kenmerkende kollekseem of kollokasie. Hulle word gerangskik volgens hulle aantrekking tot een of meer van die gekose betrokke konstruksies. Die presiese chikwadraattoets se p-waarde word hier as maatstaf gebruik. Hoe kleiner die p-waarde, hoe sterker is die werkwoord onder bevraagtekening se aangetrokkenheid tot 'n betrokke konstruksie (Stefanowitsch & Gries, 2003:219, 2005:9; Gries, 2012:480-481).

Hierdie toets se uitslae is meer betroubaar as die Dunning se log-waarskynlikheidstoets, Barry Rogghe se z-tellings en Church se t-tellings. Die kritiek teen die presiese chikwadraattoets is die omslagtige proses maar dit is vandaar dat die toets se uitslae statisties so betroubaar is (Stefanowitsch & Ghries, 2003:218). Die metode werk soos volg:

Om die kollostruksionele sterkte tussen Lekseem L_1 en konstruksie K_1 statisties te bereken, word daar vier frekwensies, soos uiteengesit in 'n aangrensende-tabel, benodig.

Die frekwensie van Lekseem ₁ in Konstruksie ₁ (hoe dikwels verbind die doelwit-lemma met die spesifieke doelwit-konstruksie)	Die frekwensie van Lekseem ₁ in ander $\neg$ Konstruksies (hoe dikwels kom die doelwit- lemma in ander konstruksies voor)
Die frekwensie van Konstruksie ₁ met ander $\neg$ Lemmas (hoe dikwels kom ander lekseme in die doelwit-konstruksie voor)	Die frekwensie van ander $\neg$ K's met ander $\neg$ L'e (hoe dikwels kom ander soortgelyke konstruksies voor met ander lekseme)

(Stefanowitsch & Ghries, 2003:219, 2005:9; Ghries, 2012:480-481)

Tabel 4.4 Kollostruksionele sterkte tussen vier frekwensies

Die metode maak gebruik van kruistabulering om die kollostruksionele sterkte te bepaal.

Deur hierdie metode te gebruik word inligting ingewin soos byvoorbeeld watter faktore 'n invloed het op die kenmerke van 'n spesifieke leksikale of grammatikale item. Faktore soos byvoorbeeld die tipe leksikale items (werkwoorde) wat eerder voorkom met 'n bepaalde modale hulpwerkwoord het 'n bepaalde invloed op die betekenis en funksie sowel as die kategorisering van die hulpwerkwoord. By kollostruksieanalises gaan dit veral daaroor dat daar onsekerheid heers oor die semantiese waarde en betekenis sowel as kategorisering van 'n konstruksie. Hierdie metode het twee oorhoofse toepassings: (i) die doeltreffendheid van grammatikale beskrywings word verhoog deur onder meer die betekenis van 'n grammatikale konstruksie op 'n objektiewe wyse te verhaal, sowel as om die graad waartoe 'n spesifieke ruimte of spasie verbind of beperk is tot spesifieke lekseme te bepaal, (ii) om data te verskaf vir linguistiese teoretisering. Hierdie data dien om sekere hipoteses en vrae oor konstruksies te ondersoek, byvoorbeeld in Afrikaans wil dit voorkom asof *kan* die epistemiese betekeniswaarde van *mag* oorgeneem het. Om 'n stelling soos hierdie te ondersoek, word. Onderskeidende kollekseemanalise ingespan om hierdie konstruksies en kollekseme wat verkies om met die een of ander te verbind, ondersoek. Om hierdie vraag te ondersoek word twee of meer tipes konstruksies (een met *kan*; een met *mag*) gekombineer met dieselfde lekseme (werkwoorde) om sodoende met behulp van die presiese chikwadraattoets te bepaal watter een van die groepe statisties beduidend meer met een werkwoord as 'n ander kombineer.

4.3.3 ANALITIESE INTERPRETASIES EN KWALITATIEWE METODES

Die kwantitatiewe statistiese analises is die empiriese data wat weinig beteken sonder kwalitatiewe analises en ontleding. Sodra konkordansielyste getrek uit WordSmith 6 as Excel dokumente gestoor is, is elke afsonderlike voorbeeld in die steekproef sistematies geëtiketteer en op grond van hierdie klassifikasies van onafhanklike veranderlikes is daar sekere afleidings gemaak, patrone is bespeur, verdere

statistiese inligting is bekom, inligting is verwerk en verder geklassifiseer in makro- en mikrosemantiese parameters.

Die eerste stap voordat enige kwalitatiewe ontledings plaasvind, behels dat elke steekproefvoorbeeld in 12 afsonderlike kategorieë van onafhanklike veranderlikes geklassifiseer word. Hierdie onafhanklike veranderlikes het meer inligting rondom die spesifieke gebruike en funksies van die modale hulpwerkwoorde verskaf. Hiermee die 12 kategorieë waarvolgens elke steekproefinskrywing van elke modale hulpwerkwoord in kolomme geklassifiseer is:

- Divers (enige spesifieke, unieke inligting is hier aangedui)
- Klassifikasie (elke inskrywing is as epistemies, deonties of dinamies aangedui)
- Werkwoord (hierdie werkwoordindeling is gebruik by die kollokatiewe analise)
- Tipe werkwoord (werkwoorde is geklassifiseer volgens Halliday & Matthiessen, 2004:245 -257 se werkwoordklasse)
- Tempus (voorbeelde is ingedeel volgens die drie tye in Afrikaans)
- Omskrywing (is die voorbeeld in die lydende of bedrywende vorm)
- Negatief (is die voorbeeld genegativeerd)
- Sinstipe (Hoofsinne en bysinne is ontleed)
- Agent (is die agent sielhebbend of sielloos)
- Onderwerp (Die tipe onderwerp is geklassifiseer in byvoorbeeld eerste of tweede of derde persoon, as onbepaald of as eienaam ens.)
- Deelnemer (Die voorbeeld is geklassifiseer as 'n interne (dinamies) of eksterne (deonties) deelnemer of as subjektief (epistemies))
- Sterkte (Op grond van Wasserman (2014) se parameters vir mikrosemantiese parameters is elke voorbeeld se sterkte bepaal en in hierdie kolom gespesifiseer)

Bogaande klassifikasies het telkemale as inligting gedien om betekenis-skakerings van modale te bepaal en dit is as analitiese agtergrond gebruik in verskeie besprekings. Vervolgens 'n uiteensetting van hoe elke modale hulpwerkwoord geanaliseer is.

4.3.3.1 MIKRO- EN MAKROSEMANTIESE ONTLEDING

Elke modale hulpwerkwoord is afsonderlik bestudeer om elkeen se aard en funksies vas te stel en die volgende stappe is gevolg:

1. 'n Etimologiese ondersoek van elke modaal en die grammatikaliseringsproses waartydens elke individuele modale hulpwerkwoord vanaf selfstandige werkwoord in Oudnederlands verander het tot 'n grammatikale item – die modale hulpwerkwoord
2. 'n Kort bespreking oor die betekenisskakerings en diachroniese veranderinge wat Germaansverwante tale Nederlands en Engels ondergaan het.
3. Die betekenisskakerings van elke modale hulpwerkwoord is volledig uiteengesit. Inligting oor die betekenisskakerings is soos volg vanuit die steekproef ingewin:
 - i) Die kartering van alle betekenisskakerings op 'n semantiese kaart (sien 3.8)
 - ii) Die betekenisskrywings en kategoriserings van elke modaal as dinamies, epistemies of deonties (as gevolg van die polisemiese aard van modale voldoen elkeen aan ten minste twee van hierdie kategorieë)
 - iii) Elke afsonderlike konstruksie word geïdentifiseer en verduidelik.
 - iv) Die betrokke konstruksies word telkens op 'n konstruksienetwerk geplaas. Gewoonlik is dit elke kategorie se konstruksienetwerk wat geplot is.
 - v) Van Ostayen en Nuyts (2004:30) se agt vrae soos uiteengesit in Hoofstuk 3.7 is ook ingespan om inligting saam te stel.
 - vi) Wasserman (2014) se mikrosemantiese parameters (sien 4.3.3.2) is toegepas om vas te stel of daar enige spesiale konstruksies of patrone bestaan.
 - vii) Kollostuksieanalise is toegepas om vas te stel watter werkwoorde verbind spesifiek met 'n modale hulpwerkwoord in gevalle waar dit lonend was om insig in die data te verhoog.
4. Die diachroniese toename of afname van elke modale hulpwerkwoord in al vier die Historiese Korpus se periodes is ondersoek. Grafieke word gegee as grafiese verduideliking van hierdie toename of afname in frekwensie. 'n Log-

waarskynlikheidstoets word toegepas om vas te stel of die afname of toename statisties beduidend is. Rayson se log-waarskynlikheid *calculator* word hier gebruik.

5. Elke teksgenre se toename of afname oor al vier periodes word ook geanaliseer. Dit verskaf inligting oor die konteks waarbinne die modale hulpwerkwoorde gebruik word en of dit enigsins verander het. Hier word normalisering as statistiese metode aangewend.
6. Wasserman (2014) se mikrosemantiese parameters word nou weer toegepas om te sien of die nie-epistemiese betekenis hoog of mediaansterkte is. Die krag van die uitdrukking word ontbloot. Epistemiese modaliteit se sprekersekerheid word ook hiervolgens ontleed.
7. Laastens word sommige van die modale vergelyk met of hulle preteritale vorms of met mekaar (byvoorbeeld *moet* met *moes* of *kan* met *mag*).

4.3.3.2 MIKROSEMANTIESE PARAMETERS

Die mikrosemantiese parameters van Wasserman (2014:215) is aangepas en gebruik om (a) die betekenisskakerings, gebruike en funksies van modale hulpwerkwoorde te ondersoek (b) en om die sterkte van die spesifieke voorbeeld/proposisie te bepaal.

PARAMETER		HOËGRAADSEKERHEID	MEDIAANGRAADSEKERHEID
1.	SUBJEK EN HOOFWW	• Sielhebbend • Persoonlike voornaamwoord (Tweede persoon) • Subjektief • Status/otoriteit • Aktiewe ww • Aktief	• Sielloos • Onpersoonlike voornaamwoord • Objektief • Geen verskil in status • Statiewe ww • passief
2.	ADJEKTIEWE/UITDRUKKINGS	• Hoë intensiteit • Sterk bywoorde	• Lae intensiteit • Swakker bywoorde
3.	MODUS VAN KLAUS	• Imperatief	• Indikatief
4.	POLARITEIT/TEMPUS	• Negatief • Presens of toekomst	• Positief • Verlede tyd
5.	PRAGMATIESE FUNKSIE	• Gemotiveer deur sosiale norme • Gemotiveer deur emosies • Gewoontes • Weerstandloos • Aansien verloor	• Ongemotiveer deur sosiale norme • Ongemotiveer deur emosies • Onafhanklike verpligting • Hedging • Ironie • Verloor geen aansien • Weerstandig
6.	KONTEKS	• Interpersoonlik • Wetmatig	•
7.	BRON	• Eksterne deelnemer/agent	• Eksterne deelnemer
8.	SPREKER-SEKERHEID	• Hoëgraad sekerheid	• Medium tot laegraadsekerheid

Tabel 4.5 Mikrosemantiese parameters

Hierdie mikrosemantiese parameters is gebruik om telkens die modale hulpwerkwoord se krag of sterkte te bepaal (in deontiese en dinamiese gevalle) en die spreker se sekerheid is ook hiervolgens bepaal. Nie al die parameters kon in al die gevalle gebruik word nie, aangesien haar parameters baie spesifiek ontwikkel is om die noodsaaklikheidsdimensie soos toegepas op *moet/must* te toets. Hierdie parameters is egter as breë raamwerk gebruik om sterkte/krag te meet.

4.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk verduidelik hoekom hierdie studie Korpuslinguistiek gebruik as metodologiese raamwerk. Enige wetenskaplike studie word aan sekere norme onderwerp wat die studie minder of meer empiries en 'wetenskaplik' maak. Tevore het navorsers instinktief te werk gegaan en voorbeeldmateriaal is lukraak uit die navorsers se eie leëwêreld geneem en gebruik om veralgemenings te formuleer. Om gebruik te maak van bestaande korpusmateriaal word die navorsers se eie instinktiewe neigings en voorbeeldmateriaal ingeperk en materiaal word meer wetenskaplik en noukeurig aangebied en onderwerp aan statistiese metodes. Met behulp van die vooruitgang op tegnologiese vlak kan die korpusmateriaal as data in sagtewareprogramme soos Wordsmith 6 ingevoer word wat frekwensielyste en konkordansies genereer wat statistiese inligting verskaf oor byvoorbeeld die afname of toename van hulpwerkwoorde oor 'n spesifieke tydperk en dies meer. Hierdie program kan gestel word om ook 'n ewekansig geselekteerde steekproef toe te pas op 'n konkordansie sodat slegs 'n aantal voorbeelde (500 voorbeelde in hierdie studie) getrek word om die analises op te doen. Hierdie hoofstuk verduidelik watter kwalitatiewe analitiese metodes gebruik is om die geselekteerde voorbeelde te ondersoek. Hierdie analitiese metodes (soos verduidelik onder 4.3) het inligting oor die modale hulpwerkwoorde se vorm, funksie, gebruike en betekenis verskaf, wat dit moontlik gemaak het om 'n taamlik volledige beeld te kon skets van die modale hulpwerkwoorde se sinchroniese vergestaltung maar ook oor hulle individuele veranderinge oor 'n tydperk van 100 jaar.

AFDELING B TOEPASSING

INLEIDING

In hierdie afdeling is daar vyf hoofstukke wat onderskeidelik die sentrale teenswoordige tyd modale hulpwerkwoorde en verbonde preteritumpaar ondersoek. As vertrekpunt word elke modaal se sinchroniese betekenisskakerings met behulp van 'n nuutgeskepte model ondersoek. Daarna sal die diachroniese ondersoek plaasvind om enige veranderinge wat ondergaan is, op te teken. Ter inleiding tot hierdie ondersoek word die huidige frekwensies van die nege modale hulpwerkwoorde in tabelvorm in figuur A uiteengesit. *Kan* is die modale hulpwerkwoord wat die hoogste toename vertoon oor die loop van die twintigste eeu. Die frekwensies van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans het oor 100 jaar soos volg verander:

	Periode 1	Periode 2	Periode 3	Periode 4
kan	857	1055	1286	1351
sal	855	952	915	878
moet	727	1017	916	779
wil	372	324	376	379
mag	148	205	118	137
kon	300	344	289	329
sou	340	438	319	266
moes	272	284	185	230
wou	102	113	108	85

Tabel A1 Frekwensies van modale hulpwerkwoorde tussen periode 1 en 4

Die frekwensie van *kan* het oor 'n tydperk van 100 jaar deurgaans toegeneem, en is verreweg die mees frekwente modale hulpwerkwoord. Waar *kan* en *sal* en *moet* se frekwensies in periode 1 baie naby aan mekaar gelê het en nie een van daardie modale hulpwerkwoorde veel meer in gebruik was as die ander nie, het hierdie prentjie verander en tans word *kan* baie meer gebruik as *sal* en *moet*. Veral *mag* se frekwensies het afgeneem en hierdie studie se hipotese is dat *kan* van *mag* se gebruike oorgeneem het. Hierdie hipotese word verder onder 8.6 bespreek. Soos bespreek onder 7.5.2 vertoon *kan* ook voorspelling-betekenis wat soortgelyk is aan *sal* se betekenis wat impliseer dat *kan* se betekenis oorvleuel met *sal* wat 'n verklaring bied op die groot verskil in *kan* en *sal* se frekwensies.

Kan se toename in gebruike en die oorvleueling met *mag* en *sal* se betekenis impliseer dat *kan* in die 20ste eeu betekenisverruiming ondergaan het.

In 'n vergelyking tussen die sinchroniese stand van *kan*, *can* en *kunnen* is daar na drie hedendaagse korpusondersoeke gekyk. Die Afrikaanse frekwensies is verleen uit die Historiese Korpus se vierde periode; die Engelse gegewens is ontleen uit die geskrewe gedeelte van die International Corpus of English (ICE korpus) en die Nederlandse frekwensie is verkry van die Corpus Hedendaags Nederlands. Dit opvallend dat *kan* in Afrikaans en Nederlands die mees algemene modale hulpwerkwoord is terwyl *will* en *would* in Engels meer frekwent is. *Sal* is die tweede mees frekwente modaal in Afrikaans en *moeten* die tweede mees frekwente modaal in Nederlands. *Can* is die tweede mees frekwente modaal in Engels.

Afrikaans	Frekwensie	Engels	Frekwensie	Nederlands	Frekwensie
kan	51	can	64	kunnen	35
sal	33	will/shall	78	zullen	19
moet	30	must	11	moeten	29
wil	14	want to	16	willen	17
mag	5	may	19	mogen	6
kon	13	could	30	konden	6
sou	10	should	20	zouden	15
moes	9	x	x	moesten	5
wou	3	would	6	wilden	4

Tabel A2 Genormaliseerde getalle van *kan*, *can* en *kunnen*

Die verskille in frekwensies dui aan dat modale hulpwerkwoorde in die Germaanse familie se grammatikaliseringproses vir elke taal afsonderlik en op 'n eie tempo plaasvind. Alhoewel daar heelwat ooreenkomste is wat bydrae lewer om die etimologie van elke modaal te verstaan blyk dit dat hierdie tale oor die laaste honderd jaar afsonderlik en individueel van mekaar ontwikkel het. Daar is nog heelwat betekenis-ooreenkomste maar elke taal se grammatikalisering vind op eie tempo en in 'n eie rigting plaas.

HOOFSTUK 5 *MOET, MOENIE EN MOES*

BETEKENISDIMENSIE: NOODSAAKLIKHEID EN VERPLIGTINGDIMENSIE

5.1. INLEIDING

As vertrekpunt ondersoek hierdie bespreking die ontstaan en ontwikkeling van die modale hulpwerkwoord *moet*. Daarna is hierdie modale vergelyk met tipologies verwante modale *must* en *moeten* om aan te toon waar Afrikaans onafhanklik van Nederlands ontwikkel het en of Engels op Afrikaans geïmpakteer het. Hierna volg 'n analise van die semantiese aard van *moet* gevolg deur 'n diachroniese ondersoek na enige veranderinge wat ondergaan is oor 'n tydperk van 100 jaar. Die modale *moenie* en *moes* word ook betrek en as aparte afdelings van *moet* op soortgelyke wyse bespreek.

5.2. ETIMOLOGIE VAN *MOET*

Volgens die Oxford English Dictionary (OED online 2018) is die oorsprong van Nederlands *moeten*, Engels *must* en Duits *müssen* van die Protogermaanse woord *mot* wat beteken: 'vermoë; vryheid om iets te doen'. Oudsaksiese *motan* dra die betekenis van 'om verplig te wees' en Gotiese *gamotan* beteken 'om ruimte te hê; om bevoeg te wees of om toegelaat te wees' wat ook oorgedra is op die hedendaagse betekenis van *moet*. Die oorsprong van *mot*; *gamotan* en *motan* blyk volgens die Oxford English Dictionary (OED online 2018) die Proto-Indo-Europese basisvorm – *med-*; *messen* en *ermesser* te wees wat beteken: 'om toepaslike maatreëls te tref'.

Moet in Afrikaans is uit Nederlands se *moeten* geërf (Philippa, Debrabandere, Quak, Schoonheim, & Van der Sijs, 2003-2009) wat as *mouton* in Oudnederlands [1100] gebruik is met die oorspronklike betekenis van *kunnen* (*kan*), byvoorbeeld:

[5.1] thaz wir thich anasihen *muozen*

Sodat ons jou *kan* aankyk

[5.2] thaz ich *muoste* dissolui

Dat ek *kon* sterf.

Die tweede betekenisonderskeiding wat sedert 1151/1200 in gebruik is, is 'genoodsaak wees', byvoorbeeld:

[5.3] thes *most* er the thiefore uallen – Middelnederlands [1236].

Daardeur *moes* hy des te dieper val.

Philippa et al. (2003-2009) vermeld dat wisselvorme van *moeten* met betekenis 'verplicht zijn'; 'genoodsaakt zijn', 'mogen', 'gerechtigd zijn' reeds sedert 1236 in tekste voorkom, byvoorbeeld:

[5.4] in eine brucke...dar man ouir gan *mueot*

'n brug waaroor mens gaan *moet* loop.

[5.5] Niemen...*nemoet* dragen suert,

Niemand *mag/moet* 'n swaard dra nie.

[5.6] binnen derden daghe *moet* hise gelden demesdaet al geel [1237].

Binne drie dae *moet* hy die volle boete betaal.

In Oudsaksies is die gelyksoortige woord *mōtan* onderskei met betekenis 'kunnen', 'mogen', en 'moeten'. In Middelnederduits is die woord *mōten* as eweknie van *mōtan* gebruik, in Oudhoogduits was dit *muozan*, in Nieuwhoogduits *müssen*, en in Oudfries *mōta*.

In Oudengels voor 1100 is die vorm *mōtan* met betekenis 'kunnen' en 'moeten' gebruik. Vanaf 1700 is *must* in Nieuwengels gebruik met die betekenis 'zou moeten' en 'nu moet' (Philippa et al., 2003-2009).

Oorspronklik was *moet* 'n sterk hoofwerkwoord waarvan die verledetydsvorm in die presens begin optree het. Hiervolgens het 'n nuwe infinitiefsvorm ontstaan naamlik *mōtan* en die verledetydsvorm *mōt-ta* wat klankwettig *mōssa* word. Dit was nie herkenbaar as verledetyd nie en daar is 'n t bygevoeg wat via *mōsta* tot Nederlands

moest gelei het. In Afrikaans het *moet* die -en suffiks verloor ([en]-apokopee) en die preteritale fleksievorm *moes*¹² het ook apokopee van die t ondergaan het (*moest* → *moes*) (Philippa et al., 2003-2009). Engels het geen grammatikale verledetydsvorms van *moet* soos Afrikaans (*moes*) en Nederlands (*moest*) nie. Ironies het *must* ontwikkel juis uit die verledetydsvorm van Oudengelse *mot*, *mote*, *mote* alhoewel hedendaagse *must* beide die verlede en presensvorms insluit (OED online 2018). Oudengels *moste* is die verlede tyd van *motan* wat dui op 'have to; be able to' (OED online 2018). Die huidige presensvorm is al sedert 1300 in omgang onderliggend aan die algemene gebruik dat die verlede-subjunktief as 'n hoflike of gematigde vorm die presens uitdruk (vgl. Wasserman, 2014). Die korrekte ooreenstemmende pare is OE se *moet/mot* en *moet* (Nederlands *moeten*; Duits *müssen*) in kontras met OE se *moste* (die oorsprong van die vorm *must*) en *moes* (Nederlands se *moesten* en Duits se *müßen*) (Wasserman, 2014:183). Die gebruik van *mote* het verval na die 16de eeu waartydens *mote* nog algemeen die presensvorm was en *moste* (*must*) die perfektum. Nadat *must* dermate veral as verpligting-werkwoord in die presens gebruik is, het die verledetydsgebruik daarvan ook mettertyd in gebruik gekom.


Met *moet* en *moes* wat historiese bande deel maar ook vormlik verwant is aan Engels *must* en Nederlands *moeten* word daar vervolgens ondersoek ingestel na die semantiese aard en funksies van *must* en *moeten*.

5.2.1 MOETEN

Die frekwensie van *moeten* neem sedert Vroegmiddelnederlands tot Hedendaagsnederlands met rasse skrede toe (Nuyts & Byloo, 2015:62). In Vroegmiddelnederlands is daar 14,11 gebruike van *moeten* in 10 000 woorde, daarteenoor vertoon Hedendaagsnederlands dat *moeten* 58,55 in elke 10 000 woorde voorkom. Dit is 'n toename van 315%.

¹² Kyk bespreking van *moes* vanaf 5.6.

Moeten se betekenisaard ondergaan volgens Nuyts en Byloo (2015) 'n deurlopende verandering. Hulle dui die evolusie van *moeten* sedert Oudnederlands tot Hedendaagsnederlands aan soos volg:



Figuur 5.1 Evolusieroete van *moeten*

Tipies vertoon hierdie grafiese samevatting van die evolusieproses van *moeten* die neiging dat deontiese en epistemiese gebruike uit die dinamiese sfeer ontwikkel het. Die dinamiese-inherente interne deelnemer-betekenisaarde het aanleiding gegee tot die dinamiese-selfopgelegde betekenis, wat weer gelei het tot die dinamies situasionele betekenis, wat weer tot die ontstaan van epistemiese en bewyslike betekenis aanleiding gegee het. Daarteenoor het dinamies-selfopgelegde betekenis weer gelei tot die ontstaan van die eksterne deelnemer betekenis met die opkoms van deontiese betekenis eerstens in die vorm van volisie maar ook later as direkte en voorwaardelike konstruksies (Sien ook Traugott, 1982, 2010).

Nuyts, Byloo en Diepeveen (2010) bevind dat *moeten* in Hedendaagsnederlands veral as dinamiese en deontiese modaal optree. Soos Palmer (2001) en Nuyts (2005, 2006)

daarna verwys sluit dinamiese betekenis die behoefte/noodsaaklikheid betekenisdimensie in (nie slegs vermoë/mondelike vaardighede nie) en dit is ten opsigte van hierdie betekenisstaking van *moet* dat hierdie modaal as dinamies geklassifiseer word, byvoorbeeld:

[5.7] een wedstryd op gang getrokken door Koen Allaert ging heel snel weg. (.) dan *moest* ie afhaken en dan kwam jij op de voorgrond he.
'n Wedstryd geïnisieer deur Koen Allaert het spoed gekry (...) dan *moet* hy stop en dan kom jy op die voorgrond.

[5.8] A: kunt ge daar (...) ook die metalen pootjes mee afschuren? B: da 's veel te breed he. Dat *moet* ge met de handen doen.
A: Kan jy daarmee (...) ook die metaalpootjes afskuur? B: dit is heeltemal te groot. Dit *moet* jy met die hande doen.

In voorbeeldsinne [5.7] en [5.8] word 'n noodsaaklikheid geïmpliseer sonder dat 'n morele verpligting geëis of afgedwing word. Dit dui slegs op 'n noodsaaklikheid of behoefte van die interne deelnemer of die betrokke situasie. Die meeste 'noodsaaklike' gevalle in Nuyts et al. (2010) se data is dan ook selfopgelegd deur die interne deelnemer self of eksterne omstandighede – vandaar die klassifikasie selfopgelegde-deelnemer dinamiese modaliteit.

Heelwat gevalle van *moeten* word uitgedruk as deonties met die betekenisdimensie van morele noodsaaklikheid soos gesien in [5.9] en albei voorbeelde in [5.10]:

[5.9] om af te sluiten zouden jullie nu de luisteraar in enkele zinnen kunnen zeggen waarom *moeten* ze nu naar Gelukkige Dagen van Beckett gaan kijken?
Om af te sluit, sou julle vir die luisteraars in enkele sinne kan sê waarom hulle na "Happy Days" deur Beckett *moet* gaan kyk?

[5.10] A: en gij gaat dan uw gedichten meebrengen of wat? B: ja want ik kan zo moeilik beslissen wat dat 'k ga nemen. Ik *moet* er drie uitnemen en ze *moeten* een beetje verband hebben met elkaar vind ik en 't mag niet te swartgallig zijn vind ik.

A: en gaan jy dan jou gedigte saambring, of wat? B: ja maar dit is so 'n moeilike besluit wat ek gaan neem. Ek *moet* drie uithaal en hulle *moet* bietjie verband hou met mekaar, dink ek en dit mag nie te swartgallig wees nie, dink ek.

Die waarneming van Nuyts et al. (2010) is dat *moeten* se dominante betekeniswoord hoofsaaklik direktyf van aard is, waar die agent-deelnemer deur 'n eksterne bron (volgens hierdie studie die eksterne deelnemer) geadviseer, beveel of gedwing word om iets te doen. Performatiewe, imperatiewe en direktywe vorm egter volgens Nuyts et al. (2010:27) nie deel van die sentrale modale betekeniswoord nie, maar dit is spesifieke taalhandelings in die vorm van opdragte en bevels en gevolglik word hierdie uitdrukkings binne die taalhandelingssteorie hanteer en nie as tipies modaal verstaan nie. Volgens Nuyts en Byloo (2010:23) word deontiese modaliteit gedefinieer as die uitdrukking van morele aanvaarbaarheid en verpligting sonder die insluiting van direktywe soos uitgedruk in opdragte waarin toestemming gegee of sekere gedrag verwag of verplig word. Die tradisionele sienings van deontiese modaliteit word dus verwerp en Nuyts (2006) en Nuyts et al. (2010) herformuleer 'n nuwe definisie van deontiese modaliteit waarin die morele aanvaarbaarheid of verpligting, soos geassesseer deur die spreker of 'n instansie, eerder op die voorgrond is. Die eise en verwagtings gekoppel aan die uitdrukking is hiervolgens belangriker as die uitdrukking self. Volgens hierdie definisie is imperatiewe, direktywe en performatiewe as uitdrukkings nader aan die konsep taalhandeling, terwyl ware deontiese modaliteit volgens Nuyts (2006) eerder 'n verwagte respons volgens morele voorskrifte onderlê.

Die gedurige veranderinge wat gemaak word aan die terminologie en definiering van modale konsepte is een van die groot redes hoekom modaliteit 'n modderige onderwerp bly (sien De Haan, 2006; Nuyts, 2006). Hierdie studie sluit eerder aan by

die tradisionele seining (Kratzer, 1978:111; Palmer, 1986:96-97; Van der Auwera & Plungian, 1998:81; Verstraete, 2005) dat direkte wel suiwer modaal is; dus word direkte, imperatiewe en performatiewe steeds bespreek as modale betekenis. Nuyts et al. (2010) reken dat hierdie tipe gebruik van *moeten* nie modaal van aard is nie aangesien dit eerder met praktiese reëlins gemoeid is en dus 'n meer *realis* betekenisaard vertoon, maar hierdie studie hou by die tradisionele nosie dat direkte wel modaal is, aangesien die uitspraak van 'n bevel steeds impliseer dat handeling nog nie plaasgevind het nie, maar slegs 'n wenslike voorstel is en dus in wese *irrealis* bly. Nuyts (2006) en Nuyts et al. (2010) tref onderskeid tussen die grammatikale funksie van die modaal (*moet* in hierdie geval) en die pragmatiese gebruik daarvan as spraakhandeling. Die grammatikale funksie en pragmatiese gebruik word deur hulle as afsonderlike entiteite en nie as geïntegreerd bejêen nie. Hierdie studie staan binne die terrein van die konstruksiegrammatika wat die uiting as geheel beskou en daar word nie streng onderskeid tussen individuele funksies getref nie. *Moet* as grammatikale item maar ook as imperatief ('n spraakhandeling) kan hiervolgens nie geskei word nie en hierdie pragmatiese funksie word ingesluit as betekenis-skakering van *moet*.

De Haan (2009:262) bespreek *moeten* se epistemiese en bewyslike betekenis, en vergelyk dit met Engels *must* wat volgens hom 'n beperkte semantiese veld vertoon. *Moeten* vertoon beide epistemiese en bewyslike betekenis (De Haan 2009). Bewyslike modaliteit is volgens Palmer (1986:51) 'n afdeling van epistemiese modaliteit; waar epistemiese modaliteit slegs verwys na die spreker se subjektiewe opinie of houding oor 'n saak, betrek bewyslike modaliteit letterlik bewyse uit afgeleide of eksterne omstandighede om die saak se waarskynlikheid en sekerheidsgraad te verhoog. Lae/mediaan epistemiese sekerheid verteenwoordig bloot epistemiese betekenis terwyl 'n hoër sekerheidsgraad oorswaai na bewyslike betekenis. Drie tipes epistemies-bewyslike modaliteit¹³ word op grond van (a) afleiding, (b) hoorsê en (c) sensoriese bewyse onderskei. Bewyslike modaliteit behels slegs dat daar **bewyse** is

¹³ Sien Hoofstuk 3.5.2

wat die spreker se proposisie ondersteun. De Haan (2009) redeneer dat alhoewel dit soms gebeur dat 'n spreker *moeten* gebruik wanneer hy twyfel oor die proposisie en dus 'n laegraad verbintenis daarteenoor vertoon, word *moeten* as epistemiese modaal meestal ingespan wanneer daar heelwat bewyse is om die proposisie te ondersteun en *moeten* word dus meestal as bewyslike modaal gebruik. *Moeten* as sterk epistemiese modaal (in vergelyking byvoorbeeld met *mag* of *kan*) lei tot die gebruik daarvan as bewyslike modaal. *Moeten* word dus meestal as bewyslike modaal binne die epistemiese dimensie gebruik deur middel van wat Grice bestempel as 'gespreksafleiding' (*conversational implicature*), byvoorbeeld:

- [5.11] Het *moet* een goede film zijn.
 Dit *moet* 'n goeie film wees.

Die spreker se bedoeling strek met ander woorde verby die blote gesprek en by implikasie verstaan die aangesprokene die onderliggende proposisie eerder as 'n 'vaste uitdrukking'. *Moeten* as bewyslike modaal strek verby die noodsaak van eksterne bewyse wat die spreker se sekerheidsgraad en verbintenis tot die proposisie beïnvloed. Hierdie gebruik figureer op simboliese vlak en die onderliggende betekenis is van meer belang as die proposisie self. Met bewyslike modale is die waarheidsaspek van die proposisie sowel as die spreker se verbintenis daartoe nie van belang nie, byvoorbeeld:

- [5.12] Het *moet* een goede film zijn, en ik ben daar zeker van.
 (Daar word gesê) dit *moet* 'n goeie film wees en ek is daarvan seker.
- [5.13] Het *moet* een goede film zijn, maar ik heb er mijn twijfels over.
 Dit *moet* 'n goeie film wees maar ek betwyfel dit.

Die spreker aanvaar geen verantwoordelikheid vir die waarheid van die uitspraak/stelling nie. Bewyslike *moeten* het geen impak op die spreker se

graadverbintenis of die waarheid van die proposisie nie. Bewyslike gebruike staan neutraal teenoor graad en twyfel. Bewyslike gebruike is dus nie evaluerend van aard soos tipies epistemiese modale nie, maar die beskikbare bewyse oor gegewens rondom die proposisie is belangrik. De Haan (2009:275) het dit veral om bewyslike gebruike wat nie soseer modaal van aard is nie. Weereens sal hierdie studie eerder by Palmer (2001) aansluit wat bewyslike modaliteit as 'n hoëgraad epistemiese modaliteit beskou aangesien selfs hierdie betekenisdimensie *irrealis* van aard is, maar ook sprekeronsekerheid aandui.

Samevattend word afgelei dat Nederlands *moeten* 'n baie sterk dinamiese betekenisonderskeiding vertoon. Volgens Nuyts, Byloo en Diepeveen (2010:22) is die dinamiese betekenis van *moeten* dominant soos gesien in:

[5.14] A: kunt ge daar (...) ook die metalen pootjes mee afschuren?

B: da 's veel te breed hè. dat *moet* ge met de handen doen.

A: kan jy daarmee ook die metaal pootjes mee afskuur?

B: dit is heeltetal te breed, nè. jy sal dit met die hand *moet* doen.

Geen morele eise word afgedwing of verwag nie maar die onderliggende betekenis dui op 'n interne deelnemer noodsaaklikheid (situasioneel of individueel soos in bogaande verduideliking). Nuyts et al. (2010) verwerp nie net die nosie dat direkte wette (soos gevind in morele en etiese geskrewe tekste soos wette) nie modaal van aard is nie, maar ook dat imperatiewe nie deonties is nie en dus ook nie tipies modaal nie. In Nederlands kom imperatiewe volgens hulle weinig voor, en dit word (a) eerder uitgedruk as performatiewe beskrywings waar die spreker dikwels liever in die derde persoon op 'n pseudo-indirekte wyse die opdrag uitdruk:

[5.15] tante Caroline zegt ook 'als ik 's morgens zeg dat en dat en dat *moet* gedaan zijn als wij gaan werken' dan is d'rniets gedaan want 't is te veel'.

Tannie Caroline sê ook 'as ek soggens sê dit en dat *moet* klaar wees as ons gaan werk dan is niks klaar nie want dit is te veel'.

Nog 'n rede hoekom Nederlands nie veel imperatiewe vertoon nie is (b) die beginsel van beleefdheid. Die uitdrukking van *moet* as imperatief is bedreigend en beledigend sowel as té gesigsbedreigend, en in Nederlands word die opdrag met *moeten* as modaal anders uitgedruk om beleefd voor te kom (Nuyts et al., 2010).

Diepeveen et al. (2006:63) verwys ook daarna dat *moeten* nie geredelik saam met die ontkenningvorm optree nie – hulle het geen voorbeelde daarvan in hulle data kon vind nie wat verskil van Afrikaans waar die negatiefsvorm van *moet* naamlik *moenie* as imperatief optree:

“*moeten*, at least in Netherlandic Dutch, predominantly occurs in affirmative contexts” (Diepeveen et al. 2006: 63).

Van der Wouden (1998:10) en Hoeksema (1997) dui aan dat *moeten* 'n positief-polêre modaal is teenoor *hoeven* wat negatief polêr van betekenis is. *Moeten* word gesien as die polêre teenhanger van *hoeven* wat in wese negatief van aard is. Dit is in Belgiese Nederlands en spesifiek in Vlaandere waar *moeten* wel met die negatief verbind maar in Nederland is *hoeven* die meer algemene ontkenningvorm van die verpligting/noodsaaklikheid betekenisparameters (Diepeveen, et al. 2006). Diepeveen et al. (2006: 15) het ook bevind dat wanneer *moet* en *niet* wel in Nederlands saam gebruik word, vul dit 'n advies/aanbeveling-funksie net soos wat *moet* nie in Afrikaans doen.

Nuyts en Byloo (2015:54) se historiese ondersoek na die grammatikalisering van *moeten* het bevind dat 47% van *moeten* se gebruike dinamies van aard is teenoor 29% direkte en 14% deontiese gebruike (in my studie word hierdie twee konsepte as deonties voorgestel en 43% van *moeten* se gebruike is hivolgens deonties van aard). Die gebruik van *moeten* as deontiese modaal (insluitend die direkte) het in Hedendaagsenederlands (geskrewe en gesproke tekste) toegeneem met 4%. *Moeten* het van meet af aan weinig epistemiese /bewyslike betekenis gedra en slegs 4% gebruike van *moeten* is epistemies soos bevestig deur De Haan (2009), wat aantoon

dat *moeten* weinig eienskappe van hierdie modale dimensie dra en hoofsaaklik nie-epistemiese betekenisse dra. Diepeveen et al. (2006:34) beweer dat in Belgiese Nederlands *moeten* vanweë die Franse invloed nog as epistemiese modaal eerder gebruik sal word maar in Nederland sal *zullen* eerder epistemiese betekenisse uitdruk. Nuyts en Byloo (2015) het aangetoon dat *moeten* nie aan die proses van intersubjektivisasie onderworpe is nie, wat aandui dat weinig grammatikalisering ten opsigte van *moeten*, wat gesien word as 'n sterk modaal, oor die laaste eeu plaasgevind het.

In 5.4.6 word die inligting oor *moeten* verwerk om te bepaal hoe *moeten* vir *moet* beïnvloed het en waar *moet* afwyk en verder weg van *moeten* ontwikkel het.

5.2.2 MUST

SAfE (Suid-Afrikaanse Engels) is op geografiese wyse direk in kontak met Afrikaans, en hierdie unieke dinamika het daartoe gelei dat Afrikaans en SAfE linguisties mekaar beïnvloed. Wasserman (2014) bestudeer die diachroniese en sinchroniese voorkoms van die noodsaaklikheid/verpligting parameter in modale hulpwerkwoorde en spits haar aandag veral toe op die grammatikalisering van *must* in SAfE. Wasserman (2014) is 'n belangrike bron vir 'n studie oor *moet/moes* in Afrikaans aangesien sy die invloed van Afrikaans op die grammatika van SAfE bespreek het deur die semantiese verwantskap ten opsigte van modale hulpwerkwoorde (veral *moet/must*) te ondersoek. Haar hipotese is dat vanweë sekere sosiale faktore Afrikaans dermate op SAfE geïmpakteer het, dat SAfE se noodsaaklikheid/verpligting-dimensie veel anders daar uitsien as ekwivalente dimensies in ander Engelse variëteite. Nie net is die frekwensie van sinchroniese¹⁴ *must* in SAfE veel hoër as in ander moedertaalvariëteite nie, maar ook hoe *must* in konteks gebruik word verskil, aangesien SAfE 'n baie sterker deontiese as epistemiese en dinamiese gebruik het. Wasserman (2014) verduidelik dat *must* in ander tradisionele variëteite geïnterpreteer word as bedreigend en ongemanierd (vergelyk

¹⁴ *Must* se frekwensie in SAfE is meer as dubbel hoër as in AmE, BrE, AusE and NZE (Wasserman 2014).

haar bespreking van die beskaafheidsteorie in Wasserman, 2014:60-64). Vandaar die voorkeur om eerder minder afdwingende en moreel verpligtende modale te gebruik as tradisioneel hoëgraad verpligting *must* waarvan die gebruik in ander variëteite eerder as epistemiese en dinamiese modale behoue gebly het. In teenstelling met ander Engelse variëteite wat 'n aansienlike daling in die deontiese gebruik van *must* en toename in die epistemiese gebruike van *must* sedert die draai van die 19de eeu vertoon (vergelyk Millar, 2009:2003; Collins, 2009; Close & Aarts, 2008), is dit opmerklik dat SAfE 'n skerp toename in die deontiese gebruik van *must* in die tydperk 1910-1990's vertoon. Sedert die eerste periode (1820's-1860's) van haar korpus tot en met die resente data (1990's) neem die relatiewe frekwensie van deontiese gebruike van *must* met meer as 20% toe (van 53.1% – 73.6%). Alhoewel hierdie toename gestabiliseer het, vertoon *must* in SAfE gedurende die 1990's steeds 'n oorwegend deontiese betekenis. Wasserman (2014:482) konstateer wel dat die oorheersende afdwingende mate waartoe noodsaaklikheid/verpligting vereis is, verskraal het (hoë tot mediaan verpligting) en toenemend is daar ruimte gemaak vir mediaan-sterkte verpligting wat minder afdwingend en absoluut verpligtend is. Hierdie verskynsel (Wasserman 2014:482) word toegeskryf aan die opkoms van demokrasie (vergelyk Myhill 1995) in Suid-Afrika. Die motivering agter die statisties beduidende hoër voorkoms van *must* in SAfE in vergelyking met ander Engelse variëteite is volgens Wasserman (2014) vanweë die eiesoortige en spesifieke taalkontak van SAfE met Afrikaans. Die volgende sosiale en linguistiese faktore het 'n rol gespeel in die invloed van Afrikaans op SAfE:

- Kollektiewe en individuele verhoudings
- Tweetaligheid
- Afrikaans/Nederlands se invloed op die ontwikkeling van SAfE as 'n eiesoortige unieke variëteit gedurende die 19de eeu.
- Die instandhouding van onafhanklike individualiteit.
- 'n Rasgebonde affiniteit teenoor wit Afrikaners tydens Apartheid, veral ten opsigte van die militêre situasie en verpligte deelname aan die nasionale weermag gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu.

- Die gedurige toestroming van bepaalde groepe Britse setlaars tydens verskillende hoogbloeiende fases.
- Hoë frekwensie Afrikaanssprekende onderwysers wat moedertaal Engels in wit Engelse gemeenskappe onderrig het tydens die 20ste eeu.

Bogenoemde faktore het aanleiding gegee tot die semantiese ooreenkoms tussen *moes/must*. SAE volg dus semanties 'n patroon soortgelyk aan Afrikaans veral in interaktiewe kontekste (Wasserman, 2014:485). Afrikaans het dermate op Engels geïmpakteer dat SAE verskille vertoon van ander moedertaal-variëteite waar betekenisverwante modale *need to*, *have to*, *ought to* en *should* voorkeur geniet wanneer die verpligting/noodsaaklikheid-dimensies in taalhandelings geaktiveer word.¹⁵

In Engels word deontiese modaliteit dikwels uitgedruk deur *should*:

- [5.16] If you do not already have a will, you *should* make one immediately – dying without one always leaves complications... (1990s; Niefiksie [W2D-004])

As jy nie al reeds 'n testament het nie, *moet* jy onmiddellik een laat maak – om dood te gaan sonder een los mens met uitdagings.

Maar die Afrikaanse stamverwante *sou* dra nie hierdie betekenis nie en druk meestal hipotetiese en ongerealiseerde betekenis uit, byvoorbeeld:

- [5.17] Ek *sou* dit graag lees. [De Villiers 1971: 91]

- [5.18] Dit *sou* hulle 'n fortuintjie inbring as hulle dit *sou* verkoop. [De Villiers 1971: 91]

Die kwasi-modale *ought to* en *behoort te* vertoon semantiese ooreenkomste veral ten opsigte van deontiese betekenis:

- [5.19] The law and the people *ought to* be spared the indignities now to be seen in Utah. (1990s; Nuus [W2E-003])

¹⁵ vergelyk Wasserman (2014:60-65) se bespreking van die 'politeness-theory' as verklaring hoekom genoemde modale en kwasi-modale eerder as tradisioneel afdwingende en gesigsbedreigende *must/moet* gebruik is in moedertaal-Engels.

[5.20] Hiervoor *behoort* jy eintlik meer te betaal. [Ponelis 1979: 249]

[5.21] Jy *behoort* hier te sit. [Ponelis 1979: 252]

Alhoewel *behoort* nie dikwels in Afrikaans as imperatief gebruik word nie kom dit wel voor in gevalle met die aangesprokene in die gemerkte jy/julle subjek aanspreekvorm soos in [5.20] en [5.21].

Die werkwoord *need to* vertoon ook deontiese betekenis:

[5.22] The public *needs to* bear in mind that without legitimising the SAPS, that is, improving community police relations, it will not be possible to improve the effectiveness of the police. (1990s; Nuus [W2C-002])

Die stam *need* vertoon semantiese ooreenkomste met die werkwoord *benodig* maar *benodig* het geen modale betekenis nie, en word nie uitgedruk as deontiese modaal nie.

Ook die werkwoord *have to* word as deontiese modaal en as imperatief gebruik:

[5.23] “Yes, because you are always bothering me with your foolishness. But I’ll teach you a lesson.” He grabbed her dress and towel and stood at some distance, ignoring her pleas for her clothes. “You’ll *have to* come and get them.” “But I’m naked...” (1990s; Fiksie/narratief [W2F-018])

Have to het geen verwante Afrikaanse ekwivalent nie en gevolglik is dit *moet* wat in Afrikaans uitstaan as die sentrale uitdrukking van die verpligting/noodsaaklikheid dimensie (deontiese modaliteit), byvoorbeeld in die vorm van bevele/opdragte en versoeke. Afrikaans is dus meer beperkend ten opsigte van die uitdrukking van die verpligting/noodsaaklikheid dimensies as Engels (wat ook *have to*; *need to*; *ought to* en *should* gebruik) en vandaar die uitermate hoë frekwensie van die gebruik van *moet/moes* in Afrikaans (Wasserman, 2014:336).

Natuurlik was die wyse waarop hierdie taalkontak plaasgevind het en die gevolge daarvan nie so eenvoudig as wat hier bespreek is nie; Wasserman verduidelik dat SAfE eerder die gebruik van *must* ontleen het van Afrikaans (Wasserman, 2014:495) en die betekenisverandering van SAfE *must* is steeds onderweg. Haar studie het egter baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van die begrip oor die verskil tussen Afrikaans *moet* en moedertaal-Engels, maar dit het ook lig gewerp op die impak wat Afrikaans op SAfE gehad het sowel as die impak van SAfE op Afrikaans.

Aangesien Afrikaans meer taalkontak met Engels as Nederlands het, veral in 'n deurslaggewende tydperk waartydens Afrikaans van kombuistaal tot selfstandige taal ontwikkel het, is daar ook spore van Engels in Afrikaans. Ten opsigte van die invloed wat *must* op *moet* gehad het, wil dit voorkom asof die epistemiese karakter van *must* veral deur die loop van die 20ste eeu tog Afrikaans moes beïnvloed het, aangesien Afrikaans 'n sterker epistemiese karakter vertoon as Nederlands, die brontaal van Afrikaanse modale hulpwerkwoorde. Teen die draai van die 21ste eeu is epistemiese *moet* steeds prominent teenwoordig en 'n sterk uitdrukking van epistemiese afleiding en gevolgtrekking. Die laer frekwensie epistemiese *moet* in Afrikaans val saam met SAfE lae frekwensie wat weer drasties verskil van ander moedertaalvariëteite waar epistemiese *must* oor die loop van die 20ste toegeneem het en volgens Collins (2009:346) is 32.8% gebruike van Amerikaanse-Engels; Britse-Engels en Australiese-Engels epistemies van aard. Dinamiese *must* beslaan slegs 6% betekenis in hierdie variëteite wat grotendeels verskil van Hedendaagsenederlands waar 47% gebruike van *moeten* dinamies is. Ironies genoeg is dinamiese *must* in SAfE teen periode 4, 13% wat 7% hoër is as dinamiese *must* in ander variëteite en hierdie prentjie is soortgelyk aan Afrikaans *moet* waar 16.49% dinamies, 13.4% epistemies en 70.10% deonties is (sien 5.4.3 waarin hierdie statistiese resultate bespreek word). Wasserman (2014) skryf die afname van SAfE *must* toe aan die moontlikheid dat epistemiese *must* so drasties afgeneem het teenoor deontiese *must* wat gestabiliseer en dinamiese *must* wat toegeneem het. Die oordrewe swaai na die deontiese sy in teenstelling met Nederlands en Engels word grotendeels verklaar deur die konteks van die Afrikaner gedurende die 20ste eeu soos hieronder bespreek (sien 5.4.5), maar ook die toename


in die gebruik van *moenie* sowel as die gebrek aan ander wyses waarop die verpligting/noodsaaklikheid-betekenis in Afrikaans uitgedruk word.

Vervolgens 'n bespreking van die semantiese aard van *moet* in Afrikaans om vas te stel tot watter mate *moet* semanties ooreenstem of verskil van *moeten* en *must* en om 'n basis te skep waarteen die diachroniese en sinchroniese gebruike van *moet* vergelyk sal word

5.3. BETEKENISNUANSES VAN *MOET*

Etimologies deel Afrikaanse *moet* en Engelse *must* 'n aantal breë semantiese, fonologiese en vormlike ooreenkomste (vergelyk bespreking hierbo maar ook Abraham, 2001; Conradie, 1976, Wasserman, 2014). In soverre *moet* ooreenstem of verskil van *moeten* en *must*, sal daar nou 'n volledige ondersoek ingestel word na bestaande kennis oor *moet* in Afrikaans

Hierdie studie se teoretiese grondslag lê binne die Konstruksiegrammatika, en as uitgangspunt word betekenis in terme van konseptuele raamwerke in die vorm van 'n semantiese kaart voorgestel. As vertrekpunt tot die bespreking van die semantiese aard van *moet* word die semantiese kaart van *moet* uiteengesit, en daarna sal die onderskeie betekenisaaarde, soos versamel uit bronne, daarop gekarteer word. Volgens die semantiese kaart lê modale betekenis tussen die betekenisparameters van moontlikheid aan die een betekenispool en noodsaaklikheid aan die ander. Daar is drie hooftipes modaliteit: epistemiese, deontiese en dinamiese modaliteit, wat elk verskillende posisies op hierdie betekenis skaal beset. Betekenisdimensies word in hierdie studie as makrosemantiese betekenis bestempel (horisontale dimensie). Die semantiese krag waarmee betekenis uitgedruk word, verteenwoordig die mikrosemantiese pole, en hoe hoër die krag is, hoe nader skuif die betekenis aan die noodsaaklike dimensie teenoor 'n neutrale of laer krag wat dus eerder moontlikheid as noodsaaklikheid aktiveer (horisontale dimensie). *Moet* dra kenmerke van al drie hooftipes modaliteit soos gesien in **figuur 5.2**.




Figuur 5.2 *Moet* se modale tipes

Vervolgens 'n bespreking van die gebruike van *moet* as onderskeidelik deonties, dinamies of epistemiese modaal.

5.3.1 **MOET AS DEONTIESE MODAAL**

Volgens die semantiese kaart in hoofstuk 3 bestaan die deontiese betekenisdimensies uit 3 breë betekenis: **Verpligting – Aanbeveling – Toestemming** wat lê tussen die betekenisparameters van **Noodsaaklikheid – Moontlikheid**. *Moet* as deontiese modaal lê binne die noodsaaklikheid/verpligtingbetekenisdimensie soos gesien in die semantiese kaart in figuur 5.3. Binne hierdie dimensie onderskei *moet* fyner betekenisnuanses wat deur 'n verskeidenheid faktore, soos verkry deur middel van die analyses van sekere mikro en makrosemantiese betekenisparameters (Hoofstuk 4), bepaal word.



Figuur 5.3 Die semantiese kaart van deontiese *moet*

Collins (2009:37) tref 'n onderskeid tussen subjektiewe en objektiewe deontiese modaliteit. Subjektiewe deontiese modaliteit het 'n tweedepersoonssubjek as aangesprokene en agent wat die opdrag moet uitvoer (sien [5.24] – [5.27]). Collins (2009) onderskei hierdie as hoëgraadverpligting. Objektiewe deontiese modaliteit is minder persoonlik, en verwys na óf 'n spreker wat iemand in die derde persoon aanspreek, óf na gevalle waar daar geen subjek is nie, óf na wanneer die onpersoonlike passiefkonstruksie gebruik word. Objektiewe deontiese modaliteit se betekenis wissel tradisioneel van 'n mediaan- tot laegraad wat eerder 'n neutrale verpligting impliseer. Die proposisie se semantiese krag is op die voorgrond, nie die graad van die modaliteit nie.

Deontiese *moet* is semanties sterk, maar is onderhewig aan pragmatiese verswakking (Collins, 2009:37). Selfs subjektiewe deontiese modaliteit kan deur pragmatiese omstandighede verswakking veroorsaak. Collins (2009:37) verwys na Sweetser se nosie dat graadsterkte deur 'weerstand teen' bepaal word, met ander woorde wat is die aard van gevolge wat plaasvind as die verpligting nie nagekom word nie.

Sweetser (1990:54) calls its 'resistibility', degrees thereof being determined by the severity of the consequences for non-fulfilment of the obligation – is closely associated with subjectivity/objectivity. (Collins 2009:37)

Ondersoeke na die mikrosemantiese parameters van verpligting (soos deur Wasserman (2014:215) en Collins (2009:37) daargestel) het aanleiding gegee tot die identifisering van *moet* se betekenisskakerings, wat bepaal is deur die kategorisering van *moet* as hoëgraad verpligting of *moet* as mediaan tot laegraad (neutrale) verpligting:

5.3.1.1 **MOET AS IMPERATIEF**

Moet as imperatief, waar 'n deontiese bron die subjek direk aanspreek, word tradisioneel as 'n hoërgraadverpligting getipeer (Wasserman, 2014:215). Volgens Ponelis (1979:251) is *moet* die sentrale en ongemarkeerde/neutrale werkwoord om opdragte/bevele en versoeke mee uit te druk.

[5.24] Julle *moet* goed oplet. [De Villiers 1971:86]

[5.25] Dan *moet* julle uit die hinderlaag opstaan en die stad inneem [De Villiers 1971:86]

[5.26] Jy *moet* jou sokkies optrek! [Conradie 2018]

KONSTRUKSIE 5.1: Imperatief [jy/julle + moet + PRED]

[jy/ julle moet (NS/ ADS/ADJS/ VS/) MATERIËLE WW]↔ [Deontiese bron gee aan subjek 'n opdrag om 'n materiële handeling uit te voer]

(NS/ADS/ADJS/VS → opsionele bywoordelike bepalings)

In hierdie konstruksie word (hoofsaaklik) 'n tweedepersoonsubjek aangespreek en 'n spesifieke opdrag om 'n handeling uit te voer, gekoppel aan 'n materiële werkwoord, word aan die persoon gerig.

Dit is veral die negatiewe vorm – *moet en nie* wat saam die algemene kontrakievorm *moenie* bevat, wat opdragte en bevele uitdruk¹⁶:

[5.27] *Moenie* hardloop nie. [Ponelis 1979:251]

[5.28] Jy *moenie* wag nie. [1971:86]

Let op die verskil tussen gewone imperatiewe sonder 'n modale hulpwerkwoord:

[5.29] Vat die goed hier weg [Ponelis1979:251]

teenoor

[5.30] Jy moet die goed hier wegvat! / Julle moet die goed hier wegvat!

* Hulle moet die goed hier wegvat!

[5.31] Hardloop [Ponelis1979:251]

en

[5.32] Jy moet hardloop! Julle moet hardloop

*Ben moet hardloop!

Let wel dat hierdie konstruksie gebruiklik **die tweedepersoonvoornaamwoord** in die meervoud of enkelvoud as subjek het. Eiename of enige ander voornaamwoord kategoriseer die proposisie steeds as bevelsin (Ponelis, 1979:386) maar die uitdrukking is pragmaties swakker en eerder 'n mediaan- of laegraadverpligting. Bevelsinne (opdragsin, imperatief) kan ook onderwerploos wees wat die opdrag/versoek nog meer versag. Ponelis (1979:383) konstateer dat bevelsinne se hoofbetekenis is om as versoeke op te tree; dit is die krag van die versoek wat versterk

¹⁶ Bespreking van *moenie* en sy konstruksie volg onder 5.5

word deur die gebruik van die tweede persoon of verswak word indien enige ander subjek gebruik word.

In die positiewe vorm van die kanonieke bevelsinne kan skakelwoorde en hoofwerkwoorde, maar geen modale hulpwerkwoorde nie, in die eerste posisie staan, byvoorbeeld:

[5.33] Kry jou boeke

[5.34] Gaan/loop kry jou boeke [Ponelis 1979:389]

Die negatiewe vorm word uitgedruk deur *moenie* (kyk bespreking onder 5.5)

Conradie (1987:177-178) beklemtoon dat *moet* en *moeten* **opdragte** en **versoeke** uitdruk. Hy vergelyk dit met *sal/zullen* soos volg:

In the use of *zullen*, the source of the modality is the will of S(peaker) projected onto the general order of things whence it derives absolute necessity. On the other hand, in the case of the more predominant *moeten*, the source of modality and the will of S(peaker) may be obliged to motivate his request.(Conradie, 1987: 177-178)

Conradie gebruik dan die tweede sin in die volgende voorbeeld om hierdie versoek uit te druk.

[5.35] Jy *moet* my terugneem. Ek *moet* in die Kaap kom.

Hoëgraadverpligting sluit opdragte, bevele en versoeke in, soos deur 'n eksterne deelnemer daargestel.

Die mikrosemantiese parameter van subjektiwiteit (Collins, 2009) lê hier op die voorgrond aangesien sterker hoëgraadverpligting se subjek in die tweede persoon uitgedruk word, die aangesprokene sowel as die spreker (as bron van verpligting) is sielhebbend, die werkwoord is meestal aktief, die sin is in die aktiewe konstruksie, die spreker vertoon 'n hoëgraadsekerheid en daar is 'n ondertoon van die verlies van aansien of gesigsbedreigend (losing face) as die verpligting nie uitgevoer word nie.

5.3.1.2 *MOET* AS VERPLIGTING MET EKSTERNE BRON

Moet druk sterk (opdrag/bevele) maar ook 'swakker' deontiese betekenis uit wat **verpligte/noodsaaklike** gedrag soos afgedwing deur 'n bepaalde regulasie, soos in [5.36]. of juridiese beginsel, die wil van 'n persoon, morele of religieuse beginsels [5.37] of omstandighede insluit (WAT aanlyn 2018). Die hoofwerkwoord wat in hierdie gebruike kollokeer met *moet* is óf materieel óf eksistensieel (statief) van aard, aangesien dit mense se overte gedrag of bestaan (eksistensieel) wil reguleer. Daar is 'n subjek as eksterne deelnemer en uitvoerende bron wat 'n morele of etiese bron insluit:

KONSTRUKSIE 5.2: Deontiese *moet* met eksterne bron

[Uitvoerende bron: [SUBJEK +moet + (NS/ADS/ADJS/VS) +STATIEWE/MATERIËLE WW]] ↔ [Morele of uitvoerende etiese bron verplig sekere overte gedrag van subjek]

[5.36] Die onderneming se toestand intern asook die ondernemingsdoelwitte en -beleide *moet* ook aan die persoon bekend wees. Daar *moet* eers behoorlike samesprekings met bestuur plaasvind alvorens getender word, maar dit moet uitgelig word as 'n leemte by die bestaande onderneming [HS 54: 1980 Geesteswetenskappe (Kontrakkosteberekening in die boubedryf, J.M. Logenberg)].

Konstruksie 5.2 lyk soos volg wanneer dit op voorbeeldsin [5.36] toegepas word.

Konstruksie 5.2: Uitvoerende bron: [[daar] SUBJ [moet] MODAAL (eers) [behoorlike samesprekings] OORG OBJ [met bestuur] VOORSETSELSTUK [plaasvind] MATERIËLE WW [PASSIEF]] ↔ [Die onderneming bepaal dat samesprekings moet plaasvind]

Voorbeeld [5.37] is 'n tipiese voorbeeld van 'n religieuse deontiese bron.

- [5.37] “Soos die kerk aan Christus onderdanig is, *moet* julle, getroude vroue, in alles aan julle mans onderdanig wees. Getroude mans, julle *moet* jul vroue liefhê’ [HK 213: 2010 Religieus (uit Juig)]
{hoofwerkwoord → statief}

Die deontiese krag en gevolglik die krag waarteen die verpligte gedrag op die subjek afgedwing word, word versag deur die talle faktore byvoorbeeld die gebruik van opdragte in die passiewe konstruksie soos gesien in [5.38]. Hierdie uitdrukking kom ook voor in 'n betreklike konstruksie en nie in die hoofsin nie, wat die opdrag ook minder gesigsbedreigend en deonties swakker maak.


- [5.38] Vir die Pous van Rome, een wat die hele kalender aanwijs, en die kleure van die verskillende skouerbande wat op elke heilige dag *moet* gedra word. [HK 68: 1920 Fiksie (uit Die Huisgenoot)]

In [5.37] en [5.38] is die subjek/agent as eksterne deelnemer op die voorgrond. 'n Eksterne bron verplig sekere gedrag/omstandighede maar nie in die vorm van 'n bevel nie. Hierdie voorbeelde van objektiewe deontiese modaliteit is tradisioneel as uitdrukkings van mediaangraad sterkte geklassifiseer. Die mikrosemantiese parameters wat hier geaktiveer word, is objektiwiteit; die subjek in [5.38] is in die derde persoon of onpersoonlik en is moontlik sielloos, die bron van verpligting is ekstern en in die vorm van 'n wet of religieuse regulasie in [5.37] en in [5.38] is die passiewe konstruksie gebruik. Selfs in [5.39] is die afdwingende bron in die vorm van 'n morele verpligting en verwagting en nie 'n direkte bevel nie en dus mediaansekerheid

- [5.39] Jy *moet* na jou ouers luister.

Sien later die bespreking onder 5.4.4.1 oor objektiewe deontiese modaliteit wat toenemend meer afwyk van die tradisie wat bestem dat slegs subjektiewe deontiese modaliteit hoë verpligting dra. Ook in Afrikaans is dit opmerklik dat nie slegs imperatiewe nie maar ook die uitdrukking van verpligte of noodsaaklike gedrag en aksies, soos voorgeskryf deur 'n eksterne bron of regulasie, mettertyd hoëgraad sterkte vertoon.


Die konstruksienetwerk van deontiese (figuur 5.4) *moet* vertoon twee betekenisdimensies. Eerstens is daar die imperatief-dimensie waar 'n spreker direk aangespreek word en beveel word om 'n aksie uit te voer; dit word as taalhandeling gesien. Tweedens word deontiese *moet* ook gebruik om verpligte gedrag, soos bepaal deur 'n sekere uitvoerende bron, aan te dui. In deontiese *moet* se konstruksienetwerk val albei hierdie hoofdimensies op die mesovlak en die imperatiefkonstruksie wat 'n vaste vorm/betekenisfunksie het, is ook op die mikrovlak. Die meer skematiese konstruksies van verpligte deontiese *moet* vertoon heelwat variasies en daar is nie 'n bepaalde konstruksie wat 'n vaste vorm-betekenis het nie. Gevolglik is daar nie 'n mikrovlakkonstruksie wat onder hierdie mesovlakbetekenis verskyn nie.



Figuur 5.4 Die konstruksienetwerk van deontiese *moet*

5.3.2 MOET AS DINAMIESE MODAAL

Volgens die semantiese kaart in hoofstuk 3 bestaan dinamiese modaliteit uit die betekenisdimensies. **Behoeft/Nodigheid – Begeerte/Wense – Vermoë** ook versprei oor die breë betekenisparameters van **Noodsaaklikheid** en **Moontlikheid** soos gesien in figuur 5.5 se semantiese kaart.



Figuur 5.5 Die semantiese kaart van dinamiese moet

Volgens Collins (2009:40) druk dinamiese *must/moet* 'n **interne nood/noodsaaklikheid/ behoefte** uit van die subjek-referent. Dit verskil van noodsaaklike gedrag wat afgedwing word deur omstandighede, wat dikwels gewoontes of toekomstige verwagtings behels. In hierdie twee voorbeelde van Collins (2009) word die verskil tussen hoë noodsaaklikheid teenoor neutrale noodsaaklikheid uitgebeeld:

[5.40] Together we *must* negotiate some of the stormiest oceans in the world
deadly icebergs and several hundred kilometres of pack ice (ICE-AUS
S2B-035 58)

[5.41] It's from this land that we *must* produce all the food all the minerals all
the energy and all the potable water for a rapidly increasing population
(ICE-AUS S2B-021 46)

Die subjek-referent se interne noodsaaklikheid word uitgedruk as 'n mediaan-/hoëgraad sterkte dinamiese modaliteit.

De Villiers (1971:86-87) fokus veral op die **dwang** en **noodsaaklikheid**betekenisse van *moet*. *Moet* as dinamiese modaal beslaan hoofsaaklik die **noodsaaklikheid** betekenisdimensie alhoewel sekere betekenisse ook **wense** uitdruk. Dinamiese betekenisse se subjek/agent het 'n **interne deelnemer** as afdwingende bron wat

verskil van deontiese betekenis se eksterne deelnemer/bronne. 'n Interne noodsaaklikheid word hier geaktiveer en dit verskil van 'n eksterne verpligting.

[5.42] *Ek moet* begin uitpak en oorboord gooi, maan ek myself. [HK 103: 2008 Fiksie (Onthoupad na die see, Sjané van Aswegen)] (mediumgraad)

[5.43] Nou het ek die hele tyd net Justine gesels maar ek weet mos jy stel belang. *Ek moet* nou maar afsluit. Sal volgende week probeer vergoed. Baie liefde Mamma. [HK 113: 1978 Persoonlike brief (03-06)] (laegraad)

Dinamiese *moet* onderskei twee hooftipes betekenis naamluk dinamies intern/situasioneel (met 'n nuanse-onderskeid) en dinamiese begeerte wat volgens hoë, mediaan en neutrale krag/sterkte uitgedruk word.

5.3.2.1 DINAMIES INTERNE DEELNEMERBRON HOËGRAAD NOODSAAKLIKHEID VS. DINAMIES SITUASIONEEL MEDIAANGRAAD NOODSAAKLIKHEID.

Die WAT (WAT aanlyn) verklaar dinamiese *moet* as: “Om gedwing te wees om iets te doen sonder om jouself te kan bedwing; sonder om werklik verplig te wees deur omstandighede”. Die mikrosemantiese betekenisparameter van interne deelnemerskap staan hier voorop. Die agent is die interne deelnemersubjek wat as eerste persoon (hoë tot mediaangraad sekerheid) of derde persoon (mediaangraad sekerheid) kan optree.

[5.44] Onderwyl *ek* so skryf, kom daar voor die gees menige beleving uit die ondervinding van onse vriendegroep. *Ek moet* op reis gaan. [HK 104: 1972 Biografies (My beskeie deel, M.E.R.)]

Die interne deelnemer as eerstepersoonvoornaamwoord aktiveer die hoë noodsaaklikheid betekenisdimensie soos in [5.44]. Derde persoon en soortnaamsubjekte kan ook die interne deelnemer se selfopgelegde verpligte

gedrag voorskryf. Dit is veral in narratiewe tekste soos in [5.45] en wanneer 'n narratiewe styl gebruik word om te berig oor 'n mens se lewe soos in [5.46] dat daar in die derde persoon of as soortnaam (die moeder) na iemand verwys word.

[5.45] Die hardnekkigheid en afkerigheid van sy volk was vir hom diep smartlik. Sy hart het oor hulle geweene. Hy kan nie swyg nie, hy *moet* getuig. [HK 190: 1949 Religieus (Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus, F. Postma)]

[5.46] Daar is so baie dinge waaroor 'n moeder *moet* dink wat eenvoudig die ander ontglip en dan loop sakies tuis in die war. [HK 273: 1947 Fiksie (Voor die hek, S. Steyn)]

Die twee verskille tussen hierdie konstruksie en die prototipiese dinamiese konstruksie is (a) die verskillende tipes subjekte of interne deelnemers sowel as (b) die graadverskil in die uitdrukkings van die interne selfopgelegde verpligte handeling; gevolglik word hulle as twee verskillende konstruksies hanteer; waarvan 5.3a die prototipiese gebruik is.

KONSTRUKSIE 5.3 Dinamiese *moet*

5.3.a [ek + moet + (NS/ADS/ADJS/VS) + MATERIËLE/MENTALE WW] ↔ [Ek verplig myself om 'n sekere mentale of materiële handeling uit te voer]

5.3b [hy/sy/soortnaam +moet + (OBJEK – NS/ADS/ADJS/VS) + MATERIËLE/MENTALE WW] ↔ [’n Persoon verplig sigself om ’n mentale of materiële handeling uit te voer]

Uitdrukkings soos *as jy moet weet* of *ek moet sê* [5.49] beklemtoon eerder sekere kennis of houdings van die spreker of aangesprokene as wat dit noodsaaklike gedrag op optrede vereis en is gevolglik mediaan tot lae sterkte noodsaaklikheid. In Afrikaans het die gebruik van *moet* in sekere gevalle as vaste uitdrukkings ontwikkel. Wanneer die spreker beaam of bevestig wat hy wil sê, gebruik hy die vaste uitdrukking: *Ek moet sê* of *ek moet erken*. Dit word toegepas in die eerste persoon want die gebruik hiervan is individueel en persoonlik van aard. Die individu wil in sekere omstandighede sy eie

opinie op die voorgrond plaas. Hierdie konstruksie het 'n paar wisselvorme wat hieronder in [5.47] – [5.49] aangedui word:

[*Ek moet sê...*]

- [5.47] Nou, ek *moet sê*, vir iemand van u jare het u 'n onverwagte... en diepsinnige belangstelling in die menswees met al sy vertakkinge (WAT: 1962. Silbersteins. Le Roux, E.).
- [5.48] *Ek moet sê* dat die plek my niks geval nie. Ek wens ons kon ons kamp doer onder die paar bome opslaan. [HK 105: 1942 Fiksie (Ampie, die kind, J. van Bruggen)]
- [5.49] „A, my soetlief, die paar dae was vir my baie lank en vervelig. Ek was gisteraand amper hier, *maar ek moet sommer reguit sê* dat ek bang is vir praatjies. (HK 102: 1946 Fiksie (Stad sonder siel, D. Mostert)]

[*Ek moet u meedeel...*]

- [5.50] Met verwysing na u skrywe A541/6 van 4 Desember jongslede en in opvolging van my brief van 27 Mei, *moet ek u meedeel* dat sorgvuldig op u vertoë ingegaan is en dat daar besluit is om die gradering van een van die graad III betrekkings in die onderafdeling Tariewe en Rekenings in die Algemene- Tariewe en Eiseafdeling te Bloemfontein te verhoog na graad II. (HK 263: 1941 Verslaggewing (uit Die Skakel)).

KONSTRUKSIE 5.4: Vaste uitdrukking:

[ek + moet + verbale uitdrukking+ (dat)] ↔ [Spreker bevestig sy/haar oortuiging ten opsigte van inligting in KNP]

Konstruksie 5.4 geld vir [5.47]; [5.48] en [5.49] Die woord *meedeel* in [5.50] is 'n sinoniem van *sê*. Hierdie konstruksie kom meestal voor met die onderskikkende

komplementklaus maar kan ook sonder die komplement gebruik word in dié tipe konstruksies wat Ponelis die skoon bysin noem. *Erken* in [5.51] val volgens Halliday (2004:245-257), net soos *sê* en *meedeel* onder die kategorie mentaal-verbale werkwoorde maar in hierdie voorbeeld is die konstruksie wat volg 'n skoon bysin:

[5.51] Dan kyk hy Esther meteens skaamteloos, uitdagend aan. „*Ek moet erken*,“ sê hy grynsend, „ek sal julle twee baie graag sáám bed toe wil neem.“ „Skaam jou,“ lag Esther ongemaklik, 'n bietjie geskok deur die onverbloemde wellustigheid — en ook nie juis gevelei deur die onpersoonlike aard daarvan nie.

[HK 109: 1973 Fiksie (Wie Knabbel die maan, P. de Bruyn)]

Die toepassing van konstruksie 5.4 op [5.51] lyk soos volg:

Konstruksie 5.4: [ek moet erken]_{KNP} [ek sal julle twee baie graag saam bed toe wil neem] ↔ [spreker maak 'n bekentenis oor wat hy saam met aangesprokenes wil doen]

Hierdie tipe uitdrukking kom in spreektaal voor maar ook in geskrewe tekste waarin dialoog ter sprake is, met of sonder die dat – komplement daarnaas.

Kruger en Van Rooy (2016) bespreek hierdie konstruksies waar die hoofklaus genoem die Komplementnemende predikaat (KNP) met 'n objekklaus kombineer. Hiervolgens word die KNP gesien as ondergeskik aan die objekklaus en dit bied bloot 'n perspektief op die objekklaus. Al vier bogenoemde sinne is voorbeelde van KNP konstruksies wat verbind met 'n objekklaus wat die hoofinligting oordra en die KNP dra 'n ondersteunende rol en dien veral as beklemtoning van dit wat geuite word. Hierdie KNP-konstruksies verskil van 'n konstruksie waar die eerstepersoonssubjek en *moet* onmiddellik kombineer met 'n objek en werkwoord. In hierdie geval word hoë begeerte wat nader aan 'n noodsaaklikheid is, uitgedruk.

Dinamiese modaliteit word pragmaties verswak wanneer die agent in die derde persoon voorkom en waar noodsaaklikheid afgedwing word deur eksterne omstandighede:

- [5.52] Daar is so baie dinge waaroor 'n moeder *moet* dink wat eenvoudig die ander ontglip en dan loop sakies tuis in die war. [HK 273: 1947 Fiksie (Voor die hek, S. Steyn)]

Dinamiese modaliteit betrek die interne deelnemer op drie vlakke: (1) Die inherent interne deelnemer/subjek (Dinamies-Intern); (2) Sekere gedrag word afgedwing en 'n 'gedwonge deelnemer' word deur omstandighede gedwing om dit uit te voer (Dinamies- Afleiding); (3) Situasionele gegewens (Dinamies-Situasioneel) **noodsaak** die subjek om gedrag uit te voer. Die fokus is nie op 'n deelnemer as sodanig nie maar op die potensiaal of onvermydelikheid van die situasie (Nuyts & Byloo, 2015:45).

5.3.2.2 DINAMIES: BEGEERTES EN WENSE (MEDIAANGRAAD NOODSAAKLIKHEID)

Dinamiese begeertes en wense kan 'n **wens** of **versoek** uitspreek in die bysin na die bronsin of KNP:

KONSTRUKSIE 5.5: (Vaste uitdrukking):

[KNP: ek wil hê (dat) + jy moet + PRED (dat)] ↔ [Spreker manipuleer aangesprokene in versagtende opdrag om aksie uit te voer]

- [5.53] *Ek wil hê jy moet die kat kosgee*

- [5.54] *Ek wil hê dat jy die werkie moet doen.*

In [5.53] bevat die bronsin – *Ek wil* – wat die laergraadverpligtingbetekenis van *moet* wat daarop volg ontsluit. Hierdie voorbeeld dui op mediaannoodsaaklikheid want 'n ander modaal se betekenis staan sentraal. Die spreker se opdrag is nie gesigsbedreigend nie, en dit word ook nie afgedwing nie. Die spreker se begeerte word uitgedruk (kernbetekenis van *wil*) maar dit is manipulerend en daarop gemik om

op die aangesprokene se emosies in te werk om die verwagte handeling uit te voer en dus word 'n ligte verpligting op die ander persoon gelê

In 'n vraagsin [5.55] waar die eerste persoon (ek) die subjek is dan word die dwang van andere uitgedruk, (deontiese gebruik), byvoorbeeld:

[5.55] *Moet* EK dit doen

As die subjek in die tweede persoon is, word die begeerte of dwang van die spreker meestal uitgedruk in die vorm van 'n verbod of bevel (deontiese gebruik):

[5.56] Julle *moet* goed oplet

[5.57] Jy *moet* asseblief niks daarvan sê nie

Wanneer die subjek in die derde persoon is (hy/sy/hulle) dan druk dit die begeerte van die spreker of 'n ander uit (dinamiese gebruik).


[5.58] Sy *moet* tog nie vanmiddag ingee nie.

Moet se begeertebetekenis is veral sigbaar wanneer dit in bysinne soos die komplementkonstruksie gebruik word:

[5.59] Paul het daarop aangedring dat ons die boere *moet* gaan roep. [De Villiers 1971:87]

[5.60] Sy kon eis dat hy *moet* skei. [De Villiers 1971: 87]

Moet se dinamiese gebruik word in figuur 5.6 in 'n konstruksienetwerk geplaas:



Figuur 5.6 Die konstruksienetwerk van dinamiese *moet*

5.3.3 MOET AS EPISTEMIESE MODAAL

By epistemiese modaliteit gaan dit volgens Collins (2009:39) om die spreker se selfvertroue ten opsigte van die geldigheid of waarheid van die uiting. Subjektiewe epistemiese modaliteit druk sterk selfvertroue of geldigheid van die spreker uit en verwys na logiese gevolgtrekkings en afleidings. Dit word pragmaties verswak deur waarna Coates (1983) verwys as verskansers in die vorm van adjektiewe of bywoorde, byvoorbeeld: Ek is *seker*; *sekerlik* of Ek *reken* so; Ek *dink* so; en *dus maar*.

[5.61] Geleerdes sal my *dus maar moet* vergewe as ek sielkundige elemente blykbaar verwar. [HK 255: 1920 Geesteswetenskappe (Wat is opvoeding, K. P. Middelburg)]

In [5.61] word die spreker se onsekerheid uitgedruk deur die verskansers *dus* en *maar*. Hierdie sin sou as dinamiese *moet* gesien kon word vanweë die interne deelnemer teenwoordigheid *maar* die verskansers verswak die sprekersekerheid en die onsekerheid staan op die voorgrond wat die sin as epistemies klassifiseer.

Bogenoemde voorbeeld val binne die **moontlikheidbetekenisdimensie** want die spreker se sekerheid is verswak deur bywoorde en verskansers. Bywoorde soos *dalk* (sien voorbeeld [5.62]), *miskien* en *moontlik* sowel as bogenoemde verskansers, dra daartoe by dat 'n konstruksie as epistemiese moontlikheidbetekenis geklassifiseer sal word.


[5.62] Alle apparaat, matte, gordyne en meubels wat ons poog om te installeer, sal maklik verwyderbaar wees, *indien* ons later *dalk* na 'n ander plek *moet* verskuif. [HK 365: 2002 Formele brief (01-14)]

Algemene skemas op die mesovlak maak voorsiening vir soortgelyke bywoorde om die spesifieke spasie daarvoor gelaat in die konstruksie, te vul. Op die mikrovlak van die konstruksienetwerk word aangedui hoe hierdie konstruksie 'n modale bywoord benodig vir 'n vaste vorm-funksie konstruksie.

Konstruksie 5.6: Epistemiese Moontlikheid *moet*:

[SUBJEK + moet (miskien/dalk/moontlik) OBJEK WW] ↔ [n Afleiding word gemaak oor moontlike verpligte gedrag/situasie.]

Epistemiese modaliteit fokus op die proposisie self en die spreker se houding/verbintenis daartoe. Dit is diskoers- en nie subjek-georiënteerd nie. Dit gaan om die waarheidsaanspraak van die stelling self en geen verpligte/noodsaaklike gedrag is hier ter sprake nie. *Moet* as epistemiese modaal word uitgedruk as mediaan en hoëgraad sprekersekerheid en dit val binne die **moontlikheid, voorwaardelike, hipotetiese, waarskynlikheid** en **bewyslikheid betekekenisdimensies** in figuur 5.7 se semantiese kaart.



Figuur 5.7 Die semantiese kaart van epistemiese *moet*

5.3.3.1 VOORWAARDELIKHEID

Moet word in verskillende tipes voorwaardelike konstruksies gebruik, waarvan voorbeeldsin [5.63] 'n voorbeeld is van *moet* in die protasis met 'n kopula of ander hoofwerkwoord in die apodosis.

- [5.63] As... (hulle) nou *moet* storm, *is* dit klaarpraat [WAT: Mei 1963Taalgenoot. Beyers-Boshoff, C.F]

Wanneer *moet* in die protasis voorkom, volg die toekomsgerigte voegwoord *dan* wat gebruik word om 'n gevolgtrekking aan te dui, dikwels as inleiding tot die apodosis, byvoorbeeld:

- [5.64] "Nou, as dit so *moet* kom, *dan wens* ek dat ek reeds op die troon van ewige rus sit," sê Iedries met 'n houding van kom soos dit wil. [HK 396: 1917 Fiksie (Jakob Platjie, G.R. von Wielligh)]

Voorbeelde soos [5.64] verteenwoordig 'n vaste vorm-betekenis-konstruksie wat op die mikrovlak van die konstruksienetwerk voorkom.

Konstruksie 5.7a: Voorwaardelik *moet* 1:

**[[as + SUBJEK + moet + MATERIËLE WW] PROTASIS] [[(DAN) + KLAUS]] ↔
[In protasis kom subjek tot gevolgtrekking dat voltrekking van situasie sal
lei tot 'n toestand.]**

De Villiers (1971:161) sien [5.63] en [5.64] as 'n werklike voorwaarde en nie 'n hipotetiese of irrealisvoorwaarde nie aangesien die presens betrek word. Vreemd genoeg is dit volgens De Villiers ongehoord dat hierdie tipe konstruksie met *moet* in die protasis voorkom aangesien die gebruikelike konstruksie eerder *moet* in die apodosis het.

In sin [5.65] is daar wel die prototipiese voorbeeld soos wat De Villiers (1979) daarna verwys het:

[5.65] As jy hierdie dorpie se mense regtig *wil* leer ken, *moet* jy net siek word of 'n groot ongeval moet jou tref. Sy dink nog aan die keer toe Kobus so 'n groot operasie moes ondergaan net nadat hulle hier kom [HHK1613: 1947 Fiksie (Voor die hek, S. Steyn)]

Hierdie tipe konstruksie kollokeer veral met *wil* in die protasis.

Konstruksie 5.7b Voorwaardelik *moet* 2:

[Protasis [as + SUBJEK + OBJEK + wil + MENTALE/MATERIËLE WW] PROTASIS] [[moet + SUBJEK + KLAUS] APODOSIS] ↔ [Protasis dui begeerte aan maar apodosis se voorwaardelike gegewens bepaal die volvoering van die begeerte]

5.3.3.2 HIPOTESE OF TEENFEITELIKHEID EN AFLEIDING

Mediaangraad tot laegraad gevolgtrekkings het te make met die spreker se sekerheid wat afneem. Die spreker self as subjek is hier nie ter sprake nie en hipotetiese of moontlike gegewens is hier op die voorgrond. Afhangende van die sprekersekerheid

of die subjek betrokke sal hipotetiese *moet* as laegraad of mediaangraad gevolgtrekking/afleiding gekategoriseer word. Teenfeitelike of hipotetiese sinne val onder mediaan- tot laegraad gevolgtrekkings. Hipotetiese voorbeelde kom dikwels voor in formele, akademiese tekste soos gesien in [5.66] en [5.67].

[5.66] Totdat hy dit dan in soveel woorde duidelik stel dat Christelike vakonderwys, soos geskoei op die lees van Christelike vakwetenskaplike opleiding in die lig van die Christelike wysbegeerte, wat deur Christelike onderwysers aangebied word, die finale eis vir die Christelikheid van die skool is, *sal aanvaar moet word* dat hy hier op tipies neo-skolastiese wyse, dualistiese skeiding tussen Christelike en sekulêre terreine t.o.v. die onderwysinhoud van sy skool maak. [HK 11: 1975 Geesteswetenskappe (Grondtrekke van die fenomenologiese pedagogiek in SA, P.G. Schoeman)]

[5.67] Die antwoord *moet* waarskynlik *gesoek word* in die meer realistiese grondpryse of hoër winsgrense, deels as gevolg van 'n laer rentelas. [HK 20: 1978 Geesteswetenskappe ('n Bedryfsekonemiese ondersoek na die vleisbedryf op enkele plase in die Molopo-gebied, H.P. Klopper)]

Vanweë die aard van akademiese tekste en die afleidings wat gemaak word, is hipotetiese *moet* dikwels in die passiefkonstruksie soos gesien in [5.66] en [5.67]. Hierdie konstruksie (konstruksie 5.8) is minder seker as bewyslike konstruksies as gevolg van die spreker wat 'n voorlopige voorspelling maak eerder as wat gegewens as 'n vaste gegewe aangedui word:

Konstruksie 5.8 Hipotetiese *moet*:

[[SUBJEK + moet + (waarskynlik/moontlik/dalk/eerder) + PRED] PASSIEF + [KOMPLEMENTKLAUS] ↔ [n Voorlopige afleiding oor bepaalde situasie word gemaak]

5.3.3.3 EPISTEMIESE *MOET*: LOGIESE NOODSAAKLIKHEID, GEVOLGTREKKING EN ONVERMYDELIKHEID

De Villiers (1971:87) en die WAT (2018) verwys na **logiese noodsaaklikheid**, **onvermydelikheid** en **gevolgtrekking** as betekenisaarde van *moet*.

- [5.68] Hy *moet* al oor die sewentig wees. [De Villiers 1971:87]
- [5.69] Hulle *moet* gelyk met die leier weggespring het. [De Villiers 197:87]
- [5.70] Dit *moet* 'n Maandagoggend gewees het, want ek het siek gevoel.
(Elke Sondag het ek hoofpyn gekry.) [WAT. 1963,3. Ambassadeur.
Brink, A.P.]
- [5.71] Voor hulle ('n stam Liguriërs) *moet* daar ander gewees het, want
prehistoriese pylpunte... is ... opgegrawe [WAT: 1969,24. Midi.
Brink. A.P.]

Hierdie tipe gebruik van epistemiese *moet* verwys na 'n hoëgraadgevolgtrekking wat deur faktore soos die spreker-sekerheidsgraad (gesien in [5.68], [5.69] en [5.71]), die konteks (voorbeeld [5.70]), subjektiwiteit, die tipe bywoorde en eksterne bewyse bepaal word. Die **waarskynlikheid**-betekenisparameter word deur gevolgtrekkings en logiese noodsaaklikheidbetekenisse geaktiveer. Hoe meer eksterne bewyse die spreker ingewin het om die proposisie se werklikheidsgraad te versterk, hoe sterker is die spreker se gevolgtrekking. **Bewyslike modaliteit** druk die sterkste sprekersekerheid uit, en is 'n uitbreiding op die waarskynlikheidbetekenisdimensie aangesien daar eksterne bewyse daarmee saamval. Konstruksie 5.9 het betrekking op *moet* se waarskynlikheidbetekenis:

Konstruksie 5.9: Waarskynlikheid moet:

[SUBJEK + moet + (OBJ/ADS/ADJS/VS) + EKSISTENSIËLE/MATERIËLE WW]


↔ [Logiese gevolgtrekking oor subjek se toestand word gemaak]

Konstruksie 5.10: Bewyslike moet:

[SUBJEK+ moet + (OBJ/ADS/ADJS/VS) + EKSISTENSIËLE/MATERIËLE WW]

+ [WANT + klaus] ↔ [Logiese gevolgtrekking oor subjek se toestand word gemaak met behulp van bewyse]

Epistemiese *moet* se konstruksienetwerk lyk soos volg:



Figuur 5.8 Die konstruksienetwerk van epistemiese *moet*

Hierdie bestaande kennis oor *moet* sal vervolgens as agtergrond gebruik word in 'n diachroniese ondersoek na die ontwikkeling en verandering van *moet* oor die laaste 100 jaar. Bestaande kennis en diachroniese gegewens, soos verkry uit 'n korpusgedrewe ondersoek, is die basis waarteen die huidige stand van Afrikaanse *moet*, gemeet word om eerstens vas te stel of daar enige verandering plaasgevind het en tweedens of *moet* se betekenisdimensie uitgebrei het. Hierdie ondersoek wil derdens die bestaande kennis oor *moet* in Afrikaans uitbrei vanweë die skraal kennis wat tans beskikbaar is.


5.4. *MOET*SE DIACHRONIESE ONTWIKKELING

5.4.1 *MOET* SE DIACHRONIESE FREKWENSIE

Die diachroniese ondersoek na die ontwikkeling en verandering van *moet/moes* is oor die tydperk 1911- 2010 gevolg. Die Historiese Korpus is in 4 afsonderlike periodes verdeel wat elk 'n bepaalde tydgleuf verteenwoordig.

Die sinchroniese ondersoek in hierdie studie fokus veral op die kwalitatiewe per hand-data-analises om patrone te identifiseer en in-diepte-gevolgtrekkings te maak oor die gebruike van *moet/moes* in huidige taalgebruik. Gevolglik is daar 'n lukraak geselekteerde steekproef op die korpus tot beskikking uitgevoer en 500 sinne wat oor al vier periodes verspreid is, is per hand ontleed. Daarteenoor poog die diachroniese ondersoek om 'n meer omvattende prentjie te weerspieël en waar moontlik is syfers in hierdie afdeling verteenwoordigend van die hele korpus (rou data) en nie slegs die steekproef nie (wat wel ten opsigte van tipes modaliteit ingespan word).

Die volledige Historiese Korpus bestaan uit 1031 071 woorde. Figuur 5.9 dui grafies aan hoe die gebruik van *moet* oor 'n tydperk van 100 jaar drasties toegeneem en toe weer afgeneem het.




Figuur 5.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van *moet*

Tussen periode 1 en 2 het die gebruik van *moet* met rasse skrede toegeneem. *Moet* word 40% meer gebruik as in periode 1. Die log-waarskynlikheid bevestig dat hierdie toename statisties beduidend is met 'n log-waarskynlikheid van -27.3 (bo die kritiese waarde van 15.13 waar $p < 0.0001$ is). Hierdie skerp toename in 'n sekere tydperk word belig wanneer periode 3 se syfers vergelyk word met periode 2 s'n want nou vind daar weer 'n taamlike daling in die gebruik van *moet* plaas aangesien *moet* vanaf 1950-1970 met 10% daal. Die log waarskynlik vir hierdie afname is +4.67, met die kritiese waarde van 3.84 waar $p < 0.05$ is, wat bevestig dat hierdie afname korrek is. *Moet* is steeds meer prominent in gebruik tydens periode 3 as tydens periode 1 (26 % hoër as in periode 1) en met 'n log-waarskynlikheid van -11.51 is hierdie toename van 1911-1971 ook statisties beduidend want die kritiese waarde is 10.83 met $p < 0.001$. Hierdie statistiek dui op 'n algemene toename in die gebruik van *moet* vanaf die tydperk 1911 – 1980. Hierdie skerp toename in die gebruik van 'n woord soos *moet* met sy sterk noodsaaklikheid/verpligting betekenisdimensie in 'n spesifieke tydperk dui moontlik op 'n taalverskynsel (kyk hieronder) wat gekoppel is aan sosio-politiese oorsake. Die groot verskil tussen die gebruiksfrekwensie van *moet* in die jare 1940-1950 en dan weer tydens 1970-1980 teenoor die skerp afname in die gebruik daarvan in die 21ste eeu

is opvallend. In periode 4 is daar 779 gebruike van *moet* in 263 270 woorde wat persentasiegewys amper dieselfde gebruiksfrekwensie van *moet* in periode 1 as in periode 4 demonstreer. Gevolglik is daar dus geen statisties beduidende verskil in die gebruik van *moet* in periode 1 (1911–1920) teenoor periode 4 (2001–2010) nie. Die log-waarskynlikheid is +0.05 wat die nulhipotese aanvaar aangesien daar geen statisties beduidende verskil in die gebruik van *moet* in periode 1 teenoor periode 4 is nie.

Die skerp toename van *moet* in Afrikaans in die tydperk 1941–1950 maar ook in 1971–1980 word vervolgens verder ondersoek in die tipe tekstipes om vas te stel hoe die gebruik van *moet* in verskillende registers versprei is.

5.4.2 MOET IN VERSKILLENDEN TEKSGENRES



Figuur 5.10: *Moet* se teksgenreverspreiding (genormaliseerde frekwensiewaardes)

Soos bespreek in Hoofstuk 4 is die kategorisering van die teksgenres hoofsaaklik gebaseer op register. Fiksie en biografieë is saam gegroepeer as narratiewe tekste terwyl dagboeke en persoonlike briewe as informele tekste gekategoriseer is. Hierdie informele tekste is die naaste wat hierdie korpus aan gesproke taal kom aangesien dit

in 'n ongeredigeerde, spreektaalregister geskryf is. Die informatiewe genre bestaan uit informatiewe, joernalistieke en religieuse data en word saam gegroepeer as informatief. Die formele teksgenre bestaan hoofsaaklik uit akademiese data uit die geesteswetenskaplike en natuurwetenskaplike velde maar formele briewe is ook hierby ingesluit aangesien dit aansluit by die formele akademiese register. Die rou data verkry uit die 4 teksgenres is nie eweredig versprei nie. Daar is baie minder data uit persoonlike briewe en dagboeke beskikbaar as byvoorbeeld uit fiksie of akademiese tekste, bloot vanweë beskikbaarheid daarvan (Kirsten, 2016:71). Om statisties vergelykbaar te wees, moes die rou frekwensies dus eers genormaliseer word sodat die beraamde frekwensie per 10 000 woorde (soos bepaal vir kleiner tekste) weergegee kan word (Sien Hoofstuk 4 vir verduideliking hoe getalle genormaliseer is).

Wanneer gegewens ontleed word, vertoon elke teksgenre 'n toename in die gebruik van *moet* en dit stem ooreen met die algehele groei van die gebruik van *moet* oor die verloop van die 20ste eeu. Periode 2 en 3 vertoon die hoogste toename en dan neem die gebruiksfrekwensie van *moet* in die 21ste eeu se tekste weer dienooreenkomstig af.

Narratiewe tekste (wat fiksie en biografieë insluit) vertoon die hoogste toename van die gebruik van *moet* in 'n geskrewe teks met 'n groeipersentasie van 87% tussen periode 1 en 2 (van 18 tot 33 gebruike per 10 000 woorde). Die tweede hoogste groei in periode 1 vind plaas in informele tekste met 'n toename van 24% waar 37 genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde in periode 1 aangedui word teenoor 44 in periode 2. 'n 15% Toename is aangeteken tussen periode 1 en 2 ten opsigte van informatiewe tekste waar daar in periode 2, 42 genormaliseerde getalle per 10 000 woorde in hierdie periode aangeteken is teenoor 36 getalle in periode 1. Vierdens vertoon formele tekste ook 'n taamlike groeikoers van 12% per 10 000 woorde met 35 genormaliseerde aantalle *moet* in periode 1 teenoor 39 in periode 2. *Moet* is weinig in narratiewe tekste aan die begin van die 20ste eeu te vind en het drasties toegeneem sedertdien. Daarna was daar nie weer so 'n drastiese toename nie maar die gebruiksfrekwensie van *moet* in narratiewe tekste bly oor die verloop van die 20ste en

aan die begin van die 21ste eeu steeds hoog. Vanaf periode 1 tot en met periode 2 het die gebruik van *moet* in narratiewe tekste met 67% toegeneem. Waar *moet* in narratiewe tekste in periode 1 slegs 14% van die totale frekwensie verteenwoordig, neem dit toe en sedert periode 2 is meer as 20% persent van *moet* se totale gebruiksfrekwensies verteenwoordigend uit narratiewe tekste. Die gebruiksfrekwensie van *moet* in informatiewe tekste blyk van meet af aan taamlik hoog te wees. Hoewel die frekwensies daarvan fluktueer en in periode 2 'n taamlike hoë toename vertoon, wissel dit van periode tot periode en bly dit konsekwent teenwoordig in hierdie genre. Deurlopend verteenwoordig *moet* in informatiewe tekste 23%-29% van alle verskynsels van *moet* in 'n gegewe tydperk. *Moet* kom veral voor as die verpligting/noodsaaklikheid-betekenisdimensie en die voorskriftelike en afdwingende aard van *moet* sluit aan by die nosie dat *moet* veral in preskriptiewe tekste soos joernalistieke en informatiewe tekste sowel as religieuse tekste voorkom aangesien hierdie tekste ten doel het om die volk “in te lig” en “op te voed” (sien die Afrikaner-Nasionalisme-bespreking by 5.4.5). *Moet* het ook sedert periode 1 geredelik voorgekom in formele tekste wat bestaan uit akademiese geskrifte en formele briewe. Sedert periode 1 verteenwoordig *moet* in die formele register tussen 20 en 28% van die gebruik van *moet* in die algemeen. Daar is 'n 12% toename in die gebruik van *moet* in periode 2, maar die gebruiksfrekwensie van *moet* in formele geskrifte neem egter af in die 20ste eeu waar *moet* nou slegs 17% in formele registers gebruik word. Die afname van *moet* in die formele register tydens die 21ste eeu sluit moontlik aan by Wasserman (2014) se teorie oor demokratisering maar ook oor die verskynsel dat akademiese geskrifte en formele briewe met die wending van die eeu al hoe minder formeel geraak het en gevolglik wil dit voorkom of *moet* al hoe minder in formele tekste gebruik is, wat impliseer dat hierdie tipe tekste se betekenisaard moontlik verskuif het van afdwingend en voorskriftelik en absoluut wat 'n teken is van die modernistiese neiging wat wetenskaplike inligting as puur en suiwer, vas en absoluut beskou na 'n meer onseker postmodernistiese benadering.


Die enigste register wat deurgaans oor die 4 periodes toegeneem het, is die informele register wat hoofsaaklik bestaan uit persoonlike briewe en dagboeke. Die informele

register se gebruiksfrekwensies het met 55% toegeneem sedert periode 1. Gesproke taal word gesien as meer progressief as formele geskrewe taal (Nuyts, 2013) en met die persoonlike briewe en dagboeke wat naaste is aan spreektaal in hierdie korpus, dui hierdie toename in die 21ste eeu moontlik 'n wending aan waar *moet* weer meer gereidelik in gesproke taal gebruik word. Gesproke taal bied meer kontekste vir gebruik en informele geskrewe taal kom die naaste aan die interaktiwiteit van gesproke taal.

5.4.3 MOET SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Tot dusver is rou data uit die beskikbare Historiese Korpus ontleed om die veranderinge en ontwikkeling van *moet* na te volg. *Moet* in sy geheel het 'n skerp toename vertoon in die tydperk 1940-1950 en vertoon steeds 'n hoë gebruiksfrekwensie in die dekade 1971-1980. Vandaar af was daar 'n skerp daling in die voorkoms van *moet* wat aansluit by Wasserman se verklaring dat demokratisering van Suid-Afrika moontlik aanleiding kon gee tot hierdie afname. Wasserman (2014) dui aan dat moedertaal-Engels nie slegs 'n afname in die gebruik van *must* in die algemeen vertoon nie, maar die epistemiese gebruik daarvan het toegeneem en die deontiese het sterk afgeneem. Sy het dit veral oor SAfE wat direk met Afrikaans in kontak is vanweë 'n sekere unieke taalkontaksituasie en in haar studie bewys sy dat vanweë die invloed van Afrikaans op SAfE het ook hierdie variëteit se gebruik van *must* nie net toegeneem nie maar ook die deontiese betekenisaard daarvan is statisties beduidend hoër as in tradisionele moedertaal-variëteite. Haar aanname is dus dat Afrikaanse *moet* oorwegend deonties van aard is, en alhoewel haar studie se korpusontleding van die Taalkommissie se databasis haar hipotese bevestig, was dit slegs 'n sinchroniese ondersoek gebaseer op hedendaagse tekste.

Vervolgens is daar ondersoek ingestel na hoe *moet* se modale tipes oor die laaste 100 jaar verander het, indien enigsins, deur die betekenisdimensies en tipes modaliteit van 4 periodes in 'n Historiese Korpus te vergelyk (sien figuur 5.11). Die hele korpus se rou data is nie hier gebruik nie maar wel die steekproef s'n.



Figuur 5.11 Diachroniese frekwensieverspreiding van *moet* se modale tipes


Die steekproefdata se rou frekwensies stem ooreen ten opsigte van die toename in gebruik van *moet* tussen 1920 – 1980 en dan weer 'n afname sedertdien. Die steekproef behels 500 lukraak geselekteerde gebruike van *moet* soos verkry uit die Historiese Korpus. Die steekproefdata se gegewens is gebruik om te bepaal of die betekenisdimensies van *moet* oor tyd heen enigsins verander het.

Dit blyk dat *moet* in Afrikaans van meet af aan oorwegend deontiese betekenis vertoon (dit wissel tussen 65% en 70% van alle gebruike van *moet* oor 'n tydperk van 100 jaar). *Moet* word meestal in die verpligting/noodsaaklikheid-dimensie gebruik in die vorm van opdragte en versoeke. Soos reeds bespreek, wil dit voorkom asof die oorsaak daarvan is dat *moet* die sentrale werkwoord in Afrikaans is wat opdragte/bevele/versoeke uitdruk aangesien Afrikaans se woordeskat ten opsigte van hierdie dimensie beperk is, en nie beskik oor die Engels sinonieme *need to; have to; ought to en should* wat ook die verpligting/noodsaaklikheid dimensie kan uitdruk nie. Die kontraksievorm – *moenie* en vormlik verwante *moet nie* as uitdrukking van die imperatief in Afrikaans word volledig bespreek onder 5.6.5 aangesien hierdie uitdrukkings as aparte modale hulpwerkwoord gegrammatikaliseer het.

Die dinamiese gebruik van *moet* het in periode 2 met 33% toegeneem waarna dit weer afgeneem het en tans is 17% van gebruike van *moet* dinamies van aard waar die interne, subjektiewe deelnemer die bron van verpligting is en nie 'n agent-georiënteerde eksterne deelnemer nie. Buiten vir die skerp afname van epistemiese *moet* in periode 2, waartydens die fokus op die noodsaaklikheid en verpligting-betekenis geval het, vertoon hierdie betekenisparameter 'n konstante teenwoordigheid van tussen 13% – 15% van gebruike van *moet*.

5.4.4 MOET SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Soos gesien in figuur 5.12, is *Moet* in meeste mikrosemantiese betekenis oorwegend 'n hoëgraad verpligting/noodsaaklikheid modaal. Mediaangraadgebruike kom voor, maar 72% van alle gebruike van *moet* is hoog teenoor 27% mediaangraadgebruike en slegs 1% laegraadgebruike.




Figuur 5.12 *Moet* se mikrosemantiese ontwikkeling

Sedert periode 1 is die gebruik van *moet* reeds gevestig as hoëgraad verpligting/noodsaaklikheidmodaal en alhoewel mediaangebruike in die tweede periode 'n minimale opgang beleef het, het dit na periode 3 gestabiliseer en in meer

as 70% van alle gebruike onderskei *moet* sigself as 'n sterk uitdrukking van deontiese (verpligting), dinamiese (noodsaaklikheid) en epistemiese (gevolgtrekking/ afleiding) betekenis.

Dit is veral as deontiese modaal waar die betekenis van imperatief en verpligting op die voorgrond staan dat *moet* 'n hoëgraad verpligting uitdruk. *Moet* se betekenisgraad oor al 4 periodes heen is 79% hoog teenoor 21% mediaangraad sekerheid.

Moet is hoofsaaklik die uitdrukking van hoë sterkte verpligting en hierdie gegewens stem ooreen met SAE soos Wasserman (2014) bevind het. Figuur 5.13 demonstreer hierdie hoë verpligting.



Figuur 5.13 Deontiese *moet* se verpligtingsterkte

5.4.4.1 MOET VERPLIGTINGSTERKTE

Tradisioneel word oorwegend subjektiewe deontiese *must/moeten/moet* as die prototipiese uitdrukking van hoëgraad verpligting beskou (Coates, 1983:33; Collins, 2009:37-38), mits 'n subjektiewe bron betrokke is. Wasserman (2014:353) verduidelik dat objektiewe deontiese modaliteit dus tradisioneel as 'n swakker verpligting geëien word en gevolglik as mediaan verpligting geklassifiseer word,

maar toenemend in SAfE is hierdie standpunt weerlê aangesien objektiewe deontiese *must* nie net oor tyd heen die meer frekwente betekenisonderskeiding van *must* ingeneem het nie, maar objektiewe deontiese *must* het dus ook 'n hoër verpligting betekenisaard ingeneem. Wasserman (2015) bevind dat hoëgraad *must* oor tyd heen nie 'n voorkeur vertoon vir 'n subjektiewe of objektiewe bron as die leitoon van hoëgraad verpligting nie.

Dit was slegs in haar eerste periode (1820-1860) dat die tradisionele prototipiese subjektiewe bron van verpligting mediaan-verpligting betekenis aangedui het. Sedert periode 2 tot en met die hede is deonties oorwegend 'n hoëgraad verpligting modaal hetsy die bron subjektief of objektief van aard is. In Afrikaans het deontiese *moet* van meet af aan 'n oorwegende hoë-verpligting vertoon. In periode 2 waartydens die algehele gebruik van *moet* drasties verhoog het, het ook die mediaangebruiksfrekwensie toegeneem maar hierdie verskil in graad is veral merkbaar in narratiewe tekste (soos gesien in [5.76]) met objektiewe bronne wat minder voorskriftelik en afdwingend is as subjektiewe bronne uit informatiewe en formele tekste (soos gesien in [5.72]) met 'n morele of etiese eis.

- [5.72] Dit kan wees dat die jeug in ons land baie meer geleentheid het om buite in die natuur te wees deurdad die klimaatstoestande hier baie milder as in Europa is, waar algar vir maande lank in die winter 'n baie groot deel van hulle tyd in die huis *moet* deurbring en dus 'n ruimer geleentheid het dat hulle gedagtes met spekulasies oor hulle eie bestaan of te nie kan besig wees [HK 172: 1942 Geesteswetenskappe (Die puberteitslewe van meisies volgens hul dagboeke, C.J.F.C. Niemann)]
- [5.73] Sy kla dat sy nie lekker voel nie en vir geen oomblik wil sy alleen gelaat word nie. Sy voorstel dat hulle tydelik 'n hulp in die huis *moet* inneem, het sy hardnekkig van die hand gewys en gedurende sy afwesigheid bedags by die werk haar toevlug geneem na haar ouerhuis. [HK 171 1947 Fiksie (Wynand Pienaar, M.J. Harris). 1946: Biografies]

Heelwat mediaangebruike soos gesien in [5.73] en [5.74] is ook in die passiewe konstruksie wat minder 'afdwingend' en 'gesigsbedreigend' is maar meer informatief van aard is:

[5.74] Onthou *moet word* dat die geskiedenis van 'n gesin nie dáár begin waar die eerste kindjie gebore word of waar die huweliksbevestiging plaasvind. [HK 337: 1971 Religieus (uit Handhaaf)]

[5.75] So gestel, krij die vraag veel diepere betekenis, en so gestel *moet* dit ook door ons onder die oge *gesien word*. [HK 141: 1912 Religieus (uit Fac et Spera Aug.)]

Onsekerheid word ook uitgedruk in die vorm van 'n vraag soos gesien in [5.76]:

[5.76] Hoe moet kerke op hierdie persepsies reageer? Hoe *moet* die persepsies gesien, bestuur en verander word? Die artikel is 'n soeke na die lig wat die Bybel gee om reklame in/en die kerk te kan beoordeel. [HK 168: 2001 Geesteswetenskappe (Die beeld van die kerk na buite – In die Skriflig)]

So ook as die agent nie-menslik is soos gesien in [5.77], beïnvloed dit die krag van verpligting:


[5.77] Die enigste verskil is dat krokodille daarvoor verantwoordelik is. Hulle kan egter nie soos hiënas of wildehonde repe vleis uit hul prooi skeur nie, en *moet* tevrede wees om hompe in te sluk [121: 2007 Fiksie (Ons en die maan, M.C. Botha)]

Ook in persoonlike briewe ([5.78]) is die eis minder afdwingend en dikwels meer informatief van aard, wat meer ruimte skep vir mediaan-verpligting:

[5.78] Gemeente bekend gemaak heeft met zyne en de direktieshe plan en besluiten; nu deze (zend.gemeente) is op een hoogste oproer door te vernemen dat ik van hier weg *moet*. Ze willen graag de kerkraad eerst zien. [HK 492: 1918 Persoonlike briewe (Deumert-korpus)]

Dit wil nie voorkom asof die opgang van mediaangebruike in periode 2 werklik die krag van deontiese *moet* bedreig nie, maar dit is eerder 'n aanduiding is van die spesifieke kontekste waarbinne dit gebruik word. Sedert periode 2 en 3 is die hoëgraad-verpligtinggebruik van *moet* steeds meer as 80% van deontiese gebruike. Dit is eerder 'n aanduiding van die verhoogde gebruik van *moet* in alle kontekste en tekste, hetsy as hoëgraad of mediaangraad, en nie net beperk tot informatiewe of akademiese tekste nie.

Epistemiese *moet* druk mediaan sowel as hoë sterkte betekenisse uit soos gesien in figuur 5.14. Die epistemiese betekenisdomein druk hoofsaaklik sprekersekerheid ten opsigte van die gegewe proposisie uit. Die spreker se selfvertroue oor die geloofwaardigheid van die proposisie self is hier op die voorgrond meer as die gegewens self.



Figuur 5.14 Epistemiese *moet* se sprekersekerheid

Die verspreiding oor 4 periodes heen is 50/50 met mediaanbetekenisse wat baie konstant verspreid teenwoordig is teenoor die hoësterktebetekenisse wat meer fluktrueer. Epistemiese mediaansekerheid aktiveer die afleidingbetekenisdimensie wat meer onseker is in vergelyking met gevolgtrekkingbetekenisse.

Gevolgtrekkingbetekenisse word gewin uit situasionele bewyse (evidentials). Modale bywoorde soos *waarskynlik* speel ook 'n groot rol in die klassifisering van 'n proposisie as swakker mediaansterkte of as sterk gevolgtrekkingbetekenis.

[5.79] Die antwoord *moet waarskynlik* gesoek word in die meer realistiese grondpryse of hoër winsgrense, deels as gevolg van 'n laer rentelas. [HK 20: 1978 Geesteswetenskappe ('n Bedryfsekonemiese ondersoek na die vleisbedryf op enkele plase in die Molopo-gebied, H.P. Kloppe)]

Mediaan-epistemiese modaliteit gekategoriseer as die afleiding-parameter word deur seker mikrosemantiese parameters vasgestel. Derdepersoonssubjekte tesame met verskansers soos bywoorde *dare* en *al* verminder die sterkte van die afleiding en die nuanse word al hoe meer grys en minder sterk, soos byvoorbeeld in die sin [5.80]. Die frase *al moet hy ook* is hipoteties en irrealis van aard wat op 'swakker' sprekersekerheid dui.

[5.80] Hy sal *dare* seker hulp van Administrasie kry, *al moet hy ook* administrateur Hofmyer nader. [HK 18: 2007 Fiksie (T'sats se kind Tkholie, Willem D. Kotzé)]


Die konteks van hierdie proposisie is ook hipoteties van aard wat die sekerheid van die proposisie bedreig en die spreker se selfvertroue oor die geloofwaardigheid aantast.

[5.81] Totdat hy dit dan in soveel woorde duidelik stel dat Christelike vakonderwys, soos geskoei op die lees van Christelike vakwetenskaplike opleiding in die lig van die Christelike wysbegeerte, wat deur Christelike onderwysers aangebied word, die finale eis vir die Christelikheid van die skool is, *sal aanvaar moet word* dat hy hier op tipies neo-skolastiese wyse dualistiese skeiding tussen Christelike en sekulêre terreine t.o.v. die onderwysinhoud van sy skool maak. [HK 11: 1975 Geesteswetenskappe (Grondtrekke van die fenomenologiese pedagogiek in SA, P.G. Schoeman)].

Epistemiese *moet* is in periode 1 en 3 hoofsaaklik sterk van aard wat daarop dui dat die spreker taamlik seker is van sy geloof in sy uitdrukking. Sprekersekerheid word veral vanuit eksterne omstandighede ingewin. De Haan (1999) verwys hier na **bewyslikes** aangesien sprekersekerheid bepaal word deur situasionele omstandighede.

[5.82] Die veel laer spesiediversiteit van voëls op die Johannesburg- en Kimberley-lughawe *moet* in dié verband aan die beperkte tydperk van versameling toegeskryf word [HK 254: 2002 Natuurwetenskappe (Avifauna in grasveldgemeenskappe... Kok, Kok)]

[5.83] Dat die afwesigheid van erdwurms in groot gebiede in Suid-Afrika in 'n groot mate aan die ongunstige vogtoestande toegeskryf *moet* word, kan dus nie betwyfel word nie. [HK 424: 1972 Natuurwetenskappe ('n Onderzoek na die ekologie van *michrochaetus modestus oligachaeta*)... A.J. Reinecke, P.A.J. Ryke)]



Figuur 5.15 Dinamiese *moet* se noodsaaklikheidsterkte

Dinamiese *moet* is net soos die verpligting en gevolgtrekking betekenisdimensies hoofsaaklik 'n hoë-sterkte modaal (60%) teenoor 35% mediaan-sterkte

noodsaaklikheid betekenisse en slegs 5% lae noodsaaklikheid gebruike. Van meet af aan was hoë-sterkte betekenisse meer prominent en alhoewel daar 'n verskuiwing was tydens periode 3 waartydens mediaan-sterkte betekenisse meer in gebruik was, het dit weer teen periode 4 gestabiliseer en in die guns van hoë-sterkte verpligting geswaai. Dinamiese hoë noodsaaklikheid word bepaal deur 'n interne deelnemer, 'n sterk eerstepersoonsubjek (kan ook in die derde persoon wees), wat 'n inherente gedwonge noodsaaklikheid ervaar om 'n sekere aksie uit te voer. Hierdie gedwongenheid word nie deur 'n eksterne bron afgedwing nie, maar dit is 'n inherente individuele oorweging.

[5.84] Ik kijk ok terug en tot mij blijdschap *moet ik seg*: Ik gaan vooruit. Ik het ok nou goeie hoop dat — soos ik ander dag geseg het — daar nog van mij iets kan word in die wêreld. [HK 44: 1912 Informatief (uit Fac et Spera Dec)]

Vaste uitdrukkings in kombinasie met mentale of verbale werkwoorde soos *sê*, en *dink* of *wens*, is óf epistemies óf dinamies van aard. Wanneer dit gaan om die spreker se individuele behoefte of wens word dit vervolgens as dinamies geklassifiseer maar as dit gaan om selfvertroue waarmee die spreker die werklikheidsinhoud van die proposisie beoordeel, is die klaus epistemies.

Hoë noodsaaklikheid het dikwels te make met 'wederkerige' gedagtes of proposisies. Die eerste persoon as subjek sowel as bron van noodsaaklikheid se inherente behoeftes/noodsaaklike aksies is op die voorgrond:

[5.85] A, my soetlief, die paar dae was vir my baie lank en vervelig. Ek was gisteraand amper hier, *maar ek moet* sommer reguit *sê* dat ek bang is vir praatjies. "[HK 102: 1946 Fiksie (Stad sonder siel, D. Mostert)]

Inherent gedrewe behoeftes sonder die voorkoms van 'n eksterne bron staan op die voorgrond:

- [5.86] Onderwyl ek so skryf, kom daar voor die gees menige belewing uit die ondervinding van onse vriendegroep. *Ek moet op reis gaan*. [HK 104: 1972 Biografies (My beskeie deel, M.E.R.)]

Mediaan-sekerheid vertoon dikwels 'n derdepersoonssubjek en die betrokke subjek se behoefte is swakker en minder op die voorgrond en gedwonge as die eerstepersoon-subjek se behoeftes en gevolglik is die krag van die modaal ook swakker. Die derdepersoonsverteller wat berig oor situasionele noodsaaklikhede skep ook 'n afstand tussen die leser en die teks wat die krag van die modaliteit dienooreenkomstig beïnvloed:

- [5.87] Hy vorder stadig. Die vyand is nou oral en dit lyk of daar nie nog 'n Boer in die veld is nie. Hy *moet* dikwels 'n baie groot draai ry om Britse troepemagte te ontwyk. [HK 188: 1972 Fiksie (Die Stellalander, H.S. van Blerk)]

Dinamiese mediaan-sterkte word ook bepaal deur die gebruik van persone wat as soortname of onbepaalde voornaamwoorde uitgedruk word soos in voorbeeld [5.88]. Gegewens word nie in die eerste persoon aangedui nie, en die noodsaaklikheid om die aksie te verrig, verswak.

- [5.88] Daar is so baie dinge waaroor 'n moeder *moet dink* wat eenvoudig die ander ontglip en dan loop sakies tuis in die war. [HK 273: 1947 Fiksie (Voor die hek, S. Steyn)]

Faktore soos byvoorbeeld eksterne omstandighede of situasies wat daarop inspeel dat die eerste of derde persoon subjek gedwonge voel, verswak die bepaalde krag van die noodsaaklikheid en gevolglik ontstaan mediaannoodsaaklikheid soos bo beskryf as dinamies-situasioneel.

- [5.89] Dat die afwesigheid van erdwurms in groot gebiede in Suid-Afrika in 'n groot mate aan die ongunstige vogtoestande *toegeskryf moet word*, kan dus nie betwyfel word nie. [HK 424: 1972 Natuurwetenskappe ('n

Onderzoek na die ekologie van *michrochaetus modestus* (oligachaeta)... A.J. Reinecke, P.A.J. Ryke]

- [5.90] Die Bybelse Teologie — so gaan hy voort — *moet dus gesien word* as:
 1. Histories-teologiese dissipline wat sowel moet ontvou wat die teks bedoel het en wat hy vir vandag bedoel. [HK 475: 1976 Geesteswetenskappe (Ou Testamentiese teologie in verleentheid, J.L. Helberg)]

Verskansing in die vorm van bywoorde het ook 'n invloed op die krag van die noodsaaklikheid soos byvoorbeeld die woord 'maar' wat die krag van die modaal verswak. Hierdie klaus se graad word verder verswak aangesien dit 'n vraagsin is wat sprekeronsekerheid bevestig.

- [5.91] die hoofsaak is natuurlik wat ek skrywe; maar beteken dit nou dat ek geen aandag aan die bysaak mag wy nie en dat *ek maar* met 'n slegte pen *moet voortsukkel*—en dit terwyl daar 'n beter pen net vir neem klaar lê? [HK 358: 1920 Geesteswetenskappe (’n Paar gedagtes oor Spellinghervorming, Prof. J.-J. Smith)]

Dit is opmerklik dat *moet* in periode 2 met rasse skrede toegeneem het maar ook dat deontiese en dinamiese *moet* se subjek-sekerheid gedurende hierdie tydperk baie hoog is. Aangesien daar geen linguistiese verklaring vir hierdie verskynsel is nie, is die sosio-politiese omstandighede van die Afrikaner in daardie tydperk ondersoek. Evans en Green (2006:60) bevestig dat 'n taal se ontwikkeling en verandering nie geïsoleerd van die sosiale konteks waarbinne dit gebruik word geanaliseer kan word nie. Hulle verwys na die ensiklopediese kennis van taal wat behels dat taalondersoek sosiolinguistiese verklarings van verskynsels mag insluit.

5.4.5 INTERPRETASIE VAN HOËGRAAD VERPLIGTING/ NOODSAAKLIKHEID/ GEVOLGTREKKING IN AFRIKAANS TUSSEN 1921 – 2000

Dit blyk dat die skielike afname en toename in die gebruik van *moet* se makrobetekenisse, sowel as die buitengewone hoëgraad verpligting/noodsaaklikheid/gevolgtrekking mikrobetekenisse, toegeskryf kan word aan sosiohistoriese omstandighede. Giliomee (2004) bespreek die opkoms van Afrikaner-nasionalisme wat hoogty gevier het tussen die middel 1930's tot einde 1970's. Sekere sosiale, kulturele, finansiële en politiese faktore het aanleiding gegee tot die statutêre, militêre, ekonomiese en kulturele mag waaroor die wit Afrikaner beskik het gedurende die 20ste eeu. In 1918 is die Afrikaner-Broederbond (AB) gestig wat veral van 1929 begin het om daadwerklik op te tree om Afrikaans te bevorder toe hulle die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge) tot stand gebring het. Gedurende die 1930's en 1940's het die AB sy grootste invloed gehad op onderwys en die kultuurgebied. Veral in akademiese geledere¹⁷ by universiteite van veral die Noorde het die AB 'n groot rol gespeel, en groot tersiêre instellings soos die PUK, UP en RAU is ook befonds deur die AB. Die AB se rol in die Afrikanergeskiedenis is aanvegbaar en hierdie studie fokus nie op die AB se bedrywighede nie. Die AB het egter 'n groot rol gespeel om die Afrikaner se belange uit te brei, en het ook 'n invloed gehad op die werksaamhede van byvoorbeeld die NG Kerk, die Nasionale pers, banke soos Volkskasbank, ekonomiese instellings soos Sanlam, en die regering.

Veral in die media is die belange van die Afrikaner bevorder en met die stigting van die Nasionale pers in 1914 en die eerste uitgawe van *De Burger* op 26 Julie 1915 het eerwaarde D.F. Malan in 'n artikel geskryf dat hierdie koerant 'n kind van hoop is om die 'nasionale hart weer te laat klop'. Toe die koerant sy naam verander na *Die Burger* het dit 'n pprgangsfase ingelui van Hollands na Afrikaans. Die tydskrif *Die Huisgenoot* wat in 1923 'n weekblad geword het, het bekend geword as die 'Volk se universiteit' en hierdie publikasie was die steunpilaar van die Nasionale pers. Daarin is nie slegs

¹⁷ Vergelyk die invloed van akademiese tekste en formele briewe.

oor die politieke en taalstryd geskryf nie, maar die tydskrif moes die lesers help om 'goed ingeligte en deugsame burgers' te word (Giliomee, 2004:327). Benewens die 'opvoeding van die volk' het die Nasionale pers ook 'n sterk politieke invloed gehad. Die groei van Afrikaans as selfstandige taal en die taalstryd het sedert 1934 verdiep toe die aanvanklike doelstelling verruim is deur kulturele selfstandigheid onder die Afrikaners te bevorder. Die Afrikaanse Taal-en Kultuurvereniging (ATKV) is in 1930 in Kaapstad gestig en het hoofsaaklik begin om Afrikaans as medium van kommunikasie by die spoorweë te bevorder (Giliomee, 2004:354). Die FAK en ATKV het in 1938 die Eeufeesviering van die Groot Trek georganiseer wat 'n ongekende oplewing in die belangstelling van die Afrikaner in sy geskiedenis opwek, wat deur politici ingespan is as propagandamateriaal om die Afrikanervolk te verenig.

Die 1938-eeufeesvierings het ook 'n prikkel gelewer vir die mobilisasie van kapitaal (Giliomee, 2004:387). Alhoewel daar heelwat steun was om die Suid-Afrikaanse ekonomie te nasionaliseer, was Suid-Afrika lid van die Britse Ryk en hierdie nosie is teëgewerk. Die ontstaan van semi-staatkorporasies soos Yskor en Eskom, wat hoofsaaklik bestuur is deur Afrikaners, het egter daartoe bygedra dat die Afrikaner se ekonomiese belange toeneem. (Giliomee, 2004:385).

Ook banke het hulle daarop toegespits om Afrikaners se ekonomiese belange te bevorder. Die ontstaan van Volkskasbank as handelsbank tydens die 1940's het aangesluit by 'n visioen dat banke die nood van Afrikaners verlig en tot hulle redding kom deur kapitaalmonstering en werksverskaffing. Die totstandkoming van die versekeringsmaatskappy Sanlam wat teen lae risiko in verbande en eiendom belê het, het ten doel gehad om die Afrikaner op ekonomiese vlak te versterk. Teen die einde van die 1970's het die Afrikaners die meeste senior betrekings in die sentrale regering, die veiligheidsmag, die provinsiale administrasies en die openbare korporasies bekleed (Giliomee, 2004:545).

Selfs op religieuse vlak is Afrikanernasionalisme bevorder. Malan het in 1914 beslis dat die NG kerk as die kerk van die Afrikaners die armer lede van die volk moet ophef. Die kerk moes ook die volk help om sy kulturele en nasionale karakter te behou

(Giliomee, 2004:278). Die kerk moet dus 'n volkskerk wees. In informatiewe en religieuse geskrewe tekste is hierdie ideaal uitgebou en die kerk het ook toenemend opgetree as politieke handlanger en mobiliseerder in die vestiging van segregasie onder die dekmantel van sendingwerk (Giliomee, 2004:411).

Ook op opvoedkundige vlak het godsdiens 'n groot rol gespeel en die Christelik-Nasionale Onderwysstelsel (CNO) is in 1948 ingestel. Hierdie opvoedkundige filosofie het 'n konkrete inhoud gehad wat daarop aangedring het om “die Bybel as fondament, die moedertaal as voertaal en die nasionale beginsel as uitgangspunt te neem” (Giliomee, 2004:417). Alles wat eie is aan Afrikaans is bevorder – die land, die taal, die geskiedenis en die kultuur. Skole het hoofsaaklik Afrikaans as voertaal gehad, selfs vir nie-moedertaalsprekers en alhoewel die CNO onder protes van Engelssprekendes nie werklik in Engelse skole deurgevoer is nie, was dit wel die geval in swart skole.¹⁸

Giliomee (2004:439) verduidelik dat die Afrikaner reeds teen 1948 tot 'n groot mate in sy doel geslaag het:

Teen 1948 het Afrikaners die land regeer en Afrikaans is in alle vertakings van die openbare lewe gebruik. Hulle het hulle eie skole en universiteite gehad. Afrikaanse ondernemings soos Sanlam, Naspers, Volkscas en Rembrandt het respek by hulle mededingers begin afdwing – dit het alles daartoe bygedra dat die Afrikaners se selfvertroue en gevoel van eiewaarde na 1948 sterk toegeneem het.

Die data van hierdie korpus bestaan ten dele uit tekste wat gedurende die hoogbloei van Afrikaner-nasionalisme gepubliseer is, en het heelwat spore van die soort propaganda wat gedurende hierdie periode in druk verskyn het. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne waarin die strewe van Afrikanernasionalisme in 'n verskeidenheid tekste oor hierdie tydperk bevorder is. Sekere voorskriftelike en afdwingende tekste

¹⁸ Giliomee (2004:529-532) bespreek die verset teen Afrikaans as voertaal in skole wat gelei het tot die Junie 1976- opstand.

wat juis ten doel het om Afrikaner-nasionalisme te bevorder kom voor. *Moet* as uitdrukking van die verpligting/noodsaaklikheid-betekenisdimensie is ingespan as voertuig om die volk aan te moedig om sekere sosiale politieke, religieuse, kulturele gedrag te vertoon.

Voorbeeldsin [5.92] kom uit 'n informatiewe teks, *Die Huisgenoot*, geskryf in 1971. Die Republiekfeeswording in 1961 was 'n hoogtepunt in die Afrikaner se politieke geskiedenis aangesien onafhanklikheid van die Britse onderdanigheid gevrywaar is. Hierdie aanhaling beklemtoon die rol van nasiebou en Nasionalisme in die Afrikaneridentiteit want selfs in die opvoedkundige sisteem is iets soos die vier van die Republiekwording verplig.

[5.92] DWARSOOR die land kom ouers agter dat daar aan die Republiekfees gewerk word. Kinders begin later bly om in massakore te oefen of aan spesiale liggaamsoefening-onderrig deel te neem. Die klem op die jeug in hierdie fees is 'n goed uitgedinkte plan. Mnr. Engelbrecht, wat in 1966 help reël het aan die Republiekfees, sê dat daardie fees met sy leuse *Ex Unitate Vires* eintlik die voetstuk voltooi het waaraan baie feeste met 'n suiwer geskiedkundige inslag gewerk het. Die fees van 1971 *moet* voortbou op hierdie voetstuk en die toekoms beklemtoon — en daarom is die jeug in werklikheid die vernaamste „kliënt”. Wyle dr. Verwoerd het geglo dat die land elke vyf jaar 'n fees *moet* hou sodat onder andere elke kind een keer in sy hoërskoollewe 'n landwye fees kan beleef. Hierdie fees sal die jeug dwarsoor die land betrek deur persoonlike deelname in die Kaap sowel as in hul eie dorpe en stede. 'n Credo is byvoorbeeld opgestel uit die „gelofte” wat op 31 Mei 1961 in die aanhef tot die Grondwet gemaak is. [HK 1: 1971: Informatief: *Die Huisgenoot*]]

In [5.93] staan die impak van Apartheid op die arbeidsfront op die voorgrond. Werksverskaffing en voordele was slegs aan wit arbeiders gegun en dit is deur

die wet afgedwing. Die gebruik van *moet* in hierdie voorbeeld kom uit 'n formele brief in die negentienveertigs en dit verteenwoordig wetmatige afdwinging.

[5.93] Aanstellings: Wanneer u 'n blanke arbeider vir aanstelling aanbeveel, of diensaanvaring rapporteer, *moet* die volgende besonderhede o.a. ook verstrek word:

- (a) Volle voorname.
- (b) Geboorte datum.
- (c) Getroud of Ongetroud.
- (d) Hoeveel dae per week hy werk.
- (e) Of hy 'n ontslane soldaat is.

Wanneer 'n blanke persoon (vroulik sowel as manlik, maar uitgesonderd blanke arbeiders) aanbeveel word vir enige pos, *moet* hy of sy vorm Z. 83 voltooi en dit *moet* vergesel gaan van 'n verklaring deur die Plaaslike Verteenwoordiger van Arbeid tot die effek dat geen ontslane soldaat beskikbaar vir die bepaalde posisie nie, tensy die aanbevole kandidaat self 'n ontslane soldaat is. Blanke arbeiders *moet* egter deur middel van die Plaaslike Verteenwoordiger van Arbeid gewerf word.

[HK 22: 1945; Formele brief]

Afrikanernasionalisme is deur kerk en staat en deur die opvoedkundige stelsel afgedwing. Voorbeeld [5.94] is 'n voorbeeld van die verwagting wat deur hierdie sosiale instellings op individue geplaas is.

[5.94] Maar hy het ook die anderkant van die saak beklemtoon dat ook die Staat sy eie terrein van werksaamheid het; albei *moet* mekaar aanvul en nie afbreek nie. Dit is hier verder gepas om enkele voorbeelde uit sy lewe te vermeld wat kan dien as bewys hoe hierdie deur die Skrif gedissiplineerde lewe in verskillende opsigte tot openbaring gekom het. Het hy te doen met die onderwys en opvoeding van die kinders, dan laat hy sowel die kinders as die onderwysers in duidelike taal

hoor hoe daardie onderwys Christelik *moet* wees. Die onderwysers laat hy verstaan dat hulle uit die hand van die ouers gedoopte kinders ontvang het; dat hulle optree in die plek van die ouers en daarom 'n dure roeping het om die kinders deur hulle onderwys en opvoeding in die Christelike geloof te fundeer: [HK 48: 1944: Biografies: Paul Kruger; F Postma)]

Ook die Geloftefees en herdenkings daarrondom het gedien as samehorigheidsbeginsel vir Afrikaners gedurende die 20ste eeu. Hierdie herdenkingsfees wat jaarliks as nasionale vakansiedag op die 16de Desember gevier is, se doel was om Afrikaneridentiteit te versterk en om Afrikaners aan hul herkoms te herinner. Die gebruik van *moet* in [5.95] is ook hier 'n aanduiding van verpligte gedrag en denke wat verwag is van Afrikaners tydens 'n spesifieke tydperk in die geskiedenis.

[5.95] Uit die voorgaande kan 'n mens sien dat dit die Gelofte van die Voortrekkers is wat al ons Dingaansfeesvierings ten grondslag lê. Wanneer ons Dingaansdag vier, *moet* ons na die Gelofte teruggaan. Ons *moet* op die ontstaan en inhoud daarvan let, en ons *moet* weer in die gees daarvan kom. Die gees van die Gelofte *moet* al ons Dingaansfeesvierings deurdring. Ons *moet* besef dat ons deur die Gelofte 'n dure verpligting opgelê is waaraan geen Afrikaner hom kan onttrek nie. Die Afrikaner *moet* ook begryp dat dit vir hom 'n voorreg is om daardie verpligting na te kom. Die Gelofte — en gevolglik ook Dingaansdag — is nie iets wat uit die vreemde ingevoer is nie; dit het by ons eie mense op ons eie bodem ontstaan. Dis iets wat in elke sin van die woord eg Afrikaans is. Dit bind Afrikaners saam, en watter groot behoefte bestaan daar nie in ons land, wat maar alte dikwels deur wantroue, twis en tweedrag verskeur word, aan sulke saambindende kragte nie? [HK 1662: 1949: Informatief: Die geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek; H, B Thomas)]

In [5.96] is dit die eksterne bedreigings wat op die voorgrond staan. Polities het die Afrikaner sigself geïsoleer en filosofies-polities georiënteerde perspektiewe van alle oorde as bedreigend beskou. Die pers, die kerk, die staat het invloed van buite as bedreigend ten opsigte van nasiebou ervaar. Hierdie bedreiging het veral tydens die negentiensewentigs en tagtigs met die grensoorloë hoogty gevier toe 'n denkbeeldige oorlog teen 'kommunisme' en ander politieke oorweegde vyande gevoer is. Die woord 'volksvyandig' staan hier op die voorgrond want veral die Nasionale Party wou die Afrikaner se onskuldigheid bewaar teen hierdie invloede.

[5.96] Dat ook ons *moet* oorgaan tot die stigting van arbeiders-, resp. beroepsorganisasies op ekonomiese gebied, organisasies gesond Afrikaans van karakter en strewe, en Christelik in gees, spreek vanself. Daarmee het ons reeds te lang gewag en veels te veel alles oorgelaat aan Kommunistiese (Bolsjewistiese) bedrywighede. Maar sodanige organisasies *moet* 'n vrye karakter hê terwille van die selfstandigheid van die ekonomiese menslike verbande. Ons *moet* wel volksvyandige organisasies (soos die Kommunistiese of Bolsjewistiese) verbied, maar ons sal in ons organisasies differensiëring volgens lewens- en wêreldbeskouing moet toelaat, as die ontwikkeling van ons volk dit vereis. [HK 3358: 1941: Informatief: Die stryd om ordes. HG Stoker.]

Ook in die volksmond deur middel van algemene slagspreuke en motto's is nasiebou deur informatiewe geskrifte en nuusbeleide gepromoveer. Sinsnedes soos "Ons moet handhaaf en ons moet ook bou" soos in [5.97] was aan die orde van die dag.

[5.97] Wat die dinge betref vrees ek het ons in 100 jaar niks geleer nie. Ons is selfs slegter daaraan toe. Nie alleen twis die van ons wat wil weggom van die Britse konneksie onder mekaar nie, maar ons verfoei ook die Afrikaners wat hul om goeie redes nog nie bereid voel om los

te skeur van daardie konneksie, en skel hul uit vir landsverraaiers en al wat sleg is. Ons het selfs onder ons mense wat die leer van die politieke haat en sosiale afskeiding teenoor sulke mede-Afrikaners verkondig. Dit is verkeerd, en langs daardie weg kan ons geen heil vir ons volk verwag nie. Ons *moet* handhaaf ja, maar ons *moet* ook bou. En, ons bou nie vir die toekoms as ons die bruë oor die riviere van haat en nyd wat nou in oorlogstyd tussen ons en ons stamverwante mede-Afrikaners vloei met geweld wil afbreek nie. [HK 2337: 1941: Informatief: Die stryd om Volkseenheid.A.C Celliers]

Moet se historiese ontwikkeling oor die afgelope eeu sluit aan by 'n spesifieke tydperk in die Afrikaner se politieke geskiedenis. Die drastiese toename in periode 2 kan direk gekoppel word aan die opbloeï van Afrikaner-Nasionalisme soos na verwys in informatiewe tekste wat daarop gemik is om as propagandamateriaal 'n 'volk' se kognitiewe diskoers te kontroleer en te manipuleer. Die deontiese krag waarmee *moet* in tekste gebruik is dui op gesigsbedreigende nagevolge indien die Staat se eise nie uitgevoer word nie. Teen die derde periode maar veral in die vierde periode het die deontiese krag waarmee *moet* gebruik word afgeneem. Dit sluit aan by Wasserman (2014) wat verduidelik hoe daar nou gestrewe word na 'n meer gelyke staat waarin hiërargiese verhoudings minder belangrik geword het.


5.4.6 'N SINCHRONIESE VERGELYKING VAN *MOET*, *MUST* EN *MOETEN*

Met die diachroniese ontwikkeling en sinchroniese stand van Afrikaans *moet* nou op die tafel, vervolgens 'n samevattende vergelykende bespreking tussen *moet*, SAfE en moedertaal-Engels *must* en Nederlands *moeten*.

Figuur 5.16 is 'n grafiese uiteensetting van *moet*, *moeten* en *must* se modale tipes. Die statistieke wat hier gebruik word is ontleen van Wasserman (2015) wat gebruik gemaak het van 'n korpus oor die SouthAfricanEnglish variëteit (SAfE), Collins se International Corpus of English (ICE korpus), die korpus en getalle waarvan Nuyts

(2005) gebruik gemaak het en die Afrikaanse data is uit die Historiese Korpus waarvan hierdie studie gebruik gemaak het.

Daar is twee uitdagings ten opsigte van 'n in-diepte vergelyking tussen genoemde tale. Eerstens is die sinchroniese stand van sake tussen hierdie tale en variëteite nie volledig ooreenstemmend nie aangesien Afrikaans se data meer reser is as die ander (Wasserman (2015) en Collins (2009) se statistieke sowel as Nuyts (2005) se data dateer 'n dekade voor die Afrikaans data) maar hierdie data is tog 'n aanduiding van hoe die Germaanse tale se betekenis van *moet* in die 21ste eeu met mekaar oorvleuel of verskil. Nog 'n uitdaging waarmee hier te kampe is, is Nuyts, Byloo en Diepeveen (2010) se verwerping van die nosie dat direkteiwes en imperatiewes suiwer modaal is en dus kan daar nie 'n lineêre vergelyking tussen Nederlands en Afrikaans plaasvind nie, maar die verskille word tog vir die doel van hierdie studie belang om aan te dui hoe Afrikaans oor die laaste 100 jaar onafhanklik van Nederlandse invloed verbruim en ontwikkel het.



Figuur 5.16 Vergelyking tussen *moet*, *moeten*, *must*


Dit is opvallend dat die grootste verskil tussen Nederlands *moeten* en moedertaal-Engels *must* lê aangesien Nederlands weinig epistemiese en Moedertaalengels skaars dinamiese betekenisse dra. Waar Moedertaalengels 'n sterk epistemiese karakter het, is presies die teenoorgestelde sigbaar vir Nederlands wat weer 'n baie sterk dinamiese karakter vertoon. Wanneer die grafieke tussen Afrikaans en SAfE vergelyk word, is dit opmerklik dat hierdie twee geografies verbonde tale se betekenisparameters soortgelyke frekwensieverspreidings vertoon. Afrikaans en SAfE is albei oorwegend deonties van aard met Afrikaans wat steeds meer as SAfE 'n oorwegende hoë verpligting sowel as gevolgtrekkingbetekenis dra. Dit is slegs die dinamiese betekenisparameter waar mediaan-sterkte betekenisse prominent teenwoordig is.

Dit wil voorkom asof *moet* aanvanklik baie nou verbonde was aan *moeten* vanweë die historiese agtergrond en wortels met Nederlands. Nadat die Britse setlaars egter in die Kaap gearriveer het, het Engels dermate op Afrikaans geïmpakteer dat veral epistemiese betekenisse opgeneem is in Afrikaans. Met die draai van die 20ste eeu het Afrikaans *moet* egter 'n unieke karakter ontwikkel wat drasties verskil van die vormlike verwantes *moeten* en *must* wat geografies ver verwyderd is van Afrikaans. Met die opbloeï van Afrikanernasionalisme het *moet* as modale hulpwerkwoord oor die verloop van die 20ste eeu met rasse skrede toegeneem en *moet* is ingespan as propaganda-voertuig waarmee die ideologie van die Nasionale Party op die politieke, sosiale, kulturele, opvoedkundige en godsdienstige samelewingsfere afgedwing is. Ook *moenie* as klitiese vorm van *moet nie* wat 'n hoofsaaklik imperatiewe funksie verrig, het in hierdie tydperk gegrammatikaliseer en aanvaarbaar geword in gesproke en geskrewe taal. In die 21ste eeu is *moenie* die aanvaarbare uitdrukking van die imperatief in Afrikaans. Die hoë frekwensie gebruik van *moenie* verskil ook drasties van Nederlands, wat eerder *hoeven niet* gebruik as *moet* en *niet*, sowel as Engels waar die kontraksievorm *shouldn't* sowel as kontraksie *do not = don't* meer algemeen is as *must not* of *mustn't*.

Voorts 'n bespreking van *moenie* en hoe hierdie klitiese vorm van *moet* oor 'n tydperk van 100 jaar gegrammatikaliseer het.

5.5 MOENIE


Die gebruik van die negatiewe vorm *moenie* as imperatiewe deontiese modaal het oor die laaste eeu met rasse skrede toegeneem (sien **figuur 5.17**). Sedert periode 1 het die gebruik van *moenie* met 371% toegeneem. Dit was veral vanaf periode 3 na 4 wat die hoogste toename in die gebruik van *moenie* plaasgevind het en dit suggereer dat die gebruik van *moenie* moontlik steeds toeneem.



Figuur 5.17 Diachroniese frekwensieverspreiding van *moenie* (rou frekwensies)

5.5.1 BETEKENISNUANSES VAN MOENIE

'n Ontleding van figuur 5.18 wat *moenie* se modale gebruike en die ontwikkeling daarvan uiteensit, dui aan dat *moenie* hoofsaaklik 'n deontiese modaal is.



Figuur 5.18 Mikro- en makrosemantiese ontwikkeling van *moenie*

Moenie het oor die laaste eeu geëvolueer en waar daar aanvanklik dinamiese en epistemiese mediaansterkte gebruike aangetoon is, het *moenie* in die 21ste eeu gevestig geraak as hoofsaaklik 'n deontiese modaal wat optree as 'n imperatief mét of sonder 'n direkte aangesprokene:

KONSTRUKSIE 5.10 *Moenie*

5.10a: [[*moenie* + OBJ (VERG SUBJEK) + MATERIEËLE WW + *nie*] IMPERATIEF] ↔ [verpligting word as spraakhandeling uitgedruk]

5.10b: [[*jy* + *moenie* + WW *nie*] STELSIN OPDRAG] ↔ [*jy* word verplig om 'n aksie *nie* uit te voer *nie*]

510c: [[*eienaam*, + *moenie* + VS + WW *nie*] VOKATIEF] ↔ [vokatief word verplig om sekere handeling *nie* uit te voer *nie*.]

In [5.98] en [5.99] is daar geen direkte aangesprokene nie, terwyl [5.100] die tweede persoon subjek as aangesprokene het en in [5.101] word die subjek ook direk aangespreek in die vorm van 'n eienaam(vokatief).

[5.98] Ons moet daarna streef om ons tong en die toon van ons taal te monitor sodat ons huishouding suiwer kan bly. Ef. 4:29: "*Moenie enige vuil taal gebruik nie*. Gebruik eerder die regte opbouende woorde wat nodig is om dié wat luister, te bevoordeel." [HK 57: 2008 Fiksie (Onthoupad na die see, Sjané van Aswegen)]

[5.99] Skep 'n ontspanne atmosfeer gedurende etenstye. *Moenie kos as "goed" of "sleg" etiketteer nie* en moet dit ook nie gebruik as 'n vorm van straf of vergoeding nie. [HK 76: 1911 Informatief (uit Fac et Spera 1 Okt.)]

Konstruksie 5.10a is 'n toepassing op [5.99] waar die aangesprokene nie direk aangespreek word nie, dit is 'n volledige imperatief wat begin met 'n werkwoord (moenis).

Konstruksie 5.10a: Volledige imperatief: Moenie [moenie] MODAAL [kos] OBJEK [as goed of sleg] VERGELYKENDE STUK [etiketteer] MENTALE WW [nie] DUBBELNEGATIEF ↔ [verpligting word opgelê om sekere handeling nie uit te voer nie]

[5.100] "Ek bly stil. Maar jy, Umzingeli, het nie vir die baas gesê nie, wil ek sê. Jy is ook bang. Maar ek bly stil. "Jy *moenie weer lieg nie*, Bonakele. Anderdag het jy ook gelieg in die rondawel. Saterdag, ja?" "Almal lieg partykeers ..." "Nou lieg jy weer, Bonakele!" [HK 97: 1918 Informatief (Oor Gesondheid, uit Die Huisgenoot)]

In Konstruksie 5.10b wat 'n toepassing is op [5.100] word 'n aangesprokene direk in die tweede persoon aangespreek en dit is in die vorm van 'n stelsin imperatief.

Konstruksie 5.10b: Stelsin imperatief: Moenie met tweede persoon: [jy] TWEDEPERSOONSUBJEK [moenie] MODAAL (graadbepaler) [lieg] WERKWOORD [nie] DUBBELNEGATIEF ↔ [Jy word verplig om 'n sekere handeling nie uit te voer nie]

[5.101] En met die tante. Dis net die mense wat so skinder omdat hulle nagáánde is omdat dit so voorspoedig gaan op Bergplaas." „*Moenie met my redeneer nie, Krisjan*. Ek sê weer: jy het niks daar verloor nie." „Ek het, ja, Pa." „En wat kan dít wees?" „Ann, Pa. Ann Alberts. [HK 121: 2007 Fiksie (Ons en die maan, M.C. Botha)]


Konstruksie 5.10c: Vokatief: [Krisjan] VOKATIEF [moenie] MODAAL [met my] VOORSETSELSTUK [redeneer] WERKWOORD [nie] DUBBELNEGATIEF ↔ [Vokatief word verplig om sekere handeling nie uit te voer nie.]

Die gebruik van *moenie* as imperatief vind meestal op hierdie drie wyses plaas (a) waar daar óf geen direkte aangesprokene is nie, maar 'n verpligting of eis word neergelê sonder dat dit gemik is op 'n spesifieke individu soos gesien in konstruksie 5.10a (bv. *Moenie iets doen nie*) Dit is 'n volledige imperatief wat begin met 'n werkwoord; óf (b) waar die subjek as aangesprokene in die enkelvoud/meervoud tweedepersoonsvoornaamwoord aangespreek word (jy; julle) soos gesien in konstruksie 5.10b (bv. *Jy moenie iets doen nie*). Hierdie voornaamwoord kan sintakties as subjek integreer (byvoorbeeld: **Jy moenie jou** werk doen nie). Hierdie sin is 'n stelsin imperatief. Derdens (c) is daar die vokatief met twee sintaktiese posisies: aan die begin (*Krisjan, moenie met my redeneer nie*) of einde van die sin [5.101].

Die roete waarlangs *moenie* ontstaan en ontwikkel het sal vervolgens gevolg word deur op twee aspekte te fokus: A) Die sintaktiese ontwikkeling van *moenie* van stelsin tot imperatief en B) Die betekenisuitbreiding van *moet nie* as konstruksie tot die ontstaan van die kontraksievorm daarvan – *moenie* – as afsonderlike en nuut geëvolueerde en selfstandige modale hulpwerkwoord.


A) Die sintaktiese ontwikkeling van *moenie*

In **figuur 5.19** word daar gedemonstreer hoe *moenie* in periode 1 as stelsin en imperatief gebruik is, maar sedert periode 2 is daar voorkeur gegee aan die gebruik van *moenie* as imperatief.



Figuur 5.19 Sintaktiese ontwikkeling van *moenie*

Die stelsin imperatief (konstruksie 5.10b) en vol imperatief (konstruksie 5.10a) het saam begin ontwikkel maar mettertyd het die imperatiefvorm dominant geword en teen periode 4 is dit die algemene gebruik van *moenie*. Die vokatief se gebruiksgetalles is deurgaans baie laag en speel geen bepalende rol in die ontwikkeling van *moenie* nie en dit is in die meeste gevalle in elk geval ook 'n stelsin (Piet, jy *moenie*) of imperatief (Piet, *moenie*). 'n Mikrosemantiese ondersoek soos gedemonstreer in figuur 5.20 het gaan ondersoek instel na die deontiese krag waarmee *moenie* oor die verloop van die eeu gebruik is en dit is opmerklik dat die stelsin se krag aanvanklik sterker was as die imperatief wat aanvanklik meer beleefd was maar sedert periode 3 al hoe sterker uitgedruk is.



Figuur 5.20 Mikrosemantiese en sintaktiese ontwikkeling van *moenie*


Teen periode 4 is die krag waarmee die imperatief uitgedruk word oorwegend hoog. Dit word gesien in die volgende voorbeeldsinne:

[5.102] Ons het hulle daarom lekker vasgetrap nê?" "*Moenie*, ek krij nou nog lag als ek daaraan denk," antwoord Johan. "En man, het ons nie 'n lekker slag geslaan nie?" [HK 73:1918 Fiksie (Sijn pa se skuld, D. P. du Toit)] {mediaansterkte}

[5.103] Sylvester is asvaal geskrik en staan gespanne naby sy tante. Moenie nader kom nie! waarsku juffrou Vuurvas toe sy vir ma Rose-hulle gewaar. [HK 117: 2008 Fiksie (Tim-Tam se Afrika-Avontuur, Sheugnet Buys)] {hoë sterkte}

Voorbeeldsin [5.102] uit periode 1 is mediaansterkte want daar is geen verpligting verbonde aan hierdie gebruik nie, terwyl die spreker in voorbeeld [5.103] uit periode 4 die aangesprokene verbied om te beweeg om sy lewe te beskerm. Die stelsin se krag


vertoon deurlopend 'n mediaansterkte terwyl die imperatief se sterkte toeneem. Die stelsin is 'n meer beleefde aanslag as die imperatief wat sterk en gesigsbedreigend is.



Figuur 5.21 Korpusvergelykende ondersoek na *moenie*

'n Korpusondersoek na twee gesproke korpusse en hierdie studie se hoofkorpus, die Historiese korpus, sowel as 'n vergelyking daarmee met die verskillende tekste waarin *moenie* gebruik is, is 'n aanduiding dat die konteks waarbinne *moenie* gebruik word, 'n rol speel in die gebruik daarvan as stelsin of imperatief. 'n Grafies-statistiese opsomming van hierdie ondersoek is in figuur 5.21 vergestalt. Syfers is gebaseer op genormaliseerde getalle vanweë die verskil in die korpusgroottes. Ironies genoeg gee die Ponelis Gesproke korpus (1970's) sowel as die Gesproke korpus (2000's) voorkeur aan die gebruik van die stelsin (*jy moenie*), teenoor die Historiese Korpus wat al vanaf periode 2 eerder *moenie* as imperatief uitdruk. 'n Moontlike verklaring hiervoor is die konteks waarbinne die gesproke korpusse saamgestel is. Ponelis se korpus en die Gesproke korpus (2000) maak nie gebruik van situasies waarin daar 'n tipe gesagsfiguur is wat opdragte aan 'n aangesprokene gee nie. Die tipiese stelsin 'jy moet dit doen' met 'n meer raadgewende invalshoek is eerder gepas in Ponelis en die Gesproke korpus waar daar onderhoude met mense gevoer is. Dat konteks belangrike

inligting gee oor die betekenis en funksie maar ook die ontwikkeling van 'n werkwoord word ook in die teksgenreontleding gedemonstreer:



Figuur 5.22 *Moenie* se teksgenreverspreiding

By nabetraging van *moenie* se diachroniese tekstipe-gebruik kom dit voor asof *moenie* aanvanklik hoofsaaklik in narratiewe tekste in die dialoogvorm gebruik is (voorbeeld [5.104] uit periode 2). Dialoog in fiksie en biografieë druk dikwels 'n era se tipiese gesproke taal uit.

[5.104] „Asseblief, Mercia, gaan dadelik uit!” gebied hy beslis. „Nee, nee *moenie* gaan nie!” gil die man daar in die stoel. „*Moenie* gaan nie! Hy wil my vermoor!” [HK 113: 1942 Fiksie (As skaduwees daal, J.H. Grobler)]

Vanaf periode 3 word *moenie* ook in informele briewe gebruik (wat ook naby is aan 'n era se gesproke taal). *Moenie* is egter tydens die 20ste eeu nie in informatiewe of akademiese registers gebruik nie. Akademiese registers kommunikeer nie direk met 'n aangesprokene nie en dit is gevolglik te wagte dat mens nie die imperatief in hierdie tekste sal kry nie. Die drastiese toename van *moenie* in informatiewe tekste is egter 'n bewys dat *moenie* nie meer slegs in gesproke taal gebruik is nie maar ook in

informatiewe tekste is dit die uitdrukking van die negatiewe imperatief soos gesien in [5.105].

[5.105] Konifere groei aktief van die herfs tot die lente, en dis die regte tyd om die plante netjies te vorm. *Moenie* in ou hout agter die gesonde loof insny nie – verwyder eerder net die groeipunte met 'n skerp skêrtjie. [HK 126: 2006 Informatief (uit Tuis)]


Tot en met die 21ste eeu is negatiewe imperatiewe in informatiewe geskrewe tekste steeds uitgedruk deur die meer beleefde stelsin *jy moenie*. Informatiewe tekste bestaan uit verslaggewing, religieuse tekste en informatiewe tekste soos byvoorbeeld die *Huisgenoot* en hierdie register is 'n goeie platform waarteen 'n era se standaardtaal gemeet kan word aangesien dit die algemene publikasies is waaraan taalgebruikers blootgestel word. Die minimale gebruik van *moenie* in informatiewe tekste tydens die 20ste eeu, teenoor die verhoogdefrekwensiegebruik in die 21ste eeu, is 'n teken dat *moenie* deel is van Afrikaans se standaard geskrewe en gesproke taal met die unieke betekenis as uitdrukking van die negatiewe imperatief hieraan gekoppel. Hierdie konstruksie het geleidelik oor 'n tydperk van 100 jaar ontwikkel en is nou 'n volledig gegrammatikaliseerde modale hulpwerkwoordkonstruksie.

Die sintaktiese, mikrosemantiese en pragmatiese ontwikkeling van *moenie* is tot hier toe uiteengesit en samevattend lyk die konstruksionalisering van *moenie* soos volg:

- Gesproke taal lei tot die konstruksionalisering van *moenie*, soos gesien in periode 2 se narratiewe tekste, daarna stabiliseer dit.
- Die informele registers neem teen periode 3 ook hierdie gebruik meer geredelik oor en dit stabiliseer daarna.
- Informatiewe en formele tekste begin eers teen periode 4 die informele styl na te volg.
- Die konstruksionalisering is stellig in die eerste helfte van die twintigste eeu voltrek, maar die informele assosiasies beteken dat dit daarna geleidelik gevestig geraak het in geskrewe registers soos wat dit meer ontvanklik vir die informele styl geraak het.

Vervolgens 'n ondersoek na hoe *moet nie* as konstruksie uitgebrei het en aanleiding gegee het tot die ontstaan van die nuwe konstruksie *moenie*.

Wanneer die gebruik van die kontraksievorm *moenie* met die oorspronklike negatiewe vorm *moet nie* vergelyk word staan die volgende aspekte voorop:




Figuur 5.23 Diachroniese frekwensieverspreiding van *moet nie/moenie*

- Dit wil voorkom asof *moet nie* gedurende die twintigste eeu in meeste gebruike die aanvaarbare vorm van die uitdrukking van *moet* se ontkenning was.
- Die kontraksievorm *moenie* het eers sedert periode 4 met rasse skrede toegeneem.

Tot so onlangs as periode 3 was *moet nie* die vorm wat meer in gebruik was en *moenie* is eers sedert periode 4 algemeen in gebruik.

Ten opsigte van die sintaktiese ontwikkeling soos gesien in **figuur 5.24** is die gebruik van *moet nie* hoofsaaklik beperk tot stelsinne en dit is weinig gebruik as die imperatief. Die verhoogde gebruik van *moet nie* in periode 2 val saam met die frekwensietoename van *moet* in periode 2 soos bespreek onder 5.4.5 Hierna neem die algehele gebruik van *moet nie* af teenoor die drastiese toename van *moenie* deur die loop van die 20ste

eeu. Hierdie verandering in die gebruik van *moenie* dui op die grammatikalisering van *moet* se ontkenning tot die kontraksievorm *moenie*.



Figuur 5.24 Sintaktiese ontwikkeling van *moenie* en *moet nie*

5.5.2 BETEKENISNUANSES VAN *MOET NIE*

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof *moenie* die gebruik van *moet nie* verdring het, maar met die per hand data-analises van die steekproewe wat op *moet nie* en *moenie* uitgevoer is, is dit opvallend dat *moenie* en *moet nie* tog verskillende betekenisse onderskei en gevolglik kom beide tans algemeen in verskeie tekstipes voor. Soos reeds bespreek, is *moenie* die uitdrukking van die imperatief waar daar 'n spesifieke opdrag aan 'n individu of groep gerig word:

[5.106] Ek wou hom die laaste ent uittrek, maar hy het byna histories geskree:
 “*Moenie aan my vat nie!*” Weer was daar 'n waarskuwingsinjaal, en weer
 het ek nie daarna geluister nie. [HK (*moenie*) 25: 2007. Fiksie. 'n
 Vreemdeling op die deurtog]]

Aanvanklik was *moet nie* deurgaans die meer gebruiklike vorm van die ontkenning maar ten opsigte van die imperatief, wanneer daar 'n direkte aangesprokene is, het

moenie mettertyd meer algemeen geword. In voorbeeld [5.106] is daar 'n direkte aangesprokene en hierdie teks is uit die 21ste eeu. Voorbeeld [5.107] dateer uit periode 2 en vandaar die gebruik van *moet nie* eerder as *moenie*.

KONSTRUKSIE 5.11: *Moet nie*

5.11a [moet + (OBJEK/GRAADBEPALER) + nie (GRAADBEPALER)+ WW +nie +BYSIN REDEGEWEND] ↔ [Moet en nie aktiveer deontiese aanbeveling domein]


5.11b [moet + SUBJEK + PASSIEWE WW + nie + INFINITIEF]

[5.107] *Moet hulle nie* langer kook nie, want dan word hulle taai. (HK (moet nie) 243: 1948; Informatief; Christelik-Nasionale onderwysbeleid, F.A.K.)

Konstruksie 5.11a: Moet nie: [moet] MODAAL [hulle] OBJEK [nie] NEGATIEF i [langer] GRAADBEPALER [kook] WERKWOORD [nie] NEGATIEFii] ↔ [Moet en nie aktiveer deontiese aanbeveling-domein]

Die gebruik van *moet nie* het ten opsigte van ander gebruike nie verdwyn nie en hierdie ontkeningsvorm kom steeds veral as deontiese maar ook as dinamiese en epistemiese modaal voor.

Die gebruik van *moet nie* teenoor *moenie* se betekenis verskil veral ten opsigte van modale sterkte en *moet nie* kom veral voor as mediaangraadsterktemodaal (sien figuur 5.25) en dit val binne die 'aanbeveling-betekenisdomein' (kyk bespreking van deontiese *moet*). *Moet nie* is dus nie 'n sterk verpligtingsmodaal nie maar beslaan hoofsaaklik die aanbeveling-betekenisdomein.



Figuur 5.25 Mikrosemantiese ontwikkeling van *moet nie*

Konstruksie 5.11b is 'n toepassing op [5.108] en demonstreer hoe *moet nie* eerder 'n aanbevelingbetekenis onderskei en *nie* 'n sterk deontiese krag het *nie*.

[5.108] *Moenie* hulle goedkeuring soek wanneer dit by ouerskap kom *nie*.
 Kinders is beslis *nie* die sosiale gelyke van hul ouers *nie* en *moet daarom nie toegelaat word om as gelykes behandel te word nie*. [HK (moenie) 102: 1947 Fiksie (Die swaar pad terug, A. van Alphen)]

Konstruksie 5.11b:[moet] MODAAL + [daarom] REDEGEWENDE BYWOORD + [nie] NEGATIEF
 [toegelaat word] PASSIEWE WW [om as gelykes behandel te word] INFINITIEF **nie**
 NEGATIEFii ↔ [Moet met onbepaalde subjek en passief aktiveer aanbeveling domein]

Moet nie kom dikwels voor met bywoordelike skakels soos *dus* [5.109], *egter*, [5.110] *net*, *nou nie* voor wat dui op 'n spesifieke deiktiese konteks of dien as bevestigende of redegewende faktor. Hierdie voorbeelde is duidelik *nie* imperatiewe *nie*.

[5.109] Ons *moet dus nie* so gretig wees om uit hoofde van die veelgewraakte individualisme verwantskappe met Tagtig te soek *nie*; 'n digter soos Van

Wyk Louw en die Tagtigers kon eeue uitmekaar gelê het. (HK (moet nie) 109: 1949; Geesteswetenskappe; *Die duister digter*.)

[5.110] Die kinders *moet egter nie* gevra word om sinne te maak nie, maar wel om feite te konstateer, om "iets te vertel" oor 'n onderwerp. (HK (moet nie) 66: 1947 Geesteswetenskappe (Beginsels en metodes van die laer onderwys, J.C. Coetzee en H.J.J. Bingle)

Konstruksie 5.11b [kinders] SUBJEK [moet] MODAAL [egter] GRAADBEPALER [nie] NEGATIEF [gevra word] PASSIEWE WW [om sinne te maak nie] INFINITIEF ↔ [Moet nie en passief kombineer met infinitief en tree op as aanbeveling]

Konstruksie 5.11b kom voor wanneer *moet nie* + passief + infinitief saam gebruik word. In hierdie gevalle is die modale sterkte swakker en minder afdwingend as 'n imperatief en lyk dit eerder na 'n aanbeveling as 'n opdrag.

Wasserman (2014:35) sien *moenie* as die mees gegrammatikaliseerde vorm van *moet*. Hierdie fonologies en morfologies gereduseerde vorm van *moet* se negativering, is volgens haar semanties verbleik (semantic bleaching) vanweë die semantiese en pragmatiese veralgemening daarvan. Vanweë die toename in gebruiksfrekwensies van *moenie*, word aanvaar dat hierdie vorm dermate gegrammatikaliseer het, dat dit gesien word as unieke modaal met eiesoortige kenmerke byvoorbeeld as uitdrukking van die imperatief in Afrikaans.

Die ontwikkeling van *moenie* as eiesoortige, selfstandige modale hulpwerkwoord, kenmerk hierdie modaal as die enigste modaal wat in hierdie afgelope eeu die fase 2-grammatikaliseringproses, (soos uiteengesit in Hoofstuk 2 onder 2.2.3 en verduidelik deur Hopper en Traugott (2003:18) volledig ondergaan het.

The change whereby lexical items and constructions come in certain linguistic contexts to serve grammatical functions and, *once grammaticalized, continue to develop new grammatical functions.*


Hierdie ontwikkeling is ook die grootste vonds wat hierdie studie oplewer aangesien hier aangetoon word hoe *moenie* 'n unieke modaal met 'n eiesoortige betekenisfunksie

is, wat nie geëwenaar word in die verwante Germaanse tale Engels en Nederlands nie. *Moenie* as die uitdrukking van die negatiewe imperatief in die vorm van 'n modale hulpwerkwoord het nie 'n ekwivalente gebruik in enige van hierdie twee tale nie. Die roete waarlangs *moenie* ontstaan en ontwikkel het, is gevolg deur middel van 'n bespreking oor die sintaktiese, semantiese en pragmatiese ontwikkeling van *moenie* sowel as 'n bespreking oor die verskil tussen die konstruksie *moet nie* teenoor die geëvolueerde *moenie*.

Moes as preteritale vorm van *moet* bevat ook eiesoortige semantiese kenmerke, maar sekere betekenis van hierdie twee modale oorvleuel. Vervolgens 'n bespreking van *moes* se betekenisveranderinge.

5.6. BETEKENISNUANSES VAN *MOES*

Moes is hoofsaaklik 'n deontiese modaal maar vertoon ook epistemiese en dinamiese betekenis soos gesien in figuur 5.26.



Figuur 5.26 *Moes* se modale tipes

Elkeen van hierdie betekenisaarde word vervolgens bespreek.

5.6.1 DEONTIESE *MOES*

Deontiese *moes* het hoofsaaklik betrekking op noodsaaklike en verpligte handeling deur 'n eksterne deontiese bron soos wat dit in die verledetyd verwag is, byvoorbeeld:

[5.111] Sy verblyf aan die Gedenkskool was maar van korte duur, maar sy werk en optrede as onderwyser het allesins die belofte van sy jeugjare bevestig. Toe hy *moes* afskeid neem op 30 September 1896, het die skoolowerhede hom 'n adres aangebied waarin hulle getuig het:

[HK 237: 1950 Biografies (Sanger van die suikerbosrand, P.H. Langenhoven)]

Daar kom ook egter 'n hele aantal gebruike van *moes* in die hede voor soos gesien in:

[5.112] Die bokke *is* in 'n deel van die plaas met baie diep klowe wat omtrent vir 'n myl aanmekaar lê. Ek *moes* die bokke daardeur terugjaag rivier toe. Dit *maak* die afstand nog verder. [HK 128: 2006 Biografies (Kalaharijoernaal, Willem D. Kotzé)]

Deontiese *moes* kan nie as imperatief gebruik word nie, maar *moes* en 'n hoofwerkwoord druk verwagte verpligte gedrag uit soos afgedwing deur 'n eksterne bron

5.6.1.1 *MOES* AS VERPLIGTING MET EKSTERNE BRON

In voorbeeldsinne [5.113] – [5.115] is daar telkens 'n deontiese bron in die vorm van juridiese bepalings soos uiteengesit deur sekere regeringstipulasies. In al drie voorbeelde is die 'regering' die deontiese bron wat sekere gedrag of idees bepaal of vereis. In [5.113] is die Britse regering die deontiese bron wat Leyds van sekere perspektiewe *moes* oortuig het. In [5.114] was dit die Suid-Afrikaanse regering wat vereis dat 'Die President' sy beleid rondom 'n oorlog moet verander. Die VOC is in

[5.115] die deontiese bron wat bepaal dat Hendrik Schoeman steeds sy werk as matroos verrig.

[5.113] Hy was dus verbaas om uit Leyds se briewe te verneem van die Transvaalse *Regering* se kommer oor iets wat 'n natuurlike uitvloeisel van hul eie optrede was. Voorts het hy beweer dat sy openbare verklarings namens H. M. se Regering sowel as sy private versekerings aan Leyds self, Leyds *moes* oortuig het dat die Britse *Regering* hoegenaamd geen belang daarby het of enige bedoelings koester om die onafhanklikheid van die Z.A.R. in die gedrang te bring nie, altans solank die Z.A.R. die bepalings van die Konvensie van 1884 stiptelik nakom. [HK 293: 1980 Geesteswetenskappe (Dr. W.J. Leyds as Gesant... L.E. van Niekerk)]

[5.114] Die President *moes* sy beleid dus só wysig dat oorlog voorkom word. Dit is tog onmoontlik dat Engeland nie ons standpunt kan begryp nie!" het hy uitgeroep.

[HK 370: 1950 Biografies (Kommandant Danie Theron, J.H. Breytenbach)]

[5.115] In die konteks van Hendrik Schoeman se lewe en loopbaan is dit veral die ekwipasiehuus wat van belang is, want alhoewel hy oorgeplaas is van sy skip, was hy steeds in diens van die VOC en *moes* hy nog sy kontrak as matroos uitdien en sy skuld aan die Kompanjie terugbetaal.

[HK 130: 2004 Biografies ('n Duitser aan die Kaap 1724-1765, Karel Schoeman)]

Die eksterne deontiese bron wat sekere gedrag aanbeveel of vereis kan uit verskillende samelewingsgeledere kom, soos gesien in [5.116] en [5.117] waar religieuse voorskrifte gedrag bepaal.

[5.116] Nadat Moses die volk uit Egipte gelei het, *moes* die volk weens sonde en opstand teen die Here vir veertig jaar in die woestyn swerf. [HK 189: 2007 Religieus (Is jy regtig ernstig oor jou verhouding met die Here)]

[5.117] Om as groep te kon oorleef, moes die vroeë mense hulle seksuele gedrag orden om interne konflik te verminder. Hulle *moes* sorg vir 'n maksimum getal kinders om hulle eie getalle te kon opbou. [HK 209: 2007 Religieus (Liefde is die grootste, Cas Vos Dirk Human reds)]

In voorbeeldsin [5.118] het 'n kontrak geteken met 'n kleinhandel organisasie, OK, 'n boer verplig om deurlopend slagbeeste beskikbaar te hê. OK as die deontiese bron wys dat instellings of organisasies mense se gedrag kan kontroleer en bepaal

[5.118] Twee dekades gelede het hy 'n kontrak met OK Voedsel beding (wat hy vandag nog het) om reg deur die jaar weekliks vleis te lewer. Hulle *moes* dus sorg dat hul deurlopend slagbeeste het en het van 'n kalftyd afgesien. Toe die dektyd gestaak is, is 8 % meer kalwers gebore. [HK 220: 2006 Verslaggewing (Landbou Weekblad)]

Hierdie deontiese bron wat sekere gedrag aanbeveel, kontroleer of bepaal, kan óf instellings en organisasies wees soos gesien in [5.118] óf regerings soos gesien in [5.114] of religieuse verpligtings [5.116]. Deontiese bronne kan dus kultureel en op 'n makrosamelewingsvlak groot groepe mense se gedrag bepaal. Deontiese bronne kan ook op 'n kleiner skaal gedrag vereis soos byvoorbeeld in [5.119] waar 'n deontiese bron 'n individu is wat in 'n bepaalde verhouding tot 'n ander mens staan en van daardie mens iets verwag.

[5.119] Sy doen dit nie graag nie. Sy wou nog nooit Sonia as 'n wapen gebruik nie, maar nou gaan sy. Daarom het sy Sonia netnou by haar woonstel geskakel en gesê sy kom haal haar oor 'n halfuur. Dis baie dringend en Sonia moet asseblief alle ander dinge uitstel of afstel. Sy *moes* dit doen, want sy kon hoor hoe Sonia haastig eers hierdie kant toe en toe daardie kant toe dink om 'n skuiwergat te kry. [HK 418: 1978 Fiksie (Rooi Rose)]

Die uitdrukking van *moet* en *moes* met 'n eksterne deontiese bron verskil nie in modaliteit of modale krag nie, maar dit is 'n temporele verskil aangesien *moes* verpligting vanuit 'n verledetydsperspektief uitdruk. Sien 'n bespreking van *moet* as verpligting met eksterne bron onder 5.3.1.2. Voorbeelde [5.36] – [5.38] het ook 'n

eksterne of uitvoerende bron wat verpligting uitdruk net soos die voorbeelde in [5.113] – [5.119], die verskil is tempus en nie modale krag nie.

Die prototipiese gebruik van deontiese *moes* het 'n eksterne bron wat sekere gedrag van 'n subjek-referent verwag:

Konstruksie 5.12: Deontiese *moes*:

**[Deontiese bron: [SUBJEK + moes + OBJEK + MATERIËLE/MENTALE WW] ↔
[n eksterne deontiese bron vereis sekere gedrag van 'n subjek-referent]**

Die prototipiese deontiese *moes* voorbeeldsin is [5.120] en die konstruksie hiervan lyk soos volg:

**Konstruksie 5.12: [sy] SUBJEK [moes] MODAAL [dit] OBJEK [doen] WERKWOORD ↔
[Omstandighede in verhouding dwing 'n individu om sekere gedrag te verrig]**

In *moes* se deontiese konstruksienetwerk is die prototipiese betekenis die uitdrukking van 'n deontiese bron se verwagting wat op 'n subjek geplaas word om 'n sekere gedrag in die verledetyd uit te druk. Hierdie prototipiese konstruksie word egter in baie omstandighede uitgebrei deur (a) redegewende bysinne met *want* as redegewende voegwoord, byvoorbeeld:


[5.120] Sy *moes* dit doen, **want sy kon hoor.**

en deur (b) bywoordelike bepalinge en voorsetselstukke wat aanleiding gee tot doelsinskonstruksies, byvoorbeeld:

[5.121] Hulle *moes* sorg vir 'n maksimum getal kinders **om hulle eie getalle te kon opbou.**

[5.122] ...*moes* die volk **weens sonde en opstand teen die Here** vir veertig jaar in die woestyn swerf.

Die konstruksienetwerk van prototipiese *moes* maak dus voorsiening vir die moontlikheid vir hierdie redegewende en doelsinskonstruksies as uitbreiding van die prototipiese konstruksie:



Figuur 5.27 Konstruksienetwerk van deontiese *moes*

Deontiese *moes* het slegs een prototipiese konstruksie naamlik die gebruik van *moes* as verledetyduitdrukking van verpligting soos daargestel deur 'n uitvoerende eksterne bron (sien voorafgaande bespreking). Hierdie konstruksie kan wel uitgebrei word deur redegewende of doelsinskonstruksies. Deontiese *moes* is semanties meer beperk as deontiese *moet* aangesien deontiese *moet* ook dieselfde funksie het as deontiese *moes* (uitdrukking van verpligting deur uitvoerende bron maar in die hede), maar dit kan ook as taalhandeling gebruik word en die imperatief uitdruk (sien 5.3.1.1).

5.6.2 DINAMIESE *MOES*

Dinamiese *moes* betrek die noodsaaklikheidsbetekenissparameter en verwys na verwagte of vereiste gedrag soos bepaal deur die interne deelnemer. Daar word onderskeid getref tussen dinamies-interne en dinamies-eksterne *moes*.

5.6.2.1 DINAMIES-INTERN

Hier lê die subjek-referent self en nie 'n eksterne deontiese bron nie, sekere persoonlike doelstellings neer. Die subjek word óf in die eerste (soos gesien in [5.123] en [5.124]) óf derde persoon (in [5.125]) uitgedruk.

[5.123] *Ek moes* wegbly van Umzingeli, het ek besluit, en so min moontlik van Matoli sien. [HK 115: 1978 Fiksie (Matoli, E. van Heerden)] {sien konstruksie 9.10}

[5.124] *Ek moes* teen my sin maar glimlag, maar kop gee kon en wou ek nie. [HK 127: 1976 Fiksie (Op pad na die grens, J.C. Steyn)]

[5.125] *Hy* het lank doelloos in die dorp rondgedwaal voordat hy besef het dat hy 'n plan *moes* maak om êrens heen te gaan. [HK 365: 1946 Fiksie (Terug, H.F.B. Nel)] {sien konstruksie 9.10}

Die derde persoon as subjek-referent kom voor in narratiewe tekste (fiksie en biografieë) sowel as in informatiewe tekste waar die persoonlike doelstellings vanuit die perspektief van 'n interne fokaliseerder ter sprake is byvoorbeeld [5.126] uit 'n informatiewe teks, word die persoonlike behoefte of doelwit deur die hy/hom as interne fokaliseerder uitgespreek om op te hou rook:

[5.126](Sigarette was altyd vir hom 'n gruwel.) Op die ou end *moes* hij homself egter in alle erns gaan afvraag: "Durf ek langer volhou met 'n gewoonte wat mij hoe langer hoe meer in mij gezondheid benadeel? [HK 139: 1920 Informatief (allerlei, uit Die Huisgenoot)]

5.6.2.2 DINAMIES EKSTERN

By dinamiese eksterne *moes* is dit sekere omstandighede wat die interne deelnemer of subjek-referent daartoe genoop het om sekere gedrag uit te voer. Hierdie omstandighede het daartoe gelei dat die subjek-referent geen ander keuse gehad het as om die gedrag uit te voer nie. In voorbeeld [5.127] word verduidelik hoe Britse bevelvoerders in die oorlog verloor het, en eksterne omstandighede (die oorlog) het dit veroorsaak.

[5.127] Die een na die ander Britse bevelvoerder is uitgestuur om hom vas te trek, maar almal, Bethuen, Babington, Dixon, Clements, Cunningham, Kekewich en andere, *moes* met groot verliese die aftog blaas. [HK 16: 2007 Biografies (De la Rey Die leeu van Wes-Transvaal, Fransjohan Pretorius)]

[5.128] Bietjie swaarkry in die begin *moes* ook sy vrou *regmaak* vir die toekoms.[HK 23: 1942 Fiksie (Die winter gaan verby, T.C. Pienaar)]

[5.129] Die land is deur vyande vernietig en die volk is in ballingskap weggevoer. Hulle *moes* op die harde manier *leer* dat daar net Een is wat vir hulle sorg – die Here – en niemand anders nie [HK 210: 2006 Religieus (Hekke op ons lewenspad)]

In [5.128] het swaar omstandighede die spreker se vrou voorberei op 'n moeilike toekoms. Die omstandighede het die vrou voorberei om op 'n sekere manier te bestaan, te wees en hierdie konstruksie word vergestalt in **konstruksie 5.15**. Nog 'n voorbeeld hiervan word gesien in [5.130].

[5.130] Die mense wat eers in Suid-Afrika kom woon het, die burgers van die westelike Kaapland, het hulle *moes* **skik** naar totaal **nuwe omstandighede**. [HK 212: 1919 Informatief (oor Patrone, uit Die Boerevrou)]

In [5.129] het God se volk ook sekere uitdagings ervaar, wat hulle gedwing het om sekere dinge te leer. Subjek-referente word deur omstandighede gedwing om op 'n

sekere manier te dink (mentaal) of te doen (materieel) en hierdie konstruksie word vergestalt in **konstruksie 5.15**. Voorbeeld [5.131] is nog 'n voorbeeld waar die subjek-referent se bestaan (se 'wees') vanweë sekere omstandighede gerig word. Die werkwoord 'verduur' is 'n eksistensiële werkwoord.

[5.131] Aan die begin van die oorlog was dit slegs angs wat hulle vir hul mans en broers *moes* verduur, maar nou voer die vyand meer oorlog met die vroue en kinders as met mans. [HK 46: 2007 Biografies (Christiaan Rudolph de Wet, M.C.E. van Schoor)]

Dinamiese *moes* het drie prototipiese konstruksies:

Konstruksie 5.13– 5.15: Dinamies-intern *moes*:

5.13 [ek/hy/sy + moes + OBJEK + MATERIËLE WW] ↔ [die subjek-referent self is die bron wat sekere gedrag bepaal]


Konstruksie 5.14: Dinamies-ekstern *moes*:

5.14 [Eksterne omstandighede: [SUBJEK + moes + OBJEK + MENTALE/MATERIËLE WW] ↔ [eksterne omstandighede berei subjek voor om sekere mentale of materiële gedrag uit te oefen]

Konstruksie 5.15: Dinamies-ekstern *moes*:

5.15 [SUBJEK_{omstandighede} + moes + OBJEK + EKSISTENSIËLE/MENTALE WW] ↔ [omstandighede is subjek wat 'n menslike objek voorberei om op 'n sekere manier te wees of op te tree]


Dinamiese *moes* se konstruksienetwerk lyk soos volg:



Figuur 5.28 Die konstruksienetwerk van dinamiese *moes*

5.6.3 EPISTEMIESE *MOES*

Moes vertoon meer epistemiese gebruike as *moet*. *Moet* het 11% (sien **figuur 5.12**) en *moes* het 17% epistemiese gebruike (sien **figuur 5.26**) *Moes* het voorwaardelike, moontlike, teenfeitelike en hipotetiese en waarskynlike betekenis wat lê op 'n glyskaal van laesprekersekerheid (voorwaardelike *moes*) tot baie hoë sprekersekerheid.



Figuur 5.29: Epistemiese skaal moes

Voorwaardelijke *moes*

Voorwaardelike *moes* verskyn meestal in die protasisgedeelte van voorwaardelike konstruksies soos in voorbeeld [5.132]. *Moes* verskyn slegs in die apodosis wanneer *moes* self in die protasis ook gebruik word soos in voorbeeldsin [5.133].

[5.132] **As** dit ooit op die keuse tussen die Afrikaner-kind se toekoms as Afrikaner, en die onder-wyser se stoflike belange *moes* kom, ly dit nie die minste twyfel dat die onderwyser die groot offer *sou* bring nie, en aan die kant van die kind staan soos wat hy dit na die Tweede Vryheidsoorlog gedoen het [HK 28: 1943 Verslaggewing (Onderwysblad vir Christelike en nasionale onderwys en opvoeding)]

[5.133] **As** hulle dit dus met elke buitelanders wat in Duitsland was, *moes* doen, *moes* hulle voorwaar bedrywig gewees het. [HK 102: 1948 Biografies (By die sterfbed van 'n volk, M.J. Pienaar)]

Voorwaardelike *moes* vertoon irrealisbetekenisse, aangesien *moes* nie slegs hier op gebeure in die verlede tyd dui nie, maar ook oor moontlike situasies in die toekoms spekuleer. Die gebruik hiervan is teenfeitelik en irrealis aangesien dit onseker is of hierdie gebeure ooit sal realiseer soos gesien in [5.134] en [5.135].

Voorwaardelike *moes* met irrealisbetekenis het dikwels *moes* in die protasis en *sou* in die apodosisgedeelte van die konstruksie.

[5.134] *Indien* dit met stene gebou *moes* word, *sou* dit hulle R88 000,00 uit die sak jaag, waarvoor hulle nie kans gesien het nie. [HK 148: 2009 Formele brief (04-06)]

[5.135] As dit van my *moes* afhang, *sou* ek sonder versuim vir Ruys en Japie agter die tralies stop." [HK 317: 1941 Fiksie (Hy is die man, Duro)]

Die konstruksies vir voorwaardelike *moes* lyk soos volg:

Konstruksie 5.16: Voorwaardelike *moes* 1:

5.16a [as/indien + SUBJEK + OBJEK + *moes* + MATERIËLE WW/*moes* + SUBJEK + OBJEK + MATERIËLE WW] ↔ [realisering van voorwaardelike omstandighede in protasis en apodosis is onwaarskynlik]

Die konstruksie met *moes* in die protasis en *sou* in die apodosis is 'n vaste vorm-betekenis-konstruksie en dit lyk so:

Konstruksie 5.16b: Voorwaardelike *moes* 2:

5.16b [as/indien + SUBJEK + OBJEK + *moes* + MATERIËLE WW, *sou* + OBJEK + SUBJEK + MATERIËLE WW] ↔ [voorwaardelike gegewens in protasis en apodosis is onwaarskynlik om plaas te vind]

5.6.3.1 MOONTLIKHEID-MOES

Sprekeronsekerheid word uitgedruk deur modale bywoorde soos *miskien* en *moes* soos gesien in [5.136] en [5.137]

[5.136] **Miskien** omdat ek baie *moes* sukkel met die donkies en hulle nukke. Miskien vandag en vanaand se baie huiswerk. [HK17: 942 Geesteswetenskappe (Die puberteitslewe van meisies volgens hul dagboeke, C.J.F.C. Niemann)]

[5.137] **Miskien** *moes* hy maar Hans Alberts se aanbod aanvaar het. [HK 313: 1980 Fiksie (Wat op die middag verwoes, M. Bakkes)]

Die gebruik van *moes* en bywoorde wat moontlikheid uitdruk soos byvoorbeeld *miskien*, *dalk* en *moontlik* is 'n algemene skema aangesien enige van hierdie bywoorde kan inskuif in die bywoordposisieform. Die gebruik van hierdie bywoorde soos gesien in voorbeelde [5.136] en [5.137] is telkens om 'n verklaring of alternatief vir 'n sekere situasie te gee. Op die mikrovlak word daar voorsiening gemaak vir die gebruik van hierdie tipe bywoorde.

Konstruksie 5.17: Moontlikheid *moes* 2:

[(miskien/dalk/moontlik) + SUBJEK + *moes* + OBJEK + WW] ↔ [Moontlike verklaring of alternatief vir subjek/situasie word gegee]

5.6.3.2 HIPOTETIESE EN TEENFEITELIKE *MOES*

Dit blyk dat daar drie verskillende tipes hipotetiese konstruksies bestaan soos gesien in die volgende voorbeelde:

Tipe 1: *moes* + verlede deelwoord + het

In Tipe 1 word *moes* gebruik gevolg deur die verlede deelwoord en het soos gesien in [5.38] tot [5.140]. Tipe 1 lyk soos 'n **bespiegeling** soos gesien in die voorbeelde:

[5.138] Haar toorn is bitter ontstoke soos dié van 'n Jona. So *moes* Jona *gevoel* *het* toe hy deur die Nineviëte uitoorlê is. Sy het ook dopgehou, nes Jona.

[HK 396: 1947 Fiksie (Voor die hek, S. Steyn)]

[5.139] Ek *moes* op die plek *gewee* *het* dat hy daardie Saterdagoggend van die huis af weggeloop *het* [HK 118: 2007 Fiksie ('n Vreemdeling op deurtog, Hennie Aucamp)]

[5.140] Plaas jouself eerder in die toekoms, sê maar die jaar 2005, en vra jouself dan af wat jy in die afgelope vyf jaar *sou moes geleer* *het* om suksesvol te oorleef. [HK 401: 2001 Informatief (uit Die Huisgenoot)]

Hipotetiese *moes* is 'n geskatte aanduiding en gee 'n voorlopige verklaring van sekere gedrag. Hipotetiese *moes* het 'n vaste vorm-betekenis-kollokasie met *sou*. Die konteks kan in die hede of verlede geplaas word. Indien dit in die verlede geplaas is (Tipe 2), is die betekenis eerder 'n **voorlopige verklaring** soos in [5.141] maar dit is 'n **geskatte aanduiding of beraming** indien die konteks in die hede geplaas is soos Tipe 3 in [5.142].

Tipe 2: *Sou + moes* in die verlede

[5.141] Hy *sou* andersins ook belasting *moes* betaal op die fondswaarde min R1 800. [HK 29: 2007 Verslaggewing (Rapport)]

Tipe 3: *Sou + moes* in die hede

[5.142] Die leser, 'n voormalige streeklanddros en oud-lid van die staat se pensioenfonds (GEPF), *sou* volgens sy makelaar se berekeninge, skryf hy, by aftrede sowat R57000 aan belasting *moes opdok* op die kontantgedeelte (gratifikasie) van sy aftreegeld. [HK 30: 2007 Verslaggewing (Rapport)]

Hierdie drie tipes hipotetiese *moes*-konstruksies is konstruksies met Tipe 1: *moes* + *verlede deelwoord* en *het*; konstruksies met Tipe 2: *sou* + *moes* in die verlede en Tipe 3: *sou* + *moes* in die hede.

Hierdie vorm-betekeniskonstruksies lyk soos volg:

Konstruksie 5.18: Tipe 1 hipotetiese *moes*, *verlede deelwoord* en *het*:

[SIBJEK + *moes* + *verlede deelwoord* + *het*] ↔ [’n voorlopige voorspelling oor ’n subjek se mentale of emosionele staat word gemaak]

Konstruksie 5.19: Tipe 2 hipotetiese *sou* + *moes* (verlede):

[SUBJEK + *sou* + OBJEK + *moes* MATERIËLE WW] ↔ [voorlopige verklaring word gegee vir gedrag wat in verlede tyd plaasgevind het]

Konstruksie 5.20: Tipe 3 hipotetiese *sou* + *moes* (hede):

[SUBJEK + *sou* + *moes* + OBJEK + MATERIËLE WW] ↔ [’n geskatte aanduiding word gemaak oor verwagte gedrag]

5.6.3.3 WAARSKYNLIKHEID *MOES*

Waarskynlikheid *moes* dui ’n baie sterk sprekersekerheid aan deur die gebruik van modale bywoorde soos *skynbaar* en *noodwendig* soos gesien in [5.143] en [5.144].

[5.143] Die bedoeling in die vyftiendeeuse resep (sonder aanwysings) was *skynbaar* dat die reusel uitgebraai *moes* word en die kaiings deel van die koekies *moes* wees, terwyl die uitgebraaide vet gebruik is om die koekies in te bak [HK 2006 Informatief (Die geskiedenis van Boerekos 1652-1806, H.W. Claassens)]

[5.144] [Die] lange en onmiddellike aanraking met die wildedier, *moes noodwendig* sy neerslag in ons letterkunde laat [HK 494: 2007 Geesteswetenskappe (Aan die anderkant... Hein Willemse)]

Hierdie betekenis vertoon geen vaste vorm-betekeniskonstruksies nie en word nie op die mikrovlak uitgebeeld nie.

Die konstruksie vir waarskynlikheid *moes* lyk soos volg:

KONSTRUKSIE 5.21 Waarskynlikheid *moes*

[SUBJEK + *moes* + MODALE BYWOORD + WW] ↔ [Hoë sekerheid oor waarskynlikheid van situasie in verlede]

Die kollokasie van *moes* + *wees* en *moes* + *gewees* *het*, druk ook sterk sprekersekerheid uit en word ook as waarskynlikheid *moes* gekategoriseer. Hierdie gebruik vertoon wel 'n vaste vorm-betekenis wat op die mikrovlak uitgedruk word.

[5.145] Die siekte van die twee dogters het egter daagliks vererger, en spoedig het oom Christiaan Neethling *besef* dat daar iets ernstigs gaande *moes* *wees*. Doktershulp is ontbied, dog ook die beste medici van Johannesburg kon hul lewe nie red nie. [HK 145: 1950 Biografies (Kommandant Danie Theron, J.H. Breytenbach)]


[5.146] Die vlakvark-reuk wat sy kry, toe sy opdraf en ondersoek instel, en die gekrap en gewerskaf onder in die gat, *moes* na haar sin *gewees* *het*; want nadat sy die grond rondom die gat, en die kol pendorings weer 'n slag deeglik deursnuffel het, stap sy sowat twaalf tree van die bek van die gat af en gaan self aan die gawe.

[HK 147: 1948 Fiksie (Vlam van die Bantomberge, G.C. en S.B. Hobson)]

Die vaste kollokasie van *moes* + *wees/gewees* *het* word in konstruksie 22 vergestalt:

Konstruksie 5.22: Waarskynlikheid *moes* met *wees/gewees het*:

[SUBJEK + *moes* + *wees/gewees het*] ↔ [Hoë sprekersekerheid oor subjek se eksistensiële staat word uitgedruk.]




Figuur 5.30 Die konstruksienetwerk van epistemiese *moes*

Met *moes* se betekenisaarde nou uiteengestippel word *moes* se diachroniese verandering oor die vier betrokke periodes onder die loep geneem.

5.7 MOES SE DIACHRONIESE ONTWIKKELING

5.7.1 MOES SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

In **figuur 5.31** kan gesien word dat *moes* se gebruiksgetalle effens toegeneem het tydens periode 2, taamlik afgeneem het in periode 3 en weer gestyg het in periode 4.




Figuur 5.31 Diachroniese frekwensieverspreiding van *moes*

Die gebruiksfrekwensie wissel van 272 gebruik in periode 1 tot 230 in periode 4 en die enigste oënskynlike verskil is in periode 3 waar die getalle aansienlik verskil teenoor die ander periodes. *Moes* neem toe met slegs 4% tussen periode 1 en 2 en hierdie toename is nie statisties beduidend nie. Daarna neem *moes* af in periode 3 met 35% en hierdie getal is statisties beduidend met 'n log-waarskynlikheid van 21 en 'n kritiese waarde van 15.13 waar $p < 0.001$. Vanaf periode 3 na 4 neem die gebruik van *moes* weer toe met 24% wat ook statisties beduidend (lae graad) is met 'n log-waarskynlikheid van 4.74 met 'n kritiese waarde van 3.84 waar $p < 0.05$. Die gebruik van *moes* in die 21ste eeu (periode 4) is egter steeds laer as in periode 1 en die gebruik van *moes* het dus oor 100 jaar afgeneem met 15% wat statisties beduidend is aangesien die log-waarskynlikheid 8 is met 'n kritiese waarde van 6.63 waar $p < 0.01$.

5.7.2 MOES IN VERSKILLENDE TEKSGENRES

Vervolgens word die gebruike van *moes* in verskillende teksgenres vergelyk in figuur 5.32:



Figuur 5.32 *Moes* se teksgenreverspreiding

Wanneer die gebruike van *moes* in die verskillende teksgenres aan bod ondersoek word, is dit opvallend dat *moes* sedert periode 1 taamlik eweredig verspreid in narratiewe en informatiewe tekste voorkom waarvan narratiewe tekste die hoogste voorkoms vertoon. *Moes* word telkens (buiten vir periode 2) meer algemeen in narratiewe tekste as in ander tekste gebruik. In periode 1 is 47% gebruike van *moes* vanuit narratiewe tekste, in periode 2 verteenwoordig narratiewe tekste 29% van *moes* gebruike; in periode 3 is 37% en in periode 4 is 39% van alle *moes* – gebruike in narratiewe tekste. Die tweede hoogste gebruiksfrekwensie van *moes* kom vanuit die informatiewe tekste se geledere, 40% van *moes*-gebruike in periode 1 kom in informatiewe tekste voor teenoor 25% in periode 2; 33% in periode 3 en 35% in periode 4. Die gebruik van *moes* in die formele konteks is betreklik stabiel vir 12 -14% van gebruike van *moes*, buiten vir periode 3 waartydens *moes* slegs 9% van alle


gebruik van *moes* verteenwoordig. Dit is nie 'n groot afname in die gebruik nie en teen periode 4 het *moes* weer gestabiliseer.

Ten opsigte van die gebruik van *moes* in informele tekste is daar 'n aansienlike verandering tussen periode 1 en die ander periodes aangesien daar geen gebruik van *moes* in informele tekste is tydens hierdie periode nie. Wanneer die woordelys van periode 1 nagegaan is, is daar egter 5 gebruike van die verouderde Nederlandse vorm van *moes* naamlik *moest* in die informele tekste gevind. Dit is 3 genormaliseerde gebruike van *moest* in elke 10 000 woorde. Gedurende die laat 19de eeu en vroeg 20ste eeu het Afrikaans grammatikaal heelwat afwykings van Nederlands bly vertoon en hierdie taal het op eiesoortige wyse begin ontwikkel. Gedurende hierdie tydperk het Nederlandse werkwoorde wat eindig op 'n -t dikwels hierdie -t verloor soos byvoorbeeld met die modaal *moes* wat in Nederlands *moest* is. Hierdie korpus dui aan dat *moes* in plaas van *moest* vroeër in narratiewe, informatiewe en formele tekste as in die informele register gebruik is. Met die informele register as naaste vorm aan spreektaal wil dit voorkom asof geskrewe taal die vorm van *moes* vroeër oorgeneem het as informele taal en hierdie voorbeeld wyk af van die norm aangesien taalverandering meestal eers in informele registers plaasvind alvorens dit beslag vind in die meer formele standaardtaal. *Moest* het tydens taalverandering en die ontwikkeling van Afrikaans die t-uitgang na stemlose frikatiewe soos [s] verloor. Hierdie verlies van die [t] staan bekend as die apokopee van [t]. Volgens Kloeke (1950) Scholtz: (1963, 1972); Raidt (1971) en Snyman (1979) wil dit voorkom asof die apokopee van die [t] verskynsel na stemlose frikatiewe in werkwoorde teen die middel 1750's al voltooid is, maar Conradie (1986) en Deumert (2004) verwys na 'n minimale aantal uitsonderings waar [t] steeds tot en met die begin van die twintigste eeu nog weggeval het. Die bronne bespreek nie die wegval van [t] na *moest* nie maar dit wil voorkom asof die verwagting is dat gebruik van die [t] na *moes* ongewoon is in die twintigste eeu. Die gebruik van *moest* in die informele register van hierdie korpus bewys egter die teendeel, en dit wil voorkom asof *moest* deel vorm van 'n baie klein persentasie woorde wat wel nog eers aan die begin van die twintigste eeu die apokopee van die slot-t ondergaan het. Alhoewel *moest* algemeen in die informele

register tydens periode 1 gebruik word, is daar ook een gebruik van *moest* in die narratiewe sowel as in die formele register maar geen in die informatiewe register nie.

5.7.3 MOES SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Wanneer die betekenisnuanses van die twee vormlik verwante modale hulpwerkwoorde *moet* en *moes* vergelyk word, is daar ooreenkomste aangesien albei deontiese, epistemiese en dinamiese betekenisse vertoon. Daar is egter ook verskille aangesien *moes* meer dikwels as *moet* as epistemiese modaal gebruik word. Hierdie twee modale werkwoorde verskil nie slegs temporeel nie, maar die wesenlike semantiese karakter van elkeen is eiesoortig (Ponelis, 1979; De Villiers, 1971: Conradie, 2018).




Figuur 5.33 Diachroniese frekwensieverspreiding van *moes* se modale tipes

Moes, net soos *moet*, is oorwegend deonties van aard. Tradisioneel is die onderskeid tussen hierdie twee modale temporeel van aard en *moes* word nie in die verpligting/noodsaaklikheid-betekenisdimensies as opdragte en bevele uitgedruk nie. Die per-hand data-analises bevestig dat 69% van alle gebruike van *moes* deonties is, wat effens verskil van *moet* wat 'n hoër gebruiksfrekwensie van 75% het. Tussen

periode 1 en 2 verskil die deontiese gebruiksgetalle nie veel nie, maar dit neem drasties af in periode 3 wanneer dit met 46% daal. Hierdie afname stem ooreen met die algehele afname in die gebruik van *moes* tydens die sewentigerjare van die vorige eeu. Aanvanklik was *moes* hoofsaaklik 'n deontiese modaal aangesien 77% van alle gebruike van *moes* in periode 1 deonties van aard was. Sedert periode 2 het epistemiese *moes* in die vorm van hipoteses en voorwaardelike sinne spoedig opgang gemaak. Daar is 'n 114% groei van periode 1 na 2 maar ooreenstemmend met ander gebruike van *moes* neem die getalle ook in periode 3 af met 33%. Die gebruik van epistemiese modaliteit stabiliseer egter en sedert periode 2 tot en met hedendaagse Afrikaans bly hierdie betekenis stabiel met tussen 17-22% gebruike van *moes* in Afrikaans. Dinamiese *moes* vertoon geen buitensporige groeikurwes tydens periode 1 tot 4 nie. Hierdie gebruik bly konstant teenwoordig te wees en wissel tussen 12-17% van alle gebruike van *moes* oor die hele tydperk van 100 jaar. Dinamiese *moes* vertoon ook net soos die ander gebruike 'n toename van periode 1 na 2, 'n afname tussen periode 3 en 4 en stabiliseer dan weer in periode 4. Daar is egter geen kenmerkende skerp dalings of toenames te bespeur soos met deontiese en epistemiese *moes* nie. Gevolglik wil dit voorkom asof deontiese *moes* se gebruike aanvanklik oorgeneem is deur epistemiese *moes* maar teen die draai van die 21ste eeu het deontiese *moes* weer sy stabiliteit herwin.

5.7.4 MOES SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Moes blyk nes *moet* 'n oorwegend hoë verpligting betekenis te dra soos gesien in figuur 5.34.




Figuur 5.34 *Moes* se mikrosemantiese ontwikkeling

Meer as 70% van alle gebruike van *moes* oor 'n tydperk van 100 jaar dra 'n hoë verpligtingbetekenis teenoor 29% mediaanverpligting en slegs 1% lae verpligting betekenis.

Deontiese *moes* se verpligtingsterkte

Figuur 5.35 demonstreer deontiese *moes* se verpligtingsterkte. Tussen afwisselend 66-76% gebruike van *moes* as deontiese modaal in al vier periodes word uitgedruk as 'n hoë verpligtingsterkte teenoor die verswakte gebruik daarvan wat tussen 24%-37% as mediaanverpligting gebruik word. Alhoewel *moes* meestal as die verledetydsvorm van *moet* optree, dra die betekenis daarvan hoofsaaklik 'n hoë verpligting.



Figuur 5.35 Deontiese *moes* verpligtingsterkte

Die funksie van *moes* in onderstaande bronne is om historiese gegewens weer te gee. In hierdie voorbeelde word gerapporteer oor situasies wat wetlik verplig was en dus het dit 'n hoë verpligting uitgedruk wat nou in die hede dienooreenkomstig gekategoriseer word. In [5.147] sowel as [5.148] word wetmatige regulasies uiteengesit wat behels dat oortreders vervolg sou word:

[5.147] Hulle is verbied om politieke vergaderings te hou of toesprake te maak. Hulle bewegings is gekontroleer: Aan elkeen is 'n tipe pas uitgereik wat deur die plaaslike magistraat gestempel *moes* word wanneer hulle toestemming ontvang het om te reis. [HK 165: 2009; Geesteswetenskappe; (Radelose Rebelle)]

[5.148] Die grondwetlike kommissie wat die raamwerk van Maleisië se grondwet ontwikkel het, het 'n sonsondergangklousule ingestel wat 15 jaar ná onafhanklikheidswording hersien *moes* word. [HK 182: 2007. Informatief. (Die keiser is kaal, waarom regstellende aksie misluk het)]

Moes se gebruik as hoë-verpligting modaal is egter nie slegs in die verlede tyd aangewend nie, maar ook in die presens. In sulke gevalle [5.149] en [5.150] wil dit

voorkom asof sekere regulasies op 'n tydstip in die verlede bepaal is maar gedrag word steeds in die hede en ook toekomstiglik beheer.

[5.149] *Maar ons wens* meer die oog te vestig op die Engelse Beeld wat aanbied *moes* word. [HK 4: 1918: Informatief (Eerste Skrywers, G.R. von Wielligh)]

[5.150] Spellinghervorming is ook in ons taal 'n noodsaaklike iets. Ons spelling gee in meer as een opsig 'n vals beeld van ons klanke—wat grotendeels daaraan toe te skrywe is dat die eerste opstellers van ons spelling hulle so ná moontlik aan die skryfwyse van die Vereenvoudigde of Kollewynse spelling van Nederlands, wat hier in ons land bekend is, *moes* hou. So skrywe ons v en f vir een en dieselfde klank, eenvoudig omdat ons oog gewend geraak het om in Nederlandse woorde v en f te sien; maar in Nederlands het dié letters verskillende klankwaardes, sodat daar in dié taal wel deeglik 'n grondige rede vir die twee tekens is. [HK 250: 1920. Geesteswetenskappe. (’n Paar gedagtes oor spellinghervorming)]

Ongerealiseerde verwagtings word dikwels in twee verskillende tempusse uitgedruk soos byvoorbeeld in [5.151] waar die gerealiseerde gedrag in die presens uitgedruk word teenoor die gewenste gedrag in die verledetyd.

[5.151] En hoe treurig dit ook mag klink, tog is dit waar, sommige mense doen net so met hulle lewenswa op die moeilike lewensreis die ons almaal moet aflê. Hulle *draai breek aan* waar hulle eigenlijk met die sweep *moes* woel. Daar is baie sulke mense, maar ik sal mij maar hierdie keer bij die "Vas"-familie bepaal. [HK 416: 1919. Informatief. (Die disselboom)]

De Villiers (1971:95) bevestig dat *moes* in bogenoemde geval slaan op dit wat behoort te gebeur het, maar tog nie plaasgevind het nie.

Wanneer die verpligte gedrag nie vanaf 'n juridiese outoriteitsbron soos byvoorbeeld 'n wet afkomstig is nie, is die verpligting swakker aangesien die omstandighede minder

gesigsbedreigend is. In hierdie gevalle vertoon *moes* 'n mediaan-sterkte betekenisonderskeiding:

- [5.152] Van skoolgaan het die slafies nie gehou nie en allerhande middele *moes* bedink word om hulle meer leergierig te maak. Daarom is besluit om aan elkeen met die sluiting van die skool elke middag 'n stukkie tabak en 'n sopie brandewyn te gee. Op die lange duur wou dit ook nie help nie. Die volkies het verkies om nie skool te gaan nie, maar liever in 'n grot buite die bereik van die Fort skuil te hou. [HK 310: 1942: Informatief. (Ons dokumente)]

Mediaansterkte verpligting word ook deur sprekeronsekerheid in die vorm van vrae uitgedruk soos in [5.153]:

- [5.153] Onder watter toestande en omstandighede *moes* hul die werk verrig? [HK 331: 1918. Informatief. (Eerste skrywers)]

Ook versoeke, instelling met opdragte druk eerder mediaan as hoë verpligting uit:

- [5.154] Die pragtige stuk Spiritual, I couldn't hear nobody pray, *moes* die koor op aandrang van die gehoor weer herhaal. [HK 368: 1975. Verslaggewing]

Sekere bywoorde soos byvoorbeeld die gebruik van woorde soos *bloot* in [5.155] en *dikwels* in [5.156] verlaag ook die verpligting en druk onsekerheid uit:

- [5.155] Die leiers van die onaanraakbares het self voorgestel dat regstellende aksie *bloot* 'n tienjaarproses *moes* wees om politieke teenstand en konflik te beperk. [HK 426: 2007. Informatief. Die keiser is kaal: Waarom regstellende aksie misluk het.]
- [5.156] *Dikwels* *moes* die Bybel as leerboek diens doen. [HK 86: 1950. Biografies. Sanger van die Suikerbosrand]

Die gebruik van die modale ketting *sou moes* [kyk konstruksie [5.19] en [5.20]] druk ook onsekerheid en gevolglik mediaanverpligting uit aangesien dit duidelik dui op ongerealiseerde verwagtings:

[5.157] Nietemin, as Pieter nie wou gekom het nie, *sou* hy sy tyd *moes* uitgedien of ten minste in die tronk gesit het totdat die geld hom oor die pos bereik het. [HK 438: 1946. Fiksie. Terug]

Wanneer *moet* en *moes* se deontiese gebruike diachronies vergelyk word, is dit veral in hierdie betekenisdimensie waar albei modale groot veranderinge ondergaan. Die grootste verandering ten opsigte van *moet* en *moes* kom in periode 4 te voorskyn en is ten opsigte van die deontiese betekenisdimensie.

Nie net neem die frekwensie van *moet* tydens periode 4 af nie, maar deontiese betekenis verminder en epistemiese en dinamiese betekenis verhoog. *Moes* vertoon 'n drastiese afname in periode 3 maar neem in periode 4 skerp toe en vertoon dan ook 'n betekenisverandering in die opsig dat epistemiese betekenis afneem maar deontiese betekenis toeneem. Die toename in deontiese *moes*-frekwensies teenoor die afname in deontiese *moet* dui moontlik op 'n semantiese taalverandering in hierdie twee modale hulpwerkwoorde.

In periode 1,2 en 3 is deontiese *moes* gemoeid daarmee om te wys op histories afdwingende en juridiese verpligtings en verwagtings soos bepaal deur sekere wette of sosiale reëls. *Moes* is verledewysend en het nie 'n teenswoordige trefkrag nie. *Moes* in deontiese kontekste voor die 21ste eeu verrig bykans 'n narratiewe funksie soos gesien in [5.158] en [5.159] aangesien dit meestal berig oor geskiedkundige verwagte gedrag of optrede:

[5.158] Die gevolg was dat die gehate veeruilverbod in 1700 opgehef is en die koloniste die reg gekry het om van enige Hottentotstam vee te ruil. Die enigste voorwaarde wat die Kompanjie gestel het, was dat die burgers die vee moes ruil en dit nie *moes* vat nie. Hulle *moes* ook nie inboorlinge wat ongeneë was om van hulle vee afstand te doen, met geweld daartoe dwing nie. [HK 207: 1945 Informatief (Trek, P.H. van der Merwe)]

[5.159] Die aankoms van Georg Schmidt in Suid-Afrika in 1737 is 'n gebeurtenis van baie groot betekenis in ons geskiedenis. Dit vorm die spil waaromheen 'n nuwe oriëntering *moes* plaasvind, die basis waarop nuwe opvattings ontwikkel sou word, die uitgangspunt van bittere stryd en miskenning en tog ook weer van heerlike werk en skone oorwinnings oor die magte van duisternis. [HK 358: 1947 Informatief (Die opheffing van die kleurlingbevolking, H.P. Cruse)]

Moes in periode 4 het egter 'n nuwe betekenisdimensie in die sin dat dit nie slegs op historiese gegewens dui nie, maar dat dit 'n ongerealiseerde, toekomsgerigte funksie dra soos gesien in [5.160] en [5.161]. Waar *moet* grotendeels dui op verwagte, toekomsgerigte gedrag, begin *moes* in periode 4 ook tekens van verwagte gedrag vertoon.

[5.160] Gert glimlag tevrede. Hy het gister die rekenaar bestel. Soos alle transaksies deesdae het dié een heeltemal anders verloop as in die vorige eeu. Verby is die dae toe 'n mens maar *moes* koop wat jy op die rak kry. Deesdae word alles spesiaal vir jou, die klant, vervaardig. Gert *moes* net 'n lys met sy behoeftes aan die vervaardiger verskaf en toe is alles gou vir hom aanmekaargesit. Sonder die onnodige tierlantyntjies wat 'n mens in die ou dae sonder keuse saamgekry het. [HK 162: 2001 Informatief (uit Die Huisgenoot)].

[5.161] Die Regering doen nou vinnige voetwerk vir die instelling van kapitaalwinsbelasting (KWB) en boere sal deeglik daarvan kennis moet neem.

Die Minister van Finansies het die nuwe belasting in die Begroting van 2000 in die vooruitsig gestel. 'n Dokument met aanpassings vir KWB is op 12 Desember vir kommentaar beskikbaar gestel, wat teen 10 Januarie 2001 *gelewer moes wees*! Daar is groot ongelukkigheid oor dié tydsberekening.


[HK 157: 2001 Informatief (uit Die Landbouweekblad)].

Die gebruik van die passiewe vorm het veral toegeneem in deontiese *moes* (sien [5.161]). Dit is opvallend dat die konteks van deontiese *moes* meestal afwisselend in die verlede en presens plaasvind. Dit wil voorkom asof *moes* meestal geplaas is in die **historiese presens** en dat *moes* hier 'n hipotetiese toekomstige of verwagte/ gerigte betekenisonderskeiding dra.

Hierdie taalverandering word verder bevestig deur die afname in deontiese *moet* se sterkte teenoor deontiese *moes* wat 'n hoër sterkte inneem. Aangesien *moes* in plaas van *moet* gebruik is, is die verpligting en die verwagte gedrag egter minder afdwingend en gesigsbedreigend en die gevolge is ligter.

Epistemiese *moes* se sprekersekerheid

Moes as epistemiese modaal vertoon oorwegend 'n mediaan-gevolgtrekking/ afleiding-betekenis soos gesien in figuur 5.36. Die spreker se onsekerheid en twyfelagtigheid oor die proposisie staan op die voorgrond. Hierdie betekenisonderskeiding verskil van *moet* wat 'n oorwegende hoë gevolgtrekking/afleiding-betekenis onderskeiding het.



Figuur 5.36 Epistemiese *moes* se sprekersekerheid

Moes kom dikwels in hipotetiese voorwaardelike bysinne (die protasis) voor, ingelei deur as of indien:

- [5.162] *Indien* dit met stene gebou *moes* word *sou* dit hulle R88 000,00 uit die sak jaag, waarvoor hulle nie kans gesien het nie. [HK 148: 2009. Informele brief]

Dit is onwaarskynlik dat die gegewens in hierdie situasie gaan realiseer soos bevestig later in die sin – *waarvoor hulle nie kans gesien het nie*.

Epistemiese mediaan-gevolgtrekking/afleiding-betekenis word veral aangedui deur die *moes* en die perfektum [Kyk konstruksie 5.20], soos byvoorbeeld:

- [5.163] En waar ek Ida altyd aangemoedig het om verder te werk in die rigting van die raak en lewendige „Dorpsketse“, destyds in Die Huisgenoot, meen Henry Fagan dat sy haar op drama *moes toegelê het*; en hy is 'n kenner.
[HK 106: 1972 Biografies (My beskeie deel, M.E.R.)]
- [5.164] Daar *moes* dus in daardie stadium nog oesters in die omgewing van Kaapstad *gewees het* [HK 55: 2006. Informatief. (Die geskiedenis van Boerekos)]
- [5.165] Sy het haar hare auburn gekleur en ek skat dit *moes* haar goed *gestaan het* want sy het so 'n, hoe sal ek sê, so 'n amper deurskynende wit vel gehad [HK 89: 1979. Fiksie. (Eers Linkie dan Johanna)]

De Villiers (1971:94) verwys na hierdie vorm (*moes* + *deelwoord* + *het*) van die gebruik *moes* as die logiese hipotese wat hy beskryf as ‘die uitdrukking van ’n beredeneerde veronderstelling oor gebeure of toestand in die verlede is. Kirsten (2015:101) rapporteer dat alhoewel *moes* sonder *het* meer algemeen voorkom, het die kombinasie *moes* en *het* in periode 4 toegeneem.

Proposisies se onsekerheid en onwaarskynlikheid (mediaan gevolgtrekking) word dikwels uitgedruk met behulp van die vergelykingskonstruksie ingelui deur woorde soos *asof* wat die proposisie 'n hipotetiese betekenis lading gee.

- [5.166] Voorbaat se jeugkoor,” het Noël opdrag gegee en die koor het ingeval asof dit so afgespreek en geoefen was, maar sag, stadig, byna slepend, asof ook hulle wag dat iets *moes* gebeur. [HK 239: 2006. Fiksie. Onder hoë sterre]

KNP's soos *maar ek skat*, of *dit lyk of*, of bywoorde soos byvoorbeeld *miskien* wat onsekerheid en onwaarskynlikheid aandui, verlaag die gevolgtrekking en afleiding sterkte en gee aan die proposisie 'n swakker gevolgtrekking status en die betekenis daarvan is mediaan gevolgtrekking.

- [5.167] Sy't nooit op kantoor make-up gedra nie maar ek skat sy *moes* dit doen vir die nagklub. [HK 417: 1979. Fiksie. Eers Linkie dan Johanna]

- [5.168] Miskien *moes* hy maar Hans Alberts se aanbod *aanvaar het*. [HK 313: 1980. Fiksie. Wat op die middag verwoes.

Wanneer die diachroniese veranderinge van epistemiese *moet* en *moes* vergelyk word, is daar veral in periode 4 'n ommeswaai te bespeur. *Moet* word nou meer as epistemiese modaal gebruik teenoor *moes* wat nou meer as 'n deontiese modaal (sien vergelyking van deontiese *moet* en *moes* hierbo) gebruik word. *Moes* is tradisioneel die uitdrukking van die verlede tyd van *moet*, maar sedert periode 2 dui dit ook op hipotetiese en ongerealiseerde situasies en vandaar die hoër gebruik van epistemiese *moes*. *Moet* het vanweë Engels se invloed reeds sedert die begin van die 20ste eeu epistemiese betekenis vertoon. Hierdie gebruik het drasties afgeneem in periode 2 teenoor die opgang van deontiese *moet* wat as voertuig van die Afrikaner-ideologie ingespan is. Sedert periode 2 en 3 is epistemiese *moet* konstant teenwoordig as 13% van *moet* se gebruike. In periode 2 en 3 het die epistemiese gebruik van *moet* as uitdrukking van hipotetiese maar ook ongerealiseerde situasies na vore getree en in periode 3 is 22% van *moet* se gebruik epistemies. Dit het egter afgeneem en as hierdie

verskynsel met die opgang van deontiese *moes* vergelyk word, is daar beslis taalverandering te bespeur (sien bespreking oor deontiese *moet/moes* hierbo).

Die epistemiese betekenisdimensie druk die spreker se sekerheid of onsekerheid teenoor die proposisie uit en dit wil voorkom asof *moes* in periode 4 minder spreker(on)sekerheid uitdruk en meer as deontiese modaal begin optree. Om 'n verwagte of verlangde opdrag of verpligting 'sagter' en minder gesigsbedreigend uit te druk word *moet* eerder epistemies gebruik. Dit blyk dat *moes* van *moet* se funksies in die deontiese ruimte begin oorneem het. *Moes* wat hipotetiese situasies uitdruk, word nie meer as onseker episteem uitgedruk waar die spreker se onsekerheid op die voorgrond staan nie, maar verlangde situasies word eerder in die verlede tyd of as toekomstig-wysend as deontiese betekenis uitgedruk want dit is, veiliger, sagter en minder afdwingend en gesigsbedreigend as om die tradisionele *moet* te gebruik.

Beide epistemies *moet* en *moes* het 'n oorwegend mediaan betekenis wat veral die hipotese dimensie betrek.

Hipotetiese *moet* word aangedui deur die gebruik van woorde soos *indien* en *dalk*

[5.169] Alle apparaat, matte, gordyne en meubels wat ons poog om te installeer, sal maklik verwyderbaar wees, *indien* ons later *dalk* na 'n ander plek *moet* verskuif. [HK 365: 2002. Formele brief (01-14)].


Epistemiese *moes* kom veral voor met die verlede deelwoord en het en is ook hipoteties en spekulatief van aard:

[5.170] Hy *moes* deur die branduitgang in die buitenste heining naby hul huis ingekom het. [HK 226: 2007 Fiksie (Wilhelmina kampkind op Java, Mariël le Roux)]

Die waarde van *moes* as uitdrukking van spekulatiewe en hipotetiese gegewens is in periode 4 steeds teenwoordig maar *moes* se betekenis aard maak in periode 4 ruimte vir meer betekenis skakerings wanneer *moes* veral as deontiese modaal begin optree.

Dinamiese noodsaaklikheidsterkte

Dinamiese noodsaaklikheid sterkte *moes*, soos gesien in figuur 5.37, tree in periode 1, 3 en 4 as beide hoog en mediaan sekerheid op en dit is slegs in periode 2 wat hierdie betekenis hoofsaaklik 'n hoë sekerheid uitdruk.



Figuur 5.37 Dinamiese *moes* se noodsaaklikheidsterkte

Moes se noodsaaklikheid-betekenis druk net soos *moet* hoofsaaklik persoonlike begeertes, noodsaaklikhede en behoeftes uit, maar *moes* dui veral op verlangde gedrag of gebeure wat nie plaasgevind het nie, terwyl *moet* steeds die moontlikheid dra dat gegewens waar kan word. *Moet* se hoë noodsaaklikheidbetekenis verteenwoordig 'n groter waarskynlikheid dat situasies waar kan word aangesien dit dui op toekomstige verwagtings, maar *moes*, wat meestal die verlede aandui, dui op ongerealiseerde en hoogs onwaarskynlike gebeurtenisse. Hierdie hoogs onwaarskynlike betekenis word verteenwoordig deur die mediaansterkte-noodsaaklikheidsdimensie soos gesien in [5.171].

[5.171] Ek en die duif *moes* die vrede voorstel, maar ek was bang om hom op my hand vas te hou [HK 107: 1979. Fiksie. (Die vredesduif)]

Hoë noodsaaklikheid *moes* word uitgedruk wanneer gedrag of die realisering van situasies noodsaaklik is en individue of groepe genoepe voel om bepaalde doelwitte te laat realiseer.

[5.172] Hy het lank doelloos in die dorp rondgedwaal voordat hy besef het dat hy 'n plan *moes* maak om êrens heen te gaan. [HK 365: 1946. Fiksie. Terug]

[5.173] Brood en botter, ekonomiese belange, *moes* in hierdie omstandighede vir hom *noodwendig* die vernaamste lewensdoelwit word [HK 27:1944, Informatief; Die stryd van die Afrikanerwerker]


Woorde soos *noodwendig* in [5.173] versterk ook die krag van die noodsaaklikheid.

Samevattend lê die verskil tussen dinamiese *moet* en *moes* hoofsaaklik in die sterkte van uitdrukkings. *Moet* as dinamiese modaal het 'n oorwegend sterk betekenisonderskeiding en noodsaaklike omstandighede/behoefte vanuit individuele perspektief, soos uitgedruk deur 'n enkelvoudige eerste persoon (ek, my), en derdepersoonssubjek (hy, sy) (die interne deelnemer) is hier op die voorgrond. Dit was slegs in periode 3 dat mediaan-noodsaaklike betekenis die voorrang geniet het, maar teen periode 4 is die dinamiese gebruik van *moet* weer sterk. Dinamiese *moes* het deurlopend 'n hoë sowel as mediaansterkte en teen periode 4 is dinamiese *moes* beide hoog sowel as mediaansterkte. *Moes* verwys dikwels na ongerealiseerde situasies vanuit die verlede en vandaar die dinamies-situasionele betekenisdimensie wat sterk teenwoordig is. Toekomstige situasies wat nog moontlik kan plaasvind sal eerder deonties as dinamies wees en gevolglik is situasionele dinamiese *moet* swakker as situasionele dinamiese *moes*.

Die bespreking van *moes* se diachroniese veranderinge het ook 'n vergelyking tussen *moet* en *moes* ingesluit aangesien daar betekenisverskuiwings in albei modale plaasgevind het. Hierdie bespreking het veral die verskille tussen hierdie twee modale uitgelig. Vervolgens val die fokus op die semantiese ooreenkoms tussen *moet* en *moes*.

5.8 DIE SEMANTIESE OOREENKOMS TUSSEN *MOET* EN *MOES*

Hierdie studie se wortels lê binne die kognitiewe grammatika en op grond van 'n skematiese voorstelling, gebaseer op Langacker se epistemiese model van tyd (1987) soos gesien in figuur 5.38, word sekere semantiese ooreenkomste tussen *moet* en *moes* onder die loop geplaas.




Figuur 5.38: *Moes* en *moet* op Langacker se epistemiese model van tyd


In **figuur 5.38** is, *moet* en *moes* binne Langacker se epistemiese model van tyd (1987, 1991) geplaas wat nie net tyd nie maar ook die spreker/konseptualiseerder se kennis oor die realiteit insluit. Volgens hierdie diagram word *moes* binne die verlede tyd en *moet* in die hede geplaas. Hulle posisies op die tydlyn verskil dus. Daar is egter ooreenkomste tussen hierdie modale se betekenisse aangesien albei wesenlik die imperfektiewe aspek verteenwoordig wat daarop dui dat die handeling nog nie voltooid nie is (proses is nie gebonde nie) en die uitkoms van albei is onseker dus word albei se realiteit bevraagteken. Albei se realiteit is geprojekteer en toekomsgerig. Hacquard (2006:109-116) is dit ook eens dat deontiese modaliteit en dus *moet* as verpligting-modaal, imperfektief van aard is vanweë die implikasie dat die gewenste gedrag nog nie uitgevoer is nie en 'n toekomsgerigte verwagting is geaktiveer.

Hierdie gestipuleerde gedrag is in wese irrealis aangesien dit onseker is of die gedrag uitgevoer sal word en indien wel, wat die aard daarvan sal wees. Dit sluit aan by Bhatt (1999) wat modaliteit binne die raamwerk van nie-aktualisering plaas. Wanneer gebeure aktualiseer in die reële wêreld, aktiveer dit 'n werklike gevolg in die werklike wêreld, maar aangesien daar nie beheer of bewyse is van die feitlikheid van kernmodale betekenis nie, figureer modale soos *moet* en *moes*, as irrealis, buite die feitelike wêreld met die implikasie van verskeie moontlike betekenis wat geaktiveer is en moontlike onvoltooide en voortdurende handeling is onderliggend aan elkeen van hierdie modale se betekenis vasgeheg.

Wanneer daar skematies ingezoom word op *moet* en *moes* soos in **figuur 5.39** en **figuur 5.40** lyk dit asof die gebruik van *moes* en *moet* ooreenstem want alhoewel hulle posisies op die tydskontinuum verskil, is die skematiese voorstelling daarvan dieselfde want albei dui op vooruitwysende toekomstige handeling waarvan die einde en die uitkoms bevraagteken word.



Figuur 5.39: Langacker (1991:89) se diagram van verledetyd imperfektiewe aspek



Figuur 5.40: Langacker (1991:89) se diagram van teenswoordigetyd imperfektiewe aspek

Die uitkoms van die handeling is onseker aangesien mens nie vanuit die proposisie kan aflei of die verwagte verpligte of noodsaaklikheid gedrag/handeling bereik en afgehandel is nie – wat die idee van moontlike wêrelde met verskeie moontlike uitkomstes oopsluit.

5.9 SAMEVATTING

Moet is hoofsaaklik 'n deontiese modaal. Met 72.6% gebruike van *moet* as deonties is dit die prototipiese gebruik en dit kan as imperatief in die vorm van 'n spraakhandeling of as die uitdrukking van verpligting soos voorgeskryf deur 'n eksterne bron in die vorm van onder meer bepaalde ondernemingsregulasies, juridiese beginsels, morele, kulturele of religieuse voorskrifte of die wil van 'n persoon voorgeskryf word.

Moet word ook as dinamiese modaal gebruik wanneer 'n interne deelnemer, die subjek-referent, selfopgelegde noodsaaklike gedrag verlang, sonder die afdwinging van 'n eksterne bron. Die subjek-referent kan wel deur situasionele omstandighede gedwing word om sekere gedrag te verrig, maar dit bly die subjek-referent se eie behoefte om gedrag uit te voer. Die derde gebruik van dinamiese *moet* is die uitspraak van 'n wens of begeerte wanneer die spreker sekere gedrag van 'n aangesprokene verlang.

Epistemiese *moet* se sprekersekerheid is meestal hoog in vergelyking met ander modale werkwoorde se epistemiese gebruike vanweë die sterk verpligting en noodsaaklikheid betekenis waarmee *moet* geassosieer word maar ook omdat *moet* 'n aanduiding is van bewyslike modaliteit wanneer die spreker taamlik seker of baie seker is van sy/haar saak danksy waarneembare inligting soos versamel uit verskeie bronne.

Moet se frekwensies het oor die laaste 100 jaar taamlik gefluktueer aangesien *moet* van periode 1 tot 2 aansienlik toegeneem het maar sedert periode 3 afgeneem het en in periode 4 het die gebruik daarvan gestabiliseer en die gebruik van *moet* is tans bestendig en soortgelyk aan die gebruik daarvan 'n eeu gelede. Die toename van *moet* in periode 2 val saam met Afrikaner-nasionalisme en die Apartheidsregime se opgang in die veertigerjare van die vorige eeu. *Moet* is veral in informatiewe en voorskriftelike samelewingstekste as propaganda-instrument gebruik om nasionalisme, samehorigheid en Apartheid te bevorder. Die hoë sterkte en deontiese krag waarmee *moet* gebruik is, het aangedui dat daar serieuze gevolge sal wees vir diegene wat nie hou by die nasionale voorskrifte nie. Na hierdie periode het *moet* nie net afgeneem nie maar die sterkte waarmee *moet* uitgedruk is, het ook afgeneem en hierdie verskynsel word deur Brown & Levinson (1987) en Wasserman (2014) verklaar met behulp van die beleefdheidsteorie wat suggereer dat mense toenemend meer beleefd hulle opdragte uitspreek.

Die gebruik van *moenie* as uitdrukking van die negatief gepolariseerde imperatief is die hoofvonds van hierdie studie aangesien daar aangedui is dat *moenie* die enigste modale hulpwerkwoord is wat oor die laaste 100 jaar gegrammatikaliseer het. Al die ander modale hulpwerkwoorde se proses van grammatikalisering is voltooi en alhoewel hulle elkeen afsonderlik pertinente veranderinge vertoon is hierdie veranderinge slegs semanties van aard. Die klitiese vorm van *moet* + *nie* het as *moenie* eers in die spreektaal maar teen periode 4 (hedendaagse Afrikaans) ook in geskrewe taalvorm gekonstruksionaliseer en dit is die aanvaarbare en gestandaardiseerde manier om negatiewe opdragte (meestal in die vorm van 'n verbod) uit te druk. *Moenie* verskil van *moet nie* wat steeds gebruik word maar daar is

'n semantiese verskil aangesien *moet* +*nie* sekere gedrag aanbeveel teenoor *moenie* wat sekere gedrag verbied of juis verplig.

Moes as *moet* se preteritum is ook grotendeels deonties met 69% deontiese, 17% epistemiese en 14% dinamiese gebruike. Deontiese *moes* kan nie as spraakhandeling in die imperatief gebruik word nie, maar verwys wel na noodsaaklike en verpligte gedrag soos verwag deur 'n eksterne deontiese bron. Die uitdrukking van deontiese *moes* is meestal geplaas in die verlede tyd. Dinamiese *moes* druk 'n subjek-referent se eie persoonlike doelstellings uit maar omstandighede dwing ook soms die subjek-referent om sekere gedrag uit te voer en dit staan bekend as dinamies-eksterne moet. *Moes* is veral die uitdrukking van hipotetiese en irrealisgebruike maar die sprekersekerheid is steeds sterk vanweë die prototipiese kernbetekenis van *moet* en *moes* as uitdrukking van noodsaaklikheid en verpligting. *Moes* kollokeer veral met *sou* in die modale kettingvolgorde *sou* + *moes* wat 'n voorlopige verklaring gee vir gedrag wat in die verlede tyd plaasgevind het of dit kan ook in die hede gebruik word as 'n geskatte aanduiding van verwagte gedrag. Hoë sprekersekerheid bestaan wanneer *moes* waarskynlikheid uitdruk danksy bewyse soos versamel uit waarnemings. Die gebruik van *moes* het in periode 2 toegeneem wat saamval met *moet* se toename, maar in periode 3 het dit skielik drasties afgeneem, teen periode 4 het die gebruik weer toegeneem en tans is die gebruik van *moes* wel laer as in periode 1 maar bestendig. *Moes* bly dus steeds die uitdrukking van verpligting en noodsaaklikheid van gebeure in die verlede.

'n Vergelyking tussen *moet* en *moes* dui daarop dat *moes* in periode 4 'n nuwe betekenisdimensie onderskei en dat dit nie slegs historiese gegewens aandui nie maar ook die uitdrukking is van hipotetiese, toekomgerigte en verwagte gedrag. Deontiese *moet* se sprekersekerheid in die epistemiese domein sowel as die sterkte van deontiese en dinamiese proposisies neem sedert periode 3 af en die toon waarmee deontiese *moet* gebruik word, is minder gesigsbedreigend en afdwingend teenoor *moes* wat 'n sterker sekerheid en sterkte in die deontiese en dinamiese sfeer demonstreer.

HOOFSTUK 6 *MAG*

BETEKENISDIMENSIE: MOONTLIKHEID, TOESTEMMING & VERMOË

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die betekenisskakerings en diachroniese ontwikkeling van die modale hulpwerkwoord *mag*. Die stam van *mag* naamlik Nederlands *mogen* het aansienlike veranderinge ondergaan (sien 6.3.1), aangesien die oorspronklike modale dinamiese betekenis sowel as epistemiese betekenis uitgefaseer het en *mogen* tans 'n deontiese en direkte modaal is. *May* se betekenis is egter meer epistemies van aard met veel minder dinamiese en deontiese betekenis. Hoe die kontemporêre gebruik van Afrikaans *mag* ontwikkel het in vergelyking met hierdie Germaansverwante modale word hier ondersoek. *Mag* en *kan* se betekenisfunksies is in sekere kontekste baie soortgelyk en die kompetisie wat heers tussen die twee modale word ook in hierdie hoofstuk belig. *Mag nie* teenoor *moenie* as direktief lewer ook interessante semantiese verskille op terwyl die verskeidenheid vaste uitdrukkings met *mag* ook onder die loep geplaas word. Soos met die ander hoofstukke is die etimologiese agtergrond sowel as besprekings van *mogen* (Nederlands) en *may* (Engels) die inleidende vertrekpunt. Daarna word die betekenisskakerings van *mag* uiteengesit met 'n kort bespreking oor die verlies van *mag* se preteritum *mog*. Die betekenisskakerings vorm die basis waarteen die diachroniese ontwikkeling van *mag* lig werp op die veranderinge maar ook die huidige stand van sake.

6.2 ETIMOLOGIE

Die modale hulpwerkwoord *mag* is geërf uit die Nederlandse modaal *mogen* waarvan die kernbetekenis is: 'om toestemming te hê' (Philippa et al., 2003-2009) of 'om sterk te wees' (Byloo & Nuyts, 2011:22). Die oorspronklike betekenis van die woord *mogen*

is 'kunnen' met die betekenisonderskeiding van 'in staat wees'. Hierdie oorspronklike betekenis van *mogen* word nog net in 'n paar beperkte konstruksies aangetref soos byvoorbeeld:

[6.1] *het mocht niet zo zijn,*

Dit mag/kan nie so wees nie {direk vertaal}

[6.2] *dat mocht niet baten*

Daar het niks van gekom nie; dit was alles verniet {idiomatiese vertaling}

Die afgeleide selfstandige naamwoord – *vermogen* (*vermoë*) – dra ook steeds hierdie betekenisonderskeiding.

Die geleidelike ontwikkeling van die oorspronklike sterk werkwoord *mogen* met betekenisonderskeiding 'in staat wees' en *kunnen* lyk soos volg:

In Oudnederlands (voor die 12de eeu) is die basisvorm *mugon* met fleksievorm *mohti* en ontkenningsvorm *nemugan* gebruik, byvoorbeeld:

[6.3] so mohti geburran. [10^e eeu; W.P Wachtendonckse Psalmen]

zo zou het *kunnen* gebeuren.

so *sou* dit *kon* gebeur. {direk vertaal} {vroee voorbeeld van die epistemiese gebruik}.

[6.4] the thorna nemugan thie lilian behudan. [ca. 1100; Will.]

de doornen *kunnen* de lelie niet beschermen.

die doring *kan* die lelie nie beskerm nie. {direkte vertaling}

Vanaf Middelnederlands (1200 -1500) vertoon die huidige standaardvorm *mogen* 'n hele paar betekenisonderskeidings naamlik *kunnen* 'in staat wees' [6.5] [6.6] [6.7] sowel as 'om toestemming te hê' [6.8]; 'verplig' [6.9]; 'verdra of aardig vind' [6.11] en 'kan lus wees' [6.12].

[6.5] uan wien oc dat men geware *mach* werden ... dat hi dronkin si. [1236;

VMNW]

van ieder van wie men *kan* zien dat hij dronken is.

van wie iedere mens *kan* sien dat hy dronk is. {direkte vertaling}

- [6.6] vlesch *mogen* si eten al dat iar. [1236; VMNW]
ze *mogen* het hele jaar door vlees eten.
Hulle *kan* die hele jaar deur vleis eet. {direkte vertaling}
- [6.7] so dat dat bloet ... demin schinen *moge*. [1236; VMNW].
zodat het bloed zo min mogelijk waar te nemen valt.
sodat die bloed so min moontlik waargeneem kan word. {direkte-
betekenis vertaling}
- [6.8] hi *nemah* nemmer mer orconscepe dragen. [1237; VMNW].
hij *mag* nooit meer getuigenis afleggen.
Hy *mag* nooit meer getuienis aflê nie. {direkte vertaling}
- [6.9] hi *mach* hem scamen. [1287; VMNW]
hij *moet* zich schamen.
Hy *moet* homself skaam. {direkte vertaling}
- [6.10] *mochts* du gheloeuen. [1291-1300; VMNW]
mocht je geloven, indien je zou kunnen geloven.
mag jy glo, indien jy sou kon glo. {direkte vertaling}
- [6.11] dat si hare gode niet en *mochten*. [1300-25; MNW-R]
dat ze hun goden niet *mochten* .
dat hulle nie van hulle gode gehou het nie. {direkte vertaling}
- [6.12] so hi meer drinct, so hi meer *mach*. [ca. 1370; MNW]
hoe meer hij drinkt, hoe meer hij *lust*.
Hoe meer hy drink, hoe *lusser* word hy. {direkte vertaling}

In [6.11] word aangedui dat die persoon na wie verwys word van haar god moet hou, sy moet hom juis verdra en aardig vind, sy mag hom nie haat nie. Die betekenis van die

frase 'niet en mochten' soos dit hier gebruik word, is dinamies van aard en word steeds soortgelyk in Duits en Nederlands gebruik maar het uitgesterf in Afrikaans. Voorbeeld [6.12] is baie soortgelyk aan [6.11] en dui 'n mentale staat van toegeneentheid aan en is 'n soort subjektiewe dinamiese betekenis. Die gebruik van mochten en mach soos in [6.11] en [6.12] hou nog eerder verband met die hoofwerkwoordgebruik eerder as met die hulpwerkwoord.

Oudnederlands en Middelnederlands onderskei grotendeels 'n dinamiese betekenis vir *mogen*. Hierdie dinamiese betekenis verwys na 'n fisiese vermoë van die subjek-referent teenoor 'n meer mentale en psigies interne sowel as fisiese vermoë van die subjek-referent soos uitgedruk deur *kunnen* (Byloo & Nuyts, 2011: 20).

Die direkte, deontiese toestemmingbetekenis in *mogen* is eers na Middelnederlands in gebruik alhoewel daar toe al dubbelsinnige gebruike was soos gesien in [6.13] – [6.15] wat dui op die begin van *mogen* se betekenisverruiming:

[6.13] Here Canteleer, nu *moogdi* wel vorwaertmeer van mi sonder hoede leven (ibid.).

Heer Canteleer, van nou af *mag* jy sonder vrees te leef. {semantiese vertaling}

[6.14] Heer, gi *moget* ons node verjagen (ibid.)

Heer, u *kan* ons nie maklik wegjaag nie. {semantiese vertaling}

[6.15] Maer dat gi een moorder sijt, gine *moget* ontseggen camp no strijt (ibid.).

Maar aangesien jy 'n moordenaar is, *kan* jy nie oorlog of stryd weier nie. {semantiese vertaling}

Hierdie voorbeelde is dubbelsinning en kan slaan op óf 'n toestemming óf dinamies-inherente betekenis. Hierdie voorbeelde soos aangehaal deur Byloo en Nuyts, (2011:20) uit Duinhoven (1997:412) verwys na 'n spreker (eksterne deelnemer of deontiese bron) wat 'n sekere subjek-referent in staat stel tot aktiwiteit, eerder as wat dit dui op die subjek-referent se eie persoonlike vermoë.

Voor hierdie tydperk was die dinamiese betekenis van 'in staat wees' maar ook die volisiebetekenis meer algemeen. *Mogen* het geleidelik 'n meer direkte en deontiese betekenis gekry en die gebruik van dinamiese *mogen* het mettertyd marginaal geraak. Die optatiewe gebruik van *mogen* het in Vroegnieunederlands ontstaan. Na Middelnederlands het die toestemmingbetekenis die moontlikheidbetekenis vervang en tans is die direkte en deontiese gebruik van *mogen* sterker as enige van die ander gebruike.

Die bespreking van *mogen* se etimologie is belangrik omdat Afrikaanse *mag* daaruit ontspring het. Vervolgens 'n kort bespreking van hoe *mogen* tans in Hedendaagsenederlands daar uitsien.

6.3.1 MOGEN

Mogen word gesien as een van die drie kern modale hulpwerkwoorde in Nederlands naas *kunnen* en *moeten* (Nuyts, 2011:155). In Hedendaagsenederlands word *mogen* veral as direkte spraakhandeling onderskei. In 'n omvattende korpusgebaseerde studie oor die diachroniese ontwikkeling van *mogen* (Byloo & Nuyts, 2011) word aangedui dat 57% van *mogen* se gebruike direk van aard is. Byloo en Nuyts (2011:17); Diepeveen, Boogaart, Brantjes, Janssen, en Nuyts, (2006:4) en Nuyts, Byloo en Diepeveen (2010) sien direkte as taalhandelinge wat nie modale betekenis dra nie. Hierdie studie verskil egter daarvan, aangesien die uitspraak van die opdrag nie bepaal of die aangesprokene wel die opdrag gaan uitvoer nie en dus word daar moontlike wêreld, wat modaliteit impliseer, oopgebreek. Direkte spraakhandelinge word dus volgens hierdie studie as deontiese modaliteit gekategoriseer wat impliseer dat *mogen* meestal deontiese betekenis vertoon. Suiwer deontiese *mogen* vertoon 10% gebruike en tesame met direkte *mogen* se 57% is daar altesame 67% deontiese gebruike van *mogen*. Die opgang van *mogen* as subjektiewe direkte spraakhandeling en as deontiese modaal het ten koste van dinamiese gebruike plaasgevind en dinamiese *mogen* is in die proses om uit te faseer (Byloo & Nuyts, 2011:92). Alle betekenis van moderne *mogen* het uit die dinamiese sfeer (dinamiese implikasiesfeer), wat die oudste, objektiewe modale betekenis is,

ontwikkel. Alhoewel *mogen* steeds beperkte optatiewe en volisiegebruike vertoon, kategoriseer Byloo en Nuyts (2011:8) hierdie gebruike nie as dinamies nie, wat verskil van hierdie studie en hiervolgens is daar 18% dinamiese gebruike wat suiwer dinamiese, optatiewe en volisiebetekenisse insluit.

Nuyts en Byloo (2011:22) se bespreking van die diachroniese verandering van *mogen* dui vanuit die staanspoor aan dat *mogen* se betekenis as epistemiese modaal verdwyn het. Hierdie verlies van die modaal se epistemiese betekenis dui op betekenisverarming wat vroeër plaasgevind het as wat geantisipeer is. Dit is slegs hipotetiese gebruike van *mogen* soos te sien in die kollokasie van *zou* en *mogen* (sien [6.3]) wat nog verband hou met epistemiese betekenis. Net soos in die geval van *kunnen* en *zou kunnen* word *zou mogen* ook in Hedendaagsenederlands baie algemeen gebruik om hipotetiese uitings deur middel van die preteritum uit te wys. Dit stem ook ooreen met Afrikaans se *sou kon* en *sou mag*. *Zou* het dermate geëvolueer dat dit nou nie net meer verwant is aan *zullen* – die toekomstige wyser – of *zou* die verledetydwyser van *zullen* nie, maar dit is ook die hipotetiese en teenfeitelike wyser van *kunnen* en *mogen*. Die vorm van die hipotetiese betekenis in kombinasie met verledetydwyser van *mogen* en *kunnen* het dus verander en dit opsigself is nie meer net suiwer verledetydwysers nie maar dit dui veral op hipotetiese gegewens. Wat interessant is, is dat Byloo en Nuyts (2011:87) daarop wys dat die tradisionele gebruik van *mogen* se verlede tyd besig om te kwyn en vandaar dat die gebruik van die kombinasie *zou mogen* verhoog het. Hulle beklemtoon wel die hipotetiese of teenfeitelike betekenis van *zou mogen* (en *zou kunnen*) maar die gebruik daarvan as verlede tyd word afgewys.

Tydens die evolusie van *mogen* het hierdie modale hulpwerkwoord 'n wye verskeidenheid betekenis oor 'n paar eeue heen vertoon. Tans is daar slegs 'n paar van hierdie betekenis wat oorbly en in Hedendaagsenederlands blyk dit dat hierdie beperkte aantal betekenis nog verder spesialiseer en asof die konstruksies minder skematies en algemeen, maar meer spesifiek en vas soos in die gebruik van geïdiomatiseerde uitdrukkings, is. Optatiewe gebruike in Hedendaagsenederlands is

hoogs geïdiomatiseerd en dubbelsinnig en word slegs in bewyslike predikate met die frase *duidelijk zijn* (dit sal duidelik wees) soos gesien in [6.16] of in die frase *vanzelf spreken* (vanselfsprekend) soos gesien in [6.17] aangetref.

[6.16] het *mag* dus nu al *duidelijk zijn* een neen morgen komt formeel gezien neer op een status-quo. [PDDS157]

Dit mag dus nou al duidelik wees; 'n 'nee môre' kom formeel gesien neer op 'n status-quo. {direk vertaal}

[6.17] Het *moge vanzelf spreken* dat daarbij de ook voor ons land geldende internationale verplichtingen onverkort in acht zullen worden genomen. [PDDW002]

Dit mag vanself spreek dat daarby dit ook vir ons land geld dat internasionale verpligtings ten volle in ag geneem sal word. {direk vertaal}

Byloo en Nuyts (2011:45) het 'n teorie dat die modale hulpwerkwoorde *mogen*, *kunnen* en *moeten* op 'n roete is om meer outonoom en selfstandig word. Hulle tree nie net meer op as hulpwerkwoorde nie, maar ook as hoofwerkwoorde met 'n weggelate(geëlideerde) hoofwerkwoord.

[6.18] Officieel staat nog altijd niet vast wie naar het wereldkampioenschap *mag*. (PDDW120)

Amptelik is dit steeds onseker wie mag na die wereldkampioenskap [gaan].

Volgens hierdie teorie beweeg die modale hulpwerkwoorde weer terug na ou kernbetekenisse toe (*mogen* beweeg dus terug na die 'in staat wees' en 'om sterk te wees' betekenisse toe). Alhoewel *kunnen* en *mogen* op dieselfde grammatikaliserings- en intersubjektivikasieroete is, gebeur baie van die veranderinge op soortgelyke tyd. Wat met elke modaal gebeur, is egter verskillend. *Kunnen* se

betekenisse het uitgebrei en dit neem steeds toe terwyl *mogen* reeds dinamiese en epistemiese betekenisse verloor het en slegs deontiese en direkte betekenisse onderskei. Hierdie deontiese betekenis sluit aan by die oorspronklike betekenis van 'om sterk te wees'. Die interne kompetisie tussen *kunnen* en *mogen* in terme van sekere situasies het veroorsaak dat *mogen* vinniger geëvolueer het as *kunnen* wat steeds verander. *Mogen* het ook baie meer vaste uitdrukkingkonstruksies as *kunnen* en hierdie tipe konstruksies beteken dat die modaal onder bespreking ver ontwikkel (gegrammatikaliseerd) is. *Mogen* vertoon as 'n baie ou en argaïese modaal wat meer verstok is teenoor *kunnen* wat jonk en florerend is (Byloo & Nuyts, 2011: 93). Dit wil voorkom asof *mogen* reeds sy roete voltooi het, meer outonoom raak, betekenisse verdwyn, *mogen* word dikwels met *kunnen* vervang en die gebruik van *mogen* het gestabiliseer terwyl *kunnen* aanhou om te groei.

Hierdie ontwikkeling van *mogen* is baie interessant en die vraag is of *mag* se gebruike ook oor die laaste honderd jaar verander het. Vervolgens 'n bespreking van *may* om vas te stel hoe hierdie Engelse ekwivalent van *mag* tans vertoon en of daar enige ontwikkelings in betekenis plaasgevind het wat moontlik op Afrikaans kan inwerk.

6.3.2 MAY

May se betekenis is hoofsaaklik epistemies van aard en daar word 79% epistemiese gebruike onderskei, soos bevind in 'n omvattende korpusgebaseerde studie deur Collins (2009:92) geloods. *May* vertoon 7% deontiese gebruike, 8% dinamiese gebruike en 6% ambivalente gebruike. Epistemiese *may* is subjektief van aard en druk die spreker se gebrek aan sekerheid en kennis oor die feitlikheid en waarheid van 'n proposisie uit en dit is slegs grade van moontlikheid wat uitgedruk word. In voorbeeldsinne [6.19] en [6.20] word die spreker se gebrek aan vertroue in die stand van sake uitgedruk en 'n mate van sprekeronsekerheid word aangedui:

[6.19] Ah we're not talking about mutualism so much now except that of course they don't have to eat as much algae as they would normally do because they have maintained the chloroplasts and I s'pose that *may* be marginal

significance in a mutualistic sort of way to the algae that they are feeding on [ICE-AUS S2A-025 111].

Ag, ons praat nie meer so baie oor simbiose nie behalwe dat hulle nie so baie eet as wat alge gewoonlik doen nie want hulle het chloroplaste in stand gehou en ek veronderstel dit *mag* marginale belangrikheid in 'n wederkerige soort manier wees vir die alge wat hulle eet. {direkte vertaling}

[6.20] I dunno. They *may* have [ICE-AUS S1A-073 102].

Ek weet nie. Hulle *mag* dalk. {semantiese vertaling}

Alhoewel dit ongebruiklik is, is daar tog voorbeelde van objektiewe epistemiese *may* wat nie dui op 'n spesifieke spreker se onsekerheid nie (subjektiewe epistemiese *may*) maar onsekerheid versamel uit objektiewe, eksterne gegewens uit 'n spesifieke konteks soos gesien in informatiewe en akademiese tekste:

[6.21] It's thought the man *may* have committed suicide. [ICE-GB S2B-016 134]

Daar word gedink dat die man dalk selfmoord (*mag*) gepleeg het. {semantiese vertaling}

[6.22] The nature of the mutation in sugary maize has not been characterized biochemically, but there are suggestions that it *may* involve a debranching enzyme. [ICE-AUS W2A-038 164]

Die aard van die mutasies in suikerige meliemeel is nog nie biochemies gekarakteriseer nie maar daar is voorstelle dat dit 'n vertakking van ensieme ***kan***¹⁹ behels. {semantiese vertaling}

Prototipies is die deontiese bron subjektief soos in voorbeeldsin:

¹⁹ In Afrikaans sal *kan* eerder as *mag* in hierdie konteks gebruik word.

[6.23] You *may* use my desk. Well wait a minute, it's a royal mess, isn't it. [(C-US SBC-019 138-140]

Jy *mag* my lessenaar gebruik. Wel, wag 'n bietjie, dis 'n groot gemors, of hoe? {direkte vertaling}

Daar is egter in die korpus toenemend meer objektiewe voorbeelde waar die deontiese bron objektief van aard is, in die vorm van geskrewe opgawes met reëls en regulasies in burokratiese en administratiewe tekste, byvoorbeeld:

[6.24] Your local Training Officer can assist you in understanding and meeting your obligations. Any problems that arise *may* be referred to the Vocational Training Board. [ICE-AUS W2D-002 258]

Jou plaaslike Opleidingsbeampte kan jou help om jou verpligtings te verstaan en na te kom. Enige probleme wat opduik **kan**²⁰ verwys word na die Beroepopleidingsraad. {direkte vertaling}


Mair en Leech (2006) verwys na die algehele afname in die hedendaagse gebruik van *may* in veral Amerikaanse-Engels (32.4%) en in Britse-Engels (17.4%). Collins (2009:97) se korpusstudie dui aan dat *may* veral in gesproke taal afgeneem het maar hy dui ook op 'n algehele afname in *may* se populariteit en gebruik. *May* is meer populêr in Britse as in Amerikaanse gesproke en geskrewe taal vanweë die formele aanslag daarvan wat suggereer dat Britse-Engels meer formeel, tradisioneel en konserwatief is.

Can en *may* se betekenis oorvleuel en hierdie betekenisoorvleueling word verder in Hoofstuk 7 bespreek.

²⁰ *Kan* eerder as *mag* word hier gebruik.

6.4. BETEKENISNUANSES VAN *MAG*

Figuur 6.1 is die semantiese kaart van al *mag* se betekenisnuanses. *Mag* se prototipiese gebruik is deonties van aard. *Mag* druk hoofsaaklik toestemming uit, alhoewel dit ook 'n sterk epistemiese sowel as 'n volisiebetekenisonderskeiding het. *Mag* se kernbetekenis is 'toestemming' of 'verlof' maar daar is ook ander betekenisonderskeidings wat hieronder verder bespreek word. *Mag* is die enigste modale hulpwerkwoord waarvan die preteritumvorm, *mog*, nie meer gebruik word nie.



Figuur 6.1 Die semantiese kaart van *mag*

Mag se gebruike is meestal in die presens maar daar is verledetydsgebruike, byvoorbeeld:

- [6.25] Niemand *mag* met hulle getrou of handel gedryf het nie, wat beteken het dat niemand aan hulle kos *mag* verkoop het nie. [HK 318: 2004 Informatief (Eva ontmoet Einstein, Annelie Ferreira)]

Die verlede tyd van *mag* is baie kompleks (De Villiers 1971: 85) en dit is eienaardig dat die verlede tyd nie 'n vaste vorm het nie. Volgens de Villiers word daar vier verskillende vorme van die verlede tyd aangetref:

(i) Die historiese tradisionele preteritumvorm *mog* wat die verledetydsvorm van *mag* was, maar hierdie modale hulpwerkwoorde is argaïes en het bykans volledig uitgesterf sedert De Villiers se publikasie byna 'n halfeeue gelede (kyk bespreking hiernaas).

[6.26] Die dokter *mog* nie veel sê nie. [De Villiers 1971:85]]

(ii) Die vorm *het + mag + doen* (doen as verteenwoordigend van alle hoofwerkwoorde) is seldsaam en kunsmatig en dui verloop in die verlede tyd aan:

[6.27] Niemand *het* met 'n roukleed aan by die poort van die koning *mag ingaan* nie. [Ester 4,2 uit De Villiers 1971:86]

Die betekenis van hierdie kombinasie (*het mag + ww.*) dui eerder op toestemming en dit is steeds net 'n vae moontlikheid wat aangedui word.

(iii) Die kombinasie *mag + gedoen het* – kom van tyd tot tyd voor maar dit druk by uitstek **moontlikheid en onsekerheid** uit, en is nie 'n suiwer aanduiding van die verlede tyd nie:

[6.28] Die soort lewe *mag* vir die Hollanders mooi *gewees het*.


(iv) De Villiers (1971:85) kom tot die slotsom dat as mens na die drie voorafgaande moontlikhede kyk, dit opvallend is dat hulle of **aan die uitsterf is**, of **seldsaam is**, of **nie eens verlede tyd uitdruk nie**. Gevolglik is dit dus aanvaarbaar dat die presens soms gebruik word om verlede tyd aan te dui:

[6.29] Sy het vir hom die hond gegee maar hy *mag* nie sy naam verander nie.

Volgens de Villiers (1971:85) het die gewoonte ontstaan om toestemming of begeerte in die verlede tyd eerder te omskryf as om die modale hulpwerkwoord *mag* te gebruik:

[6.30] Geeneen is toegelaat om die slawe te mishandel nie.

In Afrikaans is die modale hulpwerkwoord *mog* in baie gevalle deur *mag* verdring en hierdie preteritumvorm het by wyse van spreke 'verdwyn' uit gesproke en geskrewe taal. Hierdie modale hulpwerkwoord verskyn slegs 27 keer in die Historiese Korpus se databasis en word deur Ponelis (1979:246) en selfs al De Villiers (1971:86) as argaïes gesien. In figuur 6.2 word die algehele afname in *mog* grafies vergestalt.



Figuur 6.2: Diachroniese ontwikkeling van *mog*

Daar is slegs 27 gebruike van *mog* in die Historiese Korpus waarvan 70% daarvan in periode 1 teenwoordig is. In periode 2 is daar 'n 68% afname in die gebruik van *mog* en teen periode 3, is *mog* nie meer in gebruik nie. In die twee voorbeelde in periode 4 lewer [6.30] verslag in 'n informatiewe teks oor gebeure in die verlede en die gebruik van *mog* is indirekte dialoog van een van die sprekers vanuit 'n gedateerde tydperk.

[6.31] Die Sendingkommissie se reaksie was ontwykend en wetties: Burger “verkeer onder 'n misverstand met betrekking tot die posisie van sy kliënte. Hulle is bewoners van die Sending-stasie en nie huurders van

die Sendingkommissie nie.” Hy sal deur die Kerk se prokureurs geantwoord word dat die Sendingkommissie “nie gewillig is om met bewoners op sy eie grond deur ’n prokureur te onderhandel nie”.


Die Kerk *mog* ’n prokureur hê, die Elandsklowers nie.

[HK 12: 2009 Informatief (Die verhaal van Elandskloof, Tobie Wiese)]

In voorbeeld [6.31] is die konteks en die spreker ook gesitueerd in die verlede tyd en vandaar die gebruik van die argaïese vorm wat glad nie meer in gebruik is na periode 2 nie.

Tot sover dus die bespreking van *mog* wat nie verder in hierdie studie belig sal word nie.

Volgens die steekproefdata vertoon *mag* dinamiese, deontiese en epistemiese betekenisonderskeidings. Volgens figuur 6.3 is *mag* ’n deontiese en epistemiese modaal met 50% deontiese en 41% epistemiese gebruike wat onder 6.4.3 verder bespreek word.



Figuur 6.3 *Mag* se modale tipes

Dinamiese betekenis is die oorspronklike betekenisgebruik van *mag* maar hierdie betekenis is nie meer algemeen in gebruik nie en dit is slegs as optatiewe modaal wat dit nog voorkom. Voorts 'n bespreking van *mag* se onderskeie modale betekenis.

6.4.1 DEONTIESE *MAG*

Mag se kernbetekenis is om verlof of toestemming aan te dui (De Villiers, 1971:84). Hierdie deontiese (direktiewe) betekenisonderskeiding stem ooreen met *mogen* en *may* se kernbetekenis.

Verlof of toestemming is 'n persoonlike begrip – want dit is met die verlof of toestemming van 'n sekere *mag* of persoon wat iemand iets '*mag*' doen, byvoorbeeld:

[6.32] **Kinders**, *julle mag* nou sit. [De Villiers 1971:84]

Deontiese toestemming of verpligting verdeel in twee breë betekenisdomeine naamlik **A. direktiewe** waar 'n deontiese bron in die vorm van 'n spraakhandeling 'n persoonlike subjek-referent direk aanspreek en sekere gedrag verplig of toestemming/verlof gee om gedrag uit te voer, en **B. regulering van gedrag** waar gedrag van 'n homogene groep of individu gerig en bepaal en dus voorgeskryf word deur 'n eksterne deontiese bron in die vorm van burokratiese en administratiewe tekste.

6.4.1.1 A. DIREKTIEWE SPRAAKHANDELING

[6.33] "Neem haar na 'n kliniek of apteek, bespreek die moontlikhede, hoe dit werk. Al druis dit in teen alles wat jy glo, *mag jy dit nie ignoreer nie.*"
"Gesels ook oor die werklikhede van vigs en aborsie," sê Marieta. [HK 182: 2001 Informatief (uit Sarie)]

[6.34] "Ek gaan jou vanmiddag iets wys as ons kambro gaan grawe. Maar *jy mag vir niemand vertel nie.*" [HK 235: 2005 Fiksie (Grootword is nie vir sissies nie, Kowie Rossouw)]

[6.35] Sy was nogal onthuts hieroor en het my betig dat die karma van die kook-proses versteur is. "**Jy mag nooit**, maar nooit weer **iets opruim** of **weggooi** wanneer ek kook **nie**." Sy het die knoffel en gemmer uit die asblik ge-aas en afgespoel. [HK 238: 2008 Fiksie (Kladboek 'n hibridiese roman, Joan Hambidge)]

[6.36] Jy sal net met spesiale toestemming jou koejawelboom kan behou, en dan sal jy moet sorg dat hy niks verder as jou tuin versprei nie. Jou moerbeiboom hoef jy nie uit te kap nie, maar gaan hy die dag dood, *mag jy nie 'n nuwe een aanplant nie*.

Die Wet op die Bewaring van Natuurlike Hulpbronne staan al sedert 1983 op die wetboek, maar die lys van indringerplante wat daardeur beheer word, is nou van vyftig tot byna tweehonderd vergroot. [HK: 2001 Informatief (uit Die Huisgenoot)]

[6.37] Tydens die maal mag daar ook nie rusie gemaak word nie. Ook *mag jy die kos nie kritiseer nie*. Dit is nie net onhoflik nie, jy versteur ook die verdere karmatiese proses. [HK 266: 2008 Fiksie (Kladboek 'n hibridiese roman, Joan Hambidge)] {[jy] TWEDE PERSOON [mag] MODAAL [die kos] OBJEK [nie] NEG [kritiseer] VERBALE WW [nie] NEG}

Waar die deontiese bron (die eksterne deelnemer) van direkte spraakhandelinge 'n gesaghebbende persoon is soos in [6.36], is die deontiese krag wat sekere gedrag verplig of verbied dikwels 'n juridiese magsbron soos byvoorbeeld die Wet op Bewaring van Natuurlike Hulpbronne.

Voorbeeldsinne [6.33] – [6.37] is spraakhandelinge, direkte, waar die spreker 'n direk aangesproke subjek-referent aanspreek en direkte toestemming verleen [6.33], 'n opdrag gee [6.34] of 'n verbod plaas [6.35]. Direkte kom prototipies in die ontkeningsvorm voor, die onderwerp is in die tweede persoon, die kollokerende

werkwoorde is meestal materieel en op 'n spesifieke aksie gerig, die werkwoord is oorganklik en daar is 'n spesifieke objek en die deontiese bron is of lewend en persoonlik of 'n geskrewe reël. Variasies op hierdie prototipiese konstruksie is die verbod of verpligting op verbale en mentale werkwoorde/aksiewoorde maar dit is in die minderheid, en net so is onoorganklike direktiewe ook minder frekwent. Die prototipiese mikrokonstruksie vir direktiewe deontiese mag lyk soos volg:

Konstruksie 6.1: Direktiewe deontiese mag

[Jy+ mag + nie + OBJEK + MATERIËLE WW + nie] ↔ [Jy word verplig om 'n sekere aksie nie uit te voer nie]

Mag nie sowel as *moenie* (vergelyk Hoofstuk 5.6.5) is negatiewe direktiewe en spraakhandelings. Daar is egter 'n nuanseverskil. *Mag nie* gebruik die vokatiewe aanspreekvorm meestal in die tweede persoon en *moenie* kan in die stelsinvorm, met 'n vokatief en as suiwer imperatief sonder 'n direkte aangesprokene gebruik word. *Mag nie* kan nie sonder 'n vokatief as bevel gebruik word nie. *Mag nie* blyk ook in spesifieke kontekste gebruik te word, byvoorbeeld in juridiese en religieuse tekste wat reëlagtigheid in 'n baie vaste en spesifieke waardestelsel impliseer. Hierdie gebruik is onsekulêr teenoor *moenie* wat sedert periode 3 en 4 vrylik in die omgangstaal as sekulêre uitdrukking van die negatiewe imperatief is. Met dié dat *moenie* so vrylik gebruik word, is die gebruik daarvan meer situasiegebonde teenoor *mag nie* wat in 'n baie spesifieke kontekste sekere vaste reëls en regulasies uitdruk. Alhoewel *moenie* as spraakhandeling 'n bevel is, is dit is minder gesigsbedreigend vanweë die algemene gebruik daarvan. Daarenteen blyk dit dat die direktief '*jy mag nie*' meer beleefd is maar sekere reëls word daargestel wat nagekom moet word. In [6.37] en [6.38] is die konteks waarbinne die verbod plaasvind bepaal deur spesifieke waardestelsels of sisteme daargestel byvoorbeeld religieus in [6.38] en die Parkeraad [6.39]:

[6.38] Teoloë het reeds God se orde vir die wêreld bepaal, het hulle volgehou, hierdie orde is onveranderlik en mag nie deur sommer

enigeeen bevraagteken en aangepas word nie. [HK 139: 2004
Informatief (Eva ontmoet Einstein, Annelie Ferreira)]

[6.39] Dit word in die permit (Paragraaf 5.6) duidelik gestel dat geen afval op
die terrein herwin mag word nie.[HK 192: 2010 Natuurwetenskappe
(Gevaarlike afval in huishoudelike afval... Kruis)]

Die gebruik van *moenie* in [6.40] en [6.41] het nie betrekking op die breë publiek nie
maar is baie spesifiek situasiegebonde:

[6.40] Hou jou stupid aanmerkings vir jousef! Toe, toe, kinders. Ons is byna by
die aftreeoord. *Moenie* nou baklei nie. [HK 4: 2008 Fiksie (Tim-Tam se
Afrika-Avontuur, Sheugnet Buys)]

[6.41] Onbewaakte bagasie: *Moenie* jou bagasie onbewaak los nie. Benewens
die feit dat dit gesteel kan word, veroorsaak dit ook 'n erge ongerief wat
dalk vir jou 'n boete kan besorg. [HK 6: 2009 Verslaggewing (Die
Burger)]

Die gebruik van *moenie* en *mag nie* is albei oorwegend sterk, dit is slegs die gebruik
daarvan in spesifieke kontekste wat verskil. *Moenie* is 'n direkte bevel, hetsy deur 'n
gesaghebbende persoon of in 'n gespreksituasie gemik op 'n direkte aangesprokene
terwyl *mag nie* sekere reëls en regulasies uitstippel.

Benewens as direktief het *mag* ook ander deontiese betekenisnuanses wat hier
bespreek word.

6.4.1.2 B. BUROKRATIESE TOESTEMMING

Voorbeeldsinne [6.42] en [6.43] is uit informatiewe tekste wat bepaalde voorskriftelike
maatreëls neerlê; daar is nie 'n direkte aangesprokene nie en *mag* is dus nie as 'n

taalhandeling ingespan nie. Politiese voorskrifte en maatreëls word verduidelik en uitgestippel maar daar is nie 'n direkte subjek-referent wat aangespreek word nie. Voorbeeldsin [6.42] gebruik die derde persoon enkelvoud en [6.43] die derde persoon meervoud om na die groep op wie die voorskrifte gemik is, te verwys en in [6.44] word 'n selfstandige naamwoord, **bekendes**, gebruik om aan te dui wie die bepaalde groep is:

[6.42] Binne geoorloofde grense *mag hy* daarom dan ook van die goeie dinge van die lewe geniet. Binne geoorloofde grense, want die ontspanning wat die Christen hom veroorloof *mag* nie in stryd wees met die eerbied wat hy aan God verskuldig is nie; *mag* nie laer hartstogte prikkel nie; *mag* nie bots met sy Christelike beginsels en belydenis nie; moet altyd middel bly en nooit doel word nie.


[HK 186: 1942 Religieus (Die Christelike huisgesin, D.F. Erasmus)]

[6.43] *Hulle* mag egter nie teen die volks-, resp. staatsbelang werk nie. Maar hierdie negatiewe bepaling is iets anders. *Hulle mag* bowendien ook nie teen die belange van ander menslike verbande werk nie. [HK 204 1941 Informatief. (Die stryd om die ordes, H.G. Stoker)]

[6.44] Wanneer offisiere of brandwagte onder beheer marsjeer of ry moet die aandag-houding stiptelik nagekom word. Selfs **bekendes** *mag* nie gegroet of raakgesien word nie. [HK 43: 1944 Informatief (Die Boerejeug van die Ossewabrandwag, A.P. van Heerden)]

Byloo en Nuyts (2011) en Van Ostayen en Nuyts (2004) en ander kategoriseer direkte as spraakhandelings met geen modale betekenisonderskeiding nie. Hierdie studie verwerp hierdie nosie aangesien spraakhandelinge steeds moontlike wêreld oopbreek. Die gebruik van *mag* in die Afrikaanse Historiese Korpus lewer egter weinig suiwer direkte gebruike op en wanneer die subjek-referente in die korpus ondersoek word soos gesien in figuur 6.4, is meeste subjek-referente indirekte, onpersoonlike subjekte in die vorm van selfstandige naamwoorde (byvoorbeeld **bekendes**) of indirekte en onpersoonlike voornaamwoorde en die gebruik van *mag* as

direktief is laer as die gebruik van suiwer deontiese toestemming waar die deontiese bron eerder geskrewe maatreëls is:



Onderwerp:kodes
Eerstepersoon enkelvoud (1E)
Eerstepersoon meervoud (1M)
Tweedepersoon enkelvoud (2E)
Derdepersoon enkelvoud (3E)
Derdepersoon meervoud (3M)
Eienaam
Onpersoonlike voornaamwoord (OP)
Soortnaam (S)

Figuur 6.4: Subjekte wat met *mag* kollokeer.

Vervolgens word die fyner betekenisnuanses met betrekking tot die deontiese bron en die gepaardgaande deontiese krag belig:

Verpligting op grond van morele/etiese voorskrifte

Die betekenisonderskeiding van toestemming maak ook voorsiening vir 'n morele, **etiese implikasie** soos ingegee deur veral religieuse instellings byvoorbeeld in [6.45] en [6.46].

- [6.45] **Christene mag nie hangertjies met die kruis dra** nie en Moslemkinders mag nie die sluier (hijab) dra nie. Hierdie wet het teen die einde van 2005 tot onluste in stede in Frankryk gelei, omdat veral Moslems van oordeel was dat daar onder die vaandel van neutraliteit teen hulle gediskrimineer word.
[HK 54: 2006 Geesteswetenskappe (Christelike gesindheid en ander godsdienste – In die Skriflig)]

- [6.46] Binne geoorloofde grense, want die ontspanning wat **die Christen** hom veroorloof *mag* nie **in stryd wees met die eerbied** wat hy aan *God* verskuldig is nie; mag nie laer hartstogte prikkel nie *mag* nie bots met sy *Christelike beginsels en belydenis* nie; moet altyd middel bly en nooit doel word nie; [HK 441: 1942 Religieus (Die Christelike huisgesin, D.F. Erasmus)]

Juridiese verpligtings

- [6.47] Volgens **die Wet van 1882 mag alle debatte en besprekinge in die Kaapse Parlement** in Engels of Hollands **geskied**, maar in geen ander taal nie. [HK 3: 1919 Verslaggewing (uit Die Huisgenoot)]
- [6.48] Die Wetgewende mag berus bij die "Parlement", wat bestaan uit die Koning, 'n Senaat en 'n Volksraad. Die Parlement kom minstens eenmaal in die jaar bijmakaar.
Die Senaat bestaan uit 40 lede; waarvan elke Provinsie 8 lede kies en die Gouwerneur Generaal benoem 8 en daarvan moet 4 die natuurlike bevolking verteenwoordig.
Die Volksraad bestaan uit 121 lede, en is als volg verdeeld: Kaap

Provinsie 5; Natal 17; Oranje Vrijstaat 17; en Transvaal 36.

In 1911 word 'n volkstelling gehou en verder al om die 5 jare. Als die bevolking van 'n Provinsie vermeerder, dan word ook die getal Volksraadslede vermeerder na verhouding. Maar **die volle getal Volksraadslede mag nie 150 te bowe gaan** nie. Die stemming van Volksraadslede vind op dieselfde dag plaas in die 4 Provinsies.

[HK 454: 1911 Informatief (Die Unie van Suid Afrika, uit Almanak)]

Ekonomiese en arbeidsverpligtings


Regulasies rondom 'n gemeenskap se ekonomiese en arbeidslot sowel as vaste voorskrifte rondom die standaardisering van taal en spellingreëls word ook streng gereguleer en bepaal en die modale hulpwerkwoord *mag*, druk hierdie toestemming of verbod op sekere handelings en aktiwiteite uit.

[6.49] **Sulke belastinge** word verskuldig en betaalbaar op 28 Desember 1971 en *mag* nie later **as 31 Januarie 1972**, wat die finale datum vir hul vereffening is, **betaal word** nie. [HK 177: 1971 Verslaggewing (uit Natal offisiële Koerant)]

[6.50] Arbeiders (Blank en nie-Blank): Elke kwartaal, dit is voor die 5de Januarie, April, Julie en Oktober van elke jaar moet u my in die voorgeskrewe skedule-vorm 'n kwartaalstaat (in enkelvoud) stuur van Arbeiders wat al van te vore verlof geneem het maar wat die diens gedurende die voorafgaande kwartaal verlaat het. Selfs al is dit 'n nul-verslag, moet dit nogtans ingedien word. Verwys altyd na my lêer No.K.4037/8/11. **Geen verhogings mag** aan **arbeiders gegee word** sonder voorafgoedkeuring van hierdie kantoor. **Alle arbeiders** word op die basis van "per dag gewerk" aangestel, maar hulle kry nogtans betaling vir alle Publieke Vakansiedae, of hulle gewerk het of nie. Hulle kan egter aangesê word om op sulke dae (sowel as Sondae) te werk, indien nodig. Ander tydelike beamptes word aangestel op die basis van

"per werksdag", en word nie vir Sondag, maar wel vir Publieke Vakansiedae betaal. Arbeiders *mag* nie van een seksie oorgeplaas word na 'n ander seksie nie sonder voorafgoedkeuring van hierdie kantoor.
[HK 437: 1945 Formele brief (02-20)]

Deontiese *mag* kom dikwels voor in omskrywingskonstruksies. Soos gesien in figuur 6.5 is daar 24% passiewe konstruksies in deontiese *mag* se betekenisdomein aangeteken waar die deontiese bron as subjek nie op die voorgrond staan nie, maar die fokus is eerder op die spesifieke verbod en gepaardgaande verbode handelings geplaas soos gesien in [6.49] en [6.50].



Figuur 6.5 Deontiese *mag* se omskrywingfrekwensies.

Kulturele en samelewingsnorme en verpligtings

Sekere verpligte gedrag word voorgeskryf as etiese voorskriftelike reëls en bepalings en word deur kulturele en samelewingsnorme daargestel:

[6.51] Hierdie fundering is die basis van huwelikstrou en gesinsharmonie.

Hierdie fundering *mag* nie tot die biologiese herlei word of daaraan

ondergeskik **gestel word** nie. [HK152: 1941 Informatief (Die stryd om die ordes, H.G. Stoker)]

Sekere kulturele instellings soos die huwelik word in sommige kulture gerig en bestuur en in informatiewe tekste opgeteken om as riglyn te dien soos gesien in [6.51]. In die Afrikanergemeenskap word die huwelik gesien as instelling van God en daar is dus baie strenger maatreëls ten opsigte van hierdie vennootskap as in baie ander kulture en dit word ook streng bepaal deur sekere religieuse voorskrifte soos in [6.52] gesien.

[6.52] **Die gelykstelling van die ongehude moeder** met die gehude op grond van volkse motiewe, *mag ons* nie **aanvaar** nie. Die huwelik is 'n instelling van God, waaraan die mens hom nie *mag* vergryp nie. [HK 350: 2006 Geesteswetenskappe (Christelike gesindheid en ander godsdienste – In die Skriflig)]

Kulturele norme en standaarde verwys na samelewingsvoorskrifte op 'n makroskaal soos byvoorbeeld hoe huwelike gerig moet word, maar dit sluit ook in hoe die spesifieke kultuur sy sprekers se taalgebruik reguleer:

[6.53] Hierdie besluit beteken glad nie dat die *Akademie* van oordeel is dat **niemand die nuwe spelling** vóór 1 Januarie 1921 *mag gebruik* nie: dit beteken alleenlik dat die onderwys-outeiteite versoek sal word om die gewysigde spelling van dié datum af in die skole verplig te maak [HK 4: 1920 Geesteswetenskappe ('n Paar gedagtes oor Spellinghervorming, Prof. J.-J. Smith)] {niemand} ONPERSOONLIKE VNW [mag] MODAAL [die nuwe spelling] OBJEK +[gebruik] MATERIËLE WW [nie]}

Nie-lewende subjek-referente

Sekere handleidings of joernale stel vereistes oor hoe sekere nie-lewende, siellose subjek-referente of objekte hanteer behoort te word. Hier is die fokus op die regulering van algemene, praktiese samelewingstandaarde; hoe mense metodes kan verbeter; hoe om instansies en instellings te beheer; hoe om wetenskaplike navorsing te reguleer en hoe om die natuur te beheer, ensovoorts. Praktiese voorstelle ten opsigte

van 'n sekere aktiwiteit word hier gemaak of voorgeskryf en verplig. Alhoewel die fokus op praktiese voorstelle is, is daar teen die agtergrond hiervan tog menslike agente wat die handelinge uitvoer, die fokus is egter hier op die aksie en die gepaardgaande nie-lewende objek.

[6.54] neiging om aanleiding te gee tot verskillende soorte IKTbeleidsbepalings vir verskillende stede. **Die een stad mag** byvoorbeeld **die veld oorlaat** aan die openbare sektor of laat reguleer deur nasionale of internasionale beleid in hierdie verband, terwyl 'n volgende stad weer self uitgebreide planne ontwikkel vir die invoering en inkorporering van IKT. [HK 403: 2006 Natuurwetenskappe (Stad, IKT (ICT) en beleid... Cohen-Blankshtain, Nijkamp)] {[die een stad] SOORTNAAMWOORD [mag] MODAAL [die veld] OBJEK + [oorlaat] MATERIELE WW]

[6.55] Terwyl alle kategorie-een-plante onmiddellik verwyder moet word, *mag* **indringers in kategorie twee**, soos die koejawelboom en sekere densoorte, net onder beheerde omstandige **gekweek word**. [HK 603: 2001 Informatief (uit Die Huisgenoot)] {[indringers in kategorie twee] SOORTNAAM [mag] MODAAL [gekweek word] PASSIEF MATERIELE WW}

[6.56] As hoofkenmerk van 'n natuurkundige verskynsel het ons die feit genoem, dat **die verskynsel nie met enige blywende verandering van die geaardheid van die stof mag gepaard gaan** nie. [HK 404: 1920 Natuurwetenskappe (Inleiding tot die natuurwetenskappe, G. D. Roos)] {[die verskynsel] SOORTNAAMWOORD [mag] MODAAL [nie] [met enige blywende verandering van die geaardheid van die stof] VOORSETSELSTUK [gepaardgaan] WERKWOORD [nie]}

[6.57] Die styl wat hierdie konsentrasie wil uitbeeld, moet bestuur word deur die intellek, wat hardheid verkies bo romantiese spel. Pierneef se houtsneë vorm 'n integrerende deel van sy kuns. Dit is raamwerke, waarbinne die fantasie kleure moet weef; dit **is die tekenpatroon vir 'n skildery**, wat **nie mag afwyk van die opset in swart en wit nie**. Die

funksie van sy kleure mag slegs wees: die verhoging van die gevoel van konsentrasie binnekant 'n liggende bol. [HK 288: 1942 Geesteswetenskappe (Kuns en kunswaardering, A.C. Bouman)] {[die tekenpatroon vir 'n skildery] SOORTNAAM [wat nie [mag] MODAAL afwyk van die opset in swart en wit nie] BETREKLIKE KLAUS}

Burgerlike en politiese verpligtings

In 'n meer konserwatiewe samelewing is daar dikwels vereistes en bepalinge wat burgerlikes se gedrag manipuleer en beheer. Die Historiese Korpus demonstreer hoe daar gedurende die veertiger- tot sewentigerjare heelwat voorskrifte was wat voorgeskryf het hoe 'n groep, by name die Afrikaner, se gedrag behoort te wees (sien bespreking in Hoofstuk 5.4.5). Daar is baie streng maatreëls neergelê wat streng beheer op 'groepslede' se gedrag en denke op verskeie samelewingsvlakke uitgeoefen het. Hetsy kultureel, polities, sosiaal of opvoedkundig, sekere geskrewe maatreëls het bepaal hoe die groep behoort te dink en optree. Hierdie verpligte gedrag was nie onderhandelbaar nie en streng geregleer soos uitgedruk deur die volgende voorbeelde:

[6.58] Wanneer 'n **vlagparade** deur die **Boerejeug** gehou word, moet streng gelet word op **onderstaande reëls en prosedure** en *mag* in generlei opsig daarvan **afgewyk word nie**. Die bygaande skets (Bylae II en III) toon aan waar 'n volle veldkornetskapskap op vlagparade is. [HK 187: 1944 Informatief (Die Boerejeug van die Ossewabrandwag, A.P. van Heerden)] {[van die onsterstaande reëls en prosedures] OBJEK + [mag] MODAAL [nie] [van afgewyk word nie] PASSIEF WERKWOORD}

[6.59] Ons glo dat die **staat**, as instelling vir die handhawing van die reg in die menslike samelewing omdat dit die draer van gesag en van mag is, moet toesien dat 'n behoorlike peil van volksopvoeding gehandhaaf bly, dat in die **skoollewe** die reg geld en gehandhaaf word, dat die staat dus in die organisasie van die skoolwese 'n belang en 'n reg het. Maar ons glo ook

dat die staat oor die gees en rigting van die skool, solank dit volgens die maatstaf van die Wet van God, nie staatskadend en staatsvernietigend is nie, nie mag beslis nie. Ons glo ook dat die staat moet sorg dat die onderwys wat gegee word, van 'n goeie wetenskaplike gehalte is, dat die vorming van die kind wat op skool plaasvind, ook sedelike vorming is en dat al die noodsaaklike deugde aangekweek word. Ons glo dat waar die ouers as natuurlike voogde in gebreke bly wat betref die skoolopvoeding van hul kinders, **die staat** (as oppervoog oor alle kinders) **die inisiatief in die oprigting van skole mag neem en behou** tot tyd en wyl die ouers begeer om hul regte self uit te oefen. [HK 291: 1948 Informatief (Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, F.A.K.)]

Leefstylvoorstelle

Bogenoemde voorbeelde en betekenisonderskeiding dra 'n sterk verpligting, betekenisonderskeiding en gedrag word hierdeur beheer en bepaal. Daarteenoor is daar mediaanverpligtingbetekenisse wat minder voorskriftelik en verpligtend is. Sekere voorskriftelike maatreëls word nie deur 'n bepaalde instelling afgedwing of vereis nie, maar is goeie voorstelle vir 'n beter leefstyl en die verpligtingsaspek is dan minder sterk en afdwingend.

[6.60] Daar moet nie te veel mense snags in één kamer slaap nie. Drie groot mense is genoeg vir één kamer van matige ruimte. **Vir groot slaapvertrekke mag meer mense toegelaat word**; maar dan moet daar ook meer vensters en deure in wees, om vir ventilasie te sorg. [HK 399: 1920 Informatief (Populêre Wetenskaplike Leesboek deel 3)] {[vir groot slaapvertrekke] INDIREKTE OBJEK [mag] MODAAL [meer mense] ONBEPAALED VNW [toegelaat word] PASSIEWE MATERIËLE WW}

[6.61] Die dokter het gesê dat **koekies met komfijt mag ik nie geniet** nie om mij maag, maar koekies met room kan ik eet so veel as ik kan inkrij." Die moeder siet haar naakroos bewonderend aan. [HK 249: 1918 Fiksie (Die

Wonderkind, uit De Goede Hoop)) {[Ik] eerste persoon [mag] MODAAL [nie]
[geniet] WERKWOORD}

In hierdie afdeling is die betekenisnuanses van algemene deontiese *mag* in fyner besonderhede ondersoek. Die betekenisnuanses van deontiese *mag* stem baie ooreen met deontiese *moet* en albei hierdie modale neem toe²¹ in periode 2²² vanweë sosio-politiese faktore soos bespreek in Hoofstuk 5.4.5. Albei modale word tydens periode 2 meestal in informatiewe tekste en persoonlike briewe gebruik. Informatiewe tekste is in hierdie tydperk gebruik om die Afrikaner te manipuleer en *moet* en *mag* is in die proses aangewend om hierdie volk te kondisioneer deur middel van taal in die vorm van direkte.

Mag as deontiese modaal se konstruksies word vervolgens ondersoek. Die prototipiese deontiese konstruksie van *mag* het die volgende kenmerke: Die gebruik van 'n (a) **soortnaam** in die vorm van 'n homogene lewende (sielhebbende) groep (die belastingbetalers; die Volksraadslede) of 'n spesifieke persoon (die distriksgeneesheer) of siellose nie-lewende subjekte²³ soos 'n wet; instelling; 'n boom; 'n fundering ens as subjek-referent staan voorop; (b) die **negatief** is baie algemeen

Konstruksie 6.2a: Burokratiese deontiese *mag*:

[MENS (e) + mag + (NEG) + (INDIREKTE/DIREKTE OBJEK) + MATERIËLE WW] ↔ [Geskrewe bron, gee toestemming aan onspesifieke subjek; toegelate gedrag is oort en materieel van aard]

Konstruksie 6.2b: Deontiese *mag* passiewe konstruksie:

[[PASSIEF] ↔ [OBJEK soortnaam + mag + (NEG)+ (INDIREKTE OBJEK) + MATERIËLE WW]] ↔ [Materiële werkwoorde rig aksies soos van toepassing op objekte]


²¹ Sien 5.4 vir diachroniese ontwikkeling van *moet* en 6.5 vir *mag* se diachroniese ontwikkeling

²² *Moet* neem toe met 40% en *mag* met 38%

²³ Hierdie siellose subjek-referente is menslike kultuurgoedere wat as bronne van outoriteit dien en steeds menslike gedrag bepaal.

alhoewel daar gebruike is daarsonder; daar is oorwegend (c) **materiële werkwoorde** in hierdie prototipiese konstruksie wat 'n bepaalde overte aksie kontroleer; en die werkwoord is meestal (d) **oorganklik** alhoewel daar onoorganklike werkwoorde is. Werkwoorde is teleologies en intensioneel van aard, wat behels dat voornemende of vereiste aksies doelgerig is (Sien Searle 1979 vir 'n bespreking van intensionele werkwoorde in spraakhandelinge). Konstruksies wat afwyk van die prototipiese gebruik is byvoorbeeld die gebruik van passiewe konstruksies waar die gedrag van die subjek-referent nie vooropstaan nie, maar eerder die verpligte of toegelate aksie wat op die betrokke objek van toepassing is. Hier is twee tipes passiewe konstruksies: i) Konstruksies met meer spesifieke menslike subjekte soos byvoorbeeld Ek/Ons/Hulle en ii) konstruksies met mentale werkwoorde maar hierdie gebruik is nie algemeen nie en die konstruksie lyk nie inherent anders as die prototipiese deontiese *mag*konstruksie nie.

Die konstruksienetwerk van deontiese *mag* lyk soos volg:



Figuur 6.6 Die konstruksienetwerk van deontiese *mag*

In hierdie konstruksie is deontiese *mag* op die makrovlak en die onderverdeling van die twee breë deontiese konstruksiebetekenisse naamlik direkte en algemene deontiese *mag* op die mesovlak van die konstruksie. Op die mikrovlak is daar voorsiening gemaak vir die prototipiese en minder prototipiese betekenisse.

In terme van die drie prototipiese direkte mikrovlakkonstruksies word daar eerstens onderskeid getref tussen direkte met die ontkenningsvorm en dié daarsonder. Direkte *mag* se outoriteitsbron verskil ook en alhoewel meeste bronne 'n persoonlike deontiese bron en dus die prototipiese voorbeeld is, (vandaar die donkerder en groter blokkie) word daar ook op hierdie vlak voorsiening gemaak vir 'n geskrewe deontiese bron wat meestal as reëls neergeskryf word. Die onpersoonlike voornaamwoord – *dit* – staan in die plek van alle objekte en die werkwoord *doen* is verteenwoordigend van alle materiële werkwoorde.

Die algemene deontiese konstruksie van *mag* verdeel ook in konstruksies met en sonder negativering. Die protipiese konstruksie van algemeen deontiese *mag* se subjek is minder spesifiek (nie 'jy' nie) en meestal in die vorm van hoofsaaklik menslike soortname wat aangedui word met die bepaalde lidwoord en S wat in die plek staan van alle soortname. Die minder prototipiese konstruksie is in die vorm van die passiewe konstruksie waar *dit* – verteenwoordigend is van alle objekte wat omskryf is en die subjekposisie waarneem en die werkwoord is in die passiefkonstruksie geskryf.

De Villiers (1971:84) reken dat in omgangstaal verloop dikwels eerder deur *kan* as *mag* aangedui word (hy steun egter hierdie uitlating met geen voorbeeldsinne of korpus-analise nie). Deontiese *kan* is egter skaars teenwoordig in die Historiese Korpus en hierdie aanspraak van De Villiers word nie deur hierdie studie ondersteun nie.

Vanweë die hoë gebruik van negativering met *mag* is daar nou voorts 'n bespreking hiervan.

6.4.1.3 MAG NIE

Die teenoorgestelde van verloop of toestemming, naamlik die uitdrukking van 'n verbod en teenstand teen 'n sekere handeling of aksie, word ook deur *mag* uitgedruk en is 'n belangrike betekenisfunksie van *mag*. Hierdie verbod of teenstand word deur die ontkenningvorm uitgedruk. *Mag* kollokeer dikwels met die ontkenningvorm, soos gesien in tabel 6.1, en dit is veral wat subjek-referente nie *mag* doen nie wat hier voorop staan.

	Negatief	Totaal	%
Deonties	119	274	43,43
Dinamies	4	13	30,77
Epistemies	6	202	2,97
Totaal	129	489	

Tabel 6.1 Frekwensietabel van *mag* se modale tipes en negativering

In die steekproefdata se 489 voorbeelde, kollokeer mag 129 keer met die ontkenning; dit is 26% van al *mag* se gebruike en 43% van deontiese *mag* is negatief.

[6.62] Veral laasgenoemde wat van meer blywende aard is, *mag nie* vir tydelike voordeel toegelaat word *nie*, en as ons dit doen, sal ons oor 'n tydperk van jare in die toekoms daar duur voor betaal. [HK 290: 1941 Verslaggewing (uit Die Landbouweekblad.)]

[6.63] Dit blyk dat die polisie op die Boesmans se spoor was. Magistraat Van Ryneveld wou vir hulle gaan sê wat die wet bepaal. Hulle *mag nie* elande *skiet nie*. Dit is kroonwild. [HK 271: 2007 Fiksie (T'sats se kind Tkholie, Willem D. Kotzé)]

Deontiese *mag* vertoon twee subkonstruksies: A. Konstruksies met *mag* as direktief wat minder frekwent is as B. Konstruksies met suiwer deontiese toestemming en verpligtingbetekenisse wat meer gebruike in die Historiese Korpus vertoon. Die gebruik van *mag* en die ontkenning is baie algemeen in albei hierdie gevalle.

Konstruksies met *mag* as direktief is persoonlik en die subjek-referent en aangesprokene is in die tweede persoon.

6.4.2 DINAMIESE BETEKENIS

Buiten dat *mag* volgens De Villiers (1971:85) veral binne die verlof en moontlikheid-parameters val, is 'n verdere persoonlike waarde van *mag* die uitdrukking van die subjunktiewe modus aangesien iemand se goeie wense ten opsigte van 'n ander of 'n eie persoonlike begeerte uitgedruk word:

[6.64] *Mag* hy beter hardloop volgende keer. [De Villiers 1971:84] {goeie wens}

[6.65] My wens was dat elkeen vasgetrap *mag* word. [De Villiers 1971:84] {persoonlike begeerte}

In die eerste geval waar die sin ingelei word deur *mag* – is die sinsvorm ongewoon (inversie). In die tweede geval waar *mag* as deel van die voorwerpsin voorkom, kan *mag* deur *kan*, *moet*, *sal* en *wil* vervang word.

Daar is heelwat volisievoorbeelde in die Historiese Korpus:

[6.66] *Mag die jare wat jy voorgelê het, goed inhou*, ek weet daar sal vir jou baie vreugde wees, want jy sit soveel liefde en genot in die proses van menswees. [HK 2: 1980 Persoonlike brief (10-06)] {seënwens}

[6.67] Ek bid jou Gods seën toe – *mag* die Heer jou help gedurende die moeilike dae wat jy nou deurmaak – *mag* Hy jou genade gee om eerlik, opreg en standvastig te wees! *Mag jy genade ontvang* om groot en edel te bly, en krag ontvang, om dit te erken [HK 82: 1941 Persoonlike brief (09-10)] {seënwens}

[6.68] " *Mag ik met Gods hulp slaag* en elk lezer die nog slaap mag ontwaak, en nie word ingesluk (Jesaja 9, vers 15), en die Afrikaner natie nu en voortaan wakende mag blyf, van geslag tot geslag, waardeur Afrikaners, en die met ons wel menen, namelyk Zuid Afrikaners, moge welga en viral Zuid Afrika bloeien. [HK 312: 1915 Informatief (Die Afrikaner Waak, A.B. de V. Pickard)] [persoonlike begeerte}

Voorbeelde [6.65] – [6.65] is die prototipiese voorbeeld van volisie-*mag* en die uitspraak van 'n goeie wens, 'n tipe seënwens op 'n aangesprokene, die subjek-referent en gaan oor iets waarby die referent kan baatvind. Die uitspraak van 'n seënwens is in meeste gevalle 'n spraakhandeling maar dit kan ook minder persoonlik en meer in die algemeen op 'n derde persoon uitgespreek word [6.64]; al hierdie variante konstruksies is toekomsgerig.

Voorbeeld [6.67] en [6.68] is die uitspraak van 'n persoonlike wens en begeerte en die spreker self is die referent.

Hierdie konstruksie is baie skematies en daar is geen vaste struktuur nie. Die onderwerp is in die tweede persoon indien dit die uitspraak van 'n toekomsgerigte seënwens is (taalhandeling), die algemene seënwens se onderwerp is in die derde

persoon en 'n persoonlike wens is in die eerste persoon. Aangesien daar geen vaste konstruksies is nie, lê hierdie tipe konstruksies op die mesovlak

Konstruksie 6.3 Dinamiese *mag* variante:

6.3a: [mag +jy/julle + TOEKOMS PRED] ↔ [’n Toekomsgerigte seënwens word op ’n tweede persoon in die vorm van ’n spraakhandeling uitgespreek]

6.3b: [mag + hy/sy/hulle + TOEKOMS PRED] ↔ [Toekomsgerigte seënwens word op ’n derde persoon uitgespreek]

6.3c: [mag ek/ons TOEKOMS PRED] ↔ [Toekomsgerigte persoonlike wens om in ’n aksie te slaag]

Voorbeelde [6.69] en [6.70] se konstruksies slaan nie spesifiek op *mag* nie en *mag* kan in hierdie voorbeelde met *kan* of *sal* vervang word en is dus nie deel van *mag* se spesifieke dinamiese konstruksienetwerk nie


- [6.69] Daarom juig ons die verskijning van ons nuwe tijdgenoot toe en spreek daarbij *die wens uit* dat hij 'n lang en nuttige bestaan *mag hê*, waarvoor die redaksie borgstaan. [HK 42: 1920 Verslaggewing (uit Die Banier)]
{goeie wens}
..spreek daarby die wens uit dat hy 'n lang en nuttige bestaan *sal hê*
..spreek daarby die wens uit dat hy 'n lang en nuttige bestaan *kan hê*

- [6.70] Maar sy bid stilweg dat die dinge wat sy vrees nie bewaarheid *mag* word nie. [HK 45: 1980 Fiksie (Wat op die middag verwoes, M. Bakkes)]
{persoonlike begeerte}
..dat die dinge wat sy vrees nie bewaarheid *sal* word nie.
..dat die dinge wat sy vrees nie bewaarheid *kan* word nie.

Suiwer dinamiese betekenis wat herinner aan die oorspronklike betekenis van *mag* en oorvleuel met *kan* se kernbetekenis, naamlik vermoë of in staat stel, kom nog voor in die Historiese Korpus:

[6.71] Ek *mag* bysê, die Liewe Heer het my geseen met 'n gesonde lewe, sodat ek selfs vir 4 1/2 seisoene vir Stellenbosch kon Rugby speel saam met persone soos P.K. Albertyn, Micho DeKock, Fien Olivier, Wyle Dv. Roos en so aan = Ek noem dit ook maar net uit dankbaarheid! [HK 130: 1975 Formele brief (11-16.)]

Mag as dinamiese modaal vertoon slegs volisiegebruike wat op die meso- en mikrovlak in kognisie lê. Die subkonstruksies van dinamiese *mag* se woordorde is identies en lyk soos volg: [mag + S + PRED]. Hierdie konstruksie se betekenis sluit aan by die subjunktiewe modusbetekenis waar 'n nie-feitelike wensversugting uitgespreek word. Hierdie hele konstruksie is nie-reëel en irrealis. Die dinamiese konstruksienetwerk van *mag* lyk soos volg:



Figuur 6.7 Die Konstruksienetwerk van dinamiese *mag*

Hoe dinamiese betekenis oor die verloop van die twintigste eeu verander het word onder 6.5.3 bespreek.

6.4.3 EPISTEMIESE BETEKENIS

Mogen vertoon geen epistemiese gebruike in Hedendaagsenederlands nie (Byloo & Nuyts, 2011:55); daarenteen is *may* se betekenis 79% epistemies (Collins, 2009:92). In hierdie opsig is die verskil tussen Engels en Nederlands baie groot en Afrikaans sluit in hierdie verband eerder by Engels aan aangesien Afrikaanse *mag* heelwat epistemiese gebruike vertoon, soos gesien kan word in die volgende voorbeelde:

[6.72] Die houding van "belangrike volwassenes" (significant adults) *mag* dus 'n bepalende faktor in hulle geslagrolverwarring wees, aangesien dit in die literatuur ook aangedui is dat die houding van die ouers baie

belangrik is in die veroorsaking van transseksualisme.

[HK 8: 1974 Geesteswetenskappe ('n Psigodiagnostiese studie van 'n aantal transseksualiste, L.B. Bergh)]

[6.73] Hulle wil blykbaar die water sien, voorbereid wees op *wat ook al mag gebeur*. [HK 13: 1974 Fiksie (Danda, C. Barnard)]

[6.74] Die kliniese beeld *mag* dan *ooreenstem* met wat ons straks onder die kolloide struma diffusa gaan bespreek waar chirurgiese indikasies gestel sal word. [HK 32: 1941 Natuurwetenskappe (S.A. Tydskrif vir Geneeskunde)]

Epistemiese betekenisse vertoon meestal mediaan maar soms ook hoë sprekersekerheid. **Mediaansekerheid** sluit die gebruike in waar die spreker onseker is. Die eerste mediaanbetekenisonderskeiding wat epistemiese gebruike vertoon is **(A) sprekeronsekerheid** en dit word veral deur bywoorde soos *moontlik* en *miskien* aangedui. Die tweede mediaan epistemiese betekenisonderskeiding is **(B) hipoteses** wat 'n voorgestelde of voorlopige verklaring van 'n fenomeen is en deur empiriese bewyse bevestig kan word. In epistemiese betekenisse is hipoteses voorlopig en nog nie bewese nie. **(C) Voorwaardelike sinne** is die derde mediaan epistemiese betekenisonderskeiding en in hierdie geval is daar 2 interafhanklike proposisies wat saam een konstruksie vorm en omstandighede in die een proposisie is afhanklik van gegewens in die ander. **Hoë sprekersekerheid** sluit in **(D) afleidings en aannames** wat deur sekere bewyse gegrond word; en **(E) bewyslikes** wat baie naby is aan afleidings maar spesifieke feitelike verklarings word gebied.

Epistemiese *mag* word geïdentifiseer deur 5 breë betekenisdomeine maar daar is spesifieke betekenisnuanses wat elkeen deur bepaalde konstruksies aangedui word. Vervolgens 'n bespreking van hierdie 5 domeine en hulle onderskeie konstruksies.

A) Sprekeronsekerheid

Sprekeronsekerheid word aangedui deur kollokasies van *mag* en bywoorde soos *moontlik* en *miskien* soos aangedui in [6.75] – [6.76]

[6.75] Ten opsigte van die Creswell-versameling word eweneens aanbeveel dat insae in bande een en drie geweier word omdat daarin korrespondensie voorkom wat *moontlik* tot nadeel van Suid-Afrika *aangewend mag word*. [HK 6: 1974 Formele brief (06-19)] {sprekeronsekerheid – moontlik}

[6.76] Ik is nou oortuig dat die beweging regtig “ 'n nasionale beweging” is, en daardoor reg van bestaan het, en *al mag ik miskien* 'n beetje van 'n remskoen wees, gaan ik daarom nie die breek aandraai nie als dit opdraand gaan, en ook nie op die gelijke pad nie. [HK 18: 1914 Geesteswetenskappe (Die Afrikaanse Taal-beweging, een studie, J.F. van Oordt)] {sprekeronsekerheid – miskien}

Die kollokasie van modale hulpwerkwoorde en modale bywoorde soos *moontlik* en *miskien* is algemeen. Hierdie tipe bywoorde kollokeer nie spesifiek net met *mag* nie en die tipe konstruksie is dus nie eksklusief tot *mag* nie. Aangesien hierdie assosiasie tussen modale hulpwerkwoorde en modale bywoorde egter baie sterk is, word dit ook op die mikrovlak uitgedruk in spesifieke konstruksies.

B) Hipotetiese mag

Die gebruik van *mag* + *wees*

Die hoofwerkwoord *wees* kollokeer 82 keer met *mag* in die Historiese Korpus waarvan 70 uit die 82 gebruike epistemies van aard is. Die kollokasie van *mag* en *wees*, is dus 85% epistemies en die *mag* + *wees* konstruksies is dus oorwegend epistemies van aard. Hierdie konstruksies word dikwels in akademiese en informatiewe tekste gebruik. Dit is hipoteties van aard en 'n voorspelling van die **moontlike staat of toestand** van 'n objek/situasie en dit beskryf **nie 'n gebeurtenis nie**.

[6.77] Die aard van tuberkulose in pasiënte, en die soort sputummonster wat hulle uithoes, *mag* van kritieke belang wees, dit mag verklaar waarom ons VBA-studies, ten spyte van die relatief klein getalle pasiënte, tot op

hede suksesvol was. [HK 431: 2003 Natuurwetenskappe ('n Oorsig van die bepaling van die vroeë bakterisidiese aktiwiteit...)]

[6.78] So 'n toestand *mag* verantwoordelik wees vir afwykings soos menorrhagie, metrorrhagie, uterus hiperplasie, sistiese mastitis, premenstruale spanning, sommige gevalle van dysmenorrhea en onderdrukking van die voorlob-hypophysis-funksie met sy sekondêre storinge. [HK 422: 1950 Natuurwetenskappe (Die rol van B vitamien en van aminosure..., H. E. A. Mentz)]

[6.79] 'n Swaar aangetaste blindederm *mag* verhard wees en op die slymvlies kan klein sere voorkom. [HK 46: 1944 Natuurwetenskappe (Parasiete en Parasitiese siektes van die mens, H. O. Mönnig)]

[6.80] En dit *mag* baie mooi vir 'n skrywer of skryfster wees om 'n 10,000—30,000 dollars vir die blote filmregte van 'n boek te kry (want die film maak mos so veel wins!) [HK 102:1942 Informatief (Die bioskoop in diens van die volk, H. Rompel).]

Die gebruik van *mag* + *gewees* + *het*

[6.81] Hierdie voertuig *mag* vir daardie dae „swift" (vinnig) *gewees het* teen 35 myl per uur, maar net soos die ou sanna moet dit vandag plek maak vir die nuwerwetse „blits"-voertuie van 70, 80 en 90 myl per uur. [HK 453: 1941 Verslaggewing (uit Die Skakel)]

Die gebruik van *mag* + *verlede deelwoord* + *het*

[6.82] Die ou roer „identiteit van belange" is by die ter perse gaan nog steeds op die Bond gerig en dit is moontlik dat, wanneer hierdie nuus in druk verskyn, die doppie reeds *mag geklap het* en hierdie jongste nuus dus „ou nuus" *mag geword het*. [HK 379: 1941 Verslaggewing (uit Die Skakel)]

[6.83] Beyers se daad om 'n geweer op te neem ter verdediging van die Republiek *mag* onopvallend *gelyk het* onder die omstandighede, waar hy in geen geveg gewikkel was nie, maar dit het nietemin getoon waar sy simpatie was. [HK 383: 1941 Biografies (Generaal Christiaan Frederik Beyers, G.D. Scholtz)]

In die hipotetiese betekenisdomein is *mag* + *wees* die prototipiese konstruksie wat hipotese aandui met *mag gewees het* en *mag* + *verlede deelwoord* + *het* as variante hierop. Die kopulaverbinding van *mag* + *wees* is hipoteties en 'n voorlopige of geskatte standpunt oor 'n subjek/objek se toestand in die hede terwyl hierdie selfde konstruksie se verbinding met die verlede deelwoord -ge- en *het* die hele konstruksie meer irrealis en onwaarskynlik maak soos gesien in voorbeeld [6.82] (dit is moontlik dat...die doppie reeds *mag* geklap het..) of die konteks is in die verlede geplaas en vandaar die gebruik van die verlede deelwoord en *het* soos gesien in voorbeeld [6.83].

Die prototipiese hipotese-konstruksie het 'n onbepaalde subjek met *mag wees* as die hipotetiese predikaat en die hipotetiese predikaat het afwisselend betrekking op (a) Adjektiefstuk (verantwoordelik) soos in [6.78]; (b) Voorsetstelstuk (van kritieke belang) soos in [6.77] en (c) Bywoordelike bepaling (verhard) soos in [6.79] en dit lyk skematies lyk soos volg:

Konstruksie 6.4: Hipoteties epistemiese *mag*:

[SUBJEK + *mag* + VOORS/BYW/ADJ + *wees* (VIR)] ↔ [n voorlopige standpunt oor 'n subjek se toestand word uitgedruk]

Hierdie prototipiese konstruksie is taamlik vas en op die mikrovlak vasgelê

A) Voorwaardelike konstruksies

In voorwaardelike konstruksies is daar twee proposisies – die apodosis en protasis wat afhanklik is van mekaar. *Mag* kom telkens in die hoofsin, die apodosis voor en gaan meestal gepaard met *dan mag*, byvoorbeeld:

[6.84] *As dit tog so is, dan mag* die kindere van die Heere tog ook deelneem aan wat des Heeren is. [HK 77: 1920 Religieus (Die Wapenrusting – dertig preke)]

[6.85] *As egter met inflasie bedoel word* dat daar te veel geld beskikbaar is in vergelyking met goedere en dienste wat gekoop word, *dan mag* dit die geval wees. [HK 79: 1941 Verslaggewing (uit Die Staatsamptenaar)]

Die gebruik van *mag* in voorwaardelike konstruksies is nie so algemeen as met die ander modale hulpwerkwoorde nie, maar dit kom tog voor in vaste uitdrukkings met *dan + mag*. Hierdie konstruksies bestaan uit 'n protasis met die voorwaardelike **klaus ingelei deur AS** en die hoofsin as protasis met **DAN +MAG** wat afhanklik is van omstandighede in die apodosis.

Hierdie konstruksie is meer skematies en op die mesovlak. Die skematiese voorstelling lyk soos volg:

Konstruksie 6.5: Voorwaardelike epistemiese *mag*:

[[as + VOORWAARDELIKE KLAUS] protasis + [dan + mag + SUBJEKKLAUS] apodosis] ↔ [voorwaardelike gegewens in protasis moet gebeur sodat situasie in apodosis kan realiseer]

B) Afleiding

Hoë sprekersekerheid epistemiese *mag* word deur afleidings uitgedruk, byvoorbeeld:

[6.86] Daarom *mag ons aanneem* dat hulle, met die uitsondering van die Pentateuch, gewerk het met boeke wat nog nie as kanoniese geskrifte bely is nie. [HK 67: 1974 Religieus (Net een boek, A. H. van Zyl)]

Daar is min gebruike van hoë sprekersekerheid *mag* en die konstruksies is skematies en op die mesovlak. Om tot 'n gevolgtrekking te kom of 'n afleiding te maak is 'n kognitiewe proses en gevolglik sal *mag* kollokeer met mentale werkwoorde soos byvoorbeeld *aanneem* in [6.86], maar ook die kollokasie van *mag* en ander mentale werkwoorde soos byvoorbeeld *dink*, *weet*, *besluit*, of *glo* druk 'n kognitiewe aksie uit wat aandui dat 'n spreker 'n gevolgtrekking oor 'n sekere situasie kan maak. Die skematiese voorstelling van hierdie konstruksie lyk so:

Konstruksie 6.6: Afleiding epistemiese *mag*:

[SUBJEK + *mag* + WW_{MENTAAL} + *dat*] ↔ [die subjek stel kognitief vas dat sekere gegewens in die komplementklaus waarskynlik, waar en feitelik is]

Daar is weinig gebruike van *mag* in die vyfde betekenisdomein, naamlik Bewyslike epistemiese betekenis, soos gesien in [6.87]:

[6.87] Diffuse, gelykmatige Kolloidstruma deurgaans simmetries ontwikkel. Allig spruit 'n meerderheid van die sporadiese kolloidkroppe wat ons in Suid-Afrika aantref uit hierdie patologiese uitslag na die hiepotrofiese kant. Die kliniese beeld *mag dan* ooreenstem met wat ons straks onder die kolloide struma diffusa gaan bespreek waar chirurgiese indikasies gestel sal word.[HK 32: 1941 Natuurwetenskappe (S.A. Tydskrif vir Geneeskunde)]

Aangesien daar so min voorbeelde hiervan is, word dit nie verder bespreek nie.

Daar is egter 'n paar vaste uitdrukkings wat minder skematies en meer vas is en hierdie vaste uitdrukkings kan meestal onder die mesovlakke se 4 betekenisonderskeidings as mikrokonstruksies geïdentifiseer word.

1. Konstruksie: *Hoe dit ook al mag + wees*

[6.88] Buite gehoorsaamheid aan God om – hoe toegewyd die arbeid, hoe suiwer die wetenskap, *hoe* effektief die tegniek *ook al mag wees* – is alle heerskappy skyn en bedrog, het Jesus die mens kom leer. [HK 15: 1974 Religieus (Die mens, J.A. Heyns)]

[6.89] Die biologiese fundering van die huwelik en van die gesin in die seks-en bloedsband is korrek. Om dit egter alleen raak te sien, beteken 'n naturalistiese huweliksopvatting te ontwikkel, *hoe* belangrik biologiese wetgewing teen gemengde huwelike en ten voordele van huwelikshigiëne *ook al mag wees*. [HK 16: 1941 Informatief (Die stryd om die ordes, H.G. Stoker)]

[6.90] Die gebruik van die Afrikaanse skryftaal sal ook geen verandering in die bestaande spreektaal bring nie (behalwe dat dit die spreektaal teen verwildering sal bewaar); en ook die bestaande letterkunde sal bly, in watter taalvorm dit *ook al mag* geskrywe wees. [HK 17: 1948 Biografies (C. Louis Leipoldt, eensame veelsydige, P.J. Nienaber)]

Vanweë die beperkte grootte Historiese Korpus waarmee hierdie studie werk is daar net 'n paar gebruike van die konstruksie *ook al mag*. Daar is baie vaste werkwoord-spesifieke kollokasies in die konstruksie *ook al mag* wat 'n eie afsonderlike betekenis dra. Daar is 578 trefslae van die konstruksie 'ook al mag' in VivA se uitgebreide korpus. Uit die 578 gebruike van die *ook al mag* wees konstruksie kollokeer mag 339 keer met *wees* wat dit die mees frekwente kollokerende paar maak. 'n Uitdrukking wat nog meer vas en minder skematies is, is die konstruksie *Hoe dit ook al mag wees* byvoorbeeld:

[6.91] " *Hoe dit ook al mag wees*, " sê sy, " ek glo nie dat hy soos 'n skelm hier weggedros het nie. Daar is iets wat ons nie verstaan nie. [VivA korpus - 2]

Hierdie konstruksie kan óf in hierdie identiese woordorde voorkom óf hoe kan aan die begin van 'n uitgebreide lang konstruksie voorkom met *ook al mag* wat later volg soos gesien in [6.89] en [6.90]

Hierdie konstruksie lê op die mikrovlak en gebruike met *hoe* lyk so:

Konstruksie 6.7: *mag* met *hoe*:

[*hoe dit ook al mag wees*] ↔ [die spreker laat sy/haar argument ter syde en maak 'n konsessie om aan te beweeg na ander gesprekspunte]

Die subjek in hierdie konstruksie wissel na gelang van omstandighede en die DIT is hier verteenwoordigend van alle subjekte.

Die fyner konstruksie *ook al mag* kan ook met ander werkwoorde buiten *wees* kollokeer en word gebruik in betreklike konstruksies

2. *Wat ook al mag* + ander werkwoorde

'n Tweede vaste konstruksie wat baie ooreenstem met die *Hoe dit ook al mag wees* konstruksie is die konstruksie met die betreklike *wat* aan die hoof, byvoorbeeld:

[6.92] Ons volk is bij uitstek Calvinisties, en die geroep om die kuns ter wille van die kuns self te bewonder, *wat* die kunstenaar *ook al mag voorstel*, het heel wat argwaan teen die kuns verwek. [HK 20: 1919
Verslaggewing (uit Die Huisgenoot)]

[6.93] Maar Ratel en die hond hou niks daarvan nie. Hulle wil blykbaar die water sien, voorbereid wees op *wat ook al mag gebeur*. [HK 13: 1974
Fiksie (Danda, C. Barnard)]

[6.94] Wat ook *al daar mag gebeur*, ek wil hê jy moet jou gereed hou vir alles.

[HK:27: 1943 Fiksie (Boerseun, Mikro)]

Hierdie konstruksie is toekomsgerig en die uitslag van die situasie is onbekend. Alhoewel ook *al mag* ook met ander werkwoorde kollokeer is dit veral met die werkwoord *gebeur* wat die gebruik dikwels voorkom en 'n vaste uitdrukking wat skematies soos volg lyk is gevorm:

Konstruksie 6.8: Epistemiese *wat ook al gebeur*:

[(KLAUS) + wat ook al mag gebeur] ↔ [konstruksie is 'n waarskuwing en stel voor dat subjekte voorbereid is op onseker toekomsgerigte situasies]

Hierdie konstruksie figureer onder die *Onsekerbetekenisdomein* as 'n meer vaste konstruksie daarvan op die mikrovlak:

3. *Soos dit mag/soos dit mag klink*:

[6.95] Ongelooflik *soos dit mag voorkom*, word die loodinhoud van Suid-Afrikaans vervaardigde verf op die oomblik nog self gereguleer. [HK 96: 2010 Informatief (uit De Kat)]

Hierdie konstruksie kom slegs een maal voor in die Historiese Korpus aangesien die grootte van die korpus beperk is. Daarenteen het daar 67 trefslae voorgekom in Viva se korpusportaal. Vergelyk die volgende voorbeelde:

[6.96] Koddig *soos dit mag klink* is die hart van die Pajero, na my mening, geleë in sy agtervering – 'n volledig onafhanklik stelsel wat tydens die Dakar-veldtog ontwikkel en vervolmaak is. [VivA korpus – 2]

Soos dit mag klink is verreweg die mees frekwente konstruksie met 43 uit die 67 trefslae.

Konstruksie 6.9: met *soos dit mag klink*:

**[ADJ + *soos dit mag klink* + KLAUS] ↔ [sekere gegewens KLINK
ongeloofwaardig en onfeitelik]**

Die tweede hoogste gebruik van die skema *soos dit mag* is die konstruksie: *soos dit mag wees* met 13 uit die 67 trefslae.

[6.97] So 'n reaksie is, *onvolledig soos dit mag wees*, natuurlik belangrik, want dit tap in op die opgewelde emosies en toon ook aan die terroriste dat dit nie 'n geval van hulpelose slaansakke is nie – die wêreld kan immers verhinder dat terreurbewegings grondgebied beset en sogenaamde "no go"-sones vestig [VivA korpus – 3]

[6.98] *Nederig soos dit mag wees*, is daar onder die armste van armes 'n dankbaarheid vir dié diens dat hulle ure lank in rye sal staan vir 'n bottel hoesmedisyne van sowat R20. [VivA-korpus -24]

Konstruksie 6.10: met *soos dit mag wees*:

**[ADJ + *soos dit mag klink* + KLAUS] ↔ [sekere gegewens IS onveranderlik
en vas maar steeds twyfelagtig]**

Die konstruksie *soos dit mag* verbind met kopula-werkwoorde *lyk*, *blyk*, *voorkom*, *voel*, *wees* en *klink* waarvan *klink* en *wees* die mees frekwente vorms is. Vanweë die spesifieke konnotasies wat aan *klink* en *wees* onderskeidelik geheg word, het elkeen van hierdie konstruksies 'n eiesoortige betekenis maar dit lyk asof of die modale betekenis van albei dieselfde strekking het. Volgens Ponelis (1979:222) behoort die kopula *klink* tot 'n groep kopulas met nie-feitelike en subjektiewe betekenis. *Klink* as subjektiewe werkwoord is ook 'n ervaringswerkwoord en neem nie-lewende, abstrakte onderwerpe soos *dit*. Van Schoor (1983:206) reken hy het nog nooit gesien dat *klink*

met enige ander onderwerp as dit kollokeer nie. 'n Ervaringswerkwoord impliseer die betrokkenheid van 'n ervaarder vandaar die subjektiewe betekenis en die verband tussen hierdie konstruksie met epistemiese modaliteit aangesien 'n subjektiewe opinie van die spreker gehuldig word. Die verwysing na hierdie kopula as nie-feitelik sluit ook aan by die irrealiskenmerk van modaliteit. Die verband tussen die konstruksie *dit mag so klink* en epistemiese irrealismodaliteit word versterk deur Van Schoor (1983:205) wat bevestig dat *klink* deel vorm van 'n groepe kopulas wat sprekeronsekerheid uitdruk. In gewone konstruksies met *klink* naamlik '*dit klink of/dit klink asof*' word *klink* altyd gevolg met die vergelykende voegwoorde *of* en *asof*. Hierdie konstruksie is gemodifiseer deur steeds 'n vergelykende woord – *soos* – te hê met die onpersoonlike voornaamwoord *dit*, maar hierdie konstruksie is baie spesifiek verbind met epistemiese *mag* in 'n vaste vorm-funksie uitdrukking *soos dit mag klink*. *Klink* druk 'n houding uit wat gebaseer is op iets wat gehoor of gepraat is (Van Schoor, 1983:205) en is gevolglik 'n sintuiglike werkwoord (Van Schoor, 1983:203)(ook mentale werkwoord volgens Halliday & Matthiessen, 2004) met 'n sterk persoonlike houding en subjektiewe aanslag. *Klink* is deel van 'n groep van drie werkwoorde wat met die sintuig 'hoor' geassosieer word naamlik – *hoor* as oorganklike werkwoord, *luister* as die voorsetselwerkwoord en *klink* as die kopula (Van Schoor, 1983:1987). *Klink* druk die spreker se subjektiewe houding en opinie uit en alhoewel dit nie-feitelik is wat beteken verskillende moontlike betekenis en wêreld is oopgebreek, is daar tog 'n ondertoon van sekerheid versamel uit 'n orale bron van inligting. Inligting *soos* verkry van die orale bron gee die spreker 'n mate van hoë sekerheid oor sy stelling en dit dui op 'n bewyslike epistemiese modaliteit(evidensialiteit).

Die kopula *wees* druk 'n toestand (Van Schoor, 1983:201) uit en is volgens Halliday & Matthiessen (2004) ook 'n eksistensiële werkwoord. Konstruksie 6.9 – *soos dit mag wees* en konstruksie 6.10 *dit mag wees* dat verwys na die staat, toestand of bestaan van sekere omstandighede. Hierdie konstruksie is epistemies omdat 'n spreker se houding uitgespreek word en dit druk ook 'n sterk sekerheid uit aangesien dit lyk asof die spreker bewyse, *soos* versamel uit die samelewing, het waarmee hy/sy die stelling maak.

4. *Dit mag wees dat*

[6.99] *Dit mag wees dat* te lae konsentrasies AgN03 gebruik is om mikro-organismes te vernietig. [HK 87: 1948 Natuurwetenskappe (Die ontkiemingsfisiologie van *Striga Lutea* Lour. S. V. Hefer)]

[6.100] *Dit mag wees dat* die baie gronddeeltjies in die druppel die meeste van die vorme met die mikroskopiese ondersoek verberg het. [HK 88: 1949 Natuurwetenskappe ('n Sistematiese verslag oor die soetwater-algae. P. J. Badenhorst)]

In die Historiese Korpus is daar betreklik min van hierdie vaste uitdrukking se gebruike maar in VivA se korpus is 151 gebruike en is dit 'n algemene gebruik.

Hierdie konstruksie vertoon 'n paar alternatiewe byvoorbeeld *dit mag so wees*, byvoorbeeld:


[6.101] *Dit mag so wees*, (maar dit is tog opvallend) dat die boek Josua, waarin die dae en leierskap van die Efraimitiese held Josua opgeteken is, nie sonder meerdeur hulle oorgeneem is nie. [HK 98: 1974 Religieus (Net een boek, A. H. van Zyl)]

Die konstruksie *dit mag so wees*, is hipoteties en lê soos ander vaste uitdrukkings op mesovlak. Hierdie konstruksies druk 'n hipotetiese betekenisnuanse uit en in baie van die gevalle is daar 'n ondertoon van teësinigheid [6.99] – [6.100] of 'n oënskynlike toegewing ([6.101]) wat die spreker se onsekerheid oor die uitlating voorop stel.

Konstruksie 6.11: *dit mag so wees*:

[dit mag so wees+ KLAUS] ↔ [Klaus se voorlopige en hipotetiese waarde word deur hipotetiese Klaus vooropgestel]

Vervolgens 'n skematiese voorstel van hierdie mikrovlak in die epistemiese *mag* se konstruksienetwerk in figuur 6.8.



Figuur 6.8 Die konstruksienetwerk van epistemiese *mag*

De Villiers (1971:84) vermeld dat *mag* in sy onpersoonlike vorm nou verwant is aan *kan*:

[6.102] Ek weet van drie, daar *mag* meer wees.

[6.103] Hy het 'n vrees dat dit *mag* breek.

In sekere gevalle kan *mag* deur *kan* vervang word, maar nie in almal nie. De Villiers (1971) suggereer dat *mag* 'n vaer moontlikheid aantoon as *kan*. Die verband en oorvleuelings tussen *kan* en *mag* word in Afdeling 7.6.1 bespreek.


Mag as modale werkwoord is hoofsaaklik die uitdrukking van deontiese betekenis in die vorm van burokratiese toestemming soos vervat in geskrewe juridiese, kulturele, sosiale en etiese waardestelsels. *Mag* kan gebruik word as uitdrukking van die subjunktiewe modus deur volisiewerkwoorde soos byvoorbeeld *Mag die jare wat voorlê iets goeds inhou*. Die gebruik van epistemiese *mag* word veral uitgedruk in konstruksies met die kopulawerkwoord *wees*, maar dit is veral die voorkoms van *mag* in talle unieke konstruksies soos byvoorbeeld *Dit mag so wees dat dit na vore kom dat mag 'n ou modaal is met talle gefossileerde gebruike?*

Hoe *mag* oor die afgelope 100 jaar verander het word vervolgens bespreek.

6.5 MAGSE DIACHRONIESE ONTWIKKELING

6.5.1 MAG SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

In figuur 6.9 word *mag* se frekwensieverspreiding oor die laaste 100 jaar vergestalt.




Figuur 6.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van *mag*

Mag se gebruik het toegeneem met 39% van periode 1 tot 2 en hierdie toename is statisties beduidend met $G^2=3.84$ ($p < 0.05$). Die afname van periode 3 na 4 is 41% en dit bly konstant so tot periode 4. *Mag* het dus oor 'n tydperk van 100 jaar met 19% in totaal afgeneem.

6.5.2 MAG IN VERSKILLENDE TEKSTE

Die gebruik van *mag* in verskillende tekstipes en hoe die gebruik daarvan in verskillende kontekste verander het word in figuur 6.10 grafies uitgebeeld.



Figuur 6.10 *Mag* se teksgenverspreiding

Mag is een van die lae frekwensie modale hulpwerkwoorde in Afrikaans vandaar die lae gebruik daarvan in die Historiese Korpus en die lae getalle per 10 000 woorde. *Mag* word veral in formele en informatiewe tekste gebruik. Die gebruik van *mag* neem egter af in al die tekste, ook in formele en informatiewe tekste. Die gebruik van *mag* het interessant genoeg net soos die gebruik van *moet* tydens die tweede periode in informatiewe tekste toegeneem. Soos bespreek in die *moet*-hoofstuk, het informatiewe tekste 'n groot rol gespeel tydens die opbloei van Afrikanernasionalisme. In Afrikaans is dit veral deontiese registers met verpligting, noodsaaklikheid en

toestemming betekenisonderskeidings wat in die tweede periode toegeneem het. Soos in die volgende teksvoorbeelde blyk, het ook *mag*, wat hoofsaaklik 'n deontiese modaal is, 'n rol gespeel om die Afrikanergroep se nasionalistiese ideologie te bevorder:

[9.104] Wanneer nodig kan u 'n ondergeskikte op so 'n wyse berispe dat hy sy selfrespek behou.

5. U *mag* die selfrespek van 'n brandwag nie beledig nie.

6. Die dissipline van die brandwag is gegrond op die liefde vir sy God, sy Volk en Vaderland. Wees u vir hom in hierdie opsig 'n voorbeeld en laat u gesag 'n gesag van liefde wees. 13. Wanneer offisiere of brandwagte onder beheer marsjeer of ry *moet* die aandag-houding stiptelik nagekom word. Selfs bekendes *mag* nie gegroet of raakgesien word nie.

14. Indien 'n ondergeskikte voor 'n hoër offisier *moet* verskyn en deur 'n offisier inmarsjeer word, *moet* die betrokke offisier alleen salueer en die naam en rang aan die hoër offisier verstrek.

15. Terwille van sy gesag *mag* een offisier 'n ander offisier nie op sy plig wys in teenwoordigheid van ondergeskiktes nie.

16. Die erns waarmee u as offisier die vryheidsaak dien, sal altyd 'n inspirasie wees vir die manne onder u. Ons saak is ernstig en heilig en die diens van 'n Boerejeug-offisier word hierin geken dat hy homself reeds as offer vir ons saak gestel het.

[HK:175 1944 Informatief (Die Boerejeug van die Ossewabrandwag, A.P. van Heerden)]

In die teks 'Die Boerejeug van die Ossewabrandwag', is daar sekere voorskrifte oor hoe burgerlikes die gekose 'Boerejeug' moet hanteer en die gekose jongmense word ook voorgeskryf oor hoe hulle moet optree. Die Ossewabrandwag is 'n paramilitêre anti-oorlogsbeweging wat in 1938 gestig is om die ossewagees van die 1938-herdenking van die 1838- Voortrekkers voort te sit. Hierdie beweging was pro-Naziïsme en hulle was ten gunste van 'n vrye Afrikanerrepubliek gegrondves op

Nasionaal-sosialistiese fundamente. Die leier van die OB – dr J.F.J. van Rensburg het gehoop op Duitse hulp en ondersteuning om 'n Afrikanerrepubliek te stig. Steun vir die OB het egter afgeneem teen 1945 toe die Nazi's verslaan is (Giliomee, 2004: 392 - 395). In hierdie teks word *mag* en *moet* afwisselend gebruik om Afrikaners wat hierdie beweging ondersteun se gedrag te rig en te bepaal.

[9.105] B. DIE VERDELING VAN DIE MENSLIKE GESLAG IN RASSE, VOLKE EN TALE IS 'N BEWUSTE DAAD VAN GOD

Die eenheid is uit God, maar ook die verskeidenheid. Sy majesteit is so verhewe dat geen enkele mens of selfs volk Hom na waarde kan verheerlik nie; daarom het God die verskeidenheid van volke gewil sodat almal saam *mag* stem in die verheerliking van Sy Naam.

[HK 385: 1947 Informatief (Regverdige rasse-apartheid)]

In voorbeeldsin [6.105] word die teks 'Regverdige rasse-apartheid' betrek en in hierdie informatiewe teks word daar uit die Bybel gemotiveer dat rasse-apartheid 'n Goddelike beginsel is en die modale hulpwerkwoord *mag* word ingespan om te beklemtoon dat hierdie beginsel deur 'almal' aanvaar moet word. Apartheid is deur God gesanksioneer en sodoende het die *mag* van God en Staat in periode 2 geseëvier.

[6.106] Sal ons Volksraad nie dadelik sy stem laat hoor en deur wetgewing 'n groot bonus aan elke groot gesin gee nie?

Sal ons Kerk nie deur middel van die prediking, die Ringe en Sinodes teen hierdie dodelike euwel vir volk, Kerk en vir die blanke ras optree nie? Hierdie euwel is hemeltergend en volkdodend en *mag* nie langer geduld word nie. Nee, hy moet verban word uit ons volksbestaan; so nie, sal hy die grootste faktor word vir die spoedige ondergang van die blanke volk.

[HK 133: 1943 Informatief (Die rassevraagstuk en die toekoms... J.G. Strydom)]

In [6.106] is dit weereens Apartheid, ondersteun deur Kerk, Staat en in die gesinsopset wat deur die woord *mag* gesanksioneer en verplig word.

[6.107] Ons glo in die ideaal van 'n stelsel van Christelik-Nasionale skole. Daarmee verwerp ons in beginsel die oorheersing van huis of kerk of staat oor die skool en daarom ook 'n stelsel van ouerskole of kerkskole of staatskole. Die skool moet vry wees om binne die aan hom gestelde perke selfbepalend en selfstandig te werk. Maar die vryheid *moet nie* revolusionêr gedink word nie; dit moet vryheid onder gesag wees. Die beheer van 'n skool *moet* in die eerste plek in die hande van die ouers berus; die kerk *mag* slegs deur middel van die ouers die nodige beheer uitoefen; maar die staat *moet* toesien dat die reg tussen die ouer, die onderwyser, die kerk en die staat op skool gehandhaaf word. Ons glo dat die inhoud van ons hoër onderwys wetenskaplik *moet* wees, maar dat dit op die Christelike geloof gegrond *moet* wees. Daarom verlang ons dat op ons inrigtinge vir hoër onderwys, naas die gewone sekulêre wetenskappe, ook die Christelike geloofsleer en veral die Christelike wysbegeerte onderrig en beoefen *moet* word. Maar ons verlang nog meer: die onderrig en beoefening van die sekulêre wetenskappe *moet* van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing uitgaan; in geen enkele wetenskap *mag* die lig van Gods waarheid ontbreek nie. Ons glo dat die inhoud van ons hoër onderwys wetenskaplik *moet* wees, maar dat dit op die Christelike geloof gegrond *moet* wees. Daarom verlang ons dat op ons inrigtinge vir hoër onderwys, naas die gewone sekulêre wetenskappe, ook die Christelike geloofsleer en veral die Christelike wysbegeerte onderrig en beoefen *moet* word. Maar ons verlang nog meer: die onderrig en beoefening van die sekulêre wetenskappe *moet* van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing uitgaan; in geen enkele wetenskap *mag* die lig van Gods waarheid ontbreek nie. [HK 109: 1948 Informatief (Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, F.A.K.)]

Die lang aanhaling uit die teks 'Christelik-Nasionale Onderwysbeleid' gebruik ook *mag* en *moet* afwisselend om ook die onderwysstelsel te rig en te bestuur. Selfs skole en universiteite word verplig om Christelik en Nasionale beginsels aan te hang.

In bogenoemde voorbeelde word daar gedemonstreer hoe *mag* in veral informatiewe tekste in periode 2 as deontiese modale hulpwerkwoord gebruik is as voertuig om die ideologie van 'n Christelik-Nasionale staat te bevorder.

Die gebruik van *mag* in narratiewe en informele registers fluktueer en daar is weinig gebruike van *mag* in periode 1 en 3 in hierdie registers. Die verhoogde gebruik van *mag* in informele tekste tydens periode 2 word toegeskryf aan die briëfskrywer se uitspraak van wense en seënwense en is hoofsaaklik dinamies van aard soos gesien in voorbeeldsinne [6.108] en [6.109]

[6.108] Nou ja, my liefing, *mag* die Here jou seën en met jou wees tot ons weer ontmoet. *Mag* jy genade ontvang vir alles wat jy nog in orde moet bring gedurende hierdie laaste week. [HK 338: 1949 Persoonlike brief (06-23)]

[6.109] Uitgeknip vir die sendingveld!!! Nou ja N, ek sê nou maar goeie-nag. Die Here seën jou. *Mag* hierdie tweede semester op Q een wees waarin jy die genade en liefde van God in Christus Jesus soos nog nooit te vore sal ondervind. Mispa! [HK 231: 1949 Persoonlike brief (07-29)]

Teen periode 4, alhoewel die gebruik van *mag* afgeneem het, is die frekwensie daarvan baie soortgelyk in al 4 registers en dit is net in formele, akademiese tekste meer in gebruik as in die ander tekste. In periode 4 lyk die gebruik van *mag* in formele tekste soos volg:

[6.110] Daar kom afval op die terrein voor wat volgens die permit nie daar *mag* wees nie, veral gevaarlike huishoudelik afval. Die werkers wat op die terrein werk het ook geen beskermende klere aan nie, daar is ook geen aanwysings op die terrein van watter PPE gedra moet word wanneer die terrein betree word nie.
[HK 59: 2010 Natuurwetenskappe (Gevaarlike afval in huishoudelike afval... Kruis)]


[6.111] Die aard van tuberkulose in pasiënte, en die soort sputummonster wat hulle uithoes, *mag* van kritieke belang wees, dit *mag* verklaar waarom

ons VBA-studies, ten spyte van die relatief klein getalle pasiënte, tot op hede suksesvol was. [HK 99: 2003 Natuurwetenskappe ('n Oorsig van die bepaling van die vroeë bakterisidiese aktiwiteit...)]

18 uit die 30 gebruike van *mag* in die epistemiese domein is uit die formele register wat op hipoteses soos in [6.111] dui, maar daar is ook 16 gebruike van *mag* in die deontiese domein uit formele registers soos in voorbeeldsin [6.110] wat voorskriftelik is en sekere wetenskaplike gedrag en vereistes bepaal en reguleer. *Mag* se gebruik het dus afgeneem in periode 4 maar in die formele register word dit steeds gebruik om hipoteses maar ook voorskriftelike wetenskaplike maatreëls te rig en lei.

6.5.3 MAG SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Die gebruik van deontiese, dinamiese en epistemiese *mag* fluktureer oor 'n tydperk van 100 jaar soos gesien in figuur 6.11.



Figuur 6.11 Diachroniese frekwensieverspreiding van *mag* se modale tipes

Mag was in periode 1 'n deontiese, dinamiese en epistemiese modaal met 44% gebruike deonties, 20% gebruike dinamies en 36% gebruike epistemies van aard. Die gebruik van deontiese *mag* het in periode 2 en 3 dieselfde groeipatroon as *mag* in die

algemeen vertoon met 'n toename in periode 2 en 'n afname in periode 3 maar teen periode 4 het deontiese *mag* met 52% toegeneem en daar is 'n algehele 24% groei vanaf periode 1 tot 4. In periode 3 vertoon *mag* minder deontiese en epistemiese betekenis wat lyk asof *mag* toe eerder 'n epistemiese modaal wou word maar teen periode 4 het *mag* se epistemiese gebruik baie afgeneem ten gunste van deontiese *mag* wat 24% toegeneem het. Dit blyk dat periode 3 'n ambivalente, onseker tyd vir gebruike van *mag* was maar die pendulum het weer soos in die ander periodes en veral ook in periode 4 in deontiese *mag* se guns geswaai. In periode 2 verteenwoordig epistemiese *mag* 44% gebruike, en vandaar die 70% toename in epistemiese gebruike maar teen periode 4 is hierdie gebruik gestabiliseer met 'n 32% afname sedert periode 1 tot 4 waartydens 30% van *mag* se gebruike epistemies van aard is. Epistemiese *mag* het mettertyd vervaag alhoewel daar heelwat konstruksionele vraagstukke is rondom sekere vaste uitdrukking wat uit die epistemiese ontwikkel het.

Hierdie onsekerheid en ambivalensie in *mag* se gebruike stem ooreen met die van Nederlands wat ook fluktuasies vertoon (Nuyts & Byloo, 2015).

Dinamiese *mag* se gebruike het oor die laaste 100 jaar afgeneem en tans is 2% gebruike dinamies van aard teenoor die 20% gebruike in periode 1. Dinamiese *mag* druk hoofsaaklik volisie en seënwenne uit maar hierdie gebruik het drasties afgeneem en vind slegs in sekere geïsoleerde ge nog plaas. In [6.112] en [6.113] is daar nog oorblyfsels van die oorspronklike betekenis van *mag* naamlik 'in staat wees'

[6.112] *Ek mag byvoeg* dat 'n beampte van hierdie Inrigting naamlik Mnr. A.C. Myburgh, sy voltydse aandag wy aan ondersoek van die vrugtevlieg probleem omdat dit werklik onrusbarend geword het. In hierdie verband is dit interessant om te noem dat daar tans twee Amerikaanse Entomoloë op Stellenbosch is om parasiete te soek vir 'n na verwante vrugtevlieg soort naamlik 'n *Dacus*-species wat besig is om die gewone vrugtevlieg in die Hawaïse eilande te verdring. [HK 129: 1948 Formele brief (11-05)]

[6.113] *Ek mag bysê*, die Liewe Heer het my geseën met 'n gesonde lewe, sodat ek selfs vir 4 1/2 seisoene vir Stellenbosch kon Rugby speel saam met persone soos P.K. Albertyn, Micho DeKock, Fien Olivier, Wyle Dv. Roos en so aan = Ek noem dit ook maar net uit dankbaarheid! [HK 130: 1975 Formele brief (11-16)]

Hierdie gebruik van *mag* kan met *kan* afgewissel word soos gesien in [6.114] en [6.115].

[6.114] *Ek kan byvoeg* dat 'n beampte...

[6.115] *Ek kan bysê*...

Hierdie twee voorbeelde het niks met toestemming of verpligting te make nie maar eerder met die betekenis 'in staat wees' en kan dus met *kan* vervang word wat ook mettertyd gebeur het aangesien *kan* in Hedendaagse Afrikaans grotendeels die 'in staat wees' betekenis verwoord.


Dit wil voorkom asof die gebruik van *mag* om volisie in Afrikaans uit te druk besig is om 'n argaïese vorm te word. Daar is slegs een voorbeeld daarvan in periode 4 in die Historiese Korpus:

[6.116] "Mevrouw!" Hofmeester Martyn van den Burgt begroet haar met die eretitel wat slegs die goewerneursvrou toekom. Hy buig en maak die koetsdeur oop. Sy klim in. De Heere volg kort op haar hakke. Almal is op pad na die Woning vir die feestelikhede.
In die ontvangsaal is goewerneur-generaal Van Hoorn die eerste gas wat kom felisiteer. "Geluk, Mevrouw. U lyk pragtig. *Mag* net die beste u beskore wees." Hy bring haar hand na sy lippe en sag, sodat net sý dit kan hoor, sê hy: "Dankie, Johanna Maria."
[HK 370: 2008 Fiksie (Stormkaap, I.L. Vermeulen)]

Hierdie voorbeeld is uit die narratiewe register en in 'n argaïese konteks gebruik, vandaar selfs die gebruik van die Nederlandse aanspreekvorm – Mevrouw.

Alhoewel epistemiese *mag* tussen periode 1 en 4 met 32% afgeneem het, kan dit toegeskryf word aan die algehele afname van *mag* in periode 4. In periode 1 is 36% van *mag* se gebruike epistemies teenoor periode 4 se 30%. Die gebruik het dus afgeneem maar is steeds teenwoordig. *Mag* se gebruik as epistemiese modaal het in periode 3 meer gebruike as deontiese gebruike vertoon wat impliseer dat daar in hierdie stadium kompetisie was tussen deontiese en epistemiese gebruike maar teen periode 4 het deontiese gebruike weer gestabiliseer as die meer frekwente en algemene vorm van *mag*. Wanneer mens die gebruik van epistemiese *mag* in verskillende tekste ondersoek soos gedemonstreer in figuur 6.12 is dit opmerklik dat die gebruik van epistemiese *mag* afgeneem het in informatiewe tekste en hierdie betekenis is hoofsaaklik beperk tot akademiese en formele tekste waarin hipoteses en teoretiese moontlikhede volop voorkom

In figuur 6.12 word gedemonstreer hoe die gebruik van epistemiese *mag* in die Historiese Korpus verander het oor 100 jaar en ook hoe dit tans in die 21ste eeu lyk.



Figuur 6.12 *Mag* se epistemiese gebruike in verskillende tekstipes

Die gebruik van epistemiese *mag* in narratiewe tekste is besig om heeltemal te verdwyn. Dit is nie 'n tipiese gebruik in hierdie register nie. *Mag* in informele

tekste/briewe is onstabiel en alhoewel dit met *tye* in gebruik is in hierdie register, is dit slegs om onsekerheid uit te druk soos gesien in [6.117].

[6.117] Maar jy het dit reeds geweet – daarom dat jy getwyfel het. Dit mag wees dat ons Botswana toe trek. Niks is egter nog seker nie, so hou dit maar vir jousef. [HK 97: 2004 Persoonlike brief (11-01)]

Die gebruik van *mag* in informatiewe tekste was baie hoog gedurende periode 2 (soos hierbo bespreek), maar dit het stelselmatig afgeneem. Die gebruik van *mag* in informatiewe tekste lyk asof dit nie eksklusiewe *mag*-konstruksies is wat hier gebruik word nie, maar dit kan met *kan* afgewissel word

[6.118] Die pryse wat ek hier ingesluit het, is net 'n gids, en *mag* verskil afhangende van die produkte, terapeute en waarvoor jy behandel word.[HK 144: 2010 Informatief (uit Rooi Rose)]

Die pryse wat ek hier ingesluit het, is net 'n gids en *kan* verskil afhangende van die produkte.....

[6.119] Enige ander houding of optrede *mag* onnodige spanning en verydeling in die hand werk. Daarby kan ook niks oornag verander word nie. [HK 365: 2009 Informatief (Die verhaal van Elandskloof, Tobie Wiese)]

Enige ander houding of optrede *kan* onnodige spanning en verydeling in die hand werk.

Albei voorbeelde van epistemiese *mag* kan deur *kan* vervang word. Die bespreking en vergelyking van *kan* en *mag* volg in Hoofstuk 7. Daar is kompetisie tussen *kan* en *mag*, aangesien sekere gebruike en betekenis oorvleuel. Dit wil voorkom of *kan* baie gebruike van *mag* begin oorneem het, waarvan epistemiese *mag* in informatiewe tekste een van die gebruike is. Sien meer in afdeling 7.6.1

Epistemiese *mag* se mees algemene gebruik is in akademiese registers waar hipoteses en teoretiese stellings gemaak word, soos gesien in:


[6.120] Die numeriese resultate word vervolgens in §5 geïnterpreteer en daar word getuienis gelewer dat die huidige tegniek wat deur kuslande vir die bepaling van VKHs gebruik word, in sommige gevalle vanuit 'n suiwer geomorfologiese oogpunt oor-optimisies *mag wees*, wat *mag* lei na mislukte VN aansoeke as gevolg van wetenskaplik onverantwoordbare opportunism [HK 449 2006 Natuurwetenskappe (Die Suid-Afrikaanse uitgebreide maritieme gebied... Pantland, van Vuuren)]

Die kollokasie van hipotetiese *mag* en *wees* soos in voorbeeld [6.128] is baie frekvent en verteenwoordig 43% van epistemiese *mag* se gebruike in periode 4. Die teksregisters is hoofsaaklik informatief en formeel, en dit is veral in akademiese tekste wat hierdie kollokasie aangetref word. *Mag + wees* druk in hierdie gevalle hipotetiese betekenis uit soos gesien in voorbeeld [6.121] en [6.122].

[6.121] Die oplossing word met baie dun naalde in die betrokke areas ingespuut, en die resultate is dadelik sigbaar. Die areas *mag* effens *geswel* *wees* vir 'n paar dae. Behandeling kos vanaf R2 800 per buisie. [HK 29: 2010 Informatief (uit Rooi Rose)]

[6.122] Om die maksimum moontlike VBA in vinnige asetileerders van INH te bereik, *mag dit dus nodig wees* om heelwat hoër dosisse van INH te gee as 300 mg. [HK 38: 2003 Natuurwetenskappe ('n Oorsig van die bepaling van die vroeë bakterisidiese aktiwiteit...)]

Die gebruik van *mag* in die twee gesproke korpora waarvan hierdie studie gebruik maak, dui 'n baie interessante verandering aan soos gesien in figuur 6.13.



Figuur 6.13 *Mag* in gesproke korpora


In Ponelis se korpora wat dateer uit 1970 is die epistemiese gebruik van *mag* nog baie frekwent met 27% gebruike maar teen 2000 wys die hedendaagse korpora 'n hele ander prentjie. In die Gesproke korpora van 2000 is *mag* se gebruik slegs 3% epistemies. Tans is *mag* in gesproke taal slegs die uitdrukking van deontiese betekenis en dit gebeur slegs sporadies dat *mag* se epistemiese betekenis deur sprekers gebruik word. Hierdie afname in die gebruik van epistemiese *mag* word waarskynlik veroorsaak deur die gebruik van *kan* wat toenemend begin het om die gebruik van epistemiese *mag* te verdring soos bespreek in 7.6.1.

Mag is oorwegend 'n deontiese modaal en alhoewel die gebruik daarvan in die twintigste eeu gefluktueer het, het dit in periode 4 gestabiliseer met 67.87% deontiese gebruike. *Mag* word nou meestal uitgedruk óf met 'n eksterne deelnemer óf deontiese bron wat sekere gedrag van 'n aangesprokene vereis, soos uiteengesit in:

[6.123] Nou is hul dae getel, want as indringerplante wat net in beheerde gebiede *mag* groei, sal hulle mettertyd vervang moet word. [HK 156: 2001 Informatief (uit Die Huisgenoot)]

[6.124] Magistraat Van Ryneveld wou vir hulle gaan sê wat die wet bepaal. Hulle *mag* nie elande skiet nie. Dit is kroonwild. Gemsbokke *mag* hulle wel jag, maar hulle moet 'n permit kry vir elkeen wat hulle wil skiet. [HK 165: 2007 Fiksie (T'sats se kind Tkholie, Willem D. Kotzé)]

In bogenoemde voorbeelde word aangetoon hoe deontiese gebruike tydens periode 4 in verskillende teksregisters voorkom. In figuur 6.14 word deontiese gebruike in die verskillende teksregisters met mekaar vergelyk:



Figuur 6.14 *Mag* se deontiese gebruike in verskillende tekstipes

Deontiese gebruik in die informele register kom slegs in periode 2 en 4 voor. Die Historiese Korpus het weinig suiwer direkte voorbeelde aangesien dit nie 'n gesproke korpus insluit nie. Selfs in die gesproke korpus tot my beskikking is daar slegs een direkte voorbeeldsin [6.125].

[6.125] Ek kom sit nou voor jou en dan vra ek nou vir jou die wonderlikste goed waaraan ek kan dink, maar jy *mag* net antwoord "swart vark", elke keer. Jy *mag* ook nie lag nie. Nie lag nie. Net so gou as wat jy lag, dan moet jy 'n pand gee. So gaan dit nou op die ry af. [GK 52: Gesproke Afrikaans 3.]

Die gevolgtrekking is dat Afrikaans nie werklik gebruik maak van *mag* as direktief in informele en gesproke omstandighede nie aangesien *moenie* dan verkies word. *Mag* as direktief word wel gebruik in ander registers (sien [6.33]) waar 'n spesifieke waardestelsel sekere gedrag verwag of oplê in veral formele en informatiewe registers. Die formele teksregister se gebruik van *mag* oor 100 jaar is stabiel met geen uitsonderlike uitvalle nie. Selfs in formele briewe dui die spreker/subjek-referent aan dat hy/sy as professionele verpleegkundige 'n sekere fooi *mag* hef volgens die Mediese raad as eksterne deontiese bron (in [6.126]).


[6.126] Ek wil dit soos volg toelig: 1. As professionele verpleegkundige *mag* ek R81 per konsultasie vra. My tarief is tans tussen R20 en R50 per konsultasie. [HK 442: 2004 Formele brief (06-22)]

Gebruike van *mag* in narratiewe tekste het toegeneem. Soos gesien in [6.124] en [6.125] is die gebruik van deontiese *mag* konteksgebonde. In [6.124] word daar in die verhaal sekere beperkings op die jag van grootwild geplaas en in [6.125] vertel die protagonis hoe sy verbied word om sekere gedrag te openbaar. Hierdie voorbeeld is 'n direktief in die vorm van dialoog. Die gevolgtrekking wat hier gemaak word, is dat *mag* as deontiese modaal gebruik kan word as direktief, maar in gesproke taal is *moenie* die voorkeurmood om direktiewe uit te druk. *Mag* as deontiese modaal word hoofsaaklik beperk tot die gebruik daarvan binne 'n bepaalde waardesisteem wat beperkings, vereistes en reëls oplê.

Vervolgens 'n bespreking van die ontwikkeling van *mag* se sterkte in die verskillende modale tipes.

6.5.4 MAG SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

In figuur 6.15 word die wisselende sterkte waarmee deontiese *mag* gebruik word, uitgedruk in grafiese vorm.



Figuur 6.15 Deontiese *mag* se toestemmingsterkte

Deontiese *mag* was aanvanklik eerder mediaansterk maar deontiese krag het mettertyd toegeneem en is teen periode 4 100% sterker as in periode 1. Deontiese *mag* se sterkte is afhanklik van die outoriteit van die deontiese bron en die mate waartoe die afdwingende gedrag gesanksioneer word.

[6.127] Maar ons verlang nog meer: die onderrig en beoefening van die sekulêre wetenskappe moet van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing uitgaan; in geen enkele wetenskap *mag* die lig van Gods waarheid ontbreek nie. [HK 480: 1948 Informatief (Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, F.A.K.)]

[6.128] Geen verhogings *mag* aan arbeiders gegee word sonder voorafgoedkeuring van hierdie kantoor. Alle arbeiders word op die basis van "per dag gewerk" aangestel, maar hulle kry nogtans betaling vir alle Publieke Vakansiedae, of hulle gewerk het of nie. [HK 437: 1945 Formele brief (02-20)]

In voorbeeldsinne [6.127] en [6.128] is die deontiese bron se krag sterk en die gedrag wat hierdeur gerig word, is ononderhandelbaar en word deur sekere streng maatreëls gesanksioneer.

Deontiese krag word ook beklemtoon wanneer die frase *kan en mag* gebruik word:

[6.129] Op grond hiervan *kan en mag die stryd* nie opgegee word nie. Hulle moet nie hul geloof en vertroue in die Here laat wankel nie. Skaars 'n maand later verneem pres. [HK 148: 2007 Biografies (Christiaan Rudolph de Wet, M.C.E. van Schoor)]

Deontiese krag verminder sodra die subjek-referent effens onseker is oor die krag van die verpligting/toestemming en hierdie onsekerheid word dikwels uitgedruk deur 'n vraag:

[6.130] My vraag aan u is: "Of daar 'n bepaalde sisteem is om magtiging te kry om 'n besigheid vanuit 'n woonperseel te *mag* bedryf? [HK 412: 2008 Formele brief (11-06)]

In [6.131] is die deontiese bron minder sterk en dit is onseker wat die invloed van Nederlands op die kanseltaal is en *mag* se gebruik hou hier eerder 'n waarskuwing in as wat bepaalde gedrag afgedwing word en vandaar die klassifisering van hierdie voorbeeld as mediaansterkte.

[6.131] Maar by voorbaat verneem hy reeds die argument wat later holrug gery sou word: Is Afrikaans ook ons Bybel- en kanseltaal? Hy gee toe dat die beskawende invloed wat daarvan uitgegaan het en nog uitgaan, nie *onderskat mag word nie*. Maar dit bly beperk tot ons kerklike instellings en godsdienstige verrigtings. Sodra die predikant sy preekstoel verlaat, praat hy Afrikaans.

[HK 325: 1943 Informatief (Die triomf van Afrikaans, E.C. Pienaar)]

Die kollokasie van *mag* met sekere woorde soos *dus* en *wel* en modale bywoorde soos *moontlik*, verswak ook die deontiese bron se overte krag en word gevolglik as mediaansterkte gesien, byvoorbeeld:


[6.132] En nou *mag* 'n mens *wel* die mystiese en allegoriese opvattinge van die vaders, wat die homilie voorgestaan het, veroordeel. [HK 320: 1916 Geesteswetenskappe (Preek-methode, Totius)]

[6.133] Daar *mag* onverwags 'n droogte kom (die moontlikheid van 'n onverwagse droogte *mag* ons in hierdie land nooit uit die oog verloor nie, so het die verlede ons herhaaldelik geleer). [HK 116: 1941 Verslaggewing (uit Die Landbouweekblad)]

Mag se ambivalente betekenisonderskeiding tussen periode 2 en 3 en die vraag of *mag* eerder deonties of epistemies is, het 'n invloed gehad op die deontiese krag in terme van deontiese *mag* en sprekersekerheid in terme van epistemiese *mag*.

6.5.5 EPISTEMIESE *MAG* SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Epistemiese *mag* se sprekersekerheid is van meet af aan hoofsaaklik mediaansterkte soos gedemonstreer in figuur 6.16.



Figuur 6.16 Epistemiese *mag* se sprekersekerheid

Die mediaansterkte hipotetiese aard van [6.134] en [6.135] beaam die sprekeronsekerheid waarmee *mag* in die epistemiese domein gebruik word.

[6.134] In soverre 'n vitamien B1-tekort aangaan, moet ons onthou dat 'n tiamien-gebrek anoreksia veroorsaak, en derhalwe *mag dit wees* dat die spesifieke nutrisionele gebreke wat hierdeur ontstaan aan die afwesigheid van ander stowwe liewer as aan B1-tekort per se toegeskryf moet word. Hipofunksie van die ovarium en die verminderde aktiwiteit van die sekondêre geslagskliere van die mannetjie rot gedurende B1-tekort moet aan gepaardgaande uithongering en nie aan tiamien-gebrek as sulks toegeskryf word nie.

[HK 89: 1950 Natuurwetenskappe (Die rol van B vitamien en van aminosure, H. E. A. Mentz)]

[6.135] *Dit mag wees* dat die baie gronddeeltjies in die druppel die meeste van die vorme met die mikroskopiese ondersoek verberg het. [HK 88: 1949 Natuurwetenskappe ('n Sistematiese verslag oor die soetwater-algae... P. J. Badenhorst)]

In [6.134] en [6.135] is albei voorbeelde uit formele, akademiese geskrifte en hipoteses oor sekere wetenskaplik teoretiese beginsels. In [6.136] spekuleer die verteller oor sekere gebeure:

[6.136] Hier *mag* toevallig weer iemand aankom wat haar en Maansie sien. Sy moet dit verhoed. [HK 195: 1979 Fiksie (Armaansie, E. Bierman)]

Ook in voorwaardelike sinne word *mag* soms gebruik en hier is die spreker se sekerheid ook mediaansterk.

[6.137] Indien 'n bewaringsgeval buitengewoon moeilik is, *mag* die hof gelas dat hy in die polisie-selle aangehou word. [HK 226:1975 Informatief (Die kind in die veiligheidsplek)]

Die gebruike waar epistemiese *mag* wel 'n hoë sekerheid toon, is bewyslik (evidential) van aard en empiriese bewyslewering dui aan dat die hipotese aanvaar kan word. Sprekersekerheid is dus hoog soos gesien in [6.138]:

[6.138] Die resultate van lewenstabeleksperimente deur verskeie outeurs het daarop gedui dat temperatuur 'n minder belangrike bepalende faktor in sy geografiese verspreiding blyk te wees, maar dat die beskikbaarheid van standhoudende water deurslaggewend vir sy voorkoms in 'n gegewe habitat *mag* wees. [HK 188: 2001 Natuurwetenskappe (Verspreiding en habitats van *Lymnaea natalensis*... Strauss, Killian).]

6.6 SAMEVATTING

Mag se prototipiese betekenis is 'toestemming' of 'verlof' en hierdie betekenisonderskeiding val binne die deontiese betekenisdomein. Hierdie betekenisonderskeiding stem ooreen met *mogen* en *may* se kernbetekenis. Deontiese toestemming of verpligting verdeel in twee hoofkategorieë, te wete (a) Direktiewe en (b) Regulering van gedrag deur 'n burokratiese magsbron. Direktiewe *mag* is in die vorm van 'n spraakhandeling en 'n persoonlike subjek-referent word direk aangespreek en sekere gedrag word verplig en/of toestemming word gegee om 'n aksie uit te voer. Die regulering van gedrag deur 'n burokratiese magsbron kom voor in geskrewe tekste en is hoofsaaklik vanuit juridiese, religieuse, kulturele of sosiale informatiewe bronne wat daarop gemik is om individue of groepe se gedrag te kontroleer en te bepaal. Dinamiese *mag* se oorhoofse betekenis is die uitdrukking van goeie wense en begeertes. Alhoewel *mogen* geen epistemiese gebruike het nie, sluit Afrikaans aan by Engelse *may* wat 79% epistemies is, aangesien *mag* heelwat epistemiese gebruike vertoon. Epistemiese *mag* wissel van sprekeronsekerheid aan die een pool van die sprekersekerheidsspektrum tot sterk sprekersekerheid aan die ander pool. Sprekeronsekerheid word uitgedruk deur *mag* wat kollokeer met modale bywoorde soos *moontlik*, *miskien* en *dalk*. Onsekerheid word uitgedruk deur hipotetiese gebruike van *mag*, veral in die kopulakonstruksie waar *mag* en *wees* kollokeer. Hierdie gebruike

is veral teenwoordig in akademiese formele tekste. *Mag* kom ook dikwels voor in voorwaardelike konstruksies waar die spreker onseker is of voorwaardelike situasies sal realiseer, hierdie gebruik dui ook sprekeronsekerheid aan. Sprekersekerheid word uitgedruk deur konstruksies waar die spreker bewyse en afleidings kan maak oor eksterne gegewens. *Mogen* word deur Nuyts & Byloo (2011) gesien as argaïes en verouderd en dieselfde tekens lê in *mag* en 'n aanduiding hiervan is die talle vaste epistemiese konstruksies waarin *mag* gefossileer het. Konstruksies soos byvoorbeeld “Dit *mag* wees” of “Dit *mag* klink” is uniek aan *mag* maar 'n teken van 'n modale hulpwerkwoord wat al ver gegrammatikaliseer het. *Mag* se gebruik het oor die laaste 100 jaar drasties afgeneem. Aanvanklik was daar 'n toename van periode 1 na 2 en dit val saam met die ander deontiese modaal, *moet*, se gebruik. Hierdie toename kan moontlik toegeskryf word aan 'n baie spesifieke tydperk in die Afrikaner se geskiedenis toe Afrikaner-nasionalisme aan die hoogbloei was. Dit lyk of *mag* en *moet* as propogandavoertuie gebruik is om druk toe te pas op Afrikaners om te konformeer aan die verwagtings wat deur informatiewe tekste op hulle afgedwing is. Na hierdie periode (die negentienveertigs van die vorige eeu) het *mag* se gebruik egter spoedig begin afneem met 18.85%. Die kompetisie tussen *kan* en *mag* word in Hoofstuk 7 bespreek want dit lyk tog of die afname in *mag* moontlik beïnvloed kon wees deur die drastiese groei wat in *kan* oor die laaste 100 jaar plaasgevind het.

HOOFSTUK 7 *KAN EN KON*

BETEKENISDIMENSIE: VERMOË EN TEORETIESE MOONTLIKHEID DIMENSIE

7.1. INLEIDING

Die kernbetekenis van *kan* word in drie woorde saamgevat: 'in staat wees' (WAT). Hierdie *in staat wees* van 'n bepaalde lewende of nie-lewende subjek-referent met betrekking tot 'n sekere handeling word deur verskeie omstandighede of kontekste, soos in diepte bespreek onder 7.3, bepaal en beïnvloed. In hierdie hoofstuk word die modale werkwoord *kan* en preteritum *kon* volledig bespreek. As vertrekpunt is die etimologiese ontwikkeling van hierdie modale hulpwerkwoordpaar onder die loep geplaas met verwysing na die Germaans verwante ekwivalente *kunnen* en *can*. Hierna word *kan* se betekenis-skakerings bespreek en daarop volg die diachroniese ontwikkelings en veranderinge van hierdie modaal. Die tweede deel van hierdie hoofstuk is 'n bespreking van *kon* se betekenis-skakering en die daaropvolgende ondersoek na die diachroniese ontwikkelings van *kon*.

7.2. ETIMOLOGIE

Die modale hulpwerkwoord *kan* en preteritumvorm *kon* is afkomstig uit die Nederlandse modale stam *kunnen* wat reeds in Oudnederlands teen die jaar 1200 as *kunnon* met die betekenis 'in staat wees' gebruik is (Phillipa et al., 2003-2009), byvoorbeeld:

[7.1] siu *cunnon* alle mahtigan wole uegthan.

ze *kunnen* allemaal uitstekend vechten.

Hulle *kan* almal uitstekend veg.

In Middelnederlands (1200 -1500) is die vorme *connen* en *cunnen* as hoofwerkwoorde gebruik met die betekenisonderskeidings van 'kennis' en 'om te weet', byvoorbeeld:

[7.2] si *kan* van arzedie so scone.

zij *kent* de geneeskunst zo goed [uit die jaar 1250].

Hulle *ken* die geneeskunde so goed.

[7.3] ende andre beden die si *conste*.

en andere gebeden die ze *kende* [1265-70].

en ander gebede wat ons *ken*.

[7.4] die en geen latijn en *conen*.

mensen die geen Latijn *kennen* [1276-1300].

mense wat geen Latyn *ken* nie.

In Vroegnieunederlands is die *connen* en *cunnen*-vorme verander tot *konnen* en *kunnen* en die betekenis 'kennis' en 'om te weet' was van Protogermaans tot Vroegnieunederlands meer algemeen in gebruik as die huidige betekenis van 'in staat wees' (Phillipa et al., 2003-2009).

Die oergebruik van *kunnen* uit die Protogermaans het bestaan uit die presens en preteritumvorms *kann-* en *kunn-*, en was oorspronklik 'n sterk werkwoord wat die verledetydsvorm en die presens kon uitdruk. Die kernbetekenis van hierdie basisvorm is *weet* en *ken* en is soos volg binne die Germaanse taalfamilie gebruik: In Oudsaksies (voor 1200): *can/cunnan*; In Middelnederlands (1100-1500): *kunnen/konnen*; In Oudhoogduits (voor 1100): *kann/kunnan*; In Nieuhoogduits (na 1600): *können*; In Oudfries (voor 1500): *kan/kunna*; In Niefries (na 1550): *kinne, kenne*; In Oudengels (voor 1100): *can/cunnon*; In NieuEngels (na 1700): *can*; In Oudhoors (voor 1500): *kann/kunna*; In Nieuweeds (na 1500): *kunna*; In Goties: *kann/kunnan*.

Hiernaas staan die swakker werkwoord in Protogermaans naamlik *kunnēn* wat beteken 'om te leer' of 'te ken' en 'om te probeer' en lateraan het die Oudsaksiese woord *gikunnon*; Oudhoogduitse *chunnēn*; Oudengelse *cunnian*; en Gotiese *gakunnan* ontwikkel.

Die wortel van *kunnēn* is *knē-*, waaruit die Oudnederlandse (voor 1200) *cnāen* in *cnēdon* verander het; Die Oudhoogduitse (voor 1100) *-cnāhen* ('ken'); Oudengels (voor 1100) *-cnāwan* en preteritum *cnēow* ('om te ken'); Nieu-engels (na 1700): *know*; Oudnoors (voor 1500) *kná* (ken) en die afleiding *knár* wat beteken: 'sterk', 'dapper'. Die Germaanse afleidings *-kunde* (byvoorbeeld 'Aardrykskunde' met die basis *-kunde* as 'kennis van') en ook die selfstandige naamwoord *kuns* hou hiermee verband.

Die algemene vorm wat in Middelnederlands gebruik is, is *connen*. Vorme wat die *cun* – in plaas van die gebruikelike *con* – stam gebruik het, kom slegs in oostelike en kusedialekte voor. In Vroegnieunederlands, die tyd toe die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap gevestig is, is die infinitief *kunnen* en die verlede deelwoord *gekund* die algemene vorm vanweë Hollandse en Nederduitse invloed. Die preteritumvorm het vanaf Middelnederlands ontwikkel van *conste* (n) tot *konden* (mv) en *konde* (ev) en in Vroegnieunederlands het die apokopee van die *de* in die enkelvoudvorm tot die vorm *kon* gelei.

Die beroemde grammatikus Christiaan van Heule het gepoog om Nederlandse spelling en grammatika te standaardiseer en in 1625 publiseer hy *De Nederduytsche Grammatica ofte Spraeckonst*. Hierin word voorskriftelike maatreëls voorgestel vir die standaardtaalvorm en 'n sterk onderskeid word tussen *kunnen* en *kennen* getref. In die Hollandse spreektaal het hierdie twee werkwoorde egter oorvleuelende betekenisse gehad. *Kunnen* met betekenisse 'in staat wees' en 'om te weet/ken' en *kennen* met betekenisse 'leer ken' en 'probeer' word dus gedeeltelik sinoniem gebruik en daar is dikwels verwarring (Philippa et al., 2003-2009).

Tot so onlangs as Vroegnieunederlands (1700) is daar dus tekens van die oorspronklike selfstandige werkwoordelike gebruik van *kunnen* met betekenis 'om te

ken' en 'te weet' in gebruik. In moderne Nederlands is dit egter slegs in sommige idiomatiese gebruike wat *kunnen* nog die betekenis 'ken' en 'weet' kan uitdruk, byvoorbeeld:

[7.5] 'hij *kan* kunstjes met een bal' of 'hij *kan* frans'.

'Hy *ken* toertjies met 'n bal' of 'hy *ken* Frans'.

In Middelnederlands is die dinamiese gebruik [dat was een schoenionc man scoenre dan ic gheseggen *can* (Percheval (P) regel 186)] van *kunnen* dominant met geen teken van deontiese of epistemiese gebruike nie. Die eerste gebruik van deontiese *kunnen* [Die om wraeck van een woordt stelt in gevaer zijn leven *kan* die rechtvaerdelijck de bij-naem zijn gegeven Van Wijse?] is opgeteken in die sestiende eeu en epistemiese gebruike van *kunnen* [dat zou de posbode *kunnen* zijn – dit sou die posbode *kon* wees] is eers in die laat negentiende eeu vermeld (Van Ostaeyen & Nuyts, 2004:22).

Dit was in die Middelnederlandse tydperk (1200 -1500) wat *kunnen* vir die eerste keer 'n verbale komplement kry en as modale hulpwerkwoord begin optree. Hierdie verbale komplemente was aanvanklik slegs materiële (handelings-) werkwoorde wat direk op die lewende subjek-referent se vermoë ten opsigte van 'n spesifieke handeling, van toepassing was en op 'n spesifieke menslike kapasiteit gedui het, byvoorbeeld:

[7.6] Jan *kan* schrijven (Van Ostayen & Nuyts, 2004:23).

Jan *kan* skryf.

Die moontlikheid om te skryf word deur Jan, die subjek, se vermoë daargestel. Later het ook nie-lewende subjekte hierdie vermoë- kapasiteit kon aanneem:

[7.7] De rivier *kan* overstromen (Van Ostayen & Nuyts, 2004:23).

Die rivier *kan* oorstrom.

Ook ander tipe werkwoorde soos byvoorbeeld mentale werkwoorde kon nou met *kunnen* kollokeer byvoorbeeld:

[7.8] Rudy *kan* nijdig zijn (Van Ostayen & Nuyts, 2004:23).

Rudy *kan* nydig wees.

Hierna het *kunnen* deontiese betekenis begin vertoon waar die betekenis-onderskeiding van toestemming ter sprake is, byvoorbeeld:

[7.9] Je *kan* nu aan je exam beginnen.

Jy *kan* nou met jou eksamen begin.

Die laaste fase in *kunnen* se ontwikkeling is die epistemiese fase (Duihoven, 1994: 50-51), waar dit nie meer die subjek-referent se vermoë of toestemming is wat voorop staan nie, maar die stand van sake self. Die ontstaan van epistemiese *kunnen* vind op twee maniere plaas: (i) wanneer die stand van sake en nie die persoonsvorm of subjek se belange die fokus is nie; (ii) wanneer die proposisie se fokus 'n herinterpretasie is van logiese werklikheid tot geestelike moontlikheid, byvoorbeeld:

[7.10] Wie Jan zoekt, [die vanwege het mooie weer] in de tuin *kan* zitten, zal tot de conclusie kom, dat Jan in de tuin *kan* zitten

Wie Jan soek (wat vanweë die mooi weer) in die tuin *kan* sit, sal tot die gevolgtrekking kom dat Jan in die tuin *kan* sit.

In [7.10] staan die moontlikheid dat Jan in die tuin sit voorop, dit is nie 'n feitlike waarneming nie maar bloot 'n moontlike opsie en hierdie moontlike betekenis word as epistemies geklassifiseer. Sekere interpretasies byvoorbeeld Duihoven (1994:50-51) suggereer dat epistemiese *kan* uit deontiese *kan* ontwikkel het, maar hierdie studie volstaan met Van Ostayen en Nuyts (2004:24) wat aanvoer dat epistemiese *kan* direk uit dinamiese *kan* ontwikkel het.

Alhoewel *kunnen* etimologies sekere betekenis met *mogen* en *moeten* gedeel het, is *kunnen* 'n baie jonger modaal as die ander twee (Byloo & Nuyts, 2014: 102) en dit is ook die enigste modale hulpwerkwoord waarvan tekens van die oorspronklike hoofwerkwoord, *kennen*, nog tot so onlangs as 1550 -1650 (Vroeënieunederlands) voorkom.

7.3.1 KUNNEN

Nuyts (2011:166) konstateer dat *kunnen* die modale hulpwerkwoord is wat die vinnigste geëvolueer het en steeds doen. Dit kan veral gesien word in die hoë voorkoms van *kunnen/kan* in gevalle waar die hoofwerkwoord geëlideerd (waar ellips voorkom) is, en dit funksioneer as hoofwerkwoord hoewel vanuit hulpwerkwoordstatus. Die status van *kunnen* en fleksievorm *kan*, het aanvanklik 'n afname vertoon maar vertoon nou in Modernenederlands weer 'n toename. In hierdie gevalle kom *kan/kunnen* voor as deontiese modale. Dit suggereer 'n omkeer in die verdwyning van die hoofwerkwoord *kunnen*. Dit gaan hier nie om 'n terugkeer na vorige gebruik nie, maar dit dui op 'n nuwe tendens en selfstandigwording van sommige van die gebruike van die modaal en spesifiek op 'n deontiese wyse. Nuyts (2007) dui daarop dat hierdie verselfstandiging van *kunnen* kan dui op degrammatikalisasie van *kunnen* eerder as wat dit 'n teruggryp is na die gebruik van *kunnen* as hoofwerkwoord soos wat dit voorgekom het voor Middelnerlands (Nuyts, 2001a:180).

Die gebruik van *kunnen* is nog nie sigbaar in enige idiomatiese uitdrukkings nie, en vertoon geen tekens van fossilerings soos te vinde in *mogen* en *moeten* nie. Die proses van grammatikalisering is nog onderweg aangesien modale ontwikkeling van die dinamiese tot die deontiese en dan die epistemiese sfeer ontwikkel waarnaas idiomatiese uitdrukkings as konstruksies (konstruksionalisering) tot stand kom (Byloo & Nuyts, 2014:102).

Die persentasieverspreiding van *kunnen* lyk sedert Oudnederlands tot Hedendaagse (verdeel in 'n gesproke en geskrewe afdeling) Nederlands soos volg, soos gesien in tabel 7.1, verander (Nuyts & Byloo, 2015:52):

Kategorieë	Oudnederlands %	Vroegmiddel-nederlands %	Vroegnieuw-nederlands %	Gesproke Ndl.	Geskrewe Ndl.
<i>kennen</i>	12	3.5	0.5		
Dinamies-intern	53	60	43.5	27.5	16.5
Dinamies-ekstern	35	35	42.5	35.5	52
Dinamies-situasioneel		1.5	11	16.5	12.5
deonties			2	12	10.5
direktief				3.5	6.5
epistemies			0.5	5	2
	100	100	100	100	100

Tabel 7.1 Betekenisverspreiding van *kunnen*

In Hedendaagsenederlands is die dinamiese gebruik van die modale hulpwerkwoord *kunnen* steeds meer algemeen (81% in geskrewe en 79.5% in gesproke taal) as deontiese modaliteit (17% deonties en direktief in geskrewe en 15.5% in gesproke taal) en epistemiese modaliteit (2% in geskrewe en 5% in gesproke taal) (Nuyts & Byloo, 2015:52). Tot en met Vroegmiddelnederlands is *kunnen* slegs 'n dinamiese modaal en eers hierna is daar tekens van epistemiese en deontiese gebruike. Die meeste gebruike is egter dubbelsinnig wat die betekenis daarvan 'n onstabiele aard gee (Byloo & Nuyts, 2014:102).

Alhoewel dit tog opvallend is dat Nuyts en Byloo (2015), Van Ostayen en Nuyts (2004) sowel as Mortelmans, Boye en Van der Auwera (2009:6) daarna verwys dat die voorkoms van *kunnen* as epistemiese modaal moontlik ook as dinamies geïnterpreteer kan word, is die epistemiese gebruik van *kunnen* baie dubbelsinning van aard en Nuyts verkies dan dat dit eerder as dinamiese modaliteit gekategoriseer

word (Mortelmans, Boye & Van der Auwera, 2009: 6; Van Ostayen & Nuyts, 2004: 21). 'n Rede hiervoor is dat die epistemiese interpretasie nog te 'jonk' is om stabiel voor te kom. Nuyts wys wel daarop dat Traugott (2006) suggereer dat hierdie dubbelsinnige interpretasie 'n aanduiding is van die begin van betekenisverandering van *kunnen*. Aangesien daar 'n dubbelsinnige interpretasie tussen epistemiese en dinamiese betekenis is, maar nie tussen epistemies en deonties nie, is dit ook 'n bewys dat die epistemiese betekenis direk uit die dinamiese en nie die deontiese betekenis ontwikkel het nie. In die voorbeeldsin [7.11] is 'n dinamiese sowel as epistemiese interpretasie moontlik:

[7.11] Het nieuw system zal bestaan uit die 100 ABM-lanceerders die zijn toegelaten krachtens het ABM-verdrag en het *zou* tegen 1987 volledig operationeel *kunnen* zijn.

Die nuwe sisteem sal bestaan uit die 100 ABM-lanseerders wat toegelaat is kragtens die ABM-verdrag en dit *sou* teen 1987 volledig operasioneel *kon* wees.

Die dinamies-situasionele interpretasie sien die betekenis van [7.11] as 'n aanduiding van die potensiaal dat die Russiese wapenindustrie teen 1987 werksaam kan wees terwyl die epistemiese interpretasie die outeur se skatting of beraming dat daar moontlik 'n kans bestaan dat die wapenindustrie werksaam sal kan wees. Die dinamiese interpretasie fokus op die potensiaal van die Russiese wapenindustrie en die epistemiese interpretasie op die outeur/spreker se waarneming en beoordeling van die feitlikheid van die situasie.

Mortelmans, Boye & Van der Auwera (2006:6) sluit aan by Nuyts se bevindings dat die voorkoms van epistemiese *kunnen* baie onstabiel is en die onderskeid tussen die gebruik as epistemies of dinamies baie vaag is. Die enigste geval waar *kunnen* 'n sterk epistemiese inslag het, is in die kombinasie met *zullen* se vroeëre verledetydsvorm – *zou*: *zou kunnen*:

[7.12] Het *zou kunnen* dat Jan thuis is.

Dit *sou moontlik* wees dat Jan tuis is.

Hierdie dubbelsinninge interpretasie van modale dui op die diachroniese evolusionêre prosesse van modale hulpwerkwoorde wat steeds plaasvind (Nuyts & Byloo, 2011:20). Die modale is steeds besig om te ontwikkel en vandaar die ontstaan van wyer betekenisvelde en uiteenlopende interpretasies.

'n Verdere vergelyking tussen *kunnen*, *can* en *kan* volg (sien 7.6) om te bepaal hoe hierdie drie vormlik en betekenisverwante modale hulpwerkwoorde tans daar uitsien.

7.3.2 CAN

Volgens Leech & Coates (1980) is *can* die modaal met 'n grotendeels monosemantiese betekenis en dit word as dié dinamiese modaal in Engels gesien.

	Epistemies	Dinamies	Deonties	Totaal
<i>can</i>	112 (1.1%)	9,422 (88.8%)	1074 (10.1%)	10608
<i>could</i>	752 (15.1%)	4,069 (81.9%)	148 (3%)	4,969

Tabel 7.2 Betekenisse van *can*, *could*, volgens Collins (2009)

Wanneer die gebruik van *can* in Engels ontleed word (soos gesien in tabel 7.2), is dit opvallend dat *can* nie werklik as epistemiese modaal funksioneer nie maar meestal as dinamiese modaal optree, spesifiek ten opsigte van die 'moontlikheid'-kategorie (Collins, 2007:479). Collins aanvaar dat *can* slegs in 'n nie-regstellende konteks as epistemiese modaal optree soos byvoorbeeld:

[7.13] Oh I've only been back a few minutes anyway, but the school hasn't phoned so he *can't* be too bad.

O, ek is buitendien nog net 'n paar minute terug, maar die skool het nog nie gebel nie dus *kan* hy nie te sleg wees nie.

Dinamiese moontlikheid dra egter nie hierdie betekenismoontlikheid nie. Coates (1983), Collins (2007) en Leech (2003) het bewys dat *can* die dinamiese modaal is. Collins het uitgebrei op Palmer (2001) se oorspronklike siening oor dinamiese modaliteit en dit uitgebrei tot 'n selfstandige kategorie.

Collins verwys na Leech (1987:81) wat (1) **teoretiese moontlikheid** en (2) **vermoë** as aspekte van dinamiese modaliteit voorgestel het, en na Palmer (1990:86) wat 'n derde aspek naamlik (3) **dinamiese implikasie** tot hierdie drieledige onderskeid van dinamiese modaliteit daargestel het.

In terme van (1) **teoretiese moontlikheid** lê die potensiaal vir aksie in die eksterne omstandighede wat eksplisiet genoem kan word soos byvoorbeeld:

[7.14] I *cannot* fly into Zermatt; there is no airport. [C-US Frown F06 83]

Ek *kan nie* na Zermatt vlieg *nie*; daar is nie 'n lughawe nie.

Palmer (2001) onderskei tussen eksistensiële moontlikheid en rasonale moontlikheid. Eksistensiële moontlikheid word tipies in wetenskaplike diskoers gebruik soos byvoorbeeld:

[7.15] In mice this *can* result in stripes in tabby mice suggesting a morphogen, pulsatile, type of blocking action. [ICE-AUS W1A-005 (noone):38]

In muise *kan* hierdie lei tot strepe in gestreepte muise wat dui op 'n morfogenese, pulsatiewe, tipe blokkeringsaksie.

Rasonale modaliteit lê naby objektiewe deontiese moontlikheid (Palmer, 1990:105), aangesien dit deur algemene kulturele norme onderskryf word:

[7.16] The link between population growth and environmental destruction is well understood but how *can* we reasonably expect poor people to reduce the size of their family when it is the labour a large family provides that maintains their survival? [ICE-AUS W1A-020(noone):58]

Die verband tussen populasiegroei en omgewingsverwoesting word goed verstaan maar hoe *kan* ons op 'n redelike wyse verwag dat arm

gesinne die grootte van hulle gesinne verminder wanneer dit die arbeidskrag van 'n groot gesin is wat hulle oorlewing in stand hou.

(2) **Vermoë** is die tweede kategorie onder dinamiese moontlikheid en hier kan onderskei word tussen lewendige en nie-lewendige subjekte se vermoë as agente

[7.17] *Can* Haley Lewis break the Commonwealth record, I don't think she *can*.

[ICE-AUS S2B-016(C):49]

Kan Haley Lewis die Statebondrekord breek, ek dink nie sy *kan* nie.

[7.18] These coders are not speech specific however they *can* deal with non-speech signals such as background noise, music and multiple speakers without difficulty. [ICE-AUS 1A-009(noone):21]

Hierdie dekodeerders is nie spraakspesifiek nie alhoewel hulle nie-spraakseine soos byvoorbeeld agtergrondgeraas, musiek en 'n verskeidenheid luidsprekers sonder enige probleme *kan* hanteer.

Die derde aspek van dinamiese moontlikheid – naamlik (3) **dinamiese implikasie** vereis dat die spesifieke illokusionêr- pragmatiese konteks van die sin daarmee saam gelees moet word. Kyk byvoorbeeld na:

[7.19] You *can* bloody well keep your hands off. [ICE-GB: W2F-001 #95:1]

Jy *kan* blerriewil jou hande afhou.

[7.20] Perhaps we *can* talk about that on another occasion. [ICE-GB: S1B-055 #65:1: B]

Miskien *kan* ons by 'n ander geleentheid daaroor praat.

In [7.19] is daar 'n opdrag en [7.20] is 'n vraag. Facchinetti (2002:237) verwys daarna dat dinamiese implikasie dikwels didakties en instruksiegebonde is, soos gesien word in:

[7.21] And you *can* also see that the caricature quite early on in England tends to divide itself. [ICE-GB: S2A-057#22:1: A]


En jy *kan* ook sien dat die karikatuur betreklik vroeg in Engeland sigself onderverdeel het.

Deontiese moontlikheid of toestemming word volgens Collins se bevindings minimaal toegeskryf aan die modaal *can*.

Hierdie bespreking van *can* se betekenis, soos deur Collins (2009) gegroepeer, is sinvol en sal ook in hierdie studie gebruik word wanneer die fyner betekenisnuanses van *kan* en *kon* onder 7.4 en 7.8 onder bespreking is. 'n Vergelyking tussen die sinchroniese stand van *kan*, *can* en *kunnen* volg ook onder 7.6 om vas te stel hoe hierdie modale hulpwerkwoorde verander het.

7.4 BETEKENISNUANSES VAN *KAN*

Kan se betekenis is net soos *kunnen* en *can* meestal dinamies van aard soos gesien in figuur 7.1 maar hierdie modale hulpwerkwoord vertoon ook epistemiese en geringe deontiese gebruike.



Figuur 7.1 *Kan* se modale tipes

Die steekproefdata se ontleding wys dat *kan* 75% 'n dinamiese modaal, 24.6% 'n epistemiese modaal maar slegs 0.4% 'n deontiese modaal is wat dus net kortliks in hierdie studie belig sal word. Vervolgens 'n bespreking van *kan* se modale betekenisaarde:

7.4.1 DINAMIESE KAN

Dinamiese modaliteit onderskei 'n hele paar breë betekenisparameters waarvan **vermoë** en **volisie** (insluitend betekenis 'intensie', 'begeerte' en 'wense') die mees omvattende betekenis behels.

Kan is die modale hulpwerkwoord wat hoofsaaklik gemoeid is met betekenis wat 'vermoë' en 'kapasiteit' insluit. Daar is verskeie interpretasies (Collins, 2009; Wårnsby, 2006; Palmer, 2001; Mortelmans, Boye & Van der Auwera, 2009; Van Ostaeyen & Nuyts, 2004:11;) ten opsigte van die fynere betekenisnuanses van 'vermoë' en 'kapasiteit' beskikbaar. Hierdie studie poog om hierdie verskeie interpretasies sover moontlik te kombineer en die volgende fyner betekenisdifferensiasies word gemaak:

7.4.1.1. INTERNE VERMOË/KAPASITEIT

De Villiers (1971:83) meld dat *kan* grotendeels vermoë aandui, maar die konteks en situasie bepaal die aard van elke uiting. Hierdie vermoë kan dui op **fisiese vermoë**

[7.22] Die pasiënt *kan* nou weer eet. [De Villiers 1971: 83]

[7.23] Dis te swaar, jy *kan* dit nie optel nie. [De Villiers 1971: 83]

KONSTRUKSIE 7.1: Interne vermoë

7.1a Interne vermoë (fisies) [SUBJ + kan + MATERIËLE WW] ↔ [Die subjek is in staat om die materiële handeling te verrig]

7.1b Interne vermoë (verworwe) [SUBJ + kan + OBJ + MATERIËLE WW] ↔ [Die subjek het in staat geword om die materiële handeling te verrig]

[7.24] Die ballerina *kan* skielik beweeg en sy stap met die sleutel in haar hand by die kartontrap op tot heel bo by 'n toringkamer wat sy met haar sleutel oopsluit. [HK 27: 2007 Fiksie (Stories met stertjies, Corlia Fourie)]

Konstruksie 7.1a: [[Die ballerina]_{SUBJEK} [kan] MODAAL [skielik] BYWOORD [beweeg] MATERIËLE WW] ↔ [Die ballerina is in staat om te beweeg]

[7.25] Ek en Mamma het weer nuwe brille gekry – eintlik net nuwe glase – dieselfde rame. Ek het myne op die oomblik op – ek *kannie* glo dat 'n mens so duidelik *kan* sien nie. Dis net 'n leesbril – ek hoef nie pal een te dra nie.

[HK 104: 1979 Persoonlike brief (05-13)] {²⁴sien: sintuiglike mentale werkwoord}

[7.26] Heelparty kinders het ook 'n agterstand op groot motoriese ontwikkeling en *kan* nie 'n bal vang of op een been balanseer nie. Sommige se spierontwikkeling is so swak dat hulle nie kruisbeen op die mat *kan* sit of regop in 'n stoel nie. [HK 125: 2010 Informatief (uit Rooi Rose.) {vang: materiële werkwoord}]

of **aangeleerde bekwaamheid** (De Villiers 1971: 83)

[7.27] Hy *kan* klavier speel. [De Villiers 1971: 83]

Konstruksie 7.1b: [[hy]_{SUBJEK} [kan] MODAAL [klavier] OBJEK [speel] MATERIËLE WW] ↔ [Die subjek het die vaardigheid verwerf om die klavier te bespeel]

[7.28] "Was jy in die skool, dat jy so goed *kan* lees?" "Net 'n paar jaar. Genoeg om die Bybel te *kan* lees. Ek sou baie graag baie wou geleer het. Maar

²⁴ {} krulhakies gee verdere verduideliking

daar was nie geld nie en ek moes gaan werk." [HK 167: 2009 Fiksie
(Fred se storie, Lien Roux-De Jager)] {lees: aangeleer hoe om te lees}

De Villiers beklemtoon dat die aanduiding van 'n gewoonte 'n besondere waarde van *kan is*:

[7.29] Ure lank *kon* hy soms so teen die geweltjie in die son sit. [De Villiers
1971: 83] {*kan* of *kon* kan 'n gewoonte aandui}

Ook **mentale vermoë** word hierby betrek en hierdie betekenis is ten nouste verbonde aan die oorspronklike werkwoord, **kunnen** (om te weet), se betekenisfunksie waaruit die modale hulpwerkwoord *kan* oor eeue heen gegrammatikaliseer het.

[7.30] En wat ek verder van hierdie hemelse verwarrende aand *kan onthou*, sal
fragmentaries wees en newelagtig: waarheid en illusie word één ding.
[HK 7: 1978 Fiksie (Klipkus, M. Joubert)] {onthou: mentale werkwoord}

Konstruksie 7.1c Mentale vermoë: [[ek]_{SUBJEK} [kan] MODAAL [onthou] MENTALE WW]
↔ **[Lewende subjek se mentale vermoë stel hom/haar in staat tot 'n sekere verstandsaktiwiteit]**

[7.31] Ek *kan* my met geen van beide sienswyses *vereenselwig* nie en meen
dat die halveringsproses hier ook moet toegepas word en wel om die
volgende redes [HK 112: 1941 Formele brief (04-24)] {konstruksie 1c}

[7.32] Ek *kan* nou *verstaan*," val sy ma in, "dat Jaco partykeer moeilik word oor
die verband en alles. Jaco is jonk." [HK 119: 1975 Fiksie (Kroniek van
Perdepoot, A.M. Louw)] {konstruksie 1 c}

Interne vermoë verwys na die inherente kapasiteit van 'n lewende of nie-lewende subjek om 'n materiële of verstaansaksie uit te voer en behels fisiese aktiwiteite, aangeleerde handelings en mentale vermoëns, vermoëns wat 'n lewende of nie-lewende subjek-referent, soos in voorbeeldsin [7.33], in staat stel om 'n aktiwiteit uit te voer.

[7.33] Rekenaars kan ook baie meer data per tydseenheid vaslê, en daarom *kan* meer inligting gestoor en verwerk word. [HK 52: 2007 Natuurwetenskappe (Die rol van analitiese chemie in natuurwetenskaplike navorsing, J.L. du Preez)]

7.4.1.2. EKSTERNE VERMOË

Eksterne vermoë verwys na die kapasiteit van 'n subjek-referent of 'n objek-agent om 'n aksie uit te voer soos bepaal of beïnvloed deur eksterne omstandighede (Van Ostaeyen en Nuyts 2004:30) en nie die subjek-referent/agent se inherente vermoë nie.

KONSTRUKSIE 7.2: Eksterne vermoë

7.2. [[Omstandighede] [SUBJ+ *kan* + MATERIËLE WW]] ↔ [Eksterne omstandighede stel die subjek-referent in staat om 'n materiële handeling te verrig of nie]

[7.34] Die probleem is dat daar duisende huisgesinne is wat hulle kinders nie behoorlik *kan* voed nie omdat hulle **ekonomies te swak is** om die voedsel te koop wat nodig is en ook omdat hulle onkundig is oor voeding, ens. [HK 31: 1945 Informatief ('n Tuiste vir die nageslag, G. Cronje)]
{omstandighede: ekonomies baie swak}

In [7.34] is dit armoede van die gemeenskap wat verhoed dat die huisgesinne, die subjek-referente, voldoende voedsel het.

Soms is die eksterne omstandighede self die subjek of instaatstellende faktor/vermoë wat die menslike agent se gedrag bepaal soos gesien in [7.35].

[7.35] In baie gevalle is die grond wat hy reeds besit erfgrond waarop hy geen rentelas het nie en dan *kan* **die plaas** hom help in die afbetaling van 'n tweede plaas. [HK 61: 1978 Geesteswetenskappe ('n

Bedryfsekonomiese ondersoek na die vleisbedryf op enkele plase in die Molopo-gebied, H.P. Klopper)] {omstandighede: erfgrond/plaas kan subjek help}

Konstruksie 7.2b Eksterne omstandighede [[Die plaas] SUBJEK [kan] MODAAL [hom] OBJEK-BEGUNSTIGDE [help] MATERIËLE WW] ↔ [Eksterne omstandighede, die plaas, stel die agent in staat om 'n aksie uit te voer]

7.4.1.3. DINAMIES-SITUASIONEEL OF TEORETIESE MOONTLIKHEID/POTENSIAAL

(Van Ostaeyen en Nuyts, 2004:30) (Leech, 1987; Collins, 2009: 96)

Hierdie betekenisdimensie verwys na die **potensiaal** vir 'n moontlike *aksie* om te aktualiseer danksy instaatstellende eksterne omstandighede of situasies. Dit is die *situasie* of *aksie* self wat hier voorop staan en nie 'n lewende of nie-lewende subjek se vermoë nie. Daar is twee subtypes betekenisse wat hier na vore tree naamlik:

Eksistensiële moontlikheid (Facchinetti, 2002; Palmer, 1990; Huddleston & Pullum, 2002)

Eksistensiële moontlikheid het 'n implisiete eksistensiële bepaler wat óf 'n deelnemerskap aan 'n sekere groep insluit (lewend of nie-lewende subjekte) óf 'n mens se karaktereienskap aandui.

[7.36] Onder die eerste groep *kan* ons insluit manne soos S. J. du Toit, J. Lion Cachet, Von Wielligh en Naser. By hulle was daar 'n bewuste poging om "kunsverhale" te skryf. [HK 169: 1942 Geesteswetenskappe (Volkskuns uit die eerste tydperk, S.C. Hatting en S.C.H. Rautenbach)]

Eksistensiële moontlikheid *kan* kom dikwels in wetenskaplike diskoers voor:

[7.37] Die Swartspruit en die ander genoemde strome het almal hulle oorsprong in fonteine, die strome is meesal standhoudend {implisiete eksistensiële bepaler} alhoewel dit gedurende droogte gebeur het dat

hulle waterafvoer baie kleiner geword het, sodat die oppervlak van die water so diep benede die walle lê **dat** dit nie aangewend *kan* word vir besproeiing nie. [HK 9: 1948 Natuurwetenskappe (Die Tapgebied van die Magaliesrivier..., M. J. Barnard)]

[7.38] Die rasionaal vir die terapeutiese of profilaktiese gebruik van probiotika in toestande waar daar 'n afname, of versteuring, van die normale flora is, {eksistensiële bepaler} is **dat** dit aanvullend of ondersteunend tot die werking daarvan *kan* optree. [HK 58: 2005 Natuurwetenskappe (Probiotika... Viljoen, Johannsen, Panzer)]

Rasionele moontlikheid

Rasionele modaliteit moenie verwar word met deontiese modaliteit nie want 'n duidelike eksterne deontiese bron ontbreek. Die aktualisering van dinamiese rasonale modaliteit is eerder op abstrakte faktore soos byvoorbeeld wette, kultureel en sosiaal aanvaarbare norme en logika gebaseer.

[7.39] Die kerkraad is **van mening dat** in die lig van die buitensporige hoë voorkoms van drankmisbruik in Walvisbaai, met die gepaardgaande euwels van huweliksverbrokkeling, kindermishandeling ens. die toepassing van die R.S.A. drankwet alleen *kan* strek tot voordeel van die samelewing. Verder sal die sluiting van kroeë op Sondae ook bydra tot vermindering van Sondagsontheiliging.
[HK 15: 1980 Formele brief (11-25)]

[7.40] Die ANC se tweederdemeerderheid word deur sommige as 'n bedreiging **beskou** – spesifiek **omdat** die ANC daarmee die Grondwet *kan* amendeer. [HK 171: 2004 Geesteswetenskappe (Demokrasie na tien jaar... – Woord en Daad)]

[7.41] Strauss is **van mening dat** besinning oor etiese kwessies altyd welkom is, maar dat die kerk nie seks buite die huwelik *kan* kondoneer nie. [HK 202: 2010 Religieus (uit Juig)]

Eksistensiële en rasonale moontlikheid se betekenis is aangrensend aangesien albei op grond van rasonale motivering of empiriese bepalers die aktualiseringspotensiaal van 'n sekere aksie of situasie aandui. Dinamies-situasionele konstruksies is dikwels komplementklausure waar die rasonale en empiriese motiverings en gevolgtrekkings in die hoofklausure die agtergrond skets tot die komplementklausure gevolg deur die DAT konstruksie waarin die potensiaal van 'n sekere aksie om te realiseer voorop staan. Gevolglik lyk hierdie konstruksies dieselfde aangesien die voorafgaande hoofinligting met hoofklausures dien as rasonale of empiriese agtergrond wat aanleiding gee tot die interpretasie dat 'n handeling die potensiaal het om te kan plaasvind.

KONSTRUKSIE 7.3: Eksistensiële of Rasonale moontlikheid

[Eksistensiële / Rasonale verklaring + dat + SUBJ + kan + MATERIËLE WW]
 ↔ **[Rasonale/eksistensiële verklaring word benodig om 'n aksie se aktualiseringspotensiaal aan te dui]**

Hierdie konstruksie word op [7.38] en [7.40] toegepas en lyk soos volg:

Konstruksie 7.3a: [Die rasionaal vir die terapeutiese of profilaktiese gebruik van probiotika in toestande waar daar 'n afname, of versteuring, van die normale flora is, is] EKSISTENSIËLE BEPALER [dat] KOMPLEMENT [dit-probiotika] SUBJEK [aanvullend of ondersteunend tot die werking daarvan] BYVOEGLIKE BEP [kan] MODAAL[optree] MATERIËLE WW] ↔ [Eksistensiële bepaler: Die bestaan van 'n afname of versteuring in die normale flora het die potensiaal om die werking van probiotika(aksie) te bepaal]

Konstruksie 7.3b: [Die ANC se tweederdemeerderheid word deur sommige as 'n bedreiging beskou – spesifiek] RASONELE VERKLARING [omdat] REDEGEWENDE VOEGWOORD [die ANC] SUBJEK [die grondwet] OBJEK [kan] MODAAL [amendeer] MATERIËLE WW] ↔ [Rasonale gevolgtrekking: Daar is 'n rasonale verklaring

hoekom die ANC se tweederdemeerderheid die moontlikheid het om die grondwet te amendeer]

Hierdie konstruksies is die voorloper van epistemiese *kan* aangesien die betekenis inherent ambivalent is want in bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die spreker se mening en opinie (in [7.40] en [7.41]) tog 'n rol speel in die uitspraak van 'n potensiele of hipotetiese aktualisering wat 'n epistemiese ondertoon het.

7.4.1.4. DINAMIESE IMPLIKASIE

Hierdie betekenisonderskeid van dinamiese *kan* is nou verbonde aan spraakhandelinge met 'n sekere illokusionêre krag en hier is vier fyner betekenisnuanses te onderskei naamlik (a) aanbod; (b) versoek; (c) voorstel en (d) instruksie. Volgens Collins (2009:104) word dinamiese implikasie veral gebruik in didaktiese omstandighede waar die spreker instruksies gee aan 'n aangesprokene. In deontiese omstandighede is die eksterne deelnemer meer gesaghebbend en daar is nagevolge indien die verpligte of noodsaaklike gedrag nie uitgevoer word nie. Die aanbod, versoek, voorstel en instruksionele betekenissimplikasies is in die vorm van spraakhandelinge maar dit is meer informeel en word nie afgedwing op die aangesprokene nie. Die klem is meer op die subjekreferent wat nou in staat gestel word om 'n sekere aksie te verrig deur middel van 'n aanbeveling, versoek, voorstel of instruksie. Die fokus is op vermoë en nie op 'n verpligte aksie nie.

KONSTRUKSIE 7.4: Dinamiese implikasie: Spraakhandeling

7.4a: [(Aanbod) [jy + kan + MATERIËLE WW /kan + ek + MATERIËLE WW]] ↔ [Die spreker of aangesprokene is handelend en die subjek-referent word iets aangebied]

7.4b: [(Versoek) [kan + ek + MATERIËLE WW]] ↔ [Die aangesprokene is handelend en word versoek om iets te kry of te doen]

7.4c [(Voorstel) [[Situasie][SUBJ + kan + MATERIËLE WW.]] ↔ [Spreker maak 'n voorstel op grond van 'n sekere situasie of omstandighede]

7.4d [(Instruksie) [jy + kan + OBJ+MATERIËLE WW]] ↔ [Die aangesprokene is handelend en word beveel om 'n aksie uit te voer]

Aanbod

In [7.42] bied die spreker slaapplek aan die aangesprokene aan; in [7.43] word ondersteuning aangebied en in [7.44] word die aangesprokene 'n drankie aangebied:

[7.42] En dié sang eindig dan ook met 'n verwysing na geluksalige, herderlike rus as Tityrus afsluit met die volgende woorde aan Meliboeus (Blanckenberg, 1975: 6):
 Maar vannag
kan jy hier by my slaap.
 Ek het 'n vars, groen blarebed vir jou en appels sappig ryp,
 kastaiings sag en melerig en volop soetmelkkaas. En kyk,
 Daar in die verte
 rook die dakke van die plase al en van die hoë berge af
 val lang-lang skaduwees.
 [HK 455: 2007 Geesteswetenskappe (Die meulenaar as pastorale elegie)] {aanbod}

Konstruksie 7.4a se toepassing op [7.42] lyk soos volg:

Konstruksie 7.4a: Aanbod [jy] SUBJEK+ [kan] MODAAL [hier by my] BYWOORDELIKE BEP VAN PLEK [slaap] MATERIELE WW] ↔ [Spraakhandeling: Jy *kan* by spreker slaap]

Die spreker se aanbod kan óf as direkatief (jy *kan* in [7.42]) óf as vraagsin (Kan ek in [7.44]) aangebied word. Daar is 'n ondertoon van toestemming wanneer 'n aanbod as direkatief (Jy kan) uitgedruk word maar wanneer die aanbod in 'n vraag gestel word, is die spreker handelend.

[7.43] Ek juig die bestaan van uw Bond van harte toe, en as ek daar enige steun aan *kan* bied, sal ek dit graag wil doen. [HK 6: 1920 Verslaggewing (uit Die Banier)] {aanbod}

[7.44] Julle mans kan my gerus in vrede laat. Dit maak my senuweeagtig as julle my dophou." „*Kan* ek vir jou iets kry om te drink?" vra Guy. „Nee

dankie," antwoord Esther. [HHK 885: 1973 Fiksie (Wie Knabbel die maan, P. de Bruyn)] {aanbod}

Versoek

In [7.45] vra 'n karakter of hy ook vye in die leë blikke kan gooi want dit lyk vir hom na 'n aangename aktiwiteit.

[7.45] Die manne, met hoede op die agterkop en 'n ronde stuk tjoep oor die plukhand, laat val die eerste vye ghoeps-ghoeps in die leë blikke. *Kan* ek ook probeer? Dit lyk so lekker. [HHK 392: 2008 Fiksie (Onthoupad na die see, Sjané van Aswegen)] {versoek}

7.4b: Versoek [[kan] MODAAL [ek] SUBJEK (ook) [probeer] MATERIËLE WW] ↔ [Ek versoek van aangesprokene om iets te kry of te doen]

Voorstel

In [7.46] maak die spreker 'n voorstel aan iemand anders oor hoe hy 'n bok se spoor kan sny:

[7.46] Jy hou aan op die spoor. Netnou sien jy sy wegspringplek. En daar waar hy begin hardloop het, *kan* jy maar omdraai. Jy sal hom daardie dag nie weer sien nie. "Jy weet 'n gemsbok is mos 'n ding vir die oopte, die vlakke [HK 179: 1975 Fiksie (Oom Hennerik Vermaak word verbrand, D.M. Greeff)] (Voorstel)

7.4c Voorstel [(Situasie: daar waar die bok begin hardloop) [kan] MODAAL [jy] SUBJEK [omdraai] MATERIËLE WW] ↔ [Spreker maak 'n voorstel op grond van 'n sekere situasie of omstandighede]

Instruksioneel

In [7.47] kry die aangesprokene die instruksie om haar oë oop te maak en in [7.48] is daar 'n instruksie dat 'n sekere aktiwiteit nie kan plaasvind nie. Dinamiese instruksies


is minder gesigsbedreigend as deontiese instruksies aangesien deontiese bronne meer afdwingbaar en met meer krag plaasvind.

[7.47] Toe hoor ek nog 'n slag die harde skeurgeluid. Dis die einde, die mangels is albei uit. "Ek is klaar, jy *kan* **maar** jou oë oopmaak," sê die dokter. Twee susters stap saam met my terug hospitaal toe. [HK 229: 2007 Fiksie (Wilhelmina kampkind op Java, Mariël le Roux)] {instruksie}

7.4d Instruksie [[jy] SUBJEK [kan] MODAAL [jou oë] OBJEK [oopmaak] MATERIELE WW ↔ [Jy ontvang 'n instruksie om 'n aksie (maak oë oop) uit te voer]

[7.48] "Nee, Magriet!" "Asseblief, Mamma!" Die vrou luister na die byna paniese dringendheid in die dogtertjie se stem. "Dit *kan* nie. Dit kan volstrek nie. Ek is bitter jammer oor jou maatjie, **maar** dit *kan* nie. "[HHK 753: 1979 Fiksie (Sing vir ons, Matilda, M. Bakkes)] {instruksie}


Die semantiese kaart van dinamiese *kan* in figuur 7.2 demonstreer die drie breë betekenisdimensies van dinamiese *kan*. Interne vermoë is subjek-referent gebonde en hierdie subjek is lewend of nie-lewend. Daarteenoor lê eksterne vermoë tussen die subjek-referent se vermoë en die situasie of konteks daaraan verbonde aangesien die betrokke lewende of nie-lewende subjek se vermoë bepaal word en afhanklik is van die konteks of gebeure waarbinne dit gesitueer is. By dinamies-situasionele vermoë is die situasie of konteks self die subjek.



Figuur 7.2 Die semantiese kaart van dinamiese *kan*

Dinamiese *kan* se prototipiese gebruik verwys na die interne, inherente vermoë van 'n **menslike of nie-menslike subjek** wat hom/haar in staat stel om 'n sekere handeling te voer. Hierdie handeling is 1. óf inherent en dus **aangebore** óf **aangeleer** en 2. óf 'n **materiële aktiwiteit** (dans; sing; loop; beweeg) óf 'n **mentale aksie** (dink; begrip; onthou; verstaan). Die interne vermoë van 'n subjek-referent lê op die mesovlak van die taksonomiese dinamiese konstruksie-hiërargie met die konstruksie EK + KAN + WW. Op die mikrovlak word die drie tipes mikrokonstruksies op grond van aangebore of aangeleerde vermoë en materiële of mentale aksies onderskei. Die prototipiese konstruksies word in die netwerk met 'n donkerder dubbel-omlyning aangedui. Naas die prototipiese voorbeeld van dinamiese vermoë is daar ook drie ander tipe konstruksies wat op die mesovlak voorkom met hulle onderskeie vaste konstruksies op die mikrovlak. 'n Subjek-referent word dikwels in staat gestel om 'n sekere handeling uit te voer deur sy/haar eksterne omstandighede. Hierdie instaatstellende eksterne omstandighede word uitgedruk as die subjek-referent se eksterne vermoë en is konstruksie 2 soos op die mesovlak aangedui. Die derde betekenisdomein in die dinamiese veld is dinamies-situasionele konstruksies waar die potensiaal van 'n handeling om te gebeur voorop staan eerder as die vermoë van die subjek-referent.

Die aksie is hier eerder die subjek as die mens wat die aksie uitvoer. Die vierde mesovlakkonstruksie is die dinamiese spraakhandelings wat 'n aanbod, versoek, voorstel en instruksie op mikrovlak insluit. Vervolgens 'n grafiese voorstel van die dinamiese konstruksienetwerk in figuur 7.3:



Figuur 7.3 Die konstruksienetwerk van dinamiese *kan*

7.4.2 EPISTEMIESE KAN

Die gebruik van *can* en *kunnen* as epistemiese modale is kontroversieel en daar is al heelwat hieroor bespiegel (Collins, 2009:98; Huddleston & Pullum, 2002:180; Mortelmans, Boye & Van der Auwera, 2009; Van Ostayen & Nuyts, 2004). In Nederlands word die gebruik van *kunnen* dikwels as dubbelsinning gesien wat impliseer dat *kunnen* as epistemies of dinamies geïnterpreteer kan word maar ter wille

van tradisie word die dinamiese interpretasie eerder voorgehou (sien 7.3.1, voorbeeldsin [7.11]). Met *can* beveel Collins (2009) aan dat hierdie gebruik slegs in nie-bevestigende en dus onseker omstandighede gebruik word (sien 7.3.2, voorbeeldsin [7.13]). In albei hierdie tale is die gebruik van epistemiese *can/kunnen* in 'n proses van ontwikkeling en grammatikalisering vanuit die kern-sfeer (veral dinamies) tot die epistemiese (Coates, 1995:62; Van Ostayen & Nuyts, 2004).

'n Verdere dispuut is oor die onderliggende semantiese ooreenkoms tussen *mag* en *kan* veral ten opsigte van die epistemiese betekenis. Volgens Collins (2009:99) neig *may* om eerder die epistemiese betekenisdomein te betree vanweë die spreker se onsekerheid oor die aktualisering van 'n aksie of situasie (it is possible that...) terwyl *can* meer neig om die dinamiese betekenisdomein te aktiveer met die uitdrukking van 'n deelnemer/subjek-referent of selfs die situasie se vermoë of potensiaal om 'n aksie uit te voer. Verskeie teoretici het oor hierdie semantiese oorvleueling bespiegel maar hulle terminologie verskil telkens. Die onderskeid tussen *mag* en *kan* is onder die volgende terme ondersoek: feitelike moontlikheid en teoretiese moontlikheid (Leech, 1987); ekstrinsieke moontlikheid en intrinsieke moontlikheid (Bolinger, 1989); moontlikheid en potensiaal (Klinge, 1993).

Op grond van hierdie teenstellings, kan epistemiese moontlikheid as 'n moontlikheid gekoppel aan die spreker se onsekerheid oor die feitelikheid van die proposisie of situasie verstaan word, terwyl dinamiese moontlikheid eerder op 'n teoretiese of inherente potensiaal van die subjek-referent dui. Leech (1987) se onderskeid tussen feitelike en teoretiese moontlikheid sluit aan by hierdie interpretasie. Feitelike moontlikheid dui op die spreker se sekerheid of iets plaasvind al dan nie, en teoretiese moontlikheid dui op die teoretiese potensiaal van iets wat plaasvind, en het niks met die spreker se sekerheid te make nie.

Hierdie onderliggende semantiese oorvleuelende aard van *mag* en *kan* sal aan die einde van hierdie hoofstuk onder die loep geneem word.

Voorts 'n ondersoek na die gebruik van *kan* as epistemiese modaal. Die gebruik van *kan* as epistemiese modaal is nog nie in Afrikaans in detail ondersoek nie, maar dat

hierdie modaal wel epistemiese betekenis het, word deur De Villiers (1971:83) en Conradie (2018) gesuggereer.

Kan se onpersoonlike betekenis naamlik moontlikheid verskil ooglopend van al die vorige onderskeidings:

[7.49] Hoe *kan* dit wees, die ou sit werk dan in sy winkel. [De Villiers 1971:83]

[7.50] Hieroor *kan* 'n groot bohaai verwag word. [De Villiers 1971:83]

Conradie (2018) verwys ook na *kan* wat moontlikheid uitdruk in retoriese vrae, maar ook in ander kontekste.

[7.51] Dit *kan* maar koud word in die Karoo in die winter. [Conradie 2018]

[7.52] Hoe *kan* hy sommer net so siek word? [P.J. Haasbroek, Vennoot, 2009:191] (Conradie 2018)

Volgens die steekproefdata is 24.6% van *kan* se gemiddelde gebruike oor 100 jaar epistemies van aard. Epistemiese *kan* dui op die gegewens se feitelike moontlikheid of onmoontlikheid en die spreker se sekerheid oor die feitelikheid van die situasie en die proposisie is aan bod.

Hierdie feitelike moontlikheid of sprekersekerheid lê op 'n skaal van lae tot hoë sekerheid en die sekerheidsgraad word beïnvloed deur bywoorde soos byvoorbeeld *redelik* [7.55], *waarskynlik* [7.54] en *miskien* [7.53] maar ook adjektiewe soos *seker/onseker* word hierby betrek:


[7.53] *Miskien kan* ek later vergeet... na lange jare. [HK 290: 1920 Fiksie (uit Gimnasium Jaarblad)] {mediaansekerheid}

[7.54] Die relatief hoë voorkomsfrekwensie van grasstukkies *kan waarskynlik* aan die toevallige inname tydens die aktiewe voedingsfase op veral insekprooisoorte gekoppel word. [HK 168: 2004 Natuurwetenskappe (Dieetsamestelling van vee-reiers... Butler, Kok)] {hoë sekerheid}

[7.55] Die presiese omvang van die aanvanklike tradisie is onseker, maar daar *kan* met *redelike sekerheid* gesê word dat die tradisie uitgebou is totdat dit 'n meer 'amptelike status' gedurende die tyd van die rigters verkry het. [HK 46: 2008 Geesteswetenskappe (Geskiedenis en geskrifte, die literatuur van ou Israel, Boshoff, Scheffler, Spangenberg)] {hoë sekerheid}

Bogenoemde voorbeelde lê op 'n skaal van moontlikheid en sprekeronsekerheid aan die een kant tot waarskynlikheid en redelike sekerheid op die ander. Sodra die spreker baie seker van sy saak is grens die betekenis van *kan* aan die dinamiese sfeer en sal dit eerder as dinamies geklassifiseer word. Epistemiese *kan* se betekenis het dit eerder oor die spreker se sekerheid van die situasie en sy uitlating as oor die gegewens self.

Bogenoemde voorbeelde se sprekersekerheid kan diagrammaties op 'n skaal weergegee wat wissel van moontlikheid (lae sprekersekerheid tot waarskynlikheid wat hoë sprekersekerheid vergestalt. Figuur 7.4 is die standaard epistemiese skaal waarvan hierdie studie gebruik maak. Kan is nie prototipies epistemies nie en onderskei nie al die betekenisse nie. Kan het byvoorbeeld geen bewylike betekenisse nie



Figuur 7.4 Epistemiese skaal

Bywoorde soos *moontlik* en *waarskynlik* en frases soos *met redelike sekerheid* wat algemeen met epistemiese betekenis geassosieer word, is nie beperk tot die kollokasie met *kan* nie. Die kollokasie van *kan* met hierdie tipe bywoorde en frases is wel epistemies van aard maar dit is nie 'n eksklusiewe verskynsel nie aangesien ander modale hulpwerkwoorde ook vrylik hiermee kollokeer. Hierdie tipe konstruksie verskyn dus op die mesovlak van *kan* se konstruksienetwerk wat die skematiese en algemene gebruik daarvan weergee en dit is die prototipiese voorbeeld van epistemiese *kan*.

Die gebruik van epistemiese *kan* is ook sigbaar in **voorwaardelike sinne** veral wanneer *kan* in die protasisgedeelte van die sin voorkom:

[7.56] As jy *kan* regkom met jou telefoondiens *moet* E net eenvoudig vir jou wag. [HK 233: 1978 Persoonlike brief (11-07)]

[7.57] Die wêreld sit vasgenaai voor realiteitstelevisie om hulself uit die equation te kan los. As jy iemand anders se realiteit kan leef, hoef jy mos nie vrede te maak met jou eie [HK 364: 2002 Informatief (uit De Kat)]

Die gebruik van *kan* in voorwaardelike konstruksies is 'n algemene verskynsel. *Kan* verskyn meestal in die protasis en voorwaardelike gedeelte terwyl ander modale of kwasi-modale werkwoorde soos *hoef* [7.57] afwissel in die apodosis deel. In [7.56] is dit *kan* (met kernbetekenis 'vermoë' hierby ingebed).

Kan kom ook in die minderheid voor in die apodosis of hoofsingedeelte soos in [7.58]

[7.58] As jy steeds bekommerd is, *kan* jy 'n volledige gehoortoets by 'n oudioloog laat doen. [HK 219: 2010 Informatief (uit Rooi Rose)]

In hierdie geval is daar geen ander modale hulwerkwoorde wat kollokeer met *kan* nie, maar eerder hoofwerkwoorde, spesifiek kopulawerkwoorde wat eerder iets oor 'n persoon se moontlike toestand of staat vermeld.

Die gebruik van *kan* in voorwaardelike konstruksies is epistemies, maar daar is geen vaste uitdrukkings en vorm-betekenis skemas wat op die mikrovlak figureer nie en gevolglik bly hierdie konstruksie op die mesovlak.

Hierdie mesovlakkonstruksie lyk soos volg:

KONSTRUKSIE 7.5 Voorwaardelike epistemiese *kan*:

[[Protasis: [as + SUBJ₁ + (DIT) + kan + MATERIËLE WW]] ↔ [Apodosis [MODALE HW + SUBJ₁ + (DIT) + MATERIËLE WW]] ↔ [Gegewens in apodosis sal/kan/moet/wil realiseer op voorwaarde dat die subjek in staat is om 'n aksie uit te voer]

Kan word as epistemies geklassifiseer wanneer die gebruik daarvan kollokeer met epistemiese modale soos *sal* en *sou* wat bepaal dat die hele proposisie epistemiese en spesifiek 'n **voorspelling-betekenis** kry

[7.59] As daar planke is en mits sy daarin *kan* slaag om ongesiens een te leen, weet Lienkie nie of sy die plank tot hier *sal kan* dra met die seer enkel van haar nie. [HK 379: 1979 Fiksie (Armaansie, E. Bierman)]

[7.60] Dis vir haar asof sy, as sy lank genoeg na sy stem luister, aan die slaap *sal kan* raak... asof sy alles *sal kan* vergeet: Die oorlog, die gevare van dood en verwoesting wat hulle aan alle kante omring. [HK 381: 1941 Fiksie (Die merk van Kain, J.P. van Schalkwyk)]

[7.61] Dit wil hom voorkom of die verwikkelinge vir almal 'n baie bevredigende resultaat *sal kan* bereik. [HK 383: 1949 Fiksie (Stryd, J. van Bruggen)]

In al drie voorbeelde van modale ketting *sal...kan* soos gesien in [7.59] – [7.61] is daar ander merkers wat die proposisies se epistemiese betekenis versterk. In [7.59] is die proposisie deel van 'n voorwaardelike proposisie en die '*sal... kan* dra' komplementklaus of KNP (komplimentnemende predikaat) word voorafgegaan deur die epistemiese hoofsin: 'Lienkie weet nie of' wat ook epistemies van aard is.

Die voorbeeldsin [7.60] is in 'n vergelykende konstruksie waarin die spreker se onsekerheid oor gegewens voorop staan.

Die KNP waarbinne die '*sal kan bereik*'-ketting in [7.61] voorkom word ook voorafgegaan deur 'n idiomatiese epistemiese konstruksie/hoofsin: Dit wil hom voorkom'.

Kan kollokeer met geen ander modale werkwoord so dikwels as met *sal* nie. *Sal* is hoofsaaklik 'n epistemiese modaal wat aan die hele konstruksie waarin *kan* is ook 'n epistemiese betekenis verleen. Die betekenis wat aan hierdie vaste kombinasie verleen word, is **1. Voorspelling (sal)** dat 2. 'n subjek of 'n **situasie in staat sal wees (kan)** om deurgevoer te word. Soos reeds genoem word die vaste konstruksie met *sal...kan* voorafgegaan deur 'n situasie wat eers moet realiseer (byvoorbeeld uitgestippel soos in 'n voorwaardelike konstruksie soos [7.59]) en die *sal...kan* konstruksie *voorspel* dat 'n subjek *in staat sal wees* om plaas te vind sodra gegewens in die voorafgaande klaus voorkom. Vervolgens lyk hierdie konstruksie wat op die mikrovlak voorkom vanweë die vaste vorm-betekenis van *sal/kan* soos volg, soos toegepas op sin [7.62]:

[7.62] O, dis wonderlik dat jy die konferensie *sal kan bywoon*. [HK 382: 1949
Persoonlike brief (06-19)]

KONSTRUKSIE 7.6 Voorspelling epistemiese *kan*:

(Situasie) [SUBJ + *sal* + (DIT) + *kan* + MATERIELE WW] ↔ [Indien 'n sekere situasie realiseer, word voorspel dat die subjek in staat sal wees om aksie te verrig]

Kan kry ook epistemiese betekenis wanneer die komplementklaus of KNP waarbinne *kan* is, volg op 'n epistemiese hoofsin.

[7.63] **Ek meen** dit *kan* sinvol tot voordeel van al die betrokke partye *geskied* en 'n bydrae tot voedselsekerheid vir Suider-Afrika lewer." [HK 93: 2006
Verslaggewing (Landbou Weekblad)]

Die gebruik van kan in die KNP wat volg op 'n epistemiese konstruksie is nie 'n vaste konstruksie nie en nie op die mikrovlak beskikbaar nie.

Kan het epistemiese betekenis in 'n retoriese vraag waarin sprekersekerheid na vore tree:

[7.64] Die onkruid wil ons egter uitskoffel. Hoe *kan* één man kerkraad wees, één die naam het van 'n hele liggaam? [HK 186: 1912 Informatief (uit Fac et Spera Dec)]

[7.65] " De Heere is uw schaduw," maar hoe *kan* hij dit nou doen, waar hij net weer in so'n pijnlike aanraking gekom het met die koue werklikheid van die platte, alledaagse lewe van die mense? [HK 187: 1919 Biografies (Uit die Lewe, uit De Goede Hoop)]

Die gebruik van kan in retoriese konstruksies met *hoe* is baie algemeen. Die beperkte Historiese Korpus lewer nie veel trefslae op nie, maar daar is 162 trefslae in Viva se omvattende korpus.

[7.66] By God is daar niks groter as die liefde nie en as ons kyk na al die gedeeltes in die Skrif wat handel oor die liefde en meer spesifiek God se Liefde vir ons mens, **hoe kan** ons twyfel dat Hy ons nie 'n kans sal gee nie ? [Viva-korpus *Hoe kan* -21]


[7.67] Ai, **hoe kan** mens soveel liefde weerstaan! [VivA-korpus *Hoe kan* -18]

Hierdie konstruksie is op die mikrovlak en lyk soos volg:

KONSTRUKSIE 7.7 Retoriese vraag epistemiese *kan*:


[hoe kan + SUBJ + (OBJ) + MENTALE WW/MATERIËLE WW] ↔ [Konstruksie is retories en kognitief ongelooflik en onbepaalbaar]

Die konstruksienetwerk van epistemiese *kan* lyk soos volg:



Figuur 7.5 Die konstruksienetwerk van epistemiese *kan*

Figuur 7.6 is 'n semantiese kaart van epistemiese *kan* wat demonstreer hoe *kan* heelwat algemene epistemiese gebruike vertoon waar die spreker se onsekerheid of evaluering van 'n staat of proposisie uitgedruk word. Epistemiese *kan* druk 'n mediaansekerheid uit en die ontwikkeling en veranderinge in hierdie gebruik van *kan* word volledig onder 7.5.2 bespreek.



Figuur 7.6 Die semantiese kaart van epistemiese *kan*

Kan vertoon deontiese gebruike, daar is egter min voorbeelde daarvan in die Historiese Korpus gevind. Hiermee egter 'n uiteensetting van hoe *kan* as deontiese modaal gebruik kan word:

7.4.3 DEONTIESE KAN

Wanneer *kan* gebruik word in gevalle **waar toestemming verleen** is, dan is daar 'n sterk ooreenkoms tussen *kan* en *mag* (De Villiers 1971:83):

[7.68] Julle *kan* nou maar loop.

[7.69] *Kan* ek nou maar kyk?

Volgens de Villiers dui *kan* en *mag* **afwisselend toestemming** aan maar hierdie funksies van *kan* en *mag* word nie kategorieë verdeel of bespreek nie:


[7.70] U *kan/mag* maar hier bly.

Met *kan* se betekenisgebruike uiteengesit, vervolgens 'n bespreking van hoe *kan* oor 'n tydperk van 100 jaar verander het:

7.5 KAN SE DIACHRONIESE ONTWIKKELING

7.5.1 KAN SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

Soos gesien in figuur 7.7 het die gebruik van *kan* met rasse skrede sedert 1911 tot en met 2010 toegeneem en tans vertoon hierdie modale hulpwerkwoord die hoogste frekwensie gebruike van al die modale hulpwerkwoorde.




Figuur 7.7: Diachroniese frekwensieverspreiding van *kan*

Daar is 'n 23% toename vanaf periode 1 met 857 gebruike tot en met periode 2 waartydens daar 1055 gebruike voorkom en hierdie toename is statisties beduidend met $G^2=6.63$ ($p < 0.01$). Vanaf periode 2 tot 3 is daar 'n 22% toename in gebruike met 1286 gebruike in periode 3 wat dui op 49.08 gebruike van *kan* in elke 10 000 woorde. Hierdie toename vertoon 'n baie hoë statistiese beduidendheid wat lê op die 0.1% vlak met $G^2=15.13$ ($p < 0.0001$). Alhoewel die toename in gebruike van *kan* tussen periode 1 en 3 drasties toeneem, vertoon dit steeds 'n 5% toename in periode 4, hierdie toename is egter nie statisties beduidend nie. Die algehele toename van 58% vanaf

periode 1 tot 4 is egter statisties beduidend met $G^2 = 15.13$ ($p < 0.0001$). Daar is dus 'n toename van 24 gebruike per 10 000 woorde tot 51 gebruike per 10 000 woorde.

7.5.2 KAN IN VERSKILLENDE TEKSGENRES

Die grafiek in figuur 7.8 demonstreer hoe die gebruik van *kan* oor 'n tydperk van 100 jaar in al die tekstipes toegeneem het.




Figuur 7.8 *Kan* se teksgenreverspreiding

Alhoewel hierdie gebruike in sommige periodes gefluktueer het, is die frekwensie van al vier die teksregisters se gebruik van *kan* hoër as in periode 1. Vanweë die fluktuerende aard van die tekstipes is dit moeilik om oor periode 2 en 3 afleidings te maak. Die gebruik van *kan* in die informele register neem byvoorbeeld af in periode 2, maar weer toe in periode 3 en 4; die formele register neem in periode 3 toe maar daar is 'n afname in periode 4 en in die informele register is daar die skielike afname in gebruik in die tweede periode teenoor die drastiese toename vanaf periode 3 tot 4. Gevolglik word daar net gefokus op die toename tussen periode 1 en 4. Die narratiewe

register het vanaf periode 1 tot 4 met 75% toegeneem; die informele register het met 42% toegeneem; die formele register vertoon die laagste groei met 11% en die hoogste toename sedert periode 1 tot 4 is in die informele register waar hierdie gebruik met 136% toegeneem het. Tans is, kan meer frekwent in die informele register maar die gebruik daarvan in die ander registers is ook baie hoog. Aangesien *kan* die mees algemene modale hulpwerkwoord is, is dit vanselfsprekend dat hierdie modaal in alle tekstipes voorkom.

7.5.3 KAN SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Die grafiek in figuur 7.9 demonstreer dat *kan* hoofsaaklik 'n dinamiese modaal is maar epistemiese gebruike het ook oor die laaste 100 jaar toegeneem.




Figuur 7.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van *kan* se modale tipes.

Dinamiese *kan* se gebruik het met 90% toegeneem en epistemiese gebruik het met 58% toegeneem. In periode 1 verteenwoordig dinamiese *kan* 72% van *kan* se gebruike, in periode 2 is 77% van *kan* se gebruike dinamies. In periode 3 is 76% van *kan* se gebruike dinamies en in periode 4 is dit 75% van *kan* se gebruike. Epistemiese

kan se gebruik het toegeneem maar dit stem ooreen met die algemene toename van *kan* se gebruike en deurgaans is *kan* se gebruik 24% epistemies.

'n Vergelyking tussen Ponelis se Gesproke data wat dateer uit periode 3 teenoor die Gesproke Data van 2000 (periode 4) soos grafies gedemonstreer in figuur 7.10, wys hoe *kan* se epistemiese gebruik in gesproke taal met 5% toegeneem het wat bevestig dat *kan* in gesproke en geskrewe taal teen periode 4 meer algemeen in gebruik is.




Figuur 7.10 *Kan* in gesproke korpora

Die konvensionalisering van epistemiese *kan* het moontlik voor periode 1 plaasgevind in die tydperk wat Afrikaans losgeskeur het van Nederlands en as selfstandige taal ontwikkel het, en teen periode 4 is die gebruik van epistemiese *kan* bevestig.

7.5.4 KAN SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

In figuur 7.11 word gedemonstreer hoe dinamiese *kan*-gebruike se sterkte oorwegend hoog is, alhoewel dit proporsioneel effens afneem van periode 1 tot 4.



Figuur 7.11 Dinamiese *kan* se sterkteverspreiding

Aan die begin van periode 1 is dinamiese *kan* se sterkte hoog in 69% van die geanaliseerde gevalle en teen periode 4 is 66% van gebruike se sterkte hoog. Dinamiese *kan* se mediaansterktebetekenisse neem toe oor 'n tydperk van honderd jaar. In periode 1 is dinamiese *kan* se betekenis 31% mediaansterk teenoor die 34% in periode 4. Alhoewel hierdie toename minimaal is, is dit 'n aanduiding van sommige betekenis van dinamiese *kan* wat oorvleuel met epistemiese betekenis en dubbelsinnig geïnterpreteer *kan* word, maar volgens tradisie eerder as dinamies bestempel word soos gesien in die volgende voorbeelde:

[7.71] Maar die tieners van daardie tyd is vandag se ouers en broodwinners en die saadjie wat destyds geplant is, het geblom. Bok van Blerk boer op die treffersparades en *kan wel* met 'n bietjie geluk Schuster se rekord *oortref*, terwyl Robbie Wessels ook baie goed doen. En dan is daar die immer gewilde Steve Hofmeyr. [HK 126: 2010 Informatief (uit De Kat)]

[7.72] Indien die inligting nie volledig en korrek is nie *kan dit* die betaling van voordele *beïnvloed*. [HK 308: 2004 Formele brief (11-30)]

[7.73] Ons het begrip vir die lang, vreemde ure wat ons moet werk, en hoe veeleisend die rolle *kan raak*. [HK 372: 2009 Informatief (uit Rooi Rose)]

In voorbeelde [7.71] – [7.73] is dit eerstens *kan* se ‘potensiaal’-betekenis wat oopgebreek is en gevolglik is hierdie voorbeelde as dinamies mediaansterkte geklassifiseer. Hierdie voorbeelde dra egter ook 'n toekomende voorspellingbetekenis wat aansluit by *sal* se epistemiese betekenisgaard.


In voorbeeld [7.74] grens die frase ‘soos 'n mens uit hul optrede kan aflei’ aan epistemiese modaliteit se ‘afleiding-betekenisparameter’:

[7.74] Nie een van die vele base van Elandskloof het nog enigiets kom vertel of iets op papier gestuur nie, maar daar was iets in die lug wat die Elandsklowers gewaarsku het, soos 'n mens uit hul optrede kan aflei. [HK 354: 2009 Informatief (Die verhaal van Elandskloof, Tobie Wiese)]

Dit wil voorkom asof dinamiese mediaansterktebetekenisse dikwels dubbelsinnig is en sommige van hierdie betekenisse grens aan epistemiese modaliteit. Dit is veral die voorkoms van *kan* se potensiaal-betekenisgaard wat grens aan epistemiese modaliteit se voorspellingbetekenisaard. Dit suggereer dat *kan* met *sal* se gebruike oorvleuel vandaar die moontlike toename van *kan* teenoor die taamlke bestendigheid van *sal*.

Meer oor die dubbelsinnigheid van dinamiese *kan* onder 7.6.

Epistemiese *kan* se sprekersekerheid is meestal mediaansterk met 83% mediaansekerheid in periode 1 en dan is daar 'n 10% afname na periode 2 en weer 'n toename van 9% vanaf periode 2 na 3. Figuur 7.12 demonstreer hierdie wisseling grafies.



Figuur 7.12 Epistemiese *kan* se sprekersekerheid

Teen periode 4 is 79% van epistemiese *kan* se sprekersekerheid mediaansterk van aard, terwyl die betekenisparameters van moontlikheid geaktiveer is deur sprekeronsekerheid en voorwaardelike betekenis, soos bespreek onder 7.4.2 Epistemiese *kan* se sprekersekerheid neem egter ook toe oor die 20ste eeu en waar die gebruik van epistemiese *kan* se hoë sekerheid in periode 1 17% was, neem dit oor die dekades daarna met 5% toe, en in periode 4 is 21% van epistemiese *kan* se sprekersekerheid hoog. Dit is 'n belangrike betekenisverandering en dui op grammatikalisering van *kan*, wat aanvanklik slegs dinamiese betekenis gehad het in die tydperk wat Afrikaans uit Nederlands ontwikkel het. Wanneer 'n grammatikale item soos byvoorbeeld 'n modale hulpwerkwoord hoë epistemiese sekerheid vertoon is dit 'n aanduiding dat hierdie modale hulpwerkwoord al ver gegrammatikaliseer het op die grammatikaliseringsroete wat vanaf dinamiese modaliteit, tot deontiese en uiteindelik epistemiese status beweeg. Hiermee voorbeelde wat epistemiese *kan* se hoë sprekersekerheid aandui:

- (i) Die kollokasie van *kan* met modale adjektiewe wat die waarskynlikheid-betekenisparameter aktiveer, soos die bywoord *waarskynlik*, dui op hoë sprekersekerheid soos gesien in [7.75].

[7.75] Die relatief hoë voorkomsfrekwensie van grasstukkies *kan waarskynlik* aan die toevallige inname tydens die aktiewe voedingsfase op veral insekprooisoorde gekoppel word. [HK 168: 2004 Natuurwetenskappe (Dieetsamestelling van vee-reiers... Butler, Kok)]

(ii) Die kollokasie van *kan* met *sal* in [7.76] wat 'n epistemiese modaal is, gee aan die hele proposisie 'n epistemiese betekenis. *Sal* se voorkoms saam met *kan* verhoog die sprekersekerheid vanweë die onderliggende hoë waarskynlikheidpotensiaal, maar ook die voorspelling-betekenis word hierdeur geaktiveer:

[7.76] Dit is dus nie voldoende dat byvoorbeeld onderwysstudente slegs die humortipes leer wat hy/sy *sal* nodig kry om aan leerders in die laer- en hoërskool te fasiliteer nie; die student as volwassene moet aan 'n groot spektrum inligting blootgestel word, sodat hy/sy die beroepswêreld met 'n groot korpus kennis en diepte van insig *sal* betree en uitnemende onderrig *sal kan* gee. [HK 378: 2004 Geesteswetenskappe (Humor in kinderverhale... – Literator)]

Die frase *kan met redelike sekerheid gesê word* het 'n epistemiese afleiding-betekenis, die woorde 'redelike sekerheid' demonstreer die spreker se sekerheid.

[7.77] Die presiese omvang van die aanvanklike tradisie is onseker, maar daar *kan met redelike sekerheid gesê word* dat die tradisie uitgebou is totdat dit 'n meer 'amptelike status' gedurende die tyd van die rigters verkry het. [HK 46: 2008 Geesteswetenskappe (Geskiedenis en geskrifte, die literatuur van ou Israel, Boshoff, Scheffler, Spangenberg)]

Wat *kan* betref lyk dit asof hierdie modaal in Afrikaans heeltemal weg van Nederlands en Engels ontwikkel het aangesien hierdie modaal baie meer frekvent is as *can* en *kunnen* en *kan* het ook meer epistemiese gebruike as *kunnen* en *can*. Een moontlike rede hoekom *kan* soveel meer epistemiese gebruike as *kunnen* en *can* het, is vanweë die semantiese oorvleueling tussen *kan* en *mag*. Dit wil voorkom as of *kan* en *mag* dermate kompeteer in die epistemiese domein dat *kan* van *mag* se gebruike begin oorneem het. Hiermee 'n bespreking van *kan* en *mag* om ondersoek in te stel na die

betekenisoorvleueling maar ook om ondersoek in te stel na *kan* se drastiese toename oor die afgelope eeu.

7.6 *KANEN MAG*

Vervolgens 'n geïntegreerde bespreking van *kan* en *mag* se betekenisoorvleuelings met verwysing na (a) verskille in betekenisskakerings (b) ooreenkomste van betekenis en domeine waar daar oënskynlik kompetisie is tussen hierdie twee modale hulpwerkwoorde; (c) diachroniese veranderinge wat elkeen ondergaan het en (d) hierdie studie se voorstel oor hoe *kan* sekere gebruike van *mag* bedreig en selfs begin oorneem het.

Die modale hulpwerkwoord *kan* is die mees frekwente modaal in Afrikaans en die gebruik hiervan het met rasse skrede toegeneem in die afgelope 100 jaar teenoor die algehele gebruik van *mag* wat afgeneem het. *Kan* se prototipiese betekenisfunksie is om 'n subjek-referent se interne en eksterne vermoë uit te druk. Die kernbetekenis van *kan* is dinamies van aard. Daarteenoor is *mag* se kernbetekenis deonties en dit is hoofsaaklik die uitdrukking van burokratiese toestemming soos vervat in juridiese, kulturele en etiese waardestelsels. *Kan* vertoon weinig deontiese betekenis alhoewel die hedendaagse gesproke korpora tekens vertoon dat deontiese *kan* dalk besig is om toe te neem. Dinamiese *mag* in die vorm van die subjunktiewe modus het heeltemal afgeneem en uit die taal verdwyn. 'n Kollostruksieanalise van *kan* en *mag* het geen betekenisvolle bydra gelewer tot die ondersoek na daardie betekenisskakerings waar *kan* en *mag* oorvleuel of dimensies waar hulle in kompetisie is met mekaar nie. Soos gesien in tabel 7.3 sluit die werkwoorde waarmee elkeen van hierdie modale die sterkste kollokeer aan by hulle prototipiese funksie en dit werp geen verdere inligting oor die dimensies waar hulle kompeteer nie.

KAN (N=4487)		MAG (N= 493)	
Kollekseem	Distinktiwiteit	Kollekseem	Distinktiwiteit
sien	7,7	wees	5,68
doen	5,61	aanplant	3,42
sê	3,26	lyk	2,24
kry	3,05	raak	2,21
beskou	2,42	ag	1,93
help	2,42	bevat	1,58
maak	1,64	indien	1,58
verstaan	1,56	deelneem	1,31
verwag	1,42	gestel	1,22
leer	1,35	groei	1,22
vertel	1,15	ignoreer	1,22

Tabel 7.3 Kollostruksieanalise van *kan* en *mag*

Die werkwoorde wat die sterkste met *kan* kollokeer is: *sien, doen, sê, kry, beskou, help, maak, verstaan, verwag, leer en vertel*. Hierdie werkwoorde verdeel in drie werkwoordelike groepe soos uiteengesit deur Huddleston (2002).

Mentale werkwoorde: *verstaan, verwag, leer, beskou*

Verbale werkwoorde: *sê, vertel*

Materiële of bewegingswerkwoorde: *doen, kry, help, maak*

Wanneer hierdie werkwoorde met *kan* kollokeer, is die vermoëbetekenisdimensie geaktiveer en tree *kan* as dinamiese modaal op. Die kollokasie van *kan* met hierdie werkwoorde is nie epistemies van aard nie.

Die werkwoorde wat die sterkste met *mag* kollokeer is: *wees, aanplant, lyk, raak, ag, bevat, indien, deelneem, stel, groei en ignoreer*.

Benewens die kollokasie van *mag* met *wees*, *lyk*, *ag* en *gestel* wat epistemies van aard is, is *mag* se kollokasie met die ander werkwoorde tipies 'n uitdrukking van deontiese *mag* vanweë die aard van die werkwoorde.

Die werkwoorde waarmee *mag* kollokeer verdeel in vier groepe:

Eksistensiële/statiese werkwoorde: *wees*, *lyk*

Mentale werkwoorde: *ignoreer*, *ag*

Materiële werkwoorde: *aanplant*, *raak*, *bevat*, *indien*, *deelneem*, *groei*

Verbale werkwoord: *stel*

Die kollokasie van *mag* met die eksistensiële werkwoorde *wees* en *lyk* is epistemies van aard maar die kollokasie van *mag* en die res van die werkwoorde druk toestemming uit en is deonties van aard.

Die kollostruksieanalyse wat uitgevoer is, het slegs die prototipiese gebruike van die modale *kan* en *mag* en die werkwoorde waarmee hulle tipies in hierdie betekenisdomeine kollokeer, uitgelig. Daar is geen leidrade of nuttige inligting verskaf wat lig kan werp op dié betekenisdimensies waar *kan* en *mag* moontlik oorvleuel nie.

Kan verskil van Germaans verwante *kunnen* en *can* ten opsigte van die epistemiese domein aangesien daar wel epistemiese betekenisvoorkom, terwyl *kunnen* en *can* nouliks funksioneer as epistemiese modale. *Mag* het ook 'n sterk epistemiese modale funksie, maar dit wil voorkom asof hierdie gebruik in die laaste periode afgeneem het (sien 6.5.3). In 7.4.2 is daar verwys na De Villiers (1971) en Conradie (2018) wat sekere epistemiese gebruike van *kan* uitlig maar nie een van hulle klassifiseer hierdie gebruike as epistemiese per sé nie en brei ook nie verder hieroor uit nie. Onder 7.4.3 word daar genoem dat De Villiers (1971) die ooreenkoms en betekenisoorvleueling van *kan* en *mag* veral onder die deontiese domein geplaas het. Daar is voorbeelde genoem waar *kan* en *mag* afwisselend in die deontiese domein gebruik kan word. Dit is egter eers wanneer besprekings oor die epistemiese betekenisverskakerings (6.4.3 en 7.4.2) sowel as Ponelis se Gesproke data en Gesproke data 2000 van *mag* en *kan*

met mekaar vergelyk word, dat mens aflei dit is nie soseer in die deontiese domein nie maar in die epistemiese domein waar daar betekenisoorvleuelings is. Hierdie studie verskil dus van tradisionele sienings oor *kan* en *mag* se betekenisoorvleuelings, en stel voor dat *kan* veral in die epistemiese domein van *mag* se gebruike begin oorneem het teenoor *mag* se epistemiese gebruike wat toenemend sedert die derde periode begin afneem het. Hiermee 'n kort samevatting van hoe hierdie studie tot hierdie gevolgtrekking gekom het:

1. Epistemiese betekenis van *kan* neem toe in geskrewe en gesproke korpora. Epistemiese betekenis van *kan* neem oor die afgelope 100 jaar met 58.33% toe en verteenwoordig tans 24% van *kan* se algehele betekenis in geskrewe tekste. *Kan* het tussen periode 3 en 4 van 18% tot 23% in die gesproke korpora toegeneem (sien figuur 7.9 en bespreking onder 7.5.2).
2. Epistemiese betekenis van *kan* neem toe in informatiewe en formele registers maar neem af in *mag* se geval.
3. *Mag* se epistemiese gebruik in geskrewe tekste het sedert periode 3 tot 4 met 41.18% afgeneem (sien bespreking in 6.5.2) en die gesproke data het met 89% afgeneem (sien figuur 6.13). Die volgende voorbeeld uit *kan* en *mag* se twee gesproke korpusse demonstreer hoe *kan* in hedendaagse gesproke korpora met *mag* kompeteer en sommige van *mag* se gebruike begin oorneem het.

[7.78] Dit is dan ook in ooreenstemming met dit wat ek vantevore gesê het, nl. **dit mag wees** dat ons weer een of ander tyd sal moet 'n verdere aanpassing in die produsenteprys van melk maak. [Ponelis 1970:114]

[7.79] terug aan Charlene se voordrag oor die veertienduisend kilojoules dieetgeskiedenis ek het nou vergeet om vir haar te vra maar uhm baie keer **dit kan wees** dat hierdie persoon oogerapporteer het omdat hy so maer is [Gesproke korpus 2000:84]

In afdeling 6.4.3 is daar na *mag* se spesifieke vaste uitdrukkings gekyk, en die konstruksie 'dit *mag* wees' is een van die mees frekwente konstruksies van *mag*. In die derde periode is hierdie konstruksie met een voorbeeld na eksklusief deur *mag*

gebruik maar teen 2000, vertoon *kan* heelwat voorbeelde van hierdie konstruksie en is daar kompetisie tussen hierdie twee modale.

[7.80] Nee, nee, dit was eintlik nie nodig nie. [@] nee, ons het so bietjie koppe bymekaargesit en gedink aan dinge **wat hulle moontlik mag interesseer**. [Ponelis 1970: 71]

[7.81] maar eintlik dis nogal redelik operige vrae **ons kan self moontlik besluit** wat is belangrik moet ons die (onhoorbaar) ja ja dis operige vrae. [404]

Die kollokasie van *mag* met epistemiese bywoorde soos *moontlik* is volop in periode 3 maar daar is geen voorbeelde hiervan in die gesproke korpus in die vierde periode nie.

[7.82] maar ook baie belangrik, om die verryking van die gees aan te bied en **ek dink as ek mag sê**, reeds nou, dat [@] ek onder die indruk gekom het dat ons werklik daarin *ges+ ~slaag het. [Ponelis 1970: 24]

[7.83] so **ek dink dit kan net tot jou voordeel wees** en ook as jy as jy in 'n korporatiewe setup gaan werk uhm of as jy gaan werk met mense sal dit goed wees [Gesproke 2000: 67]

Die gebruik van *kan* in KNP's²⁵ wat volg op epistemiese hoofklause is nie teenwoordig in Ponelis se korpus uit periode 3 nie, maar dit is wel in die Gesproke korpus van 2000 teenwoordig, soos gesien in [7.79] en [7.83]

In 1970 se Gesproke korpus is *mag* nog volop in gebruik soos gesien in voorbeelde [7.78], [7.80] en [7.82] maar teen 2000 het die gebruik van epistemiese *mag* drasties afgeneem en *kan* en *mag* kan nou afwisselend in soortgelyke omstandighede gebruik word.

²⁵ Komplementnemende predikate

4. Teen periode 4 kompeteer *kan* met *mag* in soortgelyke omstandighede, maar *kan* het ook unieke epistemiese konstruksies onafhanklik van *mag* se invloed ontwikkel soos gesien in die volgende vaste uitdrukking:

[7.84] dit lyk asof dit afgerammel is ja maar weet jy nê as as as dit die kritiek is teen daai verslag **kan jy dink** hoe sou dit gewees het as dit Melanie se deel daarby was. [518]

Samevattend het daar drie aparte dinge met *kan* en *mag* in die epistemiese domein gebeur:

- Die gebruik van *mag* neem af.
- Kan en mag is afwisselend in gebruik waar slegs *mag* vantevore gebruik is.
- *Kan* het unieke epistemiese betekenis begin ontwikkel.


7.7 SAMEVATTING: *KAN*

Samevattend is die grootste verskil tussen *kan* en Germaansverwante *kunnen* en *can* die gebruik van *kan* in die epistemiese domein. Die gebruik van *kan* in hierdie domein het ook veroorsaak dat *kan* met *mag* begin kompeteer het, sommige van *mag* se gebruike oorgeneem het maar ook unieke epistemiese gebruike ontwikkel het. Hierdie ontdekking bevestig die standpunt dat *kan* 'n florerende, dinamiese modaal is wat ten koste van ander modale vooruitgaan en toeneem soos gesien in die geval van *mag* wat afneem en al hoe meer argaïes voorkom. *Kan* blyk 'n oorweldigende modaal te wees wat ander modale hulpwerkwoorde verdring en die modale hulpwerkwoordsfeer oorheers.

Kan se preteritumgebruik, *kon*, vertoon meestal verledetydgebruike, maar daar is ook betekenisvolle verskille tussen hierdie preteritumpaars. Vervolgens 'n bespreking oor *kon* se betekenis en daarna sal die diachroniese ontwikkeling van *kon* onder die loep geplaas word.

7.8 BETEKENISNUANSES VAN *KON*

Kon se gebruik, soos gesien in figuur 7.13, is eerstens temporeel van aard met ander woorde dit dui op gebeure wat plaasgevind het in die verlede.



Figuur 7.13 *Kon* se tempusgebruike

Soos die grafiek aandui is *kon* se gebruike meestal in die verlede tyd. Dit word geïllustreer deur [7.85] – [7.87] waar al drie voorbeelde se konteks in die verlede gesitueer is:

[7.85] *Toe* die eienaar egter 15 acres aanbied tesame met 'n woonhuis wat voor die oorlog minstens £300 *sou gekos het* teen 'n totale bedrag van £1,000 *kon* hy die versoeking nie *weerstaan* nie, en *het* hy tot die aankoop *toegestem*. [HK 3: 1943 Verslaggewing (Onderwysblad vir Christelike en nasionale onderwys en opvoeding)] (verlede tyd)

[7.86] Dit *was* al die middag laat *toe* ek klaar biltong *gesny het*. Ek *het* die biltong in die vel *toegepak* sodat die sout 'n bietjie *kon deurtrek*. *Toe* is ek huis *toe*. [HK 48: 1975 Fiksie (Oom Hennerik Vermaak word verbrand, D.M. Greeff)] (verlede tyd)

[7.87] Die heel onaangenaamste tyd vir hom was wanneer die smog, die wreedste vorm van rookmis, soms in die winter oor die stad toesak. Dan *kon* 'n mens nie meer as 'n meter en 'n half voor jou *sien* nie en *kon* jy alleen met jou een voet op die randsteen en die ander op die sypaadjie *voortsku*. [HK 83: 2006 Biografies (Hannes van der Merwe argitek en skrywersvriend, J.C. Kannemeyer)] (verlede tyd)

Daar kom nietemin 'n hele aantal gebruike van *kon* voor wat in die teenwoordige tyd gebruik word. Wanneer *kon* met 'n hoofwerkwoord in die teenwoordige tyd kollokeer, dan dui *kon*, as imperfektum, 'n afstand of verswakking van die teenwoordige werklikheid aan. Hierdie afstand of verswakking is gemik óf op die tempus – dus afstand van die teenwoordige tyd; óf afstand van die werklikheid. Afstand van die teenwoordige tyd dui op die verlede tyd, terwyl 'n afstand van die werklikheid die betekenisonderskeiding van 'n moontlikheid aanneem (De Villiers, 1971:90), byvoorbeeld:

[7.88] Ek *kon* nie kom nie [De Villiers 1971: 90] {verlede tyd}

[7.89] Rina is verloof," sê oom Jan met so 'n sonderlinge gesig dat Jannie sij lag nie *kon* hou nie. "Rina verloof, en ik weet daar niks van nie!" "Daar was nog nie kans om dit bekend te maak nie," sê oom Jan. [HK 299: 1919 Fiksie (uit De Goede Hoop)] {teenwoordige tyd}

Die voorbeeldsin [7.88] dui 'n afstand van die teenwoordige tyd aan en slaan op 'n handeling wat in die verlede tyd nie kon plaasvind nie, maar in die voorbeeldsin [7.90]:

[7.90] Sy wens dat dit al Saterdag was dat sy *kon* wegkom [De Villiers 1971: 90]

is die konteks beslis nie in die verlede tyd nie vanweë die toekomsgerigte konteks. Die spreker se versugting dui 'n moontlike handeling in die toekoms aan. In [7.91] is die konteks in die teenwoordige tyd en die afstand van die hede dui hier ook 'n afstand van die werklikheid en dus eerder irrealis (nie-feitelikheid) aan.


[7.91] Dit skijn vorspot en alte eenvoudig, maar ek wens dat julle die hele effek *kon* sien. [HK 110: 1916 Informatief (Die vrou en die huis, uit De Huisgenoot)]

Kon en die verlede deelwoord met *het* soos gesien in [7.92] druk 'n onwerklikheid, die irrealis, uit (De Villiers 1971: 93). Dit word meestal in die verlede maar ook in die hede gebruik soos gesien in [7.93] waar die verteller se dialoog in die hede gesitueer is.

[7.92] Ek *wens* tog jou pa *kon* gesien *het*.

[7.93] "Ek wens net," het sy na 'n rukkie gesê, "ek sou graag.... dat jy die eerste by my was. Dat ek onskuldig na jou toe *kon* gekom *het*." "Ek wil jou só hê en niks van jou verlede óf van myne ontken nie." [HK430: 1973 Fiksie (Kennis van die aand, A.P. Brink)]

Kon onderskei dinamiese en epistemiese gebruike,soos gesien in figuur 7.14, maar het geen deontiese gebruike nie.



Figuur 7.14 *Kon* se modale tipes

Vervolgens 'n bespreking van *kon* se modale betekenisaarde.

7.8.1 DINAMIESE *KON*

Dinamiese *kon* vertoon dieselfde betekenis as dinamiese *kan* met die verskil dat (a) die konteks in die verlede geplaas is en (b) daar gevolglik geen sprake van die spraakhandelings soos vervat in 7.4.1.4 is nie. Dinamiese vermoë is *kon* se kernbetekenis en verdeel in drie breë kategorieë naamlik 7.8.1.1 Dinamiese interne vermoë; 7.8.1.2 Dinamiese eksterne vermoë en 7.8.1.3 Dinamies-situasioneel.

Die subjek-referent se interne vermoë bestaan uit drie onderafdelings, te wete (a) intern materieel (die vermoë waaroor 'n subjek beskik om 'n sekere handeling uit te voer of die sintuiglike vermoë van 'n subjek); (b) intern kognitief (vermoë van 'n subjek deur middel van die verstand); c) aangeleerde interne vermoë (subjek kan 'n handeling uitvoer nadat die aksies aangeleer is).

7.8.1.1 VERMOË

Dinamies interne vermoë kollokeer met 'n materiële (bewegingsof sintuiglike) werkwoord soos gesien in voorbeelde [7.94] en [7.95]:

[7.94] Nie een van ons *kon* op daardie tydstip behoorlik *dans* nie. Een, twee, drie, hop, een, twee, drie, rondomtalie, hop, een, twee, drie. [HK 326: 2009 Fiksie (Vrypas, Dot Serfontein)] {dinamies intern}

[7.95] En sowaar, toe hy omtrent vyf tree van my was, het hy na sy regterkant afgeswaai; maar hy het so naby my verby gegaan dat ek hom *kon hoor* asemhaal en ook *kon opmerk* (hoogs in my noppies) dat sy oë bestendig voor hom uit gerig was. [HK 335: 1949 Informatief (Die laeveld sy natuurlawe en sy mense, J. Stevenson-Hamilton)] {dinamies intern}

In [7.96] kollokeer *kon* met die werkwoord *verstaan* wat 'n mentale werkwoord is en iets meer oor die verteller se kognitiewe begrip uitdruk.

[7.96] Hy het soveel stampe en stote gekry, soveel dreigemente en afjakke oor dinge wat hy nie *kon verhelp* nie, omdat hy dit nie *kon verstaan* nie, dat

hy maar deesdae oorbluf sy mond hou. [HK 311:1945 Fiksie (Uit die dieptes, J. Theron)] {dinamies intern: kognitiewe vermoë}

In [7.97] verwys die spreker spesifiek na hoe sy aangeleer het om 'n voertuig te bestuur en die materiële werkwoord, *ry*, wat kollokeer met *kon* verwys na hierdie aangeleerde handeling.

[7.97] Toe ek drie jaar gelede die kuns van motorbestuur met veel moeite en verdriet bemeester het en uiteindelik met my blou Datsun Allegro toe *kon ry*, was net Audrey meer verbaas as ek self. [HK 429: 1979 Biografies (Ontmoetings, L. Spies)] {aangeleerde dinamiese interne vermoë}

In [7.98] is die aangeleerde handeling ter sprake om te lees – 'n tipiese voorbeeld van 'n verworwe aktiwiteit wat verrig kan word slegs deur die aanleer daarvan.

[7.98] Ek het al 'n kind in my graad een klas gehad wat vlot *kon lees* nadat die ma haar voorskools geleer het. [HK 461: 2010 Informatief (uit Rooi Rose)] {aangeleerde dinamiese interne vermoë}

Die konstruksies van dinamiese *kon* is soortgelyk aan dinamiese *kan* buiten dat die konteks van die gebeure in die verlede tyd geplaas is.

KONSTRUKSIE 7.8: Kon: Interne vermoë

1a Interne vermoë (fisies) [SUBJ+ kon + MATERIËLE WW] ↔ [Die subjek WAS in staat om die materiële handeling te verrig]

1b Interne vermoë (verworwe) [SUBJ + kon +OBJ + MATERIËLE WW] ↔ [Die subjek het op 'n bepaalde tydstip in die verlede in staat geword om die materiële handeling te verrig]

Konstruksie 1c: [ek + kon + MENTALE WW] ↔ [Lewende subjek se mentale vermoë het hom/haar in staat gestel tot 'n sekere verstandsaktiwiteit]

7.8.1.2 DINAMIES EKSTERN

Dinamies ekstern verwys na subjekreferente se handelings wat deur sekere eksterne omstandighede bepaal of beïnvloed word. In [7.99] is 'n vrou, Leanie, se vliegtuig vertraag nadat dit vanweë slegte weer nie kon land nie:

[7.99] My vrou, Leanie, het uiteindelik veilig in Chandigarh aangekom. Dít, nadat haar vliegtuig weens verskriklike digte mis nie kon land nie. Die vliegtuig moes toe in Nieu-Delhi land, wat beteken het dat sy bykans ses ure lank per motor moes aflê. [HK 305: 2007 Verslaggewing (Rapport)] {dinamies ekstern}

In [7.100] verwys die spreker na sekere omstandighede wat hom verhoed het om in staat te wees om 'n boodskap aan President Kruger te skryf.

[7.100] Weens my afwesigheid van Pretoria vir geruime tyd en ander onvermydelik omstandighede *kon* ek nie eerder terugkom op die Laaste Boodskap van President Kruger nie, maar ek hoop dat u die artikel wat ek hierby insluit belangrik genoeg sal vind om daarvoor 'n plekkie in "Die Huisgenoot" in te ruim.
[HK 321: 1943 Formele brief (03-24)] {dinamies ekstern}

KONSTRUKSIE 7.9: Kon: Eksterne vermoë

2. [Omstandighede [SUBJ + kon + MATERIËLE WW]] ↔ [Eksterne omstandighede het die subjekreferent in staat gestel om 'n materiële handeling te kon verrig of nie]

7.8.1.3 DINAMIES-SITUASIONEEL

Dinamies-situasioneel (Van Ostaeyen en Nuyts, 2004:30) of **Teoretiese moontlikheid/ potensiaal** (Leech, 1987; Collins, 2009: 96) se betekenisdimensie is die potensiaal vir 'n moontlike aksie om te aktualiseer danksy instaatstellende eksterne

omstandighede of situasies. Die verskil tussen dinamies ekstern en dinamies-situasioneel is dat dinamies ekstern 'n bepaalde invloed op 'n spesifieke subjekreferent het, terwyl met dinamies-situasioneel is die situasie, die omstandighede of die handeling self die subjek soos gesien in [7.101] en [7.102].

Dinamies-situasioneel

[7.101] Skrapings is gemaak op enkele klippe en die oorval by die brug. Stropings *kon* onder omstandighede nie *uitgevoer word* nie. [HK 401: 1949 Natuurwetenskappe ('n Sistematiese verslag oor die soetwater-algae. P. J. Badenhorst)] {situasioneel}

[7.102] Zondek *kon* deur die duur van oestrogeenbehandeling te verander 'n eunuchoid of eunuchoid-dwergtoestand in rotte opwek. Hier word in werklikheid hypophysis-dwergisme veroorsaak aangesien groeihormone die verstadigde groei *kon herstel* [HK 173: 1950 Natuurwetenskappe (Die rol van B vitamien en van aminosure. H. E. A. Mentz)]

Die potensiaal-betekenisonderskeiding dui op die potensiële vermoë wat 'n subjekreferent of omstandighede het om 'n sekere handeling te laat voortspruit, maar die handeling self is nog nie ontketen nie. Die potensiaalbetekenis blyk ambivalent te wees, aangesien 'n onseker epistemiese kategorisering ook hier moontlik sou kon wees.

Potensiaal

[7.103] En wonderlik geheimsinnige stories kon die Ou vertel — stories van spoke en reuse, van bose en goeie geeste, van diere wat kon praat, van voëls, wilde diere en goggas wat 'n wonderlike invloed op die toekoms van 'n mens *kon uitoefen* sonder dat jii dit *kon* weet. [HK 285: 1916 Fiksie (Outa Karel-stories, uit De Goede Hoop)]

[7.104] Voordat ons nou die massa en die gewig van 'n liggaam kan bepaal, moet ons dus slegs weer die nodige eenhede kies, waarna ons dan deur vergelyking die massa en die gewig van enig ander liggaam in die gekose eenhede kan uitdruk. Ons *kon* natuurlik die massa van enige willekeurige liggaam A as eenheid *kies* [HK 331: 1920 Natuurwetenskappe (Inleiding tot die natuurwetenskappe, G. D. Roos)]

[7.105] Met sy ongetelde miljoene waarvan Napoleon reeds gesê het: „Daar slaap 'n reus. Laat hom slaap." Die blanke het sy mag in Asië in die verlede *kon laat geld* o.a. veral deur sy beter militêre uitrusting. [HK 448: 1944 Informatief (Die selfmoord van 'n nasie, J.W. Jansen van Ryssen)]

In voorbeelde [7.103] – [7.105] is daar telkens die potensiaal dat 'n aktiwiteit kon plaasvind, dit is iets wat kon gebeur, maar dit bly slegs 'n potensiaal en word nie binne die konteks verwesenlik nie. Dinamies-situasioneel sluit teoretiese potensiaal in waarin voorsiening maak vir rasonale voorspellings oor wat kon gebeur het. Dit is dikwels in formele, akademiese tekste wat hierdie gebruik van kon voorkom, vandaar ook die verwysing na eksistensiële en rasonale moontlikheid, soos gesien in [7.36]-[7.41] ten opsigte van kan. Dit grens aan hipotetiese waarnemings wat meer epistemies van aard is, maar die sprekersekerheid is hier sterker en dit gaan hier eerder om die konteks as die spreker se inherente onsekerheid. Hipotetiese epistemiese betekenisse sal eerder met mentale werkwoorde kollokeer terwyl die dinamies-situasionele/teoretiese potensiaal betekenisse eerder saam met materiële en eksistensiële werkwoorde gebruik word (*uitgevoer word; herstel; uitoefen; kies; laat geld*).

KONSTRUKSIE 7.10: Kon: Eksistensiële of Rasonale moontlikheid

[Eksistensiële / Rasonale verklaring + dat + SUBJ + kon + MATERIËLE WW] ↔
[Rasonale/eksistensiële verklaring word benodig om 'n aksie se aktualiseringspotensiaal aan te dui]

Die tweede, minder prototipiese dinamiese betekenisdimensie met gebruike van *kon* is die wens/begeertebetekenis:


Wens/begeerte/versugting

[7.106] Ek hoor nou eers dat jy virloof is en daarom schrijf ek om jou van harte geluk te wens. Ek hoop dat jij daarom vir mij *kon geschrijf het* toen jij jou virloopschap publiek gemaak het. [HK 288: 1919 Persoonlike briewe (Deumert-korpus)]

[7.107] Van nou die aand dat jy gebel het. Ek het gehoop dat jy saam met Q *kon kom*. Ek is so jammer dat die akademie jou 'n bietjie druk. [HK 360: 1978 Persoonlike brief (08-14)]

In beide voorbeeldsinne [7.106] en [7.107] word die tempus afgewissel tussen die hede en die verlede en albei se styl is in 'n gesproke verteltrant aangesien dit persoonlike briewe is. De Villiers (1971: 61-68) verwys na hierdie styl as 'n persoonlike styl en hy noem dit die historiese presens of dramatiese presens. Dit is ter wille van dramatiese en aanskoulike effek dat sprekers die tempus wissel. In albei gevalle druk die sprekers 'n sekere wens uit en die gebruik van die verlede tyd *kon* dui afstand van die hede en maar ook nie-feitelikheid (irrealis) aan. Hierdie konstruksie is nie uniek aan die gebruik van *kon* nie en word dus hier nie as konstruksie geformaliseer nie.

Die konstruksienetwerk van dinamiese *kon* is baie soortgelyk aan dinamiese *kan*, met die hoofverskil die plasing binne die hede of verledetyd. Hierdie konstruksie lyk soos volg:



Figuur 7.15 Die konstruksienetwerk van dinamiese *kon*

Kon is net soos *kan* meestal 'n dinamiese modaal, maar die epistemiese gebruik van *kon* is meer algemeen as *kan* en oor 'n tydperk van 100 jaar is gemiddeld 68% gebruike van *kon* dinamies teenoor 32% epistemiese gebruike. Vervolgens 'n bespreking van epistemiese *kon*.

7.8.2 EPISTEMIESE *KON*

Epistemiese *kan* druk meestal sprekeronsekerheid maar ook moontlikheid en in sommige gevalle waarskynlikheid uit soos bespreek in 7.4.2. Epistemiese *kon* is 7% meer in gebruik as epistemiese *kan* aangesien dit ruimte maak vir meer epistemiese betekenisse as epistemiese *kan*. Epistemiese *kon* druk óók onsekerheid en moontlikheid uit, maar dit maak ook voorsiening vir irrealis, hipotetiese,

voorwaardelike konstruksies sowel as sekere vaste uitdrukkings. Voorts 'n bespreking van epistemiese *kon* se betekenisaarde.

Epistemiese betekenisse lê op 'n skaal van **sprekeronsekerheid** wat wissel van **moontlikheid** en bespiegeling aan die een kant van die spektrum, met **hipotetiese** vraagstukke in die middel van hierdie onsekerheidskaal en **waarskynlikheid** wat grens aan taamlike sekerheid, alhoewel daar steeds 'n onderlinge teenwoordigheid is van moontlike wêrelde, vandaar die epistemiese assosiasie.

Onsekerheid

In voorbeeldsinne [7.108] en [7.109] staan die spreker se onsekerheid voorop. Sprekeronsekerheid dui op 'n mediaansterkte epistemiese gebruik.

[7.108] As 'n mens egter in aanmerking neem dat daar nie minder as elf miljoen buitelanders gedurende die oorlog in Duitsland was, lyk dit nie oorbodig dat die polisie hulleself op hoogte gehou het met die doen en late en die bewegings van daardie buitelanders nie, want 'n mens *kon nooit sê* wie vriend en wie vyand was nie.

[HK 286: 1948 Biografies (By die sterfbed van 'n volk, M.J. Pienaar)]

[7.109] Wat die eerste betref: dit *sou* wel 'n keer *kon* gebeur dat juis omdat 'n huisvrou nie vasgestelde vrye tyd ken nie, sy tye van verslapping in haar daaglikse werk het, omdat ook sy maar 'n mens is. [HK 256: 1973 Religieus (Die vrou wat die Here vrees, M.C. du Plessis)]

Die spreker in [7.108] is onseker oor wie vriend en vyand is terwyl die kollokasie van *sou* en *kon* aandui dat die spreker onseker is oor die feitlikheid maar tog die vermoede het dat 'n huisvrou met tye verslap in haar werk vanweë haar menslike aard.

Sprekeronsekerheid is die kernbetekenis van epistemiese *kon* en hierdie makrovlak-term dien as sambreelterm vir alle ander betekenisse wat daaronder figureer.

Moontlikheid

Die kollokasie met bywoorde soos *moontlik* aktiveer die moontlikheidsbetekenisdimensie wat met epistemiese modaliteit geassosieer word, soos byvoorbeeld in [7.110] en [7.111]. In [7.111] is die sprekeronsekerheid nog swakker vanweë die gebruik van *kon* in kombinasie met die *verlede deelwoord* en *het*. Hierdie voorbeeld kan as irrealis bestempel word vanweë die suggestie dat daar sekere beperkings kon geld vir 'Hottentotte' aan die Kaap ongeag of daar ooit slawerny was .

Die eerste onderskeiding wat op mesovlak aangedui word deur bywoorde soos *moontlik*, *dalk* en *miskien*, is dus die moontlikheidsdimensie.

[7.110]...daar moes rekening gehou word met die *moontlikheid* dat die Zoeloes die laer *kon omsingel*, en dan moes water byderhand wees. [HK 273: 1949 Informatief (Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek, H.B. Thom)]

[7.111] Dit is *moontlik* dat al hierdie beperkings vir Hottentotte *opgelê kon gewees het* sonder dat daar ooit aan die Kaap slawerny was. [HK 342: 1971 Geesteswetenskappe (Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, H.B. Giliomee)]

Hipotese

Kon word dikwels gebruik in hipotetiese en ongerealiseerde kontekste soos gesien in voorbeeldsinne [7.112] – [7.118]. Hierdie betekenis is die tweede een wat op mesovlak onderskei kan word.

[7.112] Gisteraand vertel sy my dat as sy net daar *kon wees*, haar net kon red. [HK 296: 2008 Fiksie (Kladboek 'n hibridiese roman, Joan Hambidge)]

[7.113] "Wil jy nie?" Dit *kon wees* dat hy verlig sou gewees het as sy nie. [HK 94: 1975 Fiksie (Kroniek van Perdepoort, A.M. Louw)]

[7.114] Dit *kon* ook nie anders *wees* nie, want die organisasie daarvoor is in die kortste moontlike tyd opgebou [HK 103: 1942 Informatief (Die bioskoop in diens van die volk, H. Rompel)]

[7.115] Ek dink nie ek *sou* ooit dáárdie moed *kon hê* nie." [HK 290: 1973 Fiksie (Kennis van die aand, A.P. Brink)]

[7.116] Geen 'geleidelikheid' *sou* hier *kon werk* nie, want as net een van die motor se komponente afwesig *sou* *wees*, dan *sou* dit nie *kon* werk nie en ook nie die aandrywing van die flagellum *kon* verskaf nie. [HK308: 2007 Informatief (Geloof, bygeloof en ander wensdenkery, George Claassen)]

[7.117] Hier stap Gogga sommer lag-lag in sy plek in en speel 'n beter spel as wat Grootpiet ooit *kon gespeel het*. [HK333: 1946 Fiksie (Aandrus, L. Stopforth)]

[7.118] Die tweede lied in die siklus "Abschiedslieder" *kon* vir hierdie oomblik, hierdie aand geskryf *gewees het*, want kyk ek na buite, sien ek die reën in die lig wat deur vensters skyn [HK 14: 2007 Fiksie (’n Vreemdeling op deurtog, Hennie Aucamp)]

Hipotetiese gebruike van *kon* kom dikwels voor in modale kettings met *sou* soos byvoorbeeld in [7.115] en [7.116]; maar *kon*, *die verlede deelwoord* en *het* soos byvoorbeeld in [7.117] en [7.118] druk ook hipotetiese betekenis uit maar hierdie gebruik is meestal²⁶ ’n aanduiding van die irrealis. Hier is ’n onderskeid tussen **gewone hipotetiese uitlatinge** teenoor **hipotetiese uitlatinge met die irrealis** vanweë ongerealiseerde omstandighede. Daar word drie konstruksies onderskei: 1. hipotese *kon* + *wees*; 2. hipotese met *sou* + *kon* + werkwoord; 3. hipotese irrealis met die *verlede deelwoord* en *het*.

²⁶ Gewone verledetyd sonder irrealis kom ook voor, maar dit is in die minderheid (Kirsten 2016: 101)

KONSTRUKSIE 7.11 Hipotetiese *kon*

7.11a: Hipotetiese *kon* + *wees*:

[SUBJ + *kon* + *wees*] ↔ ['n terugskouende agternaperspektief oor 'n subjek se moontlike toestand in die verlede word uitgedruk]

7.11b: Hipotetiese irrealis *Sou* + *kon* Konstruksie

[SUBJ + *sou* (NEG) +(OBJ) + *kon* + WW EKSISTENSIEEL/METAAL/MATERIEËL] ↔ ['n terugskouende agternaperspektief oor 'n subjek se toestand of 'n aksie wat moontlik in die verlede kon of nie kon plaasvind nie]

7.11c: Hipotetiese irrealis *Kon* + *ge+ww* + *het*:

[SUBJ + *kon* + (OBJ) + *ge+WW* EKSISTENSIEEL/MATERIEEL + *het*] ↔ ['n terugskouende bespiegeling oor alternatiewe tot 'n toestand of aksie wat reeds afgehandel is]

Die gebruik van epistemiese *sou* verhoog die moontlikheid dat die hele konstruksie epistemies van aard is. Die gebruik van *sou* kollokeer eerder met *kon* as *kan* vanweë die verskynsel *preteritale assimilasië* wat behels dat wanneer die eerste modale hulpwerkwoord in die preteritum gebruik word, sal die daaropvolgende modale ook in die preteritumvorm voorkom. Meer hieroor onder 7.6.2

Voorwaardelikheid

Kon kom dikwels in voorwaardelike konstruksies voor. Alhoewel *kon* in die apodosis gedeelte van die sin voorkom (byvoorbeeld in [7.119]), is dit meestal in die meer epistemiese en voorwaardelike protasiskonstruksies waarin *kon* voorkom, soos gesien in [7.120] – [7.122].

[7.119] Dus, **as** die Elandsklowers maak soos hy sê, *kon* hy hulle 'mondstuk' wees. [HK 366: 2009 Informatief (Die verhaal van Elandskloof, Tobie Wiese)]

Wanneer *kon* in die apodosisgedeelte voorkom soos in [7.119], dan dui hierdie gebruik van *kon* 'n rasionele moontlikheid aan, wat moontlik gemaak kan word deur die voorwaardelike omstandighede in die protasis (die deel wat volg op *as*).

Die gebruik van *kon* in die protasisgedeelte dui ook telkens 'n moontlikheid op grond van sekere voorwaardes aan, maar hierdie 'moontlikhede' is verder verwyder van die werklikheid en kan as irrealis geïnterpreteer word.

[7.120] As hulle my in 'n sak *kon pak* totdat ons anderkant is, dan sal ek nie omgee nie!" [HK 368: 1942 Fiksie (Die winter gaan verby, T.C. Pienaar)]

[7.121] om ten volle gebruik te maak van ons regte, soos die omskrywe is in die Taalordonnansie, as die hoofdelike inspeksie uit ons skole *kon weggevee word*, *sal* ons 'n hele end gevorder wees op die weg om van ons kinders denkende mense te maak. [HK 377: 1920 Geesteswetenskappe (Wat is opvoeding, K. P. Middelburg)]

[7.122] Maar toe val iets Anel skielik by. In 'n ideale wêreld, as sy haar drome vrye teuels *kon gee*, *sou* sy musicals doen. [HK 422: 2009 Informatief (uit Rooi Rose)]

Voorwaardelike konstruksies is nie spesifiek gebonde tot slegs een modale hulpwerkwoord nie en verskyn meestal net op die mesovlak. Die vormbetekenisgroepering van *kon* in die protasis en *sal/sou* in die apodosis is egter meer vas maar ook irrealis van betekenis. Dit vorm 'n vaste konstruksie met *kon* in die voorwaardelike deel en *sal/sou* wat terugskouend voorspel oor wat sou gebeur as die voorwaardelike gedeelte gerealiseer het.

Hierdie konstruksie lyk soos volg:

KONSTRUKSIE 7.12: Voorwaardelike epistemiese *kon* + *sal*:

[[Protasis: [as + SUBJ₁ + (DIT) + *kon* + MATERIËLE WW]] ↔ [Apodosis [sal/sou + SUBJ₁ + (DIT) + MATERIËLE WW (ge + ww + het)]] ↔ [Ongerealiseerde Irrealis *kon* lei tot spekulاسie/bespiegeling en voorspellings oor die potensiaal van sekere aksies]

Vaste uitdrukkings

In sekere gebruike kom *kon* in vaste uitdrukkings voor wat 'n aanduiding is van konstruksionalisering en daarop dui dat 'n sekere frase dermate gegrammatikaliseer het van die dinamiese tot die epistemiese sfeer en geleidelik as vaste konstruksie ontstaan het. Hierdie vaste uitdrukkings of konstruksies met *kon* het spesifiek ontstaan met die kollokasie van *kon* in die betrokke frase en ander modale hulpwerkwoorde word nie gereedelik in kombinasie gebruik nie.

Voorwaardelikheid met die infinitief

Een so 'n konstruksie is die gebruik van *kon* in 'n infinitiefkonstruksie waar hierdie konstruksie voorwaardelike betekenis dra en dien as die protasisgedeelte van 'n proposisie soos gesien in [7.123] en [7.124]:

[7.123] *Om standpunt te kon inneem*, was dit egter nodig dat die Bundesrat eerstehandse feitekennis moes verkry. [HK415: 2005 Geesteswetenskappe (Switserland en die beginsel van nie-inmenging... – Koers)]

[7.124] *Om as groep te kon oorleef*, moes die vroeë mense hulle seksuele gedrag orden om interne konflik te verminder. [HK 416: 2007 Religieus (Liefde is die grootste, Cas Vos & Dirk Human reds)]

Hierdie vaste konstruksie kom op die mikrovlak voor en lyk soos volg:

KONSTRUKSIE 7.13: Voorwaardelike epistemiese *om te + kon*:

[[Protasis [om + OBJ + te + kon +WW_{EKSISTENSIEEL/MATERIEEL}]] ↔ [Apodosis [moes + SUBJ + (DIT) + MATERIELE WW]] ↔ [Om gebeurtenis in protasis te laat gebeur moes sekere noodwendige aksies in apodosis eers plaasvind]

Frase met: *as maar kon*

Nog 'n vaste uitdrukking met *kon* is die standaardfrase *as maar kon* met 'n paar variasies soos byvoorbeeld 'als 't kon'.

[7.125] Die lewe is hier fris, opwekkend en gesond. Ons was die twee somer da'e so opgeruimd en vol pret *as maar kon*. [HK 278: 1912 Fiksie (uit Fac et Spera Jun)]

[7.126] Engelbrecht het sonder versuim laat aankeer en inspan, en dit het nie lang geduur nie of die twee waëns sleep agtermekaar langs die Nijl op net so *hard als 't kon*.

[HK 412: 1915 Fiksie (Baanbrekers, G.S. Preller)]

Hierdie vaste uitdrukking blyk argaïes te wees aangesien dit nie in die hedendaagse VivA-korpus of in die Historiese Korpus na periode 1 voorkom nie. Aangesien hierdie uitdrukking nie tans in gebruik is nie, sal dit nie op die konstruksieskema ingevoeg word nie.

Frase met: *sou nooit kon*

Die frase *sou nooit kon* kollokeer telkens met mentale werkwoorde soos *droom* en *raai* soos gesien in [7.127], [7.128] en [7.129] Dit dui op omstandighede wat teen alle verwagtinge in wel gerealiseer het.

[7.127] Martha drie jaar gelede met die hulp van twee Kleurling- messelaars die bouwerk aan hul vyfslaapkamerhuis in Constantia aangepak het, het sy

nooit kon droom waartoe dit alles sou lei nie. [HK 837: 1971 Informatief (uit Sarie Marais)]

[7.128] Haar blymoedigheid en vriendelikheid val 'n mens dadelik op en jy *sou nooit kon raai* dat sy so ver van haar eie land en haar mense is nie. [HK 839: 1978 Informatief (uit Rooi Rose)]

[7.129] Dit was dan so verskriklik onverwags, en wie *sou dit ooit kon droom*, en dis darem skelm om dinge so lank so dig te hou en nou ewe goedsmoeds daarmee op die lappe te kom. [HK 882: 1946 Fiksie (Stad sonder siel, D. Mostert)]

Hierdie konstruksie, soos gesien in geannoteerde konstruksie 7.14 is vas en word op mikrovlak gebruik.

KONSTRUKSIE 7.14: Epistemiese vaste uitdrukking *sou nooit kon*:

[SUBJ + *sou* + *nooit* + *kon* + MENTALE WW + dat/wat] ↔ [Mens(e) is verbaas dat sekere omstandighede bo verwagting gerealiseer het]

Frase: *dit kon nie anders nie*

Die konstruksie *kon nie anders nie* kom vrylik voor in die Historiese Korpus en daar is ook 109 trefslae in VivA se hedendaagse korpus wat dui op 'n hoë frekwensie gebruike in hedendaagse geskrewe Afrikaans.

[7.30] Sowel die Roomse als die Lutherse, ja selfs die Remonstranse Kerke het die feit als sodanig nie geloën nie. Dit *kon nie anders nie*, — omdat die eerbied, wat nog algemeen vir Gods Woord gekoester was, dit belet het. [HK 203: 1919 Religieus (Die predestinasie, I.D. Kruger)]

[7.131] Vir ons altwee." "Voor die magistraat," het Klaas perk en paal opgestel. (Hoe sou dit lyk?) Dit *kon egter nie anders nie*. [HK 206: 1975 Fiksie (Kroniek van Perdepoort, A.M. Louw)]

[7.132] Dis miskien ook jammer dat sy optrede haar so geweldig geskok het, *maar dit kon nou eenmaal nie anders nie....* 'n Klop aan die deur onderbreek sy gedagtes [HK 221: 1942 Fiksie (As skaduwees daal, J.H. Grobler)]


[7.133] Namate sy afset al hoe kleiner en sy maandelikse inkomste gevolglik skraler geword het, het hy sy pogings vermeerder om op oneerlike wyse sy fondse aan te vul. *Hy kon nie anders nie.* [HK 555: 1946 Fiksie (Terug, H.F.B. Nel)]

Hierdie konstruksie het 'n vaste vorm-betekenis en kom slegs in die ontkenning voor. Hierdie konstruksie se hoofwerkwoord is geëlideer en die subjek en werkwoord verwys anafories terug na gegewens in die voorafgaande klause. Hierdie konstruksie tree bevestigend op ten opsigte van voorafgaande stellings. Aangesien hierdie konstruksie se sprekersekerheid hoog is, figureer dit onder die waarskynlikheid-mesovlak. Op die mikrovlak sal hierdie konstruksie soos volg lyk:

KONSTRUKSIE 7.15: Epistemiese konstruksie: *kon nie anders nie*:

[Stelling [SUBJ + kon + nie + anders + nie]] ↔ [konstruksie beaam wat in voorafgaande stelling uitgespreek is]

Hiermee epistemiese *kon* se konstruksienetwerk:




Figuur 7.16 Die konstruksienetwerk van epistemiese *kon*

Tot dusver is *kon* se onderliggende betekenisaaarde bespreek en vervolgens die ondersoek na *kon* se diachroniese ontwikkeling oor die afgelope eeu.

7.9 DIACHRONIES: *KON*

7.9.1 KON SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

Kon se toename en afname oor 'n tydperk van 100 jaar is in figuur 7.17 grafies vergestalt:




Figuur 7.17 Diachroniese frekwensieverspreiding van *kon*

Die gebruik van *kon* het oor 'n tydperk van 100 jaar aanvanklik eers met 15% vanaf periode 1 tot 2 toegeneem, maar hierdie toename is nie statisties beduidend nie. Tussen periode 2 en 3 het die gebruik van *kon* aansienlik afgeneem met 16% en hierdie afname is statisties beduidend met 'n log-waarskynlikheid van 4.45 wat lê op die 95ste persentiel waar $0 < 0.05$ is met 'n kritiese waarde van 3.84. Hierna het die gebruik van *kon* vanaf periode 3 na 4 weer toegeneem met 14% maar die toename is nie statisties beduidend nie. Alhoewel die gemiddelde gebruik van *kon* dus vanaf periode 1 tot 4 met 10% afgeneem het, is hierdie afname nie statisties beduidend nie.

7.9.2 KON IN VERSKILLENDEN TEKSGENRES

Kon as preteritum van *kan*, se gebruike in verskillende tekstipes fluktueer oor 'n tydperk van 100 jaar soos gesien in figuur 7.18



Figuur 7.18 *Kon* se teksgenverspreiding

Kon word meer in narratiewe tekste as in enige ander tipe teks gebruik. Die gebruik van *kon* is baie meer algemeen in narratiewe tekste as in enige ander teks in periode 1 en in periode 4. Die gebruik van *kon* in narratiewe tekste neem af in periode 2 en 3 maar neem weer toe in periode 4. Die gebruik van *kon* in informatiewe tekste neem met 6% toe vanaf periode 1 tot 2 maar teen periode 3 en 4 is daar gemiddeld 10 gebruike van *kon* per 10 000 woorde in informatiewe tekste. *Kon* word nie algemeen gebruik in formele tekste nie en die minimale toename in periode 2 word weer teen periode 3 en 4 weerlê en daar is gemiddeld 7 gebruike van *kon* per 10 000 woorde in formele tekste in periode 1, 3 en 4. Die gebruik van *kon* in die meer informele tekste soos briewe wat ooreenkomste met gesproke taal vertoon, is nie baie algemeen nie alhoewel dit tog 'n toename in periode 2 en 3 vertoon, maar teen periode 4 is daar weer 'n afname in die gebruik van *kon* in informele tekste wanneer 9 gebruike van *kon* per 10 000 woorde voorkom.

Kon in narratiewe tekste word gebruik om gebeure in die verlede tydens 'n vertelling uit te druk. Karakters in **narratiewe tekste** se onsekerheid en voorwaardelike omstandighede word deur *kon* uitgedruk, byvoorbeeld:

[7.134] Hy kan net nie daardie persgroen ligflits vergeet nie, was dit dalk 'n laserstraal of 'n ligpistool? Onmoontlik en tog *kon* hy hom dan so misgis het? Hier is iets vreemd aan die gang, dis seker. [HK 1: 2008 Fiksie (Modjadji, I.L. Vermeulen)]

[7.135] Hy was taamlik vinnig 'n sigaret aan die opsteek. "Wil jy nie?" Dit *kon* wees dat hy verlig sou gewees het as sy nie. [HK 94: 1975 Fiksie (Kroniek van Perdepoot, A.M. Louw)]

Kon in **informatiewe registers** soos byvoorbeeld koerante of tydskrifte rapporteer oor gebeure wat in die verlede gebeur het maar dit druk ook sprekeronsekerheid en hipoteses uit. In [7.136] is die spreker se styl baie naby aan die interne fokalisering van 'n spreker in 'n narratiewe teks eerder as wat die artikelskrywer se eie onsekerheid hier voorop staan, wat aansluit by die gebruik van *kon* in veral 'n narratiewe styl.

[7.136] Op die plek waar hulle toe was, en verder vorentoe, *kon* hy geen geskikte terrein sien nie; van die rivier *kon* hulle in elk geval ook nie weggaan nie, want daar moes rekening gehou word met die moontlikheid dat die Zoeloes die laer *kon* omsingel, en dan moes water byderhand wees. [HK 273: 1949 Informatief (Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek, H.B. Thom)]

[7.137] Wat *kon* die verlede ons nie op intellektueel gebied te aanskou gegee het nie, as die verstand van die seuns en die dogters van hierdie volk tog maar net op 'n gesonde sielkundige en redelike wyse *kon* ontwikkel geword het nie! [HK 482: 1919 Verslaggewing (uit De Unie)]

Kon in **formeel registers** wat meestal uit akademiese joernale en geskifte bestaan druk hipoteses, voorwaardelike omstandighede en onsekerheid uit:


[7.138] Daar is *beweer* dat die bas en hout van hierdie boom nuttig in die Kaapkolonie *kon* wees. [HK 250: 2006 Natuurwetenskappe (Swartwattelbome seën of vloek vir Suid-Afrika – TNWT)]

[7.139] Tot 1860 *kon* slegs een geval teengekom word van melaatsheid, en dit by 'n naturel; een geval waar 'n persoon 'n bril moes dra; een geval van 'n persoon wat aan "ongeneeslyke zeeren leidende is"; terwyl in een geval *die vermoede* uitgespreek is dat 'n persoon 'n kankerlyer *kon* word. [HK 253: 1950 Geesteswetenskappe (Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel 1; A.N. Pelzer)]

Voorbeeldsinne [7.138] en [7.139] druk wetenskaplike hipoteses uit maar in albei gevalle is die sprekers onseker vandaar die gebruik van die onseker bywoord *beweer* en abstrakte selfstandige naamwoord *vermoede*.

7.9.3 KON SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

In figuur 7.19 word *kon* se diachroniese veranderinge grafies gedemonstreer.



Figuur 7.19 Diachroniese frekwensieverspreiding van *kon* se modale tipes

Alhoewel *kon* net soos *kan* oorwegend 'n dinamiese modaal is, het epistemiese *kon* oor die verloop van die twintigste eeu baie veld gewen en meer as verdubbel sedert periode 1. Aan die begin van die twintigste eeu was *kon* hoofsaaklik 'n dinamiese

modaal met 82% van gebruike maar teen periode 2 het dinamiese *kon* se gebruike afgeneem met 7% en weer met 'n verdere 17% vanaf periode 2 na periode 3 en alhoewel dinamiese *kon* weer met 5% toegeneem het na periode 4 is die algehele afname oor 'n tydperk van 100 jaar 19%. Epistemiese *kon* het vanaf periode na 2 met 105% toegeneem en alhoewel daar vanaf periode 2 na 3 'n afname van 4% was, het die gebruik daarvan weer toegeneem in periode 4 met 14%. Die afname tussen periode 2 na 3 met die toename daarna van periode 3 na 4 val saam met die algehele afname van *kon* se gebruike in periode 3 waarna dit weer toegeneem het in periode 4.

Die diachroniese ontwikkeling van verskillende gebruike van epistemiese *kon* word in tabel 7.4 saamgevat.

***Kon* + verlede deelwoord (-ge) + het**

	periode 1	periode 2	periode 3	periode 4	Totaal
ge + het irrealis	18	23	21	18	80
ge + het verlede tyd	8	3	4	1	16
Totaal	26	26	25	19	96

Tabel 7.4 Diachroniese ontwikkeling van *kon* met die *verlede deelwoord* en *het*

Die gebruik van die *kon*, *verlede deelwoord* en *het* konstruksie het aanvanklik in periode 1 epistemiese irrealisgebruike sowel as dinamiese verlede tyd uitgedruk. Alhoewel hierdie konstruksie mettertyd slegs die uitdrukking van die irrealis is, het die algehele gebruik van die konstruksie afgeneem omdat hierdie tipe konstruksie mettertyd nie meer die uitdrukking van die suiwer dinamiese verlede tyd is nie, maar slegs 'n heenwyser is na die irrealis.

***Kon* in modale kettings**

Kon kollokeer slegs met *sou*. Die enigste geval waar *kon* wel saam met 'n ander modale hulpwerkwoord in 'n proposisie voorkom is in voorwaardelike konstruksies waar *kon* in die protasis voorkom en *moes* in die apodosis, byvoorbeeld:

[8.140] Om as groep te *kon* oorleef, *moes* die vroeë mense hulle seksuele gedrag orden om interne konflik te verminder. [HK 416: 2007 Religieus (Liefde is die grootste, Cas Vos Dirk Human reds)]

[8.141] Hulle *moes* sorg vir 'n maksimum getal kinders om hulle eie getalle te *kon* opbou. [HK 418 2007 Religieus (Liefde is die grootste, Cas Vos Dirk Human reds)]

Die gebruik van *kon* en *sou* het eers van die tweede periode 'n algemene konstruksie en uitdrukking van die irrealis gewoord soos gesien in tabel 7.5

	Periode 1	Periode 2	Periode 3	Periode 4	Totaal
<i>sou + kon</i>	2	22	28	21	73

Tabel 7.5 Diachroniese ontwikkeling van konstruksie *sou kon*

In periode 1 was hierdie konstruksie skaars in gebruik maar sedert periode 2 is dit 'n algemene konstruksie en alhoewel die gebruik daarvan afgeneem het in die 21ste eeu is dit steeds 'n bekende uitdrukking van die irrealis, byvoorbeeld:

[7.142] „Verbeel jou dat jy later op die rak sal sit en knies, terwyl jy 'n huis vol fraai kinders *sou kon gehad het* en 'n man wat jou op die hande dra. Nee, ek...." [HHK 990: 1947 Fiksie (Die swaar pad terug, A. van Alphen)]


[7.143] Dit *sou* die Engelse ten seerste benadeel omdat die mans dan met geruste harte *sou kon voortveg*, terwyl die vrouens bowendien seer seker meer as enigiets daartoe *sou* bydra om die sosiale gewete van die hele Europa wakker te skud [HHK 991: 1949 Informatief (Die betekenis van die tweede vryheidsoorlog, J.H. Breytenbach)]

[7.144]” Die rowers het gedreig om die motor af te skakel en hom te skiet as hulle dit nie weer *sou kon aanskakel* nie. “Gelukkig kon hulle dit weer

aanskakel, anders weet ek nie wat ek sou gedoen het nie.” [HHK 993: 2009 Verslaggewing (Die Burger)]

[7.145] Tante is net 'n paar treë agter hom, so naby dat hy *sou kon geskrik* het, was dit 'n gewone aand in die Karoo. [HHK 1004: 1973 Fiksie (Okker bestel twee toebroodjies, J. Miles)]

Soos gesien in figuur 7.20 het epistemiese *kon* oor 'n tydperk van 100 jaar in al die Historiese Korpus se teksregisters buiten die informele register toegeneem.



Figuur 7.20 Diachroniese ontwikkeling van epistemiese *kon* in verskillende teksgenres

Die steekproefdata se getalle is gebruik en daar is bevind dat *kon* aanvanklik in periode 1 en 2 oorwegend gebruik is in narratiewe tekste maar sedert periode 3 en 4 is dit veral in informatiewe registers waarin epistemiese *kon* gebruik word. Die gebruik van *kon* in formele registers is laag maar dit neem toe en teen periode 4 is 18% van epistemiese *kon* se gebruike in meer formele akademiese joernale en boeke te vinde. Epistemiese *kon* word glad nie aangetref in die informele register nie.

Vervolgens 'n samevatting van hoe epistemiese *kon* in die 21ste eeu lyk. In **narratiewe tekste** is dit veral karakters se persoonlike onsekerheid (in die eerste persoon of derde persoon vertellersperspektief) wat uitgedruk word deur epistemiese *kon*, byvoorbeeld:

[7.146] Hy kan net nie daardie persgroen ligflits vergeet nie, was dit dalk 'n laserstraal of 'n ligpistool? Onmoontlik; en tog, *kon* hy hom dan so misgis het? Hier is iets vreemd aan die gang, dis seker. [HK 1: 2008 Fiksie (Modjadji, I.L. Vermeulen)]

[7.147] Ek *kon nie dink* aan enige streek of plek waar mense hartliker en vriendeliker en hulpvaardiger is as daar nie. [HK 125: 2009 Fiksie (Laataandbiegstories en sulke dinge, Jan Nel)]

In **biografiese tekste** waarin op narratiewe styl oor 'n sekere bekende persoon berig word, is die verteller ook besig om sy subjektiewe opinie oor die betrokke persoon aan die leser mee te deel, en gevolglik is sprekeronsekerheid ook teenwoordig:

[7.148] Die oorlog *kon* deur ons (dit het ons van die begin af geweet) na gewone menslike berekeninge nie voortgesit word nie. [HK 340: 2009 Biografies (Marthinus Theunis Steyn Regsman staatsman en volksman, M.C.E. van Schoor)]

Die gebruik van konstruksies waarin sprekeronsekerheid, voorwaardelike konstruksies en hipotetiese stellings as 'n spreker se subjektiewe mening voorkom, het oor die loop van die twintigste eeu toenemend al hoe meer en meer in **informatiewe registers** soos koerante en tydskrifte en religieuse geskrifte voorgekom, byvoorbeeld:

[7.149] In 'n brief aan Die Burger (8 Julie 2004) skryf dr. I.W. Ferreira van Port Elizabeth in reaksie op my rubriek van 23 Junie 2004 (ek het gewys op die onkundigheid van die argumente en gebrekkige kennis oor evolusie by voorstanders van Intelligente Ontwerp), à la William Paley (1743–1805) dat 'n horlosie *nie sommer net so kon* ontstaan het nie, dat dit 'n Intelligente Ontwerper moes gehad het. [HK 379: 2007 Informatief (Geloof, bygeloof en ander wensdenkery, George Claassen)]

[7.150] In Afrikaans sou “destiny” seker as iets soos “lot”, of “lotsbestemming” *vertaal kon word*. [HK 455: 2007 Verslaggewing (Rapport)]

Ook in formele registers waar daar staat gemaak word op empiriese feite en nie op die wetenskaplike se eie instink nie, word daar teen die 21ste eeu meer ruimte gemaak vir subjektiewe interpretasies of observasies, en vandaar die toename in die gebruik van *kon* ook in hierdie register soos gesien in [7.151] – [7.154]

[7.151] Met openbare en private gedagtewisseling moes 'n weg gevind word waarop albei aansprake, naamlik dogmatiese en pragmatiese oorwegings, met mekaar *versoen kon word*. [HK 453: 2005 Geesteswetenskappe (Switserland en die beginsel van nie-inmenging... - Koers)]


[7.152] Soos voorheen gemeld, *kon* die Israelitiese voorvaders ook Habiru of Hebreërs *gewees het* (vgl. Eks. 1:19) wat hulleself aanvanklik as arbeiders verhuur het. [HK 158: 2008 Geesteswetenskappe (Geskiedenis en geskrifte, die literatuur van ou Israel, Boshoff, Scheffler, Spangenberg)]

[7.153] 'n persoon funksioneer dan. In terme hiervan *kon* Siener se visioene dus hallusinasies *gewees het*, wat uit ervaringe in sy vroeë kinderjare gespruit het. [HK 187: 2009 Geesteswetenskappe (Radelose rebellie, Albert Grundlingh Sandra Swart)]

[7.154] Daar is beweer dat die bas en hout van hierdie boom nuttig in die Kaapkolonie *kon wees*. [HK 250: 2006 Natuurwetenskappe (Swartwattelbome seën of vloek vir Suid-Afrika – TNWT)]

7.8.4 KON SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Die sterkte waarmee sprekers dinamiese kon gebruik is vanaf periode 1 tot en met periode 4 hoog, soos gesien in figuur 7.21.



Figuur 7.21 Dinamiese *kon* se sterkteverspreiding

Mediaangebruik van dinamiese *kon* neem oor hierdie tydperk af van 34% in periode 1 tot 22% in periode 4. Omdat gebruik van *kon* meestal in die verlede tyd geplaas is, is hierdie gebeure meestal geaktualiseer en voltooid, vandaar die hoë sekerheid. In die volgende voorbeelde is dit duidelik hoekom dinamiese *kon* meestal 'n hoë sekerheidsgraad uitdruk:

[7.155] Op die 4de Junie 1919 het ons die seldsame voorreg gehad om 'n eeufees te vier op die plaas Amicitia, Kroonstad, O.V.S., toe ons die hand *kon* druk van 'n honderdjarige grysaard. [HK176: **1920** Biografies (uit Die Huisgenoot)]

[7.156] Hy *kon* selfs versies *maak*, veral in Latyn, en hy was 'n hartstogtelike bewonderaar van letterkundige styl. [HK 227: **1947** Informatief (Afrikaanse skrywers aan die woord, P.J. Nienaber)]


[7.157] Die maats wat hulle huis toe gebring het, *kon* ook nie *uitgepraat* raak oor my kinders se wonderlike ma wat die honger magies gestil het nie. [HK181: **1978** Informatief (uit Rooi Rose)]

[7.158] Dit was in die droë tyd die enigste lewensaar wat uit die dolomietgrond water na die huis *kon bring*. Daarom moes Freek sy hand aan hom hou.

[HK 201: **2009** Fiksie (Laataandbiegstories en sulke dinge, Jan Nel)]

In voorbeeldsinne [7.155] – [7.158] wat elk uit die 4 betrokke periodes geneem is, is die konteks in die verlede tyd en is die handeling voltooid en gerealiseer. Hierdie voorbeelde is waarna Palmer (2001) verwys as 'eintlike modaliteit' aangesien *kon* eerstens modale betekenis oopbreek vanweë die moontlike wêreld wat deur betekenisdimensies van vermoë en potensiaal onderlê word. Daar bestaan steeds 'n mate van onsekerheid oor die presiese omvang van hierdie betekenis. Aangesien die konteks in die verlede en dus reeds afgehandel en voltooid is, is daar ook 'n mate van sekerheid dat dit wel in die werklike wêreld gebeur het. Vandaar die hoë sekerheidsgraad waarmee die subjekreferent die proposisie uitspreek.

Figuur 7.22 demonstreer hoe epistemiese *kon* se sprekersekerheid tydens die twintigste eeu hoofsaaklik mediaansterkte vertoon maar in periode 4 het dit omgeswaai want nou is die sprekersekerheid meestal hoog.



Figuur 7.22 Epistemiese *kon* se sprekersekerheid

Namate die frekwensie van epistemiese *kon* in periode 4 toegeneem het, het die spreker se sekerheid ook toegeneem. In periode 1 is die gebruik van epistemiese *kon* nog baie gering in vergelyking met dinamiese *kon* se gebruike en die sprekersekerheid is 82% onseker. In periode 4 het die gebruik van epistemiese *kon* met 122% sedert periode 1 toegeneem en 38% van *kon* se gebruike is nou epistemies van aard. In hierdie periode dra 61% gebruike van epistemiese *kon* 'n hoë sprekersekerheid en slegs 38% gebruike is nou mediaansterk.

Epistemiese modaliteit is subjektief en verwys na sprekers se opinies, idees en oordele rondom die werklikheid eerder as wat dit die situasies as sodanig weergee. Sprekers se modus oor hulle kennis van situasies en waardeoordele daarrondom staan voorop. Idees en gedagtes en opinies druk 'n spreker se sekerheid of onsekerheid oor die werklikheid uit. In voorbeeldsin [7.161] word die spreker se opinie oor die preserving van 'n ander se kennis uitgedruk. Die spreker is van 'n baie sterk opinie (vandaar die woorde 'geen manier') dat 'n sekere taalkenner waarvan vermeld word se kennis nie bewaar kan word nie. Dit gaan hier nie om die taalkenner se vermoë of die nalatenskap om die kenner se kennis nie, maar die sterk sekerheid van 'n spreker dat 'n ander se nagedagtenis nie bewaar kan word nie. Die frase 'dit was vir my 'n ontstellende gedagte' gee 'n epistemiese interpretasie op die hele proposisie en dit wat *kon* of nie *kon* gebeur nie.

[7.159] Dit was vir my 'n ontstellende gedagte dat die allesomvattende taalkennis in daardie kop op geen manier agtergelaat *kon* word nie.

[HK 19: 2009 Biografies (Klutse Kwyt, Anton F. Prinsloo)]

In voorbeeldsin [7.162] gaan dit om 'n groep mense wat beraadslag oor hulle militêre optrede en frases soos 'van die begin af geweet' en 'menslike berekeninge' impliseer dat soldate hier 'n opinie oor hulle voornemende dade opper eerder as wat dit gaan om hulle fisiese vermoëns om te veg. Die adjektief *onmoontlik* impliseer geen twyfel en hoë sprekersekerheid dat hulle 'n sekere militêre handeling nie kan uitvoer nie:

[7.160] Die oorlog kon deur ons, dit het ons **van die begin af geweet**, na gewone **menslike berekeninge** nie voortgesit word nie. Ons *kon* dit

onmoontlik doen, met die oog op ons nietigheid en die vyand se oormag. [HK 327: 2009 Biografies (Marthinus Theunis Steyn Regsman staatsman en volksman, M.C.E. van Schoor)]

Infinitiefkonstruksies met *kon* gevolg deur 'n konstruksie met *moes* soos byvoorbeeld:

[7.163] Om standpunt te *kon inneem*, was dit egter nodig dat die Bundesrat eerstehandse feitekennis moes verkry. [HK 415: 2005 Geesteswetenskappe (Switserland en die beginsel van nie-inmenging... – Koers)]

[7.164] Om as groep te *kon oorleef*, moes die vroeë mense seksuele gedrag orden om interne konflik te verminder. [HK 416: 2007 Religieus (Liefde is die grootste, Cas Vos Dirk Human reds)]

het 'n voorwaardelike en dus epistemiese strekking. In albei voorbeeldsinne [7.163] en [7.164] is die sprekersekerheid oor die voorwaardelike omstandighede sterk en ononderhandelbaar. Hierdie tipe voorwaardelike infinitiefkonstruksie is veral vanaf periode 4 in gebruik.

Die gebruike van voorwaardelike konstruksies met *moes* in die apodosis en *kon* in die protasis verhoog ook die sprekersekerheid en hierdie tipe konstruksies het ook toegeneem in periode 4.

[7.165] Die motor *moes* van die begin af reg en volledig gewees het, anders *sou* dit nie *kon* werk nie. [HK 307: 2007 Informatief (Geloof, bygeloof en ander wensdenkery, George Claassen)]

7.10 SAMEVATTING: *KON*

Kan se preteritumvorm, *kon*, is eerstens temporeel van aard met ander woorde dit druk 'n subjek-referent se vermoë om aksies uit te voer in die verlede uit en die konteks waarin dit gebruik word, is meestal in die verledetyd. Die gebruike van *kon* in die hede druk 'n vae moontlikheid uit en is meer hipoteties van aard. Net soos *kan* druk *kon* ook

dinamiese interne vermoë, eksterne vermoë sowel as situasionele vermoë uit. Die gebruike is meestal in 'n verledetydkonteks. *Kon* het meer epistemiese gebruike as *kan*. Daar is 32% epistemiese gebruike van *kon* teenoor 24% van *kan*. *Kon* word dikwels in hipotetiese en ongerealiseerde kontekste gebruik en dit is veral die frekwente kollokasie van *sou* en *kon* wat hier voorop staan. *Kon* word in 'n paar vaste epistemiese konstruksies gebruik soos byvoorbeeld 'dit *kon* nie anders nie' en 'ek *sou* nooit *kon* droom' wat daarop dui dat *kon* gefossileer het en al 'n geruime tyd in hipotetiese en onseker konstruksies voorkom. Die gebruik van *kon* het taamlik gefluktueer oor die afgelope 100 jaar aangesien daar 'n snel toename was van periode 1 tot 2 maar in periode 3 was daar 'n skerp afname. Die gebruik van *kon* het teen periode 4 weer toegeneem en gestabiliseer en die frekwensie is tans baie soortgelyk aan 'n eeu gelede. *Kon* word meer in narratiewe tekste as in ander tekste gebruik. Die onseker en hipotetiese omstandighede van 'n interne fokalisator word deur *kon* weerspieël. Alhoewel *kon* se prototipiese betekenis steeds inherent dinamies van aard is, het epistemiese gebruike aansienlik toegeneem en dit wil voorkom asof *kon* se betekenis verander het en *kon* tans veral as epistemiese modaal hipotetiese voorspellings en die onsekerheid van 'n spreker uitdruk.

HOOFSTUK 8 *WIL* EN *WOU*

BETEKENISDIMENSIE: VOLISIE

8.1 INLEIDING

Die modale hulpwerkwoord *wil* en preteritumvorm *wou* word in hierdie hoofstuk bespreek. Volgens Conradie (2016) vertoon *wil* en *wou* oor tyd heen standvastige betekenis. *Wil/wou* is konserwatief in die sin dat hulle grondbetekenis nie verskuif het nie. Hierdie modale is hoofsaaklik dinamies van aard en druk 'n subjek-referent se begeerte en intensie uit om 'n sekere aksie uit te voer, om iets te verkry of om 'n sekere staat te ervaar. Net soos met die ander modale hulpwerkwoorde, word daar 'n sekere roete gevolg om vas te stel hoe *wil* en *wou* se huidige betekenis daar uitsien en hoe hierdie modale oor 100 jaar ontwikkel en verander het. Eerstens word die ontstaan en grammatikalisering van hierdie modaal bespreek met verwysing na die betekenisonderskeidings van *wil* se oorspronklike staat, naamlik Nederlandse *willen*. Die groot verskil tussen Engels teenoor Nederlands en Afrikaans is dat *want to*, die sinoniem van *wil* en *willen* slegs as quasi-modaal gebruik word en nog nie as volledige modale hulpwerkwoord gegrammatikaliseer het nie (in 8.3.2 word daar vlugtig na *want to* verwys). Hierna volg 'n bespreking oor die betekenisnuanses van *wil* waarnaas die diachroniese veranderinge aan bod ondersoek word. *Wil* se preteritumvorm *wou*, druk verledetydgebruik uit, maar is ook meer teenfeitelik van aard. 'n Bespreking van *wou* se betekenisnuanses en diachroniese ontwikkelings vind plaas in die tweede deel van hierdie hoofstuk.

8.2 ETIMOLOGIE

Wil in Afrikaans is afgelei van die modale hulpwerkwoord *willen* in Nederlands met die kernbetekenis – 'wens' (Philippa et al., 2003-2009). *Willen* is afgelei van die Proto-germaanse werkwoord 'wel' wat teen Middelnederlands (1240) tot die vorm *willen* deur middel van analogiewerking en klankontwikkeling verander het. Die roete

wat die werkwoord *willen* ondergaan het, is soos volg: In Oudnederlands (voor 1200) is die vorm *willon* gebruik met betekenis 'wens' en 'verlange' en dit het verband getoon met die substantief (selfstandige naamwoord) *wil*, byvoorbeeld:

[8.1] *thiadi thia uuiga uuilunt*

‘
de volkeren die oorlog *willen*
die volk se *wil* om oorlog te voer

Gotiese *wiljan* se betekenis word aangedui as 'om bereid te wees', 'wil' en 'wens'. Oudnoors se *vilja* dra betekenis 'wil', 'wens', 'bereidwillig' en 'intensie'; die substantief daarvan – *vili* – se betekenis is 'wil', 'begeerte' en 'aanleg'. In die Indo-Europese verband is die Latynse werkwoord *velle* (om te wil) verwant aan *wil/willen* en dit beteken 'om bereid te wees', 'om te wens', 'om te kies', 'doel', 'intensie' en 'begeerte' (Philippa et al., 2003 -2009).

Die preteritumvorm van *willen* naamlik *wou* het dieselfde roete geloop as ander preterito-presentiavorme soos *skulda* wat as *sou* en *kunþa* wat as *kon* ontwikkel het.

Alhoewel Afrikaanse *wil* ontspring het uit die Nederlandse vorm *willen* het hierdie modale hulpwerkwoord diachronies dermate ontwikkel dat dit mettertyd 'n eie onafhanklike en unieke karakter verkry het, waarop verder ingegaan word in afdelings 8.4 en 8.5 hieronder.

8.3.1 WILLEN EN WOU/WILDE

In Hedendaagsenederlands beteken die modale hulpwerkwoorde *willen* – 'om te wil hê'; 'om te begeer' (Mortelmans, Boye & Van der Auwera, 2009:5). *Willen* se preteritumvorm word uitgedruk as *wilde* in geskrewe taal en *wou* in meer informele, gesproke taal. *Willen* word ook as teenwoordige deelwoord gebruik – *willend(e)* of as voltooiide deelwoord – *gewild*.

Haeseryn et al. (1997) onderskei tussen **eintlike** (gerealiseerde of werklike modale betekenis) en **oneintlike** (irrealisbetekenis) modale betekenis van *willen*. Hier word twee tipes gebruike van *willen* onderskei:

1. Die gevalle waar *willen* wel uitgevoer word en nie net vooruitwysend is op moontlike gebeure nie. In hierdie gevalle kom *willen* met die frase *wel eens* voor:

[8.2] Hij moet om negen uur op zijn werk zijn, maar het *wil* wel eens kwart voor tien *worden*.

Hy moet om nege-uur by die werk wees, maar hy *sal (wil)* eers kwart voor tien opdaag

2. Die gebruike waar *willen* in voorwaardelike bysinne voorkom:

[8.3] *Willen* we nog op tijd *komen*, dan moeten we ons haasten.

As ons nog betyds *wil* wees, dan moet ons ons haas

Oneintlike of irrealisvoorbeelde van *willen* druk betekenis van 'wense' en 'versoeke' uit, byvoorbeeld:

[8.4] Wij *willen* hier graag *blijven wonen*.

Ons *wil* graag hier bly woon.

[8.5] *Wilt* u me maar *volgen*?

Wil jy my maar volg? (In Afrikaans sal die modaal sal eerder hier gebruik word: Sal jy my maar volg?)

Willen kom ook voor as werkwoordelike gesegde soos byvoorbeeld:

[8.6] Els zegt dat ze *mee wil doen*.

Els sê dat sy *wil* meedoen (deelneem).

[8.7] Els *schijnt* al de hele tijd iets *te hebben willen zeggen*.

Els skyn al die hele tyd iets te hê wat sy *wil* sê

Die gebruik van *willen* en die hoofwerkwoord is om 'n aksie aan te dui. Sowel die hoofwerkwoord in die hoofsin en die werkwoorde in die bysinne dui gesamentlik op die aksie.

Willen tree meestal steeds op as 'n volledige werkwoord en het weinig gegrammatikaliseer. Hierdie modaal beskik ook oor 'n volledige verbindings/korresponderende paradigma (met presens deelwoorde soos *gewild* en selfs imperatiewe vorme) en onderskei ook 'n reeks alternatiewe (*wilde* en *wou*) wat die modaal formeel onstabiel maak (Mortelmans, Boye, Van der Auwera, 2009:12).

8.3.2 WANT TO

In Afrikaans, Nederlands en Duits is *wil*, *willen* en *wollen* sentrale modale hulpwerkwoorde wat hoofsaaklik die dinamiese volisie-betekenisdomein dek. In Engels het die quasi-modaal *want to* nog nie status as sentrale modale hulpwerkwoord bereik nie, maar dit deel sekere betekenisnuanses met die Germaans verwante tale. Die gebruik van Afrikaanse *wil* en *wou*, Nederlandse *willen* en *wou* en Duitse *wollen*, *wolten*, *möchten* en *möchte gerne* dui op die grammatikaliseringproses wat gouer vir hierdie tale as Engels plaasgevind het.

Want to is ontleen uit die Oudnoorse *vanta* (to lack) en het Engels tydens die Middelenlengse tydperk binnegedring. Dit was eers in die laat negentiende eeu dat *want* saam met die *to*-infinitief voorgekom het. In Teenswoordige-engels ondergaan *want to* fonetiese reduksie en dit word ortografies uitgedruk as *wanna* in spreekstaal. Dit is veral Amerikaanse Engels bo die van Britse en Australiese Engels waar hierdie woord as modaal ontwikkel het. Krug (2000:141-151), Collins (2009:152-153) en Leech et al. (2009:113-114) het aangedui dat hoewel *want to* hoofsaaklik tot die volisie betekenisparameter behoort, dit beslis ook eksterne deontiese modaliteit vertoon:

[8.8] You *wanna* be careful.

Jy *wil* versigtig wees.

Daar is selfs voorbeelde waar die *want to* konstruksie voorafgegaan word met twee voorafgaande imperatiewe, en die betekenis van die konstruksie dus 'n direkte pragmatiese krag het:

[8.9] Don't throw up dust! – Stop throwing up dust! – Do you *want to* smother?

Moenie stof in die lug opgooi nie – Hou op om stof in die lug te gooi! *Wil* jy versmoor?

Die voorkoms van die epistemiese gebruik van die konstruksie *want to*, dui op verdere modalisering of grammatikalisering van die modale sisteem.

[8.10] You wouldn't *want to* know me, that disgusting face coming and going like an advertising sign... (AusCorp, Amy Witting, A Change in the Lighting)

Jy sal my *nie wil ken nie*, daardie aaklige gesig wat kom en gaan soos 'n advertensiebord.

Die hipotetiese waarde van die klaus staan voorop eerder as die onderwerp-referent se bereidwilligheid.

Die gebruik van *want to* en *wanna* is besig om te eskaleer en het met 150% tussen 1962 en 1992 toegeneem (Krug 2000). Aanvanklik is die groei veral in gesprekstaal aangedui maar later toenemend meer in geskrewe tekste. Collins (2009:9) bevind dat die quasi-modaal *want to* nie slegs in rasse skrede uitbrei as volisie-modaal binne die dinamiese domein nie, maar ook epistemiese en deontiese tekens vertoon.

Afrikaanse *wil* is afgelei van Nederlandse *willen/wouden* en is dienooreenkomstig verder gegrammatikaliseer as Engelse *want to/wanna*. Vervolgens 'n bespreking oor die betekenisaaarde van *wil* opgevolg deur 'n ondersoek na die diachroniese ontwikkeling van hierdie modale hulpwerkwoord oor die laaste 100 jaar.

8.4 BETEKENISNUANSES VAN *WIL*

Conradie (2016:11) konstateer dat *wil* se kernbetekenis verskil van ander modale hulpwerkwoorde, en alhoewel minimaal, verskil dit ook van Nederlands aangesien *willen* meer geredelik as oorganklike hoofwerkwoord en in die elliptiese vorm gebruik word as Afrikaanse *wil* wat 'n 'eie rigting ingeslaan het'. *Wil* se eiesoortige kenmerke volgens Conradie (2016) is soos volg:

- a) *Wil* het geen epistemiese gebruik nie (hierdie studie verskil van sy standpunt en word verder onder 8.4.2 bespreek).
- b) *Wil* kan as oorganklike hoofwerkwoord gebruik word, byvoorbeeld:
[8.11] Die toeval het dit so *gewil*. [HAT]

Conradie (2016) verduidelik dat hierdie gebruik verskil van die elliptiese gebruik van *wil*, soos in die voorbeeldsin:

[8.11] Hulle *wil* nie. [Conradie 2016:13]

Conradie (2016) verwys na Van der Horst (2008:875) wat aandui dat *willen* en *wil* nie so ver as *zullen* gegrammatikaliseer het nie, aangesien *willen* (*wil*) as die voltooid deelwoord (ge-) en met 'n nominale objek gebruik word. Slegs *wil* word in Afrikaans op hierdie manier gebruik teenoor Nederlands waarin *gemoeten*, *gemoogd/gemogen* en *gekund* naas *gewild* ook voorkom.

- c) Die gebruik en betekenis van die woord *welwillende* wat terugslaan op *wil*, veroorsaak dat *wil* die enigste modale hulpwerkwoord is met 'n bykans sinonieme afgeleide teenswoordige deelwoord afleiding.
- d) *Wil* kom nie geredelik voor in passiewe konstruksies nie, maar wanneer dit wel met 'n menslike subjek gebruik word, bly die kern van hierdie konstruksie subjekgerig, die subjek behou sy agensfunksie, byvoorbeeld:

[8.12] Die verkenner *wil* die vyand sien, maar nie self gesien word nie.

[Conradie 2016:13]

- e) *Wil* is die enigste modale hulpwerkwoord waar *wees* afgewissel kan word met *word*. Met dinamiese *wil* kan *word* of *wees* afgewissel word in die passief, byvoorbeeld:

[8.13] Aangesien ons nie met 'n groot bedrag in silwergeld oor 'n naweek opgesaal *wil word* nie, sal die letters simbolies en aanskoulik oopgerol word. [HK 383: 2001 Formele brief (11-16).]

[8.14] In stede soos New York, St. Louis, Chicago en Detroit moet jy vinnig stap as jy nie deur bedelaars en aalmoessoekers *gepla wil wees* nie.

[HK 170: 1944 Informatief (Uit chaos na orde, I. le Grange).]

- f) *Wil* is die enigste modale hulpwerkwoord wat die iteratiefkonstruksie/reduplikasie neem, byvoorbeeld:

[8.15] Dit *wil-wil* reën. [Conradie 2016:14]

Conradie (2016) dui ook op *wil/wou* se klaus-interne kohesiefunksie in die sin dat die wens wat in die hoofklaus uitgedruk word, deur die komplementklaus waarin die hulpwerkwoord voorkom beklemtoon of herhaal word.

[8.16] Ek *hoop* die reën *wil* nou uitsak [Conradie 2016:15]


[8.17] Sy *wens* hy *wil* haar storie oor plaaswerkers lees. [R. Rust, Lyf onthou, 2012:122]

Die modale hulpwerkwoord *wil* se kernbetekenis is dinamies van aard en dit vertoon ook epistemiese maar weinig deontiese betekenisse, wat nie 'n bespreking regverdig nie. Die dinamiese en epistemiese betekenisdomeine word afsonderlik bespreek. Gedurende hierdie besprekings word gefokus op die onderskeie betekenisnuanses en

pertinente konstruksies binne elke betekenisdomein. Die modale semantiese kaarte dien hier as verwysingspunte.

8.4.1 WIL AS DINAMIESE MODAAL

Die semantiese kaart van dinamiese wil lyk soos volg:



Figuur 8.1 Die semantiese kaart van dinamiese wil.

Wil vertoon hoofsaaklik dinamiese betekenis-skakerings. Dinamiese betekenis sluit in (1) begeerte en wense; (2) behoefte en intensie en (3) die agens se vermoë om iets te doen. Dinamiese *wil* aktiveer veral die eerste twee betekenis-aarde terwyl die vermoëbetekenis weinig gebruik word.

Wil as dinamiese modaal aktiveer die betekenisparameters van begeerte/volisie (wens) en behoefte/intensie/doelwit. Malle en Knobe (2001:46) verduidelik dat vereenvoudig gesien, begeerte en intensie voorkom as verskillende stadia op die dieselfde roete om 'n vooraf bepaalde aksie uit te voer. Hierdie twee konsepte is dus deel van dieselfde mentale proses maar vind in verskillende stadiums daarvan plaas.

“volition is a conscious or mental act which initiates and guides the physical change that is brought about deliberately in a physical act”.

(Ripley 1974:143)

Eerstens ontstaan die begeerte om 'n sekere aksie uit te voer en daarna vind die bewustelike inisiëring of voorbereiding om 'n spesifieke aksie uit te voer, plaas. Beide hierdie stappe bly egter deel van dieselfde mentale proses. Wanneer die agent begeer om iets te hê, of begeer om 'n sekere aksie uit te voer, beteken dit nog nie dit gaan uitgevoer word nie, maar dit is noodwendig dat die agent 'n doelbewuste en willekeurige besluit neem om die aksie uit te voer. Die konsep *wil*, *willekeur* en *bereidwilligheid* is in alle fases teenwoordig. Vier fases of stappe word hier onderskei

1. Begeerte
2. Besluitneming
3. Intensie
4. Uitvoer

Stap 1 – 3 is kognitiewe prosesse en die konsep *wil* lê onderliggend aan al drie hierdie fases wat eindelik lei tot die uitvoering van die aksie. Hierdie konsepte is deel van dieselfde proses wat op vereenvoudigde wyse diagrammaties in figuur 8.2 vergestalt word.



Figuur 8.2 Voorbereidende stappe tot aksie

Net voor die aksie plaasvind, al dan nie (in die geval van ongerealiseerde begeerte of intensie) vind die prosesse begeerte en intensie kognitief plaas. Ripley (1974) beklemtoon dat volisie nie 'n voorloper nie maar 'n komponent is van die fisiese aksie wat uitgevoer word, wat die stappe begeerte, besluitneming en intensie verbind aan die uiteindelijke aksie.

Hence, I speak of the volition as a component, not an antecedent, of the physical action. (Ripley 1974:143)

8.4.1.1 BEGEERTE-BETEKENISDOMEIN

Volgens die HAT sluit *wil* se betekenisse die volgende in:

wens, verlange, om 'n wens uit te druk:

[8.18] Doen net wat jy *wil*. [HAT]

[8.19] Jy kan maar smeeek, maar ek *wil* nie. [HAT]

[8.20] Ek *wou* dat ek 'n motorfiets gehad het. [HAT]

[8.21] As die kar net *wil* (*wou*) vat. [HAT]

Die modale hulpwerkwoorde *wil/wou* verwys na 'n teenwoordige- of verledetyd **begeerte** of **wens** (Conradie, 2016:17):

[8.22] Hy *wil/wou* skoolhoof word. (begeerte) [Conradie 2016:18]

Wil/wou dui ook 'n sekere mate van bereidwilligheid aan (net soos die Engelse quasi-modaal *want to/willing to*) wat ook binne die kader van die begeerte/wens betekenisdomein val:

[8.23] Ek *wil* jou graag help, maar nie nou dadelik nie. [Conradie 2016:18]

Wil as uitdrukking van 'n wens of begeerte het meestal betrekking op subjekte/agente in die enkelvoud en dit is veral as persoonlike, enkelvoudige eerstepersoonsvoornaamwoorde waar hierdie gebruik baie frekwent is. Dat individue hulle eie persoonlike wens of begeerte uitdruk met *wil* is opmerklik aangesien 33.33% van alle gebruike van *wil* se begeerte-betekenis saam met die eerstepersoonsvorm “ek” voorkom.

KONSTRUKSIE 8.1a: Uitdrukking van begeerte in eerstepersoonsenkelvoud:

[ek + wil + OBJ + VERHOUDING/EKSISTENSIËLE/MENTALE WW] ↔ [Ek het begeerte om iets te hê of 'n staat te betree]

[8.24] Daarom dat sy so baie van die plaaslewe hou. „*Ek wil bitter graag 'n loopbaan van die Weermag maak, en as hulle my afkeur, gaan ek my sowaar as kok aanbied, want gaan, gaan ek!*”. [HK 94: 1971 Informatief (uit Sarie Marais).]

[8.25] *Ek wil liewer tien getroues by my hê as 'n honderd onwilliges.* [HK 96: 2009 Biografies (Marthinus Theunis Steyn Regsman staatsman en volksman, M.C.E. van Schoor).]

[8.26] "*Ek wil jou só hê en niks van jou verlede óf van myne ontken nie.*" [HK 105: 1973 Fiksie (Kennis van die aand, A.P. Brink).]

Begeerte is 'n neurologiese en mentale staat wat deur individue of homogene groepe aangedryf word en hoogs persoonlik van aard is. Wanneer die persoon 'n begeerte uitspreek is daar nog nie 'n besluit geneem om die daad uit te voer nie en is die individu in 'n emosionele maar ook rasonale pre-besluitnemingsfase (Malle & Knobe 2001: 46-47). Begeerte en wense word meestal deur individue uitgedruk en is persoonlik van aard en vandaar die hoë voorkoms van die voornaamwoord “ek”, die eerste persoon

enkelvoud. In [8.24] word die wens van 'n jong meisie, Edna van der Merwe, uitgedruk om die eertydse weermagopleidingskollege vir dames in George by te woon. In 'n biografiese teks in [8.25] oor 'n vorige staatspresident word sy eie individuele begeerte aangewys en in die fiktiewe teks *Kennis van die Aand* [8.26] word 'n karakter se persoonlike begeerte uitgedruk. In al drie gevalle staan die individue se persoonlike ervaring wat nie gedeel kan word nie, voorop; vandaar die persoonlike aard.

Op soortgelyke wyse word *wil* as begeerte/wens ook in die derde persoon enkelvoud uitgedruk (20.66% gebruike van *wil* is in die derde persoon enkelvoud). Weereens is dit geïndividualiseerde persoonlike belange wat voorop staan maar die derde persoon word gebruik óf in die indirekte rede óf in narratiewe tekste met die derdepersoonsverteller wat vanuit 'n derdepersoonsperspektief gedagtes en begeertes weergee:

[8.27] Sophie stap uit om te hoor wat aangaan, maar al wat Katriena sê, is dat sy die generaal *wil* sien. Sophie ken vir Katriena; sy weet hier kom moeilikheid. [HK 166: 2003 Fiksie (Punt van die swaard, L.J. Bothma).] {Fiksie: outeur/verteller het 'insig' in wat die karakter dink}

[8.28] Dis die aand voor stembag en Pierre het my gebel om te sê dat hy 'n baie belangrike kontak het wat hy graag *wil* hê ek moet ontmoet. [HK: 182: 2008 Biografies (Anderkant Timboektoe, Liesl Louw.)] {Indirekte rede: persoon se oorspronklike woorde word met 'n derde persoon gerapporteer}

In [8.27] word daar gebruik gemaak van 'n derdepersoonsverteller in die fiktiewe teks "Punt van die swaard" wat die karakter Sophie se gedagtes weergee. In [8.28] word daar in die indirekte rede gerapporteer oor wat 'n man genaamd Pierre gesê het. Alhoewel hierdie voorbeelde nie in die eerste persoon is nie maar in die derde persoon is die konteks waarbinne *wil* gebruik word steeds persoonlik en individueel van aard.

Die betekenis van konstruksies met eerstepersoonssubjekte stem ooreen met die van derdepersoonssubjekte sowel as subjekte met 'n eienaam soos gesien in konstruksie 8.1a wat op [8.27] toegepas is. Dit is net die subjek wat wissel:

Konstruksie 8.1a: [[Katriena] SUBJEK 1ste per/3de per/eienaam [wil] MODAAL [die generaal sien] KLAUS] ↔ [Selfstandige individu dui op 'n persoonlike individuele uitdrukking van begeerte.]

[8.29] **Tant Anna**, soos sy graag genoem *wil* word, het dan ook die volgende dag op pad na die lughawe bewoë erken dat sy lanklaas voor so 'n spontane en geesdriftige gehoor opgetree het. [HK 168: 1974 Verslaggewing (uit Die Bondgenoot).]

In [8.29] is die subjek 'n eienaam wat ook dui op 'n individu se persoonlike uitdrukking van begeerte.

Eerste persoon en derde persoon enkelvoudige subjekte sowel as eienaamssubjekte verteenwoordig gesamentlik 60.33% van alle begeerte-betekenis in die steekproefdata, wat bevestig dat die uitdrukking van begeerte hoofsaaklik 'n persoonlike, individualistiese mentale behoefte is.

Die meeste van die soortnaam en onpersoonlike subjekte is ook in die enkelvoud, wat aansluit by die persoonlike, subjektiewe aard van *wil* as begeerte-uitdrukking:

[8.30] Die persoon (soortnaam) wat wil hê dat alles vir hulle moet voorgehou word, sal eers bietjie teëstribbel. [HK 481: 1919 Religieus (uit Het Kerkblad).]

Die onpersoonlike uitdrukking van begeerte kom dikwels voor sonder 'n hoofwerkwoord wat 'n aantal eiesoortige konstruksies verteenwoordig:

Eerstens is daar die uitdrukking van begeerte of wense wat as vaste uitdrukking gebruik word, byvoorbeeld:

[8.31] Kom wat *wil*, saam met God sal ons hierdie krisis te bowe kom! [HK175: 2002 Religieus (uit Finesse).]

Hierdie vaste uitdrukking demonstreer die subjek-agent(e) se vasbeslotenheid om 'n sekere aksie te verrig. Hierdie klaus is gekoppel aan die uitspraak van 'n wens.

Die tweede gebruik van *wil* sonder 'n hoofwerkwoord wat spesifiek onder die begeerte-betekenisdomein voorkom, is wanneer die hoofwerkwoord ellipties is, met ander woorde, die hoofwerkwoord ontbreek in hierdie konstruksie maar word in 'n voorafgaande of opvolgende klaus gebruik en om herhaling te voorkom is slegs die subjek en *wil* in 'n spesifieke klaus teenwoordig.

KONSTRUKSIE 8.2: Elliptiese werkwoord: *wil*

[A [SUBJ + *wil* + OBJ (BYWOORD) + HWi] + B [SUBJ+*wil*.....(i)]] ↔ [Subjek in sin A het 'n hoë begeerte om die aksie of staat soos uitgedruk in 'n voorafgaande sin B, uit te voer]

[8.32] "Ek het jou lief." "Ek wil dit vir jǃú ook sê. Ek *wil*. Ek weet dit is so. [HK 107: 1973 Fiksie (Kennis van die aand, A.P. Brink).]

Konstruksie 8.2a: [A [[*ek*] SUBJEK [*wil*] MODAAL [*dit*] DIREKTE OBJEK + [*vir jou*] INDIREKTE OBJEK [*sê*] HW (i =sê)] + B [[*ek*] SUBJEK + [*wil*] MODAAL.....(i=sê)] ↔ [Ek het die begeerte om te sê wat in die voorafgaande sin gesê word]

Hierdie basiese konstruksie se alternatief kom voor wanneer die hoofwerkwoord reeds in die inisiële ontkennde interrogatief gebruik is en om herhaling te voorkom dra die

respons op die interrogatief slegs die gemerkte modale hulpwerkwoord (die hoofwerkwoord is dus ongemerk):

[8.33] Meteens vra tant Liesbeth: „Lina, *wil* jy nie 'n bos tjienkerientjees *saamneem* vir jou Hollandse vriende nie? Dit groei nie daar nie en ek is seker hulle sal baie daarvan hou."

Ek weet nie of ek *wil* nie. Sal ek so 'n bos blomme kan hanteer? [HK 86: 1979 Biografies (Ontmoetings, L. Spies).]

Konstruksie 8.2b: [A Interogatief [Lina] SUBJEK:EIENAAM [wil] MODAAL [jy] SUBJEK-REFERENT [nie] NEGATIEF [n bos tjienkerientjees] OBJEK [saamneem] HW(x1)..... [nie] NEGATIEF B [[ek weet nie of]KNP [ek] SUBJEK [wil] MODAAL [nie].....(x1)]]
↔[Aangesprokene se wil om blomme saam te neem is laag]

In [8.32] gaan dit om die karakter wat sy liefde wil bely aan 'n ander – hy herhaal sy begeerte om te sê hy het haar lief met die klaus – *Ek wil*. In [8.33] vra die karakter tant Liesbeth vir die meisie Lina of sy nie blomme wil saamneem na haar vriende toe nie en in plaas van om die woord 'saamneem' te herhaal sê Lina sy twyfel of sy *wil* (met die geïmpliseerde werkwoord 'saamneem').

Volgens Conradie (2016:10) impliseer die konstruksie *Ek wil* (of enige ander enkelvoudige voornaamwoord) reeds 'n psigiese of mentale handeling en is 'n hoofwerkwoord hier oorbodig. Wanneer die subjek-agent die woorde gebruik *ek wil*; of *ons wil* sonder herhaling van die werkwoord, staan die agent se bereidwilligheid om 'n sekere aksie uit te voer voorop. Hierdie bereidwilligheid sonder die herhaling van die werkwoord dui op die intensiteit van die subjek-agent se begeerte eerder as op die aksie (soos verteenwoordig deur die hoofwerkwoord) self. Bereidwilligheid uitgedruk deur die modale hulpwerkwoord *wil* sluit baie nou aan by die subjek-agent se eie persoonlike *wil*, *bereidwilligheid* en *wilskrag* en die modale betekenis is gekoppel aan die abstrakte selfstandige naamwoord – *wil* – soos gesien in die voorbeeld: Die *wil* van God of My *wil* is.

[8.34] Nou gesels ons somar **so's ons wil**. [HK 366: 1913 Persoonlike briewe (Deumert-korpus).]

[8.35] Nie gelyk Ek wil, **maar gelyk U wil**, is die uitslag van die heilige worsteling onder die donkere olyweskaduwees van Gethsemané. [HK 459: 1920 Religieus (Die Wapenrusting – dertig preke).]

[8.36] Nie soas Ek wil nie, **maar soas U wil**, Vader. [HK 460: 1920 Religieus (Die Wapenrusting – dertig preke).]

[8.37] Ons lewe in die twintigste eeu, en elkeen kan nou nie meer eksperimenteer **net soos hy wil** nie. [HK 230: 1920 Geesteswetenskappe ('n Paar gedagtes oor Spellinghervorming, Prof. J.-J. Smith).]


Die konstruksies waar die gebruik van die modale hulpwerkwoord *wil* baie nou verbande vertoon met die abstrakte selfstandige naamwoord **wil** – is dikwels vergelykend van aard met soos en as wat die vergelykende konstruksie inlei (kyk [8.34] – [8.37]).

[8.38] En tog het Christus se gehoorsaamheid aan die **wil** van die Vader nooit Sy vryheid opgehef nie. Want, ondanks die Goddelike moet, is dit steeds Hý wat *wil*: [HK 480: 1974 Religieus (Die mens, J.A. Heyns).]

In [8.38] is die noue verband tussen die abstrakte selfstandige naamwoord *wil* en die modale hulpwerkwoord *wil* baie opvallend. In gevalle soos hierdie is die krag van *wil* as mentale aksie pertinent sigbaar (Conradie, 2016: 17:10).

Om die mikrosemantiese kategoriserings te verfyn is die tipe werkwoord waarmee *wil* kollokeer ook ingespan om verwarrende en dubbelsinnige gevalle van *wil* meer doeltreffend in te deel. Die begeerte-dimensie kollokeer veral met mentale

werkwoorde (Halliday, 2004:245-257) soos byvoorbeeld persepsie-werkwoorde (*hoor, sien*), kognitiewe werkwoorde (*dink, wonder, weet*), desideratiewe (*wens, droom*) en emotiewe werkwoorde (*vrees, geniet, liefhê*). Die frekwensieverspreiding van wil en die tipes werkwoorde waarmee dit kollokeer is in figuur 8.3 uiteengesit.



Figuur 8.3 Begeerte-wil se werkwoordkollokasies.

Die begeerte-domein kollokeer met mentale, materiële, verbale en verhoudingswerkwoorde. Let op die tipe mentale werkwoorde wat kollokeer met die begeerte-dimensie in tabel 8.1.

VERHOUDING	MENTAAL	VERBAAL	MATERIEEL
hê	weet	sê	behou
	hoor	vra	bewaar
	sien	uitdruk	doen

	bepaal	versoek	eet
	hoop		gee
	onderneem		gryp
	spekuleer		

Tabel 8.1 Tipe werkwoorde wat kollokeer met begeerte-*wil*

Desnieteenstaande dat die begeertedimensie veral met materiële en mentale werkwoorde kollokeer is dit veral die hoofwerkwoord *het/hê* as verhoudingswerkwoord, wat saam met *wil* in sy begeerte-betekenis gebruik word. Geen ander werkwoord kollokeer naastenby so baie saam met *wil* in sy begeerte-dimensie nie. Uit 112 kollokasies met *wil* in die begeerte-betekenisdomein, kollokeer *hê* 30 keer met *wil* en die hoogste frekwensie naas dit is *sien* met 5 gebruike.

[8.39] Die rede waarom ek dit so *wil hê* is omdat ek nie vir jou in die bondel wil ontmoet nie! [HK 413: 1949 Persoonlike brief (06-23).]

[8.40] Ek *wil* graag *hê*, julle moet mij help, en sodoende mekaar help, om die beste gebruik te maak van die bladsije aan ons afgestaan. [HK 82: 1916 Informatief (Die vrou en die huis, uit De Huisgenoot).]

Die kollokasie van *wil* met *hê* druk nie 'n intensionele aksie uit nie, maar 'n staat van materiële besit. By benadering is die agent se graad van begeerte bepaal met behulp van sekere graadwoorde in die vorm van bywoorde en adjektiewe, waarvan *graag* in die mees algemene voorbeeld is:

[8.41] Daarom dat sy so baie van die plaaslewe hou. „*Ek wil bitter graag* 'n loopbaan van die Weermag maak, en as hulle my afkeur, gaan ek my sowaar as kok aanbied, want gaan, gaan ek!" [HK 94: 1971 Informatief (uit Sarie Marais).]

Die uitdrukking van begeerte en wense wat gepaardgaan met **graadwoorde**, demonstreer die 'ek' se graad van begeerte en hoe graag die subjek verlang om 'n sekere aksie te verrig of om iets te ontvang.

Konstruksie 8.1b: **[[ek]** SUBJEK **[wil]** MODAAL **[bitter]** VOORBEPALER:INTENSIFISEERDER
[graag] GRAADWOORD **[n loopbaan van die Weermag maak]**_{KLAUS}
 ↔ **[Graadbepaler verhoog die intensiteit van begeerte].**

Benewens *graag* word die sekerheidsgraad ook met behulp van ander tipe graadbywoorde soos *liever* [8.42], *eerder* [8.43] en *beslis nie* [8.44] of graadbysinne geïdentifiseer:

[8.42] *Ek wil liever* tien getroues by my hê as 'n honderd onwilliges. [HK 96: 2009 Biografies (Marthinus Theunis Steyn Regsman staatsman en volksman, M.C.E. van Schoor).]

[8.43] en ek was weke lank hartseer daaroor as ek moet kies *wil ek eerder* 'n boom hê as 'n blom want 'n boom hóú [HK 295: 1976 Fiksie (Die Uurwerk Kantel, M. Heese).]

[8.44] *Ek wil* hulle beslis nie eet nie, maar ek sal net 'n vingertjie afkap en plant, sodat my woud nooit vergaan nie. [HK 462: 2008 Fiksie (Arboreta die heks met die groen hare, Riana Scheepers).]

***Wil* in komplementnemendepredikaat**

Wil word dikwels in komplementnemendepredikate (KNP) gebruik, en hierdie hoofklaus van 'n proposisie gee hoofsaaklik 'n perspektief op die daaropvolgende komplementklaus. Daar word onderskeid getref tussen KNP's met (a) *dat* as inleidende onderskikker wat die komplementklaus inlei (sin [8.46]); KNP's met (b) *of* as inleidende onderskikker (sin [8.52]); (c) KNP's met *wat* as onderskikker (sin [8.50]);

(d) KNP's met die 7 *WH* woorde of vraagwoorde (wie; hoe; hoekom; wanneer; waarom; waar; watter soos gesien in [8.51] en (e) KNP's met die skoon bysin (sin [8.45]) sonder enige voegwoord as inleidende onderskikker.

Afhangende van die tipe onderskikker en hoofwerkwoord word die KNP's as dinamies of epistemies geklassifiseer. Die kollokasie van *wil* met **verbale werkwoorde/ werkwoordfrases** en **dat** of die **skoon bysin** klassifiseer die hoofklaus met die KNP as dinamies. Die betekenis van die KNP in hierdie geval is verklarend. Dit is die spreker se begeerte om sy/haar opinie oor 'n saak uit te druk.

[8.45] Eindelik *wil ik nog vermeld* die gevoele van 'n uitnemende prediker uit die nuwe tijd [HK 77: 1916 Geesteswetenskappe (Preek-methode, Totius).] {skoon bysin met verbale ww. *vermeld*}

[8.46] Ek *wil* vervolgens *van die standpunt uitgaan* **dat** die ontwikkeling van hierdie "hartlandgebied" groot voordele vir die land inhou. [HK 99: 1980 Informatief (Vervoerwese opsies vir die toekoms).] {*dat* + verbale ww. frase}

[8.47] Ek *wil* dit hier as *my opinie uitspreek* **dat** as Dingaan by Bloedrivier geseëvier het, daar vandag geen Boere-nasie in Suid-Afrika sou gewees het nie. [HK 116: 1941 Informatief (Die stryd om volkseenheid, A.C. Cilliers).] {*dat* + verbale ww. frase}

[8.48] Want tussen hakies *wil ik konstateer*, **dat** die nood hoog was. [HK 190: 1919 Verslaggewing (uit De Unie).] {*dat* + verbale ww. frase}

[8.49] Ek *wil* nou nie eers *beweer* **dat** Hans Merensky 'n genie was nie, soos mense reeds gedurende sy opleidingstyd in Berlyn beweer het. [HK 100: 1971 Biografies (Dr. Hans Merensky – Mens en Voorbeeld, P. R. Skawran).] {*dat* + verbale ww.}

Die kollokasie van die **mentale werkwoord** *weet* met die **wat as onderskikker of WH woord** *-watter* is steeds dinamies en druk die spreker se begeerte uit om kennis oor 'n saak in te win soos gesien in [8.50] en [8.51]

[8.50] Dit het dus ook geblyk dat mense in politieke uitsendings van dié aard belang stel omdat *hulle* in die eerste plek *wil weet* **wat** die party of kandidaat gaan doen oor dié aangeleenthede wat hulle as kiesers persoonlik raak. [HK 390: 1975 Informatief (Ons en televisie, J.B. du Toit en E. M. Nel).]

[8.51] Miems, ek *wil* graag *weet* **watter** aand dit was wat At ons twee kom oplaai het. [HK 112: 1974 Fiksie (Sirkelbaan, E. Linde).]

Daar is egter 'n groot verskil tussen bogenoemde dinamiese KNP voorbeelde en die kollokasie van **mentale werkwoorde** met die onderskikker **of** wat nou die KNP 'n epistemiese klassifikasie gee aangesien sprekeronsekerheid nou voorop staan soos gesien in [8.52] en [8.53].

[8.52] Graag sal *ek wil hoor* **of** u oor meer besonderhede van die geveg of van Theron of Van Biljon, beskik. [HK 134: 1977 Persoonlike brief (08-07).]

[8.53] Hulle *wil net weet* **of** ek die Engelse Transvaal sonder slag of stoot wil laat inneem. [HK 222: 1945 Biografies (My tweede vryheidstryd, H.J.C. Pieterse).]

Conradie (2016:14-17) verduidelik breedvoerig dat *wil* as aksiewoord en veral as voorbereidende aksiewoord onderskei. As voorbereidende aksiewoord is *wil* gerig op die uitvoer van 'n ander aksie of die bereiking van 'n bepaalde toedrag van sake. Hiervolgens is *wil* eerder nouer verwant aan medewerkwoorde soos *probeër*, *begeer* of *besluit* (Conradie, 2016:4) as aan modale *kan*, *moet* en *sal* wat eerder 'n houding, moontlikheid of oordeel insluit. Die woord *wilsaksie* kan gekoppel word as inherent

kenmerkend van die modale hulpwerkwoord *wil*. 'n Belangrike funksie van *wil* as voorbereidende aksie is dat dit inherent modaal bly aangesien die uitkoms of die realisering van die aksie nie noodwendig is nie. *Wil* as voorbereidende en nie as intensionele of geaktiveerde aksiewoord nie, kan soms gebruik word om direkte en waarskuwings sowel as dankbetuigings te versag en om onsekerheid te verbloem (Conradie, 2016:18)

[8.54] Ek *wil* jou nou vir die laaste maal waarsku. (waarskuwing)

[8.55] Ons *wil* julle van harte bedank vir gisteraand. (dankbetuiging)

[8.56] Ek *wil* my verbeel dat ek dit al êrens gehoor het. (onsekerheid)

[8.57] Dit *wil* my so voorkom. (onsekerheid)

Conradie (2016:19-20) onderskei tussen twee betekenisse van *wil* as aksiewoord. Eerstens kan *wil* vanuit 'n binne-perspektief optree en tweedens vanuit 'n buite-perspektief. Vanuit 'n binne-perspektief tree *wil* op as voorbereidende aksie en vanuit 'n buite-perspektief eerder as iets wat op die punt staan om te gebeur.

Die voorbereidende aksie word gesien as 'n binne-perspektief aangesien elke mens net tot sy/haar eie persoonlike psige volledig toegang het. Conradie bring hierdie betekenis van *wil* in aanraking met betekenisse *begeerte*, *jou iets voorneem*, *gewillig wees om te*. Conradie se voorbeelde van die binne-perspektief is soos volg:

[8.58] Ek *wil* vandag die wedstryd wen! [Conradie 2016:17]

[8.59] Sy *wil* gesien word deur die mense. [Conradie 2016:17]


Kenmerke van hierdie perspektief is dat dit ontkenning kan neem, tensy dit 'n taalhandeling of vaste uitdrukking is en dit kan nie geredupliseer word nie. Hierdie binne-perspektiefbetekenis sluit aan by die begeerte-betekenisdomein

Wil se buite-perspektief neem die idee van voorbereidende aksie verder en dit aktiveer die tweede stap in die oorgang van begeerte tot intensie en is daarom eerder doelwitgedrewe en nader aan die punt om oor te gaan tot die fisiese uitvoering van 'n oorspronklike begeerte. Die intensiebetekenisdomein staan hier voorop en dit sluit aan

by Conradie se onderskeid tussen *wil* as binne (die begeerte-betekenisdomein) en *wil* as buite-perspektief (intensie-betekenisdomein). Voorts 'n bespreking van *wil* se intensie betekenisdomein:

8.4.1.2 INTENSIE-BETEKENISDOMEIN

Die hoogste frekwensie dinamiese betekenis wat by *wil* onderskei word, is dié van intensie (67.8%) soos grafies uitgebeeld in figuur 8.4



Figuur 8.4: Begeerte en intensie verspreiding

Malle en Knobe (2001:47) wys daarop dat wanneer mense 'n intensie-houding aanneem, is die besluit om 'n sekere aksie uit te voer, voltrek. Individue mag 'n hele paar uiteenlopende begeertes rondom 'n sekere saak hê, maar wanneer oorgegaan word tot 'n intensie-staat, is daar 'n keuse tussen die verskeidenheid opsies gemaak en die besluit is geneem om net een van hierdie begeertes aktief uit te voer. Tydens die hele beredeneringsproses bereik die individue 'n intensie-staat wat net een stap weg is van die aksie.

Conradie (2016) sluit die betekenis-skakerings, 'onderneem', 'dreig', 'bereid wees' en 'op die punt wees' (kyk hieronder) by *wil/wou* se semantiese betekenis in. *Wil/wou* kan ook in die aspektuele sin van die woord gesien word as iets wat op die punt staan

om te gebeur, met die moontlikheid van beklemtoning deur herhaling/reduplikasie (Conradie, 2016:20):

[8.60] Ons *wil* ons so doodlag daaroor. [FAS-SK]

[8.61] Almal duik vir skuiling... Dit *wou-wou* lelik word. [J. Miles, Voetstoots, 2009:306]

Die gebruik van die reduplikasie van *wil* is die beste voorbeeld om aan te dui dat iets op die punt is om te gebeur:

[8.62] Dit dreun in *my* kop en my onderlip *wil-wil* bewe. Ek is blind-kwaad. "Oom," skreeu ek vir die Ruppink, "jy moet ophou aan my karring!". [HK 492: 1979 Biografies (Kambro-kind, F.A. Venter).]

[8.63] Haar stem *wil-wil* breek toe sy verder vertel. [HK 491: 2010 Religieus (Lukas die geliefde geneesheer, Louise Prinsloo).]

Net soos die begeerte-betekenisdomein (33.33%) is die grootste aantal subjek-agente in die intensie-betekenisdomein eerste persoon enkelvoudige voornaamwoorde (30.47%) wat weer die klem plaas op *wil* as uitdrukking van iets wat op die punt is om te gebeur soos gesien in [8.64] tot [8.66]

[8.64] "Ek sal graag alles wil hoor, maar eers *wil* ek my kleitablette gaan haal sodat ek notas kan maak. [HK 71: 2010 Religieus (Lukas die geliefde geneesheer, Louise Prinsloo).]

[8.65] Ek *wil* die twee met iets hier wegstuur. [HK 92: 2008 Fiksie (Grootraad Makedaan en die bobbejaantrop van Donkerberg, Marius Ackerman).]

[8.66] Ek *wil* hierdie feit met 'n paar voorbeelde toelig. [HK 111: 1980 Natuurwetenskappe (Wiskunde in harmonie met skepping en kultuur, T de W, Jooste).]

Weereens is die voorkoms van derde persoon enkelvoud subjekte baie hoog (20.78%), en net soos die begeerte-betekenisdomein (20.66%) is dit vanweë die tipe

kontekste waarbinne dit voorkom. Die derdepersoonsverteller of indirekte rede gee die gedagtes/beweegredes/doelwitte van individue vanuit die derde persoon weer:

[8.67] *Hy vra waar Van der Walt se kamer is en wil net instap as Steenkamp hom aan die arm vat en terughou.* [HK 150: 1946 Fiksie (Reisigers na nêrens, W. van der Berg).]

[8.68] *Haar hart wil uit haar lyf uit spring en haar tong het so dik geword dat dit haar hele mond vol is.* [HK 191: 1979 Fiksie (Sing vir ons, Matilda, M. Bakkes).]

Beide [8.67] en [8.68] kom voor in narratiewe geskrifte waar die derdepersoonsverteller prominent gebruik word. Die gebruik van die derde persoon en eienaam as subjek is soortgelyk. Die derde hoogste frekwensie subjekte is weereens eiename wat ook die persoonlike aspek van die uitdrukking van intensie/doelwit bevestig:

[8.67] Titus bevestig sy vorige verklarings maar *wil*, volgens die notule van die ondervraging, byvoeg dat hy teenwoordig was toe Pieter met sy lyfvrou voor die huis gestaan en praat het. [HK 317: 2004 Fiksie (Die wegraak van Frans Joosten, Barend, J. Toerien).].

[8.68] Oom Willem *wil* net omgekrap raak, maar toe hy in die vriendelike blou oë kyk, maak hy maar liewer 'n grappie. [HK 493: 1975 Biografies (Baanbreker van die woord, A.S. du Raan).]


Die begeerte en intensie betekenisse se onderskeie konstruksies lyk soortgelyk en die intensie-betekenis volg konstruksie 1 se aanvanklike begin-deel, maar bywoorde en bysinne soos *net* of *op die punt* dui aan dat die subjek-referent op die punt is om 'n aksie uit te voer en dit nie slegs begeer nie.

Konstruksie 8.1: [[oom willem] SUBJEK 1ste per/3de per/eienaam [wil] MODAAL [net] BYWOORD VAN TYD [omgekrap] ADJ [raak] EKSISTENSIËLE WW] ↔ [Oom Willem is op die punt om omgekrap te raak]

Dit is sintakties een konstruksie met variasies wat aanleiding gee tot die semantiese verskille. Die groot verskil tussen hierdie twee konstruksies lê in: (1) **die tipe werkwoord** wat óf 'n aanduiding gee van 'n voorbereidende of verlangde aksie (begeerte) óf op die punt is om te gebeur (intensie); (2) Die **graadbepalers** wat die konstruksie vergesel (meestal begeerte); (3) **bywoorde en bysinne** soos *net, op die punt, eers* wat aandui dat 'n subjek op die punt is om 'n aksie uit te voer(intensie); en (4) Die **reduplikasie van wil** wat aandui dat iets binnekort gaan plaasvind.

Gevolgtik kan konstruksie 1 verfyn word deur voorsiening te maak vir die onderskeid tussen begeerte en intensie en alhoewel hierdie konstruksie sintakties soortgelyk is, is die verskille op semantiese vlak sigbaar.

Die intensie-betekenisdomein is 'n stap nader daaraan om die verlangde aksie uit te voer. Die intensie/doelwit domein word veral aangedui deur **materiële werkwoorde** soos gesien in figuur 8.5. Voorbeelde van hierdie tipe werkwoorde word in tabel 8.2 uiteengesit. Die sub-klasse **eksistensieel** en **gedragswerkwoorde** is ook hierby ingedeel.



Figuur 8.5 Intensie-*wil* se werkwoordkollokasies

MENTAAL	MATERIËLE	VERBAAL
weet	afkap	aanhaal
sien	afsaal	aanroer
hoor	sit	sê
glo	staan	praat
konstateer	loop	gesels
kyk	weghardloop	
	breek	
	bring	

Tabel 8.2 Tipe werkwoorde wat kollokeer met intensie-*wil*

Hierdie betekenis-domein word geaktiveer nadat die agent se begeerte ontstaan het en na die besluit geneem is dat die aksie uitgevoer gaan word. Materiële werkwoorde kan ook as aksiewerkwoorde onderskei word en dit sluit veral aan by Conradie (1976) se nosie van *wil* en *wou* as aksie-modale.

[8.69] Dit is my plig om die hongerige te voed, maar dit is ook my plig om traagheid nie bevorder nie — hoe moet ek nou maak as 'n frisgeboude bedelaar my ontmoet en 'n stuk geld vra omdat hy brood *wil gaan koop*.
[HK 28: 1945 Religieus (Sedelike vraagstukke, B.B. Keet).]

[8.70] Sy ruik die kruiereuk van die blare en lag lekker toe dit vir haar lyk asof die takke van die bome haar wil vashou en 'n speletjie met haar *wil speel*.
[HK 187: 2008 Fiksie (Arboreta die heks met die groen hare, Riana Scheepers)].

[8.71] Nee. Dit sal maar moet af."

Ek is so bly hy *wil* dit nie *afkap* nie ek haat mense wat bome afkap op

Stellenbosch het ons bure 'n groot ou boom afgekap in hulle tuin want die blomme wil nie onder hom groei nie en ek was weke lank hartseer daarvoor as ek moet kies wil ek eerder 'n boom hê as 'n blom want 'n boom hóú. [HK 229: 1976 Fiksie (Die Uurwerk Kantel, M. Heese).]

Alhoewel die intensie-betekenis van *wil* meestal persoonlike en individualisties is, word *wil* ook dikwels gebruik om soortname en onpersoonlike voornaamwoorde se intensie of doelwitte mee uit te druk:

[8.72] **Gunter se “gulde-middeweg-pedagogiek”** (soortnaam) wat nóg die “partikulier-Christelike”, nóg die afvallig-fenomenologiese beginsels *wil* prysgee, is vanweë die deur-innerlike-dialektiek-verskeurde aard daarvan, onaanvaarbaar [HK 17: 1975 Geesteswetenskappe (Grondtrekke van die fenomenologiese pedagogiek in SA, P.G. Schoeman).]


[8.73] Hierdie kort en ooglopend oorsigtelike benadering tot 'n deel van wat vandag beskou word as **Die Kleurlingvraagstuk** (soortnaam), *wil* niks meer wees as 'n inleiding tot die gesprek wat hieroor handel nie. [HK 300: 1971 Informatief (Die kleurlinge in Suid-Afrika).]

[8.74] „Ja, Pieter, jy moet tog gaan en sakies in jou eie hande neem, want **die burgers** (soortnaam) *wil* tog nie na my luister nie.” [HK 29: 1945 Biografies (My tweede vryheidstryd, H.J.C. Pieterse).]

Wil as begeertemodaal druk nie geredelik nie-menslike begeertes uit nie, aangesien dit meer emotief van aard is terwyl doelwitte en intensies van nie-menslike entiteite soos dokumente en regulasies wel uitgedruk kan word aangesien menslike handelings steeds daaraan gekoppel word. In [8.72] word sekere beginsels se doelwitte uiteengesit en [8.73] word beskryf wat die eertydse Kleurlingvraagstuk beoog om te weerspieël. Sekere groepe (menslik) groepeer en word as soortnaam-subjekte uitgedruk byvoorbeeld ‘die burgers’ in [8.74]. Om ‘n hele groep se persoonlike begeerte te omvat is ‘n uitdaging maar ‘n groep kan ‘n gesamentlike intensie of doelwit hê. In

[8.72] en [8.74] word subjek-referente se begeerde handelings geobjektiveer en uitgedruk in 'n moedswillige ondertoon.

In figuur 8.6 is die konstruksienetwerk van al *wil* se dinamiese betekenisse.




Figuur 8.6 Die konstruksienetwerk van dinamiese *wil*

Die intensie/doelwitparameter gaan nie noodwendig oor tot aksie nie en die uitdrukking van intensie of selfs begeerte is in hierdie gevalle eerder onseker, teenfeitelik, hipoteties en ongerealiseerd wat op epistemiese betekenisse dui. Volgens Conradie (2016:12) tree *wil* nie op as epistemiese modaal nie en dit is volgens hom die groot onderskeid tussen *wil* en ander modale hulpwerkwoorde. Hierdie studie

verskil van hom aangesien daar heelwat voorbeelde is waar *wil* onsekerheid, teenfeitelikheid en hipotese – tipies modale betekenis, uitdruk. Vervolgens 'n bespreking van *wil* as epistemiese modaal.

8.4.2 WIL AS EPISTEMIESE MODAAL

Figuur 8.7 is 'n semantiese kaart van *wil* se epistemiese betekenis.



Figuur 8.7 Die semantiese kaart van epistemiese *wil*

Alhoewel die kern, prototipiese betekenis van *wil* dinamies is, is daar sekere kontekste waarbinne *wil* epistemies gebruik word. Conradie (2016) beklemtoon dat *wil* se betekenis nie epistemies kan wees nie, maar *wil* kom wel voor in epistemiese proposisies. Hier word dus onderskei tussen die betekenis van die modaal teenoor die konteks waarbinne dit gebruik kan word. Hierdie studie volg 'n konstruksiebenadering waar die hele konstruksie as sodanig se gebruik geanaliseer word en nie slegs die individuele items nie. *Wil* se prototipiese gebruik is nie

epistemies nie, maar in sekere konstruksies vertoon dit wel epistemiese gebruike, vandaar die afwyking van Conradie se standpunt.

Epistemiese *wil* druk veral spreker-onsekerheid uit maar word ook dikwels in hipotetiese voorwaardelike konstruksies gebruik.

Voorbeelde [8.75] – [8.80] is voorwaardelike sinne. Hierdie sinne bestaan uit twee gedeeltes waarvan die eerste gedeelte meestal die protasis of bysin is ingelei deur *as*, *indien* of *gestel* en die tweede deel is die hoofsin genoem die apodosis. Volgens de Villiers (1971:101) is hierdie hele sin voorwaardelik met 'n epistemiese betekenis aangesien dit nie spesifiek feitelike nie, maar slegs moontlike, gebeure uitdruk. 'n Moontlike situasie of gebeure word weerspieël maar aangesien die werklike voltrekking of uitvoering hiervan onbeslis is, bly die hele sin of konstruksie in wese voorwaardelik en epistemies. Wanneer die modale hulpwerkwoord in voorwaardelike konstruksies in die presens uitgedruk word, word die moontlikheid of sterkte van die waarskynlikheid verhoog en dienooreenkomstig verhoog sprekersekerheid. In [8.75]–[8.78] is die sprekersekerheid hoog, maar sodra die preteritum vorm *sou* saam met *wil* gebruik word (soos in [8.80]), word die hipotetiese waarde versterk en die sprekersekerheid verlaag aangesien die spreker meer onseker is van die feitelikheid en moontlikheid dat die verwagte gedrag uitgevoer sal word. So wissel dié betekenis op 'n kontinuum van onmoontlikheid as een uiterste pool en lae sekerheid tot vae moontlikheid as mediaansterkte teenoor 'n sterk moontlikheid dat die situasie bewaar kan word op die ander uiterste pool.

Konstruksie waar *wil* in die protasis is:

[8.75] As die man maar *wil* praat, vir hom wil beduie waar hy foute maak en onduidelik of onsuiver in sy opvatting is, dan *sou* dit baie help. [HK 206: 1946 Fiksie (Woestynsand dek die spore, C.M. van den Heever).]

KONSTRUKSIE 8.3a: Voorwaardelike konstruksie: *Wil* in protasis

8.3a [[as + SUBJ + (OBJ) + wil + HW] PROTASIS + [[sou +SUBJ + (OBJ) + HW] APODOSIS] ↔ [voorwaardelike situasie in protasis impakkeer op die moontlike aksie wat daarop volg]

In [8.75] as voorbeeld van konstruksie 8.3a is voltrekking van die voorwaardelike situasie soos in die apodosis en protasis uiteengesit, afhanklik van die konteks binne die protasis en die voltrekking van die aksie wat in die apodosis gesuggereer word hang af van die subjek-agent se wilsbesluit. Die ongerealiseerde ideaal in die apodosis is afhanklik van ongerealiseerde aksie in die protasis. Die spreker is onseker oor die aard van sy foute en spreek die wens uit dat 'n sekere man sy tekortkomings aan hom moet verduidelik want dit sou hom baie help, maar dit gebeur nie. In hierdie konstruksie is die apodosis afhanklik van die protasis. In hierdie konstruksies waar *wil* in die protasis voorkom, is daar epistemiese modale hulpwerkwoorde soos *sou* in die apodosis.

KONSTRUKSIE 8.3b: Voorwaardelike konstruksie: *Wil* in protasis

8.3b [[as + SUBJ + OBJ + wil + HW] PROTASIS + [[moet +SUBJ + OBJ] APODOSIS] ↔ [Die voltrekking van 'n moontlike begeerte in die protasis word deur sekere vereistes of gegewens in die apodosis bepaal of beheer/Die uitvoering van 'n begeerde aksie is afhanklik van sekere aktiwiteite/gebeure]

Die alternatief tot hierdie konstruksie soos omskryf in Konstruksie 8.3b en [8.76] is waar sekere gegewens in die apodosis bepaal of 'n aksie wat in die protasis genoem is, sal plaasvind.

[8.76] **As** ons 'n oordeel (oor die optrede van Calvyn) *wil* uitspreek, *moet* ons billik wees. [HK 30: 1941 Religieus (Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis, S. du Toit)]

Konstruksie 8.3b: **[[as]** VOEGWOORD:VOORWAARDELIK **[ons]** SUBJEK **[n oordeel]** OBJEK **[wil]** MODAAL **[uitspreek]_{HW}** PROTASIS **]** **[[moet]** MODAAL **[ons]** SUBJEK **[billik]** BYWOORD **[wees]** EKSISTENSIËLE WW **] APODOSIS** ↔ **[Die uitvoering van 'n begeerde aksie is afhanklik van 'n sekere noodsaaklike kognitief regverdigde staat]**

Konstruksie 8.3b is voorwaardelik want sekere voorwaardes onderlê die volvoering van 'n sekere begeerte. Die begeerte uitgespreek in die protasis kan slegs voltrek word wanneer 'n sekere aksie in die apodosis uitgevoer word. Die konstruksie is hipoteties en die moontlikheid dat dit uitgevoer word aangespreek maar geen feitelikheid word betrek nie. In hierdie geval is die protasis afhanklik van die apodosis. *Wil* kom voor in die protasis en dit kollokeer met 'n deontiese of dinamiese modale hulpwerkwoord in die apodosis.

'n Variasie op hierdie konstruksie is die gebruik van die ontkenning in die protasis wat die betekenisfunksies van die protasis en apodosis omswaai:

[8.77] As jy dit nie *wil* doen nie, *sal* ek dit doen; as die baas in die koringland kom, sal ek hom platskiet. [HK 345: 2004 Fiksie (Die wegraak van Frans Joosten, Barend, J. Toerien).]

[8.78] "As die kind dan nie die duif *wil* vashou nie, *moet* ons maar 'n dooie duif gebruik. [HK 69: 1979 Fiksie (Die vredesduif – TK-korpus).]

Konstruksie 8.3c: **[[as]** VOEGWOORD:VOORWAARDELIK **[jy]** SUBJEK **[dit]** OBJEK **[nie]** NEGATIEF **[wil]** MODAAL **[doen]** MATERIËLE HW **[nie]** NEGATIEF **] PROTASIS** **[[moet]** MODAAL **[ek]**SUBJEK

[dit] OBJEK (maar) TEENSTELLEND TUSSENWERPSEL [doen] MATERIËLE WW] APODOSIS] ↔ [As aangesprokene die aksie nie wil uitvoer nie, sal die spreker dit self doen]

Die konstruksie in [8.77] en [8.78] is presies dieselfde. Sekere gegewens in die protasis impakteer op die uitvoering al dan nie van die geprojekteerde aksie. Die verskil tussen hierdie twee voorbeelde is die gebruik van *moet* in [8.78] en *sal* in [8.77], die betekenisimplikasie is egter dieselfde aangesien *sal* en *moet* in hierdie gevalle epistemiese betekenis dra.

Konstruksie waar *wil* in apodosis is; varieer met *sou wil*

[8.79] As dit so is dan *wil* ek hierdie geleentheid te baat neem om u daarvoor hartelik te bedank. [HK 44: 1941 Informatief (Die stryd om volkseenheid, A.C. Cilliers).]

[8.80] "as dit nie so ver was nie, *sou* ek daar wel graag veertien dae *wil* deurbring." [HK 43: 1920 Fiksie (Colomba).]

KONSTRUKSIE 8.4: *WIL/SOU WIL* IN APODOSIS

8.4a [[as + SUBJ + (BYWOORD) + HW] PROTASIS + dan [[wil +SUBJ + OBJ + HW] APODOSIS] ↔ [voorwaardelike protasis bepaal begeerde aksie in apodosis]

8.4b met *sou wil* [[as + SUBJ (NEG) + (BYWOORD BEP) +HW (NEG)] PROTASIS [[sou + SUBJ + (BYWOORD BEP) + wil + HW] APODOSIS] ↔ [voorwaardelike irrealis protasis veroorsaak dat begeerde aksie nie kan plaasvind nie]

Wil kom meer dikwels in die protasis as in die apodosis van die sin voor wat *wil* se epistemiese gebruik in sekere hipotetiese kontekste bevestig. Die twee voorbeelde van epistemiese *wil* in die apodosis het *wil* een maal as enigste modaal in die apodosis en in die tweede voorbeeld kom *wil* in 'n modale ketting saam met epistemiese *sou* voor. De Villiers (1971: 101) verduidelik dat sekere voorwaardelike sinne meer feitelik of moontlik as ander is. Alhoewel hulle wesenlik steeds irrealis is, want die geprojekteerde aksie is nog nie uitgevoer nie, wissel die graad van moontlikheid dat die aksie uitgevoer kan word en hierdie twee voorbeeldsinne demonstreer hierdie stelling baie goed. Die gegewens in [8.79] is meer feitelik as die situasie in [8.80] wat gans onmoontlik is vanweë die onmoontlikheid dat die veranderlike, afstand, kan verander. Die ver afstand veroorsaak dat die spreker se begeerte om 'n sekere aksie uit te voer (om tyd op 'n plek deur te bring) onmoontlik is. In hierdie geval is dit die epistemiese modale hulpwerkwoord – *sou* – wat die hele apodosisedeelte, insluitend *wil*, epistemies maak. Volgens Conradie (2018) is die gebruik van *wil* in hierdie geval die uitspraak van 'n wens maar aangesien hierdie wens nie uitgevoer kan word nie, dra hierdie wens geen dinamiese nie maar wel epistemiese betekenis.

Konstruksies met *sal wil* of *sou wil*

[8.81] Niks waarmee hy nuut kan begin en wat miskien kan uitloop op iets wat hy weer en weer *sal wil* doen nie [HK 395: 1975 Fiksie (Roofvis, P.H. Haasbroek).]

[8.82] Kortom soos ons almal seker graag *sou wil* wees. [HK 416: 1973 Religieus (Die vrou wat die Here vrees, M.C. du Plessis).]

Konstruksies met *sal wil* en *sou wil* is epistemies en hierdie konstruksies word in Hoofstuk 9 oor *Sal/Sou* verder ondersoek.

Die gebruik van die vergelykende bepaler – *asof* – in [8.83] en [8.84] skep die indruk van 'n aktiwiteit wat op die punt staan om te gebeur, die hipotese is dat dit die subjek

se intensie is om tot 'n aksie oor te gaan en dit word met die fisiese aksie in vergelyking gebring, maar die bepaler *asof* bring die hele proposisie in twyfel en gevolglik word hierdie proposisie as hipoteties en epistemies uitgedruk en nie as dinamies nie.

Wil as epistemiese modaal het gefossileer tot heelwat vaste uitdrukkings wat in die volgende afdeling bespreek word:

Vergelykende konstruksies met *asof*

[8.83] Dis *alof* hij *wil* sê: "Eina! laat mij tog om liefdeswil met rus: kan jij nie sien hoe ik sukkel nie?" [HK 200: 1918 Informatief (Hoenderverdriet, uit De Goede Hoop)]

[8.84] Hij voel *alof* hij net maar *wil* sit.... sit.... sit, en weet nie vorentoe of agtertoe nie. [HK: 316 1918 Informatief (Hoenderverdriet, uit De Goede Hoop).]

Die vaste uitdrukking *dit wil so voorkom* gevolg deur die bepalers *of* en *asof* is ook vergelykend van aard, byvoorbeeld:

Konstruksies met *dit wil voorkom; asof*:

[8.85] Dit *wil* haar *voorkom* *asof* hy meer belangstel in wat sy doen en dink. [HK 56: 1949 Fiksie (Stryd, J. van Bruggen).]

[8.86] Collins het bevind dat hierdie transaksie 'n versinsel was, maar *dit wil in elk geval voorkom of* die Gqunukhwebes die Suurveld – waarmee bedoel word die gebied tussen die Boesmans- en Visriviere – voor die koloniste beset het. [HK 62: 1971 Geesteswetenskappe (Die Kaap tydens die eerste Britse bewind, H.B. Giliomee).]

[8.87] Interessant genoeg *wil dit voorkom asof* dit nie soseer die armblanke was wat tot die individuele persoonlikhede aangetrokke was nie. [HK

167: 2009 Geesteswetenskappe (Radelose rebellie, Albert Grundlingh Sandra Swart).]

Die prototipiese konstruksie – *dit wil so voorkom* – verdeel in twee klauses, die hoofklaus en die afhanklike of komplement/subjekklaus wat volg daarop. Die komplementklaus staan sentraal tot die diskoers terwyl die hoofklaus of KNP – komplementnemende predikaat – 'n perspektief gee op die komplementklaus (Van Rooy en Kruger, 2016). Die betekenis wat die KNP dra is uniek en die betekenis lê op 'n ander vlak as die proposisionele inhoud. Van Rooy en Kruger (2016) verwys na Bosch (1998:122) wat na die KNP verwys as 'n psigiese of modale reaksie op die gegewens binne die subjekklaus en dit is hierdie psigiese of modale reaksie wat hier ter sprake is. Van Rooy en Kruger (2016) maak ook gebruik van die kollokerende werkwoord wat saam met die modale werkwoord optree om die KNP se betekenis te assesser. Die gebruik van die bepaler – *asof* – stem gedeeltelik ooreen daarmee wat Van Rooy en Kruger (2016) bestempel as die interrogatiewe komplementklaus, maar daar is 'n vergelykende komponent hieraan verbonde wat die betekenisinhoud van die hoofklaus sowel as die komplementklaus hipoteties maak en 'n epistemiese assessering van die proposisie oordra (Van Rooy en Kruger, 2016:19) Die kollokasie van die werkwoord – *voorkom* in die konstruksie *dit wil voorkom* – dui 'n moontlikheid en mate van sekerheid aan maar dit is slegs 'n waarskynlikheidsoordeel oor sekere gegewens en die uitdrukking is epistemies en slegs hipoteties van aard want daar word nie oorgegaan tot die uitvoering van die geprojekteerde aksie nie. Die prototipiese konstruksie – *dit wil voorkom* (konstruksie 8.5) wissel af met 'n paar sintaktiese opsies soos gesien in die voorbeeldsinne en opsionele konstruksies. Hierdie konstruksie kom telkens voor met die vergelykende komplement *of* en *asof*.

KONSTRUKSIE 8.5: Vergelykende interrogatiewe komplementklaus

8.5a [dit wil voorkom + asof/of + SUBJEKKLAUS] ↔ [Die verwesenliking van die proposisie in die SK is onseker vanweë die vergelykende aard van die predikaat] – Vergelyk [8.88]; [8.89] en [8.90]

Variasies met asof: Dit ekstraposisie variant (DE) Met kopula:

8.5b [dit is asof + SUBJEK + wil +OBJEKKLAUS] ↔ [Die verwesenliking van die proposisie in die SK is hipoteties vanweë die vergelykende aard van die predikaat] – Vergelyk [8.86] en [8.87]

Konstruksie met *dit wil sê*: gevolgtrekking epistemies

Nog 'n epistemiese konstruksie waarin *wil* algemeen voorkom is die komplementnemende predikaat *dit wil sê* (konstruksie 8.6) wat grens aan bewyslike epistemiese betekenisse en 'n gevolgtrekking betekenisaard onderskei:

[8.88] Die boog, soos die spreekwoord *sê*, kan nie altyd gespan bly nie.
 Hierby kom nog dat die mens 'n sosiale wese is; *dit wil sê* hy het
 behoefte aan omgang, ook buitekant die huislike kring. [HK 61: 1942
 Religieus (Die Christelike huisgesin, D.F. Erasmus).]

In hierdie konstruksie, hoewel steeds epistemies van aard, kom die spreker tot 'n gevolgtrekking oor die inhoud van die Subjekklous of komplementklaus wat volg op die komplementnemende predikaat (KNP). Die spreker se sekerheidsgraad neem toe vanaf 'n mediaan afleidingsbetekenis soos gesien in die vergelykende predikate met *dit wil voorkom* en *asof* en die spreker kom tot 'n hoë sekerheidsgraad wanneer 'n gevolgtrekking gemaak word. Meer oor verskillende grade van sprekersekerheid onder 8.5.3. Die '*dit wil sê*'-konstruksie het meestal 'n skoon bysin wat daarop volg maar die komplement *dat* kom ook in sekere gevalle voor soos gesien in [8.89]. Die

prototipiese konstruksie het egter 'n opvolgende skoon bysin soos in die voorbeeldsin [8.90]

[8.89] *Dit wil nie sê* dat hy nie soms eers swaar moet rondspartel om die gegewens te kry nie. [HK 238: 1947 Informatief (Afrikaanse skrywers aan die woord, P.J. Nienaber).]

[8.90] In die Ou Testament is selfs van die teokratiese regering van die volk van God verwag om die vreemdelinge, *dit wil sê*, die mense wat ander gode gedien het, se regte te beskerm. [HK 221: 2006 Geesteswetenskappe (Christelike gesindheid en ander godsdienste – In die Skriflig).]

Hierdie konstruksie (8.6) het 'n hoë sprekersekerheid vanweë die gevolgtrekking betekenis wat daaraan gekoppel word.

KONSTRUKSIE 8.6: Gevolgtrekking konstruksie

Konstruksie 8.6: [dit wil sê +(KOMP) + SUBJEKKLAUS] ↔ [Die hoë sprekersekerheid in die predikaat impliseer dat gegewens in die subjekklaus moontlik is]

Konstruksies met vergelykende *dit wil voorkom* en gevolgtrekking *dit wil sê* is so frekwent in die beperkte Historiese Korpus dat die hipotese van hierdie studie is dat hierdie konstruksies dermate gefossileer het, dat hierdie twee konstruksies verskuif het vanaf die modale en epistemiese betekenisdomein en onafhanklik staan en onafhanklike skematiese betekenis dra. Die modale hulpwerkwoord *wil* kan nie in hierdie vaste uitdrukkings afsonderlike geanaliseer en semanties ontleed word nie, maar die hele skema as sodanig vorm 'n hegte vorm-funksie eenheid. Die 'dit wil voorkom' of konstruksie kom 18 keer voor in die Historiese Korpus en die 'dit wil sê' konstruksie 41 keer wat dit 'n baie algemene vaste uitdrukking maak. Op die konstruksienetwerk van epistemiese *wil* sal dit ook so aangedui word dat hierdie twee

konstruksies dermate verander en gekonstruksionaliseer het dat dit buite die modale raamwerk verskuif het.


Konstruksies met modale bywoorde soos *moontlik* en *miskien* dra daartoe by dat die proposisie as epistemies geassesseer word:

[8.91] **Moontlik** *sal* u vind dat saad afval waar u dit nie *wil* hê nie. Dis dan maklik genoeg om, met die haartangetjie, 'n spesifieke saadjie in gom te doop en die leë plekkie weer te vul. [HK 337: 1974 Informatief (Maklike Mosaiek, V, Luyt).]

[8.92] Niks waarmee hy nuut kan begin en wat **miskien** kan uitloop op iets wat hy weer en weer *sal wil* doen nie. [HK 395: 1975 Fiksie (Roofvis, P.H. Haasbroek).]

Hierdie konstruksies bevat telkens 'n *sal* en *wil* en *sal* eerder onder die modale hulpwerkwoord *sal* bespreek word as wat dit hier as unieke konstruksie van *wil* bejeën *sal* word.

Hiermee die konstruksienetwerk van epistemiese *wil*:




Figuur 8.8 Die konstruksienetwerk van epistemiese *wil*

8.5 *WIL* SE DIACHRONIESE ONTWIKKELING

Noudat die betekenismoontlikhede van *wil* uiteengesit is, word die diachroniese ontwikkeling van *wil* oor die laaste honderd jaar onder die loep gebring om vas te stel of daar enige veranderinge in die frekwensie of betekenisaard van *wil* plaasgevind het.

8.5.1 *WIL* SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

Figuur 8.9 is 'n grafiese uiteensetting van die diachroniese frekwensieveranderinge van *wil* oor die afgelope 100 jaar.




Figuur 8.9 Diachroniese frekwensieverspreiding van *wil*

Oor 'n tydperk van 100 jaar het die gebruik van *wil* grotendeels bestendig gebly en dit vertoon slegs in periode 2 'n matige daling in frekwensie. In periode 1 is daar 372 gebruike van *wil* in 242 560 woorde (*wil* kom 15 keer in elke 10 000 woorde voor). Periode 2 dui 'n afname in *wil* se frekwensie aan met 324 gebruike in 263 652 woorde (*wil* kom 12 keer per 1000 woorde voor). Van periode 1 na 2 daal die gebruik van *wil* met 13% en die log-waarskynlikheidsbepaling dui aan dat hierdie daling wel statisties beduidend is met $G^2=6.63$ ($p < 0.01$). Vanaf periode 3 neem die gebruik van *wil* weer toe tot 376 in 'n korpus van 262 028 woorde, met ander woorde *wil* kom 14 keer per 10 000 woorde voor. Hierdie toename is ook statisties beduidend met $G^2=3.84$ ($p < 0.05$). Die gebruik van *wil* tussen periode 3 en 4 is bestendig en geen toename of afname vind plaas nie. In periode 4 is daar 379 gebruike van *wil* in 'n korpus van 262 826 woorde en dit stem persentasiegewys ooreen met periode 3 (0.14%). In hierdie geval word die nulhipotese aanvaar en is daar geen statisties beduidende verskil tussen die gebruik van *wil* in periode 3 en 4 nie. Wanneer die algehele frekwensie van *wil* oor 4 periodes in oënskou geneem word, het die gebruik van *wil* geen drastiese veranderinge ondergaan nie. Vervolgens 'n ondersoek om vas te stel in watter omstandighede *wil* gebruik word en of daar enige veranderinge in die kontekste waarin *wil* voorkom, plaasgevind het.

8.5.2 WIL IN VERSKILLENDEN TEKSGENRES

In figuur 8.10 is daar 'n grafiese vergestaltung van die diachroniese, genormaliseerde frekwensies van die verskillende tekstipes waarin *wil* voorkom.



Figuur 8.10 *Wil* se teksgenreverspreiding

Wanneer al vier periodes in ag geneem word, blyk dit dat *wil* grotendeels in informele tekste gebruik word. Dit is slegs in periode 3 waar *wil* meer geredelik in narratiewe tekste voorkom. Tussen periode 1 tot 3 is daar 20 – 23 genormaliseerde gebruike van *wil* per 10 000 woorde in informele tekste, maar dit neem drasties toe in periode 4 waar tot 46 van elke 10 000 woorde *wil* is. Die gebruik van *wil* in narratiewe tekste neem toe. Waar daar aanvanklik 13 genormaliseerde gebruike van *wil* in elke 10 000 woorde in periode 1 is, is elke 19 woorde teen periode 4 *wil*. In periode 3 neem die gebruik van *wil* toe met 43% en 25 genormaliseerde gebruike in 10 000 woorde is *wil*, maar dit stabiliseer weer teen periode 4. Die gebruik van *wil* in informatiewe tekste neem af met 51% tussen periode 1 en 2 waartydens dit konstant voorkom as 9 (periode 2) en 10 (periode 3) genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde tot en met periode 4 wanneer dit weer toeneem en stabiliseer tot 13 genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde. Die laagste frekwensie van *wil* is in formele tekste. In periode 1 is

daar 13 gebruike van *wil* per 10 000 woorde en dit neem geleidelik af en teen periode 3 en 4 is daar 8 genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde. Die konteks waarbinne *wil* eerder gebruik word, is in informele en narratiewe geskifte terwyl dit minder frekvent is in informatiewe en formele tekste. Die kernbetekenis van *wil* is die uitdruk eerstens van 'n sekere begeerte of behoefte en tweedens die intensie om 'n sekere aksie uit te voer, ook 'n mate van voorbereidende aksie. Die konteks waarbinne hierdie betekenis uitgedruk word, is meer persoonlik en selfs emosioneel van aard soos gesien in die hoë gebruik daarvan in informele (briewe) en narratiewe tekste (met interne fokalisering) en dit is minder rasioneel en preskriptief van aard soos waargeneem deur die lae frekwensie in informatiewe en formele tekste. Die konteks waarbinne *wil* eerder voorkom (informeel; narratief) strook dus met die kernbetekenisse van *wil* wat 'n meer persoonlike modale hulpwerkwoord is (De Villiers 1971:89). In voorbeelde [8.96] en [8.97] uit informele, persoonlike briewe word individue se begeertes uitgedruk wat die persoonlike invalshoek van *wil* benadruk:

[8.93] Ek het vir haar 'n 'voicemail' gelos maar ek dink dis deurmekaar. Sy moet (kan sy asb) die inligting per sms stuur na. *Ek wil* die boek gebruik om my verskoning-van-'n-punt te verbeter omdat die boek meer oefeninge het as die! [HK 81: 2010 Persoonlike brief (03-31).]

[8.94] Dit het my goed gedoen om te sien dat my lieve ou vriende my nog onthou. *Ek wil* so gaarne dat U twee vir ons kom kuier. [HK 133: 1920 Persoonlike briewe (Deumert-korpus.)]

In narratiewe tekste word individuele intensie [8.93] en begeerte [8.94] deur middel van interne fokalisering uitgedruk. Eerstepersoonsvoornaamwoorde en materiële, mentale en eksistensiële werkwoorde kollokeer met *wil* om persoonlike behoeftes uit te druk.


[8.95] En as dit gebeur, sal sy nie net 'n stokkie daarvoor wil steek nie, sy sal sommer 'n hele boom in hulle pad *wil* gooi! [HK 386: 2008 Fiksie (Arboreta die heks met die groen hare, Riana Scheepers).]

[8.96] Dit is asof daar nie grense aan die plek is nie. Dit is snaaks. Hy kan enigiets sien. Hy kan wees net waar hy *wil* wees. [HK 245: 2009 Fiksie (Braakland van die Bose, H.S. van Blerk).]

Vervolgens word die makrosemantiese veranderinge en ontwikkelings van *wil* oor die laaste eeu ondersoek. Tot dusver was die ondersoek gebaseer op die rou data soos verkry uit die Historiese Korpus waarmee hierdie studie werk. Die volgende afdelings is egter gebaseer op 'n lukrake steekproef van 500 gebruike van *wil* se inligting.

8.5.3 WIL SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Hierdie makrosemantiese ondersoek kyk na die betekenisskakerings van *wil* en of daar enige veranderinge oor tyd heen plaasgevind het. In figuur 8.11 is die frekwensieverspreiding van *wil* se modale tipes grafies vergestalt.




Figuur 8.11 Diachroniese frekwensieverspreiding van *wil* se modale tipes

Soos reeds bespreek onder 8.4.1 is *wil* se betekenis hoofsaaklik dinamies van aard. Aan die begin van die twintigste eeu is 83% gebruike van *wil* dinamies van aard teenoor 16% wat epistemies is en slegs 1% gebruike van *wil* is deonties. In periode 2 verdubbel die epistemiese gebruike tot 30% teenoor 69% dinamiese gebruike. Teen

periode 3 en 4 stabiliseer die epistemiese gebruik van *wil* tot 21% in periode 3 en 4. Dinamiese *wil* is sedert periode 3 (78%) en steeds in periode 4 (76%) bestendig en tans is meer as 'n driekwart gebruike van *wil* dinamies van aard. Dit wil voorkom asof 'n geringe betekenisverskuiwing plaasgevind het in periode 2 waartydens ruimte gemaak is vir epistemiese betekenis in *wil* wat voorheen oorwegend dinamies van aard was. Hierdie stelling verskil van Conradie (2018) wat aandui dat *wil* geen epistemiese gebruike vertoon nie. Die gebruik van *wil* as deontiese modaal is so gering dat dit nie hier volledig bespreek word nie. *Wil* se diachroniese ontwikkeling as dinamiese modaal word vervolgens bespreek.

8.5.4 WIL SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Die mikrosemantiese diachroniese ontwikkeling van *wil* ondersoek die wisselende sterkte waarmee dinamiese *wil* (8.5.4.1) uitgedruk word sowel as die sprekersekerheid waarmee epistemiese *wil* (8.5.4.2) gebruik word. Die wisselende sterkte waarmee dinamiese *wil* oor 'n tydperk van 100 mee uitgedruk is, word vergestalt in figuur 8.12.



Figuur 8.12 Dinamiese wil se begeerte en intensiesterkte

8.5.4.1 DIACHRONIESE ONTWIKKELING VAN DINAMIESE WIL

Die agent of interne deelnemer se uitdrukking van begeerte of intensie vertoon oor al 4 periodes heen 'n baie hoë sterkte. Daar is 'n 9% toename van hierdie tipe gebruik sedert periode 1 tot 4. *Wil* as subjektiewe individualistiese uitdrukking van begeerte en *wil* as doelwitgedrewe aksiewerkwoord se sterkte word bepaal deur die kombinasie daarvan met hoogs persoonlike eerste persoon- en derde persoon-enkelvoudige subjekte soos bespreek onder 8.4.1. Die illokusionêre krag van *wil* bepaal dat 'n individu juis met die uitdrukking van *wil* 'n hoë sekerheid het dat hy/sy iets *wil* hê of iets *wil* doen. Die interne betekenis van *wil* maak nie voorsiening vir onsekerheid nie. Enige onsekerheidsbetekenisse onderliggend aan *wil* is epistemies van aard, en dan is dit nie die onderliggende betekenis van *wil* wat onseker is nie, maar die spreker se onsekerheid oor die hele proposisie en konteks daaraan verbonde. Een van *wil* se kernbetekenisse is vasbeslotenheid en individue of homogene groep wat begeerte en intensie uitdruk is doelwitgedrewe en op die punt om die aksie uit te voer. In wese is *wil* nie iets wat onsekerheid dra nie maar daar is seker gevalle en kontekste waar *wil* onseker lyk:

Wil as uitdrukking van mediaangraad begeerte en intensie word beïnvloed deur:

A. Vraagsin

In 'n vraagsin waar die subjek verskil van die agent en dié se wil, is die dinamiese sekerheid in twyfel want dit wat die spreker of subjek wil verskil moontlik van die beslissende agent se intensie of begeerte soos gesien word in [8.97] en [8.98]

[8.97] en toe ons so bietjie later sit 'n koffie drink, vra ikke-ou aan Sitnie of hij nie die volgende dag met mij *wil* gaan jag nie. [HK 327: 1920 Fiksie ('n Rou Kaapnaartjie in Boesmanland, uit De Goede Hoop).]

[8.98] Dis jammer jy het so laat met atletiek begin..... " „Wil jy miskien iets by my leen, Riempies? En as ek nog 'n mooi suster gehad het by wie jy kon kom aanlê, sou ek nog kon verstaan waarom jy my so vlei. [HK 16: 1946 Fiksie (Aandrus, L. Stopforth).]

B. Projeksie

Wanneer 'n derde party projekteer of VOORSPEL wat die agent wil hê, en die proposisie is nie 'n persoonlike uitdrukking nie, dan word die dinamiese krag van die proposisie verswak, byvoorbeeld:

[8.99] Hy weet sy is verheug omdat die mense blykbaar haar kos geniet, *maar hy wens sy wil dit* nie so skaamteloos wys nie. Hy wil iets verwytds sê, maar dan haak hy vas [HK 432: 1973 Fiksie (Wie Knabbel die maan, P. de Bruyn).]

[8.100] „Hy het gesê dit is nie dat hy skaam is om met jou in die straat gesien te word nie, *maar hy dink jy wil hom* ook nie sien nie." [HK 285: 1946 Fiksie (Terug, H.F.B. Nel).]

Die subjek in die komplementnemende predikaat (KNP) se onsekerheid verlaag die subjekklous waarin die agent se wil ter sprake is en gevolglik ook die proposisie se dinamiese krag.

C. Betreklke konstruksies

Die dinamiese sterkte van 'n proposisie verhoog wanneer *wil* in die hoofklaus voorkom en direk met die eerstepersoonsagent in verband gebring word. In betreklke konstruksies is die gebruik van *wil* eerder vooruitskouend, die agent is dikwels onpersoonlik of nie-menslik en die intensiteit van die begeerte of intensie is verlaag en nie voor die hand liggend nie.

[8.101] En *die persoon (onpersoonlik)* wat 'n kort-sluiting van daardie proses van evolusie *wil* teweegbring, stuur af op rigtingloosheid, kleurloosheid, karakterloosheid, en m'agte-loosheid teenoor die lewe. [HK 157: 1943 Verslaggewing (Onderwysblad vir Christelike en nasionale onderwys en opvoeding).]

[8.102] *Sulke kritiek (nie-menslik)* is huigelagtig van die selfverkore persone *wat* al die burgers in gelid *wil laat staan* om net hoera te skree. In sulke eenman-party-organisasies kies die gewone burgers nie eers hulle leiers nie. [HK 165: 1945 Informatief (Aktuele politieke vraagstukke, E.F.W. Gey van Pittius).]

D. Die metaforiese gebruik van soortnaamsubjekte

Die gebruik van nie-menslike soortname se *wil* op metaforiese wyse verlaag die krag van die begeerte of intensiesterkte soos gesien in [8.103] – [8.105]

[8.103] Francisco stap dadelik weg, terwyl Conchita moet stry teen die *mislikheid* wat haar *wil oorweldig* [HK 189: 1974 Fiksie (Martelaars van die noodlot, Ena Murray).]

[8.104] *Haar hart wil* uit haar lyf uit spring en haar tong het so dik geword dat dit haar hele mond vol is. [HK 191: 1979 Fiksie (Sing vir ons, Matilda, M. Bakkes).]

[8.105] Nou, slaap is maar 'n wonderlike vriend, want die student s'n kop is deur s'n boek-vriend op hol geset en dan *wil slaap* met hom niks te doen hê. [HK 45: 1912 Informatief (uit Fac et Spera Aug).]

E. Teenstellende proposisies

In teenstellende proposisies soos [8.106] is die subjek se intensie verlaag aangesien hy van plan is om aan die aangesprokene 'n preek af te stuur maar ter wille van gesigsbedreigende redes en om minder kras voor te kom weerhou die agent sy intensie en hy versag sy uitlating deur dit waarna hy verlang op teenstellende wyse uit te druk.

[8.106] Ag, ou broer, ek *wil* nie sommer met die kennismaking al preek nie, maar wil jy tog nie maar van jou oom 'n voorbeeld neem nie? [HK 80: 2009 Fiksie (Laataandbiegstories en sulke dinge, Jan Nel).]

F. Pretensieuse konteks

Wanneer die subjek beplan om voor te gee dat hy iets begeer of verlang dan is die intensiteit van die begeerte en gevolglik die intensiteit van die proposisie self swakker soos in [8.107].


[8.107] Kom ons stap verder, en dan maak ons of ons sommer op enige ander plek ons kleim *wil gaan afpen*... 'n Delwer moet so dig wees soos 'n blikkie boeliebief. "[HK 298: 1942 Fiksie (Ampie, die kind, J. van Bruggen).]

Bostaande bespreking het aangedui hoe die intensiteit van 'n agent se begeerte of intensie bepaal is. *Wil* druk in 69% van alle dinamiese gebruike 'n sterk begeerte of intensie uit en 31% van alle dinamiese gebruike word deur omstandighede soos in bostaande bespreking as minder intens gekategoriseer. Mediaangebruike van *wil* het sedert periode 1 afgeneem en sedertdien is *wil* grotendeels die uitdrukking van sterk persoonlike en subjektiewe begeerte en intensie.

Voorts die ondersoek na epistemiese sterkte en hoe dit oor 100 jaar ontwikkel het.

8.5.4.2 EPISTEMIESE *WIL* SPREKERSEKERHEID

Epistemiese *wil* se betekenisparameter strek van 'n heeltemal onseker en twyfelende spreker aan die een pool, tot 'n spreker wat afleidings en hipoteses maak wat mediaan-sprekersekerheid aandui en op die ander uiterste pool is daar die betekenis van moontlikheid of gevolgtrekking as hoë sprekersekerheid. Epistemiese *wil* se betekenis vertoon deurlopend 'n mediaan-sprekersekerheid (82.9%) wat voorwaardelike en hipotetiese betekenis onderskei. Figuur 8.13 is 'n grafiese uiteensetting van die wisselende aard van die sekerheid waarmee sprekers *wil* in epistemiese proposisies gebruik.



Figuur 8.13 Epistemiese *wil* se sprekersekerheid

Lae sprekeronsekerheid druk die spreker se vertwyfeling uit soos in die volgende voorbeelde:

Sprekeronsekerheid word uitgedruk in vraagsinne [8.109] en [8.110] en die gebruik van modale bywoorde soos *miskien* [8.108] verlaag sprekersekerheid.

[8.108] *Miskien wil hy probeer deurbyt.* [HK 382: 1974 Biografies (Die groot verlange, L. Rousseau).]

[8.109] "Wie sê my kinders *sal wil* leer?" [HK 398: 1943 Formele brief (03-"Waarmee wil jy dit nogal stel? Dit sal tyd mors. Ons moet elke dag vorder. 24).]

[8.110] "*Waarmee wil* jy dit nogal stel? Dit sal tyd mors. Ons moet elke dag vorder. [HK 477: 1974 Fiksie (Martelaars van die noodlot, Ena Murray).]

Hipotetiese uitdrukkings waaraan geen sekerheid of waarheidsaansprake geheg kan word nie, druk mediaansekerheid uit. Sedert periode 1 is epistemiese *wil* hoofsaaklik die uitdrukking van mediaan-sprekersekerheid. In hierdie proposisies kom *wil* meestal voor in die protasisgedeelte van die uitdrukking en volgens De Villiers (1971:101) is hierdie uitdrukkings ongerealiseerd en in wese irrealis.

[8.111] Dit is nie handhaaf nie, ook nie bou nie: dit is afbreek, en as ons volk so ongedissiplineerd *wil voortgaan* is daar vir hom geen hoop nie. [HK 65: 1941 Informatief (Die stryd om volkseenheid, A.C. Cilliers).]

[8.112] As u die dieper skulpe *wil gebruik* om die oesters in voor te sit moet dit deeglik skoongemaak word. [HK 411: 1980 Informatief (Vis vir die kenner, J. Mostert).]

Die kollokasie van *wil* met epistemiese *sal* en *sou* gee ook 'n epistemiese betekenis aan die hele uitdrukking:

[8.113] Kortom soos ons almal seker graag *sou wil wees*. [HK 416: 1973 Religieus (Die vrou wat die Here vrees, M.C. du Plessis).]

[8.114] En dan wil ik mij verstout om te sê, dat die Z.A.O.U. ook *sal wil sien*, dat elke landseun en elke landsdogter, behalve die wat fisies of verstandelik daarvoor onbekwaam is, dit sover moet bring. [HK 396: 1919 Verslaggewing (uit De Unie).]

In [8.113] en [8.114] is die gegewens hipoteties soos daargestel deur die kollokasie met *sal* of *sou*. In Hoofstuk 9 is daar 'n volledige bespreking oor kollokasies van *sal* en *sou*.

Epistemiese *wil* word weinig gebruik as hoë sprekersekerheid aangesien 'n hoë sekerheid eerder geassosieer word as die uitdrukking van 'n spreker se begeerte of intensie ten opsigte van 'n spesifieke aksie. Een vaste uitdrukking word met epistemiese hoë sprekerheid in verband gebring naamlik die vaste uitdrukking *Dit wil sê* soos bespreek onder 8.4.2. In hierdie geval is dit nie 'n spreker se begeerte of intensie wat uitgedruk word nie maar die spreker beoordeel sekere gegewens in sy proposisie en hierdie vaste uitdrukking verteenwoordig 'n spreker se gevolgtrekking oor 'n situasie:

[8.115] Hierby kom nog dat die mens 'n sosiale wese is; *dit wil sê* hy het behoefte aan omgang, ook buitekant die huislike kring. [HK 61: 1942 Religieus (Die Christelike huisgesin, D.F. Erasmus).]


Wil is grotendeels 'n hoë sekerheid dinamiese modaal en die uitdrukking van volisie en intensie wat aandui dat 'n interne deelnemer se wilskrag aanleiding gee tot 'n aksie wat op die punt is om te gebeur. Wanneer *wil* as epistemiese modaal ingespan word tree dit hoofsaaklik as hipotetiese en voorwaardelike modaal op. *Wil* se betekenis het oor 100 jaar bestendig gebly het en die frekwensie per 10 000 woorde het afgeneem met 1%, maar die gebruik daarvan is steeds volop in taalgebruik. Vervolgens 'n bespreking van *wil* se preteritum om enige veranderinge en ontwikkelinge in *wou* na te speur.

Die modale hulpwerkwoord *wou* is die preteritale vorm van *wil* en volgens Ponelis (1985:246) het dit temporele (verledetydsverwysende) en hipotetiese waarde. In Nederlands is hierdie modaal *wilde* en *wou* (Haeseryn et al., 1997). Hierdie modale hulpwerkwoorde vertoon volledige modale hulpwerkwoordelike funksie en status wat kontrasteer met die quasi hulpwerkwoord *want to* of *wanted to* as vertaling van *wou* na sy Engelse ekwivalent.

8.6 BETEKENISNUANSES VAN *WOU*


Wou is die preteritum van *wil* en druk die verledetyd uit maar terselfdertyd ook ongerealiseerde ideale, wense, begeertes en intensie sowel as teenfeitelikheid. *Wou* verskil van *wil* vanweë elkeen se afstand van die deiktiese presens (Fleischmann, 1989). *Wil* is die uitdrukking van begeerte/intensie vanaf 'n posisie binne die deiktiese presens en is gerig op toekomstige gedrag. *Wou* as uitdrukking vind plaas binne die deiktiese sentrum maar verwys na gedrag wat ongerealiseerd/nie-geaktualiseerd is nie. Die betekenis van *wou* is distaal en weg van die sentrum of middelpunt van die deiktiese sentrum.

Wou is ooreenstemmend met *wil* hoofsaaklik 'n dinamiese modaal aangesien 77% van *wou* se gebruike dinamies van aard is. *Wou* is egter ook epistemies van aard (20%) en veral die onfeitelike maar ook hipotetiese betekenis staan hier voorop. Die frekwensieverspreiding van *wou* se kategorisering as een van drie modale tipes word in figuur 8.14 gesien.



Figuur 8.14 *Wou* se modale tipes

Die semantiese kaart met *wou* se betekenisdimensies daarop aangebring (soos gesien in figuur 8.15) dien as basis waarvolgens 'n bespreking van elkeen van *wou* se betekenisnuanses aangepak word.



Figuur 8.15 Die semantiese kaart van *wou*

8.6.1 DINAMIESE *WOU*

Wou as dinamiese modaal sluit nou aan by *wil* se betekenisaaarde van intensie en begeerte. Die konsepte 'begeerte' en 'intensie' is reeds volledig bespreek onder 8.4.1.1 en 8.4.1.2 en sal nie hier herhaal word nie. Die verskil tussen *wil* en *wou* ten opsigte van hierdie verband lê eerstens in **tempus** want *wou* is die verledetydsuitdrukking van betekenisbegeerte en intensie soos gesien in die volgende uitdrukkings:

[8.116] So op sy manier *wou* hy nog 'n ruk naby wees vir geval sy iets probeer. Net om homself gerus te hou. [HK264: 1978 Fiksie (Die Seepsteenbataljon, K. Louw).] {eksistensiële werkwoord: begeerte}

[8.117] Al was Noag bang, was hy realisties. Hy is nie deur angs verlam nie, maar het opgetree. Noag *wou* nie ondergaan nie. Hy *wou* lewe en 'n nageslag hê. [HK 204: 2007 Informatief (Die genesing van herinneringe, skrywers).] {materiële werkwoord: intensie}

Tweedens is die verskil tussen die betekenisaarde van *wil* en *wou* se begeerte/intensie-domeine dat *wil* eerder 'n intensiebetekenis (81.13%) onderskei, met ander woorde *wil* het verder beweeg in die aksie-prosesroete en het gevorder verby die besluitnemingstap en is op die punt om oor te gaan tot aksie terwyl *wou* se fyner betekenisonderskeiding beide 'n begeerte (51.72%) sowel as intensiedimensie (48.28%) vertoon.

[8.118] Hy is ook besig met die skoling van sy dissipels, en *wou* dit juis so *hê* dat hulle die tydelike nood van die skare moes opmerk. [HK:105: 1973 Religieus (Die Evangelie van Lukas, E.P. Groenewald).] (*hê*: verhoudingswerkwoord: begeerte)

[8.119] Diep in haar hart was dans wat sy nog altyd die graagste *wou doen*. [HK 2008 Fiksie (Liefde is Magic, Kowie Rossouw).] {doen: materiële werkwoord: intensie}

Hierdie betekenis is die uitdrukking van dit wat 'n subjek-referent in die verlede *wou* doen (intensie: aksiewerkwoord) en dit wat 'n subjek-referent in die verlede begeer het (begeerte: *wou hê*)

Die uitdrukking van begeerte en intensie in die verlede tyd se konstruksie lyk soos volg.

KONSTRUKSIE 8.7a: Uitdrukking van begeerte

[ek + wou + OBJ + VERHOUDING/EKSISTENSIËLE/MENTALE WW] ↔ [Ek het die begeerte gehad om iets te hê of 'n staat te betree]

8.7b: Uitdrukking van intensie

[ek + wou + OBJ + MATERIËLE/MENTALE WW] ↔ [Ek het die intensie gehad om 'n sekere aksie uit te voer]

Die uitdrukking van intensie en begeerte in die verlede tyd dui egter dikwels eerder op ongerealiseerde wense of begeertes. Die subjek-referent wou graag iets hê of doen maar die begeerte is nie tot voltooiing gebring nie.

1. *Wou* as uitdrukking van ongerealiseerde wense of begeerte

In voorbeelde [8.120] tot [8.123] druk die agent die aanvanklike wens of begeerte uit in die hoofklaus maar in die daaropvolgende **teenstellende bysin** (ingelei deur die teenstellende voegwoord **maar** soos gesien in [8.121] – [8.123]) volg die verklaring dat die wens ongerealiseerd en dus irrealis is.

[8.120]"Ek *wou* net 'n kelkie wijn gebruik en nou is ek so dronk soos 'n eend. Dit is die eerste keer in mij lewe!" [HK 99: 1919 Fiksie (Celestine, J. van Reenen).]

[8.121] Ek *wou* self nog skryf, *maar* ek is so dronk in my kop. [HK 87: 2008 Fiksie (Stormkaap, I.L. Vermeulen).]

[8.122] M ek *wou* die brief aan jou adresseer, *maar* ek het jou adres vergeet, so S moet maar dat jy ook die koerantjie lees. [HK 82: 1977 Persoonlike brief (08-29).]

[8.123] Hy wou my ook leer kitaar speel, *maar* toe hy vind dat ek nie 'n oor vir note het nie. [HK 200: 2008 Fiksie (Jan Leendert, Lategan P. Bredenkamp).]

Die uitdrukking van ongerealiseerde begeertes en intensies word nie net aangedui deur daaropvolgende teenstellende bysinne nie maar binne die konteks self soos gesien in [8.124].

[8.124] Aitsa, so 'n worsie smaak vir jou puik, sê Deirdre terwyl Tinus vir haar 'n kampstoel langs syne regskeif (eintlik *wou* sy liever langs Chris gaan sit).[HK 65: 2008 Fiksie (Modjadji, I.L. Vermeulen).]

Ongerealiseerde wense en begeertes gaan egter meestal gepaard met teenstellende inligting wat daarop dui dat die subjek-referent iets wou hê of doen maar vanweë sekere omstandighede het dit nie gerealiseer nie. *Wou* kom dikwels voor in teenstellende konstruksies met *wou* in die hoofsin en 'n teenstellende adjunksin wat ingelyf word deur *maar* wat hier 'n balanserende eerder as aaneenskakelende funksie verrig (vergelyk Ponelis, 1979:359).

[8.125] Ek was nog altyd gefassineer deur die wêreld van teater en rolprente, **maar** ek *wou* soveel verskillende goed met my lewe doen. [HK 70: 2009 Informatief (uit Rooi Rose).]

[8.126] Ek het die foto's gestuur, **maar** hulle *wou* ook die negatiewe hê, en daarvan het hulle sommige agterstevoor laat afdruk. [HK 189: 1975 Formele brief (08-31).]

[8.127] Die koninkryk het naby hulle gekom, **maar** hulle *wou* dit nie aanvaar nie. [HK 194: 1973 Religieus (Die Evangelie van Lukas, E.P. Groenewald).]

Die twee kontrasterende gedeeltes van die konstruksie herinner aan twee metafores teenwerkende kragte wat teen mekaar te staan kom en wat daartoe lei dat een van die kragte nie verder kan beweeg nie (Johnson, 1987:45). Johnson verwys daarna dat daar altyd kragte van die een of ander aard inwerk op interaksie. Hierdie inwerking op

interaksie het meestal verandering tot gevolg. Volgens Talmy (1985:293) is daar binne psigodinamiese, sosiodinamiese en kragdinamiese interaksie altyd een entiteit wat 'n 'sterker krag' as die ander handhaaf en daardeur die sitasie oorheers en die verlangde aksie of laat stilstaan of laat voortgaan. Talmy (1985) konstateer dat dit juis die modale sisteem is wat kragdinamiese prosesse uitdruk en in die geval van bogenoemde voorbeelde van *wou* is dit sigbaar aangesien die agent duidelik sy begeerte en intensies uitdruk, maar 'n opponerende, sterker krag in die vorm van omstandighede, beperkings of ander individue wat die 'oppermag' het, het voorkom dat die verlangde begeerte/intensie bevredig is. Somtyds is dit die agent self wat nie die vermoë of deursettingsvermoë het om sy begeerte/intensie uit te voer nie, wat die proses kniehalter, byvoorbeeld:

[8.128] Sy onthou hoe sy haar *wou* bel die aand, **maar** dit nie gedoen
het nie en nou verwyf sy haarself: Het ek maar net gebel. [HK
145: 2008 Fiksie (Kladboek 'n hibriediese roman, Joan
Hambidge).]

[8.129] Hy *wou* my ook leer kitaar speel, **maar** toe hy vind dat ek nie 'n
oor vir note het nie. [HK 200: 2008 Fiksie (Jan Leendert,
Lategan P. Bredenkamp).]


Die konstruksie vir ongerealiseerde begeertes lyk soos volg:

KONSTRUKSIE 8.8: Ongerealiseerde begeerte:

**[[ek + *wou* + OBJ + VERHOUDING/MATERIËLE/MENTALE/EKSISTENSIËLE WW]
[maar + KLAUS]] ↔ [Ek het die begeerte gehad om 'n sekere aksie uit te voer of
staat te betree maar omstandighede het dit verhoed]**

Die twee kernbetekenisse van dinamiese *wou*, naamlik (a) die uitdrukking van begeerte en intensie in die verlede tyd en (b) ongerealiseerde/irrealisbegeerte se frekwensieverspreiding (soos vergestalt in figuur 8.16) is baie soortgelyk met 60% van

dinamiese *wou* wat bloot net 'n subjek-referent se begeerte of intensie uitspreek in die verlede tyd en 40% van *wou* se gebruike wat die uitdrukking is van ongerealiseerde begeertes.



Figuur 8.16 Dinamiese *wou* se begeerte vs ongerealiseerde begeerte/irrealis


Wou word ook in 'n vaste uitdrukking gebruik om 'n subjek-referent se begeerte ten opsigte van 'n saak uit te druk:

2. *Wou* in 'n vaste uitdrukking

In [8.130] druk die vaste uitdrukking *ek sal wat *wou* gee* (as hoofklaus en KNP) 'n begeerte uit en daarop volg 'n infinitiefkonstruksie:

[8.130] Ek sal wat *wou* gee om te hoor wat jy en sy alles gesels. [HK 395:
1949 Persoonlike brief (08-04).]

Die konstruksienetwerk van dinamiese *wou* lyk soos volg:



Figuur 8.17 Die konstruksienetwerk van dinamiese *wou*

Aangesien nagenoeg 20% van *wou* se betekenis epistemies van aard is sal hierdie betekenis vervolgens ondersoek word.

8.6.2 EPISTEMIESE *WOU*

Benewens as dinamiese modaal, kom *wou* ook voor as epistemiese modaal en die eerste betekenisonderskeiding is die uitdrukking van onsekerheid in die vorm van kollokasies van *wou* met modale bywoorde soos gesien in:

[8.131] Hy kon maklik vir jou of E opgelaai het, maar **blykbaar** *wou* hy 'n leë kar terug gehad het, want hy het sy platespeler en baie ander goed saam terug. [HK 25: 1978 Persoonlike brief (03-05).]

[8.132] In die gemeenskap was **waarskynlik** goeie, besitlike siele wat hierdie geliefde dogter uit eie bodem *wou beskerm* teen die wêreldwyse koerantman wat dalk anderster waardes kon hê. [HK 26: 2003 Biografies (In kamera, Hennie van Deventer).]

[8.133] Om te kan verstaan waarom Hosea met 'n prostituut moes gaan trou, moet ons **probeer verstaan** wat die Here met hierdie opdrag aan Hosea *wou doen*. [HK182: 2006 Religieus (Hekke op ons lewenspad).]

[8.134] Net die volgende oggend is die manne van die Klein Kommissie, sonder ds. Swart en eerw. Agenbach wat **seker nie** hul betrokkenheid *wou openbaar* nie. [HK 21: 2009 Informatief (Die verhaal van Elandskloof, Tobie Wiese).]

[8.135] **Miskien** *wou* hy nie graag nie – daar was ook die offerandes om aan te dink. [HK 275: 1975 Informatief (In die boog van die sekel, F. Linde).]

[8.136] **Al wat ek kan dink**, is dat iemand van Bultfontein nie *wou sien* dat die troue voortgaan nie. In die distrik was boerseuns wat by Tokkie flikkers gegooi het [HK 288: 2003 Biografies (In kamera, Hennie van Deventer).]

Bogenoemde epistemiese voorbeelde maak telkens gebruik van modale bywoorde soos *blykbaar*, *miskien* en *moontlik* maar ook van frases soos *probeer verstaan*, *seker nie* of *ek dink* om die onsekerheid, moontlikheid en afgeleide sekerheid – betekenisparameters van epistemiese modaliteit aan te dui.

Aangesien die kollokasie van *wil* en *wou* met modale bywoorde nie 'n unieke verskynsel is nie maar by al die ander modale voorkom, is hierdie nie 'n vaste vorm-

betekenisfunksie van spesifiek *wil* en *wou* nie en gevolglik is daar nie 'n spesifieke konstruksievoorbeeld vir hierdie kombinasie nie.

Tweedens kategoriseer Palmer (1986:93) ook die hipotetiese betekenisonderskeiding binne die onsekerheid-domein, dus word ook hipotetiese of irrealisgevalle hiervolgens as epistemies geklassifiseer wat die voorkoms van *wou* as epistemiese modaal versterk.

[8.137] *Wou* 'n mens iets besonders hê, wat gouw klaar was, **dan moes** vetkoek gebak word. [HK 18:1920 Informatief (Die koringmeul. Uit De Unie).]

[8.138] En daar, vlak voor die gebou, het die rookkolom van die brandoffer opgestyg, al hoër en hoër, **asof hy** hemel en aarde aanmekaar *wou* bind. [HK 2:1946 Religieus (Die lewe en tyd van die Here Jesus, P.K. Albertyn).]

[8.139] Die Zoeloe-jagters het egter besef dat hulle 'n mate van beskerming **sou moes** verkry **as** hulle weer *wou* jag. [HK 399: 1972 Informatief (Grootwild, I. Player).]

Hierdie konstruksies is epistemies maar daar is geen vaste vorm-funksiebetekenis te bespeur nie wat 'n aanduiding is dat hierdie betekenisdimensie bestaan maar daar is geen vaste sisteem wat dit na die mikrovlak van betekenis neem nie.

Naas die hipotetiese, dus onsekerheidparameter wat deur *wou* geaktiveer word, kom *wou* ook dikwels in voorwaardelike konstruksies voor, wat meestal 'n teenfeitelike en irrealisbetekenis het en verdere bydrae lewer tot die kategorisering van *wou* as epistemiese modaal.

Voorwaardelik

[8.140] Die veeruil is weer oopgesit. Die koloniste moes net vooraf verlof vra **as hulle togte na die binneland *wou* onderneem**. Dit sou die regering 'n sekere mate van kontrole oor die veeruilers gee [HK 23: 1945 Informatief (Trek, P.H. van der Merwe).]

[8.141] De Waal het dus nou in die moeilike posisie te staan gekom dat hy noodgedwonge maar moes breek aandraai **as hy nie heeltetal *wou* tou opgooi** en sy blad prysgee nie. [HK 149: 1943 Informatief (Die triomf van Afrikaans, E.C. Pienaar).]

[8.142] **Al *sou*** ons teoreties bely dat God seks geskape het en **al *sou*** ons seksuele verantwoordelikheid aan kinders *wou* oordra, **het** die soort Christelike godsdiens wat Afrikaners beoefen het, eerder 'n sterk verband tussen seks, skuld en sonde **gevestig**. [HK 247: 2007 Religieus (Liefde is die grootste, Cas Vos Dirk Human reds).]

[8.143] **As** die firma *wou* ryk word, ***sou*** hy die boeke nie so goedkoop op die mark gebring het nie. [HK 121: 1943 Informatief ('n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika, P.J. Nienaber).]

Soos gesien in [8.142] en [8.143] kombineer *wou* graag met die ander hoofsaaklik hipotetiese en teenfeitelike modaal *sou* soos bespreek in die volgende afdeling. Voorwaardelike betekenis van *sou* + *wou* word verder toegelig onder 8.6.3

8.6.2.1 *WOU* EN MODALE KETTINGS

Wou kollokeer dikwels saam met ander modale hulpwerkwoorde in modale kettings. Dit is veral saam met preteritale *sou* en *kon* waarmee *wou* in konstruksies verbind, maar in sekere minderheidsgevalle kan teenswoordige vorme soos *sal* saam met *wou*

voorkom. In terme van die volgorde kom epistemiese modale altyd eers voor en Conradie (2018) verwys na *sou* wat altyd die V1 posisie in 'n konstruksie aanneem. Preteritale *sou* het 'n unieke kenmerk in die sin dat dit konstruksies 'n teenfeitelike, hipotetiese en irrealisbetekenis gee (Conradie 2018). Conradie dui aan dat die kombinasie *sou wou* sowel as die kombinasie *kon wou* teenfeitelike betekenis het. Aangesien Palmer (2001) na die hipotetiese betekenisparameter as epistemies verwys, sluit hierdie afleiding aan by Wurmbrand (2001:185) wat reken dat episteme gewoonlik eerste in kettings voorkom aangesien hierdie tipe modaliteit die hoogste posisie in die modale domein beklee (sien ook bespreking van modale kettings in Hoofstuk 9.4.1.3)

Sekere hipotetiese konstruksies met die kombinasie *sou wou* sluit aan by *wou* se begeerte-betekenisonderskeiding. In hierdie konstruksie is die onderwerp se wens geaktiveer, maar dit word weerlê deur die samekoms met die modaal *sou* wat die onwaarskynlikheid dat die begeerte vervul sal word demonstreer en gevolglik het die hele konstruksie 'n teenfeitelike betekenis.

[8.144] Ek *sou* enige van die twee hoofrolle bitter graag *wou* vertolk! [HK 140: 1942 Fiksie (As skaduwees daal, J.H. Grobler).]

[8.145] en soos ek die môre ondervind het, *sou* ek die getal liever na 'n duisend *wou* opstoot. [HK 55: 1945 Biografies (My tweede vryheidstryd, H.J.C. Pieterse).]

[8.146] Hierdie kommer laat 'n reeks vrae ontstaan waarom die belanghebbendes graag antwoorde *sou wou* kry. [HK 343: 1977 Informatief (Gesondheidsorg vir die plaaswerker).]

Dikwels word die hipotetiese *sou wou*konstruksie gevolg deur 'n bysin of neweskikkende sin wat verduidelik hoekom die begeerteparameter onvervuld is, of hoekom die begeerte nie voltrek kan word nie.

Let op dat die verduidelikende klaus in die verlede tyd kan wees en gevolglik aandui hoekom die begeerte nie volvoer is nie (in omstandighede wat in die verlede

plaasgevind het en dus reeds verby is), maar dit kan ook in die presens voorkom wat dus 'n voorspelling is oor hoekom die begeerte moontlik ongerealiseerd sal wees (in hierdie geval bestaan die moontlikheid egter dat dit steeds deurgevoer kan word).

[8.147] Ek *sou* baie graag baie *wou geleer het*. Maar daar was nie geld nie en ek moes gaan werk. [HK 16: 2009 Fiksie (Fred se storie, Lien Roux-De Jager).] {perfektum}

[8.148] Al *sou* ons teoreties bely dat God seks geskape het en al *sou* ons seksuele verantwoordelikheid aan kinders *wou oordra*, het die soort Christelike godsdiens wat Afrikaners beoefen het, eerder 'n sterk verband tussen seks, skuld en sonde gevestig. [HK 247: 2007 Religieus (Liefde is die grootste, Cas Vos Dirk Human reds).] {presens}

[8.149] In vanmiddag se omstandighede *sou* ek graag 'n paar goeie klappe *wou gegee het*. [HK 248: 1976 Fiksie (Op pad na die grens, J.C. Steyn).] {presens}

Preteritale modaal + preteritale modaal + perfektum, perfektum

[8.150] Al *sou* ek dit ook nog so graag *wou doen.... dit gaan* 'n martelaarspad wees met my Pa se standpunt. [HK 138: 1977 Biografies (Totius – Profeet van die Mooirivier, V.E. d'Assonville).]

[8.151] Goed, dis seker alles my eie skuld. Nee wragtig, darem nie net myne nie. Wat vannag gebeur het, *sou* ek eintlik nie *wou neerskryf* nie, *maar* laat ek dit tog doen. [HK 287: 1976 Fiksie (Op pad na die grens, J.C. Steyn).]

[8.152] Dit klink heel sprokiesagtig, hoewel ek in hierdie geval eerder die woord mities *sou wou gebruik* en natuurlik is die vraag onmiddellik: wat is die verskil tussen 'n sprokie en 'n mite? HK 341: 2005 Geesteswetenskappe (Die sprokie en twee verhale).]

Preteritale modaal + preteritale modaal + presens, presens

In sowel die perfektum as in die presensvoorbeelde is dit opvallend dat indien die eerste teenfeitelike konstruksie se hoofwerkwoord in die perfektum is, is die ongerealiseerde konstruksie ook in die perfektum en so ook met die presens. Die perfektum is meer finiet en afgehandel en verder verwyderd van die onderwerp, terwyl die presens onderliggend steeds 'n moontlikheid dat die begeerte-parameter voltrek kan word, inhou. Hierdie verskynsel word verklaar deur die verskynsel 'preteritale assimilasië' soos bespreek in 9.8.4.3

Hoewel steeds hipoteties, ontsluit die *sou wou*-kombinasie nie slegs teenfeitelike betekenis nie, maar ook voorwaardelike betekenis soos in [8.153]:

[8.153] *As jy dalk aansoek sou wou doen vir een van hierdie beurse, moet jy asb. 'n aansoekvorm hiervoor by mev. N gaan afhaal en dit weer daar inhandig op die laatste teen 21 November. [HK 344: 2008 Formele brief (10-17).]*

Tipies soos met ander voorwaardelike sinne is daar die inleidende bysin, die protasis met die hoofsin (apodosis). In hierdie geval lyk die konstruksie soos volg

Protasis

As + preteritale modaal + preteritale modaal + presens,

As jy (dalk) aansoek *sou wou* doen

gevolg deur

Apodosis

modale presens + presens

Moet jy (asb. 'n aansoekvorm hiervoor by mev. N) gaan afhaal.

[8.154] Die Zoeloe-jagters het egter besef dat hulle 'n mate van beskerming *sou moes verkry, as hulle weer wou jag*. [HK 399: 1972 Informatief (Grootwild, I. Player).]

In [8.154] volg die protasis-bysin op die inleidende apodosis-hoofsin. Die betekenis van hierdie konstruksie is dus nie teenfeitelik soos in die vorige konstruksie nie, maar dui op 'n geaktiveerde moontlikheid wat in die toekoms kan realiseer. De Villiers (1971:107) dui aan dat met hierdie voorwaardelike sinne die protasis 'n vae moontlikheid aandui terwyl die apodosis in hierdie geval die verpligting-betekenisparameter ontsluit wat deonties van aard is. Let op dat die hoofwerkwoord ook in hierdie gevalle in die presens is (*doen* en *moet afhaal* en *verkry* en *jag*) wat dus die moontlikheidparameter aktiveer.

In die *kon/wou* kollokasie is dit opvallend dat *kon*, net soos *sou*, tipies voor *wou* geplaas word. Weereens is dit epistemiese *kon* wat voor dinamiese *wou* voorkom. In hierdie tipe konstruksies word *kon* direk met *wou* verbind deur *en* sowel as *of*, wat in hierdie gevalle as voegwoorde optree om twee afsonderlike konstruksies, byvoorbeeld:

***Kon* + Werkwoord (WS) + *Sou* + Werkwoord (WS)**

te verbind tot een konstruksie

***Kon*+ (of/en) *Sou* +Werkwoord (WS)**

In [8.155] word die twee konstruksies afsonderlik gebruik:

[8.155] As ons dit *kon* regkry — as ons dit *wou* regkry — om ten volle gebruik te maak van ons regte, soos die omskrywe is in die Taalordonnansie. (53)

AS - NS + *Kon* + Werkwoord (WS) + AS - NS + *Wou* + (Werkwoord) (WS)

Maar in die volgende voorbeelde kom hulle in die gekombineerde vorme voor.

[8.156] Selfs toe die deur Christus hartstogtelik begeerde heerskappy oor die wêreld Hom deur Satan aangebied word, *kon* Hy en *wou* Hy dit nie uit die hand van Gods vyand ontvang nie. [HK 103: 1974 Religieus (Die mens, J.A. Heyns).]

***Kon* + S + (en) + *Wou* + S + O + NS + Werkwoord**

[8.157] ons het die plase van al die lewende hawe en graan, waarop hulle 'n bestaan *kon en wou* voer sonder om om hulp te vra, gestroop [HK 118: 1949 Informatief (Die betekenis van die tweede vryheidsoorlog, J.H. Breytenbach).]

***Kon* + (en) + *Wou* + Werkwoord**

[8.158] Ek moes teen my sin maar glimlag, maar kop gee *kon en wou* ek nie. [HK 119: 1976 Fiksie (Op pad na die grens, J.C. Steyn).]

W + *Kon* + (of) + *Wou*

[8.159] omdat die vooruitsigte vir 'n jong man te swak was, en alhoewel regeringe gesien het dat dit so was, *kon of wou* hulle nie die regte oplossing *soek* nie [HK 300: 1918 Informatief (Die opleiding van die blanke onderwyser, uit De Unie).]

Kon + (of) + wou +S + O + Werkwoord

[8.160] Maar van nou af groei die skool eers, want waar ouders vroeër nie hulle kinders *kon of wou stuur* nie, kom hulle nou in groot getalle, daar bij ons nou dieselfde voorregte als bij ander skole verkry word. [HK 301: 1919 Verslaggewing (uit Gimnasium Jaarboek).]

Kon + (of) +Wou + Werkwoord

Die doel daarvan om die konstruksies so uit te druk is om aan te sluit by Ponelis (1979:565) se idee van die reduksieverskynsel waar herhaling en redundansie voorkom word maar terselfdertyd word 2 betekenisparameters tegelykertyd geaktiveer – die vermoë en begeertebetekenisonderskeidings staan albei voorop. Dit is egter meestal in die ontkennende vorm dat hierdie kombinasie voorkom, asof die konstruksie opsigself 'n verduideliking en bevestiging is hoekom die verlangde aksies nie uitgevoer kon word nie. In al die gevalle, selfs wanneer die konstruksie nie in die negatiewe vorm is nie, is die omstandighede ongerealiseerd en dus hipoteties of irrealis. Dit beïnvloed die sekerheidsgraad van die agent ten opsigte van die moontlikheid dat omstandighede feitlik is wat telkens dui op 'n lae sekerheid en dus korreleer met die ongerealiseerde of teenfeitlikheid van die konstruksie (konstruksie 8.10).

KONSTRUKSIE 8.10: Konstruksies met *wou* en ander modale

Sou + wou


8.10a [SUBJ + sou wou + WW] ↔ [Subjek se begeerte is/was ongerealiseerd]

8.10b [[as + SUBJ + sou wou + HW] PROTASIS] + [[HW MODAAL+ SUBJ + (OBJEK) + HW] APODOSIS] ↔ [Begeerde aksie in protasis is/was afhanklik van gebeure in protasis]

Kon + Wou

8.10c [SUBJ + kon en/of wou + WW] ↔ [Subjek se vermoë en begeerte om 'n aksie uit te voer het nie gerealiseer nie]

Die konstruksienetwerk vir epistemiese *wou* lyk soos volg:



Figuur 8.18 Die konstruksienetwerk van epistemiese *wou*

8.6.3 DEONTIESE *WOU*

Alhoewel *wou* nie dikwels as deontiese modaal gebruik word (slegs 2%) nie, gebeur dit tog dat die 'bereidwillige agent' nie die onderwerp is nie maar 'n eksterne deelnemer wat iets verwag, verplig, aanbeveel of eis van die onderwerp. In meeste gevalle waar *wou* as deontiese modaal optree is dit asof die agent die opdrag/eis versag deur hierdie modaal te kies in sy diskoers.

[8.161] Ek *wil* jou nou weer die vraag stel wat jy netnou nie *wou* beantwoord nie, en ek waarsku jou dat my twee manne heelwat meer van die pynigende kuns af weet as wat hulle tot dusver getoon het. [HK 290: 1941 Fiksie (uit Die Landbouweekblad).]

Deur die kollokasie met deontiese bywoorde en adjektiewe soos byvoorbeeld *verpligtend* en *aggressief*, word daar ook afgelei dat 'n konstruksie deonties van aard is:

[8.162] Hulle was Joodse Christene wat al die Ou Testamentiese wette en seremonies en instellings (bv. besnydenis) vir die Christene uit die heidendom ***verpligtend*** *wou stel*. [HK 380: 1980 Religieus (Kerkgeskiedenis, V.E. d'Assonville).]


[8.163] Daarna het hulle die BMW deurgesoek en *wou* “***aggressief***” by hom weet waar die sleutels is. [HK 111: 2009 Verslaggewing (Die Burger).]

Dit is opvallend dat deontiese gevalle se agent in baie gevalle nie in die eerste persoon of 'n eienaam is nie, maar dat veral organisasies (uitgedruk in die vorm van selfstandige naamwoorde) sowel as wette of regulasies sekere eise op groepe en individue stel:

[8.164] **Die Sasol-bestuur** het die land se gewone klubreëls laat geld en *wou graag sien* dat alle werknemers lede word. [HK 112: 1975 Informatief (Sasol 1950-1975, J. Meintjies).]

[8.165] Die dogmatiese indeling wat uit die tyd dateer toe die **Bybelse Teologie** kritiese begeleiding van die Dogmatiek *wou gee*, so gaan hy voort, moet af gewys word, naamlik God-mens-verlossing. [HK 48: 1976 Geesteswetenskappe (Ou Testamentiese teologie in verleentheid, J.L. Helberg).]

Om aan te sluit by Coates (1983) wat gaan ondersoek instel het na die prototipiese kenmerke van elke modaal maar ook verwys het na die vloeibare grense van modale, vervolgens 'n diagrammatiese voorstel van *wou* se mees en mins prototipiese gebruike.



Figuur 8.19 Prototipiese betekenisse van *wou*

Dinamies: Volisie: 78%

Epistemies: 20%

Deonties: 2%


Noudat die betekenisskakerings van *wou* bespreek is sal die diachroniese ontwikkeling of veranderinge in *wou* belig word.

8.7 *WOUSE* DIACHRONIESE ONTWIKKELING

Die diachroniese veranderinge van *wou* kyk eerstens na die verandering in frekwensies soos gesien in figuur 8.20; daarna word die verandering in die tekstipes onder die loep geplaas waarnaas die modale tipes se ontwikkeling ondersoek is en laastens word die mikrosemantiese veranderinge bespreek.

8.7.1 *WOU* SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

In figuur 8.20 is die frekwensieverspreiding van *wou* se gebruike oor die laaste 100 jaar uiteengesit.




Figuur 8.20 Diachroniese frekwensieverspreiding van *wou*

Wou as preteritum van *wil* is die modale hulpwerkwoord wat die laagste frekwensie in Afrikaans het (buiten vir *mog* wat reeds feitlik uitgesterf het). Die gebruik van *wou* het sedert periode 1 tot en met die laaste periode afgeneem met 17%. Vanaf periode 1 na periode 2 was daar 'n toename van 11% in die gebruik van *wou* maar sedert periode 3 het dit afgeneem en tans kom *wou* 3,2 in elke 10 000 woorde voor. In periode 1 is daar 102 gebruike in 'n korpus van 242 560 woorde aangeteken, met ander woorde daar is 4,2 gebruike van *wou* in elke 10 000 woorde. Alhoewel daar 'n toename van periode 1 na periode 2 plaasgevind het, is die logwaarskynlikheidtelling 0.02 wat daarop dui dat die toename nie statisties beduidend is nie en die nulhipotese word aanvaar. Van periode 2 na periode 3 is daar 'n geringe afname van 4% maar dit is ook statisties onbeduidend. Selfs die 21% afname vanaf periode 3 na 4 is nie statisties beduidend nie aangesien die algehele frekwensie van *wou* oor 4 periodes heen so laag is. *Wou* dra egter 'n eiesoortige betekenisfunksie en vervolgens word die gebruik van *wou* in verskillende tekste ondersoek.

8.7.2 WOU IN VERSKILLENDEN TEKSGENRES

Die verandering in tekstipes gee 'n goeie aanduiding van die kontekste waarin *wou* gebruik word of nie. Figuur 8.21 is 'n grafiese vergestaltung van die gebruik van *wou* in verskillende tekstipes.




Figuur 8.21 *Wou* se teksgenreverspreiding

Wou se genormaliseerde frekwensies in die korpus se verskillende teksgenres fluktueer van periode tot periode dog word afgelei dat *wou* meer algemeen gebruik word in narratiewe en informele genres as in informatiewe en formele geskrifte. *Wou* as preteritum van *wil* dra ook meer subjektiewe en persoonlike trefkrag en die kontekste waarbinne dit eerder gebruik word bevestig hierdie stelling. *Wil* en *wou* as uitdrukking van persoonlike intensie en begeerte sowel as hipotetiese en voorwaardelike betekenis word nie somaar gebruik in meer formele geskrifte wat meer objektief, abstrak en rasioneel van aard is nie. Die gebruik van *wou* in narratiewe tekste het oor 'n tydperk van 100 jaar afgeneem van 8 genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde tot 6 gebruike per 10 000 woorde en alhoewel dit steeds meer algemeen as in informatiewe en formele geskrifte voorkom, word *wou* in die 21ste eeu

meer algemeen in persoonlike informele tekste soos persoonlike briewe gebruik as in narratiewe geskrifte. Die laefrekwensiegebruik van *wou* in informatiewe en formele tekste wat die uitdrukking is van 'n breë algemene mening of empiriese waarneming dra by tot die gevolgtrekking dat *wou* nie 'n kollektiewe homogene intensie en begeerte uitdruk nie maar individualisties en persoonlik van aard is.

8.7.3 *WOU* SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

In figuur 8.22 word die makrosemantiese veranderinge wat *wou* oor die laaste 100 jaar ondergaan het, visueel uitgebeeld.




Figuur 8.22 Diachroniese frekwensieverspreiding van *wou* se modale tipes

Wou is net soos *wil* oorwegend 'n dinamiese modaal wat 'n interne deelnemer se intensie of begeerte uitdruk. Die dinamiese gebruik van *wou* oor 'n tydperk van 100 jaar beslaan gemiddeld 78% gebruike van *wou* teenoor 19% epistemiese gebruike. Alhoewel epistemiese gebruike net soos in die geval van *wil* verhoog het in periode 2 het dit weer teen periode 3 gestabiliseer. Slegs 3% gebruike van *wou* is deonties van aard en dit is so gering dat geen bespreking ten opsigte van die mikrosemantiese betekenis hiervan sal volg nie. Vervolgens 'n bespreking van dinamiese en epistemiese *wou* se mikrosemantiese ontwikkeling.

8.7.4 *WOU* SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Die sterkte waarmee *wou* se intensie en begeertebetekenis oor die afgelope eeu uitgedruk is, word in figuur 8.23 uitgebeeld.



Figuur 8:23 Dinamiese *wou* se begeerte en intensie sterkte

Dinamiese *wou* dui hoofsaaklik 'n hoë sterktebegeerte en intensie-betekenis aan. *Wou* as preteritum van *wil* onderskei unieke betekenis alhoewel heelwat daarvan ook die verlede tyd van *wil* uitdruk. Net soos *wil*, is *wou* 'n persoonlike, individuele uitdrukking van wense, begeertes en die intensie om 'n aksie uit te voer. Daar is 68% subjekte wat in die eerste, derde persoon en eenaam- enkelvoudige vorm voorkom. Na berekening is 64% van *wou* se gebruike oor 'n tydperk van 100 jaar 'n hoëgraadsterkte.

Dinamiese hoëgraadsterkte lyk soos volg:

[8.166] Diep in haar hart was dans wat sy nog altyd die *graagste wou* doen.

[HK 143: 2008 Fiksie (Liefde is Magic, Kowie Rossouw).]

[8.167] Soos ek gesê het, was sy baie afhanklik van die magistraat en *wou altyd* *hê* hulle moes teruggaan Unie toe. [HK108: 2007 Fiksie (T'sats se kind Tkholie, Willem D. Kotzé).]

[8.168] het hy verduidelik dat hy en sy vrou gevlug het van die misdaad in die stad en dat hul twee in hul laaste jare *net* bymekaar *wou woon* en mekaar *wou liefhê*. [HK: 271 2007 Fiksie (Mantrakolie, P.C. Wagener).]

In [8.166] en [8.167] is die subjekte individue wie se wens voorop staan; [8.168] is 'n gesamentlike wens van 'n egpaar wat funksioneer as 'n homogene groep met dieselfde doelwitte. Individuele enkelvoudige subjekte verteenwoordig 68% van die hoëgraad sterkte betekenis wat benadruk hoe *wou* 'n persoonlike uitdrukking van begeerte en intensie is. Bywoorde soos *graag* en *altyd* en die semanties beperkende woord *net* verskerp ook die intensiteit van die uitdrukking en dra daartoe by dat die voorbeelde as hoëgraad sterkte geklassifiseer word.

Wanneer iets op die punt staan om te gebeur, is die subjek se intensie om die aksie uit te voer en die gevolglike sekerheid hoog byvoorbeeld in [8.169]:

[8.169] Hy *wou* net omdraai toe hy 'n dowwe geluid uit die muur dieptes van die put hoor. Was dit sy verbeelding? [HK 201: 1971 Fiksie (uit Die Staatsamptenaar).]

[8.170] Hij het toen kwaad geword, want hij *wou* eet en gaan slaap. [HK 176: 1917 Biografies (Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, Totius).]

[8.171] Die dierbare buurvrou *wou nou* met *aardsgeweld* in die emmer af om ons te kom oopgrawe. [HK 30: 2008 Fiksie (’n Sot op ’n plot, H.S. van Blerk).]

In [8.169] is die subjek op die punt om iets uit te voer maar die aksie in [8.170] is gestuit. Die intensie van die subjek was dus hoog alhoewel die aksie onvoltooid is. In [8.171] is die vrou op die punt om iemand uit te grawe en die intensiteit van haar doelwit word verhoog met die gebruik van die frase *met aardsgeweld*.

Die betekenis van *wou* in [8.172] is irrealis – met ander woorde die subjek het die begeerte of intensie gehad om 'n aksie uit te voer maar vanweë sekere omstandighede is die wens gestuit en nie uitgevoer nie. Dit is dus 'n ongerealiseerde wens of onvoltooide intensie. In hierdie geval mag die subjeksekerheid hoog wees, alhoewel die wens on vervuld is, en die uitvoer van die verbonde aksie onmoontlik. Die subjek se wens-vervulling is onmoontlik alhoewel die begeerte of intensie hoog was. Subjek-hoë-sterkte gaan dus nie om die subjek se geloof dat 'n aksie kan realiseer of 'n wens/begeerte vervuld kan wees nie – die intensiteit is afhanklik van die krag van die subjek se begeerte of intensie. Die modale krag as sodanig staan hier voorop, en nie of die waarskynlikheid of modale betekenis vervuld of voltooid kan wees nie. Die werklikheids- en moontlikheidparadigma is binne die epistemiese dimensie ter sprake, maar nie in die dinamiese of deontiese domeine nie.

[8.172] Ek *wou* haar keer, maar sy was al by die kamer uit. [HK 67: 1973 Fiksie (Kennis van die aand, A.P. Brink).]

[8.173] Ons *wou verder* gaan, maar kon nie toestemming van die staat kry nie. [HK 305: 2007 Fiksie (Mantrakolie, P.C. Wagener).]

In [8.172] was die subjek op die punt om 'n aksie te verrig (die subjek *wou* 'n meisie keer om uit die kamer te gaan, maar het dit nie reggekry nie). Alhoewel die subjek nie in staat was om die verlangde aksie uit te voer nie, is die intensie steeds sterk en op die punt om te gebeur. In [8.173] is die groepe gestuit in hulle wens om verder te beweeg, hulle motivering en begeerte was hoog maar die staat het die verwesenliking van hulle droom gekniehalter.

Dinamiese mediaan- of lae-sterkte is afhanklik van 'n paar faktore:

1. Wanneer 'n sekondêre persoon berig oor die *wil van 'n ander of 'n ander se intensie interpreteer is die uitdrukking van* *wou* mediaan tot lae-sekerheid:


[8.174] Daaruit is sy bedoeling dat hy *wou* aanpas duidelik en hy doen aan sy nasionale identiteit geen skade nie. [HK 229: 1947 Informatief (Regverdige rasse-apartheid).]

[8.175] Die Here *wou* sê dat Hy sy volk se hart ken. Hy weet hoe ontrou sy volk is. Hy weet hoe sy volk Hom verlaat en agter ander gode aanloop. [HK 115: 2006 Religieus (Hekke op ons lewenspad).]

Vervolgens 'n bespreking van epistemiese *wou* se sprekersekerheid.

8.7.4.1 EPISTEMIESE STERKTE: MOONTLIKHEIDSTERKTE

Die grade van sekerheid waarmee 'n spreker 'n proposisie uitspreek en hoe dit gemiddeld oor 'n 100 jaar verander het word in figuur 8.24 grafies uitgebeeld.



Figuur 8.24 Epistemiese *wou* se sprekersekerheid

Wou as epistemiese modaal vertoon grotendeels 'n mediaan-sekerheidbetekenis vanweë die hoofsaaklik teenfeitelike en hipotetiese betekenisaaarde wat daaraan gekoppel is. Mediaan-sprekersekerheid grens aan die waarskynlikheid-betekenisdomein en die spreker se afleiding oor sekere gegewens staan voorop soos gesien in:

[8.176] *Al wat ek kan dink*, is dat iemand van Bultfontein nie *wou* sien dat die troue voortgaan nie. In die distrik was boerseuns wat by Tokkie flikkers gegooi het. [HK 288: 2003 Biografies (In kamera, Hennie van Deventer).]

Die uitdrukkings en KNP's 'al wat ek kan dink' in [8.176] en 'daar is ook bespiegel' [8.177] dui aan dat die spreker nie heeltemal oortuig is van sy teorie oor 'n sekere situasie nie, vandaar die afleiding en nie gevolgtrekkingbetekenisdomein nie wat geaktiveer is

[8.177] *Daar is ook bespiegel* dat die rietsuikerbedryf in Suid-Afrika 'n stokkie voor die projek *wou steek*. [HK 320: 2001 Informatief (uit Die Landbouweekblad).]

Hoëgraadsekerheid het in periode 2 toegeneem en in periode 3 en 4 weer afgeneem. Hierdie betekenis van epistemiese *wou* word geaktiveer wanneer die spreker baie seker is van sy opinie en woorde soos *dus*, *mos* [8.178], *egter* en *blykbaar* [8.179]; en ook modale graadbywoorde soos *graag* [8.180] of *baie graag* [8.181] lei daartoe dat die spreker met taamlike sekerheid tot 'n gevolgtrekking kan kom:

[8.178] "Ek *wou mos* sê daar's iets," sê 'n Ruppink. "En hulle hou dit so stil?" Dit dreun in my kop en my onderlip wil-wil bewe. [HK 83 1979 Biografies (Kambro-kind, F.A. Venter).]

[8.179] Hy kon maklik vir jou of E opgelaai het, maar *blykbaar wou* hy 'n leë kar terug gehad het, want hy het sy platespeler en baie ander goed saam terug. [HK 25: 1978 Persoonlike brief (03-05).]

[8.180] Hy is effens teleurgesteld om te verneem dat sy al 'n jaar ondervinding het as toonbank-assistente. Hy sou *so graag* vir haar alles *wou* geleer het. Wel, dit het alles op 'n Maandagoggend gebeur. [HK 7: 1941 Fiksie (uit Die Landbouweekblad).]

[8.181] Ek sou *baie graag* baie *wou* geleer het. Maar daar was nie geld nie en ek moes gaan werk. [HK 16: 2009 Fiksie (Fred se storie, Lien Roux-De Jager).]

8.8 SAMEVATTING: *WIL* EN *WOU*

Wil se prototipiese betekenis is om 'n subjek-referent se begeertes, wense en intensies uit te druk. Begeerte is eerstens 'n neurologiese staat en daar is nog nie 'n besluit geneem om 'n daad uit te voer nie. Hierdie begeertes is ook emosioneel van aard en die individu is in die rasonale pre-besluitnemingsfase voordat daar oorgegaan word tot die volgende fase wat intensies betrek. Wanneer die subjek-referent tot hierdie stap oorgaan is die besluit geneem om 'n sekere aksie uit te voer. Tydens 'n beredeneringsproses wat begin met die begeerte om 'n aksie uit te voer is intensie die voorlaaste stap wat geneem word voor die aksie self uitgevoer word. Conradie (2016) verduidelik dat *wil* 'n aksiewerkwoord is wat in die aspektuele sin van die woord daarop dui dat iets op die punt is om te gebeur. Die gebruik van die reduplikasie van *wil* in sinne soos “ Haar stem *wil-wil* breek toe sy verder vertel” dui aan dat iets op die punt staan om te gebeur. Hoewel *wil* nie tipies 'n epistemiese werkwoord is nie, volgens Conradie (2016), word *wil* egter gebruik in epistemiese proposisies. Epistemiese *wil* kan sprekeronsekerheid maar ook hipotetiese voorwaardelike gebruike vertoon. Voorwaardelike hipotetiese konstruksies dui 'n moontlikheid aan dat 'n sekere aksie uitgevoer kan word mits sekere faktore sal plaasvind. Die moontlikheid dat 'n aksie kan plaasvind is bloot 'n bespiegeling en voorspelling en geen feitelikheid word aangedui nie wat die proposisie epistemies maak. Dit is veral die kollokasie van *wil* en *sal* of *sou* wat proposisies 'n onseker en irrealisbetekenis gee. Hierdie kollokasie is baie algemeen en alhoewel die begeerte- of intensiebetekenis betrek word, is dit die saamval met *sal* of *sou* wat aan die hele proposisie 'n onseker voorspelling en dus epistemiese karakter verleen. *Wil* het ook gefossileer en kom in vaste uitdrukkings voor soos byvoorbeeld *dit wil sê* en *dit wil so voorkom*, en hierdie konstruksies is so algemeen in gebruik dat in hierdie hoofstuk die voorstel gemaak is dat die konstruksie as sodanig gekonstruksionaliseer het tot 'n unieke vaste konstruksie met 'n betekenis wat onafhanklik staan van die gebruik van *wil*. Die diachroniese ondersoek na *wil* dui aan dat *wil* se betekenis bestendig gebly het en daar het geen drastiese verskuiwings of veranderinge plaasgevind nie. *Wil* word oorhoofs gebruik in informele en narratiewe tekste en nie in informatiewe of formele akademiese tekste nie aangesien dit die

uitdrukking is van 'n subjek-referent se persoonlike begeertes en intensies. Die konteks waarbinne *wil* voorkom stem ooreen met die prototipiese betekenis daarvan en die gebruik van *wil* as modaal is dus meer persoonlik van aard as ander modale hulpwerkwoorde.

Wil en *wou* se betekenisverskil lê gesetel in tempus, aangesien *wou* die preteritum is van *wil* en dus op subjek-referente se wense, begeertes en intensies in die verledetyd dui, maar dit is ook die uitdrukking van ongerealiseerde begeertes en intensies sowel as teenfeitelikheid. Die uitdrukking van ongerealiseerde *wou* kollokeer met die teenstellende voegwoord *maar*. Eerstens word die subjek-referent se begeerte of intensie uitgespreek gevolg deur die teenstellende bysin ingelei deur *maar* wat verduidelik hoekom 'n begeerte nie vervul is nie. Alhoewel epistemiese *wou* nie die algemene kenmerk van hierdie modaal is nie, kom dit tog voor in 20% van *wou* se gebruike. *Wou* kollokeer met modale bywoorde en druk sprekeronsekerheid uit. Dit is veral wanneer *wou* en *sou* kollokeer in voorwaardelike en ander teenfeitelike en ongerealiseerde omstandighede wat *wou* as epistemiese modaal uitstaan. Hierdie kollokasie is baie algemeen en met epistemiese *sou* as eerste modaal in hierdie frekwente konstruksie, dra die uitdrukking van begeerte deur middel van *wou* ook 'n sprekeronsekerheidbetekenis. Die gebruik van *wou* het met 16.67% oor die afgelope 100 jaar afgeneem en dit is die modale hulpwerkwoorde met die laagste frekwensie. *Wou* word egter steeds gebruik om subjek-referente se begeertes en intensies in die verledetyd sowel as ongerealiseerde begeertes en intensies mee uit te druk. Hierdie gebruik word veral aangetref in informele en narratiewe tekste teenoor formele, akademiese en informatiewe tekste wat 'n baie lae frekwensie van hierdie modaal vertoon wat benadruk dat hierdie modaal net soos *wil* meer persoonlik en individualisties van aard is.

HOOFSTUK 9 *SAL* EN *SOU*

BETEKENISDIMENSIE: VOORSPELLING EN VOLISIE

9.1 INLEIDING

Die gebruik van *sal/will/zullen* is hoofsaaklik toekomsgerig en gevolglik volgens modale terme ook epistemies van aard (Collins, 2009:128). Die polemieë rondom die kategorisering van *will* en *shall* as modale hulpwerkwoorde word deur verskeie teoretici (Declerck, 1991:8-13; Huddleston, 1995; Larreya, 2000; Lyons, 1968:310 en Palmer, 1990:163 en) gevoer vanweë die sentraal toekomsgerigte betekenis van *will*, maar hierdie studie sluit aan by Huddleston en Pullum (2002:190) wat die volgende oor toekomsgerigtheid en modaliteit gesê het:

there is an intimate connection between futurity and modality: “our knowledge about the future is inevitably much more limited than our knowledge about the past and the present, and what we say about the future will typically be perceived as having the character of a prediction rather than an unqualified factual assertion”.

Sal vertoon egter ook ander betekenisse, insluitend dinamiese, en selfs in 'n geringe mate deontiese betekenisse. *Sal* se preteritumvorm, *sou*, is meer hipoteties van aard maar dit verwys ook na ongerealiseerde gebeure wat die betekenis hiervan hoofsaaklik irrealis maak. Die fokus van hierdie hoofstuk is om ondersoek in te stel na *sal* en *sou* se diachroniese ontwikkeling oor die laaste honderd jaar. As vertrekpunt word die etimologie van *sal* bespreek waarnaas Nederlandse *zullen* en Engelse *will* en *shall* se betekenisse ondersoek word om sodoende vas te stel hoe Afrikaanse *sal* se betekenis en ontwikkeling met hierdie twee semantiese ekwivalente vergelyk. 'n Volledige uiteensetting van *sal* se betekenisnuanses volg daarna en met hierdie

inligting in pag word die diachroniese veranderinge in *sal* ondersoek. Nadat *sal* volledig bespreek is, word dieselfde proses vir *sal* se preteritumvorm – *sou* – herhaal.

9.2 ETIMOLOGIE

Zullen is die Nederlandse basisvorm waarvan Afrikaanse *sal* afkomstig is. Philippa et al. (2003 -2009) beskou *zullen* as hulpwerkwoord van tyd en hulpwerkwoord van modaliteit. *Zullen* is afkomstig uit Oudnederlands se *sulon* of *sculon*.

In Middelnederlands is die vorms *solen*, *suelen*, *sollen* en *sullen* algemeen met verskeie variasies hierop in ander Germaanse tale soos byvoorbeeld *skal/skulun* (wat ook beteken om skuldig te wees) in Goties; *skel skilun* in Oudfries; in Nieuwhoogduits is die vorm *skall/skulum* gebruik; *scal/scullen* in Oudsaksies en *sceal/sulon* in Oudengels en *shall* in Nieuwengels.

Hierdie vorms hou almal verband met die Protogermaanse vorm *skall* en *skulum* wat die betekenis: 'moet verplig wees' onderskei.

Die oorspronklike betekenis van *zullen/sal* is: 'om skuldig te wees'. So het die betekenis verder verander van 'tot verplig wees' as 'n modale verwagting tot en met *zullen* wat mettertyd toekomsgerigte betekenisse begin onderskei het. *Zullen* is nou verwant aan die Proto-Indo-Europese woord *skeleti* wat ook beteken: 'moet verplig wees' sowel as die vorm *skel* – wat 'skuld' of 'skuldig' beteken.

In die tiende eeu is die vorm *sal* vooruitskouend en toekomsgerig:

[9.1] ic *sal* beidan sin

ik *za* hem verwachten

Ek *sal* hom verwag [Philippa et al. 2003-2009]

Zullen en *moet* word al sedert die elfde eeu op soortgelyke wyse gebruik soos gesien in [9.2]:

[9.2] (a) ...thaz thu thurgnahtigh scalt sin an then thrin dugathen [ca. 1100]

...dat je volmaakt moet zijn in de drie deugden

...dat jy volmaak moet wees in die drie deugde [Philippa 2003-2009]

(b) Ther wir ein teil gesaget haben unde noch ein teil *sculen* sagen
[ca.100]

Waarvan we een deel gezegd hebben en een deel nog *zullen* zeggen

Waarvan ons een deel gesê het en een deel nog *sal/ sê* [Philippa et al. 2003-2009]

In alle Germaanse tale het die werkwoord die funksie van die hulpwerkwoord gekry. *Zullen* vertoon verskeie vormvariante in verskillende areas waarvan die dialekte verskil. Hierdie variasies kom voor vanweë die verskeie streeksgebonde klankontwikkeling en analogievorming binne Nederlandse taalgebiede. (Vroegmiddelnederlands Woordenboek, 2007). Onder meer is daar die volgende streeksgebonde verdelings en vorms van *sullen/zullen*:

Noord-Brabant: *zoelen, zole(n), zoude(n), zuele(n), zulen*; **Wes-Brabant:** *selen, sal, sale*, en preteritumvorme: *soid; soide, soit, sold, solde, solen, soles, sollen, sols, sonde, sou*; **Holland:** *sullen*; **Oos-Holland:** *sols, solt, zael*; **Limburg** is *solen/sölen*; **Nederrijns:** *sal/sael/sait*; **Vlaandere:** *sullen*; **Zeeuws-Vlaandere:** *sillen*; **Wes-Vlaandere:** *sallen* en *sude* (*l. soude*), *suele(n), sul, sulden, sule(n), sulet, sulle(n),ullet, sullim, sullun* (*l. sullen*), *sult, suelen*; **Oos-Vlaandere:** *sals; salt, seel, sel, selen, selle, selt, seuleun*.

Die vorm, *sal*, soos in Afrikaans gebruik, kom al sedert Middelnederlands (1200 - 1500), Oudnederfrankies (voor 1200) en Oudfries (voor 1550) voor. Afhangende van die streek waarin jy woonagtig was, sou dit bepaal het hoe jy hierdie modale hulpwerkwoord gebruik. Die gebruik van *zul* is nog sigbaar in periode 1 in die informele register van die Historiese korpus waarmee hierdie studie werk en *sal* is meer algemeen in die formeler geskrewe tekste. Sedert periode 2 waartydens die standaardisering van Afrikaans plaasgevind het, is *sal* as die gebruikelike vorm en *sou* as preteritum daarvan aangeneem.

Tot sover die etimologiese ontwikkeling van *zullen* as bronvorm waaruit Afrikaanse *sal* ontstaan het. Vervolgens 'n blik op die betekenis-skakerings en diachroniese ontwikkeling van Nederlandse *zullen* en Engelse *will*.


9.3.1 ZULLEN

Zullen het 'n wyer semantiese skopus as ander modale hulpwerkwoorde aangesien dit 'n epistemiese modaal is, temporele gebruike het (dit is toekomsgerig) en ook irrealisbetekenisse onderskei (Coupé, 2015:184). Veral in Middelnederlands was hierdie modale hulpwerkwoorde polisemies en uitwisselbaar met *moeten* en *mogen*. Conradie (1987:172) dui aan dat voorspelling (toekomsgerigtheid) en die hipotetiese (teenfeitelikheid) aard van *zullen* semanties ontwikkel het tot die prototipiese betekenis van hierdie modaal. *Zullen* het sy deontiese oorvleueling met *moeten* en *mogen* verloor en is nou merendeels epistemies van aard. Alhoewel gesproke taal nog dikwels deontiese betekenis vertoon, het geskrewe tekste hierdie betekenisdimensie verloor en *zullen* is die standaardaanwyser van die toekomstige tyd. Die verledetydsvorm van *zullen*, *zou* en *zouden*, is 'n aanwyser van die 'toekomstige verlede' wat irrealis en teenfeitelike betekenis insluit.

[9.3] Tim *zou* ook komen, maar hij had zich verslapen.

Tim *sou* ook kom maar hy het verslaap. [Coupé, 2015:188]

Van alle Nederlandse modale hulpwerkwoorde is *zullen* die mees gegrammatikaliseerde modaal vanweë die breë skopus van betekenis. *Zullen* is die eerste modale hulpwerkwoord wat epistemiese betekenis begin vertoon het. *Zullen* is aan die bo-punt van die ontwikkelingsketting en het eerste gegrammatikaliseer van 'n leksikale tot 'n grammatikale werkwoord en mettertyd tot 'n hulpwerkwoord wat tyd aanwys. *Zullen* vertoon die prototipiese ontwikkeling van modale hulpwerkwoorde op 'n kline (skaal) wat strek vanaf dinamiese- (vermoë en volisie) en deontiese-betekenis (verpligting) tot die meer subjektiewe betekenis soos gevind in epistemiese modaliteit (Traugott 1989:41-44) om sodoende uiteindelik te verander totdat dit 'n aanwyser is van toekomstige tyd (Conradie, 1976, 1987). Die roete lyk soos volg (Conradie, 1979:45):



9.3.2 WILL/SHALL

Etimologies sowel as morfologies stem *sal* en *zullen* ooreen met *shall*. Die gebruik van *shall* het merkwaardig afgeneem sedert 1961 (Collins, 2009:138). Die prototipiese betekenis van *shall* is deonties en alhoewel dit ook heelwat dinamiese gebruike het, is daar min epistemiese betekenis teenoor *will* wat meer epistemies van aard is. Epistemiese gebruike van *will* het die laaste tweehonderd jaar vanaf 1800 toegeneem van 60% tot 65% gebruike van *will*. Daarteenoor het die dinamiese gebruik van *will* toegeneem van 31% tot 33% en die deontiese gebruik van *will* het afgeneem van 8% gebruike tot skaars 1.4% van *will* se gebruike (Collins, 2014:24). *Will* word meestal aangewend om voorspellings oor toekomstige gebeure te maak wat volgens Collins, 2009:126) wesenlik epistemies van aard is. Deontiese *will* het grotendeels verdwyn en is oorgeneem deur ander taalhandelings en dinamiese *will* se betekenisse verwys na toekomsgerigte intensies, planne of beloftes soos uitgedruk deur die eerste persoon subjek-referent. Waar *zullen* se gebruik aanvanklik deonties was en mettertyd eerder die uitdrukking van voorspellings en toekomstige gebeure geword het, het dieselfde met *shall* gebeur maar in die proses het *will shall* se epistemiese en dinamiese gebruike oorgeneem en die voorkeurmodaal in die epistemiese dimensie geword teenoor *shall* wat bykans heeltemal verdwyn het. *Zullen* het 'n

betekenisverskuiwing ondergaan, terwyl *shall* verdwyn het en *will* het parallel met *zullen* se betekenisverskuiwing in die epistemiese betekenisdomein ingeskuif. *Will* is volgens 'n korpusgebaseerde studie op Britse en Amerikaanse Engels steeds die mees frekwente modale hulpwerkwoord ten spyte daarvan dat die gebruik daarvan in die 21ste eeu afgeneem het met 2% in die Britse en 11% in die Engelse korpusse (Mair & Leech, 2006:332).

9.4 BETEKENISNUANSES VAN *SAL*

De Villiers (1971:87) verwys na *sal* as moontlik die 'belangrikste modale werkwoord' vanweë sy 'gebruiklikheid' en sy 'uiteenlopende waardes'. Volgens De Villiers (1971) kan *sal* in sy onpersoonlike vorm sinoniem wees aan *moet* (net soos gesuggereer in die etimologiese beskrywing), byvoorbeeld:

[9.4] Hy eis dat sy *sal* gaan. [De Villiers 1971:88]

Hy eis dat sy *moet* gaan.

[9.5] As hy dit sê, dan *sal* dit so wees.

As hy dit sê, dan *moet* dit so wees.

Een van die kernbetekenisse van *sal* is **voorneme** of **aandrang** wat dit verwant aan die betekenis van *wil* maak, maar daar is ook fundamentele verskille in die betekenis-skakerings van hierdie twee modale.

In die sin:

[9.6] Ek *sal* dit doen. [De Villiers 1971:88]

is die wil van die spreker as 'n versekering of *voorneme* om 'n sekere handeling uit te voer, aangebied;

en in die sin:

[9.7] Ek *wil* dit doen. [De Villiers 1971:88]

staan die begeerte van die spreker voorop.

Die verskil in die twee modale hulpwerkwoorde is dat wanneer *sal* beklemtoon is dan word die subjek-agent se wil of begeerte eerder as 'n versekering uitgedruk maar wanneer die klem ontbreek, sal die onderliggende versekering ook nie sterk wees nie.

In die volgende sinne word die wil van die spreker as aandrang uitgedruk:

[9.8] Ek *sal* dit nie wegsteek nie, ons moet weg. [De Villiers 1971:88]

[9.9] Ek sê jy *sal* nie skiet nie. [De Villiers 1971:88]

Wanneer *sal* die spreker se aandrang uitdruk, dan is daar 'n groot verskil tussen die uitdrukking van die eerste persoon se eie wil of voorneme of vasberadenheid (soos gesien in ek *wil*/ons *wil*) teenoor die tweede of derde persoon se wil waar die gebruik van *sal* met *moet* geassosieer kan word omdat die wil of versekering van die spreker en nie die van die onderwerp nie, uitgedruk word. In vraag- en bysinne word die wil van die tweede of derde persoon uitgedruk, byvoorbeeld:

[9.10] Hy eis dat sy *sal* gaan. [De Villiers 1971:88]

Die verskil tussen die eerste, tweede of derde persoon se uitdrukking van *sal* word eers gesien wanneer dit met *wil* vergelyk word, byvoorbeeld, ek *wil*, jy *wil*, hy *wil* – waar *wil* die begeerte van die betrokke subjek en nie die van die spreker nie, beklemtoon. Hierdie onderskeid tussen *wil* se uitdrukking van die subjek se persoonlike begeerte teenoor *sal* as uitdrukking van beide begeerte en voorneme word in die volgende voorbeeldsinne gedemonstreer:

[9.11] Ek *wil* dit graag lees. [De Villiers 1971:91]

[9.12] Ek *sal* dit graag lees.

Alhoewel daar dikwels na *sal* verwys word as die uitdrukking van die toekomstige tyd, is hierdie betekenisfunksie meestal sekondêr en eerder 'n implikasie of bykomende waarde van die werkwoord want die toekomstige funksie is nie los te make van die modale waarde daarvan nie (De Villiers, 1971:89). Selfs in sinne waar *sal* as

toekomendetydwyser sterk na vore tree is die modale betekenis daarvan steeds sentraal, byvoorbeeld:

[9.13] Die presiese betekenis van hierdie verandering *sal* eers later kan vasgestel word. [De Villiers 1971:89]

[9.14] Jy en jou kollega *sal* vir vannag 'n ander skouburg moet gaan soek. [De Villiers 1971:89]

Voorbeeldsinne [9.13] en [9.14] dui op situasies wat in die toekoms *sal* plaasvind en is dus toekomsgerig. Die onderliggende betekenis hiervan is egter ook modaal aangesien daar geen beheer is oor die uitkoms van die gegewens nie. Daar is verskeie moontlikhede oor wat kon plaasvind en hierdie verskeie moontlikhede breek moontlike wêrelde oop soos deur Kratzer (1991) verduidelik.

Sal word gebruik in voorspellings, hetsy dit voorspel wat in die toekoms gebeur of sekere gebeure of mense se gewoontes blootlê in die voorspelling, byvoorbeeld:

[9.15] Dit *sal* môre reën. [Conradie 2018]

[9.16] Sy *sal* elke dag gaan inkopies doen. [Conradie 2018]

Sal kan die spreker se persoonlike intensie uitdruk, maar ook as 'n belofte teenoor die aangesprokene dien. *Sal* as voorspelling, intensie of belofte het inherent 'n toekomsstrekking en vandaar die assosiasie en verbondenheid van *sal* met die toekomende tyd.

Die voorspellingsbetekeniselement van *sal* kan drie onderskeie funksies dien:

1. Voorspelling van toekomstige gebeure, hetsy hipoteties (oneintlike modaliteit) of werklik (eintlike modaliteit)

[9.17] Môre, miskien vannag nog, *sal* dit reën. [D. Sleight, 1795, 2016:44]

2. Die voorspelling van bestaande maar tot dusver nog onwaargeneemde situasies, tipies in wetenskaplik hipoteses.

[9.18] Daar *sal* nie lewe op Mars wees nie. [Conradie 2018]

3. Die karakterisering van iemand/iets deur sekere gebruiklike handelinge of gewoontes te voorspel. [Conradie 2018]

[9.19] Party... lammers *sal* sommer bo-oor die ooie... probeer klim om die water by te kom [L.P. Bredenkamp, Jan Leendert, 2009:24]

Sal kan deel vorm van 'n spraakhandeling veral wanneer dit in 'n opdrag gebruik word, en in hierdie gebruik is daar ooreenkomste met deontiese *moet*. In hierdie gevalle is die spreker verseker van die toekomstige handeling wat deur 'n aangesprokene uitgevoer gaan word:

[9.20] Jy *sál* die deur sluit! [Conradie 2018]

Sal, sowel as preteritum *sou* kan egter ook 'n beleefde versoek wees:

[9.21] *Sal* jy asseblief die deur sluit?

[9.22] *Sou* jy dalk vir verkiesing beskikbaar wees?

In modale kettings is *sal*, *sou* en *gaan* die modale wat altyd eerste geplaas word vanweë die onuitgesproke reël dat epistemiese modale eerste voorkom (Conradie, 2018).


[9.23] Sy *sal* die berekenings vinniger *moet kan* doen.

Sal se betekenisnuanses het vloeibare grense tussen die onderliggende betekenissoos gesien in die betekenissoos voorspelling en noodsaaklikheid, die toekomsgerigte verwysings, die epistemiese funksies en direktiewe (Conradie, 2018). Vervolgens 'n bespreking van *sal* se modale betekenissoos.

Sal onderskei epistemiese, dinamiese en deontiese betekenissoos wat elkeen afsonderlik bespreek word.

9.4.1 EPISTEMIESE *SAL*

Figuur 9.1 is 'n grafiese voorstel in die vorm van 'n semantiese kaart wat die betekenisdimensies van epistemiese *sal* weergee.



Figuur 9.1 Die semantiese kaart van epistemiese sal

Die semantiese kaart demonstreer die twee hoofdomeine van epistemiese *sal*. Die eerste hoofdomein bevat (a) voorspelbaarheid-*sal* wat in die hede en verlede geplaas is en (b) voorwaardelike betekenisse. Albei hierdie betekenisse se sprekersekerheid is hoog. Die tweede hoofdomein van epistemiese *sal* is die voorspellingdomein wat geplaas is binne die toekomende tyd. Binne hierdie domein is teenfeitelike en hipotetiese betekenisse en al drie betekenisse binne hierdie domein (voorspelling; teenfeitelik en hipotetiese betekenisse) se sprekersekerheid is swakker en word as mediaansekerheid geklassifiseer.

Daar is **twee hooftipes gebruike** van epistemiese *sal*. Die eerste is die nie-kontroversiële voorkoms daarvan in **die hede en verlede** wat deur Huddleston en Pullum (2002:188) as sentraal-epistemies gesien word teenoor Coates (1983:169) wat daarna verwys as **voorspelbaarheid**. Die ander meer kontroversiële gebruik (sien bl. 10) van epistemiese *sal* is wanneer **sal** in **die toekoms** gebruik word en as temporele hulpwerkwoord uitstaan. Coates (1983:169) gebruik hiér die term **voorspel/voorspelling**.

Voorspelbaarheidkonstruksies word uitgedruk in die **hede of verlede** en omvat die spreker se geloof oor die waarheidsaspek van die inhoud van sy/haar proposisie soos vasgestel deur kennis of bewyse. Konstruksie 1 is die prototipiese konstruksie van voorspelbaarheid-sal

KONSTRUKSIE 9.1: Voorspelbaarheid sal

[SUBJ + sal + KLAUS] VERLEDE OF HEDE ↔ [Subjek in die hede of verlede voorspel met sekerheid dat 'n handeling uitgevoer sal word.]

[9.24] Hulle ondersteun daardie firmas en dis nie onbillik van hulle om te verwag dat daardie firmas hul Blad sal ondersteun nie. [HK 38: 1942 Verslaggewing (uit Die Taalgenoot)] (HEDE)

[9.25] Met 'n besef dat die hoofstad van die Oranje-Vrystaat in die hande van die vyand was, en dit nie uitgesluit was dat hy nie weer as president daarheen sal terugkeer nie, kon Steyn nadink of hy in die maande dat hy as 'n "oorlogspresident" moes optree wel sy verantwoordelikhede na behore nagekom het. [HK 55: 2009 Biografies (Marthinus Theunis Steyn Regsman staatsman en volksman, M.C.E. van Schoor)] (VERLEDE)

[9.26] Ek voel nie nou sterk genoeg vir Pärt nie. Daar sal te veel gelaaide stiltes wees, te veel klokgebeier; ek het genoeg godsdienstige blootstelling gehad vir een dag met 'The holy Innocents'. [HK 50: 2007 Fiksie ('n Vreemdeling op deurtog, Hennie Aucamp)] (HEDE)

In voorbeeldsinne [9.24] – [9.26] is die konteks van die proposisies in die verlede en hede en [9.26] se konstruksie is hieronder ontleed om te demonstreer dat die sprekersekerheid hoog is.

Konstruksie 9.1: [daar] SUBJEK [sal] MODAAL [te veel gelaaide stiltes] OBJEK [wees] EKISTENSIËLE WW] ↔ [Spreker is seker dat Pärt se musiek 'n ongewenste effek op hom/haar sal hê]

Voorspelbaarheid-sal se waarde is semanties sterk. Die proposisie se feitelikheid kan bewys word. Die sentrale epistemiese verklaring vir voorspelbaarheid is dat die spreker aanneem of verwag dat iets kan gebeur. In die toekoms sal hierdie aanname of verwagting bevestig word vir situasies in die hede en in terme van die verlede kan daar gekontroleer word of die verwagte uitkoms wel gerealiseer het.

Voorspelling as epistemiese funksie van *sal* is kontroversieel en word selfs deur Palmer nie as modaal gesien nie, maar slegs as temporele werkwoord. Hierdie studie sluit egter aan by Huddleston en Pullum (2002:190) en Collins (2009:28) wat aandui dat ons geen vaste kennis of greep het op die toekoms nie, maar altyd blootgestel is aan die effek van 'n onverwagte en onvoorspelbare toedrag van sake. Gevolglik word enige voorspelling wat oor toekomstige gebeure gemaak word, as epistemiese modaal en nie as suiwer temporele verwysing nie, geïnterpreteer. *Sal* as voorspelling-modaal word dikwels saam met modale adjunkte (soos *miskien*, *seker* of *moontlik* soos in [9.27], [9.28] en [9.29]) gebruik wat verdere inligting gee oor die proposisie se werklikheidsaanspraak. Konstruksie 2 gee voorspelling-*sal* se prototipiese vorm en funksie weer.

KONSTRUKSIE 9.2: Voorspelling *sal*

[SUBJ + *sal* + (BYWOORD) + KLAUS] ↔ [Subjek is onseker oor toekomstige gebeure]

[9.27] Een van die dae *sal* sy *miskien* nie eens haar neus optrek vir mensvleis nie! [HK 61: 1974 Fiksie (Martelaars van die noodlot, Ena Murray)]
(TOEKOMEND)

Konstruksie 9.2 is op [9.27] van toepassing gemaak om aan te dui hoe hierdie sprekersekerheid swakker is as voorspelbaarheid-*sal*


Konstruksie 9.2: [...[sal] MODAAL [sy] SUBJEK [miskien] BYWOORD [nie eens haar neus optrek vir mensvleis nie!] KLAUS]] ↔ [Spreker is onseker oor wat in die toekoms sal gebeur]

In [9.28] en [9.29] is die sprekersekerheid insgelyks swak vanweë die toekomsgerigte projeksie op genoemde situasies. Die ontkenning van die bywoord *seker* in [9.28] druk die spreker se onsekerheid oor toekomstige gebeure uit:

[9.28] Alles speletjies en plesier *sal* dit *seker nie wees nie*.... daar gaan hard gewerk en geleer word. [HK 382: 1941 Fiksie (Hy is die man, Duro)] (TOEKOMS)

[9.29] Elke teël *sal moontlik* herhaaldelik geknip moet word totdat u tevrede is met die rangskikking. [HK 417: 1974 Informatief (Maklike Mosaiek, V, Luyt)] (TOEKOMS)

Benewens die twee hoofbetekenisdomeine van epistemiese *sal* naamlik voorspelbaarheid en voorspelling-*sal*, is daar ook fyner betekenis-skakerings wat elkeen van hierdie domeine verder nuanseer. Die volgorde waarin hierdie fyner betekenisnuanses bespreek word, is gebaseer op die epistemiese skaal wat wissel van sprekeronsekerheid aan die een kant teenoor sprekersekerheid aan die ander kant. Die epistemiese skaal lyk soos volg:



Figuur 9.2 Epistemiese skaal

9.4.1.1 MOONTLIKHEID-SAL

Hierdie studie se hipotese is dat die **spreker se onsekerheid** eerder deur **voorspelling-sal (toekomsgerigte sal)** betekenisse uitgedruk word. Om vas te stel watter betekenis van *sal* eerder met sprekeronsekerheid gepaardgaan, is daar 'n steekproef uitgeoefen op die kollokasie van **modale adjunkte** *moontlik*, *onwaarskynlik*, *miskien*, *dalk* en modale frases soos *dan sal ek desnoods* en *maar net*, met gebruike van *sal* in die toekoms (voorspelling-*sal*) en gebruike in die hede en verlede (voorspelbaarheid-*sal*). Voorspelbaarheid en voorspelling-*sal* kollokeer albei met epistemiese adjunkte soos *moontlik* maar die gebruik is meer frekwent in voorspelling- as voorspelbaarheidkonstruksies:

Volgens tabel 9.1 is die gebruik van epistemiese *sal* ekwivalent ten opsigte van die hede en verlede met 49 % gebruike van epistemiese *sal* in die hede en 48% gebruike wat toekomsgerig is.

	moontlikheid	sekerheid	Totaal
Hede (voorspelbaarheid)	31	147	178
Toekoms (voorspelling)	54	120	174
Verlede (voorspelbaarheid)	1	7	8
Totaal	86	274	360

Tabel 9.1 Moontlikheid (met adjunkte) teenoor sprekersekerheid in voorspelling en voorspelbaarheidbetekenisse

In slegs 2.% van epistemiese *sal* se gebruik verwys die gebeure na die verlede. Hierdie tabel dui ook aan dat toekomsgerigte *sal* meer onseker is as *sal* in die hede aangesien 63% van alle gebruike van *sal* wat kollokeer met die adjunk *moontlik* en soortgelyke adjunkte, toekomsgerig is, teenoor 36% van gebruike van epistemiese *sal* in die hede. Hierdie betekenisverskil het betrekking op die modale sterkte van *sal* aangesien moontlikheid dui op mediaansterkte en sekerheid dui op hoë sterkte. Alhoewel voorspelling-*sal* hoë epistemiese sekerheid gebruike het, is dit swakker as voorspelbaarheid-*sal*.

9.4.1.2 PASSIEWE-SAL

Beide voorspelling en voorspelbaarheid-*sal* gebruike kom dikwels voor in die **passiewe konstruksie**:

[9.30] Die deputasie *het bestaan* uit mevr. Raath, mnr. Roux en mevr. Strating en die hoofversoek van die deputasie was dat kennis geneem *sal word* van sy bestaan veral in verband met die beoogde ondersoek na gesinslewe. [HK 157: 1949 Formele brief (10-28)] {VERLEDE TYD: VOORSPELBAARHEID}

[9.31] Die kliniese beeld mag dan ooreenstem met wat ons straks onder die kolloïde struma diffusa gaan bespreek waar chirurgiese indikasies *gestel*

sal word. [HK 168: 1941 Natuurwetenskappe (S.A. Tydskrif vir Geneeskunde)] {HEDE: VOORSPELBAARHEID}

[9.32] Indien u toestem om aan hierdie versoek te voldoen en nog 'n groot voorraad bewysstukke (Pens. 147) voorhande het, *sal dit waardeer word* as los stukkies gedruk kan word [HK 18: 1945 Formele brief (08-01)] {HEDE: VOORSPELBAARHEID}

[9.33] Eers wanneer die pypleiding klaar is, *sal* hulle die ru-olie begin uitpomp. Die olie *sal* onder eie druk uit die gate gestoot word na 'n sentrale wisselkamer waarvandaan dit na groot pompeenhede *gelei sal word*. [HK 346: 1971 Verslaggewing (uit Die Huisgenoot)] {TOEKOMSTIG: VOORSPELLING}

Passiewe konstruksies is onpersoonlik vanweë die verskuiwing van fokus en gevolglik is meeste van hierdie konstruksies epistemies aangesien die situasie in geheel as epistemies beoordeel word eerder as die subjek se bydrae tot die moontlike uitkoms.

9.4.1.3 SAL IN MODALE KETTINGS

Die gebruik van *sal* in **modale kettings** dra ook die voorspelling sowel as voorspelbaarheid- betekenisfunksie (Conradie, 2018:10). Dit geld vir voorspellings wat dui op die toekomstige tyd sowel as voorspellings ten opsigte van wetenskaplike teorievorming in die vorm van hipoteses. Beide hierdie tipe voorspellings is epistemies

KONSTRUKSIE 9.3: Epistemiese modale ketting

Konstruksie 9.3A: [SUBJ + *sal* + (OBJ) + (BYWOORD)+ moet + HW] ↔ [*Sal* en *moet* wys op hipoteties noodsaaklike handelings]

Konstruksie 9.3B: [SUBJ + *sal* + (OBJ) + (BYWOORD) + kan + HW] ↔ [*Sal* en *kan* wys op hipotetiese vermoë van subjek]

van aard en die hele proposisie is gevolglik epistemies van aard. Die konstruksie van epistemiese modale kettings word in konstruksie 9.3 uitgedruk.

In die volgende voorbeeldsinne kollokeer *sal* met *moet* in [9.34] en met *kan* in [9.35] en [9.36]:

[9.34] Smith het erken Suid-Afrika *sal* aansienlik *moet verbeter* as hy die reeks wil wen. [HK: 2009 Verslaggewing (Die Burger)] {VERLEDE: VOORSPELBAARHEID}

Konstruksie 9.3A: [Suid-Afrika] SUBJEK [sal] MODAAL [aansienlik] BYWOORD [moet] MODAAL [verbeter] HOOFWERKWOORD ↔ [Dit is hipoteties noodsaaklik vir Suid-Afrika om te verbeter sodat hulle kan wen]

[9.35] Kan ek ook probeer? Dit lyk so lekker. Hier by die onderste blaaie *sal* ek mos *kan bykom*, of hoe? [HK 37: 2008 Fiksie (Onthoupad na die see, Sjané van Aswegen)] {HEDE: VOORSPELBAARHEID}

[9.36] sodat vanaf 1920 ons dwars deur die skool Afrikaans als voertaal van ons onderrig *sal* geniet. En dan *sal* ons met trots die naam *kan dra* van een van die eerste, so nie die eerste nie, Afrikaans-medium Hoër Skool in Suid Afrika. [HK 65: 1919 Verslaggewing (uit Gimnasium Jaarboek)] {TOEKOMS: VOORSPELLING}

Konstruksie 9.3B: [[ons] SUBJEK [sal] MODAAL [met trots] BYWOORD [die naam] OBJEK [kan] MODAAL [dra] HOOFWERKWOORD] ↔ [Ons sal in die toekoms die vermoë hê om die naam te dra.]

Wanneer *sal* kollokeer met ander modale hulpwerkwoorde is die konstruksies meestal epistemies van aard (Conradie, 2018) en *sal* neem ook gebruiklik die eerste posisie in met ander modale hulpwerkwoorde wat daarop volg. Dit is veral *sal* en *moet* wat kollokeer met mekaar alhoewel *sal* en *kan* ook dikwels as kollokerende paar voorkom. *Sal* en *kan* kollokeer 17 keer in die 500 gelykkansige steekproefkorpus waarvan 12

gebruike epistemies van aard is (71%). *Sal* en *moet* kollokeer 27 keer uit die 500 geselekteerde steekproefkorpus en 24 gebruike hiervan is epistemies (89%). Die konstruksies maak dit duidelik dat *sal* + *moet* op hipotetiese noodsaaklike handelings dui vir 'n sekere situasie om te realiseer en *sal* + *kan* dui op die vermoë wat 'n subjek sal hê in die toekoms.

Conradie (2018) het ondersoek ingestel na die beperkings op en beginsels van modale kettings: 'n verskynsel waar twee of meer modale hulpwerkwoorde in een proposisie met mekaar kollokeer. Hierdie verskynsel is 'n tipiese gebruik van Germaanse tale (byvoorbeeld Nederlands, Duits, Sweeds, Noors) alhoewel dit minimaal in Engels²⁷ voorkom met slegs vier dialekte wat tekens van modale kettings vertoon. Afrikaans volg die Germaanse en spesifiek Nederlandse tradisie (Wekker, 1974:498) waar *zullen* altyd die eerste skakel in die ketting is en *kunnen* die laaste; gevolglik is *sal* meestal die eerste modaal in 'n ketting en *kan* die laaste. Conradie (2018) maak die afleiding dat epistemiese modale hulpwerkwoorde, wat op die hele proposisie betrekking het, die eerste posisie in 'n ketting inneem terwyl *kan* en *kon* hierdie ketting afsluit. Hy het hierdie afleiding getoets deur empiries die tipiese volgorde van elke modale hulpwerkwoord en die gepaardgaande onderliggende betekenis van die modale in die proposisie sowel as die effek daarvan op die hele proposisie te ondersoek. Hierdie ondersoek is voorafgegaan deur 'n hipotese wat soos volg lui:

Die posisie van 'n bepaalde modale werkwoord in 'n modale ketting is 'n funksie van die hegtheid waarmee die sinsonderwerp aan sy werkwoordelike predikaat verbind is (Conradie, 2018).

Die hegtheid waarna verwys word hang af van die mate waartoe die posisie van 'n modaal in 'n ketting saamhang met die hegtheid waarmee die sinsubjek aan die werkwoordelike predikaat (insluitend die modaal) verbind. Die hegtheid word bepaal deur (a) die mate waartoe die **modaliteitsbron** (*intern as dit die subjek-referent self*

²⁷ Modale kettings was in Middelengels teenwoordig. Vandag kom dit voor in Skotland, die noorde van Engeland en die suid-oostelike deel van die VSA.

is: *dinamies*; *ekstern* as die bron afdwingbaar is: *deonties*; of *relatief* in die geval van *epistemies*) **intern met die sinsubjek identifiseer** en (b) die mate waarin die realisering van die predikaat reeds **voltooid** is (**perfektief**) of slegs 'n aanvang geneem het (**inchoatief**) en nog nie afgehandel is nie. Hierdie hipotese veronderstel dat die orde van die modale in 'n ketting strek vanaf die relatiewe epistemiese funksies van *sal/sou*²⁸ aan die een kant tot *kan/kon* wat verwys na die gerealiseerde interne kenmerk van 'n subjek as laaste modaal in die ketting. In terme van dinamiese modale soos *kan* is die verband tussen die sinsubjek en die modaal intern en dit verwys na die interne vermoë van die subjek; die realisering van die predikaat is perfektief, oftewel voltooid. *Wil* is ook 'n dinamiese modaal en intern maar aangesien die realisering van die begeerte onvoltooid is, is die predikaat inchoatief. Deontiese modale soos *moet* en *mag* se verband tussen die modaliteitsbron en subjek is ekstern; *moet* se predikaat is onvoltooid (inchoatief) maar *mag* s'n kan perfektief of inchoatief wees. Die gebruik van *sal* kan dinamies of deonties wees, maar hierdie tesis bewys dat *sal* meestal 'n epistemiese modaal is, wat beteken dat die modaliteitsbron nóg intern nóg ekstern is en die betekenis van *sal* impakkeer op die hele proposisie en die hele proposisie word gevolglik gerelativeer. Met epistemiese modale staan die modaal nie direk in 'n semantiese verhouding met die sinsubjek nie; daar is geen verband met die sinsubjek nie en die hele proposisie word gerelativeer en in die ongerealiseerde(irrealis) toekoms geplaas (Conradie, 2018:15).

Conradie (2018:9) het die volgorde van modale in hulle kernfunksies/prototipiese funksies getoets en tot die slotsom gekom dat *sal/sou* altyd die eerste posisie inneem. Aangesien *sal/sou* albei meestal epistemies (insluitend hipoteties) van aard is, sal die hele proposisie, insluitend ander modale hulpwerkwoorde in die ketting, gerelativeer wees en die hele proposisie lê op 'n epistemiese skaal wat wissel van onsekerheid tot waarskynlikheid (kyk na 'n voorbeeld van die epistemiese skaal, figuur 9.2). Epistemiese *sal* word gevolglik eerste in 'n ketting geplaas en daarnaas volg die ander modale wat ook 'n epistemiese strekking sal hê. Wanneer enige modale

²⁸ Conradie gooi *sal/sou* en gaan oor dieselfde boeg maar hierdie tesis het nie gaan as tipies modaal bespreek nie en gevolglik word slegs na *sal/sou* verwys

hulpwerkwoord buiten epistemiese *sal*, eerste in die ketting geplaas word, *sal* hierdie modaal altyd 'n kernfunksie hê wat met die sinsubjek verbind. Die volgende voorbeelde demonstreer Conradie se hipotese:

[9.37] As hulle hul sin kry, sou niemand met skape boer nie en al die myne **sal moes** sluit [TK]

[9.38] Want as sy by hom wil uitkom, **sal** sy oor bokse **moes** klim [M.Malan, Suiderkruis, 2008:42]

In [9.37] en [9.38] is *sal* epistemies en die hele proposisie, insluitend *moes*, word epistemies geïnterpreteer. Die betekenis van [9.37] is dat dit waarskynlik noodsaaklik is dat die myne moet sluit; [9.38] se betekenis is dat die meisie waarna verwys word waarskynlik oor bokse moet klim om by iemand anders uit te kom

[9.39] Jy **sal moet** vinnig bykom, my sussie. (P. Stamatelos, Madeliefies, 2012:116)]

In [9.39] het *sal* 'n eksterne en deontiese verband met die sinsubjek aangesien die subjek, die aangesprokene, 'n opdrag kry om 'n sekere aktiwiteit te verrig. In hierdie opsig is dit die kernbetekenis van *sal*, deonties, wat 'n rol speel tesame met die noodsaaklike kernbetekenis van *moet* wat daarop volg.

Wat gebeur wanneer ander modale hulpwerkwoorde eerste in die ketting voorkom word kortliks beskryf in elke modaal se onderskeie hoofstuk.

9.4.1.4 DIE KOMBINASIE – *SAL WEES*

Soos gesien in [9.40] tot [9.42] is ook epistemies vanweë die onderliggende **hipotetiese waarde** daarvan.

[9.40] Dit *sal* vir enige lid voorwaar *moeilik wees* om so 'n rekord te oortref.
[HK 86: 1971 Verslaggewing (uit Die Staatsamptenaar)]

[9.41] 'n Dam hoërop sal nie verhoed dat die vlei drooggelê word soos hy wil nie. Die eindresultaat *sal* dieselfde wees. [HK 107: 1947 Fiksie (Wynand Pienaar, M.J. Harris.)]

[9.42] Ek *sal* tog eerste klaar wees as *ék* afgedroog en aangetrek moet word...." [HK 129: 1974 Fiksie (Die skewe kruik, N. van Schalkwyk)]

Hierdie konstruksie kollokeer eerder met toekomsgerigte voorspelling-*sal*.

9.4.1.5 VOORWAARDELIKE BETEKENISSE

Buiten die voorspelbaarheid- en voorspelling-betekenisdimensie van epistemiese *sal*, dra *sal* ook 'n **sterk voorwaardelike betekenis** veral wanneer *sal* in die apodosis, die hoofsin, voorkom:

[9.43] As elke tak sorg vir 'n enkele kwartbladsy advertensie, *sal* *Die Taalgenoot* onmiddellik 'n tydskrif van 150 bladsye word, en die inkomste *sal* met £336 per maand styg. [HK 10: 1942 Verslaggewing (uit Die Taalgenoot)]

[9.44] Indien die produsent tien persent rente op sy kapitaal as 'n redelike vergoeding beskou, *sal* hy nou bereid wees om honderd rand per hektaar te betaal wat dan die produktiewe waarde verteenwoordig. [HK 32: 1978 Geesteswetenskappe ('n Bedryfsekonomiese ondersoek na die vleisbedryf op enkele plase in die Molopo-gebied, H.P. Klopper)]

[9.45] As ek boer, *sal* ek volop vars lug hê en dis die beste medisyne [HK 41: 1920 Fiksie (Op veld en rande, J. van Bruggen)]

KONSTRUKSIE 9.4: Voorwaardelike epistemiese *sal*:

[[as + VOORWAARDELIKE KLAUS] PROTASIS] ↔ [sal +SUBJEKKLAUS] APODOSIS] ↔ [indien gegewens in protasis realiseer, word voorspel dat situasie in apodosis sal gebeur]

9.4.1.6 WAARSKYNLIKHEID-SAL

Op die epistemiese sprekersekerheidskaal lê die waarskynlikheid betekenisonderskeiding by die hoë, taamlike sterk sprekersekerheidspunt. Dit is net bewyslike epistemiese modaliteit wat sterker sprekersekerheid vertoon. Hiermee voorbeeldsinne wat *sal* se taamlik hoë sprekersekerheid demonstreer:

[9.46] Al wat gesê kan word, is net alleen dit, dat as sy advies stelselmatig verwerp word, die Britse regering vererg *sal voel* en *waarskynlik* wel 'n middel *sal* vind om sy ergernis te laat voel. “[HK 312: 1920 Geesteswetenskappe (Die wolf in die Skaapvel, H. D. J. Bodenstein)]

[9.47] Indien dit na die oordeel van die hof die strekking het om die gedagtes van persone wat *waarskynlik* aan die uitwerking of invloed daarvan blootgestel *sal word*, te verderf of te laat ontaard; *waarskynlik* skokkend of walglik *sal* wees vir persone wat dit waarskynlik *sal* lees of sien. [HK 39: 2008 Biografies (Leroux 'n lewe, J.C. Kannemeyer)]

KONSTRUKSIE 9.5: waarskynlikheid *sal*:

[SUBJ + *sal* + WAARSKYNLIK + VS + WW] ↔ [Spreker is taamlik seker dat 'n aktiwiteit in die toekoms *sal* plaasvind]

Voorbeeldsinne wat taamlike sterk sprekersekerheid vertoon, gaan telkens met die modale bywoord ‘waarskynlik’ gepaard wat aan die hele proposisie 'n sterk sprekersekerheid verleen.

[9.48] Aanplantings *sal waarskynlik* op kontrakbasis *geskied*, en die oesproses *sal* gekoördineer moet word sodat die fabriek deurlopend van grondstof voorsien kan word. [HK 343: 2001 Informatief (uit Die Landbouweekblad)]

Die toepassing van epistemiese waarskynlikheid-*sal* se konstruksie is op voorbeeldsin [9.48] gedoen en lyk soos volg:

Konstruksie 9.5: [[aanplantings] SUBJEK [*sal*] MODAAL [*Waarskynlik*] MODALE BYWOORD [op kontrakbasis] VOORSETSELSTUK [*geskied*]] MATERIËLE WW ↔ [Spreker is taamlik seker dat aanplantings in die toekoms op kontrakbasis *sal* geskied.]

9.4.1.7 BEWYSLIKE *SAL*

Sal vertoon ook baie hoë sprekersekerheid gebaseer op eksterne bewyse in die vorm van persoonlike ervaring, bewyse uit die omgewing of vanaf betroubare bronne en ook feitelike gegewens. Voorbeeldsinne [9.49], [9.50] en [9.51] is bewys hiervan:

[9.49] *Die ondersoek* in verband met hierdie aansoek *sal* 'n aanvang *neem* in die Landdroshof, Reddersburg, op Maandag, die 26ste dag van Julie 1971, om 10 vm. [HK 6: 1971 Verslaggewing (uit O.V.S. Offisiële Koerant)]

[9.50] En juis omdat dit weergawe is, moet aangeneem word dat *daar* in die weergawe altyd iets aanwesig *sal* *wees* ('n soort eie siening, hoe gering of onbeduidend ook al) van die persoon wat die weergawe maak. [HK 8: 1971 Religieus (uit Handhaaf)]

[9.51] Kernkrag hou vir Suid-Afrika groot strategiese waarde in omdat ons oor die 4de grootste uraan reserves in die wêreld beskik. *Dit sal beteken* dat ons in die toekoms tot 'n groter mate selfvoorsienend *sal* *wees*. [HK 81: 2009 Natuurwetenskappe (Kernenergie vir waterstofvervaardiging, E. Blom)]

In sin [9.49] word feitelike gegewens weergegee wat die spreker se sekerheid oor wat in die toekoms *sal* gebeur, baie hoog maak. Sin [9.50] is meer 'n bewyslike afleiding vanuit persoonlike ervaring en in sin [9.51] lewer wetenskaplike kennis die bewys oor toekomstige sake vir Suid-Afrika se voortbestaan. Subjekte is meestal in onpersoonlike en soortnaamvorm maar ook nie-lewende subjekte word dikwels hier


gebruik aangesien dit hier gaan om die spreker se voorspellings en projeksies oor gebeure eerder as persoonlike belange.

Die tipiese konstruksie vir bewyslike epistemiese *sal* lyk soos volg:

KONSTRUKSIE 9.6 bewyslikheid *sal*:

[Bewys [SUBJ + *sal* (toekomstiglik) + WW]] ↔ [Eksterne bewyse maak die spreker baie seker dat sekere aktiwiteite *sal* plaasvind.]

Met al die fyner betekenisnuanses van epistemiese *sal* op die tafel, vervolgens 'n konstruksienetwerk in figuur 9.3 om te demonstreer hoe epistemiese *sal* se betekenis skematies vertoon.



Figuur 9.3 Die konstruksienetwerk van epistemiese *sal*

Alhoewel epistemiese-*sal* hoësprekersekerheid uitdruk, het hierdie sekerheid weinig met persoonlike gegewens te make en lewer dit eerder toekomstige voorspellings en projeksies oor eksterne gebeure. Wanneer die subjekte van epistemiese onder die loep geneem word, is daar 'n interessante tendens wat ten opsigte van die subjekte hier na vore tree.

9.4.1.8 SAL EN ONDERLIGGENDE SUBJEKTE

Epistemiese *sal* se subjek-agente is persentasiegewys meestal objektiewe soortname, objektiewe onbepaalde voornaamwoorde en derdepersoon-voornaamwoorde soos gesien in tabel 9.2.

	1STE	2DE P	3DE P	EIENAAM	SOORT- NAAM	ONPERSOONLIK	ONBEPAALD	TOTAAL
EPISTEMIES	45 (12.5%)	24 (6.67%)	61 (16.94%)	23 (6.39%)	139 (38.61%)	15 (4.17%)	53 (14.72%)	360
DINAMIES	41 (37.27%)	9 (8.18%)	27 (24.55%)	7 (6.36%)	22 (20%)	2 (1.82%)	2 (1.82%)	110
DEONTIES	5 (16.7%)	0	2 (6.7%)	0	11 (37.6)	1 (3.3%)	1 (3.3%)	30
	91	43	90	30	172	18	56	500

Tabel 9.2 Frekwensiegebruik van *sal* se subjekte

Hierdie onpersoonlike of objektiewe subjekte dui meestal op 'n derde party-agent en nie op subjektiewe of persoonlike agente nie. Voorspelbaarheid, voorspelling en voorwaardelike proposisies verteenwoordig oordele wat eerder derde party-onpersoonlike agente betrek as wat die spreker of aangesprokene se belange voorop staan, byvoorbeeld:


[9.52] Onder hierdie hoof word daar, begroot volgens historiese gegewens en volgens *kontrakte* wat nog aangegaan *sal word* in die termyn onder beskouing. [HK 5: 1977 Geesteswetenskappe ('n Kostestelselanalise... P.J. Fouche)] {Soortnaam – onpersoonlik}

[9.53] Aanvanklik *sal dit* nodig wees om vir 'n bepaalde tydperk 'n teoretiese agtergrond van die kind in die veiligheidsplek, sy problematiek, ens., aan te bied. [HK 1975 Informatief (Die kind in die veiligheidsplek)] {Onpersoonlik}

[9.54] Sy probeer die insident vergeet met die gedagte dat as Manie kom, *hy* tog alles *sal* verduidelik. [HK 14: 1944 Fiksie (Rose van die winter, Anton Gewers)] {3de Persoon}

[9.55] Die grootste gewigtige gebeurtenis mag voorval, die grootste ongeluk gebeur, dan *sal hij* nog sê: Alles *sal* reg kom. [HK 15: 1911 Religieus (uit Fac et Spera 1 Apr.)] 9){3de persoon}

Figuur 9.4 demonstreer hoe soortnaamwoorde die mees algemene subjekte in epistemiese *sal* se gebruike is, wat 'n onpersoonlike spreker of subjek aandui.



Figuur 9.4 *Sal* se subjek-referente

Ook in terme van **niet-lewende agente** en **objektiewe subjekte** kom *sal* as voorspelbaarheid- en voorspellingbetekenisse voor byvoorbeeld in [9.56] tot [9.57]:

[9.56] Die mate waartoe saad instaat *sal* wees om van een plek na 'n ander te beweeg, *sal afhang* van sekere van hulle eienskappe, waarvan die belangrikste hulle grootte, gewig en verspreidingsmeganismes soos pluime, vlerke, hakies, naalde ens. is. [HK 36: 1948 Natuurwetenskappe ('n Fisiologies-Ekologiese studie van *Geigeria Passerinoides*, H. P. van der Schyff)] (TOEKOMS: VOORSPELLING)


[9.57] Die regte afstand van B tot b *sal* 8 duim wees. [HK 18: 1915 Informatief (Maskew Miller's beginsels van die Aardrykskunde van Suid Afrika, A.E. Roux)] (HEDE: VOORSPELBAARHEID)

Epistemiese *sa/* druk onpersoonlike en nie-lewende subjekte se voorspellings en voorspelbaarheid uit. Daarteenoor druk dinamiese *sa/* 'n eerste persoon se persoonlike intensie of begeerte uit. Die groot verskil tussen epistemiese en dinamiese *sa/* is die subjek-referent se persoonlike begeerte (wens) of intensie wat deur *sa/* uitgedruk word.

Vervolgens 'n bespreking van dinamiese *sa/* en gepaardgaande betekenisnuanses.

9.4.2 DINAMIESE *SAL*

Die semantiese kaart van dinamiese *sa/* in figuur 9.5 dui die twee hoofbetekenisdomeine van *sa/* aan, te wete bereidwilligheid-*sa/* waarvan die situasionele konteks in die hede geplaas is, en intensie/begeerte-*sa/* met 'n toekomsgerigte konteks.



Figuur 9.5 Die semantiese kaart van dinamiese *sa/*

Dinamiese *sa/* se subjek-referent is meestal in die eerste persoon wat 'n persoonlike uitdrukking van intensie verwoord soos gesien in:

[9.58] Daaruit *sal* ek enkele sate gee waar dit te pas kom, nie om te onderskrywe alles wat in die boek staan nie. [HK 57: 1944 Religieus (Die Kerk die moeder van die gelowiges, Totius)] (Eerste persoon se intensie)

[9.59] Wat my aandeel in die saak betref kan ek u net verseker dat ek by my eed *sal* bly tot die bitter einde. [HK 102: 1942 Formele brief (07-20)] (Eerste persoon intensie)

[9.60] Ek beloof jou dat ek *sal* doen wat in my vermoë is om hierdie heerlike aanduurtjie vir ons-twee oop te hou [HK 119: 1949 Fiksie (Stryd, J. van Bruggen)] (Eerste persoon begeerte)

In voorbeeld [9.58] tot [9.60] staan die eerstepersoon-agent se persoonlike begeerte of intensie om 'n sekere handeling uit te voer voorop.

KONSTRUKSIE 9.7: Intensie/begeerte *sal*

[Toekomstig [ek/ons + *sal* + (OBJ) +HW] ↔ [Ek/ons as individu se intensie of begeerte dui op beplande, beloofde of afgedreigde gedrag wat op die toekoms geprojekteer is]

Coates (1983:169-176) en Collins (2009:131-137) tref onderskeid tussen twee betekenisfunksies van *will/shall* wat deur die interne subjek-referent uitgedruk word. Die eerste funksie is *will/shall* se **intensie-betekenisfunksie** teenoor *will/shall* se **bereidwilligheidfunksie**. Hierdie aanname kan ook toegepas word op *sal*.

Intensie-*sal* dui op toekomstige gebeurtenisse wat beplan, beloof of afgedreig word.

[9.61] Ek hoop dat binne enkele jare (die gevoelens) wat ons vandag besiel (*sal* gedeel word) tot in die kleinste boerehuisie. [HK 30: 1920 Verslaggewing (uit Die Banier)] (TOEKOMS: INTENSIE)

[9.62] Wat my aandeel in die saak betref kan ek u net verseker dat ek by my eed *sal* bly tot die bitter einde. [HK 102: 1942 Formele brief (07-20)] (TOEKOMS: INTENSIE)

Konstruksie 9.7: [[*ek*] SUBJEK [*sal*] MODAAL [*by my eed*] INDIREKTE OBJEK [*bly*] EKSISTENSIËLE WW] TOEKOMS] ↔ [**Ek druk 'n toekomsgerigte belofte uit**]

Daarteenoor het **bereidwilligheid-*sal*** betrekking op die subjek-referent se huidige leefwêreld in die teenwoordige tyd.

KONSTRUKSIE 9.8: Bereidwilligheid *sal*

[[*ek/ons + sal + KLAUS*] HEDE ↔ [**Individu druk *bereidwilligheid* uit om 'n handeling in die hede te verrig**]

[9.63] "Ek *sal* haar *help*, Juffrou." Sy het saggies beduie: "Diktee is om woorde uit jou kop uit neer te skryf. Sonder om in jou boek te kyk. [HK 121: 1979 Fiksie (Sing vir ons, Matilda, M. Bakkes)]

Konstruksie 9.8: [*ek*]SUBJEK [*sal*] MODAAL [*haar*] OBJEK [*help*] MATERIËLE WW]] ↔ [**Ek is gewillig om die klasmaat NOU te help.**]

[9.64] ." „Okker, hoekom.... is jy mál?" "'n Gryserige Volvo. Oor 5 minute. Ek *sal* hulle hier voor besig hou." Okker stap na die twee bandiete van nommer 3: „Ek het die ou gekry. Julle kan maar verder gaan slaap. [HK 130: 1973 Fiksie (Okker bestel twee toebroodjies, J. Miles)]

Bereidwilligheid se krag of sterkte is hoog aangesien dit die subjek-referent se vasberadenheid en vasbeslotenheid aandui (Collins, 2009: 132). Dinamiese *sal* (nes die Engelse ekwivalent '*will*') word meestal in kombinasie met 'n eerste persoon-subjek uitgedruk soos gesien in [9.65] en [9.66].

[9.65] Nou *sal* ek by hierdie frisse kleure wat vir ons die beeltenis van die kerk skilder, nie lank kan verwoyl nie. [HK 340: 1944 Religieus (Die Kerk die moeder van die gelowiges, Totius)]

[9.66] *Ons sal* dit graag spoedig meer dikwels, dikker en deftiger wil maak, maar onself en stellig ook ons vennote en medewerkers, sal eers wil sien dat die projek in sy voorgestelde formaat slaag voordat ons dit verder neem. [HK 360: 2003 Formele brief (09-10)]

Sal (nes *will*) dui inherent op toekomstige gebeure vanweë die aanname dat die toekoms afhanklik is van 'n subjek-referent se wil of begeerte (Hudston & Pullum 2002:93). **Volisie** is afhanklik van die subjek-referent se verbintenis tot die situasie en die spraakhandeling is dus gekoppel aan 'n sekere **belofte** of **voorneme**. Dinamiese *sal* word veral as **negatief** gebruik, byvoorbeeld:

[9.67] Hy sal sy lewe vir haar gee. Hy sal deur vuur en water vir Lienkie gaan. Maar hy *sal nie* 'n papiersak oor sy kop laat *trek nie*. [HK 218: 1979 Fiksie (Armaansie, E. Bierman)]

[9.68] Toe ek net deur die matrikulasie-eksamen was, het ek 'n brief aan die Cape Times gestuur onder 'n skuilnaam wat ek nou *nie sal verklik nie*. [HK 230: 1947 Informatief (Afrikaanse skrywers aan die woord, P.J. Nienaber)]

Dinamiese *sal* druk die bereidwilligheid of intensie van 'n **lewende subjek** uit en selfs wanneer 'n nie-lewende subjek ter sprake is, word die intensie gekoppel aan 'n mens se behoefte, maar dit is net metafories as 'n voorwerp uitgedruk soos gesien in [9.69]:

[9.69] Ek hoop dat binne enkele jare *die gevoelens* wat ons vandag besiel *sal gedeel word* tot in die kleinste boerehuisie." [HK 30: 1920 Verslaggewing (uit Die Banier)]

Dinamiese *sal* word ook gekoppel aan **gewoontegedrag** of **tipiese aktiwiteite** van die subjek-referent, en die gebruik van *sal* druk die subjek se vasbeslotenheid uit om weer die gewoonte te herhaal. Vergelyk voorbeelde [9.70] – [9.72]:

[9.70] Swartbooi is weer 'n potteskuurder wat netnou sij werk *sal hervat* en met slenterstap drif toe gaan. Dirk Liebenberg steur hom aan die ou skepsel nie meer nie. [HK 484: 1917 Fiksie (Teleurgestel, J. van Bruggen)]

[9.71] Die veelvuldige gebruik van toe laat ons ook dadelik dink aan iemand wat besig is om 'n storie te vertel: "Toen gaan hy leg en wil slaap... Toen sien hy syn seun.... en toen herinner hy hom, dat syn vrou nooit 'n woord o'er di dood van syn seun met hom gepraat het____" Hierdie verskynsel *sal* ons in 'n baie erger mate by die skrywers uit die tweede groep waarneem. [HK 443: 1942 Geesteswetenskappe (Volkskuns uit die eerste tydperk, S.C. Hatting en S.C.H. Rautenbach)]

[9.72] Die skynbare blindheid van wilde diere is dikwels verbasend. 'n Antilop of 'n sebra wat bokant of skuins van die wind is, *sal* in 'n ope omgewing doodluiters tot binne twaalf tree van 'n man stap wat volkome roerloos staan of sit, en selfs as hulle binne daardie kort afstand gekom het, *sal* hulle hom 'n tydlank staan en aanstaar en snork voordat hulle tot die besluit geraak dat dit tyd is om weg te kom. [HK 248: 1949 Informatief (Die laeveld sy natuurluwe en sy mense, J. Stevenson-Hamilton)]

Die betekenis van hierdie gebruik is dat dit **karaktertrekke** of **eienskappe** van die subjekreferent maar ook **gewoontes** kan aandui.


Hierdie voorbeelde verskil van situasies of gebeurtenisse wat herhalend en dus as gewoontes voorkom en die subjek-referent se eie persoonlike gewoontes is dus nie ter sprake nie. Collins (2009:134) sien hierdie gewoonte-situasies as epistemies soos byvoorbeeld in voorbeelde [9.73] en [9.74] waar 'n situasie se gewone gebruik uiteengesit word teenoor gewoontes van subjek-referente as dinamies soos gesien in voorbeelde [9.70] – [9.72].

[9.73] As mens van af A kijk naar C toe, dan lijk dit of die paal B wat net so lang is as A of C, langer is as hulle. Die regte afstand van B tot b *sal* 8 duim wees. Dit wil sê dat die oppervlakte van die aarde in elke mijl 8

duim gebuig is. [HK 18: 1915 Informatief (Maskew Miller's beginsels van die Aardrykskunde van Suid Afrika, A.E. Roux)] {Epistemies}

[9.74] Die rekordkoring-oes van die afgelope seisoen oortref die vraag en dit sa/ vanjaar nie nodig wees om koring in te voer nie. [HK 87: 1971 Verslaggewing (uit Die Landbouweekblad)] {Epistemies}

Vervolgens 'n skematiese uiteensetting van dinamiese sa/ se konstruksienetwerk in figuur 9.6:



Figuur 9.6 Die konstruksienetwerk van dinamiese *sal*

9.4.3 DEONTIESE *SAL*

Deontiese *sal* word baie selde gebruik maar kom tog voor wanneer die subjek in die tweede persoon is en die spreker die deontiese bron wat die opdrag gee of 'n aanbeveling maak. Die konteks van voorbeelde [9.75] – [9.77] is in die hede maar die deontieseverpligting wat opgelê word dui op toekomstige gebeure en het dus 'n voorspelling beteken:

[9.75] Ons leef in 'n tyd van massiewe geleenthede, maar *jy sal* moet leer hoe om dit raak te sien," sê Kobus. [HK 264: 2001 Informatief (uit Die Huisgenoot)]

[9.76] *Julle sal* beheer moet neem oor die CD's, MP3's, DVD's, boeke en tydskrifte indien julle beslis is om Heiligheid in die huis te handhaaf. [HK 256: 2010 Religieus (uit Juig)]

[9.77] „Tssst!“ sê een van sy maters en kyk in die rigting van die biljarttafel. „Nie so hard nie. *Jy sal* in die moeilikheid kom as jy meer sê.“ [HK 266: 1941 Fiksie (Hy is die man, Duro)]

Hierdie gebruik van *sal* het al sedert Middelnederlands afgeneem. In daardie tydperk was *sal* nog uitruilbaar met *moet* en *mag*, tipiese deontiese modale.

Benewens die gebruik van *sal* as epistemiese, dinamiese of deontiese modaal kom *sal* ook dikwels voor in vaste uitdrukkings. Aangesien *sal* die mees gefossiliseerde modale hulpwerkwoord is (vergelyk met *zullen* en *will/shall*) is die gebruik daarvan teenwoordig in talle vaste uitdrukkings. Hierdie vaste uitdrukkings is dinamies of epistemies van aard.

Uitdrukking 1: *sal op prys gestel word*

[9.78] U gunstige oorweging aan hierdie saak ***sal op prys gestel word*** en ons hoor dus graag so spoedig moontlik van u in hierdie verband.

Die uwe

MOLENAAR, GRIFFITHS & MURRAY. [HK 396: 1980 Formele brief (11-13)]
{volisie:dinamies}

[9.79] U gunstige oorweging hieraan ***sal op prys gestel word***. U haat almal wat onreg doen [VivA taalportaal VB: 1] {volisie: dinamies}

Daar is 2 trefslae van die uitdrukking *sal op prys gestel word* in die taalportaal se korpus. Die betekenis hiervan is dat die spreker sekere gedrag *sal* waardeer van die aangesprokene.

Uitdrukking 2: *Sal daar onder*

- [9.80] Sij gesondheid **sal daar seker onder *lij*** en hij staat maar min kans om gesond groot te worde [HK 167: 1920 Informatief (allerlei, uit De Goede Hoop)] {onseker:dinamies}
- [9.81] Om te toets of jy die teorie-uitkomst bereik het, **sal daar onder *andere*** gebruik gemaak word van klastoetse [VivA-taalportaal VB:10] {onseker:dinamies}
- [9.82] ...die soewereiniteit van God In hierdie bespreking **sal daar onder *meer*** aandag geskenk word aan die ordelikheid, verskeidenheid en samehang van entiteite in die kosmos [VivA-portaal VB: 14] {onseker:dinamies}

Die uitdrukking *sal daar onder*, kom 17 voor in die taalportaal se korpus. Die gebruik hiervan het wyd uiteenlopende betekenisse.

Uitdrukking 3: *Sal waardeer word*

- [9.83] Ek wil graag in Okt. na Bloemfontein gaan en daarom **sal 'n spoedige antwoord van u hoog *waardeer word***. [HHK 417: 1975 Formele brief (09-25)]
- [9.84] *Dit sal waardeer word* as u bogemelde twee dames metterwoon in kennis sal stel van vergaderings wat deur hulle bygewoon behoort te word. Agtend die uwe. [HHK 619: 1972 Formele brief (10-05)]
- [9.85] *Dit sal derhalwe waardeer word* indien sy bydraes tot die Regeringswerknemersondersteuningsfonds direk aan hom gestuur word na die volgende adres: – Privaat [HHK 652: 1943 Formele brief (06-10)]
- [9.86] 'n Vroegtydige antwoord **sal waardeer word** want die inligting is nodig om die korrekte tarief te bepaal. [VivA-taalportaal VB: 3]

Die uitdrukking *sal waardeer word*, word 5 keer in VivA se taalportaal aangetref. Die spreker rig 'n versoek sowel as voortydige waardering indien aan die versoek voldoen word.

Uitdrukking 4: *in staat sal wees*

[9.87] Die mate waartoe saad **instaat sal wees** om van een plek na 'n ander te beweeg, sal afhang van sekere van hulle eienskap. [HHK 1167: 1948 Natuurwetenskappe ('n Fisiologies-Ekologiese studie van Geigeria Passerinoides, H. P. van der Schyff)]

[9.88] Al want ons kan doen, is om van sekere algemene reëls uit dit aan die gewete van die individu oor te laat, waarby onvervalste opregtheid en eerlikheid 'n volstreekte vereiste is; hy tog is alleen bekend met al die omstandighede, en as sy handeling uit die ware liefde voortvloei en die regte doel beoog, **sal hy in staat wees** om tot 'n beslissing te kom. [HHK 208: 1945 Religieus (Sedelike vraagstukke, B.B. Keet)] {vermoë: dinamies}

[9.89] Bestudeer u werklik God se wet, sodat u **in staat sal wees** om hierdie wet te kan toepas in die ware regering van God onder Jesus Christus? [VivA-taalportaal VB 1] {vermoë: dinamies}

[9.90] Daar is baie ander kunstenaars wat ook die pyn wat hulle voel in die nuwe Suid Afrika in hulle musiek opneem. Daar is baie ander lede op die forum wat beter daartoe **in staat sal wees** om die Boerevryheidstigting te verduidelik. [VivA-portaal VB 7] {vermoë: dinamies}

Die uitdrukking: *in staat sal wees*, is baie gewild en daar is 716 trefslae in VivA se korpusportaal. Die betekenis hou verband met die subjekreferent se vermoë om iets te kan doen.

Uitdrukking 5: *sal net jy weet*

- [9.91] Of voldoende kragtoevoer moontlik sou wees, **sal net jy weet**. [HHK 3481: 2010 Formele brief (08-02)]
- [9.92] **Net jy sal weet** wat jy deur my probeer score. Net jyself sal weet, want net jy weet of jy "joy" in jou lewe het. Net jyself weet dit. [VivA-portaal VB 3]
- [9.93] Gooi net kook water by en laat staan vir een uur. Gooinet - **net jy sal weet** wat vir jou kan werk, aangesien jy so pragtige familie het by die huis het, kan dit dinge net baie erger maak, nie eers te praat van jou kinders wat jy ook het nie. Gooi net skille af. [VivA-portaal VB 7]
- [9.94] Haar hande klem om die stuurwiel. "Nee! Dit sal ek nooit aanvaar nie. Hy is lief vir my! Ons gaan trou.... so gou moontlik." "**Net jy sal weet** of hy jou liefhet, Karla. Maar sien jy nie dalk net raak wat jy wil sien nie Laat hom vry sodat hy sonder enige druk 'n keuse kan maak. Kies hy vir jou as vrou.... goed [VivA-taalportaal VB 10]

Hierdie vaste uitdrukking kom 9 keer voor in VivA se taalportaal. Hierdie uitdrukking verwys pertinent na 'n aangesprokene se unieke individuele kennis oor 'n spesifieke onderwerp en dat slegs die aangesprokene hierdie intieme kennis dra.

Uitdrukking 6: *jy sal saamstem*

- [9.95] Ik het geweet **jij sal saam stem**. [HK 250: 1912 Informatief (uit Fac et Spera Dec)] {onseker: epistemies}
- [9.96] Trippie Trip Wink-Wink – Trippie vir Front Nasionaal Absoluut, en ek dink **jy sal saamstem**, ons sal geen steen onaangeroer laat nie [VivA-taalportaal: VB 2] {onseker:epistemies}
- [9.97] Tuisgemaakte eivla smaak die beste, en **jy sal saamstem** as jy dit eers geproe het [VivA-taalportaal: VB 3] {onseker:epistemies}

[9.98] **Jy sal saamstem** dat daar 'n wesenlike verskil is in die betekenis en dat " man " nie uit grond geskep is nie maar uit stof soos wasem of damp. Jy sal saamstem wanneer jy dié video kyk. Jy sal saggies in my arms slaap) [VivA-taalportaal: VB 8] {onseker:epistemies}


Daar is 31 trefslae van die uitdrukking *jy sal saamstem* in VivA se taalportaal. Met die uitdrukking 'jy sal saamstem' is die spreker so oortuig van sy/haar opinie oor iets dat die aangesprokene se insiklikheid rondom die proposisie outomaties veronderstel word.

Uitdrukking 7: wat moet gebeur sal gebeur

[9.99] **Wat moet gebeur sal gebeur** op die regte tyd en almal wat moet betrokke wees sal reg wees. [VivA-taalportaal VB 1]

[9.100] **Wat moet gebeur sal gebeur** terwyl ons ons eie pad bepaal. Wat moet gebeur, volgens 'n wit DA-lid, is dat die DA sy bestaande (wit) steun moet behou en meer swart steun moet bykry. [VivA-taalportaal VB 5]

Daar is 8 trefslae van die uitdrukking *wat moet gebeur sal gebeur* in die taalportaal se korpus. Hierdie uitdrukking stem ooreen met die bekende Franse uitdrukking *que sera, sera* wat beteken dat dinge gebeur op die regte tyd. Figuur 9.7 gee die konstruksienetwerk van *sal* se vaste uitdrukkings weer.




Figuur 9.7 *Sal* in vaste uitdrukkings

Noudat die sentrale sinchroniese betekenis van *sal* bespreek is, volg die diachroniese bespreking om vas te stel of *sal* se gebruike enigsins verander of verruim het oor die laaste honderd jaar.

9.5 SAL SE DIACHRONIESE ONTWIKKELING

9.5.1 SAL SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

Soos gesien in figuur 9.8 het *sal* oor 'n tydperk van 100 jaar bestendig gebly en daar is geen opvallende toenames of afnames te bespeur nie.




Figuur 9.8 Diachroniese frekwensieverspreiding van *sal*

Die 11% groei van periode 1 na periode 2 is nie statisties beduidend nie aangesien die log-waarskynlikheid 0.26 is. Vanaf periode 3 en 4 neem die gebruike minimaal af met 34% in periode 3 en 4% in periode 4 en albei hierdie afnames is statisties onbeduidend. In periode 1 kom *sal* 35 keer per 10 000 woorde voor en in periode 2 is die frekwensie 36 gebruike per 10 000 woorde. Teen periode 3 het die gebruik, soos hierbo vermeld, minimaal afgeneem en dan kom *sal* 35 per 10 000 woorde voor. Die geringe afname in *sal* se gebruik word weereens in periode 4 gesien waar *sal* 33 keer per 10 000 woorde gebruik word. *Sal* is egter 'n hulpwerkwoord wat steeds baie in gebruik is. In 'n woordelys van die hele diachroniese korpus van nagenoeg 1,5 miljoen woorde is *sal* een van die mees frekwente woorde. Van die 60 806 lemmas wat voorkom in die hele korpus is *sal* 34ste op die ranglys van algemeen gebruikte woorde. Die gemiddelde frekwensie van *sal* is 35 gebruike per 10 000 woorde. Die enigste modale hulpwerkwoord wat meer algemeen voorkom is *kan*.

9.5.2 SAL IN VERSKILLENDEN TEKSGENRES

Hoe die gebruik van *sal* oor 'n tydperk van 100 jaar in 'n verskeidenheid teksgenres verander het, word in figuur 9.9 gedemonstreer.




Figuur 9.9 *Sal* se teksgenreverspreiding

Die gebruik van *sal* in verskillende tekstipes vertoon interessante en fluktuierende tendense en groeipatrone. Aanvanklik was daar meer gebruike van *sal* in die informatiewe en formele registers maar sedert die tweede periode het die gebruik van *sal* in formele registers afgeneem en die gebruik in narratiewe tekste maar veral informele tekste is vanaf periode 2 sigbaar. Die gebruik van *sal* in informele registers neem in periode 2 met rasse skrede toe waar dit toeneem van 22 genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde tot en met 84 genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde. 'n Verklaring vir hierdie drastiese toename van *sal* in informele tekste sedert periode 2 is die hoë frekwensie van *sal* se Nederlandse ekwivalent – *zul* – tydens periode 1. Die verandering van Nederlandse *zul* na Afrikaanse *sal* vind eers in meer stilistiese geskrewe tekste as in die meer informele taalregisters soos byvoorbeeld gesien in persoonlike briewe plaas en vandaar die keuse om in persoonlike briewe steeds die Nederlandse vorm te gebruik. Daar is 38 genormaliseerde gebruik van *zul* in periode 1 en wanneer die gebruik van *zul* en *sal* bymekaar getel word, is dit 'n totaal van 60 gebruike van *sal/zul* in die informele register wat daarop dui dat die hoogste frekwensie van *sal* van meet af aan (met die uitsondering van die hoë frekwensie gebruik van *sal* in narratiewe tekste in periode 3) in die informele register teenwoordig

is. Die informele register is die naaste aan gesproke taal vanweë die persoonlike aard daarvan. Hierdie register bestaan uit persoonlike briewe en dagboeke en die gebruik hiervan is meestal in die eerste persoon. Daar is 'n toename van 11% van *sal* in periode 2 en dit is veral in die informele register maar ook in die narratiewe tekste waar hierdie toename sigbaar is. Nadat die gebruik van *sal* in informatiewe tekste 'n matige afname van periode 1 tot 2 vertoon, bly die gebruik van *sal* in informatiewe tekste deurgaans van periode 2 tot en met periode 4 stabiel met tussen 34 en 35 genormaliseerde gebruike per 10 000 woorde. *Sal* as epistemiese modale hulpwerkwoord kom minder in formele tekste as in ander tekste voor vanweë die tentatiewe, voorlopige, vooruitskouende en hipotetiese aard van epistemiese *sal* teenoor die inhoud van formele tekste wat meer empiries en feitelik en minder vooruitskouend van aard is.

9.5.3 SAL SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

In hierdie afdeling word vasgestel of *sal* enige makrosemantiese veranderinge ondergaan het. Die veranderinge van *sal* se gebruik as dinamies, epistemies of deonties word grafies in figuur 9.10 vergestalt.




Figuur 9.10 Diachroniese frekwensieverspreiding van *sal* se modale tipes

Sal is hoofsaaklik 'n epistemiese modaal aangesien 72% van gebruik oor die laaste eeu epistemies van aard is. Net soos die algehele gebruik van *sal* in periode 1 toegeneem het, het epistemiese *sal* ook hierdie toename vertoon en sedert periode 3 is hierdie gebruik bestendig. Dinamiese *sal* verteenwoordig 22% van alle gebruike van *sal* en alhoewel hierdie gebruik 30% van *sal* se gebruike in periode 1 verteenwoordig het, het die gebruik daarvan afgeneem en teen periode 2 is 23% van *sal* se gebruike dinamies van aard. Deontiese *sal* se gebruik was vanaf periode 1 tot 3 minimaal met slegs 4-5% van *sal* se gebruike maar dit het effens toegeneem en teen periode 4 is 9% van *sal* se gebruike deonties.

9.5.4 SAL SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

9.5.4.1 Mikrosemantiese diachroniese ontwikkeling van epistemiese *sal*

Hoe die spreker se sekerheid in proposisies gewissel het oor die afgelope 100 jaar, word grafies in figuur 9.11 gedemonstreer.



H = Hede V = Verlede T = Toekoms

Figuur 9.11 Voorspelling en voorspelbaarheid/epistemiese *sal*


Soos bespreek in 9.4.2 is voorspelbaarheid-*sa/* wat gebruike van *sa/* in die hede en verlede verteenwoordig, se sprekersekerheid sterker as voorspelling-*sa/* wat gerig is op die toekoms. Toekomsgerigte epistemiese *sa/* is dus meer spekulatief en onseker van aard aangesien mens geen beheer het oor die toekoms nie maar mens het 'n groter kognitiewe greep op die verlede wat reeds voltooid is en op die hede wat tans plaasvind. Die uitdrukking van epistemiese *sa/* is hoofsaaklik met sterk sekerheid alhoewel mediaan sekerheidsgebruike se frekwensie ook hoog is. Honderd en vyftien gebruike van voorspelbaarheid-*sa/* (31% van epistemiese gebruik) is hoog teenoor 74 gebruike (21% van epistemiese gebruike) van voorspelling-*sa/*. Voorspelbaarheid-*sa/* verteenwoordig 18% van al *sa/* se epistemiese gebruike en 28% van epistemiese *sa/* lê binne die voorspellingbetekenisdimensie.

Wat voorspelbaarheid-*sa/* aanbetref is die hoë sekerheidbetekenis van meet af aan sterk teenwoordig teenoor mediaansterkte voorspelbaarheid wat afgeneem het in periode 3 en 4. Die gebruik van voorspelling-*sa/* fluktueer aangesien hierdie gebruik toeneem in die tweede en derde periode maar weer afneem en stabiliseer in die vierde periode en die gevolgtrekking is dat toekomend verwysende voorspelling-*sa/* gemiddeld 17% van epistemiese *sa/* se gebruike verteenwoordig. Voorspelling-*sa/* is hoofsaaklik mediaan sterk met 'n toename in die gebruik vanaf periode 2 en alhoewel daar 'n afname is in die gebruik van voorspelling-*sa/* in die derde periode, stabiliseer dit weer in die vierde periode en 33% van *sa/* se epistemiese gebruike dra teen periode 4 toekomsgerigte, voorspellingbetekenisse. Die gebruik van verlede voorspelbaarheid-*sa/* is so gering dat daar nie verder oor uitgebrei sal word nie.

9.5.4.2 MIKROSEMANTIESE DIACHRONIESE ONTWIKKELING VAN DINAMIESE *SAL*

Dinamiese *sa/* onderskei twee hoofbetekenisse te wete (a) bereidwilligheid en (b) intensie soos vergestalt in figuur 9.12. *Sal* se intensieskakeling verskil van *wil* se intensie-betekenis wat semanties sterker is vanweë die interne deelnemer se individuele geneentheid, verbintenis en begeerte om 'n sekere aksie te verrig of om iets te verkry. Bereidwilligheid-*sa/* is gerig op aksies wat reeds afgehandel is in die

verlede tyd of wat onmiddellik in die hede sal plaasvind. Die konteks is ter sake en onmiddellik van toepassing op die hede terwyl intensie-*sal* toekomsgerig is en eerder betrekking het op die vervulling van 'n toekomsgerigte hoop of wens. Hierdie hoop of wens dat 'n handeling sal plaasvind of dat iets verkry sal word, is meer onseker as *bereidwilligheid-sal*.



Bereidwilligheid: hede

Intensie: toekoms

Figuur 9.12: Dinamiese *sal* se begeerte/intensiesterkte

Die gebruik van intensie-*sal* het oor die laaste eeu afgeneem. In periode 1 was intensie-*sal* en *bereidwilligheid-sal* se gebruike ekwivalent maar sedert periode 2 neem toekomsgerigte intensie-*sal* af en teen periode 4 is die *bereidwilligheid* van 'n subjek-referent om 'n aksie uit te voer in die hede die sentrale betekenis van dinamiese *sal*.

Bereidwilligheid-sal se konteks vind in die hede plaas en die interne deelnemer as subjek-referent se sekerheid is hoog. Vanaf periode 1 soos gesien in [9.101] tot en met periode 4 soos gesien in [9.102] is die subjek-referent van plan om sy aksie onmiddellik uit te voer en is die *bereidwilligheid* tot aksie dus sterk.

[9.101] Die waardes van die verhoudinge hang af van die waarde van *x* alleen. Ons *sal* dit verder gerieflik *vind* om elk een van die ses verhoudinge 'n afsonderlike naam te gee. [HK 358: 1920 Natuurwetenskappe (Die eerste beginsels van Trigonometrie, E. T. Stegman)]

[9.102] En uiteindelik moet Tys Theron wel sy plaas verlaat. Hierbenewens is daar egter talle pastorale elemente uit te wys, soos ek vervolgens *sal aantoon*. [HK 446: 2007 Geesteswetenskappe (Die meulenaar as pastorale elegie.)]

Toekomsgerigte intensie-*sal* se subjek-referent se sekerheid is effens onseker aangesien daar geen waarborg is dat verlangde of geprojekteerde aksies *sal* plaasvind nie. In periode 1 se voorbeeldsin [9.103] word die hoop uitgespreek dat die subjek-referent se gevoel in die toekoms deur ander gedeel *sal* word. Hierdie hoop is baie opreg maar die uitkoms daarvan hoogs spekulatief en die spreker se sekerheid is swakker en minder oortuigend.

[9.103] Ek hoop dat binne enkele jare die gevoelens wat ons vandag besiel *sal gedeel word* tot in die kleinste boerehuisie." [HK 30: 1920 Verslaggewing (uit Die Banier)]

Die gebruik van *sal* in 'n modale ketting dui die subjek-referent se begeerte aan maar hierdie modale ketting verswak die sprekersekerheid tot mediaansekerheid. Selfs in periode 4 is toekomsgerigte intensie-*sal* se sprekersekerheid swakker as bereidwilligheid-*sal*.

[9.104] Ons *sal* dit graag spoedig meer dikwels, dikker en deftiger wil maak, maar onself en stellig ook ons vennote en medewerkers, *sal eers wil sien* dat die projek in sy voorgestelde formaat slaag voordat ons dit verder neem. [HK 360: 2003 Formele brief (09-10)]

In periode 4 is die algemene sprekersekerheid hoog vanweë die verandering in *sal* se gebruik wat nie meer oorwegend slegs temporeel en vooruitskouend as toekomendetydwyser gebruik word nie maar die konteks waarbinne *sal* voorkom is

nou eerder in die hede. *Sal* as dinamiese modaal en uitdrukking van bereidwilligheid en intensie is dus eerder toegespits op voornemende handelinge as wat dit 'n suiwer temporele modaal is.

9.6 SAMEVATTING: *SAL*

Die modale betekenis van *sal* staan voorop eerder as wat dit suiwer net 'n uitdrukking is van die toekomstige tyd (De Villiers, 1971:89). Die prototipiese betekenis van *sal* is epistemies van aard (72% gebruike) en dit verdeel hoofsaaklik in twee hoofafdelings, te wete (a) Voorspelbaarheid-*sal* en (b) Voorspelling-*sal*. Voorspelbaarheid-*sal* se konteks is in die hede en verlede geplaas en die spreker se sekerheid oor die inhoud van sy/haar proposisie soos vasgestel deur waarneming of feite is van belang. Die waarde van hierdie tipe konstruksies is semanties sterk vanweë die sterk sprekersekerheid. Voorspelling-*sal* se epistemiese funksie is kontroversieel aangesien dit 'n sterk temporele inslag het, want die konteks van proposisies is in die toekomstige tyd. Huddleston en Pullum (2002:190) en Collins (2009:128) beklemtoon dat daar geen vaste greep is op die uitkoms van die toekoms nie en daarom is ook hierdie betekenis-skakering veral epistemies van aard. Alhoewel *sal* hoofsaaklik 'n epistemiese modaal is, is daar ook dinamiese betekenis (22%) aangesien die subjek-referent se interne (a) Bereidwilligheid en (b) Intensie om 'n aksie uit te voer voorspel word. Dinamiese *sal* word veral uitgedruk deur die assosiasie daarvan met die subjek 'ek'. Intensie-*sal* dui op toekomstige gebeure wat beplan, beloof of afgedreig word en Bereidwilligheid-*sal* dui op die subjek-referent se bereidwilligheid om 'n aksie in die hede uit te voer. Intensie-*sal* is minder frekwent as bereidwilligheid-*sal* maar vanweë die spreker se toekomstige voorneme om gedrag uit te voer is die krag waarmee proposisies uitgespreek word sterker aangesien daar meer kontrole uitgeoefen kan word as Bereidwilligheid-*sal* waarvan die konteks in die verlede en hede is. Deontiese *sal* word vergelyk met deontiese *moet* aangesien albei 'n verpligting uitspreek, maar die gebruik hiervan is baie beperk en dit word selde gebruik. Die gebruik van *sal* oor die laaste 100 jaar is stabiel en daar is geen drastiese toenames of afnames te bespeur nie. *Sal* se gebruik in Afrikaans is baie algemeen en dit is slegs

kan wat meer frekwent is. Alhoewel *sal* in al die teksgenres algemeen gebruik word, is dit opmerklik dat die laagste frekwensie in die formele, akademiese genre is wat meer empiries, feitelik en minder vooruitskouend van aard is.

9.7 BETEKENISNUANSES VAN *SOU*

Sal se preteritumvorm *sou* onderskei temporele en hipotetiese gebruike (Collins, 2009:139). Kirsten (2016:95) verwys na hierdie twee basiese kategoriese betekenisse van *sou* as (a) gebruike wat die verlede-toekomende tyd aandui en (b) modale gebruike; maar hierdie studie sluit aan by Collins (2009) wat albei kategorieë as basies modaal van aard sien, aangesien daar geen vaste greep op die uitkoms van die verlede- toekomende tyd beskikbaar is nie, want moontlike modale wêreld is oopgebreek wat 'n hele aantal moontlike opsies veronderstel. Selfs al *sou* die verlede-toekomende tyd reeds gebeur het, is die beslissing en voltrekking daarvan onbekend en onspesifiek en dus in wese modaal (kyk voorbeeldsinne [9.105] en [9.106]).

Temporele gebruike van *sou* sluit dinamiese en epistemiese modale betekenisse in. Die konsep 'temporele gebruike' hou verband met Kirsten (2016) se definisie van verlede- toekomende tyd gebruike maar soos Collins (2009) beaam, sluit die kategorisering van temporele gebruike van *sou* modale betekenisse in en dit verdeel in twee onderafdelings te wete (a) epistemiese *sou* en (b) dinamiese *sou*, met geen deontiese gebruike nie.

Die diachroniese veranderinge wat in epistemiese *sou* plaasgevind het, word in 9.8 bespreek.

9.7.1 EPISTEMIESE *SOU*

Epistemiese modaliteit is die mees algemene gebruik van *sou* en daar is 'n hele paar afsonderlike betekenisonderskeidings wat hieronder figureer. Die indeling hiervan geskied weereens volgens die epistemiese skaal van sprekersekerheid soos gesien in figuur 9.2.

9.7.1.1 EPISTEMIESE *SOU* IN DIE VERLEDE-TOEKOMENDE TYD

[9.105] Op 21 Junie het Leyds verneem dat die Regering die Volksraad beweeg het om drankkommissies te magtig wat spesiale sittings *sou hou*, uitsluitlik net om lisensies vir die grootmaatdrankhandel uit te reik. [HK 382: 1980 Geesteswetenskappe (Dr. W.J. Leyds as Gesant... L.E. van Niekerk)]

[9.106] Dit *sou* meer as 'n eeu duur voordat die omgangstaal erkenning as skryftaal *sou erlang* en nog weer 'n kwarteeu voordat dit tot kultuurtaal en amptelike skryftaal *sou* vorder. [HK 390: 1947 Informatief (Die Afrikaanse Spreektaal, P. de V. Pienaar)]

In [9.105] en [9.106] is die konteks in die verlede tyd maar die verlangde aksies is gerig op die toekoms. *Sou* se gebruik is dus hier eerstens temporeel van aard maar aangesien daar geen sprake is of die aksies wel gerealiseer en plaasgevind het nie is die basis van hierdie gebruik modaal en epistemies van aard, want verskeie wêreldsmoontlikhede is oopgebreek.

9.7.1.2 MOONTLIKHEID-*SOU*

Sprekeronsekerheid word uitgedruk deur die kollokasie van *sou* met modale adjunkte soos *moontlik*, *miskien* en *dalk*.

[9.107] Hulle het nl. na Herrnhut geskrywe om te verneem of dit nie vir die Broeders moontlik *sou* wees nie om iemand aan te wys vir die werk onder die Hottentotte. [HK 316: 1947 Informatief (Die opheffing van die kleurlingbevolking, H.P. Cruse)]

9.7.1.3 VOORWAARDELIKE *SOU*

Sou kom dikwels in voorwaardelike konstruksies voor soos gesien in:

[9.108] As dit *sou* reën, *sou* die paaie te glad wees. [Conradie 2018]

[9.109] As dit nie vir die sondige spul daar in Boesmanland (of in Namakwaland of die Kalahari) was nie, *sou* jy net papajas en mango's die hele wêreld vol sien lê en vrot word, het in die reën. [HK 332: 2009 Fiksie (Laataandbiegstories en sulke dinge, Jan Nel)]

Voorwaardelike *sou* word aangetref in beide die protasis en apodosis-gedeelte van 'n konstruksie. In die steekproefkorpus is 15% van epistemiese *sou* se gebruike voorwaardelike konstruksies waarvan *sou* 66% in die apodosis gedeelte en 34% gebruike van *sou* in die protasisgedeelte van die konstruksie is. *Sou* kom dus meestal in die hoofsingedeelte voor wat die hele konstruksie 'n tentatiewe en hipotetiese strekking gee.

Voorwaardelike konstruksies met *sou* vertoon dikwels die gebruik van preteritale ooreenkoms waar *sou* in 'n modale ketting met ander preteritale modale hulpwerkwoorde voorkom. Preteritale ooreenkoms is veral afhanklik van die eerste preteritale modaal se betekenisfunksie, alhoewel die tweede modaal nie noodwendig in die preteritum hoef te wees vir preteritale ooreenkoms nie soos byvoorbeeld in die geval:

[9.110] "as dit nie so ver was nie, *sou* ek daar wel graag veertien dae *wil* deurbring." [HK 324: 1920 Fiksie (Colomba)]

[9.111] As jij op 'n heuwel klim, *sou* jij baie verder *kan* sien as wanneer jij op straat loop; klim nou biekie op 'n berg, en jij sal verder as ooit te vore kan sien. [HHK 706: 1915 Informatief (Maskew Miller's beginsels van die Aardrykskunde van Suid Afrika, A. E. Roux)]

[9.112] „As dit van my *moes* afhang, *sou* ek sonder versuim vir Ruys en Japie agter die tralies stop. “[HK 10: 1941 Fiksie (Hy is die man, Duro)]

Die ontwikkeling en voorkeur vir preteritale kongruensie soos gesien in [9.112] en [9.113] word verder onder 9.8.4.3 bespreek.

[9.113] As ek *sou* skiet en hom nie in sy spore stuit nie, *kon* sy vaart hom tot op my laat beland; as ek *sou* opspring en skreeu, was daar 'n kans dat ek

hom van koers kon laat verander, **maar** dit het gelyk asof hy 'n bietjie te naby was vir die veiligheid van hierdie proefneming; [HK 149: 1949 Informatief (Die laeveld sy natuurlewe en sy mense, J. Stevenson-Hamilton)]

Die gebruik van *sou* in die protasis lei daartoe dat dit onwaarskynlik is dat die gevolglike gebeure in die apodosis sal plaasvind soos gesien in voorbeeld [9.113]. *Sou* in die apodosis-gedeelte dui egter ook op ongerealiseerde intensies soos gesien in [9.110] – [9.112] en is in wese irrealis. Irrealis *sou* kom nie slegs voor in voorwaardelike konstruksies nie, soos bespreek onder 9.7.1.4

KONSTRUKSIE 9.9: Voorwaardelike epistemiese *sou*:

[[as + VOORWAARDELIKE KLAUS] PROTASIS [sou + SUBJEKKLAUS] APODOSIS]]

↔ [ongerealiseerde situasie verhinder dat daaropvolgende voorspelde situasie kan plaasvind]

[[as + SUBJEK + sou + WW] PROTASIS [MODALE HW + SUBJEKKLAUS]

APODOSIS]] ↔ [onwaarskynlike realisering van gegewens voorspel dat daaropvolgende gebeure moontlik nie kan plaasvind nie]

9.7.1.4 IRREALIS (ONWERKLIKHEID) *SOU*

Sou word gebruik om ongerealiseerde intensies en begeertes uit te druk (Conradie, 2018) soos gesien in [9.114] tot [9.117].

[9.114] Ek *sou* vandag uithelp, maar ek *kan* ongelukkig nie meer nie. [Conradie 2018]

[9.115] "Toe ek so pas gehoor het van Dilpert se dood, daardie oggend.... Ek was net blind, dit was 'n soort waansin. Ek *sou kon moor*. As jy my toe 'n rewolwer gegee het, *sou* ek enigeen kon gaan doodskiet, enigeen

wat vaagweg agter sy dood gestaan het. [HK 148: 1973 Fiksie (Kenniss van die aand, A.P. Brink)]

[9.116] Ek *sou* baie graag baie *wou geleer het*. Maar daar was nie geld nie en ek moes gaan werk. [HK 152: 2009 Fiksie (Fred se storie, Lien Roux- De Jager)]

[9.117] Die kerkvaders en hervormers wat die regte fondament gelê het, *sou* die huis nie voltooi nie. [HK 201: 1916 Geesteswetenskappe (Preek-methode, Totius)]

Die uitdrukking van irrealis *sou* kollokeer dikwels met *anders*, *andersyds* en *andersins* in konstruksies wat 'n aanduiding is van onwerklike situasies of toestande met die hipotetiese teendeel wat duidelik volg in die gedeelte na *anders*:

[9.118] Dit was vir die ervare ou staatsman duidelik dat hierdie ernstige, lewendige, regop figuur, hoe goed hy dit ook al gemeen het, nog geen besef had van die ware toedrag van sake nie, *anders sou* hy wel duidelik genoeg ingesien het dat die President Engeland net op een manier tevrede kon stel, naamlik deur die land aan Engeland weg te gee. [HK 25: 1950 Biografies (Kommandant Danie Theron, J.H. Breytenbach)]

[9.119] *Andersyds sou* dit, toe hulle die groot uitdaging van 'n oorlog teen die grootste imperiale en bes toegeruste moondheid ter wêreld teen wil en dank moes aanvaar, somtyds aanleiding gee tot 'n ongedissiplineerdheid wat hul aangewese en demokraties-verkose leiers tot wanhoop gestem het. [HK 31: 1971 Informatief (Die Boeregeneraals, W. du Plessis)]

KONSTRUKSIE 9.10: Irrealis *sou*:

**[[KLAUS] [anders *sou* + KLAUS]] ↔ [aangesien sekere gebeure nie plaasvind
nie kan die voorspelde gevolg daarop ook nie realiseer nie]**

9.7.1.5 HIPOTETIESE *SOU*

De Villiers (1971: 94) se definisie van logiese hipotese is soos volg:

'Dit is...'n beredeneerde veronderstelling oor gebeure of toestande
in die verlede tyd'.(Dit is = logiese hipotese. My beklemtoning)

Hipotetiese stellings kan egter ook wys op veronderstellings oor gebeure wat moontlik in die toekoms kan plaasvind soos gesien in [9.120] waarin die spreker hipotetiese voorspellings maak oor hoe 'n lewe met sy geliefde kan wees.

[9.120] Met haar, met hulle het hy nooit eenkant gevoel nie. Met hulle *sou* hy nog nie so oud en so oorbodig wees nie. Met haar, met hulle *sou* hy nog kan planne maak en uitkyk na nuwe dinge, na iets anders, iets beters altemit. [HK 230: 1943 Fiksie (Begeesting, J. van Melle)]

Onder hipotetiese betekenis is daar 'n paar fyner betekenisonderskeidings wat deur *sou* uitgedruk en hier kortliks bespreek word:

A) Die uitdrukking van onsekerheid

Sou dui die spreker se onsekerheid oor 'n sekere voorspelling aan (Conradie, 2018). Wanneer 'n spreker 'n sekere vermoede uiter is hierdie vermoede onseker van aard, selfs al is daar eksterne 'bewyse' voor teenwoordig. Hierdie eksterne 'bewyse' suggereer bewyslike epistemiese modaliteit:

[9.121] Drinkwater *sou* tydens die marathon beskikbaar wees. [Conradie 2018]

[9.122] Ek *sou* dink gaste sal toegelaat word. [Conradie 2018]

[9.123] dit het hom blykbaar vererg, maar na 'n paar oomblikke van ernstige besorgdheid dat hy *miskien* sy kwelgeeste *sou agtervolg* en terloops die nogal brose woning onderstebo *sou* loop, het hy besluit om, al was dit onder protes, te vertrek. [HK 273: 1949 Informatief (Die laeveld sy natuurlewe en sy mense, J. Stevenson-Hamilton)]

Tentatiewe, of voorlopige *sou* druk ook die spreker se onsekerheid ten opsigte van 'n situasie uit en die spreker se ongeloof of gebrek aan vertroue ten opsigte van die waarheidsaanspraak van die proposisie word ondermyn.

Beloftes wat met die gebruik van *sal* 'n sterk sprekersekerheid of geneentheid aandui word deur die gebruik van *sou* meer voorlopig en onseker gemaak.

[9.124] Ek *sou* jou môre kon help. [Conradie 2018]

B) *Sou* as voorspelling

Die gebruik van *sou* in voorspellings dui ook 'n sterk hipotetiese waarde aan, byvoorbeeld:

[9.125] Daar *sou* water op Mars wees. [Conradie 2018]

[9.126] Die voorspelling van Mokwaseli dat hij net een apie op die jag *sou* vang, en dat die kwaad deur Kugulu aangebring *sou word*, het hom te binne geskiet [HK 4: 1920 Fiksie ('n Kafferjag en die gevolg, uit De Goede Hoop)]

[9.127] Indien 'n verkoopprijs vir die erwe bepaal moet word moet in gedagte gehou word dat kostes van elektriese materiale (en arbeid) jaarliks tussen 15% en 20% toeneem en *sou* dit raadsaam wees om die netwerke so spoedig moontlik te installeer om verdere kostestygings te

probeer vermy. [HK 154: 1920 Informatief (Die trouwdag, uit Die Boerevrouw)]

In [9.127] maak die spreker 'n voorspelling gebaseer op inligting wat daarop dui dat kostes van elektriese materiale en arbeid jaarliks toeneem.

KONSTRUKSIE 9.11: Voorspelling *sou*

[[SUBJ + *sou* + KLAUS]_{VERLEDE/HEDE}] ↔ [Subjek in die hede of verlede bespiegel dat 'n handeling uitgevoer sal word.]

Die gebruik van voorspelling *sou* in die verlede of hede dui op 'n spreker se bespiegeling eerder as wat dit sprekersekerheid uitdruk. Die verskil tussen *sal* en *sou* is 'n graadverskil in sprekersekerheid. *Sou* se gebruik is meer bespiegeland en onseker van aard as *sal* s'n.

9.7.1.6 *SOU* IN MODALE KETTINGS

Sal en *sou* kom meer dikwels in modale kettings voor as enige ander modale hulpwerkwoorde en soos bespreek onder 9.4.1.3 is die betekenis van modale kettings met *sal/sou* hoofsaaklik epistemies van aard.

Kirsten (2016:96) het ondersoek ingestel na die gebruik van *sou* in modale kettings en sy het vier gebruike hiervan geïdentifiseer:

1. *Sou* en 'n **preteritummodaal** en die konteks is in die **verlede** tyd.
2. *Sou* en 'n **presensmodaal** met die konteks in die **verlede** tyd.
3. *Sou* en 'n **preteritummodaal** met die konteks in die **presens**.
4. *Sou* en 'n **presensmodaal** met die konteks in die **presens**.

Opsie 1:

[9.128] Die Zoeloe-jagters *het egter besef* dat hulle 'n mate van beskerming *sou moes verkry* as hulle weer wou jag. [HK 128: 1972 Informatief (Grootwild, I. Player)] {*sou* + preteritum + verledetydkonteks}

Opsie 2:

[9.129] Smit *het gedink* dat *ás* die Boesmans gereeld kos kry, hulle trapsgewyse geleer *sou kan word* om self voedsel te produseer. [HK 445: 1977 Biografies (Die lewe van Erasmus Smit, P.S. de Jongh)] {*sou* + presens + verledetydkonteks}

[9.130] Maar *hy was* te lomp en *het* die mense afgeskrik deur openlik te verklaar, dat die Raad miskien *sou kan ontwikkel* tot iets nog groters. Later *het hy* weer so iets voorgestel, maar in die voorstel net bewys, dat *hy uit die eerste afwysing niks geleer het nie*. [HK 833: 1920 Geesteswetenskappe (Die wolf in die Skaapvel, H. D. J. Bodenstein)] {*sou* + presens + verledetydkonteks}

Opsie 3:

[9.131] *Hy knyp* sy linkeroog toe en korrel. *As hy* die duif nou *sou kon* skiet, sal dit sowaar 'n kolskoot wees. Die son wat deur die lang venster val, vat soos sagte handjies aan Samantha se swart hare HK 907: [2005 Fiksie (Grootword is nie vir sissies nie, Kowie Rossouw)] {*sou* + preteritum + presenskonteks}

Opsie 4:

[9.132] *Jij weet* mos dokter Froneman en ek woon saam. Ons *het* nog nie vir ons vrouwens aangeskaf nie, en in die jare wat ons saam op skool deurgebring *het*, *het* ons so gewend geraak aan mekaar, dat als ons nou ander planne *sou moet maak*, dit swaar *sou* gaan. [HK 1004:

1919 Fiksie (Celestine, J. van Reenen)] {*sou* + presens + presens-konteks}

[9.133] Dit *sou* gebrek aan dissipline aan my kant wees as ek aan u wil voorskryf wat ek graag *sou wil* of nie wil doen nie, [HK 282: 1945 Formele brief (01-04) (2)] (*sou* + presens +presenskonteks)

[9.134] So'n tabberd *sou kan dien* vir later om saands te dra en *sou* deftig genoeg wees vir enige geleentheid en ook nie te deftig vir selfs 'n gewone aandpartijtjie vir 'n jonge bruid. [HK 399: 1920 Informatief (Die trouwdag, uit Die Boerevrou)] (*sou* + presens + presenskonteks)

Die diachroniese verandering van *sou* in modale kettings word onder 9.8.4.3 verder bespreek en dit sal meer inligting werp op die verskynsel 'preteritale kongruensie'.

KONSTRUKSIE 9.12: Epistemiese modale ketting *sou*

Konstruksie 9.12A: [[SUBJ + *sou* + (OBJ) + (BYWOORD)+ (moes) + HW] VERLEDE] ↔ [spreker bespiegel oor (noodsaaklike) gebeure wat in die verlede *sou* plaasvind]

Konstruksie 9.12B: [[SUBJ + *sou* + (OBJ) + (BYWOORD) + (kan) + HW] VERLEDE] ↔ [spreker is taamlik seker oor teoretiese vermoë van gebeure wat in die verlede *sou* plaasvind]

Konstruksie 9.12C: [[SUBJ + *sou* + (OBJ) + (BYWOORD) + (kon) + HW] HEDE] ↔ [spreker voorspel dat hy/sy die moontlike vermoë het om 'n aksie uit te voer]

Konstruksie 9.12D: [[SUBJ + *sou*+ (OBJ) + (BYWOORD) + (wil) + HW] HEDE] ↔ [spreker bespiegel oor die moontlikheid dat 'n situasie sal plaasvind]

9.7.1.7 WAARSKYNLIKHEID EPISTEMIESE MODALE *SOU*

Waarskynlikheid *sou* se spreker is minder onseker oor die uitspraak van die proposisie. Hierdie tipe konstruksie gaan gepaard met die gebruik van die modale adjunk *waarskynlik* soos gesien in [9.135] en [9.136]. Die konteks is in die verlede en alhoewel daar nie totale sekerheid is nie, is die kans groter as met die vorige epistemiese betekenis:

[9.135] Sien jy," gaan Maggy voort, „dit is nou weer net soos die baas is. 'n Ander *sou* waarskynlik 'n nare aanmerking gemaak het. [HK 24: 1947 Fiksie (Die swaar pad terug, A. van Alphen)]

[9.136] Die Kaapse resep *sou* waarskynlik reeds in Van Riebeeck se tyd, minstens tydelik, van die resep in Kuchemaistrey verskil het. [HK 374: 2006 Informatief (Die geskiedenis van Boerekos 1652-1806, H.W. Claassens)]

KONSTRUKSIE: waarskynlikheid *sou*:

[SUBJ + *sou* + WAARSKYNLIK + VS + WW] ↔ [Spreker is taamlik seker dat 'n aktiwiteit in die verlede plaasgevind het]


9.7.1.8 BEWYSLIKE EPISTEMIESE MODALE *SOU*

Sou word gebruik in bewyslike omstandighede om bewyslike modaliteit uit te druk.

[9.137] Die reeks mal blafgeluide wat daarop volg, is **oorgenoeg bewys** dat die bosstreek langs die rivier nie so eensaam en verlate is as wat van die stilte afgelei *sou kon word* nie. [HK 8: 1948 Fiksie (Vlam van die Bantomberge, G.C. en S.B. Hobson)]

Bewyslikes is gebaseer op gevolgtrekkings wat deur die spreker gemaak word op grond van persoonlike ervaring of kennis soos in [9.137].

In figuur 9.13 word *sou* se epistemiese betekenisse in 'n konstruksienetwerk opgeneem en uitgebeeld.



Figuur 9.13 Die konstruksienetwerk van epistemiese *sou*

9.7.2 VASTE UITDRUKKINGS MET *SOU*

Sou het in sekere gebruike gefossileer en vaste uitdrukkinge gevorm soos gesien in die volgende voorbeelde. Hierdie vaste uitdrukkinge is vaste vorm-funksieskemas en word op die mikrovlak uitgedruk:

Sou word in die volgende omstandighede gebruik en neem die volgende waardes of funksies aan (Conradie, 2018):

Uitdrukking 1: Beleefde versoek: *dit sou gaaf wees*

In die konstruksie met *dit sou gaaf wees* soos in voorbeeldsin [9.138] druk *sou* beleefd 'n versoek uit:

[9.138] Dit *sou* gaaf wees as julle kon help. [Conradie 2018]

Uitdrukking 2: Ironie/onvergenoegdheid: *sou so dink*

In die volgende vaste uitdrukkings druk *sou* onvergenoegdheid of ironie uit:

[9.139] Ek *sou* so dink! [Conradie 2018]

Uitdrukking 3: Mentale Komplementnemende predikaat: *dat mens sou dink*

Die uitdrukking *dat mens sou dink* in al sy variasievorme is die hoofklaus en komplementnemendepredikaat (Kruger & Van Rooy, 2016) of KNP van 'n konstruksie en die funksie van hierdie konstruksie, is om 'n spesifieke perspektief op die daaropvolgende klaus te bied.

In die hoofklaus/KNP – *'n mens sou dink (dat)* – kollokeer *sou* met 'n mentale werkwoord en 'n spreker se gedagtes is op die voorgrond. Die uitdrukking is hipoteties en het 'n ironiese strekking, want die teenoorgestelde vind plaas as dit wat die spreker *sou* dink gaan gebeur.

[9.140] Mense skree en twee katte vlieg verwilderd van die winkel se stoep af, met so 'n gemiaau *dat mens sou dink* dis hulle wat gejaag word [HHK 808: 1979 Fiksie (Armaansie, E. Bierman)] (onvergenoegd)

[9.141] " 'n Mens *sou dink* dat al hierdie take reeds vir Annamarie 'n vol program is, maar moenie glo nie!" [HHK 811: 1978 Informatief (uit Rooi Rose)] (ironie)

[9.142] Die kêrel is voorbarig en verwaand. Vir Ragel Malan het hy nie met veel respek aangespreek nie en 'n mens *sou sweer* sy is sy eiendom. [HHK 812: 1950 Fiksie (Anna Beyers, Mikro)] (onvergenoegd)


9.7.3 DINAMIESE *SOU*

Verledetyd dinamiese *sou* verteenwoordig volisiebetekenisse waar die subjek-referent of interne deelnemer se bereidwilligheid of intensie om 'n aksie uit te voer of om iets te verkry voorop staan. Hierdie betekenisdomein sluit egter ook gewoontegedrag van die subjek-referent in:

[9.143] Maar hierdie werk wat hy doen, is sy hele lewe. Daarsonder *sou* niks vir hom betekenis hê nie, *sou* hy sy reg op bestaan verbeur het. [HK 71: 1946 Fiksie (Reisigers na nêrens, W. van der Berg)] (gewoontegedrag)

[9.144] Ek was onderweg na die stad van my hart. Vier jaar het ek daarvoor gewag en daaroor gedroom: dié dag dat ek *sou* teruggaan om herinnering aan werklikheid te toets, om te gaan vasstel of daar iets is wat bly – onveranderd en onaangetas. [HK 146: 1979 Biografies (Ontmoetings, L. Spies)] (volisie)

In voorbeeldsin [9.143] en [9.144] is die betekenisse dinamies vanweë die verwysing na die subjek-referent se gewoontegedrag in [9.143] en begeerte in [9.144] terwyl die konteks in die verlede geplaas is met 'n vooruitsig op toekomsgerigte situasies wat aansluit by die idee van die 'verlede toekomstige tyd'. Dinamiese *sou* se konteks is meestal in die verlede geplaas. 'n Ontleding van dinamiese *sou* in die steekproef uit die korpus wys dat dinamiese *sou* grotendeels kontekste in die verlede tyd betrek soos gesien in [9.145] en in figuur 9.14.



Figuur 9.14 Vergelyking tussen dinamiese *sou*-gebruike in die hede en verlede

[9.145] 'n Bietjie vreemd is die verklaring van die Superintendent in sy verslag van 1913, dat, omdat daar 'n aansienlike aantal gekleurdes was, wat vir die eksamens hulle laat inskryf het, en omdat hulle ook afgeskrik *sou word*, die peil nie verhoog kon word nie. Dit lyk al te veel alsof die blanke kind moes lij, omdat die gekleurde ook moes opgelei word vir onderwyser.

[HK 9: 1918 Informatief (Die opleiding van die blanke onderwyser, uit De Unie)]

Dinamiese *sou*, anders as dinamiese *sal*, se subjek-referente is meestal nie in die eerste persoon, *ek*, nie maar eerder eiename, selfstandige naamwoorde en die meer onpersoonlike derde persoon *hy*, *sy*, soos gesien in narratiewe tekste.

Dit wil dus voorkom asof dinamiese *sou* eerder ingespan word as historiese konstruk om gegewens in die verlede tyd weer te gee.

[9.146] Leyds het Chamberlain ook verwittig dat hy oor 'n paar dae in Londen *sou wees* en dan te eniger tyd vir samesprekings tot Chamberlain se

beskikking *sou wees*. In die brief het Leyds Chamberlain bedank vir die aanbod van kaartjies vir die vlootmonstering, maar verklaar dat hy reeds 'n uitnodiging van die Nederlandse Admiraal ontvang het om die monstering van sy skip af te aanskou, en aangesien daar vriende aan boord van dié skip *sou wees*, hy graag laasgenoemde se uitnodiging wou aanneem. [HK 42: 1980 Geesteswetenskappe (Dr. W.J. Leyds as Gesant... L.E. van Niekerk)]


[9.147] Toe sê Boshof dat hulle binne 24 uur in die tronk *sou wees*. Hulle antwoord was dat hulle die Vrijstaat met geweld *sou neem*. (Pretorius was Transvaalse president en Kruger kommandant). [HK 186: 1919 Biografies (uit Die Huisgenoot)]

[9.148] Smit *sou* hulle nie altyd genoeg kos kon gee nie, en die koloniste *sou* hom nie help nie omdat die instituut hulle van hulle arbeiders beroof het. [HK 266: 1977 Biografies (Die lewe van Erasmus Smit, P.S. de Jongh)]

KONSTRUKSIE 4: gewoontel/intensie *sou*

[[hy/sy + sou + (OBJ) +HW _{materieel}] VERLEDE] ↔ [Hy/sy as individu se intensie of gewoonte gedrag van die verlede word binne historiese konteks geplaas]

Konstruksie 4 gee die tipiese dinamiese gebruik van *sou* weer en in figuur 9.15 word *sou* se epistemiese konstruksienetwerk weergegee.




Figuur 9.15 Die konstruksienetwerk van dinamiese *sou*

Die tipe tekste waarbinne dinamiese *sou* gebruik word, werp meer lig op die gebruik van dinamiese *sou* en die sekerheid waarmee die subjek-referent *sou* gebruik. Hoe dinamiese *sou* se mikrosemantiese betekenis oor die laaste 100 jaar ontwikkel en verander het word onder 9.8. bespreek.

9.8 SOU SE DIACHRONIESE ONTWIKKELING

9.8.1 SOU SE DIACHRONIESE FREKWENSIES

Die modale hulpwerkwoord *sou*, soos gesien in figuur 9.16, vertoon aanvanklik in periode 2 'n statisties beduidende toename van 29% met 'n log-waarskynlikheid waarde van 5.56 met $G^2 = 3.84$ ($p < 0.05$).




Figuur 9.16 Diachroniese frekwensieverspreiding van *sou*

Vanaf periode 2 tot 3 neem *sou* se gebruik af met 27% en vanaf periode 3 na 4 met 17%. Die werklike afname van periode 2 na 3 is statisties baie hoog met 'n log waarskynlikheid van 18.06 ($p < 0.001$) en die afname van periode 3 na 4 is ook statisties beduidend. Oor 'n tydperk van 100 jaar het die gebruik van *sou* oor die algemeen met 28% afgeneem en hierdie berekening is ook statisties beduidend ($p < 0.001$). Die afname van *sou* oor die laaste 100 jaar stem ooreen met die afname van die preteritumvorme *moes* en *wou* wat daarop dui dat die gebruik van preteritumvorme vanaf die 20ste eeu 'n afname in gebruik vertoon.

9.8.2 *SOU* IN VERSKILLENDE TEKSGENRES

Die gebruik van *sou* in 'n wye verskeidenheid teksgenres het gewissel oor die verloop van 'n eeu en in figuur 9.17 word hierdie veranderinge grafies weergegee.




Figuur 9.17 *Sou* se teksgenreverspreiding

Die gebruik van *sou* is sedert periode 1 meer frekvent in narratiewe tekste as in die ander registers. In periode 2 en 3 is daar 'n toename in gebruik van *sou* in narratiewe en informatiewe tekste waarnaas dit weer afneem van periode 3 tot en met periode 4 waar daar steeds 'n afname in gebruik sigbaar is. In die formele tekste is daar aanvanklik meer gebruike van *sou* in hierdie register as in die informatiewe register maar dit stabiliseer in periode 2 en 3 en neem weer af in die vierde periode. Die opvallende veranderinge wat in die tekstipe-kategorie teenwoordig is, vind plaas in informele tekste. In periode 1 is daar weinig gebruike van *sou* teenoor die Nederlandse ekwivalent, *zou*, wat 14 genormaliseerde gebruike in periode 1 vertoon. Gesamentlik is daar 18 genormaliseerde gebruike van *sou* en *zou* in periode 1 wat aandui dat *sou* in die tweede periode meer in informele en narratiewe gebruik as in informatiewe en formele tekste. Vanaf periode 2 tot 3 en steeds in 4 is die gebruik van *sou* in informele kontekste skraal wat daarop dui dat die aard van *sou* vanuit die meer persoonlike konteks tot in die informatiewe en formele registers opgeneem is.

9.8.3 *SOU* SE MAKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

Soos gesien in figuur 9.18 is *sou* van meet af aan 'n epistemiese modaal met hoofsaaklik tentatiewe, hipotetiese en epistemies temporele gebruike soos bespreek onder 9.7.1.1. Vanweë die algehele toename in die gebruik van *sou* in periode 2 het epistemiese *sou* hierdie groeikurve gevolg en die frekwensie hiervan, nie die persentasiegebruik nie, het toegeneem.



Figuur 9.18 Diachroniese frekwensieverspreiding van *sou* se modale tipes

Vanaf periode 1 tot periode 3 verteenwoordig epistemiese *sou* 78-79% van *sou* se gebruike. In periode 4 is daar egter 'n 10%-afname in die gebruik van epistemiese *sou* en in die 21ste eeu is 69% van *sou* se gebruike epistemies van aard. Dinamiese *sou* se absolute frekwensie het proporsioneel stabiel gebly en verteenwoordig deurlopend 19% van *sou* se gebruike. Wanneer die gebruik van *sou* in die steekproef se verskillende registers vergelyk word, is dit opmerklik dat *sou* in meer formele registers soos die formele akademiese register en in informatiewe registers soos byvoorbeeld koerante en religieuse geskrifte in periode 1 meer epistemies van aard was. Tydens periode 1 is *sou* in informatiewe registers 83% epistemies en in formele registers is

die gebruik van *sou* 89% epistemies van aard. Daarteenoor is die gebruik van *sou* in informatiewe registers in periode 4, 66% epistemies en 33% dinamies en die gebruik van *sou* in formele tekste is 23% dinamies en 69% epistemies. Wat die oorsaak van hierdie betekenisverskuiwing is van die meer onseker en hipotetiese gebruik van *sou* in informatiewe en formele registers is onseker. Moontlike verklarings vir hierdie verskuiwing is dat informatiewe en formele tekste met die verandering in die gebruik van 'n meer tentatiewe hipotetiese *sou* (epistemiese gebruik) aandui dat hierdie tipe tekste en registers toenemend hulle tekste as minder onseker wil aandui maar as iets wat waar en seker en betroubaar is. Hierdie verskynsel sê moontlik eerder meer oor die aard van die tipe teks as oor die werklike verandering van die modale hulpwerkwoord self. Tekste word minder spekulatief en meer as betroubare geloofwaardige bronne aangebied wat wil wegstroom van onsekere hipotetiese konstruksies.

In periode 1 is informatiewe en formele tekste meer hipoteties van aard soos gesien in [9.149] – [9.150]. Informatiewe registers wat tekste soos 'n Geskiedenisstudie oor CJ Langenhoven en 'n aanhaling uit 'n koerant, *Die Banier*, is onseker en tentatief:

[9.149] Anders *sou* ons dáár te doen hê met 'n losse en willekeurige opeenvolging van toestande en gebeurtenisse, waarvan 'n verbandlose geheue-studie *mogelik sou wees* maar geen redelike studie nie. [HK 313: 1919 Informatief (Geskiedenis-studie, C.J.Langenhoven)]

[9.150] Dit *sou* dan aanbeveling verdien om tegelyk volledige besonderhede te vermeld: oor watter onderwerpe *sou gelees* of gepraat moet word; hoe lang so 'n toespraak of lesing *sou* mag duur en so meer. [HK 287: 1920 Verslaggewing (uit Die Banier)]

In hierdie drie formele tekste is die konteks ook meer tentatief. Albei voorbeeldsinne in die formele, akademiese registers wat 'feitelike' tekste is aangesien dit binne die wetenskaplik-akademiese domein geplaas is, is onseker en hipoteties veral met die frase 'gebaseer op die veronderstelling dat hulle wel mee *sou* doen' in [9.151] en die

hipotetiese voorspelling oor hoe Dante in 'n meer moderne konteks sou dink en verbeel in [9.152].

[9.151] Ieder moet die reg behou om nog spontaan te handel, maar die Konferensie het tog sy goedkeuring geheg aan 'n plan, wat eintlik gebaseer was op die *veronderstelling*, dat hulle wel *mee sou doen*, want die Konferensie besluit:

" dat elke deel van die Ryk gewillig is om voorbereidings te tref op sodanige manier, dat dit hom in staat stel, as hy dit verkies, om sy deel te neem in die algemene verdediging van die Ryk." [HK 302: 1920 Geesteswetenskappe (Die wolf in die Skaapvel, H. D. J. Bodenstein)]

[9.152] Had Dante vandag geleef, *sou* sijn verbeelding stellig 'n ander koers geneem het. [HK 169: 1912 Geesteswetenskappe (Letterkundige rigtings, uit Akademie Jaarboek)]

In 'n formele brief (wat ook binne die formele register geklassifiseer is) skryf 'n historikus aan 'n sekere Mev. Ockerse 'n brief en sy toon en register is baie onseker en spekulatief:

[9.153] Intussen sou ik tog nog graag wil hoor:

- A. Is dit nie moontlik om 'n volle beskrywing te kry van die soort van gedenkskrif van 6 Mei 1893?
- B. Sou dit miskien 'n afskrif wees van 'n deel van die oorspronklike begrafnislys?
- C. Ik lees die sterfdatum 16 Desember 1852. Die "6" van die "16" is wat onduidelik. Vraag tog a.u.b. of die "6" van die "16" korrek is.
- D. Mag ik die adres van tanta Dorie en haar man kry, om hulle persoonlik myn dank oor te bring vir hierdie belangryke gegewens.

[HK 247: 1918 Formele brief (10-21)]

Teenoor die meer spekulatiewe, hipotetiese en dus epistemiese aard van informatiewe en formele tekste in periode 1 staan die interne deelnemer as individu of as homogene gemeenskap/groep se individuele intensie, doelwitte en begeerte in periode 4 voorop wanneer *sou* gebruik word. Hierdie voorbeelde van *sou* lê eerder binne die volisie, waarskynlikheid en noodsaaklikheid-domein as in die epistemiese moontlikheid en onwaarskynlikheid betekenisdomein.

In [9.154] is die onderneming se doelwit en intensie uiteengesit terwyl die voorneme om 'n diamant aan 'n koninklike te skenk in [9.155] uitgedruk word en in [9.156] word verwys na 'n vrou, Anna, se laaste modderbad voor sy gesterf het.

[9.154] Terselfdertyd *sou* die doel van die onderneming wees om skeletmateriaal van verskillende wildsoorte vir vergelykingsdoeleindes in fossielnavorsing vir die museum te versamel. [HK 410: 2008 Verslaggewing (Volksblad)]


[9.155] Die diamant wat kroon toe *sou gaan*, is weke lank deur die steensnyer, dr. Ironside noem hom die “lapidary”, bestudeer, totdat hy al die nate van die steen geken het. [HK 412: 2008 Religieus (uit Krag vir Vandag)]

[9.156] Die kuur by hierdie spa, soos ek genoem het, was dat die susters modder- of veenturfbaddens moes neem. Anna neem toe die bad wat haar laaste *sou* wees. En toegepak in modder, as't ware toegekis in die modder, sterf sy aan 'n hartaanval. [HK 275 2005 Geesteswetenskappe (Die sprokie en twee verhale)]

9.8.4 *SOU* SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING

9.8.4.1 MIKROSEMANTIESE DIACHRONIESE ONTWIKKELING VAN EPISTEMIESE *SOU*

Epistemiese *sou*, soos gesien in figuur 9.19, is sedert periode 1 hoofsaaklik mediaansterk vanweë die hipotetiese en onseker aard van hierdie uitdrukkings.



Figuur 9.19 Epistemiese *sou* sprekersekerheid

Tekste in periode 1 soos gesien in [9.157] tot en met hedendaagse tekste soos in [9.158] se uitdrukking van epistemiese *sou* is oorwegend onseker en hipoteties.

[9.157] Dit dwing hom om altijd nuwe onderwerpe te behandel, en inplaas van eentonig te word sal hij dit juis moeilik vind om eentonig te wees al *sou* hij dit wil, want die nuwe stof wat hij krij sal gedurig die oue verdring. [HK 17: 1919 Religieus (uit Het Kerkblad)]

[9.158] Ek weet mos renosters klink so! Hulle breek mos die hele wêreld voor hulle plat en...*Sou kon wees*, stem haar pa saam, behalwe dat daar nie

renosters op ons plaas is nie. [HK 2: 2008 Fiksie (Modjadji, I.L. Vermeulen)]

Epistemiese *sou* se mediaansekerheidsbetekenisse wissel tussen 63 – 76% oor al vier periodes en geen opvallende proporsionele veranderinge het ten opsigte van die sprekersekerheid plaasgevind nie. Daar is 'n aansienlike absolute toename in hoë sprekersekerheid tydens periode 2, maar dit val saam met die algehele toename van *sou* in daardie periode en dit blyk nie betekenisvol te wees ten opsigte van hierdie betekenisonderskeiding nie.

Die bespreking oor epistemiese *sou* demonstreer 'n lang lys oorwegend hipotetiese betekenis-skakerings en ongeag die tempus waarin die konteks geplaas is, is daar nie 'n direkte lineêre invloed op die sprekersekerheid soos met epistemiese *sal* waar toekomsgerigte kontekste meer onseker voorkom as teenwoordigetyd-*sal* nie. Tempus speel wel 'n rol in die bewyslike epistemiese betekenisdomein. In hierdie gevalle is die konteks waarbinne 'n situasie geplaas is meestal in die verlede en kan daar met taamlike sekerheid vanuit eksterne gegewens afgelei word dat 'n situasie gerealiseer het. Hierdie situasies kan as eintlike modaliteit of realissituasies geklassifiseer word soos gesien in voorbeeld [9.156].

[9.159] Die twee inrigtings omvorm hy tot Das Staatliche Bauhaus Weimar, 'n instituut wat die sentrum van die moderne argitektuur *sou word*. [HK 33: 2006 Biografies (Hannes van der Merwe argitek en skrywersvriend, J.C. Kannemeyer)]

9.8.4.2 TEMPORELE EN MODALE GEBRUIKSGETALLE VAN *SOU*

Soos die syfers in tabel 9.13 dit vergestalt, is daar 'n ooreenkoms tussen hierdie studie en Kirsten (2016:15) wat bevind dat daar 'n afname in *sou* se gebruik is sedert periode 2 tot en met die 21ste eeu.

	Periode 1		Periode 2		Periode 3		Periode 4	
Verlede toekomstige tyd/ temporele gebruik	51	12,30%	82	18,70%	50	15,70%	53	19,90%
Modaal/hipoteties	362	87,70%	356	81,30%	269	84,3%	213	80,10%
Totaal	413		438		319		266	1436

(Kirsten 2016: 96)

Tabel 9.3 Temporele en modale gebruiksgetalle van *sou*

Wat interessant is in haar bevindings is die verandering in die gebruik van *sou* in epistemiese modale kontekste. Sy bewys dat *sou* aanvanklik aan die begin van die 20ste eeu hoofsaaklik na die toekomstige tyd verwys het maar dat dit mettertyd omgeswaai het en dat die konteks waarbinne epistemiese modaliteit voorkom nou eerder in die verlede tyd is soos gesien in tabel 9.4.

	Periode 1		Periode 2		Periode 3		Periode 4	
verlede tyd	160	44,20%	201	56,52%	175	65,10%	137	64,30%
toekomstige tyd	202	55,80%	155	43,50%	94	34,90%	76	35,70%
Totaal	362		356		269		213	

(Kirsten 2016: 96)

Tabel 9.4 Gebruiksgetalle van modale *sou* in die verlede en teenwoordige tyd

Die aanvanklike gebruik van *sou* in die toekomstige tyd het ook daartoe bygedra dat *sou* destyds eerder met modale hulpwerkwoorde in hulle presensvorm gekollokeer het soos in 9.7.1.6 bespreek. *Sou* het gevolglik aanvanklik in periode 1 eerder met presensvorme *kan*, *moet* en *wil* gekollokeer aangesien die konteks binne die toekomstige tyd geplaas is maar sedert *sou* algaande meer 'n verledetydsaanduider geword het, het die kollokasie met preteritummodale ook toegeneem:

9.8.4.3 DIACHRONIESE ONTWIKKELING VAN *SOU* IN MODALE KETTING

	Periode 1	Periode 2	Periode 3	Periode 4
Opsie 1	3	14	23	15
Opsie 2	1	2	7	3
Opsie 3	0	13	16	13
Opsie 4	44	15	4	4

Tabel 9.5 Gebruiksgetalle van *sou* in kombinasie met ander modale hulpwerkwoorde²⁹

Sien voorbeelde en die bespreking van die verskillende opsies se betekenisnuanses onder 9.7.1.6 in hierdie hoofstuk.

Volgens Kirsten (2016:96) het die kollokasie van *sou* met presens modale hulpwerkwoorde in die teenwoordige tyd (wat ooreenstem met die Nederlandse infinitief) baie algemeen voorgekom in periode 1 maar dit het mettertyd afgeneem en in periode 3 en 4 is hierdie kollokasie minimaal in gebruik. Die gebruik van *sou* en die preteritumvorm in die teenwoordige tyd was in onbruik in periode 1 maar is sedert periode 2 meer algemeen in gebruik. Die kollokasie van *sou* en die preteritum in die verlede tyd was minimaal in gebruik in periode 1 maar het toegeneem in periode 2 en teen periode 4 is die kollokasie van *sou* met die preteritum in die verlede tyd sowel as in die teenwoordige tyd soortgelyk. Die kollokasie van *sou* en presensmodale in die verlede tyd was van meet af aan skraal. Die toenemende voorkeur vir die gebruik van kollokasies van preteritummodale met mekaar in teenstelling met die afname in

-
1. ²⁹ *Sou* en 'n **preteritummodaal** en die konteks is in die **verlede** tyd.
 2. *Sou* en 'n **presensmodaal** met die konteks in die **verlede** tyd.
 3. *Sou* en 'n **preteritummodaal** met die konteks in die **presens**.
 4. *Sou* en 'n **presensmodaal** met die konteks in die **presens**.

gebruik van *sou* (as preteritum) met presensmodale dui op diachroniese verandering en gepaardgaande konstruksionalisering. Konstruksies waarin twee of meer modale kollokeer dui voorkeur aan vir die gebruik van preteritum modale met mekaar en dit word as imperfektum-kongruensie (Conradie, 2006:88) of preteritale kongruensie (Kirsten, 2016:96) bestempel. Die rede hiervoor volgens Kirsten (2016:99) is vanweë Afrikaans se eenvoudige werkwoordelike sisteem en preteritale kongruensie ontstaan in terme van analogiese normalisering en regularisering. Preteritale kongruensie of preteritale assimilatie, soos Ponelis (1985) en Van der Kleij (1999) daarna verwys, behels dat wanneer een modaal in die preteritum is, ander modale (en dit blyk ook ander hoofwerkwoorde) dieselfde patroon sal volg en gevolglik ook eerder in die preteritum (en volgens Kirsten mettertyd selfs outomaties) uitgedruk word.

Van der Kleij (1999) bevestig dat daar nie 'n groot semantiese verskil tussen Afrikaanse en Nederlandse modale is nie, maar dat die verskil wat wel bestaan vormlik van aard is. Een verskynsel van hierdie vormlike verskil is preteritale assimilatie soos hierbo genoem. By preteritale assimilatie word een preteritale kenmerk van die werkwoordsvorm met 'n ander werkwoordsvorm gedeel. Volgens Van der Kleij is preteritale assimilatie van toepassing nie slegs wanneer daar meer as een modaal in 'n sinsketting is nie, maar dit is ook van toepassing op ander werkwoorde in die proposisie.

Ponelis (1979:270) het met die term preteritale assimilatie vorendag gekom, maar hy het nagelaat om 'n definisie daaroor te formuleer en om dit volledig te bespreek. Hierdie verskynsel is uniek aan Afrikaanse modale hulpwerkwoorde en Van der Kleij (1999:51) neem in haar ondersoek na tempus en aspek in Afrikaans hierdie verskynsel onder die loep en beskryf dit as:

Bij preteritale assimilatie wordt een preteritaal kenmerk van de ene werkwoordsvorm gedeeld met de andere werkwoordsvorm. Preteritale assimilatie is een **vormelijk verschijnsel** waarbij het **preteritale kenmerk van een werkwoord zich uitspreidt over de andere werkwoorden** in de zin. De

werkwoorde die onder invloed van dat ene werkwoord een preteritale vorm krijgen, behouden echter hun oorspronkelyke interpretatie.

'n Voorbeeld hiervan is:

[9.160] Maar wie *kon* dit *gedoen* *het*? [Van der Kleij 1999:42]

In hierdie voorbeeldsin, het selfs die leksikale werkwoord preteritale assimilasië uitgelok.

Modale hulpwerkwoorde wat preteritale assimilasië ondergaan is: *kan*, *sal*, *wil* en *moet*. *Mag*, *behoort* en *hoef* het geen preteritum nie en kan dus nie assimileer nie. Wanneer modale werkwoorde 'n preteritum het, kan hulle dus ook assimileer soos in voorbeeldsin [9.161]

[9.161] Nou hoe *kon* sy niks *wou* hê nie? [Van der Kleij 1999: 42 – jana:9]

In voorbeeldsin [9.162] is dit al die modale werkwoorde wat preteritumvorme *kan* neem naamlik *sou*, *wou* en *kon* sowel as die leksikale werkwoorde wat die preteritum geneem het.

[9.162] Jy *sou* baie graag *wou* *kon* gelees het wat ek skryf, nè? [Van der Kleij 1999: 42 – oomblik:77]

Die kollokasie van modale in verskillende tempusse was in periode 4 nog algemeen maar Kirsten (2016) het aangedui dat hierdie patroon (opsie 4 in haar bespreking soos hierbo gesien) mettertyd in onbruik geraak het en voorkeur verleen is aan die gebruik van preteritale assimilasië waar die eerste modaal in 'n ketting se preteritumgebruik strek tot die ander werkwoorde in die proposisie, hetsy dit 'n ander preteritummodaal of 'n leksikale modaal is wat dan ook die perfektumvorm aanneem.

[9.163] *Sou* jy hom kan herken as jy hom weer sien? [Van der Kleij 1999: 42 terugkeer:103]

Die bestaan van preteritale assimilasië is op een na 'n unieke verskynsel in Afrikaans; dit kom minimaal in Skotse gebruikstaal voor volgens Van der Kleij (1999:49) en dit wil voorkom asof die gebrek aan 'n vaste werkwoordelike sisteem in Afrikaans die

oorsaak hiervan is. De Villiers (1971:97) vermeld die gebrek aan 'n vaste sisteem en dit kan moontlik aanleiding gee tot die verskyning van verskeie unieke verskynsels soos byvoorbeeld preteritale assimilasië.

Volgens Kirsten (2016:99) ontstaan preteritale assimilasië deur middel van analogiese normalisering en regularisering. Van der Kleij reken dit is die gebrek aan 'n vaste werkwoordelike sisteem wat kan verklaar hoekom unieke Afrikaanse taalverskynsels ontstaan. Dit lyk egter asof De Villiers tog 'n aanvaarbare verklaring vir die ontstaan van preteritale assimilasië gee wanneer hy die unieke gebruik van die infinitiefsvorm bespreek (1971:30). Afrikaans wyk af van die talige tradisie deur die infinitiefsvorm op 'n unieke wyse te gebruik. Volgens die tradisie, soos bepaal deur Latyn en Grieks, het die infinitiefsvorm 'n baie spesifieke morfologiese vorm wat bepaal dat elke werkwoord 'n infinitiefsvorm het. Hierdie infinitief word sintakties uitgeken en alle Westerse tale beskik oor dieselfde sintaktiese vorm buiten vir Afrikaans wat op sintaktiese wyse afwyk van die vorm. Die gebruik van die infinitief word verduidelik in [9.164] en [9.165]:

[9.164] na (*om*) *te*, byvoorbeeld om dit te *doen*, om aan te *hou*

[9.165] die infinitiefsfunksie word gevind na skakelwerkwoorde - werkwoorde soos *laat* - en modale hulpwerkwoorde soos *kan* byvoorbeeld *laat doen*; *kan doen*.

Modale hulpwerkwoorde na *om te* en na 'n modale hulpwerkwoord en voor 'n enkel werkwoord het die vorme *kan*, *sal*, *wil*, *moet*, byvoorbeeld:

[9.166] om te + *kan/wil/moet* + doen

[9.167] *sal* + *kan/moet/wil* + doen

Volgens tradisie gebruik ander Germaanse tale *kan/moet* en *wil* as die infinitiefsvorm; aangesien daar egter voorbeelde is in Afrikaans waar Afrikaans die imperfek + imperfek-perfek vorm gebruik, is Afrikaanssprekendes gekondisioneer om dieselfde vorm deurlopend uit te spreek en te herhaal byvoorbeeld in die voorbeeld: *Ons vind ook ons moes kom*.

Dit is dus 'n sekere taalgevoel van Afrikaanssprekendes dat hulle die verlede tydverband en vorm deurgaans wil behou deur na die *om te* nie terug te keer tot die oorspronklike imperfektum en infinitiefsvorm nie, maar om die hele konstruksie in die verlede te hou en die preteritum- en perfekvorme deurgaans te gebruik. As daar meer as een modale hulpwerkwoord in 'n ketting voorkom sal meeste daaropvolgende modale maar ook leksikale werkwoorde eerder alle vorme dieselfde behou en ook oorslaan na die preteritale vorme. Ponelis (1979:271) dui aan dat daar wel voorskrifte en beperkings is op die gebruik van preteritale assimilasië. Na *het* sal alle deontiese, voorskriftelike modale preteritale assimilasië ondergaan, byvoorbeeld:

[9.168] Jan het *kan/moet/wil* kom → Jan het *kon/moes/wou* kom.

Daarteenoor sal epistemiese modale hulpwerkwoorde in 'n formeel-korrekte styl nie preteritale assimilasië ondergaan nie:

[9.169] Dieselfde *moet* 'n goeie indruk *gemaak het*. [Ponelis 1979:271]

[9.170] Wat sy oorlede pa *moet besiel het!* [Ponelis 1979:271]


In spreektaal sal die teenoorgestelde gebeur volgens Ponelis:

[9.171] Dieselfde *moes* 'n goeie indruk *gemaak het*. [Ponelis 1979:271]

Tot sover die bespreking oor preteritale assimilasië, Vervolgens 'n bespreking van die mikrosemantiese diachroniese ontwikkeling van dinamiese *sou*:

9.8.5 DINAMIESE *SOU* SE MIKROSEMANTIESE ONTWIKKELING


Dinamiese *sou*, soos gesien in figuur 9.20, se subjek-referente se sprekersekerheid is vanaf periode 1 tot en met periode 4 deurlopend sterk.



Figuur 9.20: Dinamiese *sou* se sterkteverspreiding

Dit wil voorkom asof dinamiese *sou* meer is as net die weergee van 'n interne deelnemer se persoonlike uitdrukking van bereidwilligheid en intensie soos met *sal*. Soos in 9.7.3 bespreek is die subjek-referente in dinamiese *sou* kontekste juis nie die individuele persoonlike, *ek* of *ons* nie maar eerder historiese homogene groepe of figure en dit word as eiename en soortname in historiese tekste en as *hy* of *sy* in narratiewe tekste uitgedruk. Dinamiese *sou* blyk 'n interessante rol te speel in geskiedskrywing en vervul meestal 'n rol om historiese gegewens in historiese tekste weer te gee.

Wanneer die tekstipes waarin dinamiese *sou* voorkom vergelyk word soos gedemonstreer in figuur 9.21, is dit eerstens interessant om te sien hoe dinamiese *sou* aanvanklik hoofsaaklik in narratiewe tekste teenwoordig was. Mettertyd het ook informatiewe en formele tekste se gebruike van dinamiese *sou* toegeneem.



Figuur 9.21 Diachroniese ontwikkeling van dinamiese *sou* in verskillende teksgenres

'n Verdere in-diepte ondersoek na die tipe tekste waarin dinamiese *sou* gebruik word, is insiggewend aangesien dit baie spesifiek tekste is wat verslag lewer oor historiese gebeure of figure waarin *sou* gebruik word.

Onder **narratiewe tekste** is dit veral in **biografieë** soos in:

1916 Biografies (Die niksnuts, uit De Huisgenoot).txt
 1918 Biografies (Pretorius, uit Die Huisgenoot).txt
 1919 Biografies (oor Rijk Tulbach, uit Die Huisgenoot).txt
 1941 Biografies (Generaal Christiaan Frederik Beyers, G.D. Scholtz).txt
 1944 Biografies (Jan van Riebeeck 1618-1677, A.N. Pelzer).txt
 1944 Biografies (Paul Kruger... F. Postma).txt
 1948 Biografies (Totius, digter en profeet, P.J. Nienaber).txt
 1950 Biografies (Kommandant Danie Theron, J.H. Breytenbach).txt
 1977 Biografies (Die lewe van Erasmus Smit, P.S. de Jongh).txt
 1979 Biografies (Ontmoetings, L. Spies).txt
 2003 Biografies (In kamera, Hennie van Deventer).txt
 2007 Biografies (Christiaan Rudolph de Wet, M.C.E. van Schoor).txt
 2008 Biografies (Leroux 'n lewe, J.C. Kannemeyer).txt
 2009 Biografies (Marthinus Theunis Steyn Regsman staatsman en volksman, M.C.E. van Schoor).txt

wat *sou* sedert periode 1 tot en met periode 4 algemeen gebruik is

In informatiewe tekste het die gebruik van *sou* sedert periode 2 toenemend toegeneem en ook in hierdie tekste is die historiese aard daarvan sigbaar, byvoorbeeld:

- 1916 Informatief (Die vrou en die huis, uit De Huisgenoot).txt
- 1918 Informatief (Die opleiding van die blanke onderwyser, uit De Unie).txt
- 1919 Informatief (Die Disselboom, uit De Goede Hoop).txt
- 1945 Informatief (Trek, P.H. van der Merwe).txt
- 1947 Informatief (Die Afrikaanse Spreektaal, P. de V. Pienaar).txt
- 1947 Informatief (Die opheffing van die kleurlingbevolking, H.P. Cruse).txt
- 1949 Informatief (Die betekenis van die tweede vryheidsoorlog, J.H. Breytenbach).txt
- 1949 Religieus (Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus, F. Postma).txt
- 1975 Informatief (Sasol 1950-1975, J. Meintjies).txt
- 1976 Informatief (Afrika-verskeidenheid, A.P.J. van Rensburg).txt
- 1977 Informatief (Parlementêre verkiesings in SA 1910-1976, B.M. Schoeman).txt
- 2004 Informatief (Eva ontmoet Einstein, Annelie Ferreira).txt
- 2006 Informatief (Die geskiedenis van Boerekos 1652-1806, H.W. Claassens).txt

En die tekste wat uit formele akademiese geskifte geplaas is, is ook histories van aard:

- 1916 Geesteswetenskappe (Preek-methode, Totius).txt
- 1920 Geesteswetenskappe (Iets oor die Boesmankultuur, R.J. v. R.).txt
- 1947 Geesteswetenskappe (Die Britse owerheid en die Groot Trek, C.F.J. Muller).txt
- 1974 Geesteswetenskappe (Die oorsprong van die Groot Trek, C.F.J. Muller).txt
- 1980 Geesteswetenskappe (Dr. W.J. Leyds as Gesant... L.E. van Niekerk).txt

Voorbeelde uit hierdie tekste demonstreer die historiese aard daarvan en aangesien historici meestal vanuit die perspektief optree dat hulle tekste die 'waarheid' verteenwoordig is die sprekersekerheid sterker as met tentatiewe en spekulatiewe epistemiese *sou*.

- [9.172] Op die Kerkplein is weer die Raadsaal opgetrek. Ook vir hierdie gebou het Beyers grond aangery. Twintig jaar later *sou hy* in die Raadsaal sit as voorsitter van die Transvaalse Wetgewende Vergadering. [HK 283: 1941 Biografies (Generaal Christiaan Frederik Beyers, G.D. Scholtz)]

[9.173] Enkeles van die wat hier bymekaar is, het nog die smart van 1902 ervaar. Van die jongeres ken net die era van ná 1948. So reik gister en vandag mekaar die hand. *'n Joernalis sou later* ontroerd skryf: herinneringe uit die verre verlede het vermenigvuldig. Die gedagtes het soos voëls in die nag verbygevlieg. Kerkplein was in feesgewaad van lig en klank, wat uit die verlate graf van 'n verslane volk geweef is.... By die bewende hand van die verlede het die laggende kind van die toekoms gestaan. Die oomblik het aangebreek dat dié sy hoogste triomf uit die diepste leed *sou haal...*"

[HK 258: 1971 Informatief (uit Die Taalgenoot)]

[9.174] Leyds het Chamberlain ook verwittig dat hy oor 'n paar dae in Londen sou wees en dan te eniger tyd vir samesprekings tot Chamberlain se beskikking sou wees. [HK 292: 1980 Geesteswetenskappe (Dr. W.J. Leyds as Gesant... L.E. van Niekerk)]

Verledetyd en verlede-toekomende *sou*, sowel as historiese *sou* breek egter steeds moontlike wêrelde en dus modale betekenis oop, omdat daar selfs vanuit die verlede geen vaste greep op die waarheid beskikbaar is nie. Die idee van **waarheidsillusie** (verisimilitude) wat dikwels deur historici geskep word, is aangespreek deur Burger (2015) wat uitbrei oor die teorie van 'n 'referensiële werklikheid':

...wat kompleks is, nie bloot omdat daar byvoorbeeld verskille tussen historici kan bestaan oor wat 'regtig' in die verlede gebeur het nie maar veral in die lig van die besef op die spoor van die post-strukturalistiese denke dat **alle waarheid eintlik geproduseer word, slegs in taal bestaan** en dat dit **onmoontlik is om direkte toegang te verkry tot 'n ongemedieerde buitetalige werklikheid**.

Dit wat Burger hier beskryf sluit aan by hierdie studie se idee van moontlike wêrelde en die onvermoë om 'n vaste greep te hê op die uitkoms van hierdie wêreld, selfs al is die konteks in die verlede en dus reeds voltooid en afgehandel. Burger (2015) het dit

in hierdie artikel veral oor historiese romans as genre en alhoewel my studie nie 'n letterkundige strekking het nie, is dit interessant dat die tipe fiksie wat van *sou* gebruik maak dikwels historiese romans is wat weereens *sou* se gebruik in historiese tekste uitlig.

Sprekersekerheid in dinamiese *sou* het te make met die sekerheid van die interne deelnemer, die subjek-referent en sy/haar of die groep se siening van die werklikheid en nie noodwendig die 'ware of werklike' toedrag van sake nie. Die verskil tussen die reële werklikheid en die spreker se sekerheid of werklikheid is nie ter sake vir hierdie studie nie maar albei staan wel binne die domein van die modaliteit en word vervolgens ook so geïnterpreteer en geklassifiseer.

9.9 SAMEVATTING: *SOU*

Die gebruik van *sou* het oor die laaste 100 jaar met 27.76% afgeneem en dit stem ooreen met die afname van *moes* en *wou* wat ook afgeneem het en dit is 'n aanduiding dat preteritumvorme se gebruik in die 21ste eeu moontlik minder in gebruik is. *Sal* se preteritumvorm *sou* onderskei temporele gebruike aangesien die konteks waarin dit gebruik word meestal in die verlede tyd gesitueer is, en dit vertoon meer hipotetiese en irrealiswaardes as *sal*. *Sou* is hoofsaaklik 'n epistemiese modaal net soos *sal*, met 69% epistemiese gebruike teen periode 4. Epistemiese *sou* het die interessante betekenisonderskeiding wat in die verlede toekomstige tyd geplaas is. Die konteks is in die verlede maar die verlangde aksies is gerig op die toekoms. Aangesien die gebruik eerstens temporeel is, bevestig dit hierdie modaal se noue verband met tyd, maar aangesien daar geen kontrole is of die verlangde aksies wel gerealiseer en plaasgevind het nie, is die basiese betekenis hiervan onseker en modaal want verskeie moontlike wêrelde is oopgebreek.

Hipotetiese en irrealisgebruike van *sou* is baie frekwent veral in historiese geskrifte en bibliografieë wat die gebruik van *sou* in historiese narratiewe voorop stel. Hipotetiese *sou* is nie slegs in die verlede geplaas nie, talle gebruike is in die hede veral as logiese hipoteses wat beredeneerde veronderstellings oor gebeure of toestande is.

Hipotetiese *sou* is 'n uitdrukking van sprekeronsekerheid wanneer daar tentatiewe afleidings gemaak is oor gebeure in die verlede maar toekomstige voorspellings wat gebaseer is op beskikbare inligting suggereer sterker sprekersekerheid. *Sou* druk dikwels ongerealiseerde intensies en begeertes uit, hierdie onwerklike toestande is irrealis en epistemies van aard.

Die gebruik van *sal* en *sou* in modale kettings is baie algemeen en hierdie modale verskyn altyd eerste (Conradie, 2018). Aangesien hulle gebruike ook meestal epistemies van aard is, sal ander modale en werkwoorde se betekenisse gevolglik gerelativeer word tot hoofsaaklik epistemiese uitdrukkings (Conradie, 2018). Kirsten (2016), Conradie (2018), Ponelis (1979), Van der Kleij (1999) en De Villiers (1971) verwys na die unieke Afrikaanse verskynsel 'preteritale assimilasië'. Dit behels die verandering van alle modale en hulpwerkwoorde na die preteritum of perfektumvorm na die gebruik van *het* en as die eerste modaal in 'n ketting in die preteritumvorm is. Hierdie hoofstuk verwys na Kirsten (2016) en Van der Kleij (1999) se interpretasies oor hoekom hierdie verskynsel in Afrikaans voorkom maar hierdie studie ondersteun De Villiers (1971) wat aanbeveel dat dit die gevolg is van die Afrikaanse sprekers se gebruik van die infinitief (sien 9.8.4.3). Tans is 30% van *sou* se gebruike dinamies aangesien daar toename in hierdie betekenis-skakeling plaasvind in periode 4. *Sou* het geen deontiese gebruike nie.

HOOFSTUK 10 SLOT

10.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk is die samevatting en gevolgtrekking van hierdie studie se bevindings. In die eerste plek word die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindings van Afdeling B se sinchroniese en diachroniese ondersoek na die tien modale hulpwerkwoorde in Afrikaans blootgelê. Tweedens word die vier navorsingsvrae onderskeidelik beantwoord, waarnaas die teoretiese implikasies kortliks aangedui word. Laastens word voorstelle gemaak oor moontlike verdere navorsing wat uit hierdie studie kan voortspruit.

10.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die vernaamste bydrae wat hierdie studie lewer is die daarstel van 'n omvattende databasis met uitgebreide kennis oor die betekenis-skakerings en gebruike van die nege sentrale modale hulpwerkwoorde in Afrikaans sowel as die negatiewe vorm, *moenie*, die tiende modaal. Daarbenewens is enige groot veranderinge en betekenisverruimings wat elke modaal oor 'n tydperk van 100 jaar ondergaan het ook aangeteken. Die tweede bydrae wat hierdie studie lewer is die daarstel van 'n werksmodel waarvolgens modale hulpwerkwoorde ondersoek kan word en dit is toegepas op die sinchroniese ondersoek na Afrikaanse modale hulpwerkwoorde.

Die vierledige werksmodel soos uiteengesit in Hoofstuk 3 is gebruik om elke modale hulpwerkwoord se sinchroniese stand van sake te ondersoek en die bevindings is soos volg:

Hoofstuk 5 se bespreking van die betekenisparameter noodsaaklikheid en verpligting, verteenwoordig deur modale *moet*, *moenie* en *moes* lewer hierdie studie se grootse vonds. Waar al die modale hulpwerkwoorde reeds die primêre fase van grammatikalisering voltooi het, het die kontrakisie van *moet* + *nie*, naamlik *moenie*, sedert die 1970" gegrammatikaliseer/ gekonstruksionaliseer tot 'n selfstandige modale

hulpwerkwoord. *Moenie* is die prototipiese uitdrukking van negatiewe verpligting in Afrikaans. Met ander woorde, wanneer 'n aangesprokene verbied word om sekere gedrag uit te voer, dan sal 'n spreker in die vorm van 'n imperatief, *moenie* gebruik om die verbod uit te spreek. Die gebruik van *moenie* is aanvanklik eers in narratiewe tekste aangetref en in periode 3 ook in informele tekste en die spreektaal, maar *moenie* is eers in periode 4 in formele en informatiewe teksgenres aangewend. Die grammatikalisering/konstruksionalisering is reeds in die eerste helfte van die eeu voltrek en daarna is dit geleidelik opgeneem in meer informele registers en toe dit daar meer gevestig geraak het, het dit ook in meer formele teksgenres algemeen in gebruik geraak. Die gebruik van *moenie* verskil van *moet nie*. Waar *moenie* eksplisiet as bevel gebruik word, is *moet nie* eerder die uitdrukking van 'n negatiewe proposisie en nie 'n bevel nie. Hierdie studie het die ontwikkeling en konstruksionalisering van *moenie* gevolg, en bevind dat hierdie sentrale modale hulpwerkwoord se gebruik nie langer as 30 jaar as standaardvorm gebruik word nie. Voor periode 3 is die gebruik van *moet nie* steeds as meer aanvaarbaar gesien teenoor die latere ingebruikneming van *moenie* as standaarduitdrukking van die negatiewe imperatief. Die voorstel wat hierdie studie maak is dat *moenie* voortaan gereken word as een van die sentrale modale hulpwerkwoorde in Afrikaans en hierdie modale hulpwerkwoord is dan die tiende sentrale modale hulpwerkwoord in die taal.

Wat *moet* betref is die skielike toename van gebruike van *moet* in periode 2 ontleed en daar is bevind dat hierdie modaal se frekwensie veral in informatiewe tekste toegeneem het. Hierdie toename is geanaliseer en in verband gebring met 'n baie spesifieke tydperk binne die wit Afrikaner se geskiedenis. Die veertigerjare van die vorige eeu word gekenmerk deur die opkoms en hoogbloei van Afrikaner-Nasionalisme en Apartheid. Die tekste wat *moet* gebruik is grotendeels sosio-polities van aard en die wit Afrikaner se politiese, religieuse, sekulêre, kulturele, opvoeding- en juridiese domeine is deur hierdie tekste gereguleer. *Moet* is dus as't ware as ideologiese vervoermiddel ingespan om 'n taalgemeenskap se gedagtes en geloofstelsels te manipuleer. Die sterkte waarmee *moet* in hierdie tydperk uitgespreek is, is baie sterk en gesigsbedreigend, en daar was nagevolge as hierdie opdragte nie

uitgevoer is nie. Vanaf periode 3 het die krag waarmee *moet* gebruik is afgeneem, en volgens Brown en Levinson (1987) se beleefdheidsteorie sluit dit aan by die hedendaagse neiging van taalgebruikers om meer beleefd en minder dominerend te wees.

Moes het dermate verander dat dit in periode 4 nie slegs die historiese uitdrukking van verpligte gedrag in die verlede tyd is nie, maar dit vertoon nou ook hipotetiese, toekomsgerigte en verwagte gedrag. *Moes* se gebruik is teen periode 4 ook sterker in die deontiese en dinamiese domeine. Dit word nou ook al hoe meer gereeld selfs in die hede gebruik en die hipotese is dat dit 'n manier is om minder gesigsbedreigend en meer beleefd op te tree.

In hoofstuk 6 is die betekenisdimensie van toestemming bespreek. *Mag* is die sentrale modale hulpwerkwoord in hierdie dimensie. De Villiers (1971) en Ponelis (1979) verwys na die verdwyning van *mag* se preteritumvorm, *mog*,. In hierdie studie is *mog* se gebruik diachronies ondersoek en daar is bevind dat *mog* teen periode 3 volledig verdwyn het. Die enkele voorbeeld wat in periode 4 in die Historiese Korpus voorkom is uit 'n informatiewe teks wat oor historiese gebeurtenisse in 'n argaïese toon berig. *Mag* is net soos *mogen* (Nuyts & Byloo 2011) ook 'n argaïese en verouderde modaal. Dit het vinniger as die ander modale gegrammatikaliseer en ook gefossileer in verskeie vaste uitdrukkings. Die gebruik van *mag* het net soos *moet* ook in periode 2 toegeneem en met hierdie toename word *mag* net soos *moet* geassosieer met die opbloei van Afrikaner-Nasionalisme. Hierdie modaal is dus ook as propagandamiddel ingespan om Apartheid en nasionalisme te bevorder. Ná periode 2 het die gebruik van *mag* met 19% afgeneem. Hierdie afname is beïnvloed deur die drastiese toename in *kan* se gebruik, aangesien *kan* en *mag* semantiese oorvleueling toon in deontiese en epistemiese dimensies.

Die toename en ontwikkeling van *kan*, Afrikaans se mees frekwente modaal, word in Hoofstuk 7 bespreek. Hierdie modaal neem deurgaans toe vanaf periode 1 en teen periode 4 het dit met 58% toegeneem. Die prototipiese gebruik van *kan* is dinamies; dit is die sentrale uitdrukking van die vermoë-betekenisdimensie, net soos *kunnen* en

can. Met die sterk toename in frekwensie het *kan* se betekenis ook verruim. Waar *kan* aanvanklik slegs as dinamiese vermoë en in sekere gevalle as deontiese modaal gebruik is, het dit toenemend ook begin optree as epistemiese modaal. Dit is hierdie epistemiese gebruik van *kan* wat uniek is aangesien dit grotendeels verskil van *kunnen* en *can* wat albei die minimum epistemiese gebruike het. Die konvensionalisering van epistemiese *kan* teen periode 1 suggereer dat hierdie betekenisgebruik al reeds teenwoordig was in Afrikaans in 'n tydperk toe hierdie taal onafhanklik, in 'n eie rigting, wegbeweeg het van Nederlands. Epistemiese *kan* het met 58% toegeneem oor die verloop van die twintigste eeu en beslaan tans 24% van *kan* se betekenis. De Villiers (1971) suggereer dat *kan* en *mag* semanties met mekaar oorvleuel. Hy stel voor dat dit in die deontiese terrein is waar hierdie betekenis-kompetisie en oorvleueling plaasvind, maar hierdie studie bewys dit is veral in die epistemiese terrein waar dit gebeur. 'n Vergelyking tussen *kan* en *mag* is gedoen met behulp van die Historiese Korpus as geskrewe databasis saam met Ponelis se gesproke korpora van die sewentigerjare en 'n hedendaagse gesproke korpus van die Noordwes-Universiteit, om hierdie twee modale met mekaar te vergelyk. Dit is veral wanneer die gesproke korpusse met mekaar vergelyk word dat daar waargeneem word hoe *kan* teen periode 4 van *mag* se algemene gebruike oorgeneem het. *Kan* as jong en florerende modaal het die stewigste groeikurwe in die twintigste eeu vertoon en hierdie supermodaal verdring die gebruik van *mag* en spoedig dalk ook ander modale.

Kan se preteritum, *kon*, is hoofsaaklik die uitdrukking van 'n subjek-referent se potensiaal en vermoë om 'n sekere materiële of mentale aksie in die verlede tyd te verrig. *Kon* het selfs nog meer epistemiese en veral hipotetiese betekenis as *kan*. Dit is veral die kollokasie met *sou* waar *kon* in hierdie modale ketting epistemiese gebruike vertoon. *Kon* word veral in narratiewe tekste gebruik en druk die interne fokalisator se onseker, hipotetiese omstandighede en eksistensiële staat uit.

Hoofstuk 8 bespreek *wil* en *wou* se betekenisnuanses en ontwikkeling. Conradie (2016) beskou *wil* as 'n aksiewerkwoord met min modale betekenis maar hierdie studie volstaan daarby dat *wil* en veral *wou* modaal van aard is vanweë die

moontlikhede wat deur modale wêrelde opgebreek word. Selfs al is die subjek-referent op die punt om 'n aksie uit te voer, is die gedrag steeds ongerealiseerd en in wese spekulatief en irrealis, en is daar geen beheer oor die uitkoms van die intensionele gedrag nie. Hierdie studie sluit wel aan by Conradie (2016) se idee dat *wil* die uitdrukking is van 'n subjek-referent se begeerte en intensie. In hierdie studie word die idee verder gevoer deur aan te dui dat begeerte en intensie deel is van dieselfde mentale beredeneringsproses wat ondergaan word voordat 'n aksie uitgevoer word. Eerstens het die subjek-referent 'n begeerte om 'n aksie uit te voer of om iets te bekom. Hierdie mentale maar ook emosionele staat is die eerste stap en pre-besluitnemingsfase in die beredeneringsproses en dit word opgevolg deur 'n besluitneming wat oorgaan tot 'n doelgerigte intensiefase soos veral gesien in die reduplikasie van *wil* byvoorbeeld 'Dit *wil-wil* reën' (Conradie, 2016). Hierna volg die daad, maar alvorens dit uitgevoer word, is daar 'n hele kognitiewe proses wat die subjek-referent ondergaan soos beskryf in Hoofstuk 8. Hierdie studie wyk ook af van die tradisie (Conradie, 2016) waarvolgens *wil* geen epistemiese betekenis vertoon nie. Aangesien hierdie studie gebruik maak van konstruksiegrammatika en modale se onderskeie konstruksies binne konteks analiseer, word daar dikwels ander betekenis wat afwyk van die prototipiese gebruik aangeteken. Dit is waar hierdie studie verskil van ander studies oor modale hulpwerkwoorde in Afrikaans, en ook in die algemeen, aangesien daar nie slegs na die prototipiese gebruike verwys word nie, maar na die betekenis op die periferie. Elke modale hulpwerkwoord het 'n prototipiese betekenis maar die bydrae van hierdie studie en die bestudering van modale in konstruksies toon dat modale ook ander betekenis in verskeie kontekste kan dra. *Wil* en *kan* is prototipies dinamies, maar die konstruksies waarbinne hulle gebruik word vertoon epistemiese betekenis. Die gebruik van konstruksies om betekenis te ondersoek lewer dus 'n multidimensionele perspektief op elke modaal. Hierdie bevinding is een van die belangrikste bydraes van hierdie studie lewer. Voorwaardelike en hipotetiese konstruksies dui die moontlikheid aan dat 'n sekere aksie uitgevoer kan word mits sekere omstandighede dit toelaat. *Wil* en *sal*, sowel as *wou* en *sou*, kollokeer dikwels wat 'n verdere bydrae lewer tot hierdie modale se epistemiese gebruik. *Wil* en *wou* se betekenisverskil is hoofsaaklik temporeel van

aard, maar *wou* dui veral ook op ongerealiseerde begeertes en intensies veral in teenstellende konstruksies met *maar*. *Wil* se frekwensie het bestendig gebly oor die verloop van 100 jaar en die gebruik daarvan is standvastig, maar *wou* het met 17% afgeneem en naas *mog* vertoon dit die laagste frekwensie van al die modale hulpwerkwoorde.

In Hoofstuk 9 word aangedui hoe *sa/* se modale betekenis voorop staan eerder as wat dit slegs die sentrale temporele toekomendewyser in Afrikaans is. *Sa/* is hoofsaaklik 'n epistemiese modaal wat in twee kernbetekenisse uiteengesit word. Voorspelbaarheid-*sa/* se konteks word in die hede en verlede geplaas, en 'n spreker se sekerheid oor die feitelikheid van sy/haar proposisie is sterk. Voorspelling-*sa/* se gebruik is meer kontensieus aangesien die konteks in die toekoms geplaas is en die proposisie 'n temporele waarde het. Aangesien hierdie proposisies net 'n voorspelling is oor moontlike gebeure wat in die toekoms kan plaasvind, is die moontlike wêreld wat hier oopgebreek word voorlopig. Daar is geen vaste greep op die uitkoms van gebeure nie, en die betekenis is inherent modaal. *Sa/* is 'n baie algemene modaal en die gebruik hiervan is frekvent; dit is slegs *kan* wat 'n hoër frekwensie vertoon. Die gebruik hiervan oor die afgelope 100 jaar is stabiel met geen groot uitvalle nie. *Sou* is ook hoofsaaklik 'n epistemiese modaal met 69% gebruike wat epistemies van aard is. *Sou* word veral in historiese geskrifte en bibliografieë gebruik, en lewer 'n bydrae tot die daarstel van historiese narratiewe. *Sou* druk dikwels ongerealiseerde en dus irrealis intensies en begeertes uit, wat die dinamiese betekenisdimensie betrek. *Sa/* en *sou* word dikwels in modale kettings gebruik, en is altyd die eerste modaal in hierdie kettings, wat suggereer dat hierdie twee modale 'n vaste plek in modale kettings inneem. Vanweë die epistemiese karakter van hierdie twee modale word ander modale en werkwoorde in die ketting gerelativeer en geassosieer met meer hipotetiese en onseker interpretasies. In hierdie hoofstuk is ook spesifiek na preteritale assimilasië verwys wat 'n unieke Afrikaanse verskynsel is. De Villiers (1971) het aangetoon dat hierdie verskynsel plaasvind vanweë die Afrikaanse sprekers se gebruik van die infinitief. Afrikaanssprekendes is gekondisioneer om 'n *imperfek+imperfek-perfek*-vorm van 'n proposisie te herhaal. Dit behels dat spreker die taalgevoel het dat hulle die

tydsverband van 'n proposisie deurlopend eenders wil hou en wanneer 'n preteritumvorm gebruik word, sal die daaropvolgende werkwoord of hulpwerkwoord ook in die verledetyd geplaas word om aan te pas by die verledetydkonstruksie. Die voorbeeld “Ons vind ook ons moes kom” is tekenend van hierdie gebruik.

Hierdie studie het deur middel van 'n werksmodel bestaande en beskikbare kennis van Afrikaanse modale hulpwerkwoorde uitgebrei en die fyner betekenis-skakerings is aangevul met behulp van grafiese konseptuele raamwerke in die vorm van semantiese kaarte. 'n Omvattende beskrywing word gebied van elke modale hulpwerkwoord se prototipiese en perifere betekenis, wat die polisemiese aard van modale hulpwerkwoorde beklemtoon. Die sinchroniese stand van elke modaal is breëdweg omskryf en ontwikkelings en veranderinge wat oor 'n tydperk van 100 jaar ontstaan het, is aangetoon. Die sentrale doelwit van hierdie slothoofstuk is egter ook om vas te stel of hierdie studie gedoen het wat inleidend ten doel gestel is.

10.3 BEANTWOORDING VAN NAVORSINGSVRAE

Daar is vier sentrale vrae wat hierdie studie gerig het in die ondersoek na die sinchroniese stand en diachroniese veranderinge van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans. Hierdie studie se kernbevinding is reeds onder Hoofstuk 10.2 bespreek, maar dit is ook belangrik om die vrae wat oorspronklik gestel is te beantwoord.

10.3.1 WAT IS DIE AARD VAN DIE GROOTSTE TEORETIESE DISPUTE RONDOM MODALITEIT?

In Hoofstuk 3 is daar volledig aandag geskenk aan hierdie vraag. Die inleidende paragraaf in Hoofstuk 1 verduidelik De Haan (2006) die stelling oor die gebrek aan vaste definisies en terminologie sowel as teorieë en metodes waarvolgens modaliteit en modale hulpwerkwoorde as grammatikale eenhede bestudeer kan word. Die groot teoretiese dispuut sentreer rondom die wye verskeidenheid definisies en teorieë wat gebruik word om modaliteit mee te beskryf en dit verwar enige linguïes wat onseker is oor hoe om die modale en modale tipes te beskryf.

10.3.2 HOE LYK DIE MODALE HULPWERKWOORDELIKE SISTEEM IN AFRIKAANS NOU?

Hierdie vraag is volledig beantwoord in Afdeling B waar die sinchroniese stand van elke modale hulpwerkwoord in fyn besonderhede bespreek is. Die kernbevindings is in Hoofstuk 10.2 saamgevat.

10.3.3 HOE HET DIE AFRIKAANSE MODALE HULPWERKWOORDELIKE SISTEEM VERANDER?

Die veranderinge in die Afrikaanse modale hulpwerkwoordelike sisteem sedert De Villiers (1971) en Ponelis (1979) en Conradie daarna verwys het, met terugverwysings na veranderinge sedert die ontstaan van Standaardafrikaans in 1925 en selfs voor dit.

Die modale hulpwerkwoordelike sisteem as sodanig het nie verander nie, maar meeste modale hulpwerkwoorde het betekenisverruiming ondergaan en word in meer kontekste gebruik as 100 jaar gelede. Hierdie veranderinge is breedvoerig in Afdeling B aangespreek en die grootste veranderinge is in Hoofstuk 10.2 aangetoon. Die preteritumvorme van die sentrale modale se frekwensies het begin afneem en hulle word meestal ingespan as uitdrukking van ongerealiseerde wense en versugtings of dade wat nooit gerealiseer het nie. Die vernaamste bevinding is die konstruksionalisering van *moenie* tot volledige status as sentrale modale hulpwerkwoord. Daar is ook bevind dat *kan* se frekwensie drasties toegeneem het en hierdie modaal is verreweg die mees frekwente modale hulpwerkwoord in Afrikaans. *Kan* is 'n dinamiese en kompeterende modaal en in die epistemiese en deontiese betekenisdomein oorvleuel *kan* dermate met *mag* dat dit selfs van *mag* se betekenis verdring en begin oorneem het. Die bevindings rondom *moet* is ook noemenswaardig aangesien hierdie modaal 'n klemverskuiwing ondergaan het. In periode 2 het *moet* as deontiese modaal met rasse skrede toegeneem en dit is ingespan as propagandamiddel om die ideologie van Apartheid en Afrikaner-Nasionalisme te bevorder. Daarna het die frekwensie sowel as die intensiteit en krag waarmee *moet*

gebruik word, afgeneem. *Moet* se gebruik is nou minder dominant en gesigsbedreigend en meer gelykmatig.

4. WATTER OPLOSSING KAN VIR DIE TEORETIESE DISPUTE OOR MODALITEIT MET BEHULP VAN DIE INGESAMELDE SINCHRONIESE EN DIACHRONIESE AFRIKAANSE DATA BINNE DIE BESTEK VAN HIERDIE STUDIE GEBIED WORD?

Om aanvanklik te begin oplees oor modaliteit is baie verwarrend want daar bestaan 'n legio verskillende teorieë en definisies oor die bestaande tipes modaliteit. Dit is moeilik om vas te pen wat modaliteit presies is, en gevolglik bykans onmoontlik om nie net los te trek en lukraak enige teorieë of metodes te selekteer en modale hulpwerkwoorde daarvolgens te ondersoek nie. Die teoretiese dispute is opgelos deur gebruik te maak van 'n nuutgeskepte werksmodel, waarvolgens die sinchroniese stand van Afrikaanse modale hulpwerkwoorde ondersoek en beskryf is. Die werksmodel, soos uiteengesit in Hoofstuk 3.8, lê op twee kwadrante met drie opeenvolgende stappe, wat behels dat mens eerstens 'n modale hulpwerkwoord se betekenis-skakerings identifiseer en plaas op 'n semantiese kaart, en daarna word die modale hiervolgens getipeer en fyner betekenisnuanses word breedvoerig omskryf. Die identifisering en omskrywing van betekenis lê op die eerste kwadrant. Tweedens word die algemene en unieke konstruksies waarbinne die modale figureer volgens vorm en funksie met behulp van die tradisionele sintaktiese notasiestyl geannoteer en betekenis word dienoooreenkomstig blootgelê. Derdens word elke modale hulpwerkwoord se onderskeie betekenisdimensies in 'n taksonomiese konstruksienetwerk geplaas wat 'n spreker se kognitiewe greep op die onderskeie modale hulpwerkwoorde grafies uiteensit. Die tweede kwadrant betrek die sintaksis, semantiek en pragmatiek. Hierdie hele model staan binne die tradisie van die Radikale Konstruksiegrammatika waar mens nie woorde of items afsonderlik ondersoek sonder om dit binne 'n konstruksie te plaas wat die sintaksis (sinsbou) en pragmatiek (die konteks waarbinne die modaal gebruik word) ook betrek nie.

10.4 TEORETIESE IMPLIKASIES

Cappelle (2016) een van die samestellers van 'n spesiale uitgawe in die joernaal *Constructions and Frames* (Cappelle & Depraetere, 2016) skryf as opsomming hierdie volgende woorde waarin hy benadruk hoe belangrik dit is om die konteks te betrek in die beskrywing van modale hulpwerkwoorde:

We propose an analysis of the meaning of modal verbs that takes into account the import of the context. The context surrounding a modal verb can often legitimately be called a modal "construction".

Hiervolgens kan konstruksiegrammatika gebruik word om die konteks waarin modale hulpwerkwoorde voorkom te betrek wanneer die betekenisse van modale ondersoek word.

Cappelle en Depraetere (2016) verwys daarna dat die ondersoek na modale hulpwerkwoorde se betekenisse met behulp van konstruksiegrammatika 'n onontginde studieveld binne die linguistieke domein is. Navorsing wat op hierdie terrein gedoen is, is skaars maar daar is tog 'n paar bronne beskikbaar soos byvoorbeeld Cappelle en Depraetere (2013), Cappelle en De Sutter (2010), Diwald (2006), Diwald en Smirnova (2011a, 2011b), Goldberg en Van der Auwera (2012), Hilpert (2008, 2013a, 2013b) en Wårnsby (2002) wat modale hulpwerkwoorde in terme van Konstruksiegrammatika ondersoek. Die teoretiese bydrae van hierdie studie is dat dit een van die eerste studies in die linguistiese veld is wat konstruksiegrammatika gebruik om 'n Germaanse taal se modale hulpwerkwoordelike sisteem omvattend bloot te lê.

In Afrikaans doen hierdie studie ook baanbrekerswerk deur die eerste studie te wees wat (a) 'n omvattende sinchroniese databasis van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans daar te stel en (b) die konstruksiegrammatika gebruik het om hierdie databasis te verkry. Vorige studies oor Afrikaanse hulpwerkwoorde het tekort geskiet aan 'n omvattende kennis oor die betekenisdimensies van modale aangesien dit slegs die prototipiese semantiese betekenisse van die modale blootgelê het, sonder om die betekenisse op die periferie te betrek. Aangesien hierdie studie die modale

konstruksies bespreek het, is die sintaktiese vorm maar ook die konteks waarin modale optree betrek, wat 'n breër kennis rondom die gebruike van modale hulpwerkwoorde verskaf. Hierdie studie het ook die gebrek aan kennis oor diachroniese veranderinge en ontwikkelings wat die modale oor die 20ste en 21ste eeu ondergaan het, oorbrug deur elke modale hulpwerkwoord se veranderinge aan te toon. Die derde leemte wat hierdie studie binne die Afrikaanse linguistiese terrein oorbrug is die daarstel van 'n omvattende databasis van modale hulpwerkwoorde in Afrikaans deur middel van wetenskaplike korpuslinguistiese metodes en nie anekdoties of lukraak opgetekende voorbeelde nie. Vierdens is hierdie studie stewig begrond in die teorie soos bespreek in Hoofstuk 2,3 en 4 en die metodes wat hier gebruik is, wetenskaplik en deeglik herbesoek en fyn gekam.

'n Verdere teoretiese implikasie is dat hierdie studie 'n eenvoudige werksmodel ontwerp het vir navorsers wat aansluit by die Konstruksiegrammatikadenkraamwerk en hulle kan dit gebruik om modale hulpwerkwoorde se betekenis, sinsbou en pragmatiese gebruike te ondersoek.

10.5 VOORUITSKOUING

Hierdie studie bied omvattende kennis oor die modale hulpwerkwoorde in Afrikaans, maar dit was onmoontlik om alle aspekte van elke modaal aan te spreek binne die bestek van 'n proefskrif. Hiermee 'n paar voorstelle oor moontlike toekomstige navorsing wat kan aansluit by hierdie databasis.

- Die konsep preteritale assimilasië is in Hoofstuk 9.8.4.3 (en kortliks na verwys hierbo in Hoofstuk 10.2) bespreek, en daar is verwys na Ponelis (1979:271) wat gesuggereer het dat epistemiese modale hulpwerkwoorde in 'n formeel-korrekte en geskrewe styl nie preteritale assimilasië ondergaan nie, byvoorbeeld:

[10.1] Dieselfde moet 'n goeie indruk gemaak het. [Ponelis 1978: 271]

[10.2] Wat sy oorle pa moet besiel het! [Ponelis 1979: 271]

Ponelis (1979) verwys egter na die teenoorgestelde wat in spreektaal gebeur, byvoorbeeld:

[10.3] Dieselfde moes 'n goeie indruk gemaak het. [Ponelis 1979: 271]

Of Ponelis se hipotese ook nou in hedendaagse Afrikaans geldig is, is nie verder in hierdie studie ondersoek nie. Enige taalverandering vind plaas eers in gesproke taal totdat dit oorgeneem word in geskrewe taal. Gevolglik kan hierdie verskynsel teen 2018 dieselfde lyk in alle teksgenres. Dit word voorgestel dat preteritale assimilasie in geskrewe tekste teenoor gesproke taal met mekaar vergelyk word om Ponelis se hipotese te bevestig of te weerlê.

- In Hoofstuk 7 word die aanname gemaak dat *kan* se betekenis domineer oor ander modale hulpwerkwoorde, veral *mag*. Daar is aangetoon hoe *kan* en *mag* in die epistemiese domein kompeteer en daar word aanbeveel dat *kan* se gebruik in hierdie domein gevolg word om te sien hoe ver hierdie kompetisie gaan strek en of *mag* mettertyd heeltemal verdring gaan word
- In Hoofstuk 7 is daar ook aangedui dat De Villiers (1971) reken dat *kan* en *mag* veral in die deontiese domein kompeteer maar die geskrewe en gesproke korpusse waarvan hierdie studie gebruik gemaak het, het geen tekens hiervan gekry nie. Die voorstel is dat 'n groter korpus soos die Taalkommissie se korpus gebruik word om De Villiers (1971) se hipotese te ondersoek.
- Hierdie studie het beoog om met behulp van kollostruksieanalise die modale hulpwerkwoorde se gebruike in verskillende periodes in die Historiese Korpus met mekaar te vergelyk, om vas te stel of die modale sowel as die konteks waarbinne hulle optree verander het en of hulle betekenisverruiming ondergaan het. Hierdie metode om modale konstruksies en die verandering daarvan te ondersoek word aanbeveel deur Traugott (2008: 34) wat sê:

In other words, collostructional analysis could give insights into ways in which prototypical membership within a meso- or macro-construction changes over time with respect to both lexical/substantive constituency and grammatical/schematic structure.

Ongelukkig het ek besef dat hierdie studie te lank en omvattend raak vir 'n proefskrif, en ek beveel ten sterkste aan dat hierdie metode uitgevoer word om nog veranderinge waarvan hierdie studie nie bewus is nie aan te teken.

- Die gebruik van *kan* en *mag* is vergelyk deur gebruik te maak van 'n distinktiwe kollostruksieanalise (distinctive collostructional analysis). Die sentrale modale en hulle preteritumvoms tree ook soms kompetend op in sekere gebruike. Sprekers slaan dikwels oor na *moet* in 'n verledetydkonteks of na *moes* in die hede (sien Hoofstuk 5). **Onderskeidende kollekseemanalise** kan gebruik word om die modale hulpwerkwoorde *kan*, *moet*, *sal* en *wil* met hulle preteritumpare te vergelyk.
- Collins (2009) het die Engelse sentrale modale en kwasi-modale in sy seminale teks geanaliseer. Hierdie studie het nie die betekenis en gebruike van *behoort*, *hoef nie* en *durf*, die drie kwasi-modale in Afrikaans, ondersoek nie. Dit wil voorkom asof *durf* bykans heeltemal verdwyn het en die gebruike van *behoort* en *hoef nie* het ook afgeneem, en daar word voorgestel dat hierdie kwasi-modale ook volledig ondersoek word.

10.6 TEN SLOTTE

Die konsep modaliteit hou verband met die modale realisme en modale logika (Von Wright, 1951) soos vervat in die filosofie. Dit is 'n konsep wat al reeds deur Aristoteles

gebruik is, en dit hou verband met die idee van moontlike wêrelde (Kripke, 1963; Kratzer 1977, 1981, 1991) wat oopgebreek word. Die idee van moontlike wêrelde verbeel die heelal as maar een wêreld te midde van 'n oneindige aantal moontlike wêrelde. Moontlike wêrelde kan gesien word as moontlike maniere waarop die wêreld kan wees. Hiervolgens word verskeie opsies vir elke keuse oopgemaak en enigiets kan gebeur waaroor die mens, en spesifiek 'n spreker of aangesproke binne 'n deiktiese konteks, geen beheer het nie. Die idee oor moontlike wêrelde in die filosofie wat ook oorgeneem is in die linguistiek, verwys na die mens se kapasiteit om oor moontlike wêrelde en moontlike opsies na te dink. Dit word uitgedruk op verskeie wyses maar veral deur middel van modale proposisies. Hier word ook gesuggereer dat wanneer modale proposisies uitgespreek word, dit óf kan dui op ongerealiseerde of irrealissituasies, óf dui op voorspellings en moontlikhede oor wat in die toekoms kan gebeur maar 'n mens het geen beheer oor die uitkoms daarvan nie.

Modale hulpwerkwoorde se betekenis lê tussen die betekenisdomeine van noodsaaklikheid en moontlikheid, en elkeen van die nege (of dan tien) sentrale modale hulpwerkwoorde in Afrikaans is ingebed binne hierdie idee van moontlike wêrelde. Wanneer *moet/moenie/moes*, *mag*, *kan/kon*, *wil/wou* en *sal/sou* gebruik word, dan breek hulle moontlike wêrelde oop en daar is nie beheer oor die uitkoms nie. Selfs in die gevalle waar die gebruik ongerealiseerd is soos byvoorbeeld wanneer *wou* gebruik word (Ek *wou* haar keer, maar sy was al by die kamer uit), lei die leser af dat 'n gebeurtenis nie plaasgevind het soos voorspel is nie, maar die aard van die voorspelling en hoekom die gebeure ongerealiseerd is, bly vaag en onseker, en die moontlikhede is groot.

Hierdie studie het die wêreld van modaliteit betree en aangedui hoeveel moontlike betekenis en gebruike elkeen van die sentrale modale hulpwerkwoorde in Afrikaans het. 'n Volledige databasis van hierdie modale is saamgestel en elkeen se kern sowel as perifere betekenis is bespreek en beskryf. Die groot veranderinge en ontwikkelings wat elke modaal ondergaan het, is ook onder die loep geplaas en hierdie studie het 'n werksmodel ontwikkel wat deur voornemende studies oor modale hulpwerkwoorde gebruik kan word.

BRONNELYS

Aarts, J. & Meijs, W. 1984. *Corpus Linguistics: recent developments in the use of Computer corpora in English Language Research*. Amsterdam: Rodopi.

Abraham, W. 2001. How far does semantic bleaching go? About grammaticalization that does not terminate in functional categories. (In Faarlund, J.T., ed. *Grammatical Relations in Change*. Amsterdam: John Benjamins. p.15-64).

Abraham, W. 2002. Modal verbs: epistemics in German and English. (In Barbiers, Lambertus C. J., Beukema, F.H. & Van Der Wurff, W., eds. *Modality and Its Interaction With the Verbal System*. Amsterdam: John Benjamins. p. 19-50).

Abraham, W. & Leiss, E. 2012. Introduction: theory of mind elements across languages. Traces of Bühler's legacy in modern linguistics. (In Abraham, W. & Leiss, E., eds. *Modality and Theory of Mind Elements Across Languages*. Berlin: Mouton De Gruyter. p. 1-36).

Aijmer, K. 1985. The semantic development of *will*. (In Fisiak, J., ed. *Historical Semantics: Historical Word-Formation*. Berlin: de Gruyter. p. 11-22).

Aijmer, K. 2004. The semantic path from modality to aspect: *Be able to* in a cross-linguistic perspective. (In Lindquist, H. & Mair, C., eds. *Corpus Approaches to Grammaticalization in English*. Amsterdam: John Benjamins. p. 57-78).

Alexander, L. G. 1988. *Longman English Grammar*. London: Longman.

Anderson, L. B. 1986. Evidentials, Paths of Change, and Mental Maps: Typologically Regular Asymmetries. (In Chafe, W. & Nichols, J., eds. *Evidentiality: The*

Linguistic Coding of Epistemology. Norwood, NJ: Ablex Publishing. p. 273–312).

Anderson, J. 1971. *The Grammar of Case: Towards a Localist Theory*. Cambridge: Cambridge University Press.

Anderson, L.B. 1974. Distinct sources of fuzzy data: ways of integrating relatively discrete and gradient aspects of language, and explaining grammar on the basis of semantic fields. (In Shuy, R.W., & Bailey, C.N., eds. *Towards Tomorrow's Linguistics*. Washington DC: Georgetown University Press. p. 50-64).

Anderson, L.B. 1982. The perfect as a universal and as a language-particular category. (In Hopper, P., ed. *Tense-Aspect: Between Semantics and Pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins. p. 227-64).

Anderson, L.B. 1986. Evidentials, paths of change, and mental maps: typologically regular asymmetries. (In Chafe, W. & Nichols, J., eds. *Evidentiality: The linguistic encoding of Epistemology*. p. 273-312).

Anttila, R. 2003. Analogy: the warp and woof of cognition. (In Joseph, B.D & Janda, R.D., eds. *The handbook of historical linguistics*. Oxford: Blackwell. p. 425–440).

Arbib, A.A. 2012. Compositionality and Beyond: Embodied Meaning in Language and Protolanguage. (In Hinzen, W., Machery, E. & Werning, M., eds. *The Oxford Handbook of Compositionality*. Oxford: Oxford University press. p. 475-792).

Barbiers, S., Beukema, F. & van der Wurff, W., eds. 2002. *Modality and its interaction with the verbal system*. Amsterdam: John Benjamins.

Barbiers, S. 2006. The syntax of modal auxiliaries. (In Everaert, M. & van Riemsdijk, H., eds. *The Blackwell companion to syntax*, vol. 5, chap. 70, Blackwell. p. 1–22).

- Bhatt, R. 1999/2006. Covert modality in non-finite contexts. PhD dissertation, University of Pennsylvania. (Published 2006 by Mouton de Gruyter.)
- Bergs, A. & Diewald, G., eds. 2008. *Constructions and Language Change*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Biber, D. 1988. *Variation across Speech and Writing*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Biber, D. 1990. Methodological Issues Regarding Corpus-based Analyses of Linguistic Variation. *Literary and Linguistic Computing*, 5: 257-69.
- Biber, D. 1992. The multi-dimensional approach to linguistic analyses of genre variation: an overview of methodology and findings. *Computers and the Humanities*, 26(5/6): 331-345.
- Biber, D. 1995. *Dimensions of Register Variation: A Cross-Linguistic Comparison*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Biber, D. 2003. Compressed noun-phrase structures in newspaper discourse: the competing demands of popularization vs. economy. (In Aitchinson, J. & Lewis, D.M., eds. *New Media Language*. London: Routledge. p. 169- 81).
- Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 1998. *Corpus linguistics: Investigating Language Structure and Use*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Biber, D. & Finegan, E. 1989. Drift and the evolution of English style: a history of three genres. *Language*, 65(3): 487-517.
- Biber, D., Johansson, S., Leech, G., Conrad, S. & Finnegan, E. 1999. *The Longman Grammar of Spoken and Written English*. Harlow: Pearson.
- Boas, H.C. & Fried, M., eds. 2005. *Grammatical Constructions. Back to the Roots*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Bolinger, D. 1989. Extrinsic possibility and intrinsic potentiality: 7 on MAY and CAN +1. *Journal of Pragmatics*, 13: 1-23.
- Boogart, R 2007. The past and perfect of epistemic modals. (In de Saussure, L., Moeschler, J. & Puskas, G., eds. *Recent Advances in the Syntax and Semantics of Tense, Aspect and Modality*. Berlin: Mouton de Gruyter, 47-70).

- Bosch, B. 1998. Die onderskikker *dat*: 'n Korpus-gebaseerde bespreking (Deel 1). *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(4): 120-126.
- Boye, K. & Harder, P. 2012. A usage-based theory of grammatical status and grammaticalization. *Language*, 88(1): 1-44.
- Breban, T., Vanderbiesen, K., Davidse, K., Brems, L. & Mortelmans, T. 2012. New reflections on the sources, outcomes, defining features and motivations of grammaticalization. (In Davidse, K., Breban, T., Brems, L. & Mortelmans, T., eds. *Grammaticalization and language change*. Amsterdam: John Benjamins. p. 1-35).
- Breed, A. 2012. *Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD)
- Broos, J.A.R. 1958. 'n Definisie en indeling van modaliteit. Pretoria: UNISA (Verhandeling – MA)
- Brown, P. & Levinson, S. 1987. *Politeness: Some Universals in Language Usage*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Burger, W.D. 2015. Historiese korrektheid en historiese fiksie 'n ondersoek na aanleiding van Pretorius se ondersoek van historisiteit in fiksie oor die Anglo-Boereoorlog. *Tydskrif vir Letterkunde*, 52(2): 78-98.
- Bybee, J. 1985. *Morphology. A study of the relation between meaning and form*. Amsterdam: Benjamins.
- Bybee, J. 1995. The semantic development of past tense modals in English. (In Bybee, J. & Fleischman, S., eds. *Modality in Grammar and Discourse*. Amsterdam: John Benjamins. p. 503-518).
- Bybee, J. 1998. The Emergent lexicon. *Chicago Linguistic Society* 34: 421-35.
- Bybee, J. 2003. Cognitive processes in grammaticalization. (In Tomasello, M. ed *The new psychology of language: Cognitive and functional approaches to language structure*. Volume v2. Mahwah, NJ: Erlbaum. p. 145–167)

- Bybee, J. 2006. From usage to grammar: the mind's response to repetition. *Language*, 82(4): 711-733.
- Bybee, J. 2010. *Language, usage and cognition*. Cambridge: Cambridge University.
- Bybee, J. 2011 Usage-based theory and grammaticalization. (In Heine, B. & Narrog, H., eds. *The Oxford handbook of grammaticalization*. Oxford: Oxford University press. p. 69-78).
- Bybee, J. & Fleischman, S. 1995. Modality in grammar and discourse: an introductory essay. (In Bybee, J. & Fleischman, S., eds. *Modality in Grammar and Discourse*. Amsterdam: John Benjamins. p. 1-14.)
- Bybee, J. & Pagliuca, W. 1985. Cross-linguistic comparison and the development of grammatical meaning. (In Fisiak, J. ed. *Historical semantics and historical word-formation*. Berlin: Mouton. p. 59-84).
- Bybee, J., Pagliuca, W. & Perkins, R. 1991. Back to the future. (In Traugott, E. & Heine, B., eds. *Approaches to Grammaticalization*. Vol. 2. Amsterdam: John Benjamins. p.17-58).
- Bybee, J., Pagliuca, W. & Perkins, R. 1994. *The Evolution of Grammar: Tense, Aspect, and Modality in the Languages of the World*. Chicago: University of Chicago Press.
- Byloo, P. & Nuyts, J. 2011. *The diachrony of Dutch* mogen. Antwerpen: Antwerp Papers in Linguistics 113: 192. Besoek op 17 November 2018, by <http://webhost.ua.ac.be/apil/apil113/index.htm>.
- Byloo, P. & Nuyts, J. 2013. Modal auxiliaries: the case of Dutch. (In Jaszczolt, K.M., de Saussure, L., eds. *Time: language, cognition, and reality*. Oxford: Oxford University Press. p. 93-97).
- Byloo, P. & Nuyts, J. 2014. Meaning change in the Dutch core modals: (Inter)subjectification in a grammatical paradigm. *Acta Linguistica Hafniensia*, 46: 85-116.
- Calbert, J. P. 1975. Towards the semantics of modality. (In Calbert, J.P. & Vater, H. eds. *Aspekte der Modalität*. Tübingen: Verlag Gunter Narr. p. 1-70).

- Cappelle, B. 2016. Modal meaning in Construction Grammar. *Constructions and Frames*, John Benjamins, 8(1): abstract. Besoek op 24 September 2018, by <https://benjamins.com/catalog/cf.8.1>
- Cappelle, B & Depraetere, I. 2016. Modal meaning in Construction Grammar. *Constructions and Frames*, John Benjamins, 8(1): 1-6.
- Carnap, R. 1946, Modalities and Quantification. *Journal of Symbolic Logic*, 11: 33-64.
- Chomsky, N. 1957. *Syntactic Structures*. Gravenhage: Mouton & Co.
- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the Theory of Syntax*. Cambridge, Massachusetts: MIT Press.
- Close, J. & Aarts, B. 2010. Current change in the modal system of English: A case study of *must*, *have to* and *have got to*. (In Lenker, U., Huber, J. & Mailhammer, R., eds. *The History of English Verbal and Nominal Constructions*. Vol. I of *English Historical Linguistics 2008: Selected Papers from the Fifteenth International Conference on English Historical Linguistics (ICEHL 15), Munich 24-30 August 2008*. Amsterdam: John Benjamins. p. 165-181).
- Coates, J. 1983. *The Semantics of the Modal Auxiliaries*. Beckenham: Croom Helm.
- Coates, J. 1995. The expression of root and epistemic possibility in English. (In Bybee, J. & Fleischman, S. eds. *Modality in Grammar and Discourse. Typological Studies in Linguistics* 32. John Benjamins. p. 55-66).
- Collins, P. 2005. The modals and quasi-modals of obligation and necessity in Australian English and other Englishes. *English World-Wide*, 26(3): 249-273.
- Collins, P. 2007. *Can/could* and *may/might* in British, American and Australian English: a corpus-based account. *World Englishes*, 26(4): 474-491
- Collins, P. 2009. *Modals and Quasi-modals in English*. Amsterdam: Rodopi.

- Collins, P. 2014. Quasi-modals and Modals in Australian English Fiction 1800-1999, with Comparisons across British and American English *Journal of English Linguistics*, 42(1): 7-30.
- Conboy, M. 2010. *The Language of Newspapers: Socio-Historical Perspectives*. London: Continuum.
- Conradie, C.J. 1976. Die modale werkwoord in Nederlands en Afrikaans. *Taalfasette*, 20(4): 62-68.
- Conradie, C. J. 1979. Die modale hulpwerkwoord: Sinchroniese teorieë en diachroniese ontwikkeling. *Taalfasette* 26(1): 38-47
- Conradie, C. J. 1980. Aspects of semantic change in Dutch modal auxiliaries. (In Rupp, H. & Roloff, H.G., eds. *Akten des VI. Internationalen Germanisten-Kongresses Basel*. Bern: Peter Lang. p. 488-493).
- Conradie, C. J. 1987. Semantic change in modal auxiliaries as a result of speech act embedding. (In Harris, M. & Ramat, P., eds. *Historical Development of Auxiliaries*. Berlin: De Gruyter. p. 171-180).
- Conradie, C.J. 1992. Beating about the truth: on the development of modal adverbs in Afrikaans. *South African Journal of Linguistics*, 10(4): 224-229.
- Conradie, C.J. 2006. Defleksie en grammatikalisasie: die Afrikaanse hulpwerkwoord *het*. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(1):86-98.
- Conradie, C.J. 2016. Willens en wetens. Perspektiewe op die Afrikaanse werkwoord 'wil'. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1): 7-24.
- Conradie, C.J. 2018a. Modality. *Taalportaal*. Besoek op 9 November 2018, by <http://www.taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-14855902348574586>
- Conradie, C.J. 2018b. Modale kettings in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 58 (2): 258-276.
- Coupé, G. 2015. *Syntactic extension. The historical development of Dutch verb clusters*. Leiden: Netherlands Graduate School of Linguistics. (Thesis -PhD)

- Coupé, G & van Kemenade, A. 2009. Grammaticalization of modals in Dutch: uncontingent change (*In* Crisma, P. & Longobardi, G., eds. *Historical Syntax and Linguistic Theory*. Oxford University Press. p. 250-270)
- Croft, W. 1990. *Typology and Universals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Croft, W. 1991. *Syntactic Categories and Grammatical Relations: The Cognitive Organization of Information*. Chicago: University of Chicago Press.
- Croft, W. 2000. *Explaining Language Change: An Evolutionary Approach*. Harlow: Person Education.
- Croft, W. 2001. *Radical Construction Grammar*. Oxford: Oxford University Press.
- Croft, W. 2002. The Darwinization of Linguistics. *Selection*, 3(1): 75-91.
- Croft, W. 2005. Logical and Typological arguments for Radical Construction Grammar. (*In* Östman, J. & Fried, M., eds. *Construction Grammars: Cognitive grounding and theoretical extensions* [Constructional Approaches to Language]. Amsterdam: John Benjamins. p. 273-314).
- Croft, W. 2006. Typology. (*In* Aronoff, M. & Rees-Miller, J., eds. *Blackwell Handbook in Linguistics*. Oxford: Blackwell. p. 337-369).
- Croft, W., 2007. Construction grammar. (*In*: Geeraerts, D., Cuyckens, H., eds. *Cognitive Linguistics*. Oxford University Press, Oxford, p. 463–508).
- Croft, W. 2009. Evolutionary models and functional-typological theories of language change. (*In* Van Kemenade, A. & Los Bettelou, L., eds. *The Handbook of the History of English*. Chichester: Wiley & Sons. p. 68-94).
- Croft, W., & Cruse, D. A. (2004). *Cognitive Linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Davidse, K., Breban, T., Brems, L. & Mortelmans, T. 2012. *Grammaticalization and language change*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Declerck, R. 1991. *Tense in English: its structure and use in discourse*. London: Routledge.
- De Haan, F. 1997. *The Interaction of Modality and Negation: A Typological Study*. New York: Garland Publishing.

- De Haan, F., 1999. Evidentiality and epistemic modality: setting boundaries. *Southwest Journal of Linguistics*, 18, 83–101.
- De Haan, F. 2001. The Relation between Modality and Evidentiality. (In Reimar Müller, R & Reis, M., eds. *Modalität und Modalverben im Deutschen*. Hamburg: Buske. p. 201–216).
- De Haan, F. 2004. *On representing semantic maps*. E-MELD Language documentation conference 2004: Workshop on linguistic databases and best practice. Besoek op 9 November 2018, by https://s3.amazonaws.com/academia.edu.documents/30655187/10.1.1.163.6640.pdf?AWSAccessKeyId=AKIAIWOWYYGZ2Y53UL3A&Expires=1542620731&Signature=COsL8rMNwB6u0d3K6A2OtHrNezs%3D&response-content-disposition=inline%3B%20filename%3DOn_representing_semantic_maps.pdf
- De Haan, F. 2006. Typological approaches to modality. (In Frawley, W.J., Eschenroeder, E., Mills, S & Nguyen, T., eds. *The Expression of Modality*. Berlin: de Gruyter. p. 27-70).
- De Haan, F. 2009. On the status of epistemic must. (In Tsangalidis, A & Facchinetti, R., eds. *Studies on English modality*. Bern: Peter Lang. p. 261-284).
- De Haan. 2011. Typology of tense, aspect and modality systems. (In Jung Song, J.J., ed. *Oxford handbook of Linguistic Typology*. Oxford: Oxford University press. p. 445-64)
- Depraetere, I. & Reed, S. 2006. Mood and modality in English. (In Aarts, B. & McMahon, A., eds. *The Handbook of English Linguistics*. London: Blackwell. p. 269-290).
- Depraetere, I. & Verhulst, A. 2008. Source of modality: a reassessment. *English Language and Linguistics*, 12(1): 1-25.
- Depraetere, I. & Williams, C. eds. 2010. Special issue on future time reference in English. *English Language and Linguistics*, 14(2): 161–162.
- De Villiers, M. 1971. *Die grammatika van tyd en modaliteit*. Kaapstad: A.A. Balkema
- Deumert, A. 2004. *Language standardization and Language change. The dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

- Diepeveen, J., Boogaart, R., Brantjes, J., Janssen, T. & Nuyts, J. 2006. *Modale uitdrukkingen in Belgisch-Nederlands en Nederlands-Nederlands: corpusonderzoek en enquête*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU
- Diewald, G. 2002. A model for relevant types of contexts in grammaticalization. (In Wischer, I. & Diewald, G., eds. *New Reflections on Grammaticalization*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. p. 130-120.)
- Diewald, G. & Wischer, I. 2002 *New Reflections on Grammaticalization*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Dik, S.C. 1997. *The Theory of Functional Grammar*, ed. Hengeveld, K. (2 vol). Berlin: Mouton de Gruyter.
- Drobnjaković, A & Lamiroy, B. 2009. Auxiliaries and grammaticalization: A case study of Germanic and Slavonic languages. (In Rossari, C., Ricci, C. & Spiridon, A. *Grammaticalization and Pragmatics: Facts, Approaches, Theoretical Issues*. Emerald group publishing. p. 19-33).
- Duinhoven, A. M. 1994. Over modaliteit gesproken. *De Nieuwe Taalgids*, 87: 30-56.
- Duinhoven, A.M. 1997. *Middel nederlandse syntaxis, vol. 2: De werkwoordgroep*. Groningen: Nijhoff.
- Eckardt, R. 2012. Grammaticalization and Semantic Reanalysis. (In Maienborn, C., von Stechow, P., Portner, P., eds. *Semantics: An International Handbook of Natural Language Meaning, Volume 3*. Berlin: De Gruyter Mouton. p .2675-2701)
- Ehrman, M. E. 1966. *The Meanings of the Modals in Present Day English*. The Hague: Mouton.
- Eide, K. M. 2002. *Norwegian modals*. Department of linguistics. Trondheim: Norwegian University of Science and Technology (NTNU). (Thesis – PhD)
- Evans, V & Green, M. 2006. *Cognitive Linguistics: An introduction*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

- Evison, J. 2010. What are the basics of analysing a corpus? (*In* McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 122-135).
- Feldman, F. 1986. *Doing the best we can: an essay in informal deontic logic*. Dordrecht: Reidel
- Facchinetti, R. 2002. *Can and could in contemporary British English: a study of the ICE-GB corpus*. (*In* Peters, P., Collins, P. & Smith, A., eds. *New Frontiers of Corpus Research: Papers from the Twenty First International Conference on English Language Research on Computerized corpora, Sydney 2000*. Amsterdam: Rodopi. p. 229–46).
- Facchinetti, R., Krug, M. & Palmer, F. 2003. Preface. (*In* Facchinetti, R., Krug, M., & Palmer, F., eds. *Modality in Contemporary English*. Berlin: Mouton de Gruyter, p. v-xiii).
- Fillmore, C. & Kay, P. 1993. *Construction Grammar Coursebook, Chapters 1 thru 11 (Reading materials for Ling. X20)*. University of California, Berkeley.
- Firth, J. R. 1957). *Papers in Linguistics 1934–1951*. London: Oxford University Press.
- Fischer, O. 2007 *Morphosyntactic change. Functional and formal Perspectives*: Oxford: Oxford University Press.
- Fischer, O. & Rosenbach, A. 2002. Introduction. (*In* Fischer, O. & Rosenbach, A., eds. *Pathways of Change: Grammaticalization in English*. p. 2-38).
- Fischer, O. 2011. Grammaticalization as analogically driven change? (*In* Narrog, H & Heine, B., eds. *The Oxford handbook of grammaticalization*. Oxford: Oxford University Press. p. 31-42).
- Fleischman, S. 1989. Temporal distance: A basic linguistic metaphor. *Studies in Language*, 13(1): 1-50.

- Frawley, W. 1992. *Linguistic Semantics*. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.
- Fried, M. & Östman, J., eds. 2004. *Construction Grammar in a Cross-Language Perspective*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Givón, T. 1971. Historical syntax and synchronic morphology. *CLS*, 7: 394-415. Chicago: Chicago Linguistic Society.
- Givón, T. 1973. The time-axis phenomenon. *Language*, 49(4): 890-925.
- Givón, T. 1982. Evidentiality and Epistemic Space. *Studies in Language* 6: 23–49.
- Goldberg, A. E. 1995. *Constructions: A Construction Grammar Approach to argument Structure*. Chicago: University of Chicago Press.
- Goldberg, A. E. 2006. *Constructions at Work: The Nature of Generalization in Language*. Oxford: Oxford University Press.
- Goossens, L. 1982. On the Development of the Modals and of the Epistemic Function in English. (In Ahlqvist, A., ed. *Papers from the 5th International Conference on Historical Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins, p. 74–84).
- Goossens, L. 1985. Modality and the Modals: A Problem for Functional Grammar. (In Bolkestein, A.M., de Groot, C. & Mackenzie, J.L., eds. *Predicates and Terms in Functional Grammar*. Dordrecht: Foris. p. 203–217).
- Goossens, L. 1996. English Modals and Functional Models: A Confrontation. *Antwerp Papers in Linguistics* 86: 1–50.
- Goossens, L. 1999. Metonymic Bridges in Modal Shifts. (In Panther, K-U. & Radden, G., eds. *Metonymy in Language and Cognition*. Amsterdam: John Benjamins. p.193–210).

- Greaves, C. & Warren, M. 2010. What can a corpus tell us about multi-word units? (In McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 212-226).
- Gries, S.T. 2012. Frequencies, probabilities, and association measures in usage-/exemplar-based linguistics. *Studies in Language*, 36(3): 477-510.
- Hacquard, V. 2006. *Aspects of Modality*. Massachusetts institute of Technology. (Dissertation-PhD).
- Hacquard, V. 2009. On the interaction of aspect and modal auxiliaries. *Linguistics and Philosophy*, 32: 279-315.
- Hacquard, V. 2010. On the event relativity of modal auxiliaries. *Natural Language Semantics*, 18: 79-114.
- Hacquard, V. 2011. Modality. (In Maienborn, C., von Stechow, K. & Portner, P. eds. *Semantics: An International Handbook of Natural Language Meaning*. HSK 33.2. Berlin: Mouton de Gruyter. p.1484-1515).
- Haeseryn, W., Romijn, K., Geerts, G., De Rooij, J. & Van den Toorn, M. 1997. Elektronische Algemene Nederlandse Spraakkunst. Besoek op 4 April 2018, by <http://ans.ruhosting.nl/e-ans/18/05/04/04/02/05/body.html>.
- Haiman, J. 1980. The iconicity of language: isomorphism and motivation. *Language*, 54: 565-89.
- Haiman, J. 1983. Iconic and economic motivation. *Language* 59: 781-819
- Halliday, M. A. K. 1970. Functional diversity in language as seen from a consideration of modality and mood in English. *Foundations of Language*, 6 (3): 322-361.
- Halliday, M. A. K. 1994. *Introduction to Functional Grammar*. Second Edition. London: Arnold.
- Halliday, M. A. K., & Matthiessen, C. 2004. *An Introduction to Functional Grammar*. Third Edition. London: Arnold.

- Hansen, B. & Drobnjakovic, A. 2010. Polish in the light of grammaticalization theory. *Cognitive studies/ Etudes cognitive*, 10: 37-51.
- Haspelmath, M. 1997. *From Space to Time: Temporal Adverbials in the World's Languages*. München: Lincom.
- Haspelmath, M. 1999. Why is grammaticalization irreversible? *Linguistics*, 37(6): 1043-68.
- Haspelmath, M. 2003. The geometry of grammatical meaning: Semantic maps and cross-linguistic comparison. (In Tomasello, M., ed. *The new psychology of language*, vol. 2. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum. p. 211-242).
- Heine, B. 1993. *Auxiliaries, cognitive forces, and grammaticalization*. New York: Oxford University Press.
- Heine, B. 1997. *Possession: Cognitive Sources, Forces, and Grammaticalization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heine, B. 2003. Grammaticalization. (In Joseph, B. J. & Richard, J., eds. *The Handbook of Historical Linguistics*. Oxford: Wiley-Blackwell. p. 575-677.)
- Heine, B., Claudi, U., & Hünnemeyer, F. 1991. *Grammaticalization: A conceptual framework*. Chicago: University of Chicago Press.
- Heine, B. & Reh, M. 1984. *Grammaticalization and Reanalysis in African Languages*. Hamburg: Buske Verlag.
- Heine, B. & Kuteva, T. 2002. *World lexicon of grammaticalization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heine, B. & Kuteva, T. 2007. *The genesis of grammar: A reconstruction*. Oxford: Oxford University Press.
- Hengeveld, K. 1988. Illocution, Mood and Modality in a Functional Grammar of Spanish. *Journal of Semantics*, 6: 227–269.
- Hintikka, J. 1957. Modality as Referential Multiplicity. *Ajatus*, 20: 49-64.
- Himmelmann, N. 2004. Lexicalization and grammaticalization: opposite or orthogonal? (In Bisang, W., Himmelmann, N.P. & Wiemer, B., eds. *What makes grammaticalization? A look from its fringes and its components*. (=

- Trends in Linguistics, Studies and Monographs 158). Berlin/New York: Mouton de Gruyter. p. 21-42).
- Hoeksema, J. 1997. Negatief-polair moeten. *Tabu*, 27(3): 95-112.
- Hopper, P.J. 1987. Emergent grammar. *Berkley linguistic Society, Papers of the 13th annual meeting*: 139-57.
- Hopper, P.J. 1991. On some principles of grammaticalization. (In Traugott, E.C. & Heine, B., eds. *Approaches to grammaticalization. Volume 1. Focus on the theoretical and methodological issues*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. p. 17-35).
- Hopper, P.J. 1996. Some recent trends in grammaticalization. *Annual review of Anthropology*, 25: 219-36.
- Hopper, P.J. & Traugott, E.C. 2003. *Grammaticalization*. Second Edition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Horn, L. R. 1990. Hamburgers and Truth: Why Gricean explanation is Gricean. (In *Proceedings of the Sixteenth Annual Meeting of the Berkeley Linguistics Society*. Berkeley, CA: Berkeley Linguistics Society. p. 454-471).
- Huddleston, R.D. 1976. Some theoretical issues in the description of the English verb. *Lingua*, 40: 331-83
- Huddleston, R. 1984. *Introduction to the Grammar of English*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Huddleston, R. 1995. The case against a future tense in English. *Studies in Language*, 19: 399-446.
- Huddleston, R. and Pullum, G.K. 2002. *The Cambridge grammar of the English language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Huddleston, R. 2002. The verb. (In Huddleston, R. & Pullum, G.K. eds. *The Cambridge Grammar of the English Language*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 71-212).
- Hudson, R.A. 1984. *Word Grammar*. Oxford: Basil Blackwell
- Hudson, R.A. 1990. *English Word Grammar*. Oxford: Basil Blackwell.
- Hudson, R.A. 1996. *Sociolinguistics*. Cambridge: Cambridge University

- Hunston, S. 2002. *Corpora in Applied Linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hunston, S. 2010. How can a corpus be used to explore patterns? (In McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 152-166).
- Jespersen, O. 1909–49. *A Modern English Grammar on Historical Principles*. Copenhagen: Ejnar Munksgaard.
- Johnson, M. 1987. *The body in the mind: the bodily basis of meaning, imagination and reason*. Chicago: University of Chicago Press.
- Joos, M. 1964. *The English Verb: Form and Meanings*. Madison and Milwaukee: The University of Wisconsin Press.
- Kanger, S. 1957. On the characterization of modalities. *Theoria*, 23(3): 152-155
- Kant, I. 1934. *Critique of Pure Reason*, trans. J. M. D. Meiklejohn. London: Dent.
- Keller, R. 1994. *On language change: the invisible hand in language*. London/New York: Routledge.
- Kemmer, S. 1993. *The Middle Voice*. Amsterdam: John Benjamins.
- Kirsten, J. 2016. *Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911-2010*. Vanderbijlpark: NWU (Proefskrif – PhD).
- Klinge, Al. 1993. The English modal auxiliaries: from lexical semantics to utterance interpretation. *Journal of Linguistics*, 29: 315–57.
- Kloeke, G. G. 1950. *Herkomst en groei van het Afrikaans*. Leiden: Universitaire Pers.
- Kuteva, T. 1998. On Identifying an Evasive Gram: Action Narrowly Averted. *Studies in Language*, 22: 113–160.
- Kuteva, T. 2001. *Auxiliation: An Enquiry into the Nature of Grammaticalization*. Oxford: Oxford University Press.

- Khomutova, T. 2014. Mood and Modality in Modern English. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 154: 395-401.
- König, E. eds. *Grammaticalization. Current views and issues*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins.
- König, E. & Siemund, P. 2007. Speech Act Distinctions in Grammar. (In Shopen, T., ed. *Language Typology and Syntactic Description*, vol. 1: *Clause Structure*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 276–324).
- Kortmann, B. 1997. *Adverbial subordination: A typology and history of adverbial subordinators based on European languages*. (EALT, 18.) Berlin: Mouton de Gruyter.
- Kratzer, A. 1977. 'What "Must" and "Can" Must and Can Mean'. *Linguistics and Philosophy*, 1: 337-355.
- Kratzer, A. 1978. *Semantik der Rede*. Königstein: Scriptor.
- Kratzer, A. 1981. The Notional Category of Modality. (In Eikmeyer, H.J & Rieser, H., eds. *Words, Worlds, and Contexts*. Berlin. p. 38-74).
- Kratzer, A. 1991. Modality/Conditionals. (In von Stechow, A. & Wunderlich, D., eds. *Semantik. Ein internationales Handbuch der zeitgenössischen Forschung*. Berlin. p. 639-659).
- Kripke, S. 1963. Semantical Considerations on Modal Logic. *Acta Philosophica Fennica*, 1 (6): 83-94.
- Krug, M. G. 2000. *Emerging English Modals: A Corpus-Based Study of Grammaticalization*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Kruger, H. & van Rooy, B. 2016. Afrikaans: finite declarative complement clauses : construction forms. *Taalportaal*. Besoek op 25 April 2018 by http://www.taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic_20160408122840800.
- Kurylowicz, J. 1965. The evolution of grammatical categories. *Diogenes*, 51: 55 -71.

- Lakoff, G. 1973. Hedges: a study in meaning criteria and the logic of fuzzy concepts. *J. Phil. Logic*, 2: 458-508.
- Langacker, R.W. 1987. *Foundations of Cognitive Grammar. Vol. 1: Theoretical Prerequisites*. Stanford, CT: Stanford University Press.
- Langacker, R.W. 1991. *Concept, image and symbol: the cognitive basis of grammar*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Langacker, R.W., 2005. Construction grammars: cognitive, radical, and less so. (In Ruiz de Mendoza Ibanez, F.J., Peña Cervel, M.S., eds, *Cognitive Linguistics: Internal Dynamics and Interdisciplinary Interaction*. Mouton de Gruyter, Berlin/New York, p.101–159).
- Langacker, R. W. 2008. *Cognitive Grammar*. Oxford: Oxford University Press.
- Larrea, P. 2000. Modal verbs and the expression of futurity in English, French and Italian. *Belgian Journal of Linguistics*, 14: 115-129.
- Leech, G. N. 1969. *Toward a Semantic Description of English*. London: Longman.
- Leech, G. 1987. *Meaning and the English Verb*. 2nd ed. .London: Longman.
- Leech, G. 1991. The state of the art in corpus linguistics. (In Altenberg, B. & Aijmer, K., eds. *English Corpus Linguistics: Studies in Honour of Jan Svartvik*. London/New York: Longman. p. 8-29).
- Leech, G. 2003. Modality on the move: the English modal auxiliaries 1961-1992. (In Facchinetti, R., Krug, M. & Palmer, F., eds. *Modality in Contemporary English*. Berlin: Mouton de Gruyter. p. 223-240).
- Leech, G. 2011. The modals ARE declining: Reply to Neil Millar's "Modal verbs in TIME: Frequency changes 1923–2006". *International Journal of Corpus Linguistics*, 16(4): 547-564.
- Leech, G. & Coates, J. 1980. Semantic indeterminacy and the modals. (In Greenbaum, S., Leech, G. & Svartvik, J., eds. *Studies in English Linguistics for Randolph Quirk*. London: Longman. p. 79-90).

- Leech, G., Hundt, M., Mair, C. & Smith, N. 2009. *Change in Contemporary English: A Grammatical Study*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Leech, G. & Smith, N. 2006. Recent grammatical change in written English 1961-1992: some preliminary findings of a comparison of American with British English. (In Renouf, A. & Kehoe, A., eds. *The changing face of corpus linguistics*. New York: Rodopi. p. 173-200).
- Leech, G. & Smith, N. 2009. Change and constancy in linguistic change: How grammatical usage in written English evolved in the period 1931-1991. (In Renouf, A and Kehoe, A., eds. *Corpus Linguistics: Refinements and reassessments*. New York: Rodopi. p. 185-204).
- Lehman, C. 1982. *Thoughts on Grammaticalization. A programmatic Sketch, Vol I*. (Arbeiten des Kölner Universalien-Projekts, 48) Köln: Institut für Sprachwissenschaft. (Reprinted by LINCOM Europa, München, 1995).
- Lehman, C. 1985 Grammaticalization: Synchronic variation and diachronic change. *Lingua e Stile*, 20: 303–318.
- Lehman, C. 2002. Thoughts on Grammaticalization. Seminar für Sprachwissenschaft: Arbeitspapiere des Seminars für Sprachwissenschaft der Universität Erfurt. Besoek op 27 Julie 2018 by, <https://www.christianlehmann.eu/publ/ASSidUE09.pdf>
- Lewis, D. 1973. *Counterfactuals*. Cambridge, Mass: Harvard University Press.
- Lightfoot, D.W. 1999. *The Development of Language: Acquisition, Change and Evolution*. Oxford: Blackwell.
- Lyons, J. 1968. *Introduction to Theoretical Linguistics*. London: Cambridge: Cambridge University Press.
- Lyons, John. 1977. *Semantics*. Vol. 2. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lichtenberk, F. 1991. Semantic Change and Heterosemy in Grammaticalization. *Language*, 67(3): 475-509.
- Mair C. & Leech, G.N. 2006. Current changes in English syntax. (In: Aarts, B & A. McMahon, A., eds. *Handbook of English linguistics*. Oxford: Blackwell. p. 318-342).

- Malle, B. & Knobe, J. 2001. The distinction between desire and intention: A folk-conceptual analysis. (In Malle, B.F., Moses, L.J & Baldwin, D.A., eds. *Intentions and intentionality: Foundations of social cognition* Cambridge, MA: MIT Press. p. 45–67).
- Malle, B.F. & Nelson, S.E. 2003. Judging Mens Rea: The Tension Between Folk Concepts and Legal Concepts of Intentionality. *Behavioral Sciences and the Law*, 21: 563-580.
- Meillet, A. 1912. L'Évolution des Formes Grammaticales. *Scientia*, 12 (26): 384-400.
- Michael, I. 1970. *English Grammatical Categories and the Tradition to 1800*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Millar, N. 2009. Modal verbs in TIME: frequency changes 1923-2006. *International Journal of Corpus Linguistics*, 14(2): 191-220.
- Mortelmans, T., Boye, K. & Van der Auwera, J. 2009. Modals in the Germanic languages. (In Björn, H. & de Haan, F., eds. *Modals in the Languages of Europe*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter. p. 11-70).
- Myhill, J. 1995. Change and continuity in the function of American English modals. *Linguistics*, 33: 157-211.
- Narrog, H. 2005. Modality, Mood, and Change of Modal Meanings: A New Perspective. *Cognitive Linguistics*, 16: 677–731.
- Narrog, H. & Heine, B., eds. 2011. *The Oxford handbook of grammaticalization*. Oxford: Oxford University Press.
- Noël, D. 2007. Diachronic construction grammar and grammaticalization theory. *Functions of Language*, 14: 177-202.
- Noël, D. 2013. Grammaticalization in Diachronic Construction Grammar. Paper presented at Colloque Bisannuel sur la Diachronie de l'Anglais (CBDA-3), Amiens, France, 6-8 June 2013. Besoek op 17 November 2018, by <http://hub.hku.hk/handle/10722/183653>.
- Noordwes-Universiteit. 2018a. Poneliskorpus van gesproke Afrikaans. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit.

- Noordwes-Universiteit. 2018b. Korpus gesproke Afrikaans. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit.
- Noordwes-Universiteit. 2018c. Historiese Korpus van Afrikaans. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit
- Norde, Muriel. 2009 *Degrammaticalization*. Oxford: Oxford University Press.
- Norde, Muriel. 2012. Lehmann's parameters revisited. (In Davidse, K., Breban, T., Brems, L. & Mortelmans, T., eds. *Grammaticalization and Language Change: New Reflections*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 73-110)
- Norde, M., Beijering, K. & Lenz, A. eds. 2013. Current trends in grammaticalization research. Special issue. *Language Sciences* (36).
- Norde, M. & Beijering, K. 2014. Facing interfaces. A clustering approach to grammaticalization and related changes. *Folia Linguistica*, 48(2): 385-424.
- Nuyts, J. 1994. Epistemic modal qualifications: On their linguistics and conceptual structure. *Antwerp Papers in Linguistics (APiL)*, no. 81. Antwerpen: University of Antwerp.
- Nuyts, J. 2000. Tensions between discourse structure and conceptual semantics: The syntax of epistemic modal expressions. *Studies in Language*, 24: 103-135.
- Nuyts, J. 2001a. *Epistemic Modality, Language, and Conceptualization. A Cognitive Pragmatic Perspective*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins.
- Nuyts, J. 2001b. Subjectivity as an evidential dimension in epistemic modal expressions. *Journal of Pragmatics* 33, 383-400.
- Nuyts, J. 2002. Grounding and the system of epistemic expressions in Dutch: a cognitive-functional view. (In Brisard, F., ed. *Grounding: the epistemic footing of deixis and reference*. Berlin: Mouton De Gruyter. p. 433-466).
- Nuyts, J. 2005. The modal confusion: On terminology and the concepts behind it. (In Klinge, A & H. Müller, H., eds. *Modality: Studies in form and function* London: Equinox. p. 5-38).

- Nuyts, J. 2006. Modality: overview and linguistic issues. (In Frawley, W., Eschenroeder, E., Mills, S & Nguyen, T., eds. *The Expression of Modality*. Berlin: de Gruyter. p. 1-27).
- Nuyts, J. 2007. *Kunnen* Diachroon. *Taal en Tongval*, 59: 118–148.
- Nuyts, J., Byloo, B. & Diepeveen, J. 2010. On deontic modality, directivity, and mood: The case of Dutch *mogen* and *moeten*. *Journal of Pragmatics* 42, 16-34.
- Nuyts, J. 2011. Degrammaticalisatie in de Nederlandse modale hulpwerkwoorden. *Verslagen en mededelingen van de Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde*. Gent. 121:2, p. 155-182.
- Nuyts, J. 2013. De-auxiliarization without de-modalization in the Dutch core modals: A case of collective degrammaticalization? *Language Sciences*, 36: 124-133.
- Nuyts, J & P. Byloo, P. 2015. Competing modals: Beyond (inter) subjectification. *Diachronica*, 32: 34–68.
- Nuyts, J. 2016a. Surveying modality and mood: An introduction. (In Nuyts, J & Van der Auwera, J., eds. *The Oxford handbook of modality and mood*. Oxford: Oxford University Press. p. 1-8).
- Nuyts, J 2016b. Analyses of the modal meanings. (In: Nuyts, J. & Van der Auwera, J., eds. *The Oxford handbook of modality and mood*. Oxford: Oxford University Press. p. 31-49).
- OED Online.(Oxford English Dictionary). 2018. Oxford University Press. "mood, n.2". <http://www.oed.com.nwulib.nwu.ac.za/view/Entry/121879?rskey=dFq1Qc&result=2> (accessed November 17, 2018).
- OED Online. (Oxford English Dictionary). 2018. Oxford University Press. "mote, v.1" <http://www.oed.com.nwulib.nwu.ac.za/view/Entry/122618?rskey=4lhglk&result=6> (accessed November 17, 2018).

- OED Online. (Oxford English Dictionary).2018. Oxford University Press. must, v.1.
<http://www.oed.com.nwulib.nwu.ac.za/view/Entry/124229?rskey=uEEGAG&result=7> (accessed November 17, 2018).
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2010. *HAT Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, 5de uitgawe. Pinelands: Pearson Education.
- O'Keeffe, A. & McCarthy, M. 2010. *The Routledge Handbook of Corpus Linguistics*. London & New York: Routledge.
- Palmer, F. R.1986. *Mood and modality*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Palmer, F. R. 1990. *Modality and the English modals*. Second Edition. London: Longman.
- Palmer, F. R. 2001. *Mood and Modality*. Second Edition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Papafragou, A. 2000a. *Modality: Issues in the Semantics-Pragmatics Interface*. Oxford: Elsevier.
- Papafragou, Anna 2000b. On Speech Act Modality. *Journal of Pragmatics*, 32: 519–538.
- Papafragou, A., Youngon Choi, P.L. & Han, C. 2007. Evidentiality in Language and Cognition. *Cognition*,103: 253–299.
- Partee, B. 1984. Compositionality. (In Landman, F. & Veltman, F. eds, *Varieties of Formal Semantics*. Dordrecht, p. 281–312. Reprinted in B.H. Partee. 2004. *Compositionality in Formal Semantics: Selected Papers by Partee*,B Blackwell Publishing, Oxford. p. 153–181).
- Patard, A. & Brisard, F., eds. 2011. *Cognitive Approaches to Tense, Aspect, and Epistemic Modality*. Amsterdam and Philadelphia: John Benjamins.
- Pfeiffer, F.C. 1995. 'n Taalvergelykende studie van Modale Hulpwerkwoorde in werkwoordelike eindgroepe in Afrikaans en Nederlands aan die hand van Chomsky se teorie van Universele Grammatika. Ongepubliseerde MA verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

- Philippa, M., Debrabandere, F., Quak, A., Schoonheim, T. & Van der Sijs, N., 2003–2009. Etymologisch Woordenboek van het Nederlands. Amsterdam: Amsterdam University Press. Besoek op 10 November 2018, by <http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/kunnen>.
- Philippa, M., Debrabandere, F., Quak, A., Schoonheim, T. & Van der Sijs, N., 2003–2009. Etymologisch Woordenboek van het Nederlands. Amsterdam: Amsterdam University Press. Besoek op 15 Januarie 2018, by <http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/mogen>.
- Philippa, M., Debrabandere, F., Quak, A., Schoonheim, T. & Van der Sijs, N., 2003–2009. Etymologisch Woordenboek van het Nederlands. Amsterdam: Amsterdam University Press. Besoek op 10 November 2018, by <http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/willen1>.
- Philippa, M., Debrabandere, F., Quak, A., Schoonheim, T. & Van der Sijs, N., 2003–2009. Etymologisch Woordenboek van het Nederlands. Amsterdam: Amsterdam University Press. Besoek op 20 November 2017 by, <http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/moeten1>.
- Philippa, M., Debrabandere, F., Quak, A., Schoonheim, T. & Van der Sijs, N., 2003–2009. Etymologisch Woordenboek van het Nederlands. Amsterdam: Amsterdam University Press. Besoek op 20 November 2017, by <http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/zullen>.
- Pollard, C & Sag, I.A. 1993. *Head-driven Phrase Structure Grammar*. Chicago/Stanford: University of Chicago press and the Centre for the Study of Language and Information.
- Ponelis, F. A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J. L. van Schaik.
- Portner, Paul. 2009. *Modality*. Oxford: Oxford University Press.
- Prior, A.1957. *Time and Modality*. Oxford: Oxford University Press.
- Quirk, R., Greenbaum, S., Leech, G. & Svartvik, J. 1985. *A comprehensive grammar of the English language*. London: Longman.
- Raidt, E. H. 1991. *Afrikaans en Sy Europese Verlede*. Kaapstad: Nasou Beperk.

- Rayson, P. 2002. *Matrix: a Statistical Method and Software Tool for Linguistic Analysis through Corpus Comparison*. Lancaster University. (Thesis – PhD)
- Rayson, P. 2018. Log-likelihood and effect size calculator. Besoek op 10 Augustus 2018, by <http://ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html>
- Rayson, P., Damon B. & Francis, B. 2004. Extending the Cochran rule for the comparison of word frequencies between corpora. (In Purnelle G., Fairon C., Dister A., eds. *Vol. II: Le poids des mots: Proceedings of the 7th International Conference on Statistical analysis of textual data (JADT 2004)*. 10-12 March 2004. Louvain-la-Neuve, Belgium: Presses Universitaires de Louvain. p. 926-936).
- Rayson, P. & Garside, R. 2000. Comparing corpora using frequency profiling. (In *Proceedings of the Workshop on Comparing Corpora, held in conjunction with the 38th annual meeting of the Association for Computational Linguistics (ACL 2000)*. 1-8 October 2000. Hong Kong, p. 1-6).
- Ripley, C. 1974. A Theory of Volition. *American Philosophical Quarterly* 11(2): 141-147.
- Salkie, R. 2009. Degrees of modality. (In Salkie, R., Busuttil, P. & van der Auwera, J., eds. *Modality in English: Theory and Description*. Berlin and New York: Mouton de Gruyter. p. 79-104).
- Scholtz, J. du P. 1963. *Taalhistoriese Opstelle. Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Scholtz, J.P. 1972. *Afrikaans-Hollands in die Agtiende Eeu*. Kaapstad: Nasau.
- Scott, M. 2010. What can corpus software do? (In McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge. p. 136-15).
- Scott, M. 2012. *WordSmith Tools version 6*. Oxford: Oxford University Press.
- Searle, J. 1979. *Expression and meaning: Studies in the theory of speech acts*. Cambridge, England: Cambridge University.

- Senekal, J.H. 1961a. Modus en Modaliteit [1]. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 17(2): 1-14.
- Senekal, J.H. 1961b. Modus en Modaliteit [2]. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 17(3): 26-38.
- Senekal, J.H. 1961c. Modus en Modaliteit [3]. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 17(4): 27-33.
- Shepherd, S. C. 1982. From Deontic to Epistemic. (In Ahlqvist, A. ed. *Papers from the 5th International Conference on Historical Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins, 316–323).
- Sinclair, J. 1991. *Corpus Concordance Collocation*. Oxford: Oxford University Press.
- Sinclair, J. M. 2003. *Reading Concordances*. Harlow: Pearson Longman.
- Snyman, F. C. 1979. Apocope van slot-[t] in die beskaafde Nederlandse omgangstaal van die 17de en 18de eeu. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 19: 3–17.
- Squartini, M. 2016. Interactions between Modality and other semantic categories. (In Nuyts, J. & van der Auwera, J., eds. *The Oxford Handbook of Mood and Modality*. Oxford: Oxford University Press. p. 50-67).
- Stassen, L. 1997. *Intransitive predication*. Oxford: Oxford University Press.
- Stefanowitsch, A. & Gries, S. Th. 2003. Collocations: Investigating the interaction between words and constructions. *International Journal of Corpus Linguistics*, 8: 209-243.
- Stefanowitsch, A. & Gries, S. Th. 2005. Covarying collexemes. *Corpus Linguistics and Linguistic Theory*, 1: 1-43.
- Sweet, Henry. 1891. *A New English Grammar: Logical and Historical. Part 1: Introduction, Phonology, and Accidence*. Oxford: Clarendon Press.
- Sweetser, E. 1990. *From etymology to pragmatics*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Talmy, L. 1988. Force dynamics in language and cognition. *Cognitive Science*, 12 (1), 49–100.
- The new dictionary of cultural literacy. 2005. Houghton Mifflin Harcourt Publishing Company. 3rd ed. Besoek op 3 Maart 2018, by <https://www.dictionary.com/browse/warp-and-woof>
- Thomson, D. 1984. An edition of the *Middle English Grammatical Texts*. New-York/London: Garland
- Traugott, E. C. 1976. Review of Variation and linguistic theory by Bailey, C. *Language*, 52: 502-6.
- Traugott, E. C. 1982. From Propositional to Textual and Expressive Meanings: Some Semantic-Pragmatic Aspects of Grammaticalization. (In: Lehmann, W.P. & Malkiel, Y., eds. *Perspectives on Historical Linguistics*. Amsterdam & Philadelphia: Benjamins. p. 245-271).
- Traugott, E. C. 1989. On the rise of epistemic meanings in English: an example of subjectification in semantic change. *Language*, 65(1): 31-55.
- Traugott, E. C. 1996. Semantic change: an overview. *Glott International*, 2(9-10): 3-7.
- Traugott, E. C. 1997. Subjectification and the development of epistemic meaning: The case of *promise* and *threaten*. (In Swan, T & Westvik, O.J., eds. *Modality in Germanic Languages: Historical and Comparative Perspectives*. Berlin: de Gruyter. p. 185-210).
- Traugott, E. C. 2002. From etymology to historical pragmatics. (In Minkova, D & Stockwell, R., eds. *Studies in the history of the English Language: A Millennial Perspective*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter. p. 19-49).
- Traugott, E.C. 2003a. Constructions in grammaticalization. (In Joseph, B.D. & Janda, R.D., eds. *The handbook of historical linguistics*. Oxford: Blackwell. p. 624-647).
- Traugott, E. C. 2003b. From subjectification to intersubjectification. (In Hickey, R., ed. *Motives for language change*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 124-139).

- Traugott, E. C. 2006. Historical aspects of modality. (*In* Frawley, W., Eschenroeder, E., Mills, S. & Nguyen, T., eds. *The Expression of Modality*. Berlin: de Gruyter. p. 107-139).
- Traugott, E.C., 2007. The concepts of construction mismatch and type-shifting from the perspective of grammaticalization. *Cognitive Linguistics*, 18: 523-557.
- Traugott, E.C., 2008. The grammaticalization of NP of NP constructions. (*In* Bergs, A., Diewald, G., eds. *Constructions and Language Change*. Mouton de Gruyter, Berlin/New York, p. 21-43).
- Traugott, E.C. 2010. Grammaticalization. (*In* Luraghi, S & Bubenik, V., eds. *Continuum Companion to Historical Linguistics*. London: Continuum Press. p. 269-283).
- Traugott, E.C. 2011. Modality from a Historical Perspective. *Language and Linguistics Compass*, 5/6: 381-396.
- Traugott, E. C., & Dasher, R. B. 2002. *Regularity in Semantic Change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Traugott, E. C & Trousdale, G. 2010. Gradience, gradualness and grammaticalization: how do they intersect? (*In* Traugott, E.C & Trousdale, G., eds. *Gradience, Gradualness and Grammaticalization*. Amsterdam: John Benjamins. p. 19-44).
- Traugott, E, C. & Trousdale, G. 2013. *Constructionalization and constructional changes*. Oxford: Oxford University Press.
- Tribble, C. 1997. Improvising corpora for ELT quick-and-dirty ways of developing corpora for language teaching. (*In* Lewandowska-Tomaszczyk, B & Melia, P. eds. *PALC'97 practical applications in language corpora*. Lodz: Lodz University Press. p. 106-17).
- Tribble, C. 2010. What are concordances and how are they used? (*In* McCarthy, M. & O'Keeffe, A., eds. *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London / New York: Routledge.p. 167-183).
- Trousdale, G. 2012. Grammaticalization and constructions and the grammaticalization of constructions. (*In* Davidse, K., Breban, T., Brems, L. &

- Mortlemans, T., eds. *Grammaticalization and language change*. Amsterdam: John Benjamin. p167-198).
- Trousdale, G. & Norde, M. 2013. Degrammaticalization and constructionalization: two case studies. *Language Sciences*, 36: 32-46.
- Van der Auwera, J. 2008. In defence of classical semantic maps. *Theoretical Linguistics*, 34(1): 39-46.
- Van der Auwera, J. & Aguilar, A.Z. 2016. The history of mood and modality. (In Nuyts, J. & van der Auwera, J., eds. *The Oxford Handbook of Mood and Modality*. Oxford: Oxford University Press. p. 9-30).
- Van der Auwera, J. & Ammann, A. 2005. Overlap between situational and epistemic modal marking. (In Haspelmath, M., Dryer, M., Gil, D. & Comrie, B., eds. *The World Atlas of Language Structures*. Oxford: Oxford University Press. p. 310-314).
- Van der Auwera, J. & Diewald, G. 2012 Methods for modalities (In Ender, A. Leemann, A. & Wälchli, B., eds. *Methods in contemporary linguistics*. Berlin: de Gruyter Mouton. p. 121-142).
- Van der Auwera, J., Kehayov, P. & Vittrant, A. 2009. Acquisitive modals. (In Hogeweg, L., de Hoop, H. & Malchukov, A., eds. *Cross-linguistic Semantics of Tense, Aspect and Modality*. Amsterdam: John Benjamins. p. 271-302).
- Van der Auwera, J., Noël, D. & De Wit, A. 2012. The diverging *need (to)*'s of Asian Englishes. (In Hundt, M. & Gut, U., eds. *Mapping Unity and Diversity World-Wide: Corpus-Based Studies of New Englishes*. Amsterdam: John Benjamins. p. 55-75).
- Van der Auwera, J. & Plungian, V.A. 1998. Modality's semantic map. *Linguistic Typology*, 2: 79-124.
- Van der Kleij, S. 1999. *Tijd en Aspect: in het werkwoordelijke systeem van het Afrikaans*. Universiteit Leiden (Thesis – PhD)
- Van der Horst, J.M. 2008. *Geschiedenis van de Nederlandse Syntaxis*. Leuven: Universitaire Pers.
- Van der Wouden, T. 1998. *Verboden op het werk te komen: klein woordenboek van Vlaamse taal- en andere eigenaardigheden*. Antwerpen: Maklu.

- Van Ostaeyen, G & Nuyts, J. 2004. *De Diachronie van kunnen. Antwerp papers in linguistics*, 109. Wilrijk: Universiteit Antwerpen.
- Van Schoor. 1983. *Die grammatika van standaard-Afrikaans*. Kaapstad: Lex Patria
- Verstraete, J. 2001. Subjective and objective modality: interpersonal and ideational functions in the English modal auxiliary system. *Journal of Pragmatics*, 33: 1505-1528.
- Verstraete, J. 2005. Scalar quantity implicatures and the interpretation of modality problems in the deontic domain. *Journal of Pragmatics*, 37: 1401-1418.
- Verstraete, J. 2007. *Rethinking the Coordinate-subordinate Dichotomy: Interpersonal Grammar and the Analysis of Adverbial Clauses in English*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Virtuele Instituut vir Afrikaans. 2018. Korpusportaal: Omvattend. Besoek op 15 September 2018, by <https://viva-afrikaans.org>
- Vroegmiddelnederlands Woordenboek. 2007. Instituut voor de Nederlandse taal. Besoek op 15 Januarie 2018, by <http://gtb.inl.nl/iWDB/search?actie=article&wdb=VMNW&id=ID51032>.
- Von Wright, G. H. 1951. *An Essay in Modal Logic*. Amsterdam: North-Holland.
- Wärnsby, A. 2004. Constraints on the interpretation of epistemic modality in English and Swedish. (In Facchinetti, R. Palmer, F., eds. *English modality in perspective. Genre analysis and contrastive studies*. Frankfurt am Main: Peter Lang. p. 163-190).
- Wärnsby, A. 2006. (De)coding modality: the case of must, may, måste and kan. (*Lund studies in English* 113. Lund: Department of English, Centre for languages and Literature) Lund: Lund University.
- Wasserman, G.P 2014. *Modality on trek: diachronic changes in written South African English across text and context*. Vanderbijlpark: NWU (Thesis– PhD).
- Wells, G. 1979. Describing Children's Linguistic Development at Home and at School. *British educational Research Journal*, 5 (1): 75-98.
- Wilkins, J. 1668. *An Essay towards a Real Character and a Philosophical Language*. London: Royal Society. (Facsimile edition 1968, Menston: Scolar Press.)

- Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT aanlyn). 2018. *moet*. Besoek op 10 Augustus 2018, by <https://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/>.
- Wurmbrand, S. 2001. *Infinitives*. New York: Walter de Gruyter.
- Zadeh, L.A. 1965 Fuzzy sets. *Information and control*, 8: 338–353.
- Zadeh, L.A. 1971 Similarity relations and fuzzy orderings. *Information sciences*, 3: 177–200.
- Zadeh, L.A. 1972. A fuzzy-set-theoretic interpretation of linguistic hedges. *J. Cybernet*, 2: 4-34.
- Zadeh, L.A. 1977. *Theory of fuzzy sets, Memo. No. UCB/ERL M77/1*. Berkeley: University of California.
- Zandvoort, R. W. 1950. *A Handbook of English Grammar*, 4th edn. Groningen: Wolters.
- Ziegeler, D. 2012. The grammaticalization of modality. (In Heine, B. & Narrog, H. eds. *The Oxford Handbook of Grammaticalization*. Oxford: Oxford Handbooks)